DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE SUID-AFRIKA

E J SMIT

DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE SUID-AFRIKA

♦

ERASMUS JOHANNES SMIT

[B.A. (Regte), B.A. Honns., Th. B., Th. M.]

Proefskrif voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die verwerwing van die graad Philosophiae Doctor (Liturgiek) aan die Skool vir Kerkwetenskappe van die Fakulteit Teologie aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroom Kampus).

Studieleier:
Prof. B.J. de Klerk

NELSPRUIT
Mei 2007

DANKBETUIGING

By die voltooiing van 'n studie van hierdie aard, is die oorweldigende gevoel wat 'n mens het, een van dankbaarheid: nie alleen omdat daar uiteindelik (na 'n paar jaar) 'n finale produk op die tafel is nie, maar ook omdat daar geleentheid was om by wyse van akademiese werksaamhede iets te kon agterkom van die grootsheid van die werklikheid waarmee ons hemelse Vader besig is. Wat 'n voorreg om Hom en sy werke so beter te kon leer ken!

Daarom kom die eerste woord van dank Hom toe. Hy, wat die almagtige God van die heelal is, en terselfdertyd iets so geheimenisvol en fyn soos musiek daargestel het, is die Een aan Wie al die eer en dank toekom. Dit is Hy wat lewe gee – en die gawes en geleentheid om met akademiese studie te kan besig wees. Mag hierdie studie (hoewel gebrekkig en onvolmaak) daartoe bydra dat die lied van die kerk nog duideliker en by meer geleenthede opklink sodat sy lof verkondig en sy koninkryk uitgebou kan word!

Sonder mense wat jou ondersteun en jou hande sterk maak, kan 'n studie soos hierdie beswaarlik afgehandel word. Ek bedank graag die volgende persone wat almal 'n besondere rol vervul het om die studie moontlik te maak:

- Prof Ben de Klerk vir sy entoesiasme, mens-gerigtheid, insig, geduld en kundige leiding as studieleier. Vir beter kan mens nie vra nie. Ten spyte van struikelblokke langs die pad, wat soms veroorsaak het dat die vordering stadig was, het hy nooit opgehou aanmoedig en motiveer nie. Bo alles het hy daarin geslaag om die liefde wat hy vir die vakgebied van die Liturgiek het, op my as sy student oor te dra.
- My pa, Prof. Rassie Smit, vir die proefleeswerk en taalkundige versorging waarvan hy die grootste deel hanteer het. Sy belangstelling in my studie en die talle gesprekke wat ons gevoer het, sal ek vir altyd koester. Dit is hy wat ons van kleinsaf blootgestel het aan die wonderwêreld van musiek. Dit was 'n voorreg om die studie op hierdie wyse met hom te kon deel!
- Oom Klaas Post van Nelspruit en tannie Anneline de Bruyn van Barberton vir die proefleeswerk en taalkundige versorging wat hulle gedoen het. Hulle aanmoediging en belangstelling waardeer ek opreg.
- Ons goeie vriend, Wimpie Kotzé, sonder wie se rekenaarvaardigheid ek verlore sou wees. Sy vaardige rekenaarvingers en sy bereidheid om geduldig tot laat in die nag saam met my te sit en werk sal my nog lank bybly.

- Henk Jooste van die Tshwane Universiteit van Tegnologie (Nelspruit Kampus) wat gehelp het met die tegniese versorging van die vraelys wat vir die empiriese navorsing van hierdie studie gebruik is.
- Die Kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Kerk Nelspruit wat met begrip en deernis seker gemaak het ek kry voldoende geleentheid om die studie te voltooi.
- Die Kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Kerk Barberton wat soms moes terugstaan as gevolg van my studie, maar my nogtans deurentyd bly aanmoedig en ondersteun het.
- My goeie kollega, Tiaan Krüger, wat altyd bereid was om vir my in te staan as ek nie by alles kon uitkom nie. Die hartlike saam-werk wat ek met hom as kollega kon hê, het 'n wonderlike stabiele omgewing geskep waarin ek vrymoedigheid kon neem om, veral in die laaste 12 maande, met hart en siel aan hierdie studie te werk. Sonder hom as kollega sou dit nie moontlik gewees het nie.
- Al ons familie en vriende wat so gereeld uitgevra en aangemoedig het. Elkeen se belangstelling het gehelp om my weer te laat moed skep en het my opnuut vasberade gemaak vir die lang pad.
- Die Noordwes Universiteit vir die beskikbaarstelling van ruim beurse, wat my in staat gestel het om nie alleen klasgeld te kon betaal nie, maar ook die lang afstand tussen Nelspruit en Potchefstroom op gereelde basis te kon aflê.
- My liewe vrou, Alna en ons kinders, Hanno, Coetzee en Jana, wat die meeste van almal moes inboet terwyl ek aan hierdie studie gewerk het – veral die laaste klompie maande voor die finale afhandeling. Elke koppie koffie wat so getrou aangedra is, elke nag-sê met 'n hoopvolle vraag oor die vordering wat gemaak is, bly in my hart en gedagtes afgeëts. Sonder julle geduld en bereidheid om op te offer, sou niks van hierdie studie moontlik wees nie. Ek dra graag hierdie studie aan julle op.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. Agtergrond en probleemstelling 1

2. Huidige stand van navorsing en belang van die studie 3

3. Navorsingsvraag 4

4. Doelstelling en doelwitte 5
   4.1. Doelstelling 5
   4.2. Doelwitte 5

5. Sentrale teoretiese argument 6

6. Omlyning van die studie 6
   6.1. Begrensing van die studie 6
   6.2. Begripsbepaling 6

7. Metodologie 7

8. Strukturering van die studie 8

D E E L 1
B A S I S T E O R I E

HOOFSTUK 2: BASISTEORETIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT DIE BEGRIPPE "KULTUUR" EN "MULTIKULTURALITEIT"

1. Inleiding 13

2. Kultuur 14
   2.1. Inleiding 14
   2.2. Die begrip "kultuur" 14
      2.2.1. Konklusie 17
      2.2.2. Die plek van musiek en sang in kultuur 18
         2.2.2.1. Konklusie 20
   2.3. Enkele Bybelse perspektiewe met betrekking tot kultuur 20
      2.3.1. Gegewens in die Ou Testament 21
         2.3.1.1. Die skepping en die opdrag tot kultuurarbeid: Genesis 1-3 21
         2.3.1.2. Die sondeval en kultuur: Genesis 3 24
         2.3.1.3. Kain as vader van die kultuurbouers: Genesis 4 27
         2.3.1.4. Die sondvloed: Genesis 6-9 30
         2.3.1.5. Die toring van Babel: Genesis 11 31
         2.3.1.6. Die aartsvaders en Israel as volk van God: Eksodus 15 34
         2.3.1.7. Samevattende konklusie: gegewens in die Ou Testament 36
      2.3.2. Gegewens in die Nuwe Testament 36
         2.3.2.1. Jesus: Verlosser en Herskepper van die mens en sy kultuur 37
         2.3.2.2. Jesus en die Samaritaanse vrou: Johannes 4 39
         2.3.2.3. Jesus en die Kanaänitiese vrou: Matteus 15:21-28 43
         2.3.2.4. Jesus en die Jode: Johannes 8:12-59 44

2.3.2.5. Jesus se missionêre opdrag aan sy dissipels: Matteus 28:16-20 45
2.3.2.6. Die uitstorting van die Heilige Gees: Handelinge 2:1-13 46
2.3.2.7. Die apostels se gewaarwording dat die evangelie vir alle mense is: Handelinge 6 en verder asook Handelinge 10:9-35 48
2.3.2.8. Die bevestiging aan Petrus dat die evangelie vir alle mense bedoel is: Handelinge 15 49
2.3.2.9. 'n Nuwe volk met 'n ewige nuwe kultuur: Openbaring 15 51
2.3.2.10. Samevattende konklusie: gegewens in die Nuwe Testament 52
2.3.3. Samevattende konklusie: gegewens uit die Ou en Nuwe Testament 53
2.3.4. Samevattende konklusie: basisteoretiese uitgangspunte met betrekking tot die begrip "kultuur" 54

3. Multikulturaliteit 55
3.1. Inleiding 55
3.2. Die werklikheid van multikulturaliteit 55
3.2.1. Wêreldwye werklikheid 55
3.2.2. Eiesoortige problematiek 56
3.2.2.1. Kommunikasie 56
3.2.2.2. Konflik 58
3.2.3. Moontlike oplossings vir die problematiek 62
3.2.4. Konklusie met betrekking tot die werklikheid van multikulturaliteit 64
3.3. Enkele Bybelse gegewens oor multikulturaliteit 64
3.3.1. Inleiding 64
3.3.2. Gegewens uit die Ou Testament 64
3.3.2.1. Die vryheidslied van Israel: Eksodus 15 65
3.3.2.2. Die vreemdeling in die Ou Testament 66
3.3.2.3. Die koningspsalms 72
3.3.2.4. Israel en die volke rondom hulle 73
3.3.2.5. Samevattende konklusie: gegewens uit die Ou Testament 74
3.3.3. Gegewens uit die Nuwe Testament 75
3.3.3.1. Woordsoektog 75
3.3.3.2. Die volk van God onder Hellenistiese oorheersing 82
3.3.3.3. Die uitdra van die evangelie in 'n multikulturele wêreld 85
3.3.3.4. 'n Nuwe volk met 'n nuwe kultuur: Openbaring 15 86
3.3.3.5. Samevattende konklusie: gegewens oor multikulturaliteit in die Nuwe Testament 87
3.3.4. Samevattende konklusie: gegewens oor multikulturaliteit uit die Ou en Nuwe Testament 88
3.4. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot multikulturaliteit 90
3.5. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit 90

HOOFSTUK 3: BASISTEORETIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT VERSOENING EN EENHEID

1. Inleiding 93

2. Versoening en eenheid 94
2.1. Enkele Bybelse perspektiewe op versoening 95
2.1.1. Ou Testamentiese gegewens oor versoening 95
2.1.1.1. Sonde noodsaak versoening 95
2.1.1.2. God neem die inisiatief tot versoening 96
2.1.1.3. Versoening met God as opdrag 98
2.1.1.4. Versoening tussen mense as opdrag 99
2.1.1.5. Geregtigheid gaan versoening vooraf 100
2.1.1.6. Versoening en vergoeding 101
2.1.1.7. Konklusie met betrekking tot Ou Testamentiese gegewens oor versoening 101

2.1.2. Nuwe Testamentiese gegewens oor versoening 102
2.1.2.1. Sonde noodsaak versoening 102
2.1.2.2. Christus bewerk versoening 103
2.1.2.3. Geregtigheid gaan versoening vooraf 104
2.1.2.4. Eskatologie 105
2.1.2.5. Vergifnis 107
2.1.2.6. Nuwe verhoudings met God, mekaar en die skepping 109
2.1.2.7. Multikulturele verhoudings: die muur van skeiding is afgebreek (Ef. 2:11-22) 111
2.1.2.8. Die kerk se taak: die bediening van die versoening: 2 Korintiërs 5:11-21 113
2.1.2.9. Konklusie met betrekking tot Nuwe Testamentiese gegewens oor versoening 115
2.1.3. Samevattende konklusie met betrekking tot Ou en Nuwe Testamentiese gegewens oor versoening 117
2.2. Die proses van versoening 118
2.2.1. Verantwoordelikheid vir die proses 119
2.2.2. Betrokkenheid by die proses 119
2.2.3. Gesprekvoering oor die verlede 120
2.2.4. Skuldbelydenis, berou en vergifnis 120
2.2.5. Transformasie en restourasie 122
2.2.6. Konklusie met betrekking tot die proses van versoening 122
2.3. Samevattende konklusie met betrekking tot versoening 123

3. Eenheid 125
3.1. Inleiding 125
3.2. Bybelse gegewens oor eenheid 125
3.2.1. Eenheid as fokus in Jesus se gebed vir sy dissipels: Johannes 17 126
3.2.1.1. Konklusie met betrekking tot eenheid in Johannes 17 128
3.2.2. Die liggaam groei as eenheid: Efesiërs 4:1-16 128
3.2.2.1. Konklusie met betrekking tot die groei van die liggaam as eenheid 130
3.2.3. Eenheid en diversiteit in die liggaam van Christus: 1 Korintiërs 12:1-31 131
3.2.3.1. Konklusie met betrekking tot eenheid en diversiteit in die liggaam 134
3.2.4. Die plek van die individu in die eenheid van die liggaam van Christus: Romeine 12:1-8 135
3.2.4.1. Konklusie met betrekking tot die plek van die individu in die eenheid van die liggaam 137
3.2.5. Samevattende konklusie met betrekking tot Nuwe Testamentiese gegewens oor eenheid 138
3.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot versoening en eenheid 138

HOOFSTUK 4: BASISTEORETIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT DIE GEREFORMEERDE EREDIENS EN KERKLIED

1. Inleiding 141

2. 'n Bybelse raamwerk vir die gereformeerde erediens 142
2.1. Die aard en wese van die gereformeerde erediens 143
2.1.1. Die erediens is 'n ontmoeting 143
2.1.2. Die erediens is 'n verbondsontmoeting 144
2.1.3. Christus is teenwoordig in die erediens 144
2.1.4. Die Heilige Gees is teenwoordig in die erediens 145
2.1.5. Die erediens is ontmoeting tussen verskillende partye 146
2.1.6. Die erediens is 'n dialogiese gebeure 147
2.1.7. Die erediens is 'n offerhandeling 148
2.1.8. Die erediens is 'n ordelike gebeure 149
2.1.9. Die erediens is 'n pastorale gebeure 150
2.1.10. Die erediens is 'n missionêre gebeure 152

2.1.11. Konklusie oor die aard en wese van die erediens 153
2.2. Die verskillende elemente van die erediens 154
2.2.1. Konklusie oor die verskillende elemente van die erediens 156
2.3. Die erediens en verandering 156
2.3.1. Konklusie oor die erediens en verandering 159
2.4. Estetika in die erediens 160
2.4.1. Konklusie oor estetika in die erediens 163
2.5. Die erediens en kultuur 164
2.5.1. Konklusie oor die erediens en kultuur 166
2.6. Die erediens in 'n multikulturele konteks 167
2.6.1. Kommunikasie in 'n multikulturele erediens 168
2.6.2. Aanpassing en vernuwing 169
2.6.3. Inkulturasie 170
2.6.4. Konklusie oor die erediens in 'n multikulturele konteks 174
2.7. Samevattende konklusie oor 'n Bybelse raamwerk vir die erediens 176

3. Die gereformeerde kerklied 177
3.1. Musiek en die kerk 178
3.2. Musiek in die erediens 178
3.2.1. Konklusie oor musiek in die erediens 182
3.3. Musiekinstrumente in die erediens 183
3.3.1. Konklusie oor musiekinstrumente in die erediens 186
3.4. Dans in die erediens 187
3.4.1. Konklusie oor dans in die erediens 189
3.5. Gawes van musiek in die kerk 190
3.5.1. Konklusie oor gawes van musiek in die kerk 191
3.6. Die kerklied in die erediens 191
3.6.1. Konklusie oor die kerklied in die erediens 197
3.7. Die krag van musiek en poësie in die kerklied 198
3.7.1. Die krag van musiek in die kerklied 199
3.7.1.1. Musiek as pastorale krag 200
3.7.1.2. Behandeling van neurologiese en fisiologiese toestande 201
3.7.1.3. Konklusie oor die krag van musiek in die kerklied 203
3.7.1.4. Musiek en versoening 203
3.7.1.5. Musiek en eenheid 204
3.7.1.6. Konklusie oor die bydrae van musiek tot versoening en eenheid 205
3.7.2. Die krag van poësie in die kerklied 206
3.7.2.1. Konklusie oor die krag van poësie in die kerklied 208
3.7.2.2. Poësieterapie 208
3.7.2.3. Konklusie oor poësieterapie 211
3.7.3. Samevattende konklusie oor die krag van musiek en poësie in die kerklied 212
3.8. Musiek en die kerklied in 'n multikulturele erediens 213
3.8.1. Konklusie oor musiek en die kerklied in 'n multikulturele erediens 216
3.9. Samevattende konklusie oor die gereformeerde kerklied 217

4. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied 218

HOOFSTUK 5: BASISTEORETIESE BEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE KONTEKS

1. Inleiding 220

2. Gegewens uit Hoofstuk 2 tot 4 220
2.1. Hoofstuk 2: Basisteoretiese ondersoek met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit 220

2.1.1. Gegewens met betrekking tot kultuur 220
2.1.2. Gegewens met betrekking tot multikulturaliteit 221
2.1.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit 222
2.2. Hoofstuk 3: Basisteoretiese ondersoek met betrekking tot versoening en eenheid 224
2.2.1. Gegewens met betrekking tot versoening 224
2.2.2. Gegewens met betrekking tot eenheid 225
2.2.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot versoening en eenheid 226
2.3. Hoofstuk 4: Basisteoretiese ondersoek met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied 228
2.3.1. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens 228
2.3.2. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde kerklied 229
2.3.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied 230

3. Basisteoretiese beginsels vir die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks 232

DEEL 2
METATEORIE

HOOFSTUK 6: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT KULTUUR EN MULTIKULTURALITEIT IN SUID-AFRIKA

1. Inleiding 234

2. Twee primêre kulture in Suid-Afrika 235
2.1. Die Westerse kultuur 236
2.1.1. Wortels in die Griekse kultuur 236
2.1.2. Die invloed van die Corpus Christianum 237
2.1.3. Die invloed van die Reformasie 239
2.1.4. Die invloed van die Renaissance, moderne filosofie en die Verligting 240
2.1.5. Die positiewe gevolge van die Westerse kultuur 241
2.1.6. Konklusie oor die onstaan en positiewe gevolge van die Westerse kultuur 242
2.1.7. Die negatiewe ontwikkelings in die Westerse kultuur 243
2.1.7.1. Eiemagtigheid 243
2.1.7.2. Produksie en konsumpsie 244
2.1.7.3. Outomatisering van werkers 245
2.1.7.4. Uitbuiting van die ekologie 246
2.1.7.5. Massavernietiging 247
2.1.7.6. Gejaagdheid 248
2.1.7.7. Individualisme 248
2.1.7.8. Pessimisme en angs 249
2.1.7.9. Relatiwisme en onsekerheid 249
2.1.7.10. Die invloed van die Postmodernisme 250
2.1.8. Maniere van ontvlugting uit die kulturele krisis 252
2.1.8.1. Onttrekking 252
2.1.8.2. Die skep van 'n kontra-kultuur 253
2.1.8.3. Die soeke na 'n ware religie 254
2.1.9. Konklusie oor die negatiewe ontwikkelings in die Westerse kultuur 255
2.1.10. Musiek in die Westerse kultuur 257
2.1.11. Konklusie oor musiek in die Westerse kultuur 259
2.1.12. Evaluering van die Westerse kultuur vanuit 'n Bybelse perspektief 260

2.1.13. Samevattende konklusie oor die Westerse kultuur 261
2.2. Die tradisionele Afrikakultuur 262
2.2.1. Inleiding 262
2.2.2. Buitelyne van die tradisionele Afrikakultuur 264
2.2.2.1. Holisme 264
2.2.2.2. Fokus op die metafisiese 265
2.2.2.3. Godsbeeld 269
2.2.2.4. Verering van voorvaders 271
2.2.2.5. Lewenskrag 273
2.2.2.6. Kommunalistiese lewensvisie 276
2.2.2.6.1. Ubuntu 276
2.2.2.7. Tydsbeskouing 281
2.2.2.8. Orale kultuur 282
2.2.2.9. Kuns, musiek en dans 283
2.2.2.9.1. Musiek en dans 284
2.2.2.10. Konklusie oor die buitelyne van die tradisionele Afrikakultuur 287

3. Vergelyking tussen die Westerse- en tradisionele Afrika kulture in Suid-Afrika 289
3.1. Inleiding 289
3.2. Moontlike vergelykings 290
3.3. Vergelyking volgens die basiese dimensies van mens-wees 292
3.3.1. Die religieuse 292
3.3.2. Lewensbeskouing 293
3.3.3. Die sosiale dimensie 293
3.3.4. Die materiële dimensie 294
3.3.5. Gedrag 294
3.3.6. Konklusie met betrekking tot 'n vergelyking tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture in Suid-Afrika 294
3.4. Wedersydse invloed op mekaar 295
3.4.1. Konklusie oor die wedersydse invloed van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture op mekaar 297
3.5. Evaluering van die tradisionele Afrikakultuur vanuit 'n Bybelse perspektief 298
3.5.1. Inleiding 298
3.5.2. Holisme 298
3.5.3. Klem op die metafisiese 299
3.5.4. Godsbeeld 300
3.5.5. Voorvaderverering 301
3.5.6. Lewenskrag 303
3.5.7. Kommunalisme 304
3.5.8. Tydsbeskouing 307
3.5.9. Orale kultuur 308
3.5.10. Kuns, musiek en dans 309
3.5.11. Konklusie oor die evaluering van die tradisionele Afrikakultuur vanuit 'n Bybelse perspektief 310

4. Onderlinge aanvul van leemtes in mekaar se kulture 311
4.1. Konklusie met betrekking tot die onderlinge aanvul van leemtes in mekaar se kulture 312

5. Samevattende konklusie: metateoretiese perspektiewe op kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika 313

HOOFSTUK 7: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT VERSOENING EN EENHEID IN SUID-AFRIKA

1. Inleiding 319

2. Versoening in Suid-Afrika 320
2.1. Sosiopolitieke agtergrond van Suid-Afrika 320
2.1.1. Konklusie oor die sosiopolitieke agtergrond van Suid-Afrika 326
2.2. Moontlike aanleiding en oorsake vir die beleid van apartheid 327
2.2.1. Konklusie oor die moontlike aanleiding en oorsake vir die beleid van apartheid 329
2.3. Die proses van versoening in Suid-Afrika 329
2.4. Nasionale en persoonlike versoening 331
2.4.1. Konklusie oor nasionale en persoonlike versoening 334
2.5. Die rol van die kerk 335
2.5.1. Konklusie oor die rol van die kerk 335
2.6. Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) van Suid-Afrika 336
2.6.1. Ontstaan en doel van die WVK 336
2.6.1.1. Konklusie oor die ontstaan en doel van die WVK 337
2.6.2. Die werkswyse van die WVK 338
2.6.2.1. Konklusie oor die werkswyse van die WVK 340
2.6.3. 'n Evaluering van die WVK en sy werksaamhede 340
2.6.3.1. Onthulling van die waarheid 341
2.6.3.1.1. Konklusie oor die soeke van die waarheid in die werksaamhede van die WVK 345
2.6.3.2. Bewerking van versoening 346
2.6.3.2.1. Konklusie oor die bewerking van versoening deur die WVK 348
2.6.3.3. Die toestaan van amnestie 348
2.6.3.3.1. Konklusie oor die toestaan van amnestie 350
2.6.3.4. Die betaling van restitusie 350
2.6.3.4.1. Konklusie oor die betaling van restitusie 351
2.6.3.5. Internasionale invloed van die WVK 352
2.6.3.5.1. Konklusie oor die internasionale invloed van die WVK 352
2.6.3.6. Samevattende konklusie oor die WVK van Suid-Afrika en sy werksaamhede 353
2.6.4. Die voortgaande proses van versoening na afloop van die WVK 353
2.6.4.1. Konklusie oor 'n voortgaande proses van versoening na afloop van die WVK 356
2.7. Samevattende konklusie oor versoening in Suid-Afrika 357

3. Eenheid in Suid-Afrika 358
3.1. Eenheid en diversiteit in 'n multikulturele Suid-Afrika 358
3.1.1. Konklusie oor eenheid en diversiteit in 'n multikulturele Suid-Afrika 360
3.2. Bedreigings vir eenheid in Suid-Afrika 361
3.2.1. Bewustheid van rasse-identiteit 361
3.2.1.1. Konklusie oor 'n bewustheid van rasse-identiteit 362
3.2.2. Kulture onbekend vir mekaar 363
3.2.2.1. Konklusie oor kulturele onbekendheid in Suid-Afrika 365
3.2.3. Misdaad en geweld in Suid-Afrika 366
3.2.3.1. Konklusie oor misdaad en geweld in Suid-Afrika 370
3.2.4. Gebrek aan morele waardes in Suid-Afrika 371
3.2.4.1. Konklusie oor 'n gebrek aan morele waardes in Suid-Afrika 372
3.2.5. Totalitêre regering in Suid-Afrika 372
3.2.5.1. Konklusie oor 'n totalitêre regering in Suid-Afrika 374
3.2.6. Sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika 374
3.2.6.1. Konklusie oor sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika 377
3.2.7. Grondbesit 378
3.2.7.1. Konklusie oor grondbesit in Suid-Afrika 379
3.2.8. Arbeid in Suid-Afrika 379
3.2.8.1. Konklusie oor arbeid in Suid-Afrika 380
3.2.9. Regstellende aksie in Suid-Afrika 380
3.2.10. Konklusie oor regstellende aksie in Suid-Afrika 383
3.2.11. Persepsies oor die regering se onvermoë om te regeer 384
3.2.11.1. Konklusie oor persepsies rondom die regering se onvermoë om te regeer 385
3.2.12. Geslote gemeenskappe in Suid-Afrika 385
3.2.12.1. Konklusie oor geslote gemeenskappe in Suid-Afrika 386
3.2.13. MIV Vigs in Suid-Afrika 386
3.2.13.1. Konklusie oor MIV Vigs in Suid-Afrika 387
3.2.14. Versetkuns uit sekere segmente van die Suid-Afrikaanse samelewing 388

3.2.14.1. Konklusie oor versetkuns uit sekere segmente van die Suid-Afrikaanse samelewing 389
3.2.15. Miskenning van taal in Suid-Afrika 389
3.2.15.1. Konklusie oor die miskenning van taal in Suid-Afrika 390
3.2.16. Ondeurdagte transformasie van sport in Suid-Afrika 391
3.2.16.1. Konklusie oor die ondeurdagte transformasie van sport in Suid-Afrika 391
3.2.17. Posttraumatiese Stresversteuring 392
3.2.17.1. Konklusie oor Posttraumatiese Stresversteuring (PTSV) 396
3.2.18. Samevattende konklusie oor bedreigings vir eenheid in Suid-Afrika 396
3.3. Gevalle waar eenheid wel voorkom in Suid-Afrika 397
3.3.1. Wedersydse kulturele beïnvloeding in Suid-Afrika 397
3.3.1.1. Konklusie oor wedersydse kulturele beïnvloeding in Suid-Afrika 398
3.3.2. Eenheid in musiek in Suid-Afrika 398
3.3.2.1. Konklusie oor eenheid in musiek in Suid-Afrika 402
3.3.3. Eenheid in taalgebruik in Suid-Afrika 402
3.3.3.1. Konklusie oor eenheid in taalgebruik in Suid-Afrika 403
3.3.4. Gemengde huwelike in Suid-Afrika 403
3.3.4.1. Konklusie oor gemengde huwelike in Suid-Afrika 404
3.3.5. Eenheid in sport in Suid-Afrika 404
3.3.5.1. Konklusie oor eenheid in sport in Suid-Afrika 405
3.3.6. Samevattende konklusie oor gevalle waar eenheid in Suid-Afrika wel voorkom 405
3.4. Eenheid oor landsgrense heen: die Afrika Renaissance 406
3.4.1. Konklusie oor die Afrika Renaissance 410
3.5. Samevattende konklusie oor eenheid in Suid-Afrika 411
3.6. Samevattende konklusie: metateoretiese perspektiewe oor versoening en eenheid in Suid-Afrika 412

HOOFSTUK 8: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE GEREFORMEERDE EREDIENS EN KERKLIED IN SUID-AFRIKA

1. Inleiding 414

2. Die gereformeerde erediens in Suid-Afrika 415
2.1. Ekumenisiteit 417
2.2. Die breë kerklike agtergrond in Afrika 418
2.3. Die breë kerklike agtergrond in Suid-Afrika 419
2.4. Die rol van die Africa Independent Churches (AIC) in Suid-Afrika 421
2.5. Kerkeenheid in Suid-Afrika 423
2.6. Die erediens in die Nederduits Gereformeerd Kerk (NGK) van Suid-Afrika 424
2.6.1. Kerkeenheid in die NG Kerkfamilie van Suid-Afrika 425
2.6.2. Die inkleding van die erediens in die NG Kerk van Suid-Afrika 427
2.6.3. Voortgaande ontwikkelings in die liturgie van die NG Kerk van Suid-Afrika 428
2.6.4. Konklusie oor kerkeenheid en die erediens in die NG Kerk van Suid-Afrika 429
2.7. Die erediens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) 430
2.7.1. Die ontstaan en vestiging van die GKSA 430
2.7.2. Die inkleding van eredienste in die GKSA 432
2.7.3. Die getuienis van die GKSA na buite 433
2.7.4. Konklusie oor die erediens in die GKSA 435
2.8. Samevattende konklusie oor die gereformeerde erediens in Suid-Afrika 435

3. Die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika 436
3.1. Die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika binne die konteks van die Westerse kultuur 436
3.1.1. Konklusie oor die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika binne die konteks van die Westerse kultuur 439
3.2. Die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur 440
3.2.1. Konklusie oor die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur 441

3.3. Gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) in die Suid-Afrikaanse kerklied volgens 1 Korintiërs 14:15 442
3.3.1. Konklusie oor gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) in die Suid-Afrikaanse kerklied volgens 1 Korintiërs 14:15 443
3.4. Empiriese ondersoek 444
3.4.1. Verloop van die ondersoek 444
3.4.2. Uitkomste van die ondersoek 449
3.4.3. Bevindings uit die ondersoek 469
3.4.3.1. Bevindings uit Afdeling A (Algemene agtergrond van respondente en hulle belewenis van multikulturaliteit in Suid-Afrika) 469
3.4.3.1.1. Persoonlike gegewens 469
3.4.3.1.2. Multikulturele interaksie 470
3.4.3.1.3. Versoening en eenheid 471
3.4.3.1.4. Multikulturele verhoudings in die kerk 472
3.4.3.1.5. Samevattende konklusie oor bevindings rakende algemene agtergrond van respondente en hulle belewenis van multikulturaliteit in Suid-Afrika 472
3.4.3.2. Bevindings uit Afdeling B (Die uitwerking van die saamsing van kerkliedere op gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture) 473
3.4.3.2.1. Genieting van die saamsing van kerkliedere 473
3.4.3.2.2. Uitwerking op die kontak met medegelowiges van die ander kultuur 473
3.4.3.2.3. Uitwerking op persepsies met betrekking tot mense uit die ander kultuur 474
3.4.3.2.4. Verandering in persepsie met betrekking tot lede van die ander kultuur 474
3.4.3.2.5. Verandering in die verhouding met medegelowiges van die ander kultuur 475
3.4.3.2.6. Belewing van groepskohesie 475
3.4.3.2.7. Toeganklikheid van kerkliedere van die ander kultuur 475
3.4.3.2.8. Hinderlike aspekte tydens die saamsing van kerkliedere 476
3.4.3.2.9. Aspekte wat respondente graag sou wou oorneem in hulle eie kerksang 476
3.4.3.2.9.1. Konklusie oor aspekte wat respondente graag sou wou oorneem in hulle eie kerksang 476
3.4.3.3. Samevattende konklusie oor bevindings rakende die uitwerking van die saamsing van kerkliedere op gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture 477
3.4.4. Samevattende gevolgtrekking met betrekking tot bevindings uit die empiriese ondersoek 478
3.5. Konklusie oor die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika 479

4. Samevattende konklusie oor die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika 481

HOOFSTUK 9: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE SUID-AFRIKA

1. Inleiding 485

2. Gegewens uit Hoofstuk 6 tot 8 485
2.1. Hoofstuk 6: Metateoretiese ondersoek met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika 485
2.1.1. Gegewens met betrekking tot kultuur in Suid-Afrika 485
2.1.1.1. Konklusie oor die eienskappe van die Westerse kultuur 486
2.1.1.2. Konklusie oor die eienskappe van die tradisionele Afrikakultuur 487
2.1.2. Gegewens met betrekking tot multikulturaliteit in Suid-Afrika 489
2.2. Hoofstuk 7: Metateoretiese ondersoek met betrekking tot versoening en eenheid in Suid-Afrika 490
2.2.1. Gegewens met betrekking tot versoening in Suid-Afrika 490
2.2.2. Gegewens met betrekking tot eenheid in Suid-Afrika 491

2.3. Hoofstuk 8: Metateoretiese ondersoek met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika 493
2.3.1. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens in Suid-Afrika 493
2.3.2. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde kerklied 494
2.3.3. Bevindings van 'n empiriese ondersoek na die effek wat die saamsing van mekaar se kerkliedere op respondente vanuit verskillende kulture het. 495

3. Metateoretiese perspektiewe op die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika 496

4. Integrering van basisteoretiese beginsels en metateoretiese perspektiewe oor die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks 497

DEEL 3
PRAKTYKTEORIE

HOOFSTUK 10: PRAKTYKTEORETIESE RIGTINGGEWING VIR DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE SUID-AFRIKA

1. Inleiding 500

2. Praktykteoretiese model 501
2.1. Agtergrond 501
2.1.1. Verstellings aan die gereformeerde erediens 502
2.1.1.1. Verstellings aan die gereformeerde erediens volgens die aard en wese van die gereformeerde erediens 506
2.1.1.1.1. Die erediens as ontmoeting 506
2.1.1.1.2. Die erediens as verbondsontmoeting 507
2.1.1.1.3. Christus teenwoordig in die erediens 507
2.1.1.1.4. Die Heilige Gees teenwoordig in die erediens 508
2.1.1.1.5. Die erediens as ontmoeting tussen verskillende partye 509
2.1.1.1.6. Die erediens as 'n dialogiese gebeure 510
2.1.1.1.7. Die erediens as 'n offerhandeling 511
2.1.1.1.8. Die erediens as 'n ordelike gebeure 512
2.1.1.1.9. Die erediens as pastorale gebeure 513
2.1.1.1.10. Die erediens as missionêre gebeure 513
2.1.1.1.11. Konklusie oor verstellings en verandering van gerigtheid met betrekking tot die aard en wese van die gereformeerde erediens 514
2.1.1.2. Blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking van mekaar deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens 515
2.1.1.2.1. Verdieping en vernuwing van die erediens deur elemente van die Westerse- en Afrikakulture 516
2.1.1.2.2. Transformering van die Westerse- en Afrikakulture deur die erediensgebeure 519
2.1.1.2.3. Konklusie oor die blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking van mekaar deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens 521
2.1.2. Verstelling aan die gereformeerde kerklied 523
2.1.2.1. Die benutting van die krag van musiek en poësie in die kerklied 525
2.1.2.2. Die toespitsing van die gereformeerde kerklied op die pastorale en missionêre dimensies van die erediens 527
2.1.2.3. Aanvulling van leemtes wat met betrekking tot die kerklied bestaan 529
2.1.2.4. Uitbreiding van die beginsels wat gestel word as riglyne vir die gereformeerde kerklied 530

2.1.2.5. Die uitwerking van die erediens en kerklied na buite 531
2.1.2.6. Konklusie oor verstelling aan die gereformeerde kerklied 532
2.1.3. Grafiese voorstelling 533
2.1.4. Figuur 1 534

3. Praktiese aanbevelings 535
3.1. Praktiese aanbevelings met betrekking tot die verstelling van die gereformeerde erediens 535
3.1.1. Verandering van gerigtheid met betrekking tot die aard en wese van die gereformeerde erediens 535
3.1.2. Blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking van mekaar deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens 538
3.1.3. Konklusie oor praktiese aanbevelings met betrekking tot die verstelling van die gereformeerde erediens 542
3.2. Die verstelling van die gereformeerde kerklied 542
3.2.1. Proses van onderhandeling oor die gebruik van kerkliedere 542
3.2.2. Bybelse riglyne vir die kerklied as maatstaf 544
3.2.3. Verskillende benaderings ten opsigte van musiek en die kerklied in berekening 545
3.2.4. Profetiese roeping in die samelewing ook in die kerklied vergestalt 547
3.2.5. Konklusie oor die verstelling van die gereformeerde kerklied 548
3.3. Die bewerking van versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse gemeenskap 548

DEEL 4
SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTEKKING

HOOFSTUK 11: SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKING

1. Inleiding en agtergrond 551

2. Navorsingsvrae beantwoord 552

3. Struktuur van die studie 553

4. Gegewens wat verkry is 553
4.1. Deel 1: Basisteorie 553
4.2. Deel 2: Metateorie 554
4.3. Integrering van basisteorie en metateorie 555

5. Voorgestelde praktykteoretiese model 557
5.1. Teoretiese gedeelte van die praktykteoretiese model 557
5.1.1. Verstelling aan die gereformeerde erediens: 557
5.1.2. Verstelling aan die gereformeerde kerklied: 558
5.1.3. Grafiese voorstelling 559
5.2. Praktiese aanbevelings 560
5.2.1. Praktiese aanbevelings met betrekking tot die gereformeerde erediens: 560
5.2.2. Praktiese aanbevelings met betrekking tot die gereformeerde kerklied 560
5.2.3. Praktiese aanbevelings met betrekking tot 'n bewusmakingsprojek 561

6. Finale samevattende gevolgtrekking 561

7. Voorgestelde temas vir verdere navorsing 561

ABSTRACT 563

OPSOMMING 565

SLEUTELTERME 567

BIBLIOGRAFIE 568



HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. Agtergrond en probleemstelling

Suid-Afrika het 'n ryke verskeidenheid van kulture wat binne sy landsgrense voorkom. As gevolg van bepaalde demografiese en sosiopolitieke faktore is daar veral twee prominente kulture wat elk 'n bepalende invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing het: die Westerse- en die tradisionele Afrikakultuur. Tussen hierdie twee kulture is daar op byna alle vlakke wyduiteenlopende verskille en daarom spreek dit vanself dat die potensiaal vir konflik tussen lede van hierdie kulture, selfs onder normale omstandighede, redelik hoog is. Wanneer die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika (veral sedert die Nasionale Party aan bewind gekom het in 1948) in berekening gebring word, is dit nie vreemd dat grootskaalse konflik en vervreemding in die samelewing voorgekom het en in talle gevalle steeds nie opgelos is nie.

Die beleid van apartheid waarvolgens die land vir meer as vier dekades regeer is, het veroorsaak dat inwoners vanuit die Westerse kultuur op byna alle vlakke van die samelewing bevoordeel is ten koste van inwoners vanuit die tradisionele Afrikakultuur. Met die totstandkoming van die nuwe demokratiese bestel in 1994 (wat voorafgegaan is deur konflik en stryd wat dikwels met politieke- en ander geweld gepaardgegaan het), en die gepaardgaande klem op sosiale gelykstelling, swart bemagtiging, nierassigheid, menseregte (Boshoff, 1998:1) asook die aandrang op die bou van 'n nuwe multikulturele nasie (Kretzschmar, 1996:71; Massie, 1993:19, 28) het talle vraagstukke ontstaan rakende aspekte soos afkoms, identiteit en kultuur. Onder die voorheen benadeelde gemeenskappe van Suid-Afrika is daar 'n groeiende aandrang vir die erkenning van hulle eie kultuur en identiteit, wat op sy beurt (tesame met die verlies aan politieke mag) 'n groeiende kommer onder die Westerse komponent van die samelewing laat ontstaan oor die behoud en voortbestaan van hulle eie kultuur en identiteit (sien Pityana, 1994:4; Saayman, 1995:9). Politieke en ekonomiese onsekerheid (Strauss, 1996:24-25), verlies aan sekuriteit, verwaring en pessimisme oor die toekoms (De Gruchy, 1997:24) wedersydse suspisie en selfs haat (Louw, 1997:16; Stewart, 1996:25) het verder stelselmatig daartoe bygedra dat 'n diepgaande verdeeldheid en vyandigheid oor kultuurgrense heen in die Suid-Afrikaanse samelewing posgevat het.

Om binne hierdie omstandighede in 'n multikulturele, post-apartheid Suid-Afrikaanse samelewing versoening en eenheid te bewerk, is 'n kompleksie en sensitiewe saak. Hoewel die regering in die eerste plek die taak het om versoening en eenheid in die samelewing te bewerk en bevorder, het die kerk van die Here wel 'n besliste taak en roeping in hierdie verband. Volgens 2 Korintiërs 5:11-21 het die kerk die taak om die versoening van Jesus Christus aan die wêreld rondom hom te bedien. In die multikulturele Suid-Afrikaanse konteks hou dit in dat die kerk met oorgawe en toewyding moet leiding gee en sy profetiese roeping moet volvoer, ten einde daaraan mee te werk dat 'n samelewing daargestel word waarin verskille in afkoms, taal en kultuur nie verdeeldheid bring nie, maar juis groei, wedersydse verryking en opbou van mekaar. Met inagneming van die besondere sosiopolitieke en ekonomiese rol wat Suid-Afrika op die vasteland van Afrika speel, is dit duidelik dat normaliteit in die Suid-Afrikaanse samelewing verreikende implikasies kan hê vir die kontinent as geheel en dat dit vir die kontinent as geheel dus van kardinale belang is dat versoening en eenheid in Suid-Afrika 'n werklikheid word.

In die kerklied beskik die kerk oor 'n uitnemende instrument waardeur versoening en eenheid in die samelewing bewerk kan word. Die gereformeerde kerklied bestaan uit poësie (teks) en musiek (melodie) wat in 'n fyn en komplekse eenheid saamgevoeg is. Musiek, as 'n geheimenisvolle en onpeilbare gawe van God, het 'n besonder kragtige invloed op die mens (Smit, 1999b:52-66). Wanneer musiek gesamentlik beoefen en beleef word, is die psigologiese en pastorale invloed wat dit op die mens uitoefen, soveel sterker (Cilliers, 1988:6-9). Ongeag die sosiale status, geslag, ouderdom, afkoms of kultuur van die deelnemers aan gesamentlike musiekaktiwiteite, word eenheid op 'n besondere wyse bewerk deurdat bepaalde positiewe onderlinge gesindhede gevorm word, wat spontaan uitkring na alle ander lewensfere (Van der Walt, s.a.:17). Net soos musiek, het poësie eweneens 'n merkbare invloed op die mens. Poëtiese aspekte soos taal, ritme, klank en beelde raak die diepste binneste aan en het 'n terapeutiese effek op die mens (Von Bonin *et al.*, 2001). Wanneer die gesamentlike krag van musiek en poësie saamgesnoer word om daarmee die waarheid van die Woord van God in die harte van die sangers en hoorders te bevestig, kom die onpeilbare krag van die kerklied na vore.

Deur middel van die gereformeerde kerklied kan die boodskap van versoening met mekaar in en deur Christus, tesame met die boodskap van eenheid met mekaar in en deur Hom, op kragtige wyse in die harte van gelowiges ingedra word. Ook oor kultuurgrense kan die kerklied as kragtige instrument dien. Wanneer gelowiges, oor

verskillende kultuurgrense heen, kerkliedere saam sing word elkeen mettertyd getransformeer om te kan raaksien dat die Gees van God verskeidenheid en diversiteit gebruik om groei, verryking en verdieping in elkeen se geloofs- en leefwêreld te bring. Hoewel daar merkbare verskille is met betrekking tot die inhoud en gebruik van musiek en poësie in die Westerse- en Afrikakulture, is dit wel moontlik om hierdie verskille te oorbrug en kerkliedere oor kultuurgrense heen toeganklik te maak vir elke deelnemer aan die erediens (Blacking, 1995:239). Dan word gehoor gegee aan die beginsel in 1 Korintiërs 14:15 dat die gees (πνεῦμα) sowel as die verstand (νοῦς) van die erediensdeelnemer in 'n fyn balans met mekaar, betrek word wanneer gesing word in die erediens.

2. Huidige stand van navorsing en belang van die studie

Die vraag wat in hierdie studie gevra word is die volgende:
Hoe kan die krag van poësie (teks) en musiek (melodie) in die gereformeerde kerklied effektief oor kultuurgrense aangewend word om versoening en eenheid mee te bewerk in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing wat 'n beduidende mate van konflik en vervreemding beleef?

Om hierdie vraag te kan beantwoord is dit nodig dat die Bybelse beginsels vir die gebruik van die kerklied in 'n multikulturele konteks ondersoek word en dat op grond daarvan bepaal word hoe versoening en eenheid bewerk kan word in die lig van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika. 'n Ondersoek na bestaande studiemateriaal oor hierdie onderwerp het getoon dat die onderwerp as geheel nog nie nagevors is nie. Hoewel daar binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) tot 'n mate wel navorsing gedoen word met betrekking tot die kerklied en die breër vakgebied van die Himnologie en die Liturgiek, is die fokus van die navorsing merendeels gerig op aspekte soos kerkplanting en gemeentebou (Schalekamp, 2005), die inkleding van die erediens (Letšosa, 2005), die rol van eredienssang in die opbou van die gemeente (De Klerk, 1990), die betekenis van die terme "psalms, lofgesange en ander geestelike liedere" in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19 (Viljoen, 1990) ensomeer. In die navorsing word daar aandag gegee aan sekere prinsipiële aspekte van die gereformeerde kerklied, maar dit word nie vanuit die perspektief van 'n multikulturele konteks en die bewerking van versoening en eenheid gedoen nie.

In ander kerke van die gereformeerde tradisie is 'n aantal studies gedoen waarin bepaalde aspekte van die kerklied ondersoek is. Die studies van Strydom en Kellerman (1992), Strydom (1994) asook Kloppers (1998) is hier ter sprake. In hierdie studies word

egter ook gefokus op bepaalde prinsipiële aspekte van die gereformeerd kerklied en die funksie daarvan in die erediens. Die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika word nie hierin aangeraak nie.

In 'n tyd van vervreemding en verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse samelewing is dit noodsaaklik dat die Bybelse beginsels van vrede, akkommodering en aanvaarding van mekaar opnuut nagestreef word. 'n Grondige ondersoek na die rol en funksie van die gereformeerde kerklied in hierdie verband kan grootliks daartoe bydra dat die ideaal van versoening en eenheid in die samelewing meer bereikbaar word. Dit kan stimulering bied vir die nastreef van hierdie ideaal vanuit 'n nuwe perspektief en met 'n nuwe invalshoek. Omdat Suid-Afrika op sowel ekonomiese- as sosiopolitieke vlak 'n leidende rol op die kontinent van Afrika speel, kan die uitkomste van hierdie studie ook vir die kontinent as geheel van beduidende waarde wees.

3. Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag van hierdie studie kan as volg geformuleer word:

> Watter bydrae lewer die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid onder gelowiges van verskillende kulture en hoe kan dit uiteindelik in 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing bydra tot die bewerking van onderlinge versoening en eenheid?

Vrae wat uit die probleemstelling en navorsingsvraag na vore kom, is die volgende:

- Hoe kan kultuur en multikulturaliteit gedefinieer word? Watter lig werp die Skrif op die aspekte van kultuur en multikulturaliteit?
- Wat is die grond en noodsaak vir versoening en eenheid in die samelewing? Wat kan in die lig van die Skrif hieroor vasgestel word?
- Wat is die aard en wese van die erediens waarbinne die kerklied aan die orde kom? Watter Skrifbeginsels kan afgelei word vir die gebruik van die kerklied in die erediens – ook binne 'n multikulturele konteks?
- Watter invloed het die verskillende aspekte van kultuur en multikulturaliteit op die Suid-Afrikaanse samelewing?
- In watter mate is daar versoening en eenheid (of 'n gebrek daaraan) in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing?
- In watter mate dra die gereformeerde kerklied daartoe by dat versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing bewerk en bevorder

word? Watter verstellings is nodig om die potensiaal van die kerklied in hierdie verband optimaal te kan benut?

4. Doelstelling en doelwitte

4.1. Doelstelling

Dit is die doelstelling van hierdie studie om 'n ondersoek te doen na die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks en vas te stel hoe dit kan bydra tot versoening en eenheid in die multikulturele, post-apartheid samelewing van Suid-Afrika.

4.2. Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie is:

- om die verskynsels van "kultuur" en "multikulturaliteit" asook die dinamika van multikulturele kontak in die samelewing in die lig van die Skrif te ondersoek;
- om vas te stel wat die eienskappe van die twee dominante kulture in Suid-Afrika is en wat die stand van multikulturele kontak tussen mense van hierdie kulture in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing is;
- om die betekenis van versoening in die lig van die Skrif te ondersoek en aan te toon hoe die versoening van Christus lei tot eenheid op verskillende vlakke;
- om vas te stel in watter mate versoening en eenheid in die huidige multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing bewerk is na die opheffing van die beleid van apartheid;
- om 'n ondersoek te doen na die aard en wese van die gereformeerde erediens binne die konteks van 'n multikulturele samelewing en Bybelse riglyne vir die gebruik van die kerklied in die erediens aan te toon;
- om vas te stel wat die stand van die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika tans is en ook watter uitwerking die saamsing van die gereformeerde kerklied het op die onderlinge verhouding tussen gelowiges van verskillende kulture;
- om 'n praktykteoretiese model daar te stel waarin aangetoon word watter verstellings nodig is in die praktyk van die gereformeerde erediens en gebruik van die gereformeerd kerklied as deel daarvan, ten einde die volle potensiaal van die gereformeerde kerklied te kan aanwend tot versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.

5. Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die gereformeerde kerklied uitnemend daarvoor geskik is om te dien as instrument vir die bewerking van versoening en eenheid onder gelowiges van verskillende kulture, en daarom ook in multikulturele, post-apartheid samelewing van Suid-Afrika aangewend kan word om versoening en eenheid te bewerk en bevorder.

6. Omlyning van die studie

6.1. Begrensing van die studie

'n Studie van hierdie aard is omvangryk. Dit behels dat 'n verskeidenheid onderwerpe vanuit verskillende vakdissiplines aan die orde kom. Hoewel die insigte van verskillende vakdissiplines (soos onder meer die Filosofie, Psigologie, Sosiologie, Musikologie, Politieke Wetenskap, Ekonomie, ensomeer) deel van hierdie studie vorm, is die primêre invalshoek vir die uitvoer van hierdie studie dié van die Himnologie, as onderdeel van die Liturgiewetenskap. Die vakgebied van die Himnologie het te doen met die bestudering van die kerklied, teen die agtergrond van die erediens waarin die kerklied na vore kom. Die fokus is dus primêr op die lied wat met 'n bepaalde doel en op 'n bepaalde wyse in en deur die kerk gebruik word as deel van die erediens. In hierdie studie word die fokus op die kerklied verskep deurdat in besonder aandag gegee word aan die vermoë wat die kerklied het om 'n bydrae te lewer tot die bewerking en bevordering van 'n Suid-Afrikaanse samelewing waarin konflik en vervreemding getransformeer word tot versoening en eenheid.

6.2. Begripsbepaling

Vir die doel van hierdie studie word die volgende betekenisse aan die onderstaande terme of begrippe gekoppel:

- **kultuur** – verwys nie bloot maar na die kunste nie, maar is 'n omvattende verwysing na al die doen en late van die mens, as resultaat van sy totale omgang met God en die skepping, volgens die opdrag wat hy van God daartoe ontvang het.
- **multikulturaliteit** – verwys na die feit van 'n verskeidenheid kulture op aarde en van mense vanuit verskillende kulturele agtergronde wat in voortdurende kontak met mekaar is. Vir die doel van hierdie studie word die begrip "multikulturaliteit" binne die konteks van die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke situasie hoofsaaklik gebruik om te verwys na die kontak tussen mense (gelowiges sowel as nie-

gelowiges) vanuit die Westerse- en Afrikakulture, omdat hierdie twee kulture die mees prominente kulture in Suid-Afrika is.

- **Westerse kultuur** – verwys na die oorkoepelende kultuur wat oor eeue gevestig geraak het as die heersende kultuur van die inwoners van Wes-Europa, asook immigrante wat daarvandaan in ander wêrelddele gevestig is. Hoewel 'n groot aantal volke en etniese groeperinge oor eeue gesamentlik deel het aan die Westerse kultuur, wat 'n veelheid van verskille in nuanses en beklemtonings meebring, is dit vir 'n studie soos hierdie wel bruikbaar om sekere breë lyne van die Westerse kultuur te trek en tendense uit te wys wat gemeenskaplik aan al die betrokke Westerse kulturele groeperings is.
- **Afrikakultuur** – verwys na die oorkoepelende kultuur wat oor eeue op die vasteland van Afrika ontwikkel het. Net soos die geval met die Westerse kultuur is, is daar wat die Afrikakultuur betref ook 'n groot aantal etniese groeperinge wat elk 'n eie unieke kulturele agtergrond het, maar oorkoepelend tog sekere gemeenskaplike kultuurelemente met mekaar deel. In 'n studie van hierdie aard dien dit wel die doel om sekere breë buitelyne te gee van dit wat as gemeenskaplik kultuurgoedere regoor Afrika voorkom, omdat dit dan sinvol vergelyk kan word met die breë buitelyne wat met betrekking tot die Westerse kultuur geïdentifiseer kan word.
- **gereformeerd(e)** – verwys na die breë kerkfamilie wat ontstaan het na aanleiding van die Reformasie en waarvan die teologiese onderbou geskoei is op die beginsels wat in die tyd van die Reformasie geformuleer en uitgedra is. Dit verwys dus nie uitsluitlik na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) nie, maar na al die kerke in Suid-Afrika wat die belydenisskrifte van die Reformasie as die grondslag van hulle geloof aanvaar. Ook verwys hierdie term nie alleen na die Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie, maar ook na die gereformeerde kerke wat lidmate van die Afrikakultuur het.
- **gereformeerde kerklied** – verwys na die lied wat as deel van die erediens van 'n gereformeerde gemeente gesing word, voldoen aan die vereistes wat in die Skrif daarvoor gegee word en inpas by die breë beginsels wat sedert die tyd van die Reformasie daarvoor geformuleer is.

7. Metodologie

Die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het, word gebruik as riglyn vir die metodologie wat in hierdie studie gevolg word. Zerfass se model behels dat basisteoretiese beginsels (uit teologiese- en ander tradisies) en

metateoretiese perspektiewe (hoofsaaklik uit grenswetenskappe) gevorm word, waarna al die resultate gesamentlik in 'n hermeneutiese wisselwerking geartikuleer word tot die vorming van 'n nuwe praktykteoretiese ontwerp.

In Deel 1 van hierdie studie word by wyse van 'n literatuurstudie (wat ook eksegese van relevante Skrifgedeeltes insluit) ondersoek gedoen na die basisteoretiese beginsels met betrekking tot die begrippe "kultuur" en "multikulturaliteit", versoening en eenheid en die gereformeerde erediens en kerklied. Aan die einde van Deel 1 word enkele samevattende basisteoretiese beginsels saamgestel uit die gegewens wat verkry is.

In Deel 2 word by wyse van 'n literatuurstudie ondersoek gedoen na die metateoretiese perspektiewe wat geïdentifiseer kan word met betrekking tot die gestalte wat die verskynsels van kultuur en multikulturaliteit in die Suid-Afrikaanse samelewing aanneem en die invloed wat dit in die samelewing het, asook die mate waarin versoening en eenheid reeds in die multikulturele samelewing, met sy eiesoortige sosiopolitieke geskiedenis, bewerk is al dan nie. Ondersteun deur 'n empiriese ondersoek (van beperkte omvang) word by wyse van 'n verdere literatuurstudie ook 'n ondersoek gedoen na die metateoretiese perspektiewe wat geïdentifiseer kan word met betrekking tot die stand van die gereformeerde erediens en die gebruik van die kerklied as deel daarvan, binne die konteks van gereformeerde kerke in Suid-Afrika met lidmate van sowel die Westerse- as die Afrikakultuur. Aan die einde van Deel 2 word enkele samevattende metateoretiese perspektiewe saamgestel uit die gegewens wat verkry is en daarna word dit geïntegreer met die basisteoretiese beginsels wat in Deel 1 verkry is.

In Deel 3 word die gegewens wat uit bogenoemde verkry is, in 'n hermeneutiese wisselwerking geïntegreer en word 'n nuwe praktykteoretiese model vir die gebruik van die gereformeerde kerklied in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing daargestel, waarin onder meer aangetoon word watter verstellings nodig is om die volle potensiaal van die gereformeerde kerklied te kan benut vir die bewerking van versoening en eenheid in die samelewing.

In Deel 4 word 'n finale samevattende gevolgtrekking van die studie en die uitkomste daarvan gemaak.

8. Strukturering van die studie

Soos hierbo genoem, word die studie ingedeel in vier hoofdele: in die eerste deel word sekere basisteoretiese beginsels vir die bydrae van die kerklied (as deel van die

gereformeerde erediens) tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika geïdentifiseer; in die tweede deel word metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die onderwerp vasgestel deur die basisteoretiese beginsels binne die werklikheid van die situasie in die Suid-Afrikaanse samelewing te toets; in die derde deel word praktykteoretiese riglyne gegee na aanleiding van die gegewens wat verkry is in die eerste twee hoofdele van die studie; en in die vierde deel word 'n finale samevattende gevolgtrekking gegee.

Deel 1

Die eerste deel van hierdie studie bestaan uit vier hoofstukke (Hoofstukke 2 tot 5). Die basisteoretiese beginsels word aan die hand van die volgende verkry:

- In Hoofstuk 2 word 'n literatuurstudie tesame met 'n woordstudie en eksegese uit die Woord van God gedoen word met betrekking tot die terme "kultuur" en "multikulturaliteit." Nadat 'n ondersoek gedoen word na enkele filosofiese beskrywings van die verskynsel van kultuur, met besondere verwysing na die plek van musiek en sang in die kultuur, word enkele Bybelse gegewens (uit beide die Ou en Nuwe Testament) met betrekking tot die kultuur van die mens nagegaan, deur gebruik te maak van eksegese sowel as spesifieke woordstudies. In alle gevalle word die grammaties-historiese metode van eksegese gebruik (sien De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:8-26). Nadat tot 'n samevattende konklusie gekom is oor die begrip "kultuur," word 'n ondersoek gedoen na die begrip "multikulturaliteit." Eerstens word 'n ondersoek gedoen na enkele filosofiese beskrywings van die werklikheid en problematiek van multikulturaliteit, asook moontlike oplossings vir die problematiek daarin. Daarna word enkele Bybelse gegewens (uit beide die Ou en Nuwe Testament) met betrekking tot multikulturaliteit nagegaan, deur gebruik te maak van eksegese asook spesifieke woordstudies. Al bogenoemde gegewens word ten slotte saamgevat in 'n finale basisteoretiese konklusie met betrekking tot die begrippe "kultuur" en "multikulturaliteit."
- In Hoofstuk 3 word spesifiek gefokus op basisteoretiese beginsels vir versoening en eenheid, met besondere aandag aan versoening as voorwaarde vir en bewerker van eenheid. Die werkplan waarvolgens die ondersoek in hierdie hoofstuk gedoen word, behels 'n literatuurstudie tesame met 'n eksegetiese studie uit die Woord van God. Eerstens word deur middel van die eksegese van sekere teksgedeeltes 'n ondersoek gedoen na enkele Bybelse gegewens met betrekking tot versoening (uit beide die Ou en Nuwe Testament). Daarna word deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek gedoen na gegewens uit die Bybel en die

Filosofie met betrekking tot die proses van versoening. Vervolgens word 'n ondersoek gedoen na die basisteoretiese beginsels met betrekking tot eenheid, met besondere verwysing na hoe dit in die Bybel na vore kom. Vir hierdie doel word na enkele eksegetiese bevindings van gedeeltes in die Nuwe Testament verwys, waarna dit saamgevat word in 'n finale konklusie.

- In Hoofstuk 4 word 'n basisteoretiese ondersoek gedoen na die Bybelse raamwerk vir die erediens en die kerklied wat daarin gebruik word. Sodoende kan bepaal word watter funksie die kerklied in die erediens het ten einde daartoe by te dra dat versoening en eenheid tussen gelowiges bewerk word. Ook kan bepaal word hoe hierdie versoening en eenheid deur middel van die kerklied aan buitestaanders gekommunikeer kan word. In hierdie hoofstuk word deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek gedoen na 'n Bybelse raamwerk vir die erediens, waarna die verskillende elemente van die erediens, verandering in die erediens en estetika in die erediens ondersoek word. Daarna word die invloed van kultuur op die erediens ondersoek, waarna die fokus laat val word op die erediens binne 'n multikulturele konteks. Die aard en wese van die gereformeerde kerklied kom volgende aan die beurt. Eerstens word 'n ondersoek gedoen na musiek en die kerk, waaronder gefokus word op musiek in die erediens, musiekinstrumente, dans en musiekgawes in die kerk. Daarna word nader ondersoek gedoen na die plek en funksie van die kerklied in die erediens, en die besondere krag van musiek en poësie in die kerklied. Alvorens tot 'n samevattende konklusie gekom word, kom musiek en die kerklied in 'n multikulturele konteks aan die orde.
- In Hoofstuk 5 word die gegewens van hoofstuk 2 tot 4 saamgevoeg ten einde tot sekere samevattende basisteoretiese beginsels vir die studie te kom.

Deel 2

Die tweede deel van hierdie studie bestaan ook uit vier hoofstukke (Hoofstukke 6 tot 9). Die metatoretiese beginsels word aan die hand van die volgende verkry:

- In Hoofstuk 6 word 'n metateoretiese ondersoek ingestel na die aard en wese van kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika. Deur middel van 'n literatuurstudie word eerstens ondersoek gedoen na die twee primêre kulture wat in Suid-Afrika verteenwoordig word, naamlik die Westerse- en die tradisionele Afrikakultuur. Daarna word die Westerse kultuur nader ondersoek ten einde vas te stel watter lewensbeskoulike uitgangspunte onderliggend daaraan lê en 'n evaluering vanuit 'n Bybelse perspektief te kan maak. In die proses word besondere aandag gegee aan die aard en plek van musiek in hierdie kultuur. Vervolgens word die tradisionele Afrikakultuur nader ondersoek. Nadat ook besondere aandag gegee

is aan die aard en plek van musiek in hierdie kultuur, word 'n vergelyking tussen die twee kulture getref en word ook die wedersydse invloed op mekaar binne die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek. Aan die einde van die hoofstuk word die tradisionele Afrikakultuur vanuit 'n Bybelse perspektief beoordeel en word aangetoon hoe daar 'n onderlinge aanvulling van leemtes in mekaar se kulture kan wees.

- In Hoofstuk 7 word 'n metateoretiese perspektief gebied op versoening en eenheid (of die gebrek daaraan) in 'n multikulturele Suid-Afrika. Daar word spesifiek verwys na die sosiopolitieke geskiedenis van die land, asook die gevolge daarvan vir die huidige situasie. Deur middel van 'n literatuurstudie word eerstens 'n oorsig gegee oor die sosiopolitieke agtergrond van Suid-Afrika. Die historiese verloop van gebeure word gevolg vanaf die koloniale besetting van Suid-Afrika tot en met die totstandkoming van 'n volwaardige demokratiese bestel in 1994 en verder. Spesifieke aandag word gegee aan die aanleiding en oorsake vir die ontstaan van die beleid van apartheid en hoe dit in die Suid-Afrikaanse konteks gemanifesteer het. Daarna word aandag gegee aan versoening (of die gebrek daaraan) in Suid-Afrika en word die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) uitgelig. Aan die einde van die hoofstuk word 'n ondersoek gedoen na die voortgaande proses van versoening in die land, wat na afloop van die werksaamhede van die WVK tot stand gekom het. Vervolgens word eenheid in die Suid-Afrikaanse konteks (ook deur middel van 'n literatuurstudie) ondersoek. Besondere aandag word gegee aan faktore wat 'n bedreiging inhou vir eenheid, waarna sekere gevalle uitgewys word waar eenheid wel in die samelewing voorkom. Voordat tot 'n finale samevattende konklusie gekom word, word ook die konsep van die Afrika Renaissance ondersoek.
- In Hoofstuk 8 word 'n metateoretiese ondersoek gedoen na die gereformeerde erediens in Suid-Afrika, in besonder met betrekking tot die stand van sake binne die gereformeerde kerke van onderskeidelik die Westerse- en Afrikakulture. Daarna word die fokus verskuif na die kerklied wat tans binne gereformeerde kerke in die land in eredienste gebruik word, asook die effek wat dit op die onderlinge verhouding tussen die Westerse- en Afrikakomponente van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika het. Deur middel van 'n literatuurstudie word eerstens 'n ondersoek gedoen na die gereformeerde erediens in Suid-Afrika. In hierdie verband word 'n oorsig gegee oor die breë kerklike agtergrond in Afrika, asook oor die kerklike agtergrond in Suid-Afrika. Veral die rol van die Westerse- of Blanke komponent van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in die apartheidstyd, asook die rol

van die Africa Independent Churches (AIC) word beklemtoon. Daarna word die erediens in die NGK asook in die GKSA afsonderlik ondersoek. Vervolgens kom die kerklied in Suid-Afrika aan die orde, eers met verwysing na die kerklied binne die konteks van die Westerse kultuur en daarna binne die konteks van die Afrikakultuur. Aandag word ook gegee aan die betekenis wat πνεῦμα (gees) en νοῦς (verstand) volgens 1 Korintiërs 14:15 het vir die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika. Die bevindings van 'n empiriese ondersoek wat gedoen is met betrekking tot die effek wat die saamsing van die gereformeerde kerklied het op lidmate wat uit onderskeidelik die Westerse- en Afrikakulture kom, word aan die einde van die hoofstuk weergegee.

- In Hoofstuk 9 word die gegewens van hoofstuk 6 tot 8 saamgevoeg ten einde tot sekere metateoretiese perspektiewe te kom. Daarna word die metateoretiese perspektiewe geïntegreer met die basisteoretiese beginsels wat in Hoofstuk 5 geïdentifiseer is, sodat dit gebruik kan word om 'n nuwe praktykteoretiese model vir die bydrae van die gereformeerd kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika daargestel kan word.

Deel 3

Die derde deel van hierdie studie bestaan uit een hoofstuk waarin die volgende aan die orde kom:

- In Hoofstuk 10 word 'n aantal praktykteoretiese voorstelle te maak wat daartoe kan dien dat die potensiaal van die gereformeerde kerklied om versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika te bewerk, optimaal gerealiseer kan word. Eers word 'n praktykteoretiese model daargestel, waarna sekere praktiese aanbevelings met betrekking tot die kerklied as deel van die erediens en ook die verdere uitkring daarvan in die samelewing gemaak word.

Deel 4

In die vierde deel van hierdie studie word 'n finale samevattende gevolgtrekking van die studie en die uitkoms daarvan gegee.

- In Hoofstuk 11 word eers 'n samevatting van die gegewens en uitkomste van Deel 1 tot 3 gegee, waarna 'n finale samevattende gevolgtrekking geformuleer word. Dit word opgevolg met voorstelle in verband met verdere studie oor relevante temas wat onderneem behoort te word, 'n kort opsomming van die studie in Engels (*abstract*) asook 'n lys met sleutelterme wat in die studie na vore kom.

DEEL 1
BASISTEORIE



HOOFSTUK 2: BASISTEORETIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT DIE BEGRIPPE "KULTUUR" EN "MULTIKULTURALITEIT"

1. Inleiding

In hierdie studie word 'n ondersoek gedoen na die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika. Ten einde 'n gestruktureerde en verantwoorde studie daar te stel, word eers 'n basisteoretiese ondersoek gedoen (Deel 1), waaruit sekere basisteoretiese beginsels geformuleer word, wat dan op metateoretiese vlak getoets word ten einde vas te stel in watter mate die basisteoretiese beginsels in die onderwerp van studie manifesteer (Deel 2). Die uitkomste hiervan word ten slotte geïnkorporeer in 'n praktykteoretiese model waarin 'n samevatting gegee word en aanbevelings gedoen word met betrekking tot dit wat gevind is in die ondersoek na die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe (Deel 3).

Deel 1 van hierdie studie behels vervolgens 'n ondersoek na die begrippe "kultuur" en "multikulturaliteit" (Hoofstuk 2), versoening en eenheid (Hoofstuk 3), asook die gereformeerde erediens en kerklied (Hoofstuk 4), ten einde bepaalde samevattende basisteoretiese beginsels vir die bydrae van die gereformeerde kerklied in 'n multikulturele konteks daar te stel (Hoofstuk 5). Die basisteoretiese ondersoek het as fokus die daarstel van 'n maatstaf waarvolgens die huidige liturgiese praktyk verstel kan word om deur multikulturele kontak tot 'n verryking van die liturgie te kom.

Die werkplan waarvolgens die ondersoek in hierdie hoofstuk gedoen word, behels dat 'n literatuurstudie tesame met 'n woordstudie en eksegese uit die Woord van God gedoen word met betrekking tot die terme "kultuur" en "multikulturaliteit." Die volgende werkplan word gevolg: eerstens word 'n ondersoek gedoen na enkele filosofiese beskrywings van die verskynsel van kultuur, met besondere verwysing na die plek van musiek en sang in die kultuur. Daarna word enkele Bybelse gegewens (uit beide die Ou en Nuwe

Testament) met betrekking tot die kultuur van die mens nagegaan, deur gebruik te maak van eksegese sowel as spesifieke woordstudies.

Nadat tot 'n samevattende konklusie gekom is oor die begrip "kultuur," word 'n ondersoek gedoen na die begrip "multikulturaliteit." Eerstens word 'n ondersoek gedoen na enkele filosofiese beskrywings van die werklikheid en problematiek van multikulturaliteit, asook moontlike oplossings vir die problematiek daarin. Daarna word enkele Bybelse gegewens (uit beide die Ou en Nuwe Testament) met betrekking tot multikulturaliteit nagegaan, deur gebruik te maak van eksegese asook spesifieke woordstudies. Al bogenoemde gegewens word ten slotte saamgevat in 'n finale basisteoretiese konklusie met betrekking tot die begrippe "kultuur" en "multikulturaliteit."

Vervolgens word eers 'n ondersoek gedoen na die begrippe "kultuur" en "multikulturaliteit."

2. Kultuur

2.1. Inleiding

Ten einde 'n ondersoek te doen na die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika, is dit nodig om eers die aard en betekenis van die kultuur van die mens te ondersoek. 'n Grondige begrip van die aard en betekenis van kultuur is 'n voorvereiste vir die verstaan van die eiesoortige dinamika wat loskom wanneer mense van verskillende kulture in dieselfde onmiddellike omgewing woon en werk.

2.2. Die begrip "kultuur"

Die woord "kultuur" kom van die Latynse woord *colere* wat beteken om te verbou, te kweek en te versorg (Kumar, 1981:33). Sedert God die mens op die sesde skeppingsdag die opdrag gegee het om die aarde te bewoon, te bewerk en op te pas (Gen. 1:28 asook 2:15), is hy besig om sy omgewing te verander en omvorm deur die totaliteit van sy aktiwiteite (Van der Walt, 1999:70). Dit wat hy rondom hom waarneem, ondersoek en gebruik hy. Deur kennis en arbeid poog die mens om die wêreld onder sy beheer te bring. In sy omgang met die skepping is hy nie bloot besig om te oorleef nie (Marshall, 1981: 18), maar ook om verbande te lê, te organiseer, te produseer en te beheer (Jacobs, 1981:133). Opgehoopte data van geslagte word saamgevoeg in 'n sistematiese geheel. Kultuur is dus die resultaat van die mens se totale omgang met die natuur, volgens die opdrag wat hy van God daartoe ontvang het.

Maar in sy omgang met die skepping kom die mens ook in aanraking met sy medemens. Kontak met sy medemens lei daartoe dat sekere onderlinge waardes, verbande en sosiale verskynsels gevestig raak (sien Marshall, 1981:18-20). In die omgang met sy medemens is die mens op verskillende vlakke besig om te verbou, kweek en versorg (volgens Gen. 1:28 asook 2:15). Hieruit ontstaan bepaalde denke en maniere van optree teenoor mekaar, wat uiteindelik nie alleen lei tot die ontwikkeling van die totale menslike ras nie (Keteyi, 1998:19), maar ook tot die tot standkoming van 'n bepaalde beskawingstoestand (Knevel, 1991:8). Kultuur is dus gerig op die bewaring van lewe en die gemeenskap onder mense. Dit is 'n poging om die menslike lewe nog meer menslik te maak deur die verbetering van gebruike en instellings.

Kultuur bring die mens ook in kontak met God. Kultuur en godsdiens kan nie van mekaar geskei word nie. Volgens Vorster (1977:320) is daar sekere aspekte wat kultuur wesenlik beïnvloed en die aard daarvan bepaal. Hiervan is dit wat die mens dink (filosofie) en wat hy glo (teologie) die belangrikstes. Sedert die vroegste tye het kultuur en godsdiens mekaar ten nouste beïnvloed (Kumar, 1981:33). In sy kultuurarbeid is die mens daarom voortdurend besig om sekere geestelike ervarings en behoeftes uit te druk, te kommunikeer en te ondersoek (Keteyi, 1998:19). Kultuur word uiteindelik 'n soeke na Hom wat in die eerste instansie die opdrag tot kultuurarbeid gegee het.

Die begrip "kultuur" verwys dus nie bloot maar na die kunste nie, maar is 'n omvattende verwysing na al die doen en late van die mens (Van der Walt, 1999:12; Padilla, 1981:63). Net soos die totale menslike lewe sekere onderskeibare fasette toon (bv. die godsdienstige, morele, juridiese, estetiese, ekonomiese, sosiale, linguale, tegniese logiese, psigiese, biotiese, fisiese, ruimtelike en aritmetiese), geld dit ook van die kultuur. Al die fasette hang nou saam met mekaar en vorm 'n uiters komplekse geheel. Dit kan van mekaar onderskei, maar nie geskei word nie (sien Van der Walt, 1999:68-69). So is die mens byvoorbeeld in die kunste esteties besig, terwyl hy ekonomies besig is wanneer hy handel dryf. Wanneer die mens 'n kunswerk skep, is hy primêr esteties besig. Hy het egter 'n doek, kwas, verf ensomeer nodig om die kunswerk te skep. Hy maak ook van tegniese vaardighede, logiese denke, gevoel en nog meer gebruik in die skep van die kunswerk. Die ander fasette van mens-wees kan dus nie hierby uitgesluit word nie (Van der Walt, 1999:68-69) en gevolglik kan die maak van 'n kunswerk nie bloot beskou word as 'n suiwer estetiese handeling nie.

Die kultuur waarmee die mens hom besig hou, word bepaal deur 'n verskeidenheid faktore wat 'n invloed daarop het (Van der Walt 1999:13-15; Gittins 1989:16-17; Jacobs,

1981:133; Conn, 1981:149; Padilla, 1981:63). Dit kan voorgestel word met die beeld van die konsentriese lae wat die skil van 'n ui vorm. Elke laag verteenwoordig 'n sekere aspek van mens-wees wat 'n bepaalde invloed op die kultuur uitoefen.
Die kern hiervan is die religieuse dimensie van mens-wees (Van der Walt, 1999:13; Rouvoet, 1993:82; Roxburgh, 1993:31; Conn, 1981:149; Newbigin, 1986:3; Scollon & Scollon, 1995:128). Elke mens gee homself oor aan iets of iemand wat hy as absoluut beskou. Dit is die diepste dryfveer in sy lewe en gee sin aan sy lewe (Rubin & Stewart, 1998:55). As sodanig bepaal dit ook sy kultuurarbeid.

Die volgende laag is die dimensie van lewensbeskouing. Dit is die mens se visie op die werklikheid om hom asook op sy eie plek en taak in hierdie werklikheid. By wyse van norme en waardes gee dit rigting en koers aan sy lewe (Nicholls, 1981:49-50) en sy kultuurarbeid.

Vervolgens is daar die sosiale dimensie. Hierbinne val aspekte soos taal (sien Newbigin, 1986:3), die kunste (simboliese manier van kommunikasie (Rubin & Stewart, 1998:39)), wetenskap, verhoudings asook instellings soos die huwelik, gesin, bedryf, staat ensomeer. Instruksie, observasie en imitasie speel hierin 'n belangrike rol (Nicholls, 1981:50).

Die volgende dimensie is dié van die materiële. Hieronder word elemente soos masjiene, gereedskap, geboue, strukture ensomeer verstaan. Ook in die materiële word die kultuur van die mens uitgebeeld (Van der Walt, 1999:15).

Die buitenste van hierdie konsentriese lae of dimensies is die gedragsdimensie. Hieronder word verstaan 'n bepaalde lewenstyl, handelinge, gebruike, gewoontes, (Van der Walt, 1999:15) waardes en simbole (Jacobs, 1981:137-140).

Kultuur kan nie bloot op grond van een van bogenoemde dimensies beoordeel word nie (Van der Walt, 1999:71). Die buitenste lae van 'n kultuur (die gedrags-, materiële- en sosiale dimensies) is meer sigbaar, terwyl die binneste dimensies (die lewensbeskoulike en religieuse dimensies) moeiliker sigbaar is. Dit is dikwels problematies om die binneste dimensies te omskryf en te ondersoek. Die buitenste dimensies verander makliker (al is dit bloot oppervlakkig) terwyl die binneste dimensies groter weerstand bied teen enige verandering (Jacobs, 1981:138).

Kultuur word dus grootliks bepaal deur die religieuse en lewensbeskoulike dimensies daarvan. Van buite af kan verandering wel gestimuleer word, maar dit bly gewoonlik in 'n minder of meerdere mate oppervlakkig. Ware, diep, grondige verandering van kultuur vind alleen plaas wanneer die kern verander word. Alleen vanuit 'n veranderde kern kan die geheel verander en aangepas word (Van der Walt, 1999:71; Jacobs, 1981:140). Om 'n bepaalde kultuur te verstaan (asook die denke en dade van 'n persoon binne 'n bepaalde kultuur (sien Van der Walt, 1999:74)), is dit dus van kritiese belang dat die kern (die religieuse asook lewensbeskoulike dimensies) deeglik ondersoek en verstaan word (Nicholls, 1981:50).

Geen kultuur is staties nie. Elke kultuur is voortdurend besig om te verander en te ontwikkel, al is dit soms 'n baie stadige proses. Daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen kultuur en sy omgewing. Lewende mense, as draers van die kultuur, het bepaalde ervarings op verskillende vlakke van die lewe. Hierdeur word die kultuur waarin hulle leef voortdurend gevorm en beïnvloed. Uitvinding, oorerwing (enkulturasie) asook oorname (akkulturasie) speel hierin 'n belangrike rol (sien Van der Walt, 1999:72-73; Keteyi, 1998:20-21). Terselfdertyd vorm en beïnvloed kultuur die sosiale, ekonomiese en politieke lewe van elke mens (Van der Walt, 1999:73), terwyl hy voortdurend sy kultuur evalueer en vergelyk met ander (Keteyi, 1998:21). Volgens Taber (1981:85) word kultuur aangeleer, gedeel, dit is geïntegreer, is aangepas en aanpasbaar.

2.2.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die begrip "kultuur":

- Kultuur is 'n omvattende begrip wat meer insluit as bloot die kunste. Al die doen en late van die mens word hieronder verstaan.
- Kultuur is die resultaat van die mens se totale omgang met sy omgewing, volgens die opdrag wat hy van God daartoe ontvang het.
- In sy kultuurtaak kom die mens ook in kontak met sy medemens. Dit lei tot die ontwikkeling van 'n bepaalde beskawingstoestand wanneer die mens poog om lewe onderling te bewaar, gemeenskap op te soek en gebruike en instellings te verbeter.
- Kultuur word wesenlik beïnvloed en die aard daarvan bepaal deur wat die mens dink (filosofie) en glo (teologie). In wese is kultuur 'n soeke na Hom wat in die eerste plek die opdrag tot kultuurarbeid aan die mens gegee het.
- Kultuur bestaan uit verskeie onderskeibare fasette wat nou met mekaar saamhang en 'n uiters komplekse geheel vorm. Die totaliteit van kultuur word

bepaal deur die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees. Hiervan vorm die religieuse en lewensbeskoulike dimensies die kern.

- Om 'n bepaalde kultuur te verstaan is die nodig om die kern daarvan te ontleed en verstaan.
- Kultuur is nie staties nie. Kultuur en omgewing beïnvloed mekaar wedersyds.

2.2.2. Die plek van musiek en sang in kultuur

Volgens Van der Walt (1999:13-15) is die derde konsentriese laag wat by die kultuur van die mens onderskei kan word, dié van die sosiale (sien 2.1 hierbo). Naas die religieuse en die wêreldbeskouing is die sosiale die aspek wat die belangrikste invloed het op die vorming van kultuur en word die sosiale aspek op sy beurt ook weer deur kultuur gevorm (sien Slobin & Titon, 1992:1). Die sosiale aspek bestaan uit elemente soos die kunste en taal (simboliese maniere van kommunikasie (Rubin & Stewart, 1998:39)) wetenskap, verhoudings asook instellings soos die huwelik, gesin, kerk, bedryf, staat ensomeer.

Kuns is iets wat die mens van die vroegste tye af gebruik om die wêreld waarin hy leef te probeer verstaan en verklaar. Deur kuns daarvoor in te span, skep die mens vir hom simbole waarmee hy sy ervarings weergee en sodoende probeer sin maak uit sy leefwêreld en sy eie plek daarin (sien Rossouw, 2006b:15). Kuns is egter nie iets wat net vir die individu van waarde is in sy belewing van die werklikheid nie. Die wil van die gemeenskap om gedeelde simbole deur middel van kuns tot stand te bring is ook van die vroegste tye daar (Rossouw, 2006b:15). So gebeur dit dat 'n bepaalde vorm van kuns uiteindelik deur die hele gemeenskap oorgeneem en as hulle eie aanvaar word. Dit word deel van die uitdrukking van 'n totale gemeenskap se belewing van hulle leefwêreld (Barker-Reineke, 2000:140).

Van die vroegste tye is musiek 'n besondere vorm van kuns waarmee die mens vir homself en sy gemeenskap simbole skep. Musiek is 'n medium waarmee meer uitgedruk kan word as blote woorde (White, 1990:111). Dit is veral sekere emosies, wat nie in woorde beskryf kan word nie, wat effektief deur musiek uitgedruk kan word. Omdat musiek so 'n sterk invloed op die mens uitoefen, kom daar in elke kultuur 'n bepaalde tipe musiek voor, wat dien as gemeenskaplike simbool vir die hele gemeenskap (Titon, 1992:xxi). In elke kulturele gemeenskap is musiek dus 'n onontbeerlike kommunikasiemiddel waardeur die lede van die gemeenskap met mekaar kommunikeer oor hulle wêreld en wat hulle daarin beleef (Blacking, 1995:227). Die meeste van hierdie kommunikasie is nie-verbaal: melodie, ritme, struktuur, musikale vorm en die manier

waarop die musiek uitgevoer word, kommunikeer die diepste waardes van die gemeenskap onder mekaar (Corbitt, 1989:160). Elke lid van die gemeenskap verstaan dit en identifiseer daarmee. Daarby is musiek uitnemend geskik as hulp vir memorisering. In meer orale kulture word dit by uitstek hiervoor gebruik (Corbitt, 1998:16, 204-207).

Omdat musiek metafisies is, is dit egter moeilik definieerbaar. Enige poging om 'n definisie van musiek daar te stel, bly 'n subjektiewe mening (Blacking, 1995:226). Vanuit 'n sekere oogpunt kan musiek gedefinieer word as georganiseerde klank. Griekse filosowe en Middeleeuse teoretici beskryf musiek as 'n sisteem van geordende tone wat horisontaal in melodieë en vertikaal in harmonieë georganiseer is. In die Westerse kultuur het daar oor die afgelope twee millennia heelwat ontwikkeling gekom, waarin die konvensies vir die organisering van melodie en harmonie stelselmatig verander en nuwe dimensies gegee is. Hierdie ontwikkeling het al so ver gevorder dat hedendaagse komponiste geneig is om enige tipe klank as musiek te definieer, indien die luisteraar dit so wil beskou (Wikipedia, 2006c). Omdat musiek altyd kultureel bepaald is en die kultuur van die musikus en luisteraar volgens Nattiez (aangehaal in Wikipedia, 2006c) bepaal wat as musiek beskou word en wat nie, is daar egter geen enkele of interkulturele universele konsep waardeur musiek gedefinieer kan word nie (sien Blacking, 1995:226).

Van al die verskillende maniere waarop musiek voortgebring word, is om te sing die meeste persoonlik. Sang laat die musiek direk uit die liggaam van die individu na vore kom. Dit is anders as wanneer musiek deur middel van een of ander musiekinstrument, buite die liggaam, geproduseer word (Tanner Church, 2006). Sang laat musiek op 'n besondere manier deel word van die mens. Die totale mens, liggaam en gees, word daarby betrek (Moeller, 1998:114) wanneer innerlike emosies eksterne uitdrukking vind (Corbitt, 1989:160).

Dit is die rede waarom sang so 'n prominente rol speel in elke kultuur. Sang stel elke lid van die kultuurgroep in staat om te deel in die gemeenskaplike simbole van die groep. Wanneer 'n individu as solis optree, deel die lede van die gehoor in sy uitdrukking van sy belewing van die werklikheid. Wanneer die groep saam sing, maak elkeen self 'n bydrae tot die totale groep se skep van gemeenskaplike simbole. Deurdat groepsentiment op hierdie manier uitgedruk word (Corbitt, 1998:54), word die groepsidentiteit versterk (Blacking, 1995:198), en word die individu se lidmaatskap van die kultuurgroep bevestig (sien ook Moeller, 1998:115).

Die betekenis van musiek verskil uiteraard van kultuur tot kultuur. Dit is alleenlik die mens wat deel is van 'n bepaalde kultuur, of wat 'n intieme kennis en ervaring van die kultuur het, wat betekenis en waarde aan die musiek van die betrokke kultuur kan heg. Omdat die religieuse en die lewensbeskouing die kernfaktore is wat kultuur bepaal, volg dit hieruit dat 'n mens musiek sal beoordeel na gelang van sy religie en lewensbeskouing (Corbitt, 1998:121). Hoewel musiek, in enige vorm, iets is waarvoor die mens ontvanklik is, sal sy identifisering met 'n bepaalde tipe musiek dus grootliks afhang van sy eie kulturele bepaaldheid.

2.2.2.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die plek van musiek en sang in kultuur:

- Musiek en sang het 'n prominente rol in elke kultuur. Dit dien as simboliese kommunikasie waarmee die belewing van die werklikheid probeer verklaar word.
- Musiek dien by uitstek daartoe dat die gemeenskap gemeenskaplike simbole daar kan stel, sodat die belewing van hulle leefwêreld na mekaar gekommunikeer kan word.
- Sang is 'n meer persoonlike manier van musiekmaak as enige ander vorm van musiek. As sodanig is dit by uitstek geskik daarvoor om gemeenskaplike kulturele simbole te skep en daarin te deel.
- Omdat musiek binne 'n bepaalde kulturele agtergrond ontstaan en daardeur gevorm word, word identifisering met 'n bepaalde tipe musiek bepaal deur die kulturele agtergrond van die luisteraar.

2.3. Enkele Bybelse perspektiewe met betrekking tot kultuur

Wanneer 'n studie vanuit 'n teologiese oogpunt gedoen word, is dit uiteraard nodig om die Bybelse gegewens en riglyne oor die onderwerp van studie deeglik te ondersoek. Teologie het te doen met die bestudering van God in en deur sy Woord. In en deur sy Woord (die Ou en Nuwe Testament) laat Hy Homself ken en leer Hy die mens wat sy wil is vir die werklikheid. Dit geld ook vir die mens en sy kultuur. God het die mens gemaak en bepaal dat elke mens vanuit 'n bepaalde kultuur sal leef en werk. Ten einde te kan begryp wat die aard en betekenis van die kultuur van die mens is, is dit nodig om die Bybelse gegewens te bestudeer wat daarop betrekking het. Gevolglik word 'n ondersoek gedoen na dit wat God in sy Woord leer met betrekking tot die kultuur van die mens.

2.3.1. Gegewens in die Ou Testament

2.3.1.1. Die skepping en die opdrag tot kultuurarbeid: Genesis 1-3

In Genesis 1 en 2 word sekere beginsels neergelê vir die mens in sy kultuurarbeid. Volgens Genesis 1:26 maak God die mens as sy verteenwoordiger en na sy beeld "sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." (Bybel, 1993). As heerser kry die mens die ereplek in God se skepping. Hy is onteenseglik die meerdere van die ander skepsele.

As hoogste skepsel kry die mens die taak om te heers oor die werke van God se hande. Die Hebreeuse woord vir "heers" (רָדָה) beteken letterlik "om plat te trap met die voete" soos in 'n wynpars. Vandaar word die betekenis "om te heers oor" of "om te onderwerp" afgelei (Gesenius, 1979:758; Koehler & Baumgartner, 1985:874-875). In die verband van Genesis 1 en 2 het "heers" 'n spesifieke betekenis. Genesis 1 leer dat die skepping nie in die eerste plek daar is vir die voordeel en genieting van die mens nie, maar dat dit primêr daar is vir God (Atkinson, 1990:34-35) en sy eer. Hy maak dit in die eerste plek vir Homself, sodat dit in sy oë goed is. In die teken hiervan word die mens geskape as verteenwoordiger en beelddraer van God en kry hy die opdrag om te heers oor God se skepping. Die Hebreeuse woord צֶלֶם (verteenwoordiger) wat hier gebruik word beteken letterlik "skaduwee", "afbeelding" (Gesenius, 1979:710), "standbeeld", "kopie" of "aftekening" (Koehler & Baumgartner, 1985:804) en dui aan dat die mens nie gemaak is om in sy heerskappy oor die skepping outonoom op te tree nie. Hy doen dit as beelddraer van God, wat by God die opdrag kry om namens Hom op te tree (Van der Walt, 1999:25). God gee die mens dus 'n opdrag en verantwoordelikheid, maar stel daarmee saam ook die ruimte en grense van die mens se beheersingstaak (Krüger, 2000:462). Die mens is veronderstel om nie namens God nie, maar volgens die wil van God oor die skepping te heers. Hy is aan God 'n antwoord verskuldig oor die manier waarop hy oor die skepping heers (Van der Walt, 1999:25).

Die Hebreeuse woord vir "heers" (רָדַד) in Genesis 1:26 asook 1:28 is volgens Westermann (1986:26-27) dieselfde woord wat elders in die Ou Testament gebruik word om die heerskappy van die koning van Israel aan te dui (bv. 1 Kon. 5:4; Ps. 110:2). Die beginsel vir hierdie heerskappy is dat die koning persoonlik verantwoordelik gehou word vir die welsyn, groei en ontwikkeling van diegene oor

wie hy heers. Op dieselfde manier word dit hier van die mens verwag om so te heers dat hy persoonlike verantwoordelikheid neem vir die welsyn, groei en ontwikkeling van die skepping wat onder hom gestel word. Hy kry van God die taak om die skepping tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel (Van Rooy, 1996:426). Saam met die opdrag om te heers, ontvang die mens volgens Genesis 2:15 ook die opdrag om die aarde te bewerk en op te pas terwyl hy daarin woon. Die Hebreeuse woord עָבַד wat hier gebruik word het die betekenis van "hard werk", "swoeg" of "bewerk" (Gesenius, 1979:598). Om die skepping van God te "bewerk" het in die eerste instansie te doen met landbou-gerigte arbeid. Volgens Genesis 2:15 het die Here God die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.

Westermann (1986:36) meen tereg dat עָבַד hier ook 'n meer algemene betekeniswaarde het. In Genesis 2:15 word volgens hom sowel praktiese, liggaamlike arbeid as geestelike arbeid bedoel. Gesenius (1979:598) asook Koehler & Baumgartner (1985:670-671) dui aan dat עָבַד onder meer vertaal kan word met "dien", "werk vir", "aanbid" of "aanbid met iets." Van die werkwoord עָבַד is 'n selfstandige naamwoord gevorm, wat "slaaf" beteken. 'n Slaaf is volgens Gesenius (1979:599) iemand wat op verskeie maniere diensbaar is teenoor sy meerdere. Hy verrig allerlei praktiese take, soos byvoorbeeld werk in 'n huishouding, in die tuin of in 'n wingerd. 'n Slaaf kan ook iemand wees wat spesifiek in diens van die koning 'n paleisbeampte is, militêre diens verrig, of as ambassadeur optree. Maar dit het ook die figuurlike betekenis van iemand wat 'n aanbidder van God (Neh. 1:10), die geroepene van God (Deut. 34:5) of die uitverkore vriend van God is (Jes. 42:1-7), waardeur Hy sy doelwitte op aarde bereik. As sodanig is die werk wat hierdie slaaf vir sy Meester doen meer as bloot liggaamlike, praktiese take. Ook geestelike arbeid word hierby ingesluit. Gevolglik kan aanvaar word dat die opdrag om die skepping te bewerk, ook die opdrag tot geestelike arbeid insluit. Hieronder word ook kultuurarbeid ingesluit.

Van al die skepsele is alleen die mens geskep na die beeld van God. Net die mens kry die vermoë en opdrag om hom besig te hou met heerskappy en bewerking van die skepping. Uiteraard is dit ook alleen die mens wat die opdrag tot kultuurarbeid van God ontvang (Mostert, 1970:227). Omdat die mens na die beeld van God geskape is, is hy ook wat sy kultuurarbeid betref, toerekenbaar en aanspreeklik voor sy Skepper. Die kultuuraktiwiteite van die mens moet altyd in

lyn wees met God se geopenbaarde wil (Van der Walt, 1999:22). Volgens Atkinson (1990:35-41) moet die mens nie alleen as verteenwoordiger van God oor die skepping heers nie, maar dit ook doen in die lig van God se kreatiwiteit. God se kreatiwiteit skep orde uit chaos en bring harmonie deur onderlinge inter-afhanklikheid. Hierin moet die mens God navolg. Die kreatiwiteit van die mens moet altyd die besondere uitwerking wees van God se kreatiewe liefde in die skepping. In sy heerskappy oor die skepping moet die mens hom besig hou met "fasiliterende dienswerk" sodat hy daarin God se liefde en kreatiwiteit weerkaats.

Saam met die opdrag om te bewerk, kry die mens ook die opdrag om die skepping te bewaar (Gen. 2:15). Bewerk en bewaar word pertinent met mekaar verbind om juis aan te toon dat hier nie sprake is van uitbuiting en verwoesting nie. Indien die mens dit wel sou doen, versteur hy die lewensruimte en lewensmiddele wat God self aan hom gee en toevertrou (Westermann, 1986:36). Op 'n dieper vlak versteur die mens daarmee ook die verhouding met sy Skepper wat hom as verteenwoordiger en na sy beeld gemaak het. Sonder hierdie bestaansrelasie kom die totaliteit van mens-wees, soos God hom geskape het, in die gedrang.

Atkinson (1990:62) meen tereg dat die menslike arbeid nie primêr moet sentreer rondom die nuwe, ekonomiese, produktiewe of artistieke nie, maar dat dit dieper moet soek na 'n wêreld en gemeenskap waarvan God kan sê dat dit "goed is." Met sy eie kreatiwiteit moet die mens orde skep uit chaos, 'n omgewing skep vir florerende lewe, genade en verlossing betoon en die gemeenskapslewe laat gedy. In Genesis 2 word die mens geteken waar hy hom hiermee begin besig hou. Hy begin die verborge rykdomme van die skepping ontdek en begin die lewe positief bevorder en uitbou. Wanneer die mens die diere name gee, kom sy heerskappy en versorging op besonder wyse na vore (Johnson & Johnson, 2001: 37). Genesis 2:15 asook 2:19-20 openbaar dat die mens daadwerklik begin het met kultuurvormende optrede in die tuin van Eden.

2.3.1.1.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die skepping en die opdrag tot kultuurarbeid in Genesis 1-3:

- As hoogste skepsel kry die mens die taak om te heers oor God se skepping.

- God gee die mens die opdrag om verantwoordelikheid te neem vir die welsyn, groei en ontwikkeling van die skepping wat onder hom gestel is.
- As beelddraer van God moet die mens heers oor die skepping volgens die wil van God en dit met praktiese sowel as geestelike arbeid bewerk.
- God se liefde en kreatiwiteit moet weerkaats word in die mens se heerskappy oor en bewerking van die skepping.
- Saam met die opdrag om te heers en bewerk, kry die mens ook die opdrag om te bewaar. Daar mag geen uitbuiting of verwoesting in die skepping wees nie. Die mens se kultuurarbeid moet altyd staan in die teken van sy verhouding met God wat hom as verteenwoordiger na sy beeld gemaak het.
- In sy kultuurarbeid het die mens die opdrag om dieper te soek na 'n wêreld en gemeenskap waarvan God kan sê dat dit "goed is."

2.3.1.2. Die sondeval en kultuur: Genesis 3

Hoewel die mens na die beeld van God geskape is, is die verleidelike krag van die versoeking van die begin af besig om van binne en buite op hom in te werk. Genesis 3:1-7 teken dit duidelik wanneer verhaal word hoedat die mens toegee aan die versoeking en in sonde val. Hierin is die slang die uitbeelding van die verleidelike krag wat op die mens inwerk.

Wat hier opval is dat die mens nie doodgaan nadat hy van die verbode vrug geëet het nie. Wat hy sou ontbeer as gevolg van sy ongehoorsaamheid, sou eers later vir hom werklik bekend raak (Westermann, 1986:40-41). Die eerste is die skaamte wat oor Adam en Eva kom. Ten diepste is hierdie skaamte juis omdat daar iets in hulle lewe is wat nie meer in orde is nie en omdat hulle self daarvoor verantwoordelik is dat dit nou so geword het. Wanneer die mens in sonde val, word die kern van sy bestaan besoedel en skeefgetrek. Dit beïnvloed en kontamineer alle aspekte van sy lewe.

In Genesis 3:14-19 word duidelik geteken hoedat die straf op die mens se oortreding ontvou. Hierdie gedeelte beskryf hoe die mens uiteindelik van God verwyderd raak. Elke aspek van sy beeld-wees van God is nou skeefgetrek (Atkinson, 1990:79). Daar is beperkinge in sy bestaan: onvolmaaktheid, swaarkry en dood. Al sy sintuie is besoedel. Sy heerskappy oor die skepping vind uitdrukking in uitbuiting en selfgesentreerdheid. Sy lewe in verhouding met God,

homself, sy medemens (Johnson & Johnson, 2001:39) asook die skepping is nie meer "goed" nie. Die gevolg is dat daar verlammende strukture van onderdrukking in die gemeenskap tot stand kom. Lastering, leuens, misleiding, valsheid, verplasing van skuld, aggressie en wraak is aan die orde van die dag (Atkinson, 1990:81). Die mens word nou sy eie god. Hy word self die maatstaf vir alles in sy lewe en skep 'n gemeenskap volgens sy eie beeld en voorkeure (Van der Walt, 1999:29-33).

In plaas van ware kennis van God, is verwydering, rebellie en protes aan die orde van die dag. Openheid maak plek vir skaamte. Verantwoordelik lewe word vervang met 'n skuldgevoel oor die vervreemde verhouding met God. In plaas van vryheid is daar gebondenheid deur die sonde en 'n diep skuldgevoel wat die mens laat wegkruip vir God. Waar daar vantevore seëninge van lewenskrag en kreatiwiteit was, is daar nou vervloeking wat die hele skepping affekteer (Rogerson, 2001:80). Wedersydse aanvulling as man en vrou word verplaas deur onderhorigheid van die vrou aan die man. In plaas van vreugdevolle werk is daar nou geswoeg en sweet (Johnson & Johnson, 2001:39). Gemeenskap met God en mekaar maak plek vir verbanning uit die tuin van Eden en vervreemding van mekaar. Lewe maak plek vir die dood. (Nie bloot fisiese dood is hier ter sprake nie, maar veral ook geestelike dood weens die verwringing van die verhouding met God). Die dood word dus die heerser met 'n houvas op die mens (Atkinson, 1990:86-96).

Tog gaan die mens se bestemming om voor God in vreugde te lewe nie summier verlore nie. Dis insiggewend om daarop te let dat die mens in Genesis 3 nie as absoluut sleg geteken word nie. Hier is nie werklik sprake van 'n uitspraak oor die mens of 'n evaluering oor die straf wat God hom gee nie. Hier word alleen maar 'n beskrywing gegee van die situasie waarin die mens hom bevind (Westermann, 1986:43). Voortaan sou die mens se arbeid op die een of ander manier verbind word met moeite en swaarkry. By die swaarkry in die bewerking van die grond asook die beperking van die opbrengs deur dorings en dissels, sou daar ook nog die verdoemende wete wees dat die stryd alleen tot 'n einde kom met die dood van die mens.

Daar is egter nog hoop deur alles heen. Die Here belowe self dat die nageslag van die vrou die kop van die slang sal vermorsel (Gen. 3:15). Dit sal nie sonder 'n hewige stryd gebeur nie. Die slang sal die verlosser uit die vrou se nageslag in die

hakskeen byt. Maar vir al die geslagte wat sou kom, sou dit die hoop wees waaraan hulle kan vashou: daar kom 'n Verlosser wat die gevolge van die sondeval sou kom omkeer.

Hoewel daar in die aanvanklike arbeid van die mens hoofsaaklik sprake is van landbou, moet uiteindelik alle arbeid (en daarom ook kultuurarbeid) hieronder verstaan word. Ook vir die kultuur geld dit dat dit toenemend gepaard sal gaan met moeitevolle arbeid, remmende faktore wat dit beperk, asook 'n eindelose geswoeg tot aan die einde van die mens se lewe. Werk as sodanig is nie die straf hier nie. Reeds voor die sondeval was dit al 'n opdrag dat die mens moet werk (Gen. 2:15 asook 1:28). Die straf lê nou daarin dat werk (ook kultuurarbeid) voortaan moeitevol sal wees en net beperkte resultate sal oplewer. Die dood word hier nie geteken as straf op die sonde nie, maar as die grens vir die moeitevolle arbeid van die mens. Alle menslike prestasie vind in die dood sy grens. Die eintlike straf vir die oortreding van God se gebod is dat die mens uitgedryf word uit die tuin van Eden (Westermann, 1986:44) en daarmee die besondere saam-wees met God verbeur. Hoewel die verwydering met God geen absolute skeiding beteken nie, het die mens tog voortdurend en onlosmaaklik te doen met die skuld oor sy oortreding en die dood-wees in die sin van "ver weg van God wees" (Westermann, 1986:46). Wat hier vir Adam en Eva geld, geld vir die totale mensheid.

Na die sondeval gaan die mens se kultuurvermoë nie verlore nie, omrede die mens nie die beeld van God in hom verloor nie (Brown, 1975:87). Wat wel gebeur is dat sy kultuurarbeid nou gevul word met 'n spanning. Waar sy kultuurarbeid aanvanklik gestaan het in die teken van gehoorsaamheid aan God, moet hy dit nou gebruik om die vervreemding van God (a.g.v. die ongehoorsaamheid) die hoof te bied. Die aarde moet nog steeds beheers, bewerk en bewaar word, maar dit is nou 'n vervloekte aarde. Daarby is dit juis die bepalende dimensie vir kultuur, die religieuse dimensie van mens-wees (Van der Walt, 1999:13), wat verdorwe geraak het met die sondeval. Dit is nou 'n besoedelde mens wat in en met 'n vervloekte skepping probeer werk. Die kultuurtaak van die mens word oneindig moeilik en gaandeweg word dit duidelik dat die aarde in hierdie bedeling nooit volkome deur die kultuurtaak onderwerp sal word nie (Mostert, 1970:229).

Tog los God die mens nie alleen in sy nood nie. Hy gee die belofte van lewe wat weer nuut sal wees (Gen. 3:16). Met sy optrede toon Hy dat Hy vol genade en

ontferming is. Hy kom die skuldige mens te hulp (Atkinson, 1990:98). Hy vervang hulle vyeblare met rokke van vel (Gen. 3:21). So begin Hy om as Leermeester die mens in 'n ontwikkelingsperiode te lei (Kroeze, 1974:40) waarin hy as verdorwe wese gaandeweg al meer bedrewe raak in die beoefening van kultuur in 'n vervloekte wêreld. Hierin lê ook 'n diepere simboliek: om 'n vel vir 'n rok te kan hê, moet daar eers dood wees (Atkinson, 1990:98). Later sou Jesus Christus se dood juis dít weerspieël: sy dood sou nuwe lewe en verlossing bring. Ook in die naam "Eva" kom die hoop na vore: haar naam beteken "lewe." Selfs in die oomblik van sy diepste sondenood, is alles vir die mens dus steeds nie absoluut verlore nie.

2.3.1.2.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die sondeval en kultuur in Genesis 3:

- Wanneer die mens in sonde val, word die kern van sy bestaan (religieuse dimensie) besoedel en skeefgetrek. Hy toon nie meer die beeld van God nie, maar word self die maatstaf waarvolgens hy leef en optree.
- Nou is die mens se lewe in verhouding met God, sy medemens en die skepping nie meer "goed" nie.
- Die mens se heerskappy oor die skepping vind nou uitdrukking in uitbuiting en selfgesentreerdheid. Waar daar tevore seëninge van lewenskrag en kreatiwiteit was, is daar nou vervloeking wat die hele skepping affekteer. In plaas van vreugdevolle werk is daar nou geswoeg en gesweet en verbanning uit die tuin van Eden. Die dood word nou heerser met 'n houvas op mens en skepping.
- Die mens se kultuurarbeid gaan nie verlore nie en die opdrag daartoe bly geldig. Dit word egter nou gevul met spanning. Die aarde moet steeds beheers, bewerk en bewaar word, maar dit is nou 'n vervloekte aarde waarin die verdorwe mens moet probeer werk. Gaandeweg word dit duidelik dat die aarde in hierdie bedeling nooit volkome deur die kultuurtaak onderwerp sal word nie
- Tog bly God vol genade en liefde. Hy gee steeds hoop en leiding aan 'n sondegevalle mensdom wat met groot worsteling sy dagtaak probeer uitvoer.

2.3.1.3. Kain as vader van die kultuurbouers: Genesis 4

bedoel is as beskerming teen die bose. Deur die ordening van gemeenskappe, die voorsiening van regerings en die ontwikkeling van kulture vorm God as' t ware 'n beskermende skild teen die mag van die bose. Hierdeur toon Hy sy besorgdheid oor die groei van kuns, die samelewing en die tegnologie, sodat dit kan dien tot behoud in 'n rustelose wêreld. So spreek elke uitdrukking van kreatiwiteit op 'n sekere manier van die kreatiewe genade van God, selfs al is die kern daarvan sedert die sondeval deurtrek met 'n bose verdorwenheid.

So vind die kultuurarbeid van die mens na die sondeval steeds plaas, maar nou binne die konteks van vernietiging en aftakeling. Selfs met die genadegawe van God se kreatiwiteit in hulle, vervreem Kain en sy nageslag hulleself toenemend van God. Die gevolg is dat kultuur en ontwikkeling dikwels gekenmerk word deur morele perversiteit. Wanneer Kain 'n stad bou en dit vernoem na sy seun Henog (Gen. 4:17), is dit lynreg in stryd met God se bepaling in Genesis 4:12 dat hy 'n doellose swerwer op aarde sal wees (Mathews, 1996:284). Hierdie kultuurarbeid spruit dus uit ongehoorsaamheid aan God.

Genesis 4:23-24 spreek van poligamie, geweld, brutaliteit, selfversekerdheid (Atkinson, 1990:116) en 'n ongebalanseerde magsbewussyn (Westermann, 1986:55). Hier bereik die sonde in die geslag van Kaïn 'n bepaalde hoogtepunt (Gispen, 1974:191). Dit bring jaloesie, haat, vrees vir weerwraak, rusteloosheid en angs (Atkinson, 1990:116). Wanneer Lameg sy egoïsme toon en spog met sy boosheid (Gen. 4:23-24), wys dit op die katastrofe wat sou kom (Wenham, 1987:114). Die sonde van die mens bring 'n onafwendbare spanning in sy kultuuraktiwiteite, wat veroorsaak dat dit 'n gebrekkige ontwikkelingslyn volg (Mostert, 1970:235). Ondanks die kreatiwiteit van God wat in hom werk, bly die kultuur van die mens fundamenteel verdorwe omdat die kern van sy mens-wees deurtrek is met sonde en ongeregtigheid.

2.3.1.3.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gevorm word oor Kain as vader van die kultuurbouers in Genesis 4:

- Ten spyte van sy sonde en die moord op Abel, is dit juis Kain en sy nageslag wat by uitstek die kultuuropdrag van God nakom.
- Sommige van Kain se nageslag ontwikkel die kultuur deurdat hulle stede bou en gemeenskappe vestig, terwyl ander met hulle nomadiese lewenstyl musiekinstrumente en metaalgereedskap maak.

Wanneer Adam en Eva uit die tuin van Eden verdryf word, verval die seën tot vrugbaarheid nie. 'n Nageslag word gebore: Kain en Abel en later Set. Hoewel die verdorwenheid van die sonde spoedig deurskemer in Kain se moord op sy broer Abel, is daar tog steeds hoop. Kain se sonde het wel die gevolg dat hy voortaan tevergeefs sal wag op 'n opbrengs wanneer hy die grond bewerk (Gen. 4:12), maar weldra is daar tog 'n duidelike en deurlopende lyn sigbaar vanaf die kultuuropdrag in die tuin van Eden tot by die onderskeie en gespesialiseerde beroepe wat Kain, Set en hulle nageslag begin beoefen. Vanuit Genesis 5:29 blyk dit dat die nageslag van Set hulle al meer toespits op die bewerking van die grond. Kain se nageslag verdeel uiteindelik in twee dele: die stadsbewoners en die nomade.

Volgens Genesis 4:17-26 hou Kain en sy nageslag hulle aanvanklik hoofsaaklik besig met landbou, maar ontstaan daar mettertyd ook 'n antieke stadkultuur wanneer Kaïn vir hom 'n stad bou en dit vernoem na sy seun Henog (Gen. 4:17). Die bou van hierdie eerste stad word deur sommiges beskou as die eerste kultuurprestasie van die mens na die sondeval (Westermann, 1986:55). Hier is duidelik sprake van ontwikkeling in die kultuurarbeid van die mens (Gispen, 1974:188).

Die landbouers van daardie tyd ontwikkel algaande 'n nomadiese leefwyse (onder die stamvader Jabal (Gen. 4:20)), asook die vermoë om musiekinstrumente en metaalgereedskap te maak. Jubal word genoem as die stamvader van dié wat speel op die musiekinstrumente. In Genesis 4:21 word spesifiek melding gemaak van die lier en fluit wat gemaak en bespeel is. Die name Ada en Silla (Gen. 4:20 en 22) hou moontlik verband met woorde vir "sing". Tubal-Kain word beskryf as 'n smid wat hom besig gehou het met die bewerking van koper (of brons) en yster (Gen. 4:22). Ook buite die tuin van Eden, ten spyte van die sondeval, begin die kultuur dus toenemend ontwikkel.

Dit is verrassend dat die opdrag om oor die skepping te heers en dit te bewerk en bewaak, juis deur die moordenaar Kain en sy nageslag vorm kry. Die merk wat die Here aan Kain gee ter wille van sy beskerming, beskerm uiteindelik ook die in-sonde-gevalle wêreld teen verdere wanorde en chaos (Vosloo, 1993:18). Kain word die vader van die kultuurvormers. As sodanig word hy deur God self beskerm, sodat die volle mag van die boosheid nie alles vernietig nie. Volgens Atkinson (1990:114) dui dit daarop dat die proses van orde-bring (kultuur) juis ook

- Dat Kain deur God beskerm word en die vader van die kultuurvormers word, dui daarop dat God die proses van orde-bring (kultuur) gebruik as beskerming teen die vernietigende mag van die bose. So dien kultuur tot behoud in 'n chaotiese en onordelike wêreld.
- Omdat die kern van die mens (religieuse dimensie) deurtrek is met sonde en ongeregtigheid, is sy kultuur egter ook fundamenteel verdorwe en volg dit 'n gebrekkige ontwikkelingslyn.

2.3.1.4. Die sondvloed: Genesis 6-9

In Genesis 6:5-8 word daar op 'n besondere manier 'n lyn getrek vanaf die skepping tot by die sondvloed. Met die skepping het God gevind dat alles baie goed was. Die sondeval het egter alles verander. Die mens het verander van "baie goed" na "baie sleg". Genesis 6:5-6 verhaal God se droefheid oor die feit dat die mens só verdorwe geraak het dat hy "net slegte dinge bedink." Deur sy eie sonde het die mens op die punt gekom dat hy homself gaan vernietig. Die totaliteit van sy mens-wees kom in gedrang (Westermann, 1986:73-74) en dit kom al duideliker na vore in die perversiteit van sy kultuur. God sien bo alles die boosheid van die mens se hart raak (Mathews, 1996:341). Daarom besluit Hy om die selfvernietiging van die mens en die gepaardgaande verwoesting van die skepping te stuit. Daar is net een manier om dit te doen. Die mens, wat die saad van vernietiging in sy hart dra en daarmee ook die ander skepsele om hom besoedel, moet geëlimineer word.

Bo alles bly God se onbeskryflike liefde en genade egter staan. Te midde van sy streng oordeel, is God tog ook hartseer (Mathews, 1996:343). Hy kry die mens jammer omdat die mens homself nie kan help in sy sondige toestand nie (Mathews, 1996:352). Daarom besluit Hy om nie die ganse menslike geslag te vernietig nie. In sy voorsienige versorging maak Hy seker dat die gelowige Noag en sy gesin (saam met die pare mak en wilde diere) in die ark oorleef wanneer Hy die res met die sondvloed uitdelg. Die duidelike spieëlbeeld struktuur in Genesis 6 beklemtoon God se genade te midde van sy oordeel (Johnson & Johnson, 2001:48; Matthews, 1996:352; Wenham, 1987:156). Die skerp punt van hierdie struktuur kom voor in vers 8 waar die versekering gegee word:

Maar Noag is deur die Here begenadig. (Bybel 1993).

Hierin kom die ondeurgrondelikheid van God se raadsplan op aangrypende wyse na vore. God tree nie sorgeloos of onversigtig op in sy hantering van die sonde in

die wêreld nie (Mathews, 1996:339). Hy gee nie sy skepping prys nie en laat ook nie toe dat die mens en die boosheid van die sonde die skepping heeltemal verwoes nie. Wanneer die mens sy eie bestaan bedreig deur die Godgegewe wetmatighede en grense te wil oorsteek, sorg God self dat die skepping en voortbestaan van die mens beskerm word. Hy sorg daarvoor dat gelowiges gered word, sodat hulle nuut kan begin met kultuurarbeid wat in gehoorsaamheid aan Hom gedoen word.

Die reënboog, as teken van God se verbond om nooit weer alle lewende wesens met vloedwater uit te roei nie, is dus by uitstek die simbool van God se liefdevolle versorging van sy skepping (Atkinson, 1990:166). Vir die mensdom wat homself toenemend bedreig met die perversiteit van sy eie kultuur, is dit die simbool van genade en hoop op 'n nuwe begin. Hoewel God nie die vloek van die sonde op die mens en sy kultuurarbeid ophef nie, belowe Hy tog om dit nie te vererger nie (Wenham, 1987:207).

2.3.1.4.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die sondvloed in Genesis 6-9:

- Die gebrekkige ontwikkelingslyn van die mens se kultuur bereik 'n hoogtepunt wanneer dit só pervers geword het, dat hy dreig om homself te vernietig.
- God besluit om die selfvernietiging van die mens en die gepaardgaande verwoesting van die skepping te stuit deur die mens te elimineer. Hy gee nie die skepping prys nie en laat ook nie toe dat die mens in sy boosheid alles verwoes nie.
- Te midde van sy streng oordeel is God tog nog steeds genadig. Hy maak voorsiening daarvoor dat Noag en sy gesin, saam met die pare mak en wilde diere gered word uit die sondvloed.
- Die reënboog word die simbool van genade en hoop op 'n nuwe begin. Hoewel die vloek van die sonde op die mens en sy kultuurarbeid nie opgehef word nie, is daar tog die belofte dat dit nie sal vererger nie.

2.3.1.5. Die toring van Babel: Genesis 11

Selfs iets drasties soos die sondvloed kon egter nie verseker dat gehoorsaamheid aan God die kenmerk van die menslike kultuurarbeid word nie. Na die verskrikking van die vloedwater en die wonderbaarlike redding wat God vir Noag

en sy huis bewerk het, het die verdorwenheid van die mens weldra weer die oorhand begin kry. Wanneer die mense by Babel saamkom en besluit om 'n hemelhoë toring te bou, kom hierdie verdorwenheid tot uiting.

Die bou van die toring as sodanig is nie noodwendig verkeerd nie. Babel was die sentrum van die beskawing van die antieke tyd (veral in die tweede millennium voor Christus) en was wyd bekend vir die torings wat daar gebou is. As 'n voortsetting van die lyn van Genesis 4:17 kom die tegniese, argitektoniese en wiskundige vermoëns van die mens na vore, soos dit begin ontwikkel is deur die nageslag van Kain. Die tegnologie word bestuur en beheer (Atkinson, 1990:179) en daar is ook tekens van 'n kollektiewe wil om saam te werk aan 'n projek. Torings bou is immers 'n uiting van die kultuurarbeid waarmee die mens hom besig hou in opdrag van God. As sodanig is dit in der waarheid 'n teken van die geweldige vermoëns wat die mens steeds het, ten spyte van die sondeval.

Dit is egter die motiewe agter die bou van hierdie toring wat spreek van sonde en ongehoorsaamheid. In aansluiting by Van der Walt (1999:13) kan hier verwys word na die "lewensbeskoulike kern" wat die kultuurarbeid van die mens bepaal en wat in die geval van die toring van Babel deurtrek is met sonde en verdorwenheid. Die mens voel wel sy eie onveiligheid aan, maar streef beslis ook na roem, wanneer hy sê: "Kom laat ons bou..." Dit word nou 'n uiting van sy tegnologiese trots. Met die bou van 'n hemelhoë toring wys die mens dat hy die nie die opdrag wil gehoorsaam wat God aan hom gegee het nie. In weerwil van die uitdruklike opdrag in Genesis 1:28 en Genesis 9:1 dat die mens moet versprei en die aarde vul, probeer die mense van Babel saamwoon en saam hulle eie toekoms uitwerk (Mathews, 1996: 466, 474).

By die toring van Babel staan die kultuurarbeid van die mens nie meer in diens van en in gehoorsaamheid aan God nie, maar word dit iets waarmee hy homself in die middelpunt plaas. Hy is nie gediend daarmee om die grense wat God vir hom gestel het te eerbiedig nie (Rogerson, 2001:91). Die eie prestasie en vermoëns van die mens word nou die fokus ten koste van gehoorsaamheid en eer aan God. Rogerson (1991:75) sien in die bou van hierdie toring 'n poging van die mens om homself weg van God te vestig. Ook in sy kultuurarbeid wil die mens dus op sy eie vermoë steun sonder God. Volgens Atkinson (1990:177) wys dit op 'n hardkoppige strewe van die mens om as 't ware die hemel self te wil bereik, self sy eie veiligheid te wil verseker en in alles net op homself te wil vertrou.

Die oomblik wat die tegnologie (as deel van die kultuurarbeid van die mens) 'n middel word waardeur die mens sy eie magstrukture opbou, word dit in effek sy baas. Dit lei daartoe dat persoonlike en sosiale waardes agterweë gelaat word, die onderlinge gemeenskap met mekaar geskaad word en die harmonie met die skepping negatief beïnvloed word. Uiteindelik affekteer dit die mens se verhouding tot God en kontamineer dit sy religieuse kern van mens-wees. Dit is wat ten diepste lê agter die bou van die toring van Babel.

Tog kom God se genade hier nogeens op 'n besondere manier na vore. Net soos by die sondvloed besluit God om die menslike geslag te keer voordat hy homself vernietig. Wanneer ook die kultuurarbeid van die mens deurspek word van sondeverdorwenheid die wesenlike gevaar laat ontstaan van beheersing deur die mag van die bose, besluit God om hulle gemeenskapslewe op te breek deur hulle taal te verwar en hulle oor die aarde te verstrooi. In Genesis 11:5 word die nietigheid van die mens treffend uitgebeeld deurdat God afkom om te kom kyk na die stad en toring wat die mense vir hulleself gebou het (Mathews, 1996:468). Die mens dink hy vorder en ontwikkel, maar in God se oë is dit steeds weglaatbaar klein. Daarby is dit gegrond op menslike trots en ongehoorsaamheid en vir God onaanvaarbaar. Wanneer Hy hulle taal verwar, kan hulle mekaar uiteraard nie meer verstaan nie en die bouwerk aan die hemelhoë toring word beëindig. Só erg is hierdie taalverwarring, dat geen gemeenskapslewe meer moontlik is nie. Die mense word verstrooi "oor die hele aarde" (Gen. 11:8). Die gevolg hiervan is dat daar 'n veelheid van volke en tale in die wêreld kom (Westermann, 1986:106-107) waaruit weldra verskillende kulture sou ontstaan en ontwikkel.

In die verwarring en verstrooiing by die toring van Babel lê ten diepste ook 'n daad van verlossende genade. Wanneer God die gemeenskapslewe in Babel opbreek, maak Hy daardeur die weg oop om later in en deur Abraham vir Hom 'n nuwe gemeenskap op te bou (Wenham, 1987:474), wat weer van nuuts af in gehoorsaamheid aan Hom met kultuurarbeid sou besig wees. In en deur hierdie nuwe volk sou God eeue later sy genade en seën in die wêreld volvoer (Mathews, 1996:475).

2.3.1.5.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die toring van Babel in Genesis 11:

- Na afloop van die sondvloed kry die verdorwenheid van die mens na 'n paar geslagte weer die oorhand.
- Die bou van die toring is op sigself nie verkeerd nie, maar in der waarheid teken van die vermoëns van die mens, ten spyte van die sondeval en die effek daarvan op sy kultuurarbeid.
- Dit is die motiewe agter die bou van die toring wat spreek van sonde en verdorwenheid. In weerwil van die uitdruklike opdrag om te versprei oor die aarde, probeer die inwoners van Babel hulle eie toekoms uitwerk deur saam te woon.
- Die toring van Babel word simbool van die mens se vertroue op sy eie vermoëns. Dit affekteer sy totale kultuurarbeid en skaad sy verhouding met God en sy medemens.
- God se genade kom weer eens na vore wanneer Hy besluit om die mens nog eens te keer voor hy homself vernietig. Hy verwar hulle taal, sodat daar geen gemeenskapslewe meer moontlik is nie.
- Die mense word verstrooi oor die hele aarde. As gevolg daarvan ontstaan daar 'n veelheid van volke wat almal verskillende tale praat en mettertyd verskillende kulture ontwikkel.

2.3.1.6. Die aartsvaders en Israel as volk van God: Eksodus 15

In die res van die Ou Testament kom die patroon telkens na vore van sondeverdorwenheid in die kulturele arbeid van die mens en God wat reddend optree uit liefde en genade. Die mens slaag nie daarin om te ontsnap aan die gevolge van die sondeval nie. Soos wat die geskiedenis van die aartsvaders en later ook van Israel as volk van God vorder en hulle vermoëns as kultuurarbeiders ontwikkel, kom die behoefte aan blywende verlossing uit die greep van die sonde al sterker na vore.

Die lied van Moses in Eksodus 15:1b-18 bring hierdie behoefte op 'n besondere wyse in die fokus. Dit is die oudste liturgiese lied in die Bybel (Bingle, 2000:11) en as sodanig 'n besondere uiting van die geloofsgemeenskap wat onder Moses se leiding die grootsheid van God se verlossing beleef. Fischer (1996:46-47) noem die lied die eerste gemeenskaplike gebed en die eerste gemeenskaplike lof aan God in die Bybel. Die lied van Eksodus 15 is die verwoording van 'n belangrike draaipunt in die geskiedenis van Israel. Moses hef die lied aan pas nadat die Egiptiese weermag by die Rooi See verdrink het, maar die Israeliete droogvoets

daardeur getrek het. Binne die konteks van die boek Eksodus maak dit 'n prominente deel uit van die hoofbeweging, naamlik om uit slawediens op pad te wees na die diens waartoe God sy volk vrymaak. Die lied is dus 'n reaksie op die magsopenbaring van God en besing Hom waar Hy geskiedenis maak (Bingle, 2000:28) deur sy volk, volgens die beloftes in die verbond, te verlos uit die mag van Egipte.

Volgens Fretheim (1991:165) kan die lied van Eksodus 15 geïnterpreteer word as 'n verhaal van God wat as liefdevolle Skepper besig is om 'n chaotiese en onderdrukkende wêreld reg te stel, sodat alle ongeregtigheid daaruit kan verdwyn. Vir hom (1991:167) is Egipte die simbool van die anti-skeppingsmagte wat die volk van God en hulle kultuur onderdruk, uitbuit en oorheers. Wanneer Egipte egter deur God self vernietig word, word dit simbool van God se reddende genade vir sy volk. God, wat geskep het, is hier besig om te herskep en nuut te skep (Bingle, 2000:29). Uit die chaos van on-ordelikheid bring Hy weer orde en struktuur. Hy verseker dat daar weer hoop is. Nie alleen die mens in sy sondetoestand word hierby betrek nie, maar ook die totale skepping. Derhalwe het die lied van Moses meer as bloot 'n historiese dimensie: dit kry ook 'n kosmiese dimensie. Die totale skepping word betrek by hierdie oorlog teen die ongeregtigheid wat deur die sonde veroorsaak is.

Die oorlog word egter nie geveg met tradisionele wapens nie. God as Skepper gebruik die waters en die wind. Uiteindelik word die anti-skeppingsmagte oorwin, die volk trek deur op droë grond, God se regverdigheid seëvier en 'n nuwe skepping (vers 16) kom te voorskyn. 'n Duidelike lyn word dus vanaf die skepping tot hier getrek. Nie alleen vir die selfbeskikking van Israel het dit bepaalde betekenis nie, maar veral ook vir die uiteindelike vestiging van 'n koninkryk waarin alles (ook die kultuur van die volk) gebou word om die Woord en wet van God. Vanuit die midde van Israel heers God nou oor die hele kosmos (Fretheim, 1991:170).

2.3.1.6.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die aartsvaders en Israel as volk van God in Eksodus 15:

- Die lied van Eksodus 15 bring op besondere wyse die volk van God se behoefte aan verlossing uit die greep van die sonde in die fokus

- Die lied besing God waar Hy sy volk volgens die beloftes in sy verbond, verlos uit die mag van Egipte
- Egipte is die simbool van die anti-skeppingsmagte wat die volk van God en hulle kultuur onderdruk, uitbuit en oorheers. Wanneer Hy Egipte vernietig toon God dat Hy besig is om te herskep en nuut te skep.
- In die proses word die totale skepping betrek, wat wys dat daar 'n duidelike lyn is vanaf die skepping tot en met die deurgang deur die Rietsee.

2.3.1.7. Samevattende konklusie: gegewens in die Ou Testament

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor gegewens in die Ou Testament met betrekking tot kultuur:

- In die begin skep God die mens en gee hom die opdrag om oor die skepping te heers volgens sy (God se) wil. Dit behels praktiese sowel as geestelike arbeid en behels dat die skepping beheers en bewaar moet word. Hieronder word ook kulturele arbeid verstaan.
- Met die sondeval word die mens se verhouding met God en die skepping skeefgetrek. Die sonde bring dood en vervloeking. Nou is die kultuurarbeid van die mens onderhewig aan uitbuiting, selfgesentreerdheid en spanning. Dit word iets wat hy ter wille van homself en ten koste van sy geloofsverhouding met God doen.
- Tog bly God vol liefde en genade. Hy verlaat die mens nie en wys telkens hoedat Hy juis die proses van kultuurvorming (al is dit deurtrek met sonde) gebruik as beskerming teen die vernietigende mag van die bose. So bring Hy gedurigdeur orde in die onordelike en chaotiese omstandighede wat die mens veroorsaak.
- In die geskiedenis van Kain (Genesis 4), Noag (Genesis 6-9), die toring van Babel (Genesis 11), asook die verlossing van Israel en die deurtog by die Rietsee (Eksodus 15) kan die verlossende werk van God duidelik gesien word.
- Herskepping vir die mens en sy kultuurarbeid word dringend noodsaaklik. Dit wat lê aan die kern van sy kultuurarbeid, naamlik die religieuse dimensie, moet nuut gemaak word, sodat ook sy kultuur in diens en tot eer van God kan wees.

2.3.2. Gegewens in die Nuwe Testament

Die Nuwe Testament verkondig die beloofde Verlosser wat as mens op aarde verskyn en sy verlossingswerk afhandel. Daarmee vervul Hy elke profesie van die Ou Testament en laat Hy die beloftes van God se verbond met sy volk werklikheid word. Vir die herskepping van die mens en sy kultuurarbeid het dit besondere betekenis en daarom word vervolgens 'n ondersoek gedoen na sommige van die gegewens in die Nuwe Testament wat verdere lig hierop werp.

2.3.2.1. Jesus: Verlosser en Herskepper van die mens en sy kultuur

Wanneer die Seun van God gebore word as mens op aarde, is Hy deel van die Joodse kultuur van daardie tyd. Hy eet, slaap, word groot, reis en hou bruilof net soos elke ander Jood van sy tyd. Hy hou Hom aan die gewoontes en gebruike van sy tyd en toon Homself ten volle as deel van die uitverkore volk van God, gebore uit die geslag van Dawid. Die Joodse kultuur van daardie tyd was nóú vervleg met hulle godsdiens. Soos Van der Walt (1999:13) aantoon, is die geloof van die mens die grootste bepalende faktor vir die vorming van sy kultuur. Ook hierin toon Jesus Homself van die begin af as 'n ware Jood. Hy word op die agste dag besny (Lukas 2:21), 'n reinigingsoffer word vir Hom gebring (Lukas 2:22-24) en Hy gaan elke jaar saam met sy ouers na Jerusalem vir die paasfees (Lukas 2:41). Dit wat eie is aan die Joodse geloof word van die begin af ook deel van sy lewe.

Weldra lui Hy egter deur sy optrede en prediking 'n nuwe bedeling in: 'n bedeling waarin die mens die kans kry om van vooraf as kultuurarbeider besig te wees soos wat God dit van hom verwag. Deur sy optrede dien Christus nie alleen as navolgenswaardige voorbeeld vir kultuurarbeid op aarde nie, maar breek Hy inderdaad ook die pad daarvoor oop deurdat Hy die sonde oorwin. Sy oorwinning oor die sonde maak die mens vry om God weer werklik te kan gehoorsaam. Die oorspronklike kultuurmandaat aan die mens word herstel wanneer hy met God versoen word. Dit stel hom in staat om van nuutsaf volgens die wil van God as rentmeester te werk in sy skepping (Van der Walt, 1999:25-26).

Vanuit hierdie nuwe perspektief wat Jesus gebring het, kry dit weer sin en betekenis om met kultuurarbeid besig te wees. Sy kruisdood en opstanding maak dit moontlik om te verstaan dat kultuurarbeid in wese niks anders as godsdiens self is nie (Schuurman, 1993:363). Hierin is die primêre fokus op God en die geregtigheid van sy koninkryk. Jesus leer dat kultuurarbeid nie 'n poging is om die hele wêreld te wen nie, want daardeur loop jy die gevaar om aan jou eie siel

skade te ly (Mark. 8:36). Dit is eerder daarop gerig om 'n skat in die hemel bymekaar te maak waar die aardse verganklikheid nie kan bykom nie (Luk. 12:34) en waar die ewige geregtigheid van God uiteindelik alle gelowiges asook die skepping finaal nuut sal maak.

Jesus verkondig 'n nuwe kultuur wat geplooi word deur liefde: liefde tot God en liefde tot die naaste. Hierdie liefde kom tot uiting in totale gehoorsaamheid aan God. Deur sy gehoorsaamheid in sy lewe en werk op aarde wys Hy die nuwe pad aan waar die mens in sy kultuurarbeid nou kan soek na geregtigheid, diensbaarheid, offerbereidheid, barmhartigheid en dankbaarheid teenoor sy Verlosser. Hy herstel die kultuurarbeid van die mens en laat dit sy regmatige plek in die lewe en samelewing inneem. Sy oorwinning oor die sonde maak dit opnuut moontlik om die kultuur te beheers en diensbaar te maak in die koninkryk van die Vader (Schuurman, 1993:364) waar kwaliteit bó kwantiteit aandag kry.

Omdat die Seun van God gekom het om die verdorwenheid van die sonde in die kultuurarbeid van die mens weg te neem, huiwer Hy daarom ook nie om deur sondige, mensgemaakte kultuurgrense te breek nie. Só wys Hy dat Hy nie maar net gekom het om 'n enkele kultuur te red van sondeverdorwenheid nie, maar dat Hy gekom het om alle kulture te red en in die kerk te verenig sodat daaruit 'n nuwe mensheid met 'n nuwe gemeenskaplike kultuur kan voortkom.

2.3.2.1.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor Jesus as Verlosser en Herskepper van die mens en sy kultuur:

- Jesus word as Verlosser gebore binne 'n bepaalde kultuur. Van kleinsaf word Hy groot in die Joodse kultuur van sy tyd.
- Deur sy optrede en prediking lei Hy egter 'n nuwe bedeling in waarin die mens opnuut kans kry om as kultuurarbeider besig te wees in God se koninkryk soos Hy dit vereis.
- Sy kruisdood en opstanding herskep die mens en sy kultuurarbeid. Dit maak kultuurarbeid in wese dieselfde as godsdiens waarin liefde en gehoorsaamheid aan God gestalte kry.
- In sy deurbreek van kulturele grense wys Jesus dat Hy gekom het om alle kulture te red en mense van alle kulture in die kerk te verenig, sodat daar

uiteindelik 'n nuwe mensheid met 'n gemeenskaplike kultuur na vore kan kom.

2.3.2.2. Jesus en die Samaritaanse vrou: Johannes 4

Vir 'n Jood was geen kontak met Samaria of 'n Samaritaan sonder sterk emosie nie, omdat daar 'n lang geskiedenis van bittere vyandskap tussen hulle was. Oor die presiese ontstaansgeskiedenis van die Samaritane is daar nie eenstemmigheid onder geleerdes nie. Volgens 2 Kon. 17:23 word vermeld dat die Assiriërs Samaria ingeneem het, groot getalle inwoners weggevoer het en vervang met mense vanuit die Assiriese ryk. Volgens een van die teorieë het daar wel nog werklike afstammelinge van Israel in Samaria agtergebly, ten spyte van die demografiese verskuiwings in daardie tyd. Hierdie mense sou dan diegene gewees het wat getrou gebly het aan hulle geloof en aan God se tempel in Gerisim, en nie die valse priesterskap van Eli en sy afstammelinge in Jerusalem nagevolg het nie (Grabbe, 1994:14-15).

Die teorie wat egter algemeen aanvaar word, is dat hierdie nuwe inwoners van Samaria aanvanklik hulle eie gode aanbid het, maar later 'n sinkretisme ontwikkel het waarin Jahweh van die Israeliete ook aanbid is. Gaandeweg het die ander gode uit die aanbidding verdwyn en is net Jahweh aanbid, maar met 'n eiesoortige beklemtoning. So is byvoorbeeld net die Pentateug erken as die heilige Skrif en is die Psalms, profetiese en ander boeke nie erken as deel van die Woord van God nie (Grabbe, 1994:14; Botha, 1991:106; sien ook Kee, 1990:46-47). Voorts het hulle ook 'n andersoortige Messiaanse verwagting gehad. Hulle het die sg. *Taheb* verwag wat die verlossing sou bring. Ingevolge Deut. 18:15-18 sou hy die tweede Moses wees, die waarheid openbaar, die ware geloof herstel en ware aanbidding bring (Milne, 1993:85).

In Esra 4:2 en verder word vertel hoedat die Jode terugkeer uit ballingskap, maar hulp vir die opbou van die tempel vanaf die Samaritane weier. Hierdie konflik brei later so uit dat die Samaritane weier om in Jerusalem saam met die Jode te aanbid. Om en by 400 v.C. bou hulle hulle eie tempel op die berg Gerisim en aanbid daar op hulle eie. Wanneer die Jode in 128 v.C. hierdie tempel afbrand, versleg die verhouding nog verder en in die tyd van die Nuwe Testament is daar wydverspreide haat, bitterheid en vyandigheid tussen Jood en Samaritaan (sien hieroor Morris, 1971:256; Ridderbos, 1987:181-182; MacArthur, 1988:57; Milne, 1993:82). Samaritane is heelhartig deur die Jode verag (Morris, 1971:254). In die

lig van die vyandige situasie, was dit nie aan te beveel dat 'n Joodse rabbi deur die gebied van die Samaritane reis nie. Om boonop na Jakob se put te gaan, was 'n ernstige verbreking van kulturele protokol (MacArthur, 1988:57). Tog keer die konflik en haat vir Jesus nie (Botha, 1991:103). Hy "moes" deur die gebied reis (Joh. 4:4), omdat die hoofweg van Judea na Galilea deur Samaria geloop het (Ridderbos, 1987:180).

Met sy optrede steek Jesus die grense oor van die streng konvensies wat gegeld het vir 'n Joodse rabbi van sy tyd. Interessant hier is die feit dat die name van Jakob en Josef prominent genoem word. Die rede is dat hulle name gekoppel word aan die Joodse geloof, ortodokse Joodse tradisie asook die verlossingsgeskiedenis van Israel. Jakob en Josef word egter ook deur die Samaritane beskou as hulle voorvaders en die Samaritane beskou hulleself daarom eerder as die ware volk van Israel (1991:107). Die herhaalde verwysing na Jakob dien dus as aanduiding vir die bepaalde historiese- maar ook sosio-kulturele bepaling van die vrou vir wie Jesus by die put ontmoet.

Wanneer Jesus om twaalfuur die middag (Botha, 1991:109) die Samaritaanse vrou by die put ontmoet, is hulle volgens die kulturele norme van daardie tyd vreemdelinge vir mekaar. Hulle is twee teenoorgesteldes: van verskillende geloof, man en vrou, 'n Joodse rabbi en 'n Samaritaanse vrou, sosiale opponente en vanuit verskillende kulture. In daardie tyd sou geen Joodse rabbi alleen met 'n vrou praat nie en nog minder met 'n Samaritaanse een. Jesus kyk egter nie vas teen hierdie menslike konvensies nie. Hy steek alle grense oor ter wille van die boodskap wat Hy aan die vrou wil oordra.

Sonder om te groet, begin Jesus eenvoudig die gesprek deur vir water te vra (Botha, 1991:116). Die gebrek aan groet kan moontlik toegeskryf word aan die vreemdheid van die situasie asook die konflik tussen hierdie twee kultuurgroepe. Die Jode was baie streng oor hulle reinigingswette en om 'n Samaritaanse vrou se kruik te gebruik om water te drink sou bepaald nie inpas by hierdie wette nie (Morris, 1971:258). Met haar antwoord aan Hom wys die vrou Hom eintlik daarop dat sy versoek nie inpas by die gewoontes en gebruike van haar kultuur nie. Sy is nie bereid om iets te doen wat sosiaal en kultureel onaanvaarbaar vir haar is nie. Binne die sosiale en kulturele konteks lyk dit dus aanvanklik of die vrou reg optree en Jesus nie (Botha, 1991:120). Wanneer Jesus haar antwoord, wys Hy dat Hy nie gekeer word deur kulturele norme wat deur mense daargestel is nie. Hy wys

die vrou ook daarop dat haar onwilligheid om met Hom te assosieer eintlik spruit uit 'n onkunde aangaande die "gawe van God" wat aan die mensdom gegee word (Botha, 1991:123). Die lewende water wat Jesus aanbied, bied Hy aan elkeen wat dit aanneem en nie bloot aan diegene uit 'n bepaalde (Joodse) agtergrond en kultuur nie. Wanneer Jesus iemand konfronteer met Homself en die werking van God se genade, vervaag die vooroordele van 'n kultuur wat mank gaan aan sondeverdorwenheid.

Die vrou besef dat hier meer is as 'n gewone Jood wat met haar praat en sy noem Hom κύριε (*Here* of *Meester*) (Joh. 4:19). Tog bly die verwydering steeds daar en neem dit die res van die gesprek vir Jesus om werklik deur die grense van haar kulturele agtergrond te breek. Die deurbraak kom wanneer Hy die gesprek benader vanuit die perspektief van die religieuse (aanbidding in besonder).

Jesus assosieer Homself baie beslis met die Jode (Morris, 1971:269) wanneer Hy in vers 22 sê *"julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid"* maar *"ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode."* Hoewel die vrou deel was van 'n bepaalde religieuse- en kulturele groep wat gefouteer het in hulle lewensvisie (veral in hulle beskouing van hulle geloof, die uitlewing daarvan asook die plek waar aanbid behoort te word) verhinder dit Jesus nie om sy aanbod van verlossing ook aan haar te gee nie. In en deur die Seun van God word alle grense tussen God en mens asook tussen mense onderling deurbreek (Morris, 1971:273). Die Gees en waarheid laat 'n totaal nuwe mensheid ontstaan, wat nie langer beheers word deur historiese en kulturele begrensing nie, maar deur die lewende water van die ewige lewe. Dis 'n nuwe mensheid waarvan die religieuse dimensie vrygemaak is van sondeverdorwenheid.

Dat die vrou 'n groot sondaar was (ook in die oë van haar eie mense (Milne, 1993:83)) weerhou die Here nie om met haar te praat en ook die belofte van verlossing aan haar te bied nie. Net so weerhou die feit dat sy vanuit 'n ander kulturele agtergrond kom, Hom ook nie om haar te nader met die lewende water van die ewige lewe nie. Omdat Hy haar liefhet, is Jesus bereid om deur eeue-oue konvensies en mensgemaakte kulturele wette te breek en haar as mens in eie reg te bereik (Milne, 1993:86). Wanneer die dissipels terugkom en verstom is dat Hy met 'n Samaritaanse vrou praat, wys dit onder andere op die kontras tussen Jesus en sy volgelinge. Hulle kry dit nog nie reg om verby die kulturele grense te kyk soos Hy nie. Tog bly dit opvallend dat nie een van hulle dit waag om Jesus

hieroor uit te vra nie (Ridderbos, 1987:196). Hulle aanvaar op een of ander manier dat Hy wel 'n goeie rede sou hê vir sy optrede (MacArthur, 1988:63).

Jesus gebruik die tyd wat dit die vrou neem om eers die ander in die dorp te gaan vertel, om aan sy dissipels te verduidelik wat aangaan. Sy verwysing na die een wat saai en die ander wat oes (vers 37) wys op die belangrikheid van die kerk as geheel wat die uitverkorenes in die wêreld moet bereik (Milne, 1993:87). Wanneer die vrou die dorp ingaan en ander vertel van Jesus, blyk dit duidelik dat hierdie ontmoeting met die Messias nie maar 'n eenmalige geleentheid was wat eintlik maar 'n uitsondering is nie. Jesus het inderdaad die grense van kulturele verwydering deurbreek en Hy rig die uitnodiging aan alle mense uit alle volke en tale om deel te word van sy uitverkore volk. Deur aan die Samaritaanse vrou te verkondig dat Hy die Messias is, wys Hy dat die evangelie vir die hele wêreld is en nie net vir die Jode nie (MacArthur, 1988:55). Sy verwysing na die oes wat gereed is (vers 35) benadruk dit (Ridderbos, 1987:198-199).

As 'n groep druk die Samaritane uiteindelik hulle geloof in Jesus Christus uit (vers 42), nadat hulle Hom (deur die grense van die kultuurverwydering) self gesien het. Hulle noem Hom "die Verlosser van die wêreld". Vir eeue moes die Samaritane hoor dat hulle maar tweede klas burgers is en nie deel het aan die verbond van God nie (MacArthur, 1988:64). Maar nou het die beloofde Verlosser gekom, deurgebreek deur die grense van afkoms en kultuur en gewys dat Hy werklik die Verlosser van die hele wêreld is (Milne, 1993:87). Sy genade is vir hulle wat die hopeloosheid van hulle sondige toestand erken en aan Hom vasgryp vir verlossing. Dit is nie bloot vir diegene wat aan 'n bepaalde kultuurgroepering behoort nie. Die uitwerking hiervan vind ons later in Handelinge 8 waar Petrus en Johannes ook in Samaria die evangelie van Jesus Christus verkondig (Kee, 1990:47).

2.3.2.2.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor Jesus en die Samaritaanse vrou in Johannes 4:

- As gevolg van 'n lang en bitter geskiedenis van konflik en twis het die Jode en Samaritane mekaar gehaat en vermy. Sosiale kontak is nie toegelaat nie en as onaanvaarbaar beskou.
- Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou wys duidelik dat Hy gekom het om alles nuut te maak. Hy praat nie alleen met 'n Samaritaan nie,

maar ook met 'n vrou daarby. Daardeur wys Hy dat Hy deur die sosiale en kulturele grense van die tyd breek en 'n nuwe bedeling tot stand bring.

- Jesus assosieer Homself wel met die Joodse kultuur, maar maak duidelik dat die verlossing wat Hy bring, ook vir die nie-Jode is.
- Hierdeur toon Hy Homself as Verlosser van die hele wêreld: vir elkeen wat waarlik glo, afgesien van kulturele afkoms.

2.3.2.3. Jesus en die Kanaänitiese vrou: Matteus 15:21-28

Net soos die geval was met die Samaritaanse vrou, het Jesus ook in sy ontmoeting met die Kanaänitiese vrou uit sy gewone werkterrein in Israel in "vreemde gebied" inbeweeg Van Bruggen, 1990:290). Wanneer Hy in Tirus en Sidon ingaan, gaan Hy in heidense grondgebied in, na "buitestaanders" vanuit 'n Joodse perspektief (MacArthur, 1988:621). Die Kanaänitiese vrou kom uit die stamme wat die Here vroeër voor sy volk uit verdryf het. Sy was dus by uitstek 'n heiden (Van Bruggen, 1990:290). Tog was sy vertroud met die Messiaanse verwagting van die Joodse volk en met die beloftes wat aan hulle gegee is in die Ou Testament.

Aanvanklik help Jesus haar nie wanneer sy om genesing vir haar dogtertjie vra nie en sy dissipels beskou haar as 'n irritasie. Hulle wil haar daar weg hê (MacArthur, 1988:622). Jesus antwoord sy dissipels nie, maar maak dit tog duidelik dat Hy gestuur is om eers na die verlore skape van Israel te kom. Die vrou hou egter aan met vra om hulp. Jesus antwoord haar (met 'n glinstering in die oog (Van Bruggen, 1990:292)) dat die kindertjies voorrang kry wanneer die kos uitgedeel word: die hondjies kom eers later aan die beurt. Sy antwoord (met dieselfde mate van humor) dat die hondjies darem die reg het om te eet van die krummels wat van die kinders se tafel afval. Daarmee gee sy Jesus gelyk, maar dui sy tog aan dat die heidennasies gereed staan om ook te deel in die verlossing wat God vir sy volk aanbring. Jesus se antwoord is dat haar geloof haar gered het. Hiervan is die genesing van haar dogtertjie 'n verdere bevestiging (MacArthur, 1988:625). Ook vir 'n Kanaänitiese vrou uit 'n vreemde nasie en kultuur geld dit dat ware geloof red (Van Bruggen, 1990:293). Wanneer die kern dimensie van die mens en sy kultuurarbeid bevry word van die houvas van die sonde, kom daar redding en hoop.

Hoewel Jesus eerste aan sy eie volk (die Jode) die weg tot verlossing kom wys het, het dit nie beteken dat hierdie verlossing alleen tot Israel beperk is nie. Die

gelowiges uit die heidennasies het alle rede tot optimisme (MacArthur, 1988:625) en kan ook deur geloof in Christus deel kry aan die seëninge van die evangelie.

2.3.2.3.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor Jesus en die Kanaänitiese vrou in Matteus 15:21-18:

- Net soos die geval met Samaritane, was sosiale kontak tussen Jode en Kanaäniete onaanvaarbaar. Hulle is beskou as heidene en moes vermy word.
- In sy gesprek met die Kanaänitiese vrou bring Jesus egter dieselfde boodskap as wat die geval met die Samaritaanse vrou was: dit is geloof wat red en nie kulturele afkoms nie.
- Jesus het ook gekom om kulturele grense te deurbreek en 'n nuwe kultuur daar te stel waaraan alle gelowiges deel het.

2.3.2.4. Jesus en die Jode: Johannes 8:12-59

Dis nie net in Jesus se kontak met mense uit ander kulture waaruit bepaalde beginsels met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit afgelei kan word nie. Ook in sy kontak met van sy eie volksgenote kom daar insiggewende aspekte na vore.

In Johannes 8 word verhaal dat Jesus in die tempel in gesprek tree met van die Jode wat daar bymekaar is. Uit die gesprek blyk dit dat afkoms vir die Jode 'n uiters belangrike saak is. Meer as een keer (in verse 33, 39 en 53) lê hulle sterk nadruk daarop dat hulle die nakomelinge van Abraham is en op grond van hulle afkoms deel is van die uitverkore volk van God. Wanneer Jesus hulle daarop wys dat etniese afkoms alleen nie genoeg is om deel te wees van die volk van God nie (Pederson, 1999:186), maar dat dit gaan oor geloof en vashou aan die waarheid wat Hy verkondig (Brodie, 1993: 333), kom hulle kredietwaardigheid as lede van die Joodse volk op die spel. In 'n poging om hulle gevoel van eiewaarde as Jode te red en eerder vir Jesus te diskrediteer, kryt hulle Hom daarvoor uit dat Hy "...*'n Samaritaan en van die duiwel besete*..." is (Joh. 8:48).

Die Samaritane is beskou as loënaars van die ware geloof wat hulle besig gehou het met demoniese en kultiese toordery (Borchert, 1996:307) en as basters wat verraaiers is van die ware Joodse volk (Van der Watt, 1999a:1343). Deur Jesus as 'n Samaritaan uit te skel, beweer hulle dat Hy nie vir Abraham as voorvader het nie en nie saam met hulle deel is van die uitverkore volk van God nie. Deur

boonop te sê dat Hy van die duiwel besete is, probeer hulle Hom op die ergste maniere denkbaar beledig. Iemand wat van die duiwel besete is, sê en doen wat die duiwel hom leer, en kan as sodanig nie deel wees van die volk van God nie. Deur hierdie opmerking is dit duidelik dat die Jode in hulle denke só vertroebel is (Brodie, 1993:333) en só oorheers word deur 'n eensydige klem op kulturele afkoms, dat hulle nie in staat is om die Gestuurde van God die Vader te kan herken en erken nie. In sy antwoord op hierdie kras belediging, wys Jesus dus nie alleen op die ironie in hulle woorde nie, maar Hy lê veral die verwronge uitgangspunte bloot wat die diepste grond daarvan is. Hulle het nie begryp wat die aard en doel van sy verlossingswerk was nie.

2.3.2.4.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor Jesus en die Jode in Johannes 8:12-59:

- Vir die Jode was etniese en kulturele afkoms 'n belangrike saak. Vir hulle was dit die waarborg van verlossing.
- In konflik met Jesus kryt hulle Hom uit as 'n Samaritaan. Daardeur probeer hulle Hom beledig en sy geloofwaardigheid bevraagteken.
- Jesus wys duidelik aan hulle uit dat hulle nie begryp wat die aard en doel van sy verlossingswerk is nie. Hy het nie gekom om 'n bepaalde menslike kultuur te laat voortbestaan nie. Hy het gekom om alles nuut te maak: ook die kultuur van die mens.

2.3.2.5. Jesus se missionêre opdrag aan sy dissipels: Matteus 28:16-20

Tot en met die opstanding van Jesus Christus het die dissipels die opdrag gehad om die evangelie hoofsaaklik te verkondig aan die nageslag van Israel. Na sy opstanding het die grense egter heeltemal oopgegaan (Hendriksen, 1974:998). Nou kry hulle die opdrag om die evangelie te verkondig aan alle volke en nasies. Jesus is die Seun van Abraham aan wie die belofte gemaak is dat die volke van die aarde in hom geseën sou word. Individue moet nou gedoop word in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Afkoms, taal en kultuur is geen faktor meer nie. Heidene word nou nie meer soos in die verlede deel gemaak van die Joodse volk nie, maar van Christus self (Van Bruggen, 1990:476). Die doop word nou teken van die toetrede tot 'n nuwe volk, wat moet leer om die gebooie van hulle nuwe Koning te gehoorsaam en sy kultuur aan te leer.

Jesus, die Maghebber oor alles en almal, is Self in sy persoon by diegene wat uitgaan om hierdie opdrag uit te voer (Van Bruggen, 1990:478). Die doop is dus kragtige teken daarvan dat gebreek is met die wêreld en met wêreldse norme en kulturele bepalings. Daar is 'n nuwe eenheid met God drie-enig (Hendriksen, 1974:1001) en 'n nuwe Christelike kultuur wat die kinders van God oor alle grense heen saamsnoer.

2.3.2.5.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor Jesus se missionêre opdrag aan sy dissipels in Matteus 28:16-20:

- Na Jesus se opstanding kry die dissipels die opdrag om nou – nie soos vroeër toe net aan die Jode verkondig is nie – die evangelie te verkondig aan alle nasies. Die grense van vroeër het nou oopgegaan.
- Jesus se opdrag maak van die doop 'n teken wat toetrede tot die nuwe volk simboliseer asook die verbintenis om van vooraf te leer om die gebooie van hulle Koning te gehoorsaam.
- Die norme en grense van die wêreld is deurbreek. Daar is 'n nuwe eenheid met God en 'n nuwe Christelike kultuur wat die kinders van God oor verskillende grense heen saamsnoer.

2.3.2.6. Die uitstorting van die Heilige Gees: Handelinge 2:1-13

In die boek Handelinge word verhaal hoedat die evangelie verkondig word aan diegene wat nie deel is van die Joodse volk nie (Kee, 1990:29). Handelinge 1:8 gee (net soos Matteus 28:18-20) 'n aanduiding dat die apostels 'n besondere opdrag het om oor kultuurgrense heen dissipels van Christus te maak. Jesus belowe aan sy dissipels die krag van die Heilige Gees, sodat hulle in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld die evangelie kan verkondig. Wanneer die Gees dan met Pinkster uitgestort word in Jerusalem, begin hulle missionêre taak in alle erns.

Volgens Kee (1990:30) is die fees van Pinkster oorspronklik gekoppel aan die insameling van die oes. Later het dit 'n fees geword waarin die vernuwing van die verbond gevier is. Wanneer die Gees dan op Pinkster uitgestort word, is dit dus 'n besondere manifestasie van die nuwe verbond wat tussen God en sy volk tot stand kom. Voortaan sou dit geld vir alle mense uit alle volke en kulture, wat met nuwe harte vasgryp aan die Verlosser, Jesus Christus. Met die uitstorting van die Heilige Gees word die nuwe verbond 'n werklikheid vir al die nasies van die

wêreld. Die tonge van vuur wat op elkeen kom, word tonge van taal waarmee die verskillende gelowiges praat (Hand. 2:3-4). Anders as by die verskynsel in Korinte (1Kor. 12:10 en 14:1-19) waar in tale gespreek is en baie verwarring en onenigheid veroorsaak is, is dit hier nie nodig dat iemand uitlê wat gesê word nie. Die besoekers van regoor die hele wêreld (waarvan 'n redelike aantal nie-Jode van geboorte was (Kee, 1990:33)) hoor en verstaan wat gesê word in die taal van hulle eie landstreek, hoewel dit almal Galileërs is wat praat (vgl. Hand. 2:7) (Bruce, 1977:57).

Oor kultuurgrense heen kan besoekers uit verskillende dele van die wêreld nou hoor wat God gedoen het en steeds besig is om te doen ter wille van sy verbondsvolk (Kee, 1990:31). Die *Perse, Mediërs, Elamiete en inwoners van Mesopotamië* het almal oos van Judea gewoon en Aramees gepraat. Baie van hulle het in die tyd van ballingskap hierheen gekom en later gevestig in groot getalle. *Judea* verwys moontlik na almal wat in die grondgebied van Dawid en Salomo (die gebied vanaf Egipte tot by die Eufraat) gewoon het. Sirië was moontlik hierby ingesluit. *Kappadosië, Pontus, die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië* was almal provinsies in klein-Asië waar daar ook lede van die Joodse diaspora gewoon het. *Egipte en die dele van Libië om Sirene* verwys na die landstreke in en om Egipte waar Joodse gemeenskappe sedert die sesde eeu v.C. gevestig was. *Rome* is die enigste verwysing na gemeenskappe uit die Europese vasteland waar daar sedert die tweede eeu v.C. 'n Joodse gemeenskap was. *Kretensers en Arabiere* verwys na die landstreek vanaf die Rooi See tot by die Eufraat (Bruce, 1977:61-64).

Vanuit al hierdie verskillende wêrelddele hoor pelgrims die tale van hulle tuisgebiede, uit die monde van Judeërs wat in Jerusalem woon. Hierin is 'n duidelike ommekeer van die vloek van Babel. Wanneer Petrus die mense toespreek en aanhaal uit die profesie van Joël, kom dit duidelik na vore dat die seëninge van die verbond oop is vir alle mense, ongeag hulle ouderdom, geslagtelike of sosiale onderskeidings, of kulturele agtergrond. Wat hy sê in Handelinge 2:21 beklemtoon dit:

> *...elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*

Elkeen wat die Gees ontvang, kry daarmee die Goddelike bevestiging dat hy nou deel is van die nuwe verbond. Om die Naam van die Here aan te roep, is om 'n

nuwe identiteit met 'n nuwe Christelike kultuur daarmee saam aan te neem. So het sowat 3000 mense vanuit verskillende kulture dit op Pinkster gedoen.

2.3.2.6.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 2:1-13:

- Met die uitstorting van die Heilige Gees tydens Pinkster begin die missionêre taak van die dissipels oor kulturele grense heen. Die tonge van vuur wat op elkeen kom word die tonge van taal waarmee die verskillende gelowiges praat. Besoekers van regoor die wêreld hoor en verstaan die boodskap van die evangelie.
- Die uitstorting van die Gees is 'n duidelike omkeer van die vloek van die toring van Babel. Die verbond is oop vir alle mense, ongeag ouderdom, geslag, sosiale onderskeiding of kulturele agtergrond.
- Elkeen wat die Gees ontvang is deel van die nuwe verbond en nuwe kultuur in die kerk van God.

2.3.2.7. Die apostels se gewaarwording dat die evangelie vir alle mense is: Handelinge 6 en verder asook Handelinge 10:9-35

Na die gebeure tydens Pinkster kom die apostels algaande tot die insig dat die evangelie juis ook na die ander nasies toe moet uitgaan en dat hulle die Gees hierin moet gehoorsaam (Kee, 1990:33-35). Dit is dieselfde Gees wat hulle voorberei en toerus om dit te kan doen. Op verskillende maniere leer hulle dat God nie voorkeure het oor afkoms (Bruce, 1977:224) of kulturele agtergrond nie.

In Handelinge 6 en 7 wys Stefanus die Jode daarop dat die tempel en die tempelkultus nie meer 'n voorwaarde is vir deelname aan die nuwe verbond met God nie. Filippus begin preek onder die Samaritane (Hand 8:5) en word ook gestuur om die evangelie uit te lê aan die Ethiopiër (Hand. 8:26-40). Petrus en Johannes bid vir die Samaritane en lê hulle die hande op (Hand. 8:16-17). (Sien ook Kee, 1990:42-69). Wanneer die Here vir Petrus in Handelinge 10:9-16 in 'n visioen beveel om van die onrein diere te eet, leer Hy hom daarmee dat hy nie mense van 'n heidense afkoms en kultuur, wat deur God rein gemaak is, mag verag en onrein beskou nie. Dit was bekend dat die Jode in daardie tyd nie toegelaat is om by heidene in die huis te gaan of om hulle huishoudelike artikels te gebruik nie, want vir hulle was daarin die gevaar dat hulle volgens hulle wette onrein sou kon word. Hulle was ook nie toegelaat om met heidene interaksie te hê

nie. Tog is dit hier die Here self wat mense uit verskillende kulture (Jode en nie-Jode) na mekaar toe lei (Bruce, 1977:222).

Telkens wanneer die apostels die evangelie nog wyer verkondig, ontvang hulle die bevestiging dat die Gees van God by hulle is (Kee, 1990:34). Wanneer Paulus en Barnabas spesifiek opdrag kry om die evangelie onder die heidennasies te gaan verkondig, is dit duidelik dat dit die Gees van God is wat die gemeente hierdie besluit laat neem (Hand. 13:1-2)

2.3.2.7.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die apostels se gewaarwording dat die evangelie vir alle mense is:

- Na die uitstorting van die Heilige Gees kom die apostels al meer tot die insig dat die evangelie juis ook aan mense uit ander kulture verkondig moet word. Hulle moet die Heilige Gees hierin gehoorsaam.
- Telkens word een van die apostels gelei om aan iemand van buite die Joodse kultuur te gaan verkondig. Wanneer dit gebeur, kry hulle ook elke keer die bevestiging dat die Gees met hulle is.

2.3.2.8. Die bevestiging aan Petrus dat die evangelie vir alle mense bedoel is: Handelinge 15

Die deurbreek van kulturele grense was nie vir alle gelowiges ewe verstaanbaar en aanvaarbaar nie. In Hand. 15 word verhaal dat daar spoedig meningsverskil ontstaan het oor die voorwaardes vir lidmaatskap van die nuutgestigte Christen gemeentes. Van die Joodse Christene was van mening dat nie-Jode steeds moes voldoen aan die oorgelewerde Joodse gebruike, met spesifieke klem op die besnydenis en die onderhouding van die wet van Moses (Hand. 15:5). Om hierdie saak te besleg, word besluit om 'n vergadering in Jerusalem te hou, met die apostels en ouderlinge van die gemeente. Waar in die voorafgaande hoofstukke van Handelinge dikwels sprake is van spontane besluite wat lei tot missionêre arbeid, is hier duidelike aanduidings van 'n institusionele besluit wat geneem word (Kee, 1990:35).

Wanneer Petrus die vergadering toespreek, herinner hy hulle daaraan dat sy missionêre werk onder die heidene deur die Gees self bevestig is (Hand. 15:7-8). Terselfdertyd wys hy hulle daarop dat God nie onderskeid maak tussen Jode en heidennasies nie. Die belangrike saak is dat elkeen vergifnis deur geloof ontvang

en nie deur die onderhouding van die wet nie (Kee, 1990:36). Hierdie waarheid oortuig uiteindelik die vergadering. Wanneer die besluit geneem word dat die nie-Joodse Christene nie deur die Joodse wette gebind word nie, word daarmee verklaar dat "die Heilige Gees en ons" saam die besluit geneem het (Hand. 15:28). Die Heilige Gees wat uitgestort is om die mens ook in sy kultuurarbeid te bevry van sondeverdorwenheid en om oor kultuurgrense heen gelowiges aan God en mekaar te bind, oortuig die "sinode" van Jerusalem om nie vas te kyk teen allerlei gebruike wat in die nuwe bedeling van Jesus Christus nie meer essensieel is nie.

Wanneer die evangelie dan (as uitvloeisel van die besluit in Jerusalem) oor etniese, kultiese, sosiale, kulturele en godsdienstige grense verkondig word, vind daar 'n kragtige proses van religieuse transformasie plaas. Hierin word gebou op die historiese erfenis wat Israel as verbondsvolk van God het, maar die klem val nou op die skepping van 'n nuwe en inklusiewe gemeenskap waarvoor die nuwe verbond in en deur Christus geld (Kee, 1990:42). Dit is dus nie vreemd nie, dat juis Jerusalem, as die Godstad en sentrum van die geloof in Israel, die beginpunt van hierdie ontwikkeling is.

Dit was uiteraard nie altyd maklik om die evangelie te verkondig terwyl soveel nog vasgehou het aan geykte kulturele konvensies nie. Kreatiewe optrede en innoverende denke was nodig vir die uitvoering van hulle opdrag. Gill (1994:105-118) toon aan dat een van die strategieë van die apostels was om eers kontak te maak met senior Romeinse figure in die samelewing. Deur hulle dan tot geloof te bring, kon die kulturele grense soveel makliker oorgesteek word. In hierdie verband verwys hy na Aristargus van Tessalonië, Sosipater van Berea, Timoteus en Tigikus van Asië, Gaius van Korinte, asook Stefanus, Erastus, Crispus en Lidia van Filippi. Deur hulle eers te benader, kon die apostels daarin slaag om die res van die gemeenskappe makliker te bereik.

2.3.2.8.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die bevestiging aan Petrus in Handelinge 15 dat die evangelie vir alle mense bedoel is:

- Konflik en meningsverskil oor voorwaardes vir lidmaatskap van die nuutgestigte Christelike gemeentes lei spoedig tot die saamroep van 'n vergadering te Jerusalem tussen die apostels en ouderlinge van die gemeente in Jerusalem.

- Petrus oortuig die vergadering dat nie-Jode ook deel van die kerk van Christus is, maar nie gedwing mag word om te voldoen aan Joodse godsdienstig-kulture gebruike nie.
- Hierdie insig maak verdere deure oop vir die verkondiging van die evangelie onder heidense volke.

2.3.2.9. 'n Nuwe volk met 'n ewige nuwe kultuur: Openbaring 15

Die 144 000 uitverkorenes van Openbaring 7:2-4 se taak is om die menigtes (uit alle volke en tale) te inspireer en te lei om saam met hulle God te dien en eer (Court, 1994:106). Wanneer al die mense wat die oorwinning behaal het saam sing aan die lied van die Lam (Openb. 15:3-4) word dit duidelik dat die oorwinning ook daar is vir mense vanuit verskillende kulture en agtergronde. Die lied van die Lam is die finale, Nuwe Testamentiese weergawe van die lied van Moses, wat gesing is toe Israel direk na die uittog uit Egipte deur die Rooi See getrek het om die aanstormende magte van die Farao te ontkom (Eks. 15:1-18 en Deut. 32:1-43).

Die sing van die lied in Openbaring 15 kan ook gekoppel word aan die opdrag waarmee die engel in Openbaring 14:6-7 die blye boodskap van verlossing op aarde verkondig. Sy opdrag hou in dat God gevrees moet word en aan Hom al die eer gegee moet word. Hierdie boodskap word gerig aan elke nasie, stam, taal en volk (Ruiz, 2001:72). In Eksodus 15 is dit duidelik dat die magtige verlossingswerk van die Here die nasies met vrees vervul. Hier is dit duidelik dat daar wel geleentheid is vir gelowiges uit alle nasies en tale om deel te word van die verlossing wat Jesus Christus, die Lam, bewerk het (sien Kovacs & Rowland, 2004:170). Tog hou dit nie in dat die hele wêreld God se eer besing en deel in die verlossing nie. Volgens Openbaring 22:11 kry alleen diegene wat hulle bekeer en Hom gehoorsaam, deel hieraan (Carey, 2001:172).

Die lied van die Lam is 'n lied van oorwinning (Osborne, 2004:563). Bevryding en herstel is die hoof temas van die lied. Getrou aan die verbond, red God sy verbondskinders, maar tree Hy ook op teenoor diegene wat die verbond minag. Die titel "Koning van die nasies" in Openbaring 15:3 kry nuwe betekenis wanneer vertel word dat al die nasies sal kom om Hom te aanbid. Dit is God alleen wat Koning van die nasies is en Christus alleen wat Koning van die konings en Here van die heersers is. Hoewel dit so is dat die nasies die oordeel van God sal

beleef, sal diegene wat in Hom glo en Hom aanbid, deel wees van die uitverkore volk van God.

2.3.2.9.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die nuwe volk met die nuwe kultuur in Openbaring 15:

- Die Lied van die Lam in Openbaring 15 is die Nuwe Testamentiese weergawe van die Lied van Moses in Eksodus 15 en word gesing deur verlostes uit verskillende kulturele agtergronde.
- Waar die nasies in Eksodus 15 met vrees vervul word oor die magtige verlossingsdade van God ter wille van sy volk, word hulle in Openbaring 15 deel van die singende menigte. Deur die verlossingswerk van die Lam is elkeen wat waarlik glo, deel van die uitverkore menigte wat God loof en prys.
- Bevryding en herstel is hooftemas van die lied. Ook oor kulturele grense heen sorg Christus dus vir bevryding en herstel van die verhouding met God.

2.3.2.10. Samevattende konklusie: gegewens in die Nuwe Testament

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor gegewens met betrekking tot kultuur in die Nuwe Testament:

- Hoewel Jesus assosieer met die Joodse kultuur van sy tyd, dien sy kruisdood en opstanding juis daartoe dat die mens en sy kultuurarbeid herskep word.
- Jesus deurbreek gevestigde kulturele grense om daardeur aan te toon dat dit geloof is wat red en nie kulturele afkoms nie. Sy redding is daar vir mense uit alle kulture. In die kerk word mense van verskillende kulture verenig om 'n nuwe mensheid met 'n nuwe kultuur daar te stel.
- Na sy opstanding gee Jesus sy dissipels opdrag om die evangelie te verkondig oor kulturele grense heen. Die doop wat daarmee saamgaan, word simbool van die toetrede tot 'n nuwe volk met 'n nuwe Christelike kultuur.
- Die uitstorting van die Gees bring 'n omkeer van die vloek van die toring van Babel. Elkeen wat die Gees ontvang word nou deel van die nuwe verbond en kultuur in die kerk van God. Die apostels se taak is om dit oor

kulturele grense heen te verkondig. Kulturele afkoms is nou nie meer bepalend vir deel-wees van die verbond van God nie.

- Die verlostes wat in die eindtyd bymekaar is om die lof van God te besing, is mense vanuit verskillende kulturele afkomste. Hulle juig oor die bevryding en herstel wat Christus gebring het in die verhouding met God en die skepping.

2.3.3. Samevattende konklusie: gegewens uit die Ou en Nuwe Testament

Die volgende konklusie kan gemaak word oor gegewens uit die Ou en Nuwe Testament met betrekking tot kultuur:

- In die begin skep God die mens en gee hom die opdrag om oor die skepping te heers volgens sy (God se) wil. Dit behels praktiese sowel as geestelike arbeid en behels dat die skepping beheers en bewaar moet word. Hieronder word ook kulturele arbeid verstaan.
- Met die sondeval word die mens se verhouding met God en die skepping skeefgetrek. Nou is die kultuurarbeid van die mens onderhewig aan uitbuiting, selfgesentreerdheid en spanning. Dit word iets wat hy ter wille van homself en ten koste van sy geloofsverhouding met God doen.
- Tog bly God vol liefde en genade. Hy verlaat die mens nie en wys telkens hoedat Hy juis die proses van kultuurvorming gebruik as beskerming teen die vernietigende mag van die bose. So bring Hy orde in die onordelike en chaotiese omstandighede wat die mens veroorsaak.
- Herskepping vir die mens en sy kultuurarbeid word dringend noodsaaklik. Die kern van sy kultuurarbeid moet nuut gemaak word, sodat ook sy kultuur in diens en tot eer van God kan wees.
- Wanneer Jesus as Verlosser aarde toe kom, bewerk Hy die herskepping wat die mens en sy kultuur so dringend nodig het. Hy deurbreek gevestigde kulturele grense om daardeur aan te toon dat dit geloof is wat red en nie kulturele afkoms nie. In die kerk word mense van verskillende kulture verenig om 'n nuwe mensheid met 'n nuwe kultuur daar te stel.
- Na sy opstanding gee Jesus sy dissipels opdrag om die evangelie te verkondig oor kulturele grense heen. Die doop wat daarmee saamgaan, word simbool van die toetrede tot 'n nuwe volk met 'n nuwe Christelike kultuur.
- Die uitstorting van die Gees bring 'n omkeer van die vloek van die toring van Babel. Elkeen wat die Gees ontvang word nou deel van die nuwe verbond en

kultuur in die kerk van God. Die apostels se taak is om dit oor kulturele grense heen te verkondig.

- Die verlostes wat in die eindtyd bymekaar is om die lof van God te besing, is mense vanuit verskillende kulturele afkomste. Hulle juig oor die bevryding en herstel wat Christus gebring het in die verhouding met God en die skepping.

2.3.4. Samevattende konklusie: basisteoretiese uitgangspunte met betrekking tot die begrip "kultuur"

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die begrip "kultuur"

- Kultuur is die resultaat van die mens se totale omgang met sy omgewing, volgens die opdrag wat hy van God daartoe ontvang het.
- Kultuur word wesenlik beïnvloed en die aard daarvan bepaal deur wat die mens dink (filosofie) en glo (teologie). In wese is kultuur 'n soeke na Hom wat in die eerste plek die opdrag tot kultuurarbeid aan die mens gegee het.
- Kultuur bestaan uit verskeie onderskeibare fasette wat nou met mekaar saamhang en 'n uiters komplekse geheel vorm. Die totaliteit van kultuur word bepaal deur die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees. Hiervan vorm die religieuse en lewensbeskoulike dimensies die kern.
- Kultuur is nie staties nie. Kultuur en omgewing beïnvloed mekaar wedersyds.
- Musiek en sang het 'n prominente rol in elke kultuur. Dit dien as simboliese kommunikasie waarmee die belewing van die werklikheid probeer verklaar word.
- Sang is 'n meer persoonlike manier van musiekmaak as enige ander vorm van musiek. As sodanig is dit by uitstek geskik daarvoor om gemeenskaplike kulturele simbole te skep en daarin te deel.
- In die begin skep God die mens en gee hom die opdrag om oor die skepping te heers volgens sy (God se) wil. Hieronder word ook kulturele arbeid verstaan.
- Met die sondeval word die mens se verhouding met God en die skepping skeefgetrek. Nou is die kultuurarbeid van die mens onderhewig aan uitbuiting, selfgesentreerdheid en spanning. Dit word iets wat hy ter wille van homself en ten koste van sy geloofsverhouding met God doen.
- Tog bly God vol liefde en genade. Hy verlaat die mens nie en wys telkens hoedat Hy juis die proses van kultuurvorming gebruik as beskerming teen die vernietigende mag van die bose.

- Herskepping vir die mens en sy kultuurarbeid word dringend noodsaaklik. Die kern van sy kultuurarbeid moet nuut gemaak word, sodat ook sy kultuur in diens en tot eer van God kan wees.
- Wanneer Jesus as Verlosser aarde toe kom, bewerk Hy die herskepping wat die mens en sy kultuur so dringend nodig het. Hy deurbreek gevestigde kulturele grense om daardeur aan te toon dat dit geloof is wat red en nie kulturele afkoms nie. In die kerk word mense van verskillende kulture verenig om 'n nuwe mensheid met 'n nuwe kultuur daar te stel.
- Die verlostes wat in die eindtyd bymekaar is om die lof van God te besing, is mense vanuit verskillende kulturele afkomste. Hulle juig oor die bevryding en herstel wat Christus gebring het in die verhouding met God en die skepping.

3. Multikulturaliteit

3.1. Inleiding

Elke mens word binne 'n bepaalde kulturele omgewing groot. Behalwe dat kultuur die mens se lewensuitkyk en manier van optrede vorm, gee kultuur ook aan die mens sekuriteit. Dit skep selfrespek en 'n gevoel van eiewaarde. Kultuur gee 'n groot mate van vertroue in eie vermoëns, middele, waardes en lewensdoel (Van der Walt, 1999:79). Sonder 'n eie kulturele identiteit word die mens se lewensvisie aangetas en beskik hy nie meer oor duidelike norme waarvolgens hy in verskillende lewensituasies kan optree nie. Daarom is dit so dat geen mens radikaal buite sy eie kultuur kan tree nie. Dit is onlosmaaklik deel van sy bestaan (Van der Walt, 1986:35).

Alle kulture is egter nie eenders nie. Toe God by die toring van Babel die taal van die mense verwar en hulle oor die aarde verstrooi het (Gen. 11), het daar stelselmatig verskillende kulture ontstaan. Multikulturaliteit het 'n werklikheid op aarde geword. Hierdie werklikheid is nie alleen oor staatkundige grense sigbaar nie, maar ook binne die grense van 'n bepaalde staat.

3.2. Die werklikheid van multikulturaliteit

3.2.1. Wêreldwye werklikheid

Sedert die gebeure by die toring van Babel het mense vanuit verskillende kulture met mekaar kontak gehad. Vandag is dit nog so. Volgens Brislin (2000:196) sal kontak tussen verskillende kulturele al meer voorkom in die 21ste eeu. Oral in die wêreld is verskeie faktore tans besig om mense oor nasionale- en kultuurgrense heen by mekaar te bring. Spoedverbindings en die massakommunikasiemedia maak van die moderne wêreld as 't

ware 'n klein, intieme gemeenskap. 'n Interafhanklike wêreldekonomie, minderheidsgroepe se aandrang op die erkenning van hulle kulturele erfenis asook wette wat openlike diskriminasie op grond van kulturele afkoms verbied, dra hiertoe by (Brislin, 2000:196). Op byna alle vlakke van die lewe bestaan daar vandag internasionale organisasies wat mense uit verskillende wêrelddele saambind. Internasionale kongresse en wêreldwye wetenskaplike projekte is alledaags (sien Ferreira, 2003:10). Langs hierdie en ander weë word isolasie verbreek en mense vanuit verskillende kulture maak toenemend met mekaar kennis.

3.2.2. Eiesoortige problematiek

3.2.2.1. Kommunikasie

Kontak tussen mense vanuit verskillende kulture veroorsaak dikwels 'n komplekse en eiesoortige problematiek. Een van die primêre faktore wat dikwels lei tot misverstand en konflik is taal. Wanneer 'n mens in 'n situasie kom waar hy nie die taal van 'n ander persoon verstaan nie, ervaar hy dikwels dat sy mag hom ontneem is. Hy verstaan die ander nie en kan homself ook nie verstaanbaar maak nie. Brislin (2000:240) noem dit 'n toestand van "kulturele skok" wanneer iemand in 'n vreemde kulturele situasie sukkel om met mense om hom te kommunikeer. (Om te praat van "interkulturele kommunikasie" is volgens Scollon & Scollon (1995:125-126) tereg nie aanvaarbaar nie, omdat dit nie kulture is nie, maar mense is wat met mekaar kommunikeer. Dit is meer korrek om te praat van "interpersoonlike kommunikasie" terwyl daarmee erken word dat verskillende persone elk aan 'n eie afsonderlike kulturele groepering behoort).

Volgens Gittins (1989:77) het elke taal bepaalde inherente vertrekpunte wat daarin ingebou is en wat outomaties weerstand bied teen enige andersoortige vertrekpunte waarmee dit in kontak kom. Hierdie feit maak dit 'n komplekse proses om met iemand vanuit 'n ander kultuur te probeer kommunikeer (Gittins, 1989:77). Selfs wanneer iemand wel die taal van die ander persoon magtig is, bly kommunikasie dikwels problematies. Dikwels dink iemand hy vertaal in 'n ander kultuur se idioom, maar in werklikheid word dit nie so deur die moedertaalspreker van daardie taal ervaar nie (Gittins, 1989:77).

Ander is weer van mening dat taal gebruik kan word om 'n ander se kultuur te verander. Volgens hierdie uitgangspunt kan iemand vanuit 'n vreemde kultuur in 'n nuwe kultuur geassimileer word deur hom eenvoudig net die taal van die nuwe kultuur aan te leer. Op die manier sou dit die persoon dan tegelykertyd die

wêreldbeskouing van die nuwe kultuur aanleer (sien Mazrui & Mazrui, 1998:54-57). Mazrui & Mazrui (1998:63) gaan egter tereg uit van die standpunt dat taal bloot beskou moet word as 'n instrument tot kommunikasie en rasionele denke. Dit moenie beskou word as 'n sleutel tot nuwe kennis en sogenaamde beskawing nie. Wanneer taal 'n wapen word waarmee kulturele imperialisme gepleeg word, word die plek en funksie van taal binne kultuur en ook binne interkulturele kontak totaal misgekyk.

Die grootste rede vir misverstand in interkulturele kommunikasie lê volgens Scollon & Scollon (1995:xii) nie in swak uitspraak of foutiewe grammatikale gebruik nie, maar in verskillende diskoerspatrone. Diskoers konvensies en patrone is inherent aan elke taal. Dit kan alleen aangeleer word deur voortdurende blootstelling aan daardie taal en kultuur (Scollon & Scollon, 1995:3-11). Diskoers konvensies van ander kulture word egter dikwels verkeerd verstaan en geïnterpreteer. Aspekte wat hierin kultureel bepaald is, is byvoorbeeld die toneel waarin die gesprek afspeel, die toonaard van die gesprek, die deelnemers aan die gesprek, die vorm waarin die boodskap gegee word (mondelings skriftelik ens.), die volgorde van die gebeure in die kommunikasie, bepaalde geykte patrone waarvolgens dit plaasvind, sekere dinge wat gesê word terwyl ander implisiet bedoel word, ensomeer (Scollon & Scollon, 1995:22).

Om effektief te kan kommunikeer met iemand vanuit 'n ander kultuur, is 'n uiters komplekse en veeleisende proses. In enige vorm van kommunikasie is daar voorts nie alleen van gesproke taal sprake nie. Ook nie-verbale aspekte soos voorkoms, kleredrag, lyftaal, gesigsuitdrukkings, oogkontak, aanraking, reuk, stemvolume, die gebruik van ruimtes, sitplek reëlings, gebruik van tyd, siening van die verlede, hede en toekoms, asook die gebruik van stilte, word in verskillende kulture verskillend aangewend om mee te kommunikeer (Rubin & Stewart, 1998:164-191). Wie dus 'n "vertaling" oor kultuurgrense heen wil doen, moet albei kulture (die ander kultuur, sowel as die eie kultuur) goed ken (Gittins, 1989:19). Kommunikeer en verstaan oor kultuurgrense heen, vereis dat die boodskap wat oorgedra word of die optrede wat waargeneem word, eers losgemaak word van die kulturele konteks daarvan en dan oorgeplaas word binne die kulturele konteks van die ander kultuur. Dit kan net gebeur wanneer die onderliggende kodes van 'n bepaalde kultuur deeglik ondersoek word (Gittins, 1989:24).

Daarby moet ook in ag geneem word dat elke mens op sy of haar eie uniek is. 'n Mens word gevorm deur veel meer as bloot net die kultuur waarbinne hy gebore word. Kultuur is maar een faktor wat hierdie vorming beïnvloed. Geen individuele lid van 'n bepaalde kulturele groep het al die eienskappe van daardie groep in sy/haar persoon ingebou nie (Scollon & Scollon, 1995:157-158). Ook het verskillende generasies in 'n bepaalde kulturele groepering verskillende verwagtings en beklemtonings (Scollon & Scollon, 1995:228). Om dus te wil veralgemeen ten opsigte van iemand se kultuur, is ongeldig en uiters riskant (Samovar & Porter, 2001: 16).

Een van die groot probleme is voorts dat elkeen wat ander kulture bestudeer, dit doen vanuit die perspektief van 'n eie kultuur. Objektiwiteit blyk 'n uiters moeilik bereikbare ideaal te wees. By baie leef die gedagte dat kulture wat van hulle eie verskil, noodwendig verkeerd of slegter as hulle eie is. Dit is egter nie so maklik om te bepaal watter kultuur reg en watter verkeerd is nie (Van der Walt, 1997:70). Buitestaanders kan nie gesagvol oordeel oor die meriete van bepaalde aspekte van 'n vreemde kultuur nie. Nie twee kulture is eenders nie. Elke kultuur moet dus op sy eie en volgens sy eie konteks benader word (Gittins, 1989:44-46).

Wat hierdie problematiek verder bemoeilik, is die feit dat elke kultuur voortdurend verander en ook sy eie spelreëls voortdurend verander. Hierdie veranderings word aangehelp deur kontak met ander kulture (Mastra, 1981:272) en volgens Gittins (1989:22) is dit juis nodig vir ontwikkeling en groei. Vir die aanvaarding van ander kulture en die bevordering van wedersydse respek, is dit dus noodsaaklik om die verskille tussen die kulture raak te sien en te probeer verstaan binne die eiesoortige konteks van elkeen (Van der Walt, 1997:75). Die uitdaging is om uit te kom by 'n model waarin elkeen van 'n buite-kultuur dit wat aangebied word in die nuwe kultuur as betekenisvol sal ervaar en aanneem.

3.2.2.2. Konflik

Wanneer die werklikheid ondersoek word, word dit gou duidelik dat die ideaal van mense uit verskillende kulture wat mekaar met respek en waardering akkommodeer en wedersyds verryk met hulle onderskeie kultuurgoedere, in die meerderheid gevalle bloot 'n ideaal bly. Kontak tussen mense uit verskillende kulture lei dikwels tot misverstand, konflik, kompetisie en selfs verdringing.

Volgens Van der Walt (1999:77) lei kontak tussen mense van uit twee verskillende kulture dikwels tot dominering (of selfs verdringing) deur die een groep. Andersins gebeur dit dat mense vanuit een van die kulture albei kulture op 'n dualistiese wyse in hulle lewens probeer handhaaf, of dat mense vanuit een van die kulture sterk weerstand bied teen die indringer kultuur. Een van twee reaksies kom dan na vore: daar is 'n hernude teruggryp na die kultuureie, of 'n nabootsing van die ander kultuur vind plaas (Van der Walt, 1999:77). Dit spreek vanself dat die kultuureie in so 'n situasie kan skade lei of selfs verdring word.

Berger (1993:4-5) noem ses moontlike reaksies wat voorkom wanneer mense vanuit verskillende kulture kontak het met mekaar. Die eerste is assimilasie, waar die een kultuur in die ander opgeneem word. Die tweede is amalgamasie, waar die een kultuur oorheersend is, maar tog later die ander kultuur begin insluit as deel van sy eie. Die volgende is 'n ope samelewing, waar die kulturele tradisies van die swakker (minder dominerende) kultuur met minagting bejeën en verwerp word. Voorts is daar 'n geïsoleerde multi-kulturalisme, waar 'n besliste mono-kulturalisme heers, maar sekere elemente van die minder dominerende kultuur soms wel ingesluit word. Die vyfde reaksie is 'n gematigde multi-kulturalisme waar etniese diversiteit, die erkenning van kulturele verskeidenheid, gelykheid en bedagsaamheid wel aan die orde van die dag is. Die laaste reaksie is dié van dinamiese multikulturaliteit waar die groot verskeidenheid wat multikulturaliteit bring, gehersirkuleer en herskep word. Stereotipes word absoluut verban en globale insluiting vorm die kern van hierdie reaksie. Volgens Berger is daar dus 'n verskeidenheid van reaksies moontlik wanneer mense vanuit verskillende kulture met mekaar kontak het. Die presiese reaksie in 'n bepaalde geval hang van die totale situasie af waarin dit plaasvind.

Baum (1994:104) verduidelik die dinamiek van inter-kulturele kontak met die konsep van 'n primêre en 'n sekondêre kultuur. 'n Mens word volgens hom gebore binne die primêre kultuur van sy huisgesin, waar hy die taal, eetgewoontes, leefgewoontes, asook verhoudings tussen ouers en kinders asook anders volwassenes leer ken. (Dit word enkulturasie genoem (Rubin & Stewart, 1998:30; Scollon & Scollon, 1995:150)). In 'n gemeenskap is daar egter dikwels ook mense vanuit ander kulture. Dit is die sekondêre kultuur waarbinne 'n mens gevorm word. In seker gevalle is die sekondêre kultuur die kultuur van die groot instellings van die samelewing, wat die tegnologie, massamedia en demokratiese instellings beheer. Soms is hierdie sekondêre kultuur so magtig dat dit gaandeweg die

primêre kultuur van die huisgesinne begin verdring. Hierdie verdringing word akkulturasie genoem en word oor die algemeen negatief beskou (Scollon & Scollon, 1995:150).

Wanneer hierdie tipe kulturele dominasie tot sy uiterste gevoer word, vind de-kulturasie plaas. Dit gebeur wanneer die primêre kultuur totaal deur 'n dominante sekondêre kultuur verdring en vernietig word (Baum, 1994:104). Dan ontstaan daar 'n kulturele lugleegte, wat so aan die volgende geslag oorgedra word. 'n Bekende voorbeeld hiervan is die verskillende Boesman groeperinge in noord-wes Namibië en Botswana wat die gevaar loop om hulle eie kulturele identiteit te verloor onder invloed van die dominerende Westerse en ander kulture in hierdie lande.

Die meeste mense vind die oorgang van een kultuur na 'n ander uiters moeilik (Gittins, 1989:52). Kinders leer kultuur aan by hulle ouers, ander lede van die familie en die gemeenskap om hulle. Van kleinsaf leer 'n mens dink, voel, glo en optree volgens die norme van die kultuur waarin hy grootword. Wanneer iemand se persepsies van wat relevant is eers deur hierdie sosialisering bepaal en vasgelê is, kan dit nie maklik en sinvol verander word van buite af nie (Gittins, 1989:59). Soms gebeur dit wel dat nuwe waardes beslag kry in 'n bepaalde kultuur. Dit is egter net blywend indien werklike verinheemsing plaasvind.

Uiteraard word daar vanuit verskillende hoeke na hierdie problematiek gekyk. Wat Brand (2003:9) skryf oor die debat rondom taalgebruik in 'n bepaalde land, kan net so goed van toepassing gemaak word op die breër debat oor kulturele dominering. Lede van die dominante kultuur maak die protes teen hulle kulturele oorheersing dikwels af as etnosentries, kleinsielig en onnodig politiserend. Die dominante kultuur word as universeel, nie-politiek, neutraal en vooruitstrewend voorgehou. Die bestaande orde word as iets vanselfsprekends beskou, terwyl weerstand daarteen as belaglik afgemaak word.

Dominering deur die mense van 'n bepaalde kultuurgroep word egter nie in alle gevalle bloot maar gedweë aanvaar nie. As teenreaksie teen hierdie soort kulturele imperialisme, ontstaan daar dikwels bewegings en pogings om die primêre kultuur te probeer beskerm en behou. So is daar aan die einde van 2003 in die media berig dat regerings in die Midde-Ooste bereid is om in nuwe handelsooreenkomste met die VSA te tree, maar met die uitsluitlike voorwaarde

dat hulle kultuur nie daardeur aangetas word nie (Ferreira, 2003:10). Teen die agtergrond van die VSA en Brittanje se militêre invalle in Afghanistan en Irak kan dit beskou word as 'n duidelike teken dat die betrokke regerings terdeë besef dat veral die VSA oor geweldige militêre en ekonomiese mag beskik. Desnieteenstaande is hulle egter nie bereid om hulle bevolkings bloot te stel aan kulturele imperialisme deur die VSA nie. Nog 'n voorbeeld van 'n poging om die primêre kultuur te beskerm, is in Kanada waar daar tans wetgewing geld waarvolgens kulture wat in kontak met mekaar is, gedwing word om eerder saam te smelt en by mekaar aan te pas, as dat die dominante kultuur die ander bedreig en uiteindelik vernietig (Baum, 1994:106).

Konflik tussen mense vanuit verskillende kulture word vererger, wanneer daar stereotipering voorkom. Dit word algemeen beskou as een van die groot struikelblokke in die kontak tussen mense van verskillende kulture (sien Brislin, 2000:198; Scollon & Scollon, 1995:157). Stereotipering ontstaan wanneer mense van ander kulture in bepaalde kategorieë ingedeel word volgens eie subjektiewe persepsies oor hulle en hulle kulture. Op grond hiervan word eie optrede teenoor bepaalde groepe dan georganiseer. In die meeste gevalle is stereotipering egter die gevolg van beperkte, lui of misleide persepsies (Rubin & Stewart, 1998:267). Bepaalde vooroordele dra daartoe by om hierdie misleide persepsies te versterk. So het die ideologie van rassisme onder meer ontstaan op grond van die persepsie dat 'n bepaalde rassegroep beter sou wees as 'n ander (Rubin & Stewart, 1998:269; sien Mazrui & Mazrui, 1998:61).

Etnosentrisme is 'n verdere struikelblok in die kontak wat mense vanuit verskillende kulture met mekaar het. Etnosentrisme ontstaan wanneer iemand vanuit die bril van 'n eie kultuur, ander kulture as minderwaardig teenoor sy eie beskou (Rubin & Stewart, 1998:275). Dit lei daartoe dat mense vanuit hierdie sogenaamde minderwaardige kulture nie as gelykes beskou of behandel word nie. Gevolglik word ook nie moeite gedoen om die kulture van ander te ondersoek en te probeer verstaan nie en op sy beurt lei dit weer tot verdere misverstand en konflik.

Uit bogaande is dit dus duidelik dat kontak tussen mense vanuit verskillende kulture dikwels lei tot kommunikasieprobleme, misverstand en konflik. Dit word dikwels vererger deur stereotipering, vooroordeel en etnosentrisme.

3.2.3. Moontlike oplossings vir die problematiek

Ten spyte van die problematiek daar rondom, is dit tog moontlik om interkulturele kontak op so 'n manier te struktureer dat dit 'n aanwins word vir elke deelnemer en nie 'n probleem nie. Multikulturaliteit is nie iets wat in die toekoms gaan verdwyn nie. Interkulturele kontak en kommunikasie gaan in die toekoms al belangriker word (Samovar & Porter, 2001:18). Daarom is dit van groot belang om ernstig hieraan aandag te gee.

Volgens Rubin & Stewart (1998:263) is die menslike brein in staat daartoe om enige nuwe inligting te stoor. Derhalwe is dit moontlik vir mense vanuit verskillende kulture om by mekaar te leer. Wat nodig is, is die regte gesindheid teenoor mekaar, asook die skep en gebruik van geleenthede om tyd met mekaar deur te bring. Kontak met ander kulture forseer 'n mens uit jou kulturele isolasie en gee die geleentheid om gemeenskap met mense vanuit ander kulture te bou. Die voorwaarde hiervoor is egter dat werklike diepgaande kommunikasie met mekaar sal plaasvind en dat respek vir mekaar getoon sal word. Blote akkommodasie en verdra van mekaar ter wille van die situasie bring nie die verlangde resultate nie (Gittins, 1989:40). Boekekennis is ook nie genoeg om die taal en gebruike van 'n ander kultuur aan te leer nie. Kontak en kommunikasie moet eerstehands gebeur. Belewing, self probeer, eksperimenteer, betrokke wees en gemeenskap bou, is alles maniere om die kultuur van 'n ander te leer verstaan (Gittins, 1989:42-43).

In die proses van interkulturele kontak is dit van groot belang dat elke deelnemer hieraan moet raaksien dat diversiteit verrykend is (Brislin, 2000:237). Barker-Reineke (2000:140) meen tereg dat een van die grootste geskenke wat een persoon aan 'n ander kan gee, juis is om hom te laat deel in die rykdomme van jou kultuur (Barker-Reineke, 2000:140). Tydens kontak met mense vanuit ander kulture moet die wedersydse oordrag van hierdie rykdomme 'n primêre fokus wees.

Elke deelnemer aan hierdie kontak moet voorts besef dat elke kultuur goeie en swak punte het. Kulture kan mekaar wedersyds positief beïnvloed deur sekere aspekte by mekaar te bevestig en ander te korrigeer (Van der Walt, 1997:92). Deur te vergelyk, leer die mens om die swakhede van sy eie kultuur raak te sien (Van der Walt, 1997:70), maar ook om die goeie punte van sy kultuur opnuut te waardeer (Costas, 1981: 174-180). Wat hierin egter uiters belangrik is, is dat die goeie en regte elemente in elke kultuur behoue moet bly. Die goeie elemente moet voortdurend reformatories verbeter word, terwyl die slegte elemente reggestel moet word (Van der Walt, 1999:231).

Die gevolge van uitgebreide interkulturele kontak is volgens Brislin (2000:410) dat etnosentrisme afneem, geslagsgelykheid oorweeg word, kritiese denke oor die eie kultuur toeneem, meer navorsing onderneem word, stereotipering toenemend vermy word en beter begrip vir die dinamika van interkulturele kontak ontwikkel word. Dit beteken egter nie dat werklike assimilering noodwendig die gevolg is wanneer kontak tussen mense vanuit verskillende kulture (selfs met die regte gesindheid en benadering) plaasvind nie. Bestudering van die werklikheid wys uit dat mense wat naastenby dieselfde is, mekaar se geselskap eerder sal uitsoek voor hulle dit doen met mense vanuit vreemde kulture. Wanneer die interkulturele kontak plaasvind tussen mense vanuit totaal verskillende kulture, is die kanse op werklike gemeenskap en assimilasie redelik skraal.

Nagenoeg 70% van die wêreld bevolking is volgens Rubin & Stewart (1998:68) deel van kollektiewe kulture. Kollektivisme kom voor wanneer mense vertrou op 'n bepaalde in-groep (familie, organisasie ens.) om hulle te beskerm en versorg. In ruil hiervoor bied hulle absolute lojaliteit aan lede en kultuur van die in-groep. Dan kom die in-groep se belange eerste, samewerking binne die groep kry 'n geweldige hoë premie en die norme en kultuur van die groep word gerespekteer en bevorder. In sekere gevalle gebeur dit selfs ten koste van die private lewe van groepslede (Rubin & Stewart, 1998:67). Wanneer iemand van buite 'n bepaalde in-groep met die lede van die in-groep probeer kommunikeer en assosieer, bring dit struikelblokke en ongemak. Alleen iemand wat volledig aanvaar word as deel van 'n bepaalde in-groep word ook toegelaat om daardie groep se kultuur, kodes en taalgebruik te deel (Scollon & Scollon, 1995:135). Iemand vanuit 'n totaal vreemde kultuur sal hiervolgens dus eerder beskou word as iemand wat buite die in-groep hoort en as sodanig sal so 'n iemand nie maklik volledig binne die in-groep en sy kultuur aanvaar word nie.

Assimilasie binne 'n vreemde kultuur vind dus nie maklik plaas nie. Dit verg nie alleen die regte geleentheid en benadering nie, maar ook die regte gebruik van tyd. Tydsberekening asook verloop van tyd is hier van kritiese belang.

Kollektivisme kan uiteraard nie in alle gevalle veroordeel word nie. Daar is 'n bepaalde dinamika in wat logies en sinvol kan wees. Weens die groot verskille wat daar soms tussen bepaalde kulturele groepe bestaan, kan dit uiters problematies en destruktief wees om assimilasie te wil bewerk. Tog moet gemaan word teen 'n oordrywing van kollektivisme. Saam met Smit, J.H. (1999:25) kan gestem word dat gesentraliseerde kollektivisme net so verkeerd is as selfgesentreerde individualisme.

3.2.4. Konklusie met betrekking tot die werklikheid van multikulturaliteit

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die werklikheid van multikulturaliteit:

- Multikulturaliteit is 'n gegewe regoor die wêreld. Waar mense vanuit verskillende kulture met mekaar saamleef, bring dit 'n eiesoortige problematiek
- Kommunikasie oor kulturele grense is redelik problematies. Elke kultuur en taal het eiesoortige uitgangspunte en bepaalde diskoers konvensies. Ook nie-verbale aspekte speel 'n belangrike rol in die kommunikasieproses. Dit maak van kommunikasie in hierdie omstandighede 'n uiters komplekse proses.
- Kontak met mense uit vreemde kulture lei dikwels tot konflik. Gewoonlik gebeur dit wanneer die optrede van mense van een kultuur lei tot dominering of verdringing van die ander. Stereotipering, vooroordeel en etnosentrisme speel hierin 'n verdere destruktiewe rol. As teenreaksie kom daar dan teenstand en konflik.
- Soms gebeur dit wel dat inkulturasie of akkulturasie voorkom wanneer mense van verskillende kulture met mekaar te doen het.
- Die aanleer van tegnieke vir inter-kulturele kommunikasie, gereelde kontak met mense uit ander kulture en 'n positiewe siening van die vermoë van verskillende kulture om mekaar te verryk, kan wedersydse aanvaarding van mekaar aanhelp. Tydsberekening en die verloop van tyd is ook van kritiese belang wanneer kontak gemaak word met mense uit ander kulture. Kollektivisme sal egter altyd 'n faktor bly om mee rekening te hou.

3.3. Enkele Bybelse gegewens oor multikulturaliteit

3.3.1. Inleiding

In 'n studie van hierdie aard is dit noodsaaklik dat die werklikheid ondersoek word teen die agtergrond van dit wat die Here in sy Woord openbaar. Hoewel daar in die Bybel nie noodwendig direkte verwysings is na aspekte soos kultuur en multikulturaliteit nie, kan beginsels met betrekking tot hierdie saak wel afgelei word uit sekere teksgedeeltes. Gevolglik word 'n ondersoek gedoen na gegewens in die Woord van God wat lig werp op die verskynsel van multikulturaliteit. Omdat dit die uitgangspunt van hierdie studie is dat beide die Ou en Nuwe Testament gesamentlik die totale en gesagvolle Woord van God is en 'n ondersoek na bepaalde beginsels daarin alleen volledig kan wees indien beide dele ondersoek word, word vervolgens eers 'n ondersoek gedoen na gegewens uit die Ou Testament, waarna dieselfde met die Nuwe Testament gedoen word.

3.3.2. Gegewens uit die Ou Testament

3.3.2.1. Die vryheidslied van Israel: Eksodus 15

Wanneer die Here die Israeliete uit Egipte verlos en hulle laat uittrek na die beloofde land, kom hulle weldra voor 'n groot krisis te staan. Die farao van Egipte besluit om hulle met sy leër agterna te sit en keer hulle teen die Rooi See vas (Eks. 14:1-9). Die vrees en wanhoop van die Israeliete (Eks. 14:10-13) verander egter spoedig in verwondering asook uitbundige lof en vreugde wanneer die Here hulle met 'n magtige wonderwerk op droë grond deur die see laat trek, maar die farao en sy leërmag daarin laat verdrink (Eks. 14:15-31). Dit laat die volk van God in 'n loflied uitbreek, met Moses as voorganger (Eks.15:1-18).

Net soos die werklike gebeure in Eksodus 14 volg die lied in sy struktuur ook die kontoere van bekommerde uitroepe oor die dreigende gevaar, God se woordelikse reaksie, sy daad van verlossing en die lofprysinge wat daarop volg (Fretheim, 1991:162). In die lied word dit sterk beklemtoon dat God se reddende dade direk ooreenkom met die spesifieke nood wat sy skepsele teenoor Hom uitspreek. God antwoord hierop deur sy volk te verlos en hulle na hulle eie land te lei. Die belofte van 'n eie land hang ook ten nouste saam met die vestiging van 'n eie kultuur. Sentraal in die kultuur van Israel is die geloofsuitdrukking wat bepaal hoe die lewe in die gemeenskap ingerig word. Hiermee is die lied van Moses dan terselfdertyd ook 'n lied wat juig oor die verlossing van Israel uit die kulturele oorheersing en verknegting wat hulle vir so lank in Egipte moes verduur.

Een van die eerste reaksies by die volk van God is om aan die volke om hulle te vertel wat Hy ten behoewe van hulle gedoen het (Fretheim, 1991:163). Hierdeur word Hy nie net aan hulle verkondig nie, maar word hulle ook as volk gestel teenoor die ander volke. Hulle word onderskei van die ander volke op grond van God se reddende dade wat Hy spesifieke vir hulle in hulle nood verrig. In die vraag "Wie is soos U?" word die gode van die omliggend volke uitgedaag en as niksseggend afgemaak in vergelyking met God.

In die verwysing na die omliggende volke soos die van Filistea, Edom, Moab en Kanaän (Eks. 15:14-15), word die geloofseie, maar daarmee saam ook die kultuureie van Israel teenoor dié van die ander volke gestel. Omdat hulle op die grens met Egipte gewoon het (en bekend was vir hulle militêre optredes (Sarna, 1988:42-43)), was die Filistyne na wie hier verwys word, moontlik die eerste volk wat gehoor het van die uittog van die Israeliete. Die verwysing na die mense van Edom en Moab wat daarop volg, dui op die ompad wat Israel later sou neem deur

die trans-Jordaan gebied op reis na die beloofde land. Kanaän verwys na die gebied waarin Israel hulle later sou vestig. Dit dui alles dus op die pad van verlossing, vryheid en selfbeskikking wat Israel deur die magtige hand van Jahweh sou loop. Terselfdertyd toon dit ook aan hoedat die verstrooiing by die toring van Babel (Gen. 11) daartoe gelei het dat verskillende volke hulle as kulturele eenhede in die omgewing begin vestig het. Multikulturaliteit was met die uittog uit Egipte reeds 'n werklikheid.

Nie een van hierdie volke het geglo in die God van Israel of Hom aanbid nie. Gesien teen die agtergrond van die feit dat die religieuse aspek van mens-wees die kernaspek is wat die vorming van kultuur bepaal (sien by 2.1 hierbo), kan hieruit afgelei word dat die kultuur van Israel, gebou op hulle geloof in God, voorgehou word as meer ideaal en meer aanvaarbaar as dié van die volke om hulle.

3.3.2.1.1. Konklusie met betrekking tot die vryheidslied in Eksodus 15

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die vryheidslied van Israel in Eksodus 15:

- Die lied in Eksodus 15 sing nie net oor die grootheid van God en sy magtige verlossingswerk ten behoewe van sy volk nie. Dit vertel ook vir die omliggende volke van hulle God: wie Hy is en wat Hy vir hulle doen.
- Daarmee word die volk van God onderskei van die ander volke in die omgewing. Dit word gedoen om Israel se geloof in God teenoor die afgodediens van die ander te stel. Te midde van ander volke, met elk hulle eie kultuur, word die kultuur van Israel, wat ontwikkel het op die fondament van die geloof in die enige ware God, voorgehou as die ideale en aanvaarbare.
- In die verkondiging van God se verlossingsdade aan die omliggende volke kan reeds die stippellyne gesien word van 'n verenigde volk van God, saamgeroep uit alle nasies en kulture.

3.3.2.2. Die vreemdeling in die Ou Testament

In die Ou Testament is daar gereelde verwysings na "die vreemdeling." Binne die konteks van Israel se geskiedenis, verwys hierdie term na mense vanuit ander kulture wat saam met die Israeliete uit Egipte getrek en in die land Kanaän gevestig het. Volgens Kloppers (1986:1-2) was daar 'n beduidende groep mense uit verskillende kulture wat saam met die Israeliete uit Egipte getrek het. Onder

bepaalde omstandighede kon hulle deel in sekere voorregte van die Israeliete. Later het sekeres vrywillig of moontlik onder dwang deel geword van die Israelitiese gemeenskap.

Die "vreemdeling" in Israel word aangedui met die Hebreeuse terme גֵּר, נָכְרִי en זָר. 'n Woordstudie van hierdie terme gee 'n goeie beeld van die "vreemdeling" wat onder Israel voorgekom het en wat hulle posisie (as mense vanuit vreemde kulture) onder Israel was. Dit gee voorts 'n goeie aanduiding van dit wat die Here van sy volk verwag in hulle optrede teenoor mense vanuit ander kulture.

3.3.2.2.1. Die Hebreeuse term גֵּר

Die Hebreeuse term גֵּר word die meeste kere in die Ou Testament gebruik om "die vreemdeling" in Israel aan te dui. Dit verwys na iemand wat op reis is deur 'n bepaalde plek, 'n vreemdeling is, 'n buitelander is, of 'n persoon wat op 'n ander plek as sy eie land bly. Gesenius is van mening dat גֵּר 'n sinoniem het in die Hebreeuse term תּוֹשָׁב (bv. Gen. 23:4) (Gesenius, 1991: 178). Volgens de Vaux (1960:139) is daar egter 'n verskil tussen die גֵּר en die תּוֹשָׁב. Laasgenoemde is volgens hom op beide sosiale sowel as godsdienstige vlak nie so volledig geassimileerd met die Israeliete as die גֵּר nie. Hulle is nie so goed gevestig in die land nie, is minder afhanklik van die Israeliete en het nie werklik vaste blyplek in Israel nie. Daar blyk dus 'n graadverskil te wees in die assimilasie in Israel tussen die גֵּר en die תּוֹשָׁב.

Volgens Brown (1975:360) is die גֵּר in die eerste plek 'n nie-Israeliet wat in die land Kanaän gevestig het en gewoonlik onder die gesag van 'n Israelitiese stam- of plekhoof staan. Hy is 'n inwoner sonder burgerregte, maar het in teenstelling met die slaaf steeds persoonlike vryheid. Hy word nie toegelaat om grond as eiendom te besit of te verkry nie, maar word wel beskou as 'n burger van die land. As sodanig staan die גֵּר onder die beskerming van die wet, binne die jurisdiksie van Israel, net soos die weduwees en weeskinders (Eks. 22:21; Deut. 1:16-18).

Die term גֵּר verwys ook na iemand wat net tydelik in Israel is. In Lev. 16:29 verwys גֵּר na iemand wat nie in Israel gebore is nie maar net daar vertoef. As sodanig verkeer hy as gas en beskermling in Israel en geld dieselfde voorskrifte vir optrede teenoor hom as vir diegene wat hulle daar vestig. In hierdie

teksgedeelte kom daar egter nog die bepaling by dat die גֵּר net soos 'n gebore Israeliet geen werk op die Groot Versoendag mag doen nie.

Op verskeie plekke in die Ou Testament word die Israeliete daaraan herinner dat die aartsvaders net sulke vreemdelinge was in 'n vreemde land en dat hulleself as volk ook vreemdelinge was in Egipte (Eks. 2:22; Eks. 22:21; Eks. 23:9; 1 Kron. 29:15; Ps. 39:13; Ps. 119:19; Ps. 120:5 ens.). Hulle weet dus hoe moeilik dit is om as vreemdeling tussen mense van 'n ander volk en kultuur te leef en moet toesien dat die vreemdelinge tussen hulle nie op dieselfde manier swaarkry nie. Hulle mag die vreemdelinge nie verwerp omdat hulle vanuit 'n ander kultuur kom nie, maar moet met deernis optree en hulle akkommodeer as deel van hulle volk.

In 1 Kron. 29:15 word nog 'n verdere motivering gegee vir 'n benadering van liefde teenoor die vreemdelinge in die midde van Israel. In hierdie dankgebed lê Dawid die klem daarop dat elke Israeliet in werklikheid 'n vreemdeling en bywoner is voor Jahweh. Weens hulle sonde hoort nie een van hulle in sy teenwoordigheid nie en het hulle voor Hom geen regte nie. Hulle is in geheel afhanklik van sy genade. Ten spyte van hulle sonde sluit Hy egter in liefde steeds sy verbond met hulle en maak dit vir hulle moontlik om in sy teenwoordigheid te wees (Wilcock, 1987:116). Om hierdie rede het die verbondsvolk van Jahweh die verantwoordelikheid om met dieselfde genadige liefde op te tree teenoor elke גֵּר wat daar in sy midde is. Dawid se dankgebed sluit nóú aan by Deuteronomium 10:19 waarin Jahweh dit baie duidelik maak dat Hy die vreemdeling liefhet en Hy daarom ook van sy volk verwag om hulle lief te hê. Die term גֵּר het hier dus 'n religieuse konteks en word in verband gebring met die barmhartigheid, ontferming, liefde en verlossing van die Here.

In die Ou Testament is daar voorts ook aanduidings van die mate waarin die גֵּר wel deel gemaak is van die volkslewe in Israel. Volgens Num. 15:15 e.v. asook Deut. 16:10 word hy toegelaat om sekere bepalings van die seremoniële wet na te kom, waaronder die bepalings rondom die offers en godsdienstige feeste. Dié wat die besnydenis aanvaar kry selfs deel aan die Pasga en word later ten volle geïntegreer in die volk van Israel (sien bv. Eks. 12:48). Volgens Deut. 29:10-15 asook 31:9-13 is die vreemdeling deel van die vernuwing van die verbond wat Jahweh met sy volk het en moet hulle ook saamkom om die wet as verbondsbepalings te hoor en te leer ken.

Behalwe vir die uitsondering dat die גֵּר toegelaat word om aas te eet terwyl dit vir Israel steeds verbode is (Deut. 14:21), geld die volle spektrum van die religieuse lewe in Israel (beide voorregte en verpligtinge) vir die גֵּר in hulle midde. Hy moet die Sabbat saam met die volk heilig hou (Deut. 5:12-15), hy moet saam met Israel bly wees oor al die goeie dinge wat Jahweh hom gee om te geniet (Deut. 26:11) en hy moet net soos die res van Israel deel hê aan die godsdienstige feeste ter ere van Jahweh (Deut. 16:9-15). Teen hom mag nie gediskrimineer word nie (Deut. 27:14-26), hy moet genoeg geleentheid gegun word om 'n goeie lewe te leef (Lev. 25:35 e.v.), hy word toegelaat om die kos van die sabbatsjaar te geniet (Lev. 25:6), hy kry elke derde jaar deel aan die tiendes wat die volk voor Jahweh bring (Deut. 14:27-29 asook 26:12-15), hy het die reg op asiel (Num. 35:15) en sy uitroep om geregtigheid is voor Jahweh net so geldig wees as dié van 'n Israeliet (Lev. 19:33).

Dit is voorts ook insiggewend dat גֵּר in die Septuagint (behalwe vir Job 31:32) nie een keer vertaal word met ξένος nie, maar met προσηλύτος. Volgens Brown (1975:689) is dit 'n aanduiding daarvan dat die גֵּר nie beskou word as iemand apart van Israel nie, maar as (bekeerde) lid van die volk van God.

In 1 Konings 8:41 word melding gemaak van koning Salomo wat voorbidding doen vir die vreemdelinge wat kom om God te vereer. Salomo bid dat Hy hulle ook sal aanhoor en verhoor. In Esegiël 47:22 e.v. is daar 'n toekomsblik wanneer die volle gelykheid van Israeliete en vreemdelinge in die vooruitsig gestel word. Dit sluit aan by die verwysing in Jesaja 14:1 na die גֵּר in Israel. Volgens Calvyn (1900:172-173) is dit 'n merkwaardige voorspelling van die Christendom wat sou kom. In die toekoms, na die koms van die Messias, sal die volk van die Here bestaan uit meer as net gebore Israeliete. Ook uit die geledere van die vreemdelinge sal diegene wat waarlik glo by God se verbondsvolk gevoeg word. So sal die volk van die Here versterk word uit die geledere van die heidene. Dan sal almal saam (uit verskillende geboortelande, afkomste en kulture) die Verlosser uit die huis van Jakob aanbid.

Bogenoemde insluiting van die גֵּר as deel van die verbondsvolk van Jahweh was egter nie altyd aan die orde van die dag nie. Dat die Israeliete hulle nie altyd gehou het aan die bepalings rondom die גֵּר in hulle midde nie, kom duidelik na

vore in gedeeltes soos byvoorbeeld Deuteronomium 28:36-46. Hier waarsku die Here sy volk dat sekere strawwe en vloeke hulle sou tref indien hulle Hom nie sou gehoorsaam nie. Een van die strawwe is dat die גֵּר die geldmag sal verkry terwyl die Israeliete gedwing sal wees om by hulle geld te leen (Deut. 28:43). Hieruit blyk dit dat die גֵּר oor die algemeen in Israel in 'n swakker finansiële posisie as die Israeliet was en dat dit vir die Israeliete heeltemal aanvaarbaar en normaal was. Nog 'n gedeelte wat in hierdie verband ter sprake kom is Jeremia 14:8. Hier word verwys na Jahweh wat vir sy volk veraf is en soos 'n גֵּר in die land optree. Hy is soos 'n reisiger wat maar net vertoef om oor te slaap maar wat geen permanente belange in die land het of toon nie. Dit is vir Jeremia asof Jahweh maar net staan en toekyk hoedat slegte dinge met sy volk gebeur, maar nie ingryp of betrokke te raak by hulle nie (Kidner, 1987:66). Dit is egter nie Jahweh wat gevoelloos of ontrou is nie. Die fout lê by die volk. Omdat hulle geen permanente of innige verhouding met Jahweh het nie, kan hulle ook nie 'n blywende belewing van sy teenwoordigheid hê nie. Daarom voel Hy vir hulle ver en eenkant soos wat 'n vreemdeling en reisiger vir hulle sou voel (Thompson, 1981:380-381). Hieruit is daar dus ook 'n duidelike aanduiding dat die גֵּר in Israel nie veel aandag gekry het van die volk nie en merendeels maar as 'n buitestaander beskou en behandel is.

3.3.2.2.2. Die Hebreeuse term נָכְרִי

Daar is vier plekke in die Ou Testament waar die term נָכְרִי gebruik word om na die vreemdeling in Israel te verwys. Hierdie woord het die betekenis van 'n vreemde of onbekende land, 'n vreemdeling (soms met die gedagte van vyandigheid, bv. Psalm 18:45-46), of 'n vreemde of onbekende iets of iemand (Gesenius, 1991:551). Volgens Kloppers (1986:1) is die נָכְרִי 'n uitlander wat 'n burger is van 'n vreemde land en net tydelik in Israel vertoef. Wat geld vir die Israeliete se houding teenoor die גֵּר, geld net so ook vir hulle houding teenoor die נָכְרִי.

3.3.2.2.3. Die Hebreeuse term זָר

Die Hebreeuse term word ook gebruik om 'n vreemdeling aan te dui. Volgens Gesenius (1991:252) kan dit selfs 'n vyand aandui. Die wortel van hierdie woord is זוּר, wat iets beteken soos om weg te draai, weg te gaan, weg te draai van die bekende weg, anders te wees, oor te bly by iemand, vreemdeling wees, van 'n ander nasie wees, 'n gebore vreemdeling wees, vyand of barbaar of hater wees.

Derhalwe kan זָר dus ook dui op iemand uit 'n ander familie of selfs iemand wat onwettig optree. Nuut wees of totaal ongehoord wees en daarom ook verwerplik wees (Gesenius, 1991:252), asook onverstaanbaar wees, is verdere betekenismoontlikhede van hierdie term (Brown, 1975:684). Dit is dus duidelik dat 'n verwysing na die vreemdeling in Israel deur middel van hierdie term gekoppel word aan 'n negatiewe konnotasie en iets weerspieël van die houding en gesindheid wat daar in Israel was ten opsigte van die זָר in hulle midde.

3.3.2.2.4. Konklusie met betrekking tot die vreemdeling in die Ou Testament

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die vreemdeling in die Ou Testament:

- In die Ou Testament word dikwels verwys na die vreemdeling in die midde van Israel. Dit dui op iemand vanuit 'n ander kulturele agtergrond, wat tydelik of meer permanent in Israel vertoef of gewoon het. Die vreemdeling word as minder bevoorregte beskou en moet beskerm word, net soos ander kwesbare groepe in die gemeenskap soos byvoorbeeld die weduwees en wese.
- Die vreemdeling moet Israel as 't ware herinner daaraan dat hulle self vreemdelinge in Egipte was, maar dat die Here hulle daaruit verlos het. As vreemdelinge het Israel self ruimte en 'n tuiste in Egipte ontvang en moet daarom op hulle beurt die vreemdeling in hulle midde net so behandel. God se liefde teenoor hulle moet in hulle optrede teenoor die vreemdeling weerkaats word.
- Wanneer hulle nie hulle dankbaarheid teenoor Hom wys met hulle optrede teenoor die vreemdeling in hulle midde nie, kan Israel die straf van die Here daarop verwag.
- Die vreemdeling moet ingetrek word om deel te word van die volk van God. Hy ontvang die voorregte en deel in die verpligtinge van die verbond. Ook die seremoniële voorskrifte rondom die Sabbat, offers, feeste ensomeer, word vir hom ontsluit.
- Die oproep kom regdeur om nie die vreemdeling te onderdruk nie. Tog kry Israel dit nie reg om ten alle tye gehoor te gee aan die opdrag om die vreemdeling in hulle midde in liefde te akkommodeer nie.

3.3.2.3. Die koningspsalms

Behalwe dat die meeste van die Psalms in die Bybel gebonde is aan een bepaalde kultuur, vorm kry binne hierdie kultuur en ook gerig is tot die deelnemers van hierdie kultuur, is daar tog ook aanbevelings dat kultuurgrense op 'n bepaalde wyse oorgesteek moet word. So kom dit byvoorbeeld in die "koningspsalms" na vore. As koning van Israel het die heerser nie alleen die taak om sy eie onderdane te waarsku en aan te moedig om die Here reg te bly gehoorsaam nie. Hy het ook uit hoofde van sy internasionale verbindinge die taak om oor kultuurgrense heen te waarsku en op te roep tot gehoorsaamheid aan Jahweh as die enige ware God. Psalm 2:10 en verder is 'n goeie voorbeeld waar die koning die nasies aanspreek om nie te rebelleer teen die Here nie, maar om Hom met eerbied te aanbid en eer. Ook Psalm 75:5-8, Psalm 4:3-6, Psalm 52:3 en verder, Psalm 62:4, Psalm 94:8 en verder, Psalm 62:9 en verder asook Psalm 11:1 en verder is voorbeelde hiervan (Eaton, 1976:181-182)

In die koningspsalms kom dit ook dikwels na vore dat die koning van Israel dien as getuie vir die wêreld. As iemand wat die onuitspreeklike rykdomme van God in sy teenwoordigheid beleef, moet die koning nie net voor die volk nie, maar ook voor die hele wêreld vertel wat hy beleef. Moontlik kom hierdie opdrag voort uit gedeeltes soos Jesaja 55:4 (waar die koning genoem word "getuie vir al die nasies") asook die term עֵד (getuie) wat gevind kan word in Jesaja 43:10 en verder asook 44:8 en verder waarin die hele volk opgeroep word tot hierdie selfde taak. In Psalm 18:50, Psalm 57:8-11, Psalm 61:9, Psalm 63:4-6, Psalm 118:19, Psalm 144:9 en verder, Psalm 9:2 en verder, Psalm 89:2, Psalm 89:37 en verder, Psalm 138:1, asook Psalm 22:23 en verder kom dit ook na vore (Eaton, 1976:182-184).

3.3.2.3.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die koningspsalms:

- Die koning van Israel het die verantwoordelikheid om as internasionale rolspeler 'n getuie vir al die nasies te wees. In die koningspsalms word hy uitgebeeld as die een wat die taak het om oor internasionale- en kultuurgrense heen mense uit alle volke, gelowe en kulture op te roep tot bekering en aanbidding van Jahweh, die Verbondsgod van Israel.
- Die koning tree hierin op as verteenwoordiger van die hele volk, wat die opdrag het om aan alle nasies te verkondig dat Jahweh God en Koning is.

3.3.2.4. Israel en die volke rondom hulle

In die tyd van die Ou Testament was Israel omring deur 'n verskeidenheid volke. Volgens Isserlin (2001:24-25) was die Israeliete merkwaardig ingelig oor die volke wat rondom hulle gewoon het. Sekere tale, waaronder Aramees asook Egipties, is aangeleer deur gegoedes in Israel wat dit vir hulle sakebelange nodig gehad het.

Die verskillende kulture waarmee Israel in Kanaän te doen gekry het, het uiteraard bepaalde invloede op hulle uitgeoefen. So was die betaal van die tiende (Lev. 27:30; Num. 18:28 ens.) nie iets wat uniek aan Israel was nie. Verskeie volke om hulle het dit as erkende gebruik geken. Nie alleen was dit 'n politieke gebruik dat onderdane tiendes aan die koning betaal nie, maar dit was ook 'n bekende religieuse praktyk in daardie tyd. Dit is voorts bekend dat Kores die Pers ook later sy soldate 'n tiende van hulle buit aan die god Zeus laat gee het (Brown, 1975:851).

Schroer (1994:5-7) wys op talle ooreenkomste tussen die geskrifte van ou Israel en dié van sy bure in Kanaan. Vir haar dien dit as bewys dat inkulturasie in Israel plaasgevind het hoewel daar vir haar genoeg gegewens bestaan om tot die gevolgtrekking te kom dat die Israeliete merendeels hulle eie godsdienstige inhoud hieraan gegee het. Wat die sosiale strukture, grondwetlike idees en regering in Israel betref, was dit nóú gekoppel aan en beïnvloed deur die volke om hulle. Veral die Wes-Semitiese volke en die vroeë Arabiese volke het hier 'n beduidende invloed gehad. Later het selfs ook die leefwyse van vroeë Griekse setlaars in Palestina 'n invloed op die gemeenskapslewe in Israel gehad. Ook die manier waarop dorpe en stede ontwikkel en gebou is, kom sterk ooreen met dié van die volke wat om Israel gewoon het (Isserlin, 2001:110-111; 143-144).

Die Joodse volk het nie werklik op wetenskaplik-tegniese vlak kultuurarbeid verrig soos wat algemeen aan die orde van die dag was onder die volke rondom hulle nie. Veral die Egiptiese en Babiloniese kulture rondom hulle was bekend vir gevorderde ontwikkelings op hierdie vlak. By Israel word nie soveel hiervan gevind nie (Isserlin, 2001:160). Oor die algemeen was Israel eerder sterk gerig op landboubedrywighede. Opgrawings toon dat daar sterk ooreenkomste bestaan het tussen die wyse waarop Israel en die omliggende volke landbou beoefen het (Isserlin, 2001:149). Handel was onontbeerlik vir die ekonomiese oorlewing van Israel. Sekere goedere waaronder sout, graan, slypstene en erdewerk is

uitgevoer, terwyl luukse kommoditeite soos sekere soorte tekstiel, parfuum, kruie, ivoor, goud en silwer ingevoer is. Dit het tot gevolg gehad dat daar langs handelsroetes kontak gemaak is met mense uit verskillende kulture tot sover as Afrika, Arabië, Indië en Sri Lanka (Isserlin, 2001:181).

Hoewel Israel dus gedurig kontak gehad het met mense uit ander kulture en van hulle gebruike en idees oorgeneem het, het hulle hulleself egter volgens Isserlin (2001:8) steeds beskou as 'n unieke volk, wat afsonderlik van die ander nasies geleef het. Bo alles het Israel sy identiteit as volk gevind in die wet van die Here en die verbond wat Hy met hulle gesluit het. Iemand vanuit 'n ander kultuur kon wel daarvan deel word, indien hulle die God van Israel as die enigste God sou aanvaar en in Hom alleen sou glo (sien Jes. 55:4) (Becking & Korpel, 1999:105).

3.3.2.4.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor Israel en die volke rondom hulle:

- Israel het nie in 'n kulturele vakuum gewoon nie. Hulle het op verskeie maniere in kontak gekom met die volke rondom hulle. Elkeen (met sy eie kultuur) het 'n mate van 'n invloed op die volk van God uitgeoefen. Daarvan getuig sekere gebruike asook sekere geskrifte in Israel wat ooreenstem met dié van sekere volke wat rondom hulle geleef het.
- Dit blyk tog dat die Israeliete dikwels hulle eie godsdienstige en kulturele inhoud gegee het aan leengoedere uit ander kulture.

3.3.2.5. Samevattende konklusie: gegewens uit die Ou Testament

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor gegewens met betrekking tot multikulturaliteit uit die Ou Testament:

- Die volk van God het in 'n multikulturele wêreld geleef. Hulle het op verskillende maniere in kontak gekom met mense vanuit ander kulture. In bepaalde gevalle is hulle wel beïnvloed deur die kulture om hulle, maar dikwels het hulle dan 'n eie inhoud aan hieraan gegee, gegrond op hulle geloof in en aanbidding van Jahweh.
- In sekere gevalle het Israel as volk van God die uniekheid van hulle geloof (en daarmee saam van hulle kultuur) openlik gestel teenoor dié van die volke rondom hulle. Só kan die verlossing uit Egipte ook beskou word as 'n verlossing uit die kulturele dominering en oorheersing wat hulle daar deurgegaan het. Die verlossing het voorts 'n dieper religieuse dimensie

daarin dat dit reeds stippellyne begin trek na die eskatologiese vestiging van 'n nuwe volk onder die heerskappy van Jesus Christus, saamgestel uit gelowiges wat kom uit alle nasies en kulture.

- Die volk word telkens aangemoedig en opgeroep om hulle geloof in Jahweh aan almal om hulle te verkondig. Dit gebeur soms spontaan waar die hele volk dit saam doen (bv. die lied van Moses) en ander kere meer formeel, as deel van die kultus en in opdrag van Jahweh.
- Ook in die voorskrifte oor hoe die vreemdeling in hulle midde behandel moet word, kom hierdie missionêre dimensie na vore. Mense vanuit ander kulture moet in Israel beskerm word, in liefde aanvaar word, 'n tuiste gebied word en toegelaat word om in die geloof deel te kry aan die voorregte en verpligtinge van God se verbond met sy volk.
- Sonder om die werklikheid van multikulturaliteit te probeer systap, moes kontak met mense vanuit ander kulture gebruik word om deur middel van missionêre aktiwiteit hervorming in hulle kulture teweeg te bring, sodat dit inpas by wat God van sy volk verwag.

3.3.3. Gegewens uit die Nuwe Testament

3.3.3.1. Woordsoektog

'n Woordsoektog in die Nuwe Testament bring aan die lig dat daar op verskeie plekke woorde en terme voorkom wat aandui dat die omgewing van daardie tyd (net soos ook in die tyd van die Ou Testament) multi-kultureel was.

3.3.3.1.1. Die Griekse woord "Ελλην

Die Griekse woord "Ελλην kom verskeie kere voor in die boek Handelinge en 13 keer in die briewe van Paulus. Dit word gebruik om iemand aan te toon wat die Hellenistiese kultuur van daardie tyd aangehang het. Met hierdie term word 'n spesifieke onderskeid getref tussen die Joodse en die Grieks-Hellenistiese kulture van daardie tyd. Volgens Brown (1975:127) asook Louw & Nida (1989:127) word die woord "Ελλην in die Nuwe Testament dikwels gebruik om óf 'n Griek óf 'n heiden aan te toon. Dit word dus dikwels as 'n wisselvorm gebruik. Uit die oogpunt van 'n Jood was die Grieke niks anders as heidene nie.

In Markus 7:26 word die Griekse woord "Ελληνις gebruik om die Siro-Phoenisiese vrou te beskryf wat vir Jesus vra om die bose gees uit haar dogtertjie uit te dryf. Met "Ελληνις word hier bedoel dat sy uit 'n vermengde deel van die Hellenistiese kultuur gekom het en dat sy daarmee saam 'n heiden van afkoms was.

In Johannes 7:35 spreek die Jode hulle sterk afkeur uit omdat Jesus die Jode wat onder die Grieke gaan woon het, gaan besoek. Die gedagte dat Helleniste, Grieke en heidene vreemd is aan die Joodse geloof en kultuur en dus daarbuite staan, word ook hier uitgedruk in die gebruik van die terme ῞Ελληνων en ῞Ελληνας.

In Johannes 12:20 en verder word vertel dat daar 'n aantal Grieke na die tempel in Jerusalem kom om deel te hê aan die Joodse paasfees en saam met hulle te aanbid. Tekenend van hulle ondersoekende geloofserns, vra hulle vir Filippus dat hulle Jesus graag wil ontmoet, omdat hulle heel waarskynlik agtergekom het dat Hy in die omgewing van die tempel teenwoordig is. Hulle word met die term ῞Ελληνες beskryf, wat aantoon dat hulle heel moontlik Griekse proseliete was. Die gebruik van hierdie term wys daarop dat hulle (moontlik as gevolg van hulle kulturele afkoms) nog nie volledig as deel van die Joodse geloofsgemeenskap aanvaar is nie.

Volgens Johannes 19:20 is die opskrif wat bokant Jesus aan die kruis geheg is, geskryf in Hebreeus, Grieks en Latyn. Die Griekse woord ῾Ελληνιστί wat hier gebruik word en vertaal kan word met "in Grieks", het dieselfde stam (en konnotasie) as die woorde waarna hierbo verwys is. Met hierdie mededeling word die multikulturaliteit in die wêreld van die Nuwe Testament duidelik aangetoon. Mense uit die verskillende kulture van daardie tyd (die Jode, die Grieks-Helleniste sowel as die Romeine) kon almal duidelik weet wie dit is wat gekruisig word.

Handelinge 11:20 gee 'n duidelike aanduiding van Griekssprekende Joodse Christene wat die evangelie aan die Grieke verkondig. Hier word melding gemaak van Christene wat na die dood van Stefanus vervolg word. Sommiges vlug van Siprus en Sirene af na Antiogië en begin daar om die evangelie te verkondig aan van die Griekssprekende Jode wat daar woon. Die Griekse woord vir Griekssprekende Jode is ῾Ελληνιστὰς. Wanneer Paulus op sy sendingreise die evangelie verkondig, lê hy merendeels eerste besoek af by die Joodse gelowiges in 'n bepaalde omgewing. Daarna bring hy egter ook die evangelie aan die Grieke wat in daardie omgewing woon. Dat Grieks die wêreldtaal in daardie tyd was, het tot sy voordeel getel, want so kon hy Jode sowel as Griekssprekendes bereik. Oral het Jode en Grieke onder mekaar gewoon en kon hulle mekaar verstaan. In Handelinge 6:1 word verwys na Griekssprekende Jode en in Handelinge 9:29 is daar sprake van Jode wat Grieks gepraat en soos Grieke geleef het. Met verloop

van tyd het daar ondertrouery plaasgevind en so is byvoorbeeld Timoteus, Paulus se geestelike kind in die geloof, uit 'n gemengde huwelik gebore. Sy ma was 'n Joodse vrou en sy pa van Griekse afkoms (Van Rensburg, 1993:1882).

Multikulturaliteit was nie 'n onoorkombare struikelblok vir die verkondiging van die evangelie nie. Soos wat te verwagte kan wees wanneer mense vanuit verskillende kulture met mekaar kontak het (sien by 3.2.2.2 hierbo) was daar wel 'n sekere mate van konflik en verwydering tussen die Jode en die Grieke. So word in Handelinge 21:37 vertel hoedat die Romeinse offisier wat vir Paulus red uit die hande van die bloeddorstige (Joodse) skare, verbaas is dat Paulus wel Grieks kan verstaan. Wanneer Paulus dan die Jode toespreek (in Hebreeus), hoor hulle hom wel aan, maar net totdat hy sê dat die Here hom na die heidene gestuur het met die evangelieboodskap (Hand. 22:21). Dit laat die Joodse skare onmiddellik weer in woede uitbars, want die juiste rede vir hulle aanslag op sy lewe was dat hy volgens hulle die tempel onrein gemaak het deur Grieke (Ἕλληνας) in die tempel in te bring. Dat Paulus ook in van sy sendbriewe dit beklemtoon dat Christus die kultuurgrense tussen mense afgebreek het en dat Jood of nie-Jood nie werklik meer 'n tersaaklike onderskeiding geword het nie (Ef. 2:14-16; Kol. 3:11), wys ook daarop dat daar heelwat konflik tussen die Jode en mense vanuit ander kulture om hulle was.

3.3.3.1.2. Die Griekse term ξένος

Die Griekse term ξένος word gebruik om iemand aan te dui wat aan 'n vreemde sosiopolitiese groep behoort, of wat 'n vreemdeling of 'n uitlander is. Dit verwys dus na iemand wat van 'n ander land afkomstig is, of wat voorheen heeltemal onbekend was vir 'n bepaalde groep mense (Louw & Nida, 1989:132). Hierdie term kom dikwels in die Nuwe Testament voor, wat 'n verdere aanduiding is van die multikulturaliteit wat in daardie tyd voorgekom het.

In Matteus 25:34-46 waarsku Jesus sy volgelinge om onder andere ook nie die ξένος onder hulle te verwaarloos nie. Elke kind van God het 'n plig om ook aan die ξένος in hulle midde gasvryheid te bied en hulle in te trek in die warm liefdesgemeenskap van die gelowiges. Hiermee sluit Jesus uiteraard aan by die bepalings in die Ou Testament waarvolgens die Here sy volk die opdrag gegee het om niemand uit te sluit bloot op grond van etniese afkoms of kulturele agtergrond nie. Ook vir die vreemdeling moet daar plek gemaak word in die geloofsgemeenskap van God.

In Efesiërs 2:12 verwys Paulus ook na die ξένοι en verduidelik hy wat hulle posisie in die koninkryk van God is. Volgens hom was hulle aanvanklik uitgesluit uit die belofte en vervulling van die verlossing van Christus, omrede hulle as "uitlanders" geen burgerskap of burgerregte vanuit afkoms gehad het nie en buite-om Israel geleef het. Christus en die bedeling van die Nuwe Testament het dit alles egter kom verander en het ook nou nie-Israeliete deel hieraan gegee. Deel wees van die Joodse volk en kultuur is nie langer 'n uitsluitende voorwaarde vir deel wees van die koninkryk van God nie. In en deur Christus is Jode en nie-Jode nou tot een nuwe mensheid verenig en met God versoen (Ef. 2:15-18).

Net soos die geval is met die Israeliete in die Ou Testament, blyk dit uit gegewens in die Nuwe Testament dat die Jode nie altyd gehoor gegee het aan die opdrag om ook die ξένος in liefde te akkommodeer nie. Wanneer Judas volgens Matteus 27:3-10 die dertig silwerstukke omkoopgeld in die tempel kom teruggooi, besluit die hoëpriesters ná beraadslaging om die pottebakker se grond daarmee te koop as begraafplaas vir ξένοι. Hieruit is dit duidelik dat ξένοι wat in Jerusalem doodgegaan het (dit kon selfs ook Jode vanuit ander landstreke wees) in hulle eie, aparte begraafplaas begrawe is. Selfs met hulle dood was die ξένοι dus steeds beskou as buitestaanders.

3.3.3.1.3. Die Griekse term παρεπίδημος

Die Griekse term παρεπίδημος verwys na 'n persoon wat vir 'n sekere tydperk leef in 'n plek wat nie sy normale blyplek is nie en dus 'n vreemdeling, tydelike inwoner, bywoner of 'n buitelander genoem kan word. Παρεπίδημος is dus 'n vreemdeling wat om die een of ander rede woon in 'n land wat nie sy geboorteland is nie of wat onder mense woon wat nie sy eie mense is nie (Louw & Nida, 1989:133).

Volgens Hebreërs 11:13 is alle gelowiges, net soos die geloofshelde van die Ou Testament, maar net vreemdelinge en bywoners (παρεπίδημοι) op aarde. Die wêreld is nie die woonplek van die gelowiges nie. Elke gelowige begeer om burger te word van 'n ander vaderland: die koninkryk van die hemel, waar hy saam met sy eie mense (die kinders van God) sal woon. Uit hierdie verwysing blyk dit dat vreemdelinge en παρεπίδημοι van daardie tyd (soos vandag sekerlik nog steeds) nie werklik tuis gevoel het in die land waarin hulle hulle bevind het

nie. Hulle het dikwels ook gehunker daarna om weer deel te word van hulle werklike vaderland en onder hulle eie mense te woon.

Wanneer Petrus skryf aan die uitverkorenes van God en hulle in hulle swaarkry bemoedig, noem hy hulle παρεπίδημοι in 1 Petrus 1:1. Hiermee gebruik hy 'n woordspeling om hulle te herinner dat hulle miskien wel vreemdelinge en bywoners is in die landstreke waar hulle hulle bevind, maar dat hulle bo alles vreemdelinge en bywoners (παρεπίδημοι) is in die wêreld. Hy verwoord dieselfde gedagte van die Hebreër-skrywer dat gelowiges nie werklik hoort op aarde nie, maar in der waarheid 'n ander nasionaliteit het en maar net tydelike verblyf op aarde geniet. Die swaarkry van hierdie wêreld gaan verby, maar die dag kom wanneer die ewige saligheid vir elke kind van God aan die einde van die tyd geopenbaar sal word. Uit hierdie verwysing kan afgelei word dat die παρεπίδημος dikwels swaargekry het wanneer hy tussen mense van 'n ander kultuur moes woon en dat daar min sprake was van akkommodering in liefde.

3.3.3.1.4. Die Griekse term πάροικος

Volgens Louw & Nida (1989:133) het πάροικος dieselfde betekenis as παρεπίδημος hierbo.

In Efesiërs 2:19 gee Paulus die gelowiges uit die heidense nasies die versekering dat hulle nie langer meer vreemdelinge of πάροικοι is nie, maar in en deur Christus deel geword het van die huisgesin van God. Hy bemoedig hulle ook deur verder aan te toon dat hulle saam deel geword het van die heilige tempel, die geestelike huis wat God bou op die hoeksteen wat Jesus Christus self is. Vroeër is die heidene (mense vanuit ander gelowe en kulture) summier beskou as onheilig en onrein. Christus het egter gekom om ook die onheiligheid van die heidene (πάροικοι) weg te neem. Hulle is nie meer uitgesluit nie, maar in en deur Hom kan hulle ook nou deel wees van die heilige volk van God. Uit hierdie verse kan dus ook afgelei word dat mense vanuit ander gelowe en kulture (πάροικοι) merendeels deur die Jode as onrein en onheilig beskou is en gevolglik ook as sodanig behandel is (sien ook by 3.3.2.1.1. hierbo).

3.3.3.1.5. Die Griekse term ἀλλότριος

'Αλλότριος dui volgens Louw & Nida (1989:815) iemand anders of vreemd aan, of iemand wat aan iemand anders behoort of op 'n ander plek tuishoort.

In Matteus 17:25-26 word verhaal hoedat Jesus vir Petrus leer om nie aanstoot te gee nie, maar eerder die tempelbelasting te betaal. In die proses vra Hy vir Petrus van wie die konings hulle tol en belasting gewoonlik invorder: hulle seuns of ander mense. Petrus antwoord dat hulle dit van die ander mense (ἀλλότριων) insamel. Ἀλλότριοι was diegene wat afkomstig was uit verowerde nasies en hulle is gewoonlik in die eerste plek gedwing om belasting aan die oorwinnaar te betaal. Wanneer Jesus hier aan Petrus vra van wie die konings van die aarde hulle tolgeld en belasting invorder, fokus Hy dus Petrus se gedagtes op 'n bekende praktyk van daardie tyd. Konings het dikwels nie hulle eie mense laat belasting betaal nie, maar dit wel van oorwonne vreemdelinge geëis.

In Hebreërs 11:9 word hierdie term ook gebruik wanneer verwys word na Abraham wat as ἀλλότριος in Kanaän gaan woon het. Sy vreemdelingskap kom juis daaruit na vore dat hy in tente gewoon het. Hy kon nie soos 'n burger van die land vir hom 'n vaste huis of stad bou nie. Hy moes rondswerf en telkens maar weer sy tente opbreek om op 'n ander plek te gaan opslaan. Sy hele lewe was hy 'n vreemdeling in Kanaän en het hy nie tuis gevoel daar nie. Ook met sy nageslag, Isak en Jakob, was dit so dat hulle maar net vreemdelinge daar in Kanaän was en hulle moes in die geloof vashou aan die belofte van God dat hulle vreemdelingskap beëindig sou word en die land hulle eie sou word.

Vir 'n ἀλλότριος (iemand uit 'n vreemde kultuur) was die lewensomstandighede dus nie baie maklik nie. Hy kon nie vestig in die land nie en moes boonop belasting betaal aan die koning.

3.3.3.1.6. Die Griekse term ἀλλογενής

Die Griekse term ἀλλογενής verwys na iemand wat aan 'n ander of verskillende sosiopolitiese groep behoort met die duidelike implikasie dat die persoon geen verwantskapsbande in die gemeenskap het nie (Louw & Nida, 1989:133).

Uit Lukas 17:11-19 is dit duidelik dat die ἀλλογενής onder die Jode in die reël nie die Here geken het nie en dat daar ook nie eintlik van hulle verwag was om enige geloof in Hom te wys nie. Dat so 'n ἀλλογενής, 'n nie-Jood teruggekom het om Jesus te dank vir genesing van melaatsheid, was iets vreemds en onverwags (Luk. 17:18). Op 'n geloofsvlak is die ἀλλογενής dus ook nie aanvaar nie en eenkant gestoot.

3.3.3.1.7. Die Griekse term βάρβαρος

Volgens Louw en Nida (1989:136) dui die Griekse term βάρβαρος diegene aan wat nie deelneem aan die Griekse kultuur nie. Dit word dus as 'n antoniem gebruik vir die term Ἕλλην. Die fokus val hier op die totale Griekse kultuur en nie maar net die Griekse taal nie. Iemand uit 'n ander kultuur wat wel Grieks gepraat het, kon dus ook as 'n βάρβαρος bestempel word indien hy nie aan die res van die Griekse kultuur deel gehad het nie. Hier kan dus gepraat word van "beskaafdes" teenoor "onbeskaafdes." Met hierdie term word ook die plaaslike inwoners van 'n bepaalde streek, wat nie as deel van die beskaafde wêreld gereken word nie, aangedui (soos bv. in Hand. 28:2 waar die inwoners van die eiland Malta as βάρβαροι aangedui word). 'n Βάρβαρος is dus 'n vreemdeling vanuit 'n ander land en kultuur.

Βάρβαρος word voorts gebruik om te verwys na 'n sekere manier van optrede wat vanuit die oogpunt van die spreker uit 'n laer vlak van kultuur stam en derhalwe onbeskaaf is. Die meeste kulturele groepe is vir mekaar uiters vreemd met eerste kontak en die onderlinge verskille word met hierdie term verstaan en uitgedruk. In Kolossense 3:11 word dit treffend uitgebeeld waar Paulus verduidelik dat Christus alles en almal in Homself met Hom en mekaar versoen. Paulus verwys hier na Griek, Jood, besnyde, onbesnyde, andertalige (βάρβαρος), Skith, slaaf en vryman. Volgens Louw & Nida (1989:507-508) is dit moontlik dat Skith (Σκύθης) hier selfs kan verwys na iemand wat nog laer gereken word as die βάρβαρος van dieselfde vers. In die oë van 'n "beskaafde" Jood of Griek het 'n βάρβαρος dus nie 'n noemenswaardig kultuur gehad nie.

3.3.3.1.8. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor multikulturele terme in die Nuwe Testament:

- Daar kom 'n aantal Griekse terme in die Nuwe Testament voor, wat gebruik word om te verwys na mense vanuit ander kulture as die heersende Grieks-Hellensitiese, Romeinse of Joodse kulture.
- Dit blyk dat hierdie "vreemdelinge" swaar gekry het en nooit werklik tuis gevoel het in die midde van die oorheersende kulture van daardie tyd nie. Binne die Griekse kultuur is hulle as onbeskaafd en mense sonder noemenswaardige kulturele ontwikkeling beskou. Daar is van hulle vereis om belasting te betaal, hulle het dikwels van plek tot plek rondgeswerf en daar was min sprake van akkommodering of aanvaarding.

- Ook die Joodse volk het hierdie houding teenoor mense vanuit ander kulture gehad. Hoewel daar gevalle voorgekom het waar Jode met mense uit ander kulture in die huwelik getree het, het die meeste Jode op 'n vyandige manier teenoor vreemdelinge opgetree. Vreemdelinge (waar onder ook die Grieke) is beskou as heidene en onrein mense. Hulle is nie in die tempel toegelaat nie, omdat hulle na bewering die tempel sou ontheilig deur hulle onrein teenwoordigheid. Op 'n geloofsvlak is nie veel van vreemdelinge gedink nie en selfs proseliete is nie volledig aanvaar en deel gemaak van die geloofsgemeenskap nie. Tot in die dood is teen vreemdelinge gediskrimineer, deurdat hulle apart van die Jode begrawe is.
- Uit gegewens in die boek Handelinge en die sendbriewe blyk dit dat hierdie houding só diep gewortel was in die Joodse volk, dat Jesus se ernstige waarskuwing om mense uit ander kulture ook in die geloofsgemeenskap van die volk van God in te trek, (Mat. 25:34-46) min aandag gekry het. Ook sy voorbeeld, waar Hy dikwels mensgemaakte kulturele grense oorgesteek en kontak gemaak het met mense vanuit ander kulture as sy eie (sien 2.2.2 hierbo), is nie altyd getrou nagevolg nie.

3.3.3.2. Die volk van God onder Hellenistiese oorheersing

Hoewel daar in die tyd van die Nuwe Testament sprake is van 'n saamgroepering van Jode, Joodse Christene asook Christene uit die heidennasies (sien Rajak, 2001:554), is dit nie vergesog dat die Joodse kultuurgoedere vanweë die geskiedenis van die Joodse volk as uitverkore volk van God, 'n primêre deel van die Nuwe Testamentiese volk van God sou uitmaak nie.

Net soos in die tyd van die Ou Testament, was die Jode in die sg. "tussen-testamentêre tyd" asook in die tyd van die Nuwe Testament omring deur talle volke en kulture. Veral die leefwyse van die Romeinse oorheersers, sowel as die Griekse taal en denkpatrone van die Hellenisme het 'n bepaalde invloed op hulle leefwyse gehad (Rajak, 2001:ix). Die Hellenistiese kultuur, met sy strewe na kulturele eenheid, het 'n sterk invloed gehad op al die volke wat onderwerp was aan die agtereenvolgende oorheersing deur die PtolEmeërs, die Seleuciede en die Romeine. Van die Middellandse See tot in die streek wat vandag bekend staan as Noord-Indië, het Hellenisme hand oor hand toegeneem. Ook die Jode het hierdie beïnvloeding nie vrygespring nie (Newsome, 1992:3-6). Dit kan aanvaar word dat hierdie invloed, net soos in die tyd van die Ou Testament, op 'n wye verskeidenheid lewensterreine was.

Regoor die antieke Midde-Ooste en die Mediterreense wêreld was daar in daardie tyd groot getalle Jode wat verspreid gewoon het: in Babilonië, Egipte, Sirië, Klein Asië, Griekeland en die Romeinse Ryk (Grabbe, 1994:17). 'n Beduidende hoeveelheid van hierdie Jode kon nie meer Hebreeus of Aramees verstaan nie en het die Woord van God gelees in die Griekse vertaling daarvan, naamlik die Septuaginta (Rajak, 2001:3-4). 'n Verdere aanduiding van die invloed van die Hellenisme is volgens Newsome (1992:33) die verwysing in die Handelinge asook van die briewe van Paulus na die literêre werke van die Griekse skrywers Epimenides (Titus 1:12), Aratus (Hand. 17:28) en Menander (1 Kor. 15:33).

Ook op ander vlakke het die Hellenisme 'n beduidende invloed op die kultuur van die Jode gehad. Hengel (1974:15-18) verwys na die gebruik van Aleksander die Grote om groot getalle Joodse huursoldate in sy weermag op te neem. Wanneer hierdie huursoldate na afloop van hulle militêre diens na hulle tuisland teruggekeer het, het hulle noodwendig ook sekere gebruike en idees met hulle saamgeneem. So het hulle daartoe meegewerk om aspekte van die Hellenisme onder hulle volksgenote te versprei. Hengel (1974:55-57, 61-78) noem ook nog die invordering van belasting deur die Hellenistiese oorheersers, die skep van 'n staat waar die godsdienstige en sosiale leiers saam regeer, die bedryf van die ekonomie, die organisering van die samelewing, die onderwyssisteem en selfs naamgewing as voorbeelde van lewensterreine waarop die Jode in aanraking gekom het met die idees en gebruike van die Hellenisme.

Tog het die invloed van die Hellenisme nie die kultuur van die Jode totaal verander nie. Te midde van eeuelange onderwerping deur Hellenistiese heersers, het hulle as godsdienstige en kulturele eenheid bly voortbestaan (Boshoff e.a., 2000:236). Tekenend hiervan is byvoorbeeld die feit dat diegene uit die (breë) Hellenistiese kultuur wat hulle geloof in die God van Israel bely het, wel in die midde van die Joodse volk opgeneem is, maar nie alvorens hulle gekonformeer het tot die eeu-oue Joodse kulturele en godsdienstige beginsels nie (Brown, 1975:309).

Die gedeelde kultuurgoedere tussen die Jode en die heidense volke om hulle het mettertyd bepaalde vrae en konflik laat ontstaan. Veral die verskille tussen die lewensbeskouing van die volk van God en hulle heidense oorheersers het al skerper begin uitstaan. Vir Rajak (2001:7) is een van die belangrikste

gebeurtenisse binne hierdie konteks die opstand van die Makkabeërs om en by 160 v.C. In reaksie op die afdwing van 'n Griekse lewenstyl in Jerusalem deur Jason, Joodse hoëpriester, asook sy opvolger Menelaus, waarin onder meer diefstal uit die tempel gepleeg is, het 'n groot gedeelte van die Joodse volk in opstand gekom. Die situasie is vererger toe Antiochus IV bepaal het dat besnydenis, godsdiensstudies en die vier van godsdienstige feesdae onwettig is en die Jode boonop gedwing het om afgode in die tempel te aanbid en onrein kos te eet (Levine, 1988:182). Onder leiding van die Joodse priester Mattathias en later sy seuns Judas (Makkabeus), Simeon, Johanan, Eleasar en Jonathan, is 'n bloedige en uitgerekte opstand teen die Hellenistiese oorheersing geloods (Newsome, 1992:41-50). Dit het 'n nuwe nasionalisme onder die Jode gebring en gelei tot 'n hernieude klem op die unieke van die Joodse godsdiens.

In die tyd van die Nuwe Testament het die verskille tussen die Hellenistiese lewens- en wêreldbeskouing en dié van die Jode ook dikwels na vore gekom. Paulus verwys in sy briewe na die "wysheid" van die Grieke teenoor die eenvoud van die Joodse (en ander) Christene (sien Rom. 1:14-16; 1 Kor. 1:22-25). Hoewel die evangelie volgens Paulus vir Jode sowel as Grieke bedoel is, word die wesenlike van die Griekse lewensbeskouing duidelik nie goedgekeur of deur die gelowige Jode oorgeneem nie. In die tyd ná 70 n.C. het die fokus verskuif van die "wysheid" van die Grieke na die afgodery wat 'n inherente deel van die Hellenistiese kultuur was (Rajak, 2001:8). Net soos die geval met die "wysheid" van die Grieke, is ook hulle afgodery veroordeel en uit die Joodse kultuur geweer.

3.3.3.2.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die volk van God onder Hellenistiese oorheersing:

- Hoewel die eksklusiwiteit van die Joodse volk enersyds veroordeel kan word (in die sin dat hulle nie bereid was om vreemdelinge werklik in Christelike liefde volledig te aanvaar en assimileer in hulle midde nie), het dit andersyds wel daartoe gelei dat hulle godsdienstige en kulturele beginsels oor eeue heen bly voortbestaan het. Geen ander volk of kultuur kon 'n noemenswaardige invloed op hulle uitoefen wat die wese van hulle geloof en kultuur aangetas het nie.
- Hiermee het hulle egter hulleself blootgestel aan die oordeel van God, omdat hulle Hom nie wou gehoorsaam en die evangelie na buite

verkondig het nie. Die behoud van bepaalde kulturele waardes ten koste van die koninkryk van God, is nie vir Hom aanvaarbaar nie.

3.3.3.3. Die uitdra van die evangelie in 'n multikulturele wêreld

Dit is duidelik dat die multikulturele wêreld van die Nuwe Testament bepaalde uitdagings vir die vroeë kerk ingehou het (Van der Walt, 1986:102-105). Om die evangelie van Christus effektief te kon verkondig, was dit van groot belang dat hulle hulleself nie uit die bestaande kultuur van hulle dag, naamlik die Grieks-Romeinse kultuur, sou onttrek nie. Hulle moes op 'n manier deel word daarvan, anders sou dit nie moontlik wees om die boodskap van Christus met geloofwaardigheid te verkondig nie. Sou hulle bloot afwysend teenoor die heersende kultuur (of ander kulture) gestaan het, sou dit hulle in die oë van die heidene gediskwalifiseer het. Hulle sou ook nie as volwaardige gespreksgenote aanvaar gewees het nie en sou derhalwe uitgesluit wees en geen impak kon hê waar hulle gekom het nie. Hulle moes leer hoe om kontak te maak met mense vanuit ander kulture, sonder om hulle te antagoniseer of te veroordeel. Uiteraard kon hulle nie maar besluit om alles te laat vaar as gevolg van te veel kulturele verskille nie. Hulle het die opdrag van die Koning van die kerk gehad om dissipels te gaan maak van mense uit alle nasies (Mat. 28:18-20).

In 1 Korintiërs 14:11 verwys Paulus na dit wat gebeur wanneer 'n vreemdeling probeer kommunikeer met iemand wat nie uit dieselfde land of kultuur as hyself afkomstig is nie. So 'n iemand se taal en kultuur is vreemd, moeilik verstaanbaar en kommunikasie is problematies. Wanneer die evangelie uitgedra word, moet dit op so 'n wyse gebeur dat dit vir almal moontlik is om dit te verstaan. Ook vreemdelinge (mense vanuit vreemde kulture) moet dit kan verstaan, sodat dit tot opbou kan dien van elkeen wat teenwoordig is (1 Kor. 14:12). Om dit moontlik te maak, is dit eers nodig om Jesus se opdrag in Matteus 25:34-46 na te kom. Vreemdelinge moet op 'n praktiese wyse in liefde aanvaar word en geakkommodeer word. Hulle eiewaarde moet erken en aanvaar word. As deel van hierdie proses moet die evangelie dan duidelik verstaanbaar aan hulle verkondig word.

In so 'n proses lê die gevaar egter daarin dat sekere "waarheidsmomente" uitgelig word ten einde daarmee kontak met die heidene te bewerkstellig, maar sonder om hierdie "waarheidsmomente" te ondersoek binne die totale lewensbeskoulike konsepsie waarvan dit deel vorm. Net soos die waarheid, vorm die leuen ook 'n

organiese geheel met die res van die kultuurgoedere waarin dit voorkom. Telkens wanneer die vroeë Christene nie hiermee rekening gehou het nie, het die gevaar van sinkretisme asook sintesedenke die verkondiging en uitleef van die suiwer evangelie bedreig (sien bv. 1 Kor. 6:12-20; 1 Kor. 8:4-13; 1 Kor. 10:14-33; 2 Pet. 2). In weerwil van die multikulturele problematiek waarmee dit gepaard gegaan het, het die apostels egter getrou gebly aan hulle roeping om die evangelie in die wêreld in te dra.

3.3.3.1 Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die uitdra van die evangelie in 'n multikulturele wêreld:

- Multikulturaliteit het bepaalde uitdagings ingehou vir die vroeë kerk. Binne 'n multikulturele omgewing moes 'n manier gevind word om die evangelie te verkondig, sonder om dit integriteit te laat verloor, maar ook sonder om die waarheid te vervorm en 'n gaping te gee vir dwaalleer en sinkretisme. Dit het geweldige eise aan die verkondigers van die evangelie gestel.

3.3.3.4. 'n Nuwe volk met 'n nuwe kultuur: Openbaring 15

Openbaring 15:2-3 vertel van die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam, wat met siters van God speel terwyl hulle die lied van die Lam voor Hom sing. Hierdie lied kom ooreen met die lied van Moses (Openb. 15:3) wat Israel gesing het in Eksodus 15 nadat die Here hulle by die Rooi See uit die mag van die farao van Egipte gered het. In Openbaring 14:1-5 word melding gemaak van die uitverkorenes wat met siters voor God staan en 'n nuwe lied sing tot sy eer. In Openbaring 7:9-10 word vertel van 'n groot menigte, uit elke nasie, stam, volk en taal wat voor die troon en voor die Lam staan en Hom lof en eer toeroep.

Hierdie gedeeltes gee 'n eskatologiese blik op die eindtyd. Wanneer God alles finaal volbring en sy verlossingsplan finaal tot voltooiing bring, bring Hy sy nuwe volk bymekaar. Hulle bestaan uit gelowiges van alle afkomste en kulturele groeperinge, wat sonder enige struikelblokke die nuwe volk van God word. Nou is daar nie meer misverstand oor verskillende tale en kulturele gerigtheid nie. Daar is nie meer konflik en pogings om mekaar se kultuur te oorheers of verdring nie. Ook is daar nie meer diskriminasie omdat die gelowiges uit verskillende kulture

afkomstig is nie. Hy wat op die troon sit maak alles nuut (Openb. 21:5). Die dinge van vroeër het verbygegaan (Openb. 21:4).

Hoewel die boek Openbaring in simboliese taal geskryf is, kan tog uit bogenoemde gedeeltes afgelei word dat 'n nuwe volk met 'n nuwe kultuur in die nuwe Jerusalem tot stand kom. Nou kan hulle werklik in die volste sin van die woord gevolg gee aan God se opdrag dat die mens se arbeid God moet verheerlik. Ook in hulle kultuurarbeid is dit nou moontlik. Hulle kan as versoende, volmaakte eenheid saam sing en juig voor die troon van die Lam, want Hy het dit moontlik gemaak deur sy verlossingswerk aan die kruis.

3.3.3.4.1. Konklusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die nuwe volk met 'n nuwe kultuur in Openbaring 15:

- Aan die einde van die tyd verval die multikulturele werklikheid wat sedert die vroegste tye op aarde is. Dan kom 'n nuwe volk tot stand uit die uitverkorenes voor die troon van die Lam.
- Omdat hulle verhouding met God totaal vernuwe is, ontstaan daaruit 'n nuwe kultuur. Dit is 'n totaal nuwe kultuur en die hele volk, wat ookal hulle afkoms vroeër was, kan hulle ten volle en volmaak hierin uitleef tot eer van Hom wat alles bewerk.

3.3.3.5. Samevattende konklusie: gegewens oor multikulturaliteit in die Nuwe Testament

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor gegewens met betrekking tot multikulturaliteit in die Nuwe Testament:

- Die wêreld van die Nuwe Testament was duidelik 'n multikulturele wêreld. Hoewel die openbaringsgeskiedenis hoofsaaklik binne die Grieks-Hellenistiese, Romeinse en Joodse kulture afspeel, is daar talle aanduidings van kontak met mense vanuit ander kulture.
- In sekere gevalle is dit duidelik dat inkulturasie by die Joodse volk en die vroeë kerk plaasgevind het, wat op sy beurt gelei het tot konflik en vraagstukke wat die kern van hulle geloof geraak het. Tog het hierdie invloede nie werklike veranderings aan die wese van hulle geloof en kultuur veroorsaak nie.

- Vir die vroeë kerk was die uitdaging om op só 'n manier sy weg te vind in 'n multikulturele wêreld, dat hy die evangelie effektief kon verkondig. Dit vereis integriteit en buigsaamheid, maar sonder om 'n gaping te laat vir sinkretisme en dwaalleer.
- Dat dit vir die vroeë kerk dikwels problematies was, was grootliks te wyte aan 'n nalatenskap van die Griekse asook die Joodse kulture, wat mense vanuit vreemde kulture nie maklik in hulle midde aanvaar het nie. Vreemdelinge is as onbeskaafdes gereken, nie kans gegun om hulle in die land te vestig nie en gedwing om belasting te betaal. Ten spyte van Jesus se ernstige waarskuwing en oproep dat hulle hulle oor die vreemdelinge moet ontferm, het die Jode ook 'n eksklusiwiteit teenoor die vreemdelinge gehandhaaf. Hulle is beskou as onrein heidene wat die tempel sal ontheilig met hulle teenwoordigheid, is apart begrawe en selfs proseliete is nie volledig in hulle midde aanvaar nie.
- In 'n sekere sin het die multikulturaliteit in die tyd van die Nuwe Testament dus in die pad gestaan van die uitbreiding van die koninkryk van God. Die Here het die apostels egter gebruik om hierdie grense oor te steek. Hy het hulle getroue werk in die verkondiging van die evangelie oor kultuurgrense heen geseën en so verseker dat die evangelie met krag ingedra is in die multikulturele wêreld van die Nuwe Testament.
- Wanneer God se verlossingswerk aan die einde van die tyd tot finale voltooiing gebring word, is dit duidelik dat die oue verbygegaan het. Uit al die nasies en kulture van die wêreld, word die gelowiges saamgevoeg in 'n nuwe volk. Hierdie nuwe volk neem nie maar die kultuur van een van hulle lede oor en omvorm dit nie. Hulle kry 'n totaal nuwe kultuur, gebou op 'n totaal nuwe verhouding met God. Hier is geen sprake van kulturele verskille, misverstand of konflik nie. Omdat hulle met God en mekaar versoen is deur die verlossingswerk van die Lam, kan hulle nou in 'n volmaakte eenheid leef en hulle arbeid (kultuurarbeid ingesluit) doen tot sy eer, soos wat Hy dit in die begin bedoel het.

3.3.4. Samevattende konklusie: gegewens oor multikulturaliteit uit die Ou en Nuwe Testament

Die volgende konklusie kan gemaak word oor gegewens met betrekking tot multikulturaliteit in die Ou en Nuwe Testament:

- Die verlossingsdade van God ten behoewe van sy volk lê vroeg reeds die fondamente vir die vestiging van 'n eskatologiese nuwe volk, bestaande uit mense vanuit verskillende nasies en kulture. Hy roep sy volk en hulle leiers op om ook oor kulturele grense heen te verkondig dat Hy alleen God is en verlossing bring. Multikulturaliteit moenie 'n struikelblok wees nie, maar 'n geleentheid om sy Naam te verkondig.
- Die volk van God moet nie alleen na buite verkondig dat Hy die enige ware God is nie, maar ook teenoor elke vreemdeling wat in hulle midde verkeer. Elkeen moet oortuig word om uiteindelik volledig te kan deel in die voorregte en verpligtinge van die verbond. In die proses moet hulle beskerm word en 'n tuiste in die midde van die volk gebied word.
- Net soos die geval was met Israel in die Ou Testament, kry die Jode van die Nuwe Testament dit dikwels ook nie reg nie. Ook hulle handhaaf 'n redelike mate van eksklusiwiteit, hoewel hulle omring word deur mense vanuit ander kulture.
- Wanneer Jesus kom om die bouwerk aan die eskatologiese volk van God gestalte te gee, roep Hy die nakomelinge van Israel op om die mense vanuit ander kulture in hulle midde te akkommodeer en in liefde in te trek as deel van hulle geloofsgemeenskap. Hiermee herinner Hy hulle aan die voorskrifte wat God aan hulle voorouers gegee het oor die behandeling van die vreemdeling in hulle midde en dat vreemdelinge uiteindelik saam moet deel kry aan die voorregte en verpligtinge van die verbond.
- Versterk deur die Griekse benadering teenoor vreemdelinge en uitlanders, gaan die Jode egter dieselfde pad op as hulle voorgeslagte. Nie net sluit hulle mense vanuit ander kulture uit die koninkryk van God nie, maar loop hulle ook die gevaar om uiteindelik self daarvan uitgesluit te word.
- Tog gebruik God die apostels as sy getroue dienaars om met oorleg, ook oor kulturele grense heen, die evangelie in die bekende wêreld van daardie tyd in te dra.
- Hierdie verkondiging van die evangelie word die laaste voorloper voordat die eindtyd finaal aanbreek en 'n totaal nuwe verbondsvolk, met 'n totaal nuwe kultuur, tot stand kom. Konflik en kultuurverskille bestaan nie meer nie. Die oue het verbygegaan en oorgegaan in 'n nuwe kultuur, gebou op 'n nuwe verhouding met God, waarin God se bedoeling vir die mens in sy arbeid finaal tot sy reg kom. Versoen met God, kan die nuwe volk in 'n volmaakte eenheid leef en werk en sing en juig tot eer van Hom.

3.4. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot multikulturaliteit

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot multikulturaliteit:

- Multikulturaliteit is 'n gegewe. In die Bybelse tyd was dit reeds 'n werklikheid en vandag is dit steeds so. Van die vroegste tye af het daar kontak gekom tussen mense van verskillende kulture. As gevolg van die ontwikkelings in veral die kommunikasietegnologie is dit iets wat vandag al hoe meer toeneem.
- Kontak tussen mense vanuit verskillende kulture is merendeels problematies. Dikwels bring dit kommunikasieprobleme en misverstande op verskillende vlakke. Op sy beurt lei dit dikwels tot konflik asook pogings om mekaar se kulture te domineer en selfs te verdring. Stereotipering, vooroordeel en etnosentrisme lê gewoonlik aan die wortel van die probleem.
- Die oplossing vir die problematiek rondom multikulturele kontak lê daarin om op 'n Bybelse wyse in liefde teenoor mekaar op te tree en mekaar werklik te leer ken. Die regte Bybelse gesindheid van aanvaarding en akkommodering teenoor mense van ander kulture moet gekweek word. Die regte geleenthede moet geskep word om die ander beter te leer ken, by hulle te leer, self te groei en iets blywends aan die ander te kan gee.
- Multikulturele kontak moet gesien word as iets wat verryk en 'n geleentheid gee om ook elkeen se kultuureie te ondersoek. Die goeie van elke kultuur moet behoue bly, terwyl die slegte op 'n Bybelse reformatoriese wyse reggestel moet word.
- Vanuit 'n Bybelse oogpunt is multikulturaliteit nie 'n struikelblok nie, maar eerder 'n geleentheid en uitdaging om die evangelie van Christus uit te dra. Die eskatologiese nuwe volk van God moet in gedagte gehou word. Die fokus moet wees om al nader te beweeg na 'n situasie waar die nuwe volk van God (uit alle nasies en kulture) versoen met Hom en mekaar, in volmaakte eenheid met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe verhouding met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe kultuur leef en werk tot sy eer.

3.5. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese gegewens met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit

- Kultuur is die resultaat van die mens se totale omgang met sy omgewing, volgens die opdrag wat hy van God daartoe ontvang het.
- Kultuur bestaan uit verskeie onderskeibare fasette wat nou met mekaar saamhang en 'n uiters komplekse geheel vorm. Die totaliteit van kultuur word bepaal deur die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees. Hiervan vorm die religieuse en lewensbeskoulike dimensies die kern.
- Musiek en sang het 'n prominente rol in elke kultuur. Dit dien as simboliese kommunikasie om die belewing van die werklikheid te probeer verklaar.
- In die begin skep God die mens en gee hom die opdrag om hom oor die skepping te heers volgens sy (God se) wil. Hieronder word ook kulturele arbeid verstaan.
- Met die sondeval word die mens se verhouding met God en die skepping skeefgetrek en word die kultuurarbeid van die mens onderhewig aan uitbuiting, selfgesentreerdheid en spanning.
- God bly egter vol liefde en genade. Hy verlaat die mens nie en wys telkens hoedat Hy juis die proses van kultuurvorming gebruik as beskerming teen die vernietigende mag van die bose.
- Van die vroegste tye af is daar kontak tussen mense van verskillende kulture. Kontak tussen mense vanuit verskillende kulture is merendeels problematies, met kommunikasieprobleme en misverstande wat op verskillende vlakke voorkom. Dit lei dikwels tot konflik asook pogings om mekaar se kulture te domineer en selfs te verdring. Stereotipering, vooroordeel en etnosentrisme lê gewoonlik aan die wortel van die probleem.
- Wanneer Jesus as Verlosser aarde toe kom, bewerk Hy die herskepping wat die mens en sy kultuur so dringend nodig het. Hy deurbreek gevestigde kulturele grense om daardeur aan te toon dat die geloof is wat red en nie kulturele afkoms nie. In die kerk word mense van verskillende kulture verenig om 'n nuwe mensheid met 'n nuwe gemeenskaplike kultuur daar te stel.
- Die oplossing vir die problematiek rondom multikulturele kontak lê daarin om op 'n Bybelse wyse in liefde teenoor mekaar op te tree en mekaar werklik te leer ken. Die regte Bybelse gesindheid van aanvaarding en akkommodering teenoor mense vanuit ander kulture moet gekweek word. Die regte geleenthede moet geskep word om die ander beter te leer ken, by hulle te leer, self te groei en iets blywends aan die ander te kan gee.
- Multikulturele kontak moet gesien word as iets wat verryk en 'n geleentheid gee om ook elkeen se kultuureie te ondersoek. Die goeie van elke kultuur moet

behoue bly, terwyl die slegte op 'n Bybelse reformatoriese wyse reggestel moet word.

- Vanuit 'n Bybelse oogpunt is multikulturaliteit nie 'n struikelblok nie, maar eerder 'n geleentheid en uitdaging om die evangelie van Christus uit te dra. Die eskatologiese nuwe volk van God moet in gedagte gehou word. Die fokus moet wees om al nader te beweeg na 'n situasie waar die nuwe volk van God (uit alle nasies en kulture) versoen met Hom en mekaar, in volmaakte eenheid met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe verhouding met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe gemeenskaplike kultuur, leef en werk tot sy eer.
- Die verlostes wat in die eindtyd bymekaar is om die lof van God te besing, is mense vanuit verskillende kulturele afkomste. Hulle juig oor die bevryding en herstel wat Christus gebring het in die verhouding met God en die skepping.

DEEL 1
BASISTEORIE



HOOFSTUK 3: BASISTEORETIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT VERSOENING EN EENHEID

1. Inleiding

Die doel van hierdie studie is om 'n ondersoek te doen na die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika. Soos uiteengesit in die inleiding van Hoofstuk 2 hierbo, word die basisteoretiese ondersoek van die studie in Hoofstuk 3 voortgesit deur die fokus te laat val op versoening en eenheid.

In Hoofstuk 2 is tot die gevolgtrekking gekom dat elke mens vanuit 'n bepaalde kulturele agtergrond na die wêreld kyk en sy lewe daarvolgens inrig. Daar is 'n verskeidenheid kulture en multikulturaliteit is 'n gegewe regoor die wêreld. Dit het dikwels spanning en konflik tot gevolg, veral wanneer mense vanuit verskillende kulturele agtergronde in mekaar se leefwêreld inbeweeg. Indien dit nie op die regte wyse hanteer word nie, kan dit lei tot grootskaalse vyandigheid en vervreemding van mekaar. Vir die bewerking van vrede en onderlinge eenheid, is versoening van kardinale belang. Gevolglik word die basisteoretiese ondersoek van die studie in hierdie hoofstuk voortgesit deur spesifiek te fokus op versoening en eenheid, met besondere aandag aan versoening as voorwaarde vir en bewerker van eenheid.

Die werkplan waarvolgens die ondersoek in hierdie hoofstuk gedoen word, behels 'n literatuurstudie tesame met 'n eksegetiese studie uit die Woord van God. Die volgende werkplan word gevolg: eerstens word 'n ondersoek gedoen na enkele Bybelse gegewens met betrekking tot versoening (uit beide die Ou en Nuwe Testament), deur gebruik te maak van eksegese van sekere gedeeltes. Nadat tot 'n samevattende konklusie gekom is oor versoening, word deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek gedoen na gegewens uit die Bybel en die Filosofie met betrekking tot die proses van versoening. In 'n finale konklusie word al hierdie gegewens saamgevat.

Vervolgens word 'n ondersoek gedoen na die basisteoretiese beginsels met betrekking tot eenheid, met besondere verwysing na hoe dit in die Bybel na vore kom. Vir hierdie doel word na enkele eksegetiese bevindings van gedeeltes in die Nuwe Testament verwys, waarna dit saamgevat word in 'n finale konklusie. Al bogenoemde gegewens word ten slotte saamgevat in 'n finale basisteoretiese konklusie met betrekking tot versoening en eenheid.

Vervolgens word 'n ondersoek gedoen na die begrippe versoening en eenheid.

2. Versoening en eenheid

Multikulturaliteit is 'n gegewe regdeur die wêreld. Mense uit verskillende kulture word toenemend geforseer om saam te leef binne een gemeenskap. Dikwels lei dit daartoe dat wedywering ter wille van oorlewing ontstaan en die oorsteek van grense en migrasie toenemend voorkom. Dit bring verskeie struikelblokke op die weg van vreedsame saamleef met mekaar (Susin, 2003:7). Hoewel die meeste mense dit regkry om in 'n multikulturele situasie met ander saam te leef, verander gesindhede egter drasties wanneer hulle bestaan en kulturele identiteit bedreig word.

Die meeste mense reageer met agterdog en vyandskap wanneer hulle voortbestaan bedreig word (Collet, 1994:26-27). Wanneer hulle kulturele identiteit daarmee saam bedreig word, is die reaksie soveel hewiger. Dit is dikwels juis kulturele verskille wat verhoed dat mense in vrede met mekaar saamleef (Rubin & Stewart, 1998:30; Samovar & Porter, 2001:30). Om 'n ander kultuur aan te neem as die een waarin iemand van kleinsaf gesosialiseer is, is uiters problematies (Gittins, 1998:30). Wanneer omstandighede iemand daartoe dwing om dit te doen, is konflik en verdeeldheid die onafwendbare gevolg daarvan (Jordaan, 1994:79-80).

Dit spreek vanself dat 'n situasie waar mense vanuit verskillende kulture in gedurige konflik en verdeeldheid leef, onhoudbaar is. Die uiteinde hiervan is verdrukking en vernietiging wat gepaard gaan met onmeetbare pyn en lyding, soos telkemale in die geskiedenis van die wêreld na vore gekom het (sien Susin, 2003:9). Die antwoord op hierdie problematiek is versoening en die bewerking van eenheid. Hoewel dit 'n uitkoms is wat nie maklik haalbaar is nie, is dit van uiterste belang dat elke gemeenskap wat met die problematiek van multikulturaliteit te doen het, hom hierop sal toelê.

Ten einde die ideaal van versoening en eenheid in 'n multikulturele omgewing te kan bereik, is dit nodig om die beginsels hiervoor te bestudeer en op elke unieke situasie toe te pas. In die wêreld van vandag word verskeie en uiteenlopende paradigmas hiervoor aangebied. Vir die kerk van die Here is dit egter duidelik dat alleenlik dit wat Hyself in sy Woord leer, nagevolg kan word in die bereiking van hierdie ideaal. Dit is dus noodsaaklik dat die Bybelse riglyne vir versoening en eenheid ondersoek en geïmplementeer word (sien Lotter, 2000:224).

Gevolglik word 'n ondersoek gedoen na enkele Bybelse perspektiewe op versoening, waarna sekere beginsels rondom eenheid uit die Bybel ondersoek word.

2.1. Enkele Bybelse perspektiewe op versoening

Konflik, stryd, vyandskap en verdeeldheid hoort nie in die koninkryk van God nie. Dit is tekenend van die vernietiging wat die sondeval gebring het, terwyl die koninkryk van God juis die manifestering is van sy liefde wat vrede en intieme, vervullende saamleef met Hom en mekaar daarstel. Om van 'n sondegevalle wêreld te beweeg na een waarin die liefde van God almal in ware eenheid saambind, is die proses van versoening nodig. In beide die Ou en Nuwe Testament word bepalende beginsels hiervoor neergelê.

Wanneer gesoek word na Bybelse beginsels vir versoening tussen mense, is dit van kardinale belang om te begryp dat menseverhoudinge bepaal word deur die verhouding wat elke individu met God het. Sonder 'n diep, intieme verhouding met God, kan onderlinge versoening nie moontlik wees nie. Daarom is 'n ondersoek na die wese van die verhouding tussen God en mens die beginpunt vir 'n soeke na Bybelse beginsels vir versoening.

2.1.1. Ou Testamentiese gegewens oor versoening

2.1.1.1. Sonde noodsaak versoening

Die verhouding tussen God en mens is nie een wat van nature gekenmerk word deur volmaakte eenheid en diep vrede nie. Dis 'n verhouding wat roep om herstel en versoening. Die oorsaak hiervan is die sondeval van die mens. Van die begin van die Ou Testament af, word ondubbelsinnig verkondig dat die sondeval van die mens die rede is waarom God en mens van mekaar vervreemd is. Die spanningslyn kan duidelik raakgesien word: sonde, ongeregtigheid en verval lei tot die noodsaak vir versoening en vryspraak (Verster, 1990:67). Ten spyte daarvan dat die mens goed en na die beeld van God geskape is – en derhalwe van die begin af in 'n volmaakte verhouding met God gestel was - het hy nie

daarin geslaag om gehoorsaam aan God te bly nie. In die paradys het hy hom laat mislei en verlei. Die sondeval het afstand en vyandskap tussen die mens en God gebring.

Die effek van die sondeval was verreikend. Dit sou Adam en Eva en hulle nageslagte spoedig agterkom. Nie alleen het daar 'n radikale breuk gekom in hulle verhouding met God nie, maar het dit ook veroorsaak dat menslike verhoudings gebuk gaan onder die vernietigende werk van die sonde en die satan. Dat dit vir God nodig was om sy volk deur middel van die wet uitdruklik te forseer om op die regte manier teenoor Hom op te tree en met mekaar om te gaan, is die duidelike teken daarvan. Vanuit homself het die mens nie meer die vermoë gehad om te weet wat die regte manier is om op te tree nie. Die sonde het sy hele lewe deurtrek en beïnvloed. As direkte uitvloeisel hiervan sou elke mens wat gebore word, voortaan in sonde ontvang en gebore word. Hiervan getuig Dawid in Psalm 51:7 wanneer hy skryf:

> *Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het.*

Net so verreikend was die effek van die sondeval op die res van die skepping. In Genesis 3:17-19 stel God dit duidelik aan Adam:

> *Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek... die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet; net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe...*

Selfs die skepping is vasgevang deur die vernietigende nagevolge van die sondeval van die mens. Waar die aarde in die tuin van Eden vir Adam sy bondgenoot was, waaruit hy kon eet en geniet en sorgeloos kon bestaan, het dit nou sy vyand geword. Moeite en frustrasie en teleurstelling sou voortaan sy verhouding met die skepping tipeer. Geen verhouding waarin die mens staan, kon die vernietiging van die sondeval vryspring nie (sien Vosloo, 1999:20).

2.1.1.2. God neem die inisiatief tot versoening

Na regte sou God die mens eenvoudig aan sy lot kon oorlaat. Hy het die mens immers goed en reg geskape (Gen. 1:31) en alles gegee wat nodig is om in die paradys in 'n volmaakte verhouding met Hom en mekaar te kon leef. Deur toe te

gee aan die versoeking van die satan het die mens hierdie verhouding egter self vernietig en onmeetbare ellende oor homself gebring,

Tog verwerp God die mens nie. Direk na die sondeval, waar die mens vir Hom probeer wegkruip, Hom probeer vermy en selfs subtiel beskuldig (Gen. 3:12), neem Hy die inisiatief om dit te verander. In sy oneindige genade buig Hy af en bly Hy steeds betrokke by die mens, ten spyte van die sondetoestand wat hy oor homself gebring het. Hy het die mens in liefde gemaak het en dit is hierdie liefde wat Hom dring om steeds intensief deel te wees van sy lewe. Tekenend van sy besorgdheid oor die mens is wanneer Hy, voordat Hy hulle uit die tuin van Eden verban, vir Adam en Eva klere van vel maak (Gen. 3:21). Velklere is meer funksioneel is as dié van vyeblare wat hulle self gemaak het (Gen. 3:7). So leer God hulle hoe om binne hierdie "nuwe" omstandighede van onvolmaaktheid en gebrokenheid te kan leef en oorleef en bestaan. Hy kan en wil hulle nie aan hulle eie lot oorlaat nie.

In Genesis 3 word dit egter ook gou duidelik dat God se liefde oneindig verder strek as om bloot die mens te leer en help om binne die onvolmaaktheid van sy sondige bestaan te kan oorleef. Hy is nie daarmee gediend dat die kroon van sy skepping tot in ewigheid vervreemd van Hom bly leef nie. Daarom spreek Hy nie net die onverbiddelike oordeel uit oor die sondeval van die mens nie, maar voeg Hy terselfdertyd ook 'n verreikende belofte daaraan toe (Gen. 3:15):

> *Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Selfs nog voordat Hy die mens uit die tuin van Eden verdryf, gee God dus al die belofte van verlossing en hoop aan die mens. Die belofte dat die nageslag van die vrou sal afreken met die slang, is simbolies daarvan dat die mag van die satan en die sonde gebreek sal word, sodat daar weer versoening tussen God en die kroon van sy skepping kan wees. Van daardie oomblik af stel Hy dus alles in werking om sy meesterplan vir versoening met die mens tot volvoering te bring.
Regdeur die Ou Testament openbaar God Homself as die Een wat alles gereed maak vir die dag wat Hy sy plan vir versoening finaal ontplooi (Wells, 1997:3). Vandat daar 'n nageslag vir die (nou sterflike) mens Adam gebore word (Gen. 4:1), totdat die verbondsvolk van God met hulle terugkeer uit ballingskap probeer om weer 'n sinvolle bestaan in die beloofde land te maak, word alles as 't ware

gehul in en afgeteken teen die verwagting van die Messias, die lank beloofde Verlosser, wat versoening tussen God en mens en skepping bewerk (sien Wells, 1997:5).

2.1.1.3. Versoening met God as opdrag

Hoewel die gebeure van die Ou Testament sedert Genesis 3 gepaardgaan met die verwagting van die Messias wat versoening met God sal bewerk, is dit nie so dat versoening eers manifesteer wanneer die Messias uiteindelik gebore word nie. Al is hulle nog in die tyd van die afwagting, het die volk reeds in die tyd van die Ou Testament die verantwoordelikheid om daagliks met God te versoen. So moet die volk byvoorbeeld leer om deur middel van die bring van offers en boetedoening voor Hom, versoening met God te soek (Müller-Fahrenholz, 1997:6). Hoewel geen van hierdie offers enige oortredings permanent uitwis nie, bring dit telkens vergifnis en versoening en kan die gemeenskap met God opnuut beleef word – al is dit binne die konteks van die voortdurende bedreiging en daadwerklike verwoesting van die sonde en die bose. God is die Een is wat die inisiatief neem om Hom met sy volk te versoen. Terselfdertyd het sy volk egter ook die opdrag om gedurig met Hom versoening te soek. Wat sy volk uitleef moet 'n afskaduwing wees van dit wat Hy besig is om ten volle vir hulle te laat realiseer.

Psalm 85:8-10 is 'n voorbeeld van versoening in die Ou Testament (sien Wells, 1997:3). Waar die oortredings van die volk die woede en toorn van God laat ontvlam, draai dit mettertyd om in vergifnis en 'n nuwe, vreugdevolle lewe vir die volk. Liefde, trou, waarheid, geregtigheid en vrede is die tekens dat versoening bewerk is. Die volk het die opdrag om dit daadwerklik uit te leef in alles wat hulle dink, doen en sê. In Psalm 37, 49 asook 73 kom dit net so duidelik na vore: daar is 'n spanningslyn van lyding en worsteling wat uitloop op die uiteindelike versoening met God. Dit is die sekerheid van 'n onvernietigbare, liefdevolle gemeenskap met God wat telkens vrede bring vir diegene wat gebuk gaan onder die angs van konflik en vervreemding van God (Irsliger, 1998:584, 599). Hierdie vrede moet gestalte vind in die totaliteit van die volk se lewe voor God. Hoewel die versoening nog nie volvoer is nie, moet die afskaduwing daarvan reeds in die lewe van die volk van God sigbaar wees.

Versoening bring vrede met God. Dit is die שָׁלוֹם van die Ou Testament – die allesomvattende welsyn van sy volk waarin daar diepe vrede, sekerheid, rustigheid, en geborgenheid is (sien Gesenius, 1979:825).

2.1.1.4. Versoening tussen mense as opdrag

Die opdrag om te versoen, geld nie alleen ten opsigte van die volk se verhouding met God nie. Regdeur die Ou Testament is dit ook die opdrag van die volk om met mekaar te versoen. Hiervoor gee die Here die tien gebooie aan sy volk, sodat hulle kan leer om nie net met God te versoen en Hom gehoorsaam lief te hê nie, maar om ook met mekaar te versoen en mekaar in liefde te kan dien en ag.

Morris (1989:132) meen tereg dat versoening nie bloot te doen het met 'n algemene, goeie verhouding wat tussen mense bestaan nie. Dit gaan oor die goeie verhouding wat daargestel word juis wanneer vyandskap uiteindelik oorkom word. Versoening is dus die proses waarin vriendskap, wat verwoes is deur vyandigheid, uiteindelik tot 'n nuwe, dieper vriendskap groei. Binne 'n Bybelse konteks kan gesê word dat versoening die proses is waartydens die konflik en verdeeldheid wat die sonde veroorsaak, oorkom word en 'n nuwe verhouding daargestel word waarin die eise wat die Here stel met betrekking tot bepaalde verhoudings, gestalte kry (Snyman, 1994:97). Wanneer twee mense met mekaar versoen, is hulle onderlinge, nuwe verhouding dus 'n weerspieëling van dit wat God in sy verhouding met sy verbondsvolk daarstel.

Onderlinge versoening is nie alleen iets wat onder die verbondsvolk van God gestalte moet kry nie. Ook in hulle omgang met mense wat buite die verbond staan, moet daar versoening en vrede wees. In die tien gebooie leer die Here nie sy volk dat hulle alleen onder mekaar nie mag moord pleeg of owerspel pleeg of steel, ensomeer nie. Die opdrag is duidelik: teenoor geen mens – waar hy of sy ookal vandaan kom en wat sy of haar kulturele agtergrond ookal is – mag daar opgetree word in weerwil van wat God in sy wet eis nie.

Versoening en vrede met alle mense is die ideaal wat nagestreef moet word. Dit impliseer egter nie dat daar versoening moet wees met onaanvaarbare en goddelose idees en filosofieë nie. Dit moet beveg word met alles wat moontlik is. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is wanneer Esra die volk na hulle terugkeer uit ballingskap beveel om al die vreemde vrouens waarmee hulle getrou het, weg te stuur na hulle geboorteland (Esra 10:1-44). Die invloed wat hierdie vrouens uit die heidennasies op Israel gehad het, was 'n gevaar vir die suiwerheid van die godsdiens in Israel (Smit, 1999:528). As sodanig het dit ook hulle verhouding met God bedreig en hulle versoening met Hom in gevaar gestel.

Versoening tussen mense onderling mag hiervolgens dus nooit inhou dat versoening met God skade ly nie. Versoening met mense van buite die verbond moet altyd van so 'n aard wees dat dit 'n uitvloeisel is van die versoening met God.

2.1.1.5. Geregtigheid gaan versoening vooraf

Verskillende gegewens uit die Ou Testament dui daarop dat die herstel van reg en geregtigheid versoening tussen mense voorafgaan (Snyman, 1994:95; Wells, 1997:3-4). Omdat God die toppunt van geregtigheid is en altyd volledig regverdig optree, eis Hy dieselfde van elkeen wat met Hom in 'n verhouding leef. Aan sy geregtigheid moet altyd voldoen word, ook in onderlinge menseverhoudinge. Daarsonder is versoening nie moontlik nie.

Gelowiges het die plig om altyd God se geregtigheid en regverdige optrede te weerspieël in hulle optrede teenoor mekaar. Telkens word dit duidelik uitgespel dat die verkeerde van verhoudings tussen mense reggestel moet word (Van der Walt, 1996:25), sodat God se geregtigheid na vore kan kom. God se geregtigheid het daarmee te doen dat die eise wat Hy in sy Woord daarstel vir die onderlinge verhouding tussen mense, in alles nagekom word. In gedeeltes soos Psalm 111 en Psalm 112 word dit duidelik aangetoon (Snyman, 1994:96). Hierin word die dien van die Here gelyk gestel aan die nakoming van die beginsels van trou en reg onder mekaar (Ps. 111:7-10) en word die seën in die land van die opregtes gesien in die ontferming oor benadeeldes en die versorging van die armes, waarin die genade, barmhartigheid en regverdigheid van die Here na vore kom (Ps. 112:4-5, 9).

Dit is veral ook die profete wat telkens hierop klem lê. Voorbeelde hiervan is Jesaja 1:10-17, Jesaja 5:8-10, Jesaja 56:1-7, Jesaja 58:6-12, Hosea 12:7-9, Amos 5:7-13 en Miga 3:9-12. Telkens is daar die oproep om reg en geregtigheid te laat seëvier in die volk se onderlinge verhouding met mekaar.

Met die onderlinge verhouding tussen mense is dit nie anders as die verhouding tussen mens en God nie: wanneer geregtigheid herstel is en versoening bewerk is, volg daar vrede. Versoening met mekaar lei dus tot onderlinge vrede. Vrede met God lei tot vrede met mekaar. Sonder die proses van versoening, wat deur

die herstel van geregtigheid vooraf gegaan is, is dit nie moontlik nie. Hiervan spreek gedeeltes soos Psalm 85:10-14 asook Jesaja 32:17 baie duidelik.

2.1.1.6. Versoening en vergoeding

Een van die belangrike en insiggewende bepalings met betrekking tot versoening en die herstel van interpersoonlike verhoudings, wat volgens Snyman (1994:97) in die Ou Testament na vore kom, is dat die slagoffer wat te na gekom is, inwillig om nie aan te dring op vergoeding nie. Terselfdertyd moet die oortreder aanbied om dit wat verlore of beseer is, te herstel. Die betrokke partye moet mekaar dus hierin ontmoet. Teen die einde moet dit beide partye se doelwit wees om die onderlinge verhouding tussen hulle te herstel, wat ookal die prys wat betaal moet word.

Wanneer hierdie eise vir menseverhoudings nagekom word, begin die profesie van Miga 4:1-4 gestalte kry (Snyman, 1994:99). Hiervolgens kom daar geregtigheid en vrede in die plek van vyandskap en vervreemding, wanneer die volke en nasies van die wêreld saamkom om die Here te dien en gehoorsaam.

2.1.1.7. Konklusie met betrekking tot Ou Testamentiese gegewens oor versoening

Uit gegewens in die Ou Testament kan die volgende konklusie oor versoening gemaak word:

- Versoening is noodsaaklik vanweë die sondeval. Sonde bring vervreemding en vyandskap met God, en uiteindelik ook onderling met mekaar en die skepping. Deur die proses van versoening word die vyandskap weggeneem, kom daar vergifnis en nuwe vrede tussen God en mens en uiteindelik die skepping.
- Ten spyte van die ellende wat die mens oor homself gebring het, neem God die inisiatief om versoening te bewerkstellig. Hy doen dit deur sy meesterplan vir versoening in werking te stel. Deur sy liefde en genade gee Hy die mens die belofte van herstel en verlossing. Regdeur die Ou Testament staan dit wat God doen in die teken hiervan.
- Hoewel God die inisiatief neem om met sy volk te versoen, gee Hy ook die opdrag dat die volk met Hom moet versoen. Die offers wat die volk moet bring as boetedoening voor God, is teken hiervan. Hoewel dit steeds binne die konteks is van die gebroke verhouding met God, word met die offers telkens nuwe versoening by God gesoek. Die volk het ook die opdrag om hierdie versoening daadwerklik uit te leef in wat hulle doen elke dag.

- Die eis dat versoening met God nie net gestalte moet vind in die verhouding tussen God en sy volk nie, maar ook in die onderlinge verhouding tussen mense, kom ook regdeur die Ou Testament voor. Onderlinge vriendskap wat deur sonde vernietig is, moet herstel word deur die proses van versoening, sodat 'n nuwe, dieper verhouding kan ontstaan. Die tien gebooie leer die volk hoe om dit gestalte te gee.
  Versoening met mense buite die verbond moet ook gesoek word, maar met die voorwaarde dat dit nie valse elemente in die godsdiens van die volk inbring en sodoende hulle versoening met God bedreig nie. Versoening met buitestaanders moet altyd 'n uitvloeisel wees van hulle versoening met God.
- Versoening tussen mense word voorafgegaan deur die herstel van reg en geregtigheid. Wanneer die betrokke partye mekaar tegemoet kom en die geregtigheid en regverdige optrede van God daarin gestalte kry, kom daar ware vrede tussen mense. Die eise van God se Woord moet hierin nagekom word. Daarsonder is versoening nie moontlik nie.
- Vergoeding moet op 'n bepaalde manier hanteer word in die proses van versoening. Die slagoffer moet bereid wees om nie op vergoeding aan te dring nie, terwyl die oortreder terselfdertyd moet aanbied om die skade wat hy veroorsaak het, te herstel. Beide partye moet mekaar hierin tegemoet kom en bereid wees om die onderlinge verhouding te herstel, wat ookal die prys wat betaal moet word. So word ware versoening bewerk tussen partye wat van mekaar vervreem geraak het.

2.1.2. Nuwe Testamentiese gegewens oor versoening

Op dieselfde lyn af as die Ou Testament verkondig die Nuwe Testament dat God sy meesterplan vir versoening met die mens in werking stel. Daar kom egter 'n belangrike klemverskuiwing: nou gaan dit nie meer oor die belofte en verwagting van die Messias wat nog sal kom nie, maar oor Hom wat daadwerklik aarde toe kom en eeue se beloftes en afskaduwing vervul met sy koms en verlossingswerk. God se meesterplan vir versoening word nou finaal ontplooi: in en deur Jesus Christus.

2.1.2.1. Sonde noodsaak versoening

Versoening is absoluut noodsaaklik vir die sondegevalle mens. Net soos dit in die Ou Testament duidelik na vore kom, word dit in die Nuwe Testament beklemtoon. So word byvoorbeeld in Romeine 3:9-20 duidelik geleer dat elke mens in homself sondig is en verlossing nodig het. Daar is geen mens wat regverdig is in homself

nie. Die rede hiervoor is die verbondenheid met Adam (Rom. 5:12-21) waardeur elke mens in sonde gebore word en skuldig staan voor die oordeel van God. Versoening impliseer dat daar sprake is van 'n gebroke verhouding, vervreemding en vyandskap (sien Breytenbach, 1986:3). Dit is die sonde van die mens wat hierdie gebroke verhouding veroorsaak.

Dit is die volle besef hiervan wat Paulus in Romeine 7:24 laat uitroep:

> *Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*

In die Griekse woord ῥύσεται wat hier met "verlos" vertaal is, is daar die betekenis van dit wat 'n soldaat doen wanneer sy kameraad na hom roep om hom uit die hand van sy doodsvyand te red (Rienecker & Rogers, 1980:365). Hy het dringend redding nodig, anders kom sy dood meedoënloos en finaal.

So is die mens in sy sondetoestand voor God. Hy het homself in absolute ellende gedompel en as daar nie verlossing kom nie, kom sy ewige dood meedoënloos en finaal. Wat die mens nodig het, is dat op een of ander manier vir sy sonde betaal word, sodat daar versoening tussen hom en God kan kom. Hierdie versoening behels dat die vriendelike en vredevolle verhouding met God – na 'n tyd van vyandskap en vervreemding – herstel word.

2.1.2.2. Christus bewerk versoening

In homself kan die mens nie hierdie versoening met God bewerk nie. Geen mens kan dit vir 'n ander bewerk nie en ook kan geen ander skepsel vir die mens se sonde voor God betaal nie. 'n Middelaar, wat tegelyk ware God en ware mens is, is hiervoor nodig. Jesus Christus is hierdie Middelaar (Heidelbergse Kategismus, Sondag 6, vraag en antwoord 18). Sonder Christus sou daar geen versoening moontlik gewees het nie. Die hele doel van sy sterwe en opstanding is versoening tussen God en mens (2 Kor. 5:19):

> *Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortreding nie toereken nie.*

Nadat die mens in sonde geval het, het God nogtans met hom 'n verbond aangegaan (Gen. 3:15). Volgens hierdie verbond is dit God wat self die inisiatief neem om te sorg dat daar vir die mens redding kom uit sy sondedood. Dit wat regdeur die Ou Testament belowe en afgewag is, laat God in die volheid van die

tyd gebeur. Hy laat sy eie Seun mens word op aarde, ten einde só versoening te bewerk en sy verbond gestand te doen (Joh. 3:15). Garland (1999:288) beklemtoon tereg die feit dat dit God is wat Homself met die mens versoen: dit gebeur nie andersom nie. Volgens hom (1999:288) kom die Griekse woord vir versoen (καταλλάσσω) regdeur die Nuwe Testament voor in die aktiewe vorm wanneer dit op die optrede van God wys. Daarteenoor kom dit in die passiewe vorm voor wanneer dit op die mens wys. Hierdeur word duidelik aangetoon dat versoening tussen God en mens iets is wat *aan die mens gedoen word*. Hy kan dit nie self doen nie. Dit is God wat die inisiatief neem en versoening met die mens bewerk.

Die genade van God word daarin getoon dat die mens totaal magteloos is om iets aan sy benarde situasie te doen (Rom. 5:8; 8:24). God skep die moontlikheid van versoening uit loutere genade. Hy doen dit in en deur Jesus Christus. Deur sy kruisdood en opstanding word die gebroke verhouding tussen God en mens herstel. Christus voldoen aan God se geregtigheid en maak regverdig deurdat Hy die sondeskuld van die mens betaal en uitkanselleer. Op hierdie manier word die sonde wat aanvanklik die vervreemding veroorsaak het, weggeneem. God kies om nie langer meer daaraan te dink nie (Heb. 10:17). So word die diep, intieme verhouding tussen God en mens herstel en ontstaan 'n nuwe verhouding.

2.1.2.3. Geregtigheid gaan versoening vooraf

Die moontlikheid van versoening (wat God reeds in Genesis 3 belowe het) het nie beteken dat die sonde van die mens ontken of geïgnoreer kon word nie. Aan God se geregtigheid moes steeds voldoen word. Volgens Sondag 6 van die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 16) is die vereiste vir verlossing en versoening met God dat die sonde gestraf moet word. In sy volmaakte geregtigheid eis God dat betaal moet word vir die oortreding van die mens. Met Christus se koms na die aarde, toe Hy tot sonde gemaak is en die straf van God op die sonde van die mens gedra het, het Hy volledig aan hierdie geregtigheid van God voldoen. Langs hierdie weg het die sondaar onverdiend die geregtigheid van Christus verkry (Verster, 1990:62) en het versoening met God moontlik geword.

Hoe groot hierdie genade van God is, word duidelik uit gedeeltes soos byvoorbeeld Romeine 5:8 en 10. Hierin word aangetoon dat Christus die mens met God versoen het "toe ons nog sondaars was" en "terwyl ons nog sy vyande

was." Met die mens hulpeloos vasgevang in sy ellende omdat hy op geen manier op sy eie sou kon betaal nie en in vyandskap met God leef, lê Christus sy heerlikheid as God af, word mens op aarde en kom volbring sy versoeningswerk. Sy versoeningswerk was tegelykertyd dus ook voldoening aan die eise van reg en geregtigheid wat deur die Vader daargestel is (Van der Walt,1996:28).

Versoening met God is nie 'n goedkoop proses nie. Daarvan getuig die verskriklike lyding wat Jesus moes deurmaak toe Hy borgtogtelik die sonde van die mens voor die Vader betaal het (Van Wyk; 1999:92). Sy hele lewe op aarde was van die begin af 'n verskriklike lyding. Met die voltooiing van sy verlossingswerk op aarde het dit in felheid toegeneem tot met die kruisdood wat Hy op Golgota gesterf het. Hiervan getuig Filippense 2:6-8:

> *Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan die mense gelyk te word.*
> *En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja , die dood aan die kruis.*

Juis omdat dit nie 'n goedkoop proses is nie, is daar egter geen sprake van 'n algemene versoening tussen God en die mens nie. Christus versoen nie eenvoudig alle mense met God nie. Hy versoen die ware gelowiges (die ware kerk) met die Vader. Alleen hulle wat in ware geloof aan Christus en sy verlossing verbind is, kry deel aan hierdie versoening tussen God en mens. In Romeine 1:17 word dit duidelik beklemtoon:

> *In die evangelie kom dit juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: 'Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.'*

In die verlossingswerk van Jesus Christus, waarin versoening tussen God en sy volk bewerk word, word dit wat in Genesis 3:15 beloof word en regdeur die Ou Testament herhaal word, uiteindelik vervul.

2.1.2.4. Eskatologie

Wanneer Jesus Christus die profesieë van die Ou Testament vervul en sy versoeningswerk op aarde afhandel, kom 'n nuwe bedeling tot stand. Die nuwe

bedeling word beheers deur die nuwe verbond wat God met sy volk daarstel (Knight, 1999:103). Met die instelling van die nagmaal verwys Jesus hierna wanneer Hy sê (1 Kor. 11:25):

"Hierdie beker is die nuwe verbond wat deur my bloed verseël is..."

In die nuwe bedeling word alles nuut gemaak. Die dinge van vroeër gaan verby en die totale skepping word tot volmaaktheid gebring (sien Lucas & Green, 1995:147-148). Die vyandskap, konflik en vervreemding wat die sonde veroorsaak het, maak plek vir versoening, vergifnis en eenheid. Dit wat lank tevore deur Jesaja geprofeteer is, gaan dan in vervulling (Jes. 11:6-8):

Wolwe en skape sal dan saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê,
kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees
en klein seuntjies sal vir almal sorg.
Koeie en bere sal saam wei, hulle kleintjies sal bymekaar lê,
leeus sal gras eet soos beeste.
Babatjies sal by die gate van adders speel,
klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na giftige slange.

Wanneer God nuut begin met mense, vind die wonderwerk van herskepping plaas. Vir die gelowige is daar nie meer vrees vir die finale oordeelsdag nie (Lucas & Green, 1995:147) en sy gewete word gereinig van die las van dade wat tot die dood lei (Heb. 9:14). Die geestelike doodsheid wat die sonde gebring het, word vervang met nuwe dankbaarheid en toewyding aan God (Floor, 1995:169). Herskepping het egter nie alleen te doen met dit wat in die toekoms finaal met die oordeelsdag gaan realiseer nie. Volgens Floor (1995:168) dui Efesiërs 4:23-24 duidelik daarop dat elke gelowige *een dagelijkse verjongingskuur* moet ondergaan en dat dit juis in die huidige lewe op aarde moet gebeur (sien ook Murphy-O'Connor, 1991:160; Stott, 1994:174).

Wanneer die gelowiges in Kolosse opgeroep word om te strewe na die dinge wat daarbo is waar Christus is en hulle gedagtes te rig op die dinge wat daarbo is en nie dit wat op aarde is nie (Kol. 3:1), is die bedoeling nie dat die lewe van elke dag geïgnoreer moet word nie. Die bedoeling is dat die versoening wat Christus bewerk het, volle beslag moet kry in die daaglikse lewe van die gelowige, sonder dat allerlei aardse en mensgemaakte reëls as voorwaarde daarvoor dien (Van der Watt, 1999b:1602). Volgens Wall (1993:143) is die primêre vrug van die versoeningswerk van Christus dat onderlinge verhoudings met medegelowiges

vernuwe word, omdat elke gelowige al meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en so tot die volle kennis van God kom (Kol. 3:10). Die spesifieke kulturele agtergrond van die gelowige maak geen verskil aan die wesenlike van die vernuwingsproses nie. Dit kom duidelik na vore wanneer Paulus in Kolossense 3:11 skryf:

> *Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.*

God red alle gelowiges op dieselfde manier en om dieselfde rede. In sy oë is daar nie verskillende godsdienstige of kulturele klasse nie (Hansen, 1994:200; McKnight, 1995:302; Wall, 1993:144). Só moet die eskatologiese visie van versoening die gelowige kind van God lei tot 'n transformasie waarin voortdurend gepoog word om die realiteite van die lewe op aarde te omvorm dat dit die eskatologie vergestalt (sien De Gruchy, 2002:75).

2.1.2.5. Vergifnis

In die proses waarin daar versoening bewerk word, is vergifnis 'n kernaspek. Omdat Christus in die plek van die sondige mens die prys vir sy sondes betaal, veroorsaak dit dat die Vader, as die groot en regverdige Regter, anders na die sonde van die mens kyk. Hebreërs 10:17 toon aan hoe God vergewe:

> *"Aan hulle sondes en oortredings sal ek nooit meer dink nie."*

Hier word aangehaal uit Jeremia 31:34 en dit word duidelik beklemtoon: ter wille van Christus en die versoeningswerk wat Hy verrig het, kies God om nie langer meer aan die sondes van die gelowiges te dink nie. In die Grieks word hier in Hebreërs 10:17 van 'n sterk negatief gebruik gemaak (οὐ μὴ...ἔτι) om te beklemtoon dat God *glad nie meer* aan die sondes dink nie. Op grond van die versoeningswerk van Christus ontvang elke gelowige dus vergifnis van God omdat Hy kies om nie langer meer aan hulle sondes te dink nie. God vergewe nie deur te vergeet nie. Hy hou nog altyd rekening met die sondes van die mens, maar op so 'n wyse dat Hy kies om dit nie langer meer teen hom te hou nie (Anderson, 1993b:297). Omdat Hy dit teen Christus gehou het, in plaas van teen die sondige mens, kan Hy in sy regverdigheid kies om nie langer meer daaraan te dink en dit nie langer meer teen die mens te hou nie. So ontvang die mens vergifnis in die proses van versoening tussen God en mens.

Omdat versoening met God iets is wat moet deurwerk in die verhouding tussen mense onderling, moet vergifnis ook in die verhouding tussen mense onderling gestalte kry. In Matteus 18:21-35 word Jesus aangehaal waar Hy - in antwoord op Petrus se vraag of dit nodig is om sy broer selfs sewe maal te vergewe - dit duidelik beklemtoon: vergifnis is iets wat aanhoudend moet gebeur, selfs sewentig maal sewe keer (Mat. 18:22). Sewentig is 'n volheidsgetal wat bestaan uit die Bybelse volheidsgetalle sewe en tien. Jesus vermenigvuldig dit met mekaar en dan weer met sewe, om daardeur aan te toon dat die gees van ware vergifnis geen grense het nie. Dit is onbeperk (Rienecker, 1980:55).

Wanneer vergifnis ter sprake kom, gaan dit nie oor getalle of die hoeveelheid kere wat dit plaasvind nie: dit gaan oor die gesindheid van die hart. In sy hart moet die gelowige keer op keer bereid wees om te vergewe. God vergewe volledig en onvoorwaardelik in en deur Jesus Christus. Gevolglik moet elke gelowige ook bereid wees om sy medemens volledig en onvoorwaardelik te vergewe. Dit is nie maar 'n keuse wat gestel word nie: dit is 'n opdrag van God self (Mat. 6:14-15; Ef. 4:31-32) (sien ook Van Niekerk, 2000:9, 100). So het Jesus ook sy dissipels geleer om te bid (Mat. 6:12):

> *...en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree...*

Volgens Louw & Nida (1989:503) is die betekeniswydte van die Griekse woord ἀφίημι (vergewe) "om die skuld wat uit 'n oortreding voortkom, te verwyder." Die fokus is hier op die skuld as gevolg van die oortreding en nie op die oortreding as sodanig nie. Die oortreding word nie ongedaan gemaak nie, maar die skuld wat daaruit voortspruit word verskoon. Om te vergewe is dus om die skuld rakende 'n oortreding te verwyder.

Om te vergewe is egter meer as om bloot berou en skuldbelydenis van iemand te aanvaar en vrede te maak. Om te vergewe maak dit moontlik om in 'n nuwe verhouding met God te leef, deurdat die struikelblok van onverwerkte emosies uit die weg geruim word. Wanneer 'n mens die een of ander traumatiese gebeure beleef wat deur 'n ander persoon veroorsaak is, ontstaan daar sekere sterk emosies by hom (sien Anderson, 1993b:297-299). Indien hierdie emosies onverwerk bly, veroorsaak dit 'n blokkasie in die mens se verhouding met God. Dit kan selfs daartoe lei dat God op 'n manier kwalik geneem word vir die skade wat gelei is en dat so 'n persoon nie langer in vrede met God leef nie. 'n Blokkasie in

die verhouding met God veroorsaak op sy beurt weer dat alle ander menseverhoudings skade ly. Die proses van vergifnis is die proses waartydens die blokkasie van onverwerkte emosie verwyder word, sodat daar 'n nuwe verhouding met God kan ontstaan.

Skadelike optrede asook die gevolge daarvan, kan nie ontken of weggewens word nie. Die proses van vergifnis bring die mens egter voor 'n keuse: hy kan óf in bitterheid en vol allerlei verlammende emosies met die gevolge van iemand anders se skadelike optrede saamleef, óf in die vryheid van vergifnis daarmee saamleef en uiteindelik met verloop van tyd daarvan genees (Anderson, 1993b:297-299). Deur die krag van die Heilige Gees is dit moontlik en daarom het elke gelowige die verantwoordelikheid om die oproep van Efesiërs 4: 32 na te kom:

> *Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*

2.1.2.6. Nuwe verhoudings met God, mekaar en die skepping

Versoening is die proses wat die vernietigende gevolge van die sondeval omkeer. Waar die mens vanweë die sonde in vervreemding en vyandskap met God geleef het, word hierdie verhouding herstel deur die proses van versoening en kan daar weer sprake wees van ware liefde in die verhouding wat die mens met God het (Luk. 8:13; Rom. 5:10-11; 2 Kor. 5:18-20; Ef. 2:16; Kol. 1:20-21; Heb. 2:17; 1 Joh. 1:9; 1 Joh. 2:20). Langs hierdie weg bring versoening uiteindelik vrede met God (Van Wyk, 1999:92). Die nuwe vrede wat ontstaan, rus op die waarheid van die evangelie (Calvyn, 1953:14) en die bepalings van die tien gebooie (Snyman, 1994:94), soos dit in en deur Christus vervulling gevind het.

Versoening met God impliseer dat 'n nuwe persoonlike verhouding met Hom gebou word. Aanvaarding van die versoening is egter nie maar net iets wat bloot gebeur nie. Dit vra 'n persoonlike reaksie van die gelowige: dit moet aanvaar word. Versoening met God moet lei tot 'n radikale verandering in die lewe van die gelowige. 'n Duidelike teken van hierdie radikale verandering is wanneer die wêreld op 'n nuwe manier beskou word en wanneer die gelowige se eie lewe in alle opsigte nuut word (Garland, 1999:286-287).

Volgens Vorster (1997:10) is die doel van God se versoening met die sondegevalle mens om sy kindskap van die Vader te bevestig. Paulus verwys

hierna in Romeine 9:26; 2 Korintiërs 6:18; Romeine 8:17 asook Galasiërs 3:26. In hierdie gedeeltes is dit duidelik: deur middel van die offerbloed van Christus het God die sondegevalle mens weer sy eie kind gemaak. Die vyandskap is weg en daar is 'n nuwe verhouding van liefde en vrede tussen God en mens. Seker die duidelikste teken hiervan is die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:1 e.v.). Die Gees van God self woon en werk nou in elke ware gelowige (1 Kor. 6:19) en vergestalt die nuwe intieme verhouding tussen God en die mens. Met die Gees wat nou op 'n besondere manier een is met die mens kry die verhouding tussen God en mens nou 'n totaal nuwe dimensie. Vanuit hierdie intieme verhouding tussen God en mens herinner die Gees die gelowige aan die versoening wat Jesus Christus bewerk het en leer en lei Hy elkeen om dit te glo en in die lewe van elke dag gestalte te gee.

Op hierdie manier maak die versoening wat Christus bewerk het, ook 'n ommekeer moontlik in die mens se verhouding met sy medemens. Vir die nuwe mens, wat in 'n nuwe verhouding met God leef en deel is van die nuwe volk van God, is dit 'n vereiste dat reg en geregtigheid nie alleen gestalte moet vind in sy verhouding met God nie, maar ook in sy verhouding met sy medemens. Uiteindelik moet almal vir mekaar die geregtigheid van God soek (Vorster, 1997:14). Garland (1999:89-291) wys tereg daarop dat dit by versoening om meer gaan as blote positiewe regspraak wat daarop gemik is om geregtigheid te handhaaf. Dit gaan oor die bou van 'n totale nuwe verhouding. God veroorsaak dat die twee partye wat eers vyande was, nou weer vriende word. Versoening hou in dat radikale redding uit sonde plaasvind, en dat die vryspraak van God in die lewe van sy kind realiseer. Hoewel hy 'n onverdienstelike sondaar is, mag die kind van God dit nou reeds beleef terwyl hy nog op aarde is. Hierdie nuwe verhouding mag hy nie maar net geniet en vier nie, maar moet hy ook uitleef as 'n werklikheid in sy lewe (Verster, 1990:65), juis ook in sy verhouding met sy medemens.

Die resultaat hiervan is dat daar nie net nuwe vrede is tussen mens en God nie, maar juis ook tussen mens en mens (Ef. 2:14). Die eis van God is dat die wêreld hierdie vrede met God en mekaar in alles moet weerspieël. In navolging van Christus en in lewensgemeenskap met Hom, moet mense onderling met mekaar versoen (Vorster, 1997:12). Dade teenoor die naaste moet duidelik wys dat die konkrete eise van God hierin nagekom word. So bring versoening met God egter ook onderlinge versoening tussen mense. Vyandskap en konflik word opgehef om uiteindelik een nuwe mensheid tot stand te bring. Hierdie nuwe mensheid is die

kerk van God (Van Wyk, 1999:92). Ware versoening is die proses waartydens gebroke verhoudings herstel word en uiteindelik nuwe verhoudings tussen mense tot stand kom (Jacques, 2000:43). Versoening gebeur nie noodwendig wanneer iemand skuld beken of selfs vergifnis vra nie. Ware versoening hou hom ook nie besig met 'n herstel van die verhouding soos wat dit voor die tyd was nie. Ware versoening verteenwoordig 'n radikale breuk met die verlede. Dit beweeg vorentoe en stel 'n totaal nuwe verhouding daar – wat gegrond is in die geregtigheid van God.

Lotter (2000:224) is sekerlik korrek in sy standpunt dat versoening met God en sy medemens vir die mens ook versoening met homself inhou. Soos wat hy in die proses van versoening vergifnis van God ontvang, word die mens nie net in staat gestel om ander te vergewe en vergifnis van sy medemens te ontvang nie, maar ook homself te vergewe (Anderson, 1999b:345). Nou kan die mens ook met homself in vrede leef, vry van die ou gevoelens van selfverwyt en beskuldiging wat voorheen deel was van sy lewe.

Versoening bring ook 'n nuwe verhouding tussen mens en skepping. Waar die skepping sedert die sondeval aan die verganklikheid onderwerp is en moes ly as gevolg van die oortreding van die mens, het die verlossingswerk van Christus ook die moontlikheid van vernuwing in die verhouding tussen die mens en sy omgewing gebring (Pfatteicher, 1997:252). Die kerk van God staan onder die eis om in sy verhouding met die skepping 'n nuwe verhouding van daadwerklike versorging en verantwoordelike bewerking daar te stel – soos wat die aanvanklike opdrag in die paradys was (Gen. 1:28). As uitvloeisel van die versoening wat Christus bewerk het, moet nou reeds daaraan gevolg gegee word dat vryheid uit die "verslawing aan die verganklikheid" (waarvan Paulus skryf in Romeine 8:19-23) gestalte kry in die mens se omgang met die skepping. Ook in hierdie verhouding moet daar nuwe vrede teweeg gebring word.

2.1.2.7. Multikulturele verhoudings: die muur van skeiding is afgebreek (Ef. 2:11-22)

Omdat dit in hierdie studie gaan oor die verhouding tussen mense van verskillende kulture agtergronde wat binne 'n bepaalde sosiohistoriese konteks in Suid-Afrika saamleef, is dit insiggewend om op hierdie punt in meer besonderhede te fokus op die beginsels wat in Efesiërs 2:11-22 na vore kom. Hierdie teksgedeelte bied waardevolle insigte vir die problematiek van gespanne verhoudingsprobleme tussen mense van verskillende kulture.

Wanneer Paulus in sy brief aan die Efesiërs verwys na die muur van skeiding wat afgebreek is (Ef. 2:11-22), dui dit op die oorbrugging van die kulturele verskille tussen die Jode en die heidennasies. Onder die heidennasies word diegene gereken wat nie die besnydenis ondergaan het soos die Jode nie en ook 'n andersoortige lewensbeskouing en manier van lewe gehad het. Daar was verskille in blyplek en wyses van aanbidding, asook in eetgewoontes, kleredrag, politiek en etiek. As gevolg van taalverskille het hulle mekaar ook maklik misverstaan en was daar dikwels vrees, konflik en veragting van mekaar (Muddiman, 2001:128).

Paulus se verwysing na die "muur van skeiding" kan 'n letterlike, maar ook metaforiese betekenis hê. Letterlik verwys dit na die muur wat om die tempel gebou is om te verhoed dat iemand vanuit 'n vreemde nasie die tempel binnekom en dit só ontreinig (Muddiman, 2001:127). Hierdie skeidsmuur het 'n inskripsie gehad wat gelees het (vry vertaal in Afrikaans):

> *Geen mens van 'n ander ras mag die gedeelte binne die skeidsmuur om die tempel betree nie. Wie ookal hier gevang word, sal alleen homself kan bedank vir die dood wat volg.* (Lincoln, 1990:141).

Die "muur van skeiding" kan volgens Floor (1995:111) egter ook 'n metafoor wees vir die wet van die Jode, met al sy gebooie en insettings (veral met betrekking tot die besnydenis) wat nagekom moes word om toegang tot die tempel moontlik te maak.

Wanneer Christus die versoening op aarde bewerk, breek Hy hierdie skeidsmuur tussen die gelowiges af. Sy verlossingswerk vernietig die verdeeldheid, vyandskap en onderdrukking. Hierdeur bewerk Hy die skepping van die nuwe mens. Hy deurbreek elke element van die skeiding, sodat 'n nuwe kerk gebou kan word, waar daar vrede, versoening en vrye toegang tot God is. Elke gelowige, ongeag van afkoms of kulturele identiteit, kan nou deel wees van die huisgesin van God waarin daar veiligheid, gemeenskap en intimiteit is. Die resultaat hiervan is vrede (Floor, 1995:112).

Die gelowiges uit die heidennasies was vroeër sonder Christus. Hulle het Hom nie geken nie. Dit het ingehou dat hulle sonder die geestelike burgerregte van die volk van God was, sonder die verbondsvoordele wat Hy gee, sonder die hoop wat

sy beloftes bring en sonder die kennis van God (Floor, 1995:105). Wie dit ontbeer, kan nie vrede in sy of haar gemoed hê nie. In en deur Christus het dit alles egter verander. In die Nuwe Testamentiese tyd het geen volk of kultuur as sodanig meer voorrang nie. Almal wat glo, ongeag hulle afkoms, is in en deur Christus versoen met God. Hiervan skryf Paulus aan die Galasiërs in hoofstuk 2, waar hy beklemtoon dat die besnydenis volgens die Joodse wet nie langer 'n voorwaarde is om deel te word van die volk van God nie. Dit is nie kulturele afkoms nie en ook nie gehoorsaamheid aan 'n bepaalde wet wat verlossing en inlywing in die huisgesin van God bring nie. Dit is alleen die soenverdienste van Jesus Christus wat dit moontlik maak.

Uit elke volk, taal en nasie word die lede van die huisgesin van God gekies en geroep om saam te kom en Hom te dien en aanbid. So bou die Hoof van die kerk self sy huis op uit ware gelowiges van regoor die wêreld, nieteenstaande verskille in kulturele afkoms. Die bouwerk aan hierdie huis van God is stewig en solied en daar is voortdurende groei (Floor, 1995:120). Danksy Christus wat die muur van skeiding afgebreek het, is dit nou 'n realiteit vir die kerk en moet dit gestalte vind in sy daaglikse lewe.

Die boodskap van versoening raak die verhoudings tussen die verskillende groeperinge in die samelewing. Versoening beteken nie dat die verskillende groepe hulle eie identiteit en kultuur verloor nie, maar dat die vyandskap tussen die groepe weggeneem word en dat die groepe daarna streef om in vrede en harmonie met mekaar saam te leef. Dit impliseer ook dat strukture van die samelewing op harmonie gebou word en nie op konflik nie en dat geregtigheid op alle vlakke bevorder word (Van Wyk, 1999:93).

Volgens Gaede (1993:65-71) is liefde die sleutel tot versoening en eenheid in 'n multikulturele kerk. Jesus se liefde moet uitgedra word na mekaar toe. Dit beteken dat elke lidmaat Hom navolg in hulle totale lewe. Daarom moet die Bybelse beginsels van geregtigheid en regverdigheid deel wees van gelowiges se omgang met mekaar.

2.1.2.8. Die kerk se taak: die bediening van die versoening: 2 Korintiërs 5:11-21

Die versoening wat Christus bewerk het, veroorsaak ingrypende veranderings in die lewe van die gelowige. Dit bring nuwe lewe: lewe vol vervulling, sin, betekenis, vooruitsig en hoop. Dit bring nuwe verhoudings: met God en mekaar en die

skepping. So 'n ingrypende en aangrypende gebeurtenis kan nie onaangekondig gelaat word nie: dit moet bekend gestel word. Daarom skryf Paulus aan die gemeente in Korinte dat God die bediening van die versoening aan die apostels toevertrou het (2 Kor. 5:18-19). Die gestuurdes van die Here het die verantwoordelikheid om voortdurend te verkondig dat die genade van God in en deur Christus daar is vir elkeen wat waarlik glo. In beide verse 18 en 19 beklemtoon Paulus die feit dat God dit aan hulle (die gestuurdes) toevertrou het.

Die "bediening van die versoening" behels die verkondiging dat God deur die dood en opstanding van sy Seun die verhouding tussen Hom en die mens, wat deur die sondeval verbreek is, herstel het (Du Rand, 1999a:1534). Volgens Verster (1990:62) gaan dit oor die konkretisering van die versoening in Jesus Christus, sodat die sondaar God se geregtigheid kan ontvang. Die versoening word bedien wanneer dit bekend gestel word (in woord en daad), sonde aangespreek word en bekering plaasvind. In 1 Korintiërs 2:2 beklemtoon Paulus dit dat versoening die totale inhoud van sy prediking uitmaak. Hy bedien hierdie boodskap met sy hele lewe. Hoewel hy baie swaarkry in die proses beleef (1 Kor. 4:9-13), kan hy nie hieroor stilbly nie. Hy verkondig dit met alles wat hy is en het. Dit is ook belangrik om daarop te let dat dit nie alleen gaan oor prediking van die boodskap nie. As apostel leef Paulus dit uit in alles wat hy doen en sê. In die proses word hyself 'n aktiewe versoener (Garland, 1999:29).

'n Belangrike perspektief in hierdie gedeelte is dat die boodskap van versoening bedien moet word aan en in die hele wêreld. Die Griekse woord κόσμος in 2 Korintiërs 5: 19 het te doen met die totale menslike wêreld (Rienecker, 1980:470). Dit beteken volgens vers 19 dat die versoening met God in en deur Christus vir die totale menslike wêreld daar is. Dit is die gestuurdes van God se taak om dit aan die wêreld bekend te maak in woord en daad.

Die werk wat die apostels begin het moet voortgesit word. Die totale menslike wêreld moet bereik word. Elkeen wat in God glo, word daardeur ook 'n gestuurde wat van Hom die opdrag het om die boodskap van versoening te bedien. Net soos Paulus en die ander apostels, het elke lidmaat van die kerk die verantwoordelikheid om die boodskap van versoening aktief te verkondig. Dit is dus vanuit die kerk wat die versoening van God in die wêreld bedien moet word en gestalte moet begin kry (Vorster, 1997:13). Volgens Jacques (2000:60) is daar vandag 'n groter behoefte as ooit tevore aan insette van mense uit verskillende

denominasies en teologiese tradisies, sodat die denke van die Christendom deur ervaring en vars perspektiewe verryk kan word en sodat die kerk as geheel gelei kan word om aktief op te tree in die bevordering van versoening wêreldwyd (Jacques, 2000:60). Die Bybelse leer oor versoening het 'n diepte en volheid, uniekheid en kwaliteit wat nie in humanistiese versoeningspogings gevind kan word nie. Dit is onontbeerlik vir die bevordering van vreedsame naasbestaan in 'n multikulturele wêreld wat toenemend gebuk gaan onder konflik en vervreemding. Die kerk moet dien as instrument om fundamentele Bybelse waardes rondom die waardigheid van elke mens en dit wat nodig is om as mense saam te leef, te herbevestig (Jacques, 2000:53).

Die versoeningstaak van die kerk eindig nooit nie. Slagoffers van konflik en onreg kom dikwels na die kerk om hulp te soek in hulle worsteling en ontslae te raak van die verlammende emosionele bagasie wat hulle saamdra. Juis op 'n geloofsvlak is daar toenemend 'n soeke na 'n perspektief wat blywende krag, moed en hoop kan gee. Die kerk het die Godgegewe taak om 'n luisterende oor te wees, pastorale begeleiding te gee en geleenthede te skep waar slagoffers openlik in die openbaar gehoor kan word in hulle soeke na die waarheid en genesing (Jacques, 2000:30). Daarsonder kan geen blywende versoening en vreedsame naasbestaan wees in 'n gemeenskap waar konflik deel geword het van die alledaagse bestaan nie.

Van Wyk (1999:66) wys daarop dat dit nie net die kerk is wat 'n Godgegewe taak het om die versoening in die wêreld te bedien nie. Ook elke gelowige as individu ontvang hierdie opdrag van God. Die bediening van die versoening verander interpersoonlike verhoudings, in besonder ook daar waar individuele gelowiges van dag tot dag werk en leef. Die kerk het dus die taak om al sy lidmate op te roep om soveel moontlik te doen sodat hulle as individue in vrede met ander kan saamleef en kan meewerk tot 'n vreedsame en verantwoordelike samelewing (Van Wyk, 1999:93).

2.1.2.9. Konklusie met betrekking tot Nuwe Testamentiese gegewens oor versoening

Uit gegewens in die Nuwe Testament kan die volgende konklusie oor versoening gemaak word:

- Weens sy sonde en ellende het die mens dringend redding nodig. Sy verhouding met God is soveel skade berokken, dat hy in homself op die

ewige dood afstuur. Hy het nodig dat op een of ander manier betaal word vir sy sondes. Alleen só kan versoening met God kom en kan sy verhouding met God herstel word.

- Wat in die Ou Testament beloof is, word vervul in die Nuwe Testament. Christus word gebore as mens op aarde om die sondige mens te red uit sy sondenood. God neem die inisiatief en laat hierdeur die versoening met die mens finaal werklikheid word. Christus voldoen aan die geregtigheid van God deur die sondeskuld van die mens volledig te betaal. So word versoening bewerk en die verhouding met God herstel.
- God se geregtigheid vereis dat die sonde gestraf moet word ten einde versoening te kan bewerk. Christus dra hierdie straf, omdat die mens in homself nie daartoe in staat is nie. Christus se lyding getuig daarvan dat die versoening nie goedkoop is nie, daarom versoen Hy nie alle mense met God nie, maar alleen diegene wat waarlik in Hom glo.
- Christus se versoeningswerk bring 'n nuwe bedeling tot stand waarin die wonder van herskepping plaasvind. Herskepping vind nie alleen op die finale oordeelsdag plaas nie, maar moet reeds in die huidige lewe van die gelowiges beslag kry. So moet die kloof tussen die eskatologiese visie en die realiteite van die lewe op aarde oorbrug word.
- Vergifnis is 'n kernaspek in die proses van versoening. God die Vader vergewe deurdat Hy kies om nie langer meer aan die sondes van die mens te dink nie. Omdat God vergewe, eis Hy dat gelowiges onder mekaar en in die wêreld ook moet vergewe. Vergifnis onder mekaar is dus 'n onontbeerlike deel van die nuwe verhouding met God wat tot stand kom.
- Versoening vra 'n persoonlike reaksie van die gelowige. Hy moet die versoening van God aanvaar. Dit behels dat hy die nuwe verhouding met God uitleef en gestalte gee in 'n nuwe lewe voor Hom. Die lewegewende teenwoordigheid van die Heilige Gees maak dit moontlik.
- Die gelowige wat met God versoen is, het die verantwoordelikheid om 'n nuwe verhouding met sy medemens daar te stel. Dit moet 'n totale nuwe verhouding wees waarin vrede nagestreef word. Die kerk, as nuwe mensheid, kom hierdeur tot stand.
- Die gelowige wat met God versoen is, moet ook met homself versoen. Hy moet homself vergewe en vry van die ou gevoelens van selfverwyt en selfbeskuldiging voortleef.

- Versoening bring 'n nuwe verhouding met die skepping. Vryheid uit die "verslawing aan die verganklikheid" moet toenemend gestalte kry in die mens se verhouding met die skepping. Ook hierin moet nuwe vrede kom.
- Vir multikulturele verhoudings beteken die versoening met God dat kulturele skeidsmure afgebreek is. Christus bewerk 'n nuwe mensheid waarin kulturele afkoms nie meer bepalend is nie, maar geloof die enigste kriterium is. Die nuwe mensheid hef nie persoonlike identiteit en kultuur op nie, maar maak dit op só 'n wyse deel daarvan, dat dit vir mense uit verskillende kulturele agtergronde moontlik is om in Christus saam te leef in harmonie en vrede met mekaar.
- Die Bybelse boodskap van versoening het 'n diepte, volheid, uniekheid en kwaliteit wat nie in humanistiese versoeningspogings gevind kan word nie. Dit is onontbeerlik vir vreedsame naasbestaan in 'n wêreld wat vol konflik en vervreemding is as gevolg van die werklikheid van multikulturaliteit. Hierdie boodskap van versoening moet bedien word. Dit is die kerk se taak om dit te doen. Elke gelowige het die taak om hom hiermee besig te hou.

2.1.3. Samevattende konklusie met betrekking tot Ou en Nuwe Testamentiese gegewens oor versoening

Die volgende samevattende konklusie oor Ou en Nuwe Testamentiese gegewens rondom versoening kan gemaak word:

- Die sondeval van die mens noodsaak versoening. Die mens het homself in sonde en ellende gedompel en daardeur sy verhouding met God verbreek. Dit het veroorsaak dat daar vyandskap en vervreemding in sy verhouding met God, homself, sy medemens en die skepping gekom het.
- God laat die mens nie maar oor aan sy lot nie. Hy neem die inisiatief om versoening te bewerk. Hy gee die belofte van herstel, verlossing en hoop. Regdeur die Ou Testament openbaar Hy Homself as die Een wat alles gereed maak vir die ontplooiing van sy plan vir versoening.
- Wat in die Ou Testament beloof is, gaan in vervulling in die Nuwe Testament wanneer Christus as mens op aarde gebore word. Hy betaal die sondeskuld van die mens en voldoen so aan die geregtigheid van God. So word versoening tussen God en mens bewerk en word die verhouding met God herstel.
- Hoewel dit God is wat die inisiatief neem om versoening te bewerk, eis Hy 'n bepaalde reaksie van sy volk. Daar moet 'n persoonlike reaksie wees, waarin die

eise van God in hulle daaglikse lewe gestalte kry. Hulle nuwe verhouding met God moet gehoorsaam uitgeleef word in alle aspekte van hulle lewe. Hiervoor gee Hy die tien gebooie en die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

- Versoening met God eis nuwe menseverhoudinge. Konflik en verdeeldheid wat die gevolg van die sondeval is, moet oorkom word sodat 'n nuwe verhouding van liefde en vrede daargestel kan word. Ook met ongelowige buitestaanders moet hierdie versoening nagestreef word.
- Vir versoening om te slaag, is geregtigheid nodig. Christus het aan God se geregtigheid voldoen om versoening moontlik te maak. Sy lyding getuig daarvan dat dit nie goedkoop gemaak kan word nie. Hierdie selfde beginsel van geregtigheid moet gestalte kry in onderlinge menseverhoudings. Vir versoening om te slaag, moet elke betrokke party bereid wees die prys te betaal wat nodig is daarvoor. Die eise van God se Woord moet daarin nagekom word.
- Christus se versoeningswerk bring 'n nuwe bedeling tot stand waarin herskepping plaasvind. Dit gee die gelowige die verantwoordelikheid om die kloof tussen die eskatologiese visie en die realiteite van die lewe op aarde te oorbrug.
- Vergifnis is 'n kernaspek van versoening. Omdat God vergewe, eis Hy dat gelowiges ook vergewe: mekaar en hulleself. Op grond van die verlossingswerk van Christus kies God om nie langer meer aan die sondes te dink nie. Gelowiges moet op dieselfde manier met hulle eie en mekaar se sondes werk.
- Versoening met God eis 'n nuwe verhouding met die skepping. In die mens se verhouding met die skepping moet "vryheid uit die verslawing aan die verganklikheid" gestalte kry.
- Vir multikulturele verhoudings is die implikasie van die versoening met God dat kulturele skeidsmure afgebreek word. Die nuwe mensheid in Christus word gebou op geloof en nie kulturele bepaaldheid nie. Dit akkommodeer kulturele verskille op só 'n manier dat mense uit verskillende kulturele agtergronde in Christus kan saamleef met mekaar in vrede en harmonie – sonder om hulle eie identiteit of kultuur in die proses te verloor.
- Die kerk het die taak om die boodskap van versoening daadwerklik in woord en daad in die wêreld te verkondig. Die diepte, volheid, uniekheid en kwaliteit daarvan is onontbeerlik vir vreedsame naasbestaan in 'n multikulturele wêreld vol konflik en vervreemding.

2.2. Die proses van versoening

Om 'n proses van versoening daar te stel, is dit nodig om die Bybelse beginsels wat onderliggend daaraan lê, te gebruik as fondament waarop die proses gebou kan word. Volgens (Jacques, 2000:53; Lotter, 2000:224-226 en Van der Walt, 1996:24) is versoening die resultaat van 'n proses waarin verantwoordelikheid geneem word dat skuldbelydenis, vergifnis en bekering plaasvind.

2.2.1. Verantwoordelikheid vir die proses

Versoening gebeur gewoonlik nie vanself nie. Iemand moet verantwoordelikheid daarvoor neem dat 'n proses van versoening daargestel en deelnemers daarin begelei word. Volgens gegewens uit byvoorbeeld 2 Korintiërs 5:11-21 is dit duidelik dat die kerk die taak het om die boodskap van versoening in woord en daad in die gemeenskap te bedien (sien 2.1.2.7 hierbo). Die kerk moet toesien dat aktiewe versoening plaasvind in gemeenskappe wat deur konflik geteister word. Betrokkenes moet begelei word om versoening en vrede te vind in die plek van vyandskap en vervreemding.

Wanneer daar bepaalde konflik en vervreemding in 'n gemeenskap ontstaan, is dit dus in die eerste plek die taak van die kerk om seker te maak dat die konflik opgelos en versoening bewerkstellig word nie. Volgens die gegewens in die Bybel dra God hierdie taak op aan die kerk.

2.2.2. Betrokkenheid by die proses

Om 'n proses van versoening gestalte te gee, is dit uiteraard nodig dat die betrokkenes van al die partye in die konflik sal deelneem aan die proses. Versoening kan nie plaasvind indien net een party teenwoordig is nie. Volgens Pople (2003:3) kan versoening ook net plaasvind indien dit op persoonlike vlak plaasvind. Elke betrokkene moet die uiteindelike doelwit hê om elkeen van diegene met wie daar voorheen konflik was, weer in sy of haar lewe toe te laat.

Dit is nie die slagoffer alleen wat pastoraal deur die kerk bygestaan moet word nie. Ook na die oortreder moet die kerk omsien. Net soos die slagoffer moet ook die oortreder gehelp word om vry te kom van sy eie skuld, sodat hy weer in die gemeenskap opgeneem en gerehabiliteer kan word. Deur skuld te bely en berou te toon, kan die oortreder sy vaardigheid as verantwoordelike gelowige voor die Here terugvind en sodoende weer in die samelewing geïntegreer word. Op hierdie manier word die oortreder bemagtig om 'n aktiewe en beduidende rol te speel in die proses van versoening in die samelewing (Jacques, 2000:50, 58).

Vir versoening is dit belangrik dat die betrokke partye direkte kontak met mekaar maak en mekaar se gevoelens oor die saak aanhoor. 'n Vertrouensverhouding moet geskep word, sodat daar uiteindelik nuwe perspektiewe na vore kan kom, nuwe doelwitte daargestel kan word en 'n werkbare praktykprogram ontwerp kan word (Louw, 1987:28). Onderhandeling, kompromie en samewerking is die sleutelterme in die hantering van hierdie uiters komplekse saak. Niemand kan egter gedwing word om teen sy wil in met 'n ander persoon te versoen nie (Jacques, 2000:57). Wanneer daar onwilligheid is tot wedersydse gesprekvoering, moet maniere gevind word om die party(e) daartoe te oortuig. Dit is van groot belang dat die betrokke partye ten volle en met die regte oortuiging en hartsgesindheid by so 'n proses betrokke sal wees. Hierin het die kerk die taak om te inspireer, begelei en pastoraal te versorg.

2.2.3. Gesprekvoering oor die verlede

Om te praat oor swaarkry en seerkry, bring genesing (Orr, 2000:46). Wanneer die betrokke partye byeengebring word vir 'n proses van versoening, is een van die sleutelmomente wanneer met mekaar gepraat word oor dit wat aanleiding gegee het tot die konflik en vervreemding. So word die kollektiewe geheue van die betrokkenes, asook van die hele samelewing, oor dit wat trauma en lyding veroorsaak het, herstel en gereinig. Nie alleen help dit om die destruktiewe krag van die geheue (emosionele bagasie) teen te werk nie, maar dien dit ook om waardevolle lesse uit die verlede te leer. Sodoende kan probeer word om te verseker dat dit wat gebeur het, nie weer herhaal word nie.

Om direk met mekaar te praat oor wat aanleiding gegee het tot konflik en vervreemding, lei daartoe dat die verskillende partye mekaar, asook mekaar se motiewe en ervarings erken (Jacques, 2000:29). Dit bring beter begrip vir mekaar se situasie en gevoelens en ruim wanpersepsie en vooroordele uit die weg. Vir die gesprek in die versoeningsproses is dit uiteraard van kardinale belang dat daar openlikheid en eerlikheid oor die gebeure sal wees (Van der Walt, 1996:24). Openhartigheid, samewerkende onderhandeling, konstruktiewe gedrag, realisering van die waarheid en medelye en begrip vir die ander moet volgens Louw (1987:52) ingebou word in die gesprek. Sodoende kan verbande deeglik gelê word en kan perspektiewe verbreed word sodat 'n gebalanseerde uitkyk op die situasie verkry kan word.

2.2.4. Skuldbelydenis, berou en vergifnis

Wanneer opponerende partye met mekaar in gesprek tree oor dit wat hulle van mekaar vervreem en konflik veroorsaak, mag dit nie maar net 'n oop gesprek sonder agenda

wees nie. Een van die doelwitte moet wees dat skuldbelydenis gedoen word en dat die skuldige party opregte berou sal toon vir sy optrede.

Waar daar skuldbelydenis is, kom daar vergifnis en versoening en gaan die toekoms oop. So word geloofwaardigheid hierin herwin (Van Wyk, 1999:66). Sommige oortreders weier egter om self die blaam te dra. Die skuld word eerder voor die deur van ander gelê. Ander ontken eenvoudig dat hulle 'n aandeel in die skuld het. Ander probeer hulle optrede regverdig deur op een of ander manier daaroor te rasionaliseer. Nog ander weier om enigsins daaroor te praat. Sonder skuldbelydenis is geen versoening moontlik nie. So 'n gesprek kontinueer bloot die konflik en vervreemding. In so 'n geval is die toepassing van vergeldende geregtigheid volgens Jacques (2000:58) die enigste manier waarop die konflik besleg kan word. Diegene wat egter bereid is om die pad te loop van belydenis, berou, vergifnis en versoening, vind daarin diepe bevryding. In Johannes 8:32 verseker Jesus sy dissipels dat die waarheid 'n mens vrymaak. Dit kan alleen gebeur wanneer nie probeer word om die waarheid vir die oortreder of vir God weg te steek nie, maar om dit openlik na die oppervlak te bring. Dit gaan oor herinner, onthou, bely en bekeer.

In hierdie tipe versoeningsgesprek is vergifnis van uiterste belang. Vergifnis laat die slagoffer vrykom van die emosionele skade wat die skadelike optrede van 'n ander party veroorsaak het. Dit is die bewustelike keuse om gewillig met die gevolge van die oortreder se optrede saam te leef, maar sonder die haat- en wraakgedagtes of enige ander emosie wat daardeur veroorsaak is (Anderson, 1999a:420-421). Jacques (2000:45-47) gaan van die standpunt uit dat 'n mens net kan vergewe indien die oortreder self in sy teenwoordigheid is, skuld erken en vergifnis vra. Anderson (1993a:200-205) meen egter tereg dat die teenwoordigheid van die oortreder nie noodsaaklik is nie. Vergifnis is nie iets wat in die eerste plek plaasvind tussen die slagoffer en die oortreder nie. Dit is iets wat plaasvind tussen die slagoffer en God. Vergifnis gebeur wanneer die slagoffer God vra om sy emosionele bagasie weg te neem, sodat hy voortaan sonder die belemmering daarvan kan leef. Vergifnis gebeur voorts wanneer die slagoffer teenoor God die verbintenis aangaan om dit wat die oortreder gedoen het, nie weer te noem nie, nie teen die persoon te hou nie en in die toekoms só op te tree asof die oortreding nooit gebeur het nie. Selfs wanneer die oortreder nie daar is nie, of dalk al dood is, kan die proses van vergifnis dus steeds voortgaan, omdat dit iets is wat primêr tussen die slagoffer en God plaasvind.

Vir die totaliteit van die proses van versoening en ter wille van elke party wat geraak is deur die optrede van die oortreder, het dit meer wins indien elke betrokkene wel

teenwoordig is wanneer sodanige gesprekvoering oor die verlede plaasvind. Om te sien en beleef hoe 'n oortreder skuld bely en opreg om vergifnis vra, is uiters waardevol om uiteindelik berusting en genesing vir die slagoffer(s) te bring.

2.2.5. Transformasie en restourasie

Vir ware versoening is dit nie genoeg om maar net oor die situasie te praat, skuld te bely en vergifnis te kry nie. Volgens Vorster (1997:14) is daar alleen sprake van werklike versoening indien daar verandering kom. Nie alleen in die verhouding tussen die betrokke partye nie, maar ook in elkeen se lewenswyse moet daar verandering kom. Transformasie is nodig om blywende versoening daar te stel.

Transformasie behels dikwels meer as net 'n gesindheidsverandering. Dikwels is dit nodig dat vergoeding of genoegdoening betaal word aan die party wat skade gely het. In gevalle waar skade byvoorbeeld gekom het as gevolg van misdaad en geweld, is dit nodig dat geregtigheid (in die sin van die regsprosesse van die land) geskied (sien Jacques, 2000:34). Vergifnis beteken nie dat sonde goedsmoeds verdra en toegelaat word nie. Indien die oortreding van sodanige aard was dat dit nodig is om die reg sy gang te laat gaan, moet die oortreder ter wille van die groter proses van versoening daarby berus. Geregtigheid en vergoeding is belangrik vir die hele proses, omdat dit vergelding en weerwraak grootliks verhoed. In hierdie verband verwys Jacques (2000:44) na die beginsel van herstellende (restouratiewe) geregtigheid. Hiervolgens word geregtigheid gehandhaaf deur restourasie in een of ander vorm te laat betaal aan die slagoffer. Die doel hiervan is om waardigheid van sowel die slagoffer as die oortreder te herstel en terselfdertyd ook nuwe en onpartydige verhoudings binne die gemeenskap te laat ontstaan.

Wanneer konflik en vervreemding oor 'n wyer front voorgekom het – sodat totale gemeenskappe daardeur geraak is (byvoorbeeld wanneer 'n bepaalde groep in die gemeenskap oor 'n tydperk verantwoordelik was vir diep skade wat 'n ander groep gelei het) – is meer ingrypende transformasie nodig: dan is dit nodig dat die politieke, ekonomiese en sosiale strukture van die hele gemeenskap getransformeer word (Jacques, 2000:55). Dit kan egter net gebeur indien mense onderling ook transformasie ondergaan. Hiervoor is spirituele sowel as morele transformasie nodig.

2.2.6. Konklusie met betrekking tot die proses van versoening

Oor die proses van versoening kan die volgende konklusie gemaak word:

- Die kerk het die verantwoordelikheid om die proses van versoening te inisieer en te begelei.
- Alle betrokke partye moet deel wees van die proses. Direkte kontak met mekaar is essensieel. Die kerk moet beide slagoffer en oortreder pastoraal begelei.
- Gesprekvoering oor die verlede vorm die hoofelement van die proses. Openlike en eerlike gesprekvoering bring begrip en erkenning en ruim wanperspesies uit die weg.
- Vir geloofwaardigheid van die proses moet skuldbelydenis, berou en vergifnis die einddoel van die gesprekvoering wees. Versoening wat langs hierdie weg geskied, bring bevryding. Vergifnis is die swaartepunt van hierdie proses.
- Werklike versoening lei tot transformasie en restourasie. Gesindhede moet verander en vergoeding betaal word. Waar nodig moet regsprosedures gevolg word. Soms moet selfs totale gemeenskappe getransformeer word op politieke, ekonomiese en sosiale vlak.

2.3. Samevattende konklusie met betrekking tot versoening

Die volgende samevattende konklusie oor versoening en die proses daarvan kan gemaak word:

- Sonde noodsaak versoening. Die sondeval van die mens het veroorsaak dat daar vyandskap en vervreemding gekom het in die plek van vrede en eenheid wat die mens se kultuur in sy verhouding met God getipeer het.
- God neem die inisiatief, beloof verlossing en stel sy verlossingsplan in werking om versoening met die mens daar te stel.
- Vir versoening om te slaag, is geregtigheid nodig. Christus maak die versoening met God werklik deurdat Hy aan die geregtigheid van God voldoen: Hy betaal vir die sondeskuld van die mens en God skenk die mens vergifnis van sy sondes.
- Die versoening van Christus maak 'n nuwe verhouding met God, medemens en skepping moontlik. Om dit 'n werklikheid te laat word, is die vereiste dat die mens op die regte wyse sal reageer en hierdie nuwe verhoudings sal uitleef. Die realiteite van die lewe op aarde moet die eskatologiese visie van volledige versoening en eenheid met God en mekaar vergestalt.
- In die nuwe verhouding tussen mense onderling, is geregtigheid en vergifnis bepalend. Elke betrokkene moet bereid wees om die prys te betaal wat nodig is vir versoening en om ware vergifnis te bewerk.
- Vir vreedsame naasbestaan in 'n multikulturele omgewing is onderlinge versoening onontbeerlik. Die implikasie van versoening is dat kulturele

skeidsmure afgebreek word en dat in vrede en harmonie saamgeleef word sonder om 'n eie kulturele identiteit in die proses prys te gee.

- Die kerk het die taak en verantwoordelikheid om die proses van versoening te inisieer en begelei, waar dit ookal blyk nodig te wees. Alle betrokke partye moet deel wees van die versoeningsproses en die kerk moet beide die slagoffer en oortreder pastoraal begelei.
- Openlike en eerlike gesprekvoering is essensieel, met skuldbelydenis, berou en vergifnis as einddoel daarvan.
- Werklike versoening lei tot transformasie en restitusie waar gesindhede en optrede teenoor mekaar verander, asook vergoeding betaal word waar nodig.

3. Eenheid

3.1. Inleiding

Een van die belangrike vrugte van versoening is eenheid. Wanneer God Homself met die mens versoen, bewerk Hy eenheid tussen Hom en die mens. Die vervreemding en vyandskap wat die sonde gebring het, word uit die weg geruim deurdat Jesus Christus in die plek van die mens die straf, toorn en oordeel van God oor sy sonde dra. Daar vind vergifnis en versoening plaas, met die gevolg dat God en mens weer een word. Christus maak die pad oop sodat die mens weer met God in 'n diep, persoonlike, intieme liefdesverhouding kan leef.

Hierdie genade van God vereis 'n bepaalde reaksie by die mens: nie alleen moet daar nuwe gehoorsaamheid en toewyding aan Hom wees uit dankbaarheid vir die onverdiende verlossing nie, maar moet gehoorsaamheid ook in sy totale lewe duidelik gestalte kry. Dit beteken onder andere dat die eenheid wat God daargestel het, verder uitgebou moet word, sodat daar onderlinge eenheid en vrede onder gelowiges sal wees, wat uitvloei in vreedsame naasbestaan met mense buite die kerk.

Eenheid is die teenoorgestelde van verdeeldheid, konflik en vyandskap. Dit kom na vore waar die liefde van God heers: die eindproduk van 'n proses waarin naasteliefde nagestreef en uitgeleef word. In 'n multikulturele omgewing is eenheid die eindproduk van 'n versoeningsproses waar oor die grense van kulturele bepaaldheid beweeg word om verdeeldheid, konflik en vyandskap om te keer in liefde, vrede en aanvaarding.

3.2. Bybelse gegewens oor eenheid

In die Nuwe Testament word die eenheid wat Christus bewerk, sterk beklemtoon. Dit wat op verskillende maniere in die Ou Testament beloof en afgebeeld is, word werklikheid wanneer Hy as die Messias gebore word in die volheid van die tyd. Met die verlossing wat Hy volbring, deurbreek Hy die grense wat vroeër daar was en maak Hy 'n einde aan die vervreemding en vyandskap tussen God en die mens. Eenheid tussen God en mens, asook tussen mense onderling staan voorop, terwyl kulturele skeidslyne al meer vervaag. Die kerk, wat in hierdie tyd ontstaan, is die liggaam van Christus. Hierdie liggaam het die taak om self eenheid uit te leef, maar ook sover moontlik versoening en eenheid in die samelewing te bevorder. Sodoende word die eenheid tussen God en mens, as vrug van die versoening, uitgebrei om toenemend werklikheid te word in die wêreld. Uiteindelik is die eenheid wat só tot gestalte kom 'n afbeelding van die heerlike eenheid met God in sy ewige koninkryk.

Ten einde 'n perspektief te kan gee op die beginsels rondom die eenheid wat God vereis, word 'n dieptesnit van 'n paar gedeeltes in die Nuwe Testament gegee.

3.2.1. Eenheid as fokus in Jesus se gebed vir sy dissipels: Johannes 17

In Johannes 17 is die gebed opgeteken wat Jesus vir sy dissipels gebid het kort voordat Hy gevange geneem en verhoor is. Binne die konteks van sy lydensgeskiedenis is dit 'n merkwaardige gedeelte wat nie alleen die intieme verhouding met sy Vader belig nie, maar ook sy intense liefde en besorgdheid oor sy dissipels uitbeeld. Beasly-Murray (1999:293) meen egter dat Jesus se gebed ook 'n belangrike didaktiese bedoeling het. Met hierdie gebed leer Hy sy volgelinge onder andere dat die ware eenheid wat Hy met die Vader het, iets is wat hulle ook moet nastreef en uitleef.

Johannes 17 word opgebou as 'n strukturele klimaks, wat veral vanaf hoofstukke 13-16 momentum kry. In hierdie gedeeltes kom die eenheid van die Vader en die Seun telkens na vore, met die onderlinge eenheid van mense wat uiteindelik as uitvloeisel daarvan gestalte kry. In hoofstuk 17 is daar van 'n paar konsentriese sirkels sprake: eers kom die eenheid tussen die Vader en die Seun na vore (Jesus verwys ses keer daarna). Daarna kom die eenheid tussen die dissipels en Christus na vore. Daarna kom die onderlinge eenheid van die dissipels na vore. Vervolgens val die klem op die onderlinge eenheid tussen almal wat in Jesus glo. Laastens kom die missionêre dimensie na vore, waarin die hele wêreld aangeraak word en gebring word om ook deel te hê aan hierdie eenheid met God (Joh. 17:18). Vanaf die binneste sirkel waarin die eenheid tussen Vader en Seun na vore kom, word die rimpels dus uiteindelik gevoel tot in die uithoeke van die aarde soos wat die evangelie ook daar verkondig word.

Volgens Theron (1987:93) is Jesus se gebed nie iets wat maar vir eenheid oor die algemeen vra nie, maar vir spesifieke eenheid: eenheid wat groei uit die "dinamiese, konfessionele solidariteit met die reddende roeping van die Seun van God." Dit gaan nie oor organisatoriese eenheid nie, maar oor spirituele eenheid – soos die Vader en die Seun een is. Hierdie eenheid moet sigbaar wees in die wêreld, sodat die wêreld oortuig kan word dat Jesus die Verlosser is, wat deur God na die wêreld gestuur is. Alleen in en deur die gawe van Christus kan die sondaar eenheid met God en sy medegelowiges hê. Wederkerige liefde is die sement wat hierdie eenheid bevestig (Beasly-Murray, 1999:303).

Johannes 17:21-23 gee 'n blik op die intieme eenheid van die Vader en die Seun, wat op sy beurt deurwerk na die eenheid tussen die Seun en die gemeenskap van gelowiges. Dit

is duidelik 'n verhouding wat van die begin af gebou word op die liefde tussen die Vader en die Seun (Joh. 17:26). Die Vader gee aan die Seun eer, outoriteit, 'n taak en 'n roeping, 'n Naam, sy Woord en gemeenskap met die gelowiges (Joh. 17:4-8). Die Seun gee aan die Vader die eer terug in die voltooiing van sy taak in en vir die gemeenskap (Joh. 17:4). Die Seun gee aan die gemeenskap sy Naam, die Woord, lewe en eer (Joh. 17:6-11). So gee die gemeenskap uiteindelik erkenning, geloof, belydenis en eer terug aan die Seun vir sy voltooide taak in die gemeenskap en die wêreld (Joh. 17:6-11) (Theron, 1987:90). Die Seun is dus die Middelaar wat nuwe eenheid bring tussen God en die kroon van sy skepping (Joh. 17:9-10).

Om een te wees met Jesus, beteken om in Hom te glo en Hom waarlik te ken en gehoorsaam. Om Jesus waarlik te ken, bring die ewige lewe. In Johannes 17:5 word die gedagte van die hemelse verheerliking alreeds voorspel wanneer Jesus verwys na die ewige gemeenskap met die Vader. Hy wat nie een is met die Vader en die Seun nie, gaan verlore (Joh. 17:12). Soos die Vader en die Seun een is in liefde en verheerliking, saam leef, mekaar ken, in mekaar is en saam werk tot voltooiing van die verlossing op aarde, moet die dissipels een wees met Jesus. In navolging van Hom moet hulle ook bereid wees om die wêreld ingestuur te word en hulle roeping as sy getuies te volvoer (Joh. 17:18). Vyf maal in die gebed word die refrein herhaal: σύ με ἀπέστειλας ("soos/dat U my gestuur het"). Soos wat Jesus bereid was om uitgestuur te word, moet elke dissipel ook bereid wees om as gestuurde van die Vader in die wêreld getuies te wees van die verlossing, versoening en eenheid wat Christus bewerk. Aan die einde van die tyd sal elkeen as getroue dienskneg in die volle sin van die woord opgeneem word in die ewige een-wees met die Vader.

Die dissipels het die taak om die evangelie met woord en daad in die wêreld te verkondig. Hiervoor het hulle die spesiale sorg van die Vader nodig, omdat die wêreld Jesus haat en sy volgelinge en hulle boodskap nie aanvaar nie (Joh. 17:15-16). Daarom bid Jesus dat hulle verenig sal wees in wil, doel en spirituele gemeenskap soos die Vader en die Seun een is. Bo alles moet dieselfde liefde wat daar tussen die Vader en Seun is, hulle verenig en rig in die uitvoering van hulle opdrag. Wanneer Jesus bid om die beskerming en verlossing van sy dissipels, bid Hy derhalwe ook dat hulle toegerus sal wees vir hulle roeping in die wêreld en dat die Gees hulle hierin sal toerus en lei. Die waarheid van die Woord is een van hulle belangrikste wapens (Joh. 17:17).

3.2.1.1. Konklusie met betrekking tot eenheid in Johannes 17

Die volgende konklusie kan gevorm word oor eenheid as fokus in Jesus se gebed vir sy dissipels in Johannes 17:

- Die Vader en die Seun is een. Liefde bind hulle saam tot eenheid.
- As gevolg van die versoening wat Christus bewerk het, is eenheid tussen Christus en sy volgelinge moontlik en ook 'n opdrag. Dieselfde liefde wat die eenheid tussen die Vader en die Seun daarstel, vorm die eenheid tussen die Seun en sy volgelinge.
- Eenheid met Jesus bring eenheid met mekaar. Jesus se volgelinge moet onderlinge eenheid toon en dieselfde liefde onderling hê as wat daar in hulle eenheid met Hom is.
- Jesus se volgelinge het die taak om die evangelie van verlossing, versoening en eenheid die wêreld in te dra in woord en daad.
- Omdat Jesus se volgelinge een is met Hom, haat die wêreld hulle, soos die wêreld Hom haat.
- Die volgelinge word beskerm deur God self en toegerus deur die Gees. Hulle ontvang die waarheid van die Woord om in hulle roeping te gebruik. Hulle liefdevolle eenheid met God en mekaar is hulle krag en motivering.

3.2.2. Die liggaam groei as eenheid: Efesiërs 4:1-16

In hierdie gedeelte beklemtoon Paulus die eenheid van die kerk. Christus is die Hoof van die kerk en die kerk is sy liggaam. Hyself maak die eenheid met sy kerk 'n realiteit. Omdat Hy nie verdeel kan word nie, is sy liggaam ook 'n eenheid. Die kerk is gemaak om een liggaam te wees, word beheers deur een Gees en is geroep tot een hoop (Ef. 4:4). Christus is een Here wat die kerk saambind in een geloof en een doop (Ef. 4:5). God as die Skepper van die kerk, as Vader, Seun en Heilige Gees, is nie verdeeld in Homself nie. Hy is een. Daarom moet die kerk, as sy liggaam, ook een wees.

Omdat die sekerheid en werklikheid van die verlossing van Christus die grond vir die bestaan van die kerk vorm, leef die kerk met een gemeenskaplike, korporatiewe hoop op die ewige erfenis wat in en deur Christus gereed gemaak word. Hy het opgevaar bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul (Ef. 4:10). Dit is hierdie hoop op die belofte van die ewigheid wat die kerk as eenheid laat vooruit kyk en in dankbaarheid haar roeping op aarde laat nakom.

Te midde van die sekerheid van die verlossing van Christus (die *reeds* in die Nuwe Testament) waarop die kerk bou, is daar egter nog die onvolledigheid en onvolmaaktheid van die lewe op aarde (die *nog nie* van die Nuwe Testament) waarmee die kerk daagliks in aanraking kom. Om hierdie rede is die kerk elke dag in 'n stryd gewikkel om die eenheid in Christus te probeer handhaaf en uitleef. Wanneer Paulus dus in hierdie gedeelte skryf oor die eenheid van die kerk, gaan dit eerder om 'n eskatologiese antisipering van 'n toekomstige realiteit, as wat dit gaan om 'n reeds bestaande werklikheid (Muddiman, 2001:183).

Omdat die kerk een is met Christus, is daar 'n bepaalde roeping en verantwoordelikheid wat die kerk moet nakom. Die een belangrike verantwoordelikheid wat die kerk het, is om seker te maak dat daar opbou en groei in die kerk plaasvind (Ef. 4:12-16). Hiervoor gee Christus verskillende δόματα (gawes) aan die kerk: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (Ef. 4:8,11). Elkeen van hierdie gawes het te doen met die verkondiging van die Woord van God. Die groei en geestelike rypheid van die liggaam word bepaal deur die mate waarin hierdie gawes hulle toerustingswerk doen en elke lid afsonderlik in die kennis van die Seun van God en in liefde toeneem. Volgens Efesiërs 4:13 kan 'n gelowige nie los van die liggaam tot volle wasdom kom nie, maar alleen as hy as lid van die liggaam funksioneer, met 'n bepaalde funksie van die liggaam wat hy uitvoer. Persoonlike groei staan nooit teenoor die groei van die liggaam nie (Floor, 1995:154). Onderlinge eenheid is hier van die grootste belang.

Vir die groei in die kerk is Christus nie alleen die einddoel nie, maar ook die vertrekpunt. Deur die groeikrag wat Hy gee, kan die liggaam energiek groei as eenheid onder mekaar (Floor, 1995:160). Interaksie in 'n lewende liggaam geskied deurdat elke ligament deur besondere δόματα (gawes) toegerus word en die lewensbelangrike voorraad onderling na mekaar aangee. Op hierdie wyse word lewe en energiegewende krag deur mekaar en vir mekaar aangegee, sodat daar voortdurende groei kan wees – na Christus toe (Ef. 4:15-16). Volgens Lincoln (1990:256-264) betrek Christus die kerk op hierdie manier by die opbou van haarself.

Die fondament waarop die liggaam groei, is die waarheid van die Woord van God. Dit staan teenoor die dwalinge en valsheid van die wêreld en moet in alle omstandighede onderskei en bevestig word deur die krag en leiding van die Heilige Gees (Ef. 4:14). Dit bring kwalitatiewe groei in die eenheid van die liggaam van Christus met die kerk wat groei tot volwassenheid in die geloof (Ef. 4:13).

Van Wyk (1999:86) toon aan dat eenheid in die kerk rus op twee fundamentele sake, naamlik waarheid en liefde. Waarheid is 'n Persoon: dit is God. Waarheid is ook die woorde van God. Gelowiges moet leef in die waarheid. Die waarheid moet nie net geken word nie, maar ook gedoen word. Waarheid en liefde kan nie van mekaar losgemaak word nie. In die Bybel is dit altyd 'n onlosmaaklike eenheid. Die kerk van God moet in liefde aan die waarheid vashou. Efesiërs 4:15 gee die oproep weer:

> *Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe.*

Wanneer Calvyn praat van ekumeniese eenheid, praat hy oor eenheid in "leer en liefde" (Institusie 4.2.5). Volgens Calvyn is geloofseenheid totaal afhanklik van die liefdesband tussen gelowiges en is dit ketters wat die waarheid verdraai, skeurmakers wat die liefde vernietig (Calvyn, 1967:397). Liefde is die grootste gawe wat God gee (1 Kor. 13:13). Die word genoem die samevatting van die Ou Testament (Mat.7:12), die grootste gawe (1 Kor.13:1, 13), die vervulling van die wet (Rom.13:8; Gal.5:14), die wet van die koninkryk (Jak.2:8) en die eerste vrug van die Gees (Gal.5:2). Liefde is 'n werkwoord: dit gaan oor gee. Dit gaan egter nie oor blote gee nie, maar om die gee van die beste en om verlossend te gee. Bybelse liefde soek nie eie belang nie (Rom.15:2; 1 Kor.13:5; Fil.2:4), is nie selfsugtig nie, maar selfloos, uitgaande, diensvaardig en hulpvaardig (Van Wyk, 1999:87).

Die Bybel leer 'n dubbele liefdesgebod: liefde tot God en liefde tot ons naaste. Jesus verskerp dit nog meer deur te leer dat ons mekaar meer moet liefhê as onsself, want ons moet mekaar liefhê soos Hy ons liefgehad het (Joh.13:34; Joh.15:13) (Van Wyk, 1999:87). Op hierdie wyse is die eenheid van die kerk nie iets wat net op sigself waarde het nie. Ook in die wêreld moet dit waarde hê en 'n verskil maak. Daarom moet die versoening van Christus vanuit die eenheid van die kerk in die wêreld gestalte kry. Die eenheid van die kerk is die bevestiging dat die versoening van Christus werklik is (Verster, 1990:65). So moet dit ook in die wêreld verkondig word, sodat die eenheid met Christus en mekaar toenemend vir die wêreld werklikheid word.

3.2.2.1. Konklusie met betrekking tot die groei van die liggaam as eenheid

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die groei van die liggaam as eenheid volgens Efesiërs 4:1-16:

- Christus het die kerk gemaak as een liggaam, beheers deur een Gees en geroep tot een hoop. Hyself bind die kerk saam in een geloof en een doop.

- God drie-enig is die Skepper en Onderhouer van die kerk. Hy is 'n eenheid in Homself, daarom moet die kerk ook een wees.
- Die hoop op die ewige heerlikheid laat die kerk as eenheid vooruitkyk en in dankbaarheid haar roeping op aarde nakom.
- As gevolg van die gebrokenheid wat nog steeds op aarde is, is die eenheid van die kerk eerder die eskatologiese antisipering van 'n toekomstige realiteit, as wat dit 'n reeds bestaande werklikheid is.
- Die kerk het die roeping om as eenheid te groei in geloof en kennis van die Seun van God om so tot geestelike volwassenheid te kom. Hiervoor gee Christus die besondere gawes van apostel, profeet, evangelis, herder en leraar.
- Die groei van die liggaam as eenheid, het Christus as einddoel sowel as vertrekpunt. Deurdat elke lid aktief hierin meewerk, bou die liggaam haarself oop met die groeikrag wat Christus gee. Hierin is die toerustingswerk van die besondere gawes van groot belang.
- Die liggaam groei op die fondament van die waarheid van die Woord. Dit staan lynreg teenoor die dwalinge en valsheid in die wêreld. Die kerk moet in liefde bly by die waarheid van die Woord.
- Die eenheid van die kerk is die bevestiging dat die versoening van Christus werklikheid is. Teenoor die dwalinge in die wêreld moet hierdie waarheid verkondig word, sodat die eenheid met Christus en mekaar toenemend vir die wêreld ook werklikheid word.

3.2.3. Eenheid en diversiteit in die liggaam van Christus: 1 Korintiërs 12:1-31

Die kerk is nie 'n liggaam van Christene nie, dit is die liggaam van Christus (Barrett, 1994:292). Volgens 1 Korintiërs 12 is een van die belangrike eienskappe wat die liggaam van Christus het, dat daar 'n groot diversiteit is. Daar is 'n verskeidenheid van χαρίσματα (genadegawes) wat saam 'n organiese geheel vorm. Die Griekse woord χαρίσματα dui op iets wat vryelik, onverdiend en in oorvloed gegee word (Louw & Nida, 1989:569-570) en toon aan hoedat die Gees uit genade en uit die volheid van sy vermoë alles gee wat die kerk nodig het om te kan leef en groei as eenheid in God se koninkryk. Wanneer Paulus hieroor skryf, beklemtoon hy dit dat die afsonderlike lede van die liggaam nie maar net op sigself moet bestaan nie, maar die gemeenskaplike doel moet hê om die liggaam goed te laat funksioneer.

Die kerk bestaan nie net uit een lid nie (1 Kor. 12:14). Dit is ook nie 'n massa van presies dieselfde deeltjies nie, maar verskillende lede wat elk 'n besondere funksie in die liggaam het (1 Kor. 12:19-20). Elke lid van die kerk van Christus het 'n bepaalde plek en funksie. Hiervoor gee die Gees aan elkeen bepaalde χαρίσματα (1 Kor. 12:4). Dat die lede verskillend is, hou egter nie in dat 'n afsonderlike lid homself bo die res van die liggaam mag ag nie. Die kerk is nie bedoel om 'n groep antagonistiese individue te wees nie. Dit is 'n eenheid: 'n lewende organisme wat as eenheid leef en werk. Oral is daar ondergeskiktheid en interafhanklikheid, soos wat die verskillende liggaamsdele van die menslike liggaam by mekaar inpas (1 Kor. 12:12). Elke lid van die liggaam het 'n bepaalde plek en funksie. Een is nie belangriker as die ander nie en almal is op mekaar aangewese vir die funksionering van die liggaam as geheel.

In die liggaam is daar nie plek vir konflik, ontevredenheid of 'n gevoel van meerderwaardigheid nie. Elke lid moet die ander lede ag en respekteer, sodat die eenheid gebou en bevorder kan word. Eenheid kom na vore in liefdevolle diens aan God en mekaar. Dit bring 'n onverbreekbare eenheid in die liggaam mee, sodat die lyding van een lid almal se lyding word en eer vir een lid almal se eer (1 Kor. 12:26).

Hoewel die eenheid van die liggaam voorop staan, is dit nie so dat eendersheid in ervaring en diens verwag word nie. Die eenheid van die liggaam lê nie in uniformiteit nie, maar in die verskeidenheid van lede wat deur die een Heilige Gees deurdrenk word (1 Kor. 12:11, 13), Christus gesamentlik dien en so gesamentlik tot beskikking is van God drie-enig wat aan die werk is in die kerk (Barrett, 1994:284). Verskeidenheid is iets wat die liggaam verryk deurdat verskillende benaderings nuwe geloofsperspektiewe oopmaak en ontgin, sodat dit πρὸς τὸ συμφέρον (tot voordeel van almal in die liggaam) kan wees (1 Kor. 12:7).

In 'n onvolmaakte bedeling waar die kerk nog onderhewig is aan die gevolge van die sondeval, is dit dikwels moeilik om onderlinge eenheid in die verskeidenheid van die kerk te bewerk. Paulus se illustrasie in 1 Korintiërs 12:14-26 van die voet, hand, oor, oog, neus en kop wat nie een kan aanspraak maak op die belangrikste plek in die liggaam nie, dui dit duidelik aan. 'n Gebrek aan eenheid kan nie daaraan toegeskryf word dat daar verskillende γαρίσματα in die kerk is nie. Verdeeldheid is eerder die gevolg van 'n verkeerde perspektief op die liggaam en haar onderskeie lede.

In die kerk word eenheid soms skade gedoen deurdat gelowiges mekaar op verskillende vlakke misverstaan en as gevolg van verskillende teologiese en lewensbeskoulike

benaderings nie ruimte wil gun nie. Hoewel die gevaar van dwaalleer voortdurend in die oog gehou moet word, moet fyn onderskei kan word tussen andersheid en valsheid. Fyn begrip en aanvoeling (volgens Fil. 1:9-10) is nodig om te kan bepaal of daar werklik sprake is van 'n φανέρωσις τοῦ πνεύματος (werking van die Gees), wat tot voordeel van almal gegee is (1 Kor. 12:7), en of dit valsheid en dwaalleer is wat ten alle koste bestry moet word. Hier kom die problematiek van prinsipiële en middelmatige sake dikwels in die spel. Hoewel die Woord van God en die belydenisskrifte sekere riglyne gee, is daar tog sekere vraagstukke van ons tyd waarvoor daar nie direkte voorskrifte is nie. Versigtigheid en 'n oop gemoed is hier van groot belang (De Waard, 1992:564-566) ten einde te verseker dat andersheid, wat nie noodwendig 'n dwaling of valsheid is nie, beskou word as deel van die verskeidenheid wat die liggaam verryk.

Volgens Wentsel (1987:651) moet die eenheid in Christus só uitbrei dat die totale mensheid 'n eenheid vertoon. Omdat God drie-enig 'n eenheid is in Homself, moet die mens wat na sy beeld geskape is 'n weerspieëling daarvan wees. Christus het gekom om die menslike geslag te red en die Heilige Gees is gegee oor al die volke van die wêreld. Gevolglik vorm die totale mensheid een groot gesin. Mense uit verskillende kulture wat saam met mekaar woon, behoort steeds in vrede en eenheid te kan saamwoon. So kan elkeen die ander aanvul en mekaar dien. Net soos die Triniteit een is, moet die totale mensheid dus ook een word.

Die Calvinisme staan volgens Van Wyk (1999:30) nie afwysend teenoor volksverbondenheid en gesonde patriotisme nie, maar waarsku teen elke vorm van oordrewe nasionalisme wat 'n samelewing kan vernietig. Wanneer eenheid op so 'n oordrewe wyse beklemtoon word dat diversiteit daardeur vernietig word, is dit onaanvaarbaar. In elke samelewing moet die beginsels van die koninkryk van God, soos onder meer geregtigheid, vryheid, vrede en versoening aktief nagestreef en gebou word. Dit kan nie gebeur wanneer diversiteit misken of vernietig word nie.

Die koninkryk van God is oneindig groter as enige aardse koninkryk waarvan ons deel kan wees. Vir sommiges is volkskap of nasieskap egter so belangrik dat hulle enige iets denkbaar sal opoffer om deel hiervan te bly (Van Wyk, 1999:55). Dit is die taak van die kerk om die regte perspektief hierop te gee. Die Bybel leer nie dat volkskap of nasieskap verkeerd is nie. Wat wel belangrik is, is dat lidmaatskap hieraan altyd binne die ruimte van, in diensbaarheid aan en volgens die beginsels van die koninkryk van God moet wees (Van Wyk, 1999:57).

Ware eenheid behels volgens Van der Walt (1997:145-149) 'n gemeenskaplike belangstelling in die omstandighede wat dit moontlik maak om saam dieselfde ideale na te jaag. Ten einde hierdie doel te bereik is dit nodig dat almal vanuit 'n ryke verskeidenheid kulture saamwerk op geloofsvlak. In die proses word verskeidenheid saamgesnoer in 'n ryke eenheid. Geeneen se deelname hierin kan ontbeer word nie. Vir Collet (1998:17-18) lê die oplossing daarin dat gesoek word na gemeenskaplikhede en uiteindelik oorgegaan word tot die gesamentlike vorming van 'n nuwe kultuur.

3.2.3.1. Konklusie met betrekking tot eenheid en diversiteit in die liggaam

Die volgende konklusie kan gevorm word oor eenheid en diversiteit in die liggaam van Christus volgens 1 Korintiërs 12:1-31:

- Diversiteit is 'n belangrike eienskap van die liggaam van Christus. Die liggaam het 'n verskeidenheid van χαρίσματα wat saam 'n organiese geheel vorm.
- Die kerk bestaan nie net uit een lid nie. Daar is ook nie 'n massa van presies dieselfde deeltjies nie. Daar is verskillende lede wat elk 'n besondere funksie in die liggaam het. Hiervoor gee die Heilige Gees bepaalde χαρίσματα.
- Die eenheid van die kerk kom na vore in die liefdevolle diens aan God en mekaar onderling.
- Eenheid in die kerk lê nie in uniformiteit nie, maar in gesamentlike diens aan God in en deur een en dieselfde Heilige Gees. Verskeidenheid in die kerk verryk die liggaam van Christus deurdat verskillende benaderings en geloofsperspektiewe oopgemaak en ontgin word, tot voordeel van die hele liggaam.
- Dit is nie verskeidenheid as sodanig wat verdeeldheid werk nie, maar eerder 'n verkeerde perspektief op die liggaam en sy onderskeie lede wat dit veroorsaak.
- Wanneer die diversiteit in die kerk beskou word, is fyn begrip en aanvoeling nodig om te kan onderskei tussen blote andersheid en dwaalleer.
- Uiteindelik moet die totale mensheid dieselfde eenheid as God drie-enig vertoon, omdat die mens die beelddraer van God is. God is nie in Homself verdeeld nie. Daarom is die ideaal dat mense uit verskillende kulturele agtergronde in vrede en eenheid kan saamwoon.

- 'n Oordrewe beklemtoning van eenheid, ten koste van diversiteit, is onaanvaarbaar. Elke vorm van oordrewe nasionalisme is verkeerd en moet afgewys word. Die beginsels en eenheid van die koninkryk van God moet bo alles uitgaan.

3.2.4. Die plek van die individu in die eenheid van die liggaam van Christus: Romeine 12:1-8

In hierdie gedeelte gebruik Paulus dieselfde beeld as in 1 Korintiërs 12 om die eenheid van die kerk te beklemtoon. Die kerk word hier ook voorgestel met die beeld van 'n liggaam wat verskillende, afsonderlike lede het en wat gesamentlik werk om die liggaam as eenheid te laat funksioneer. In Romeine 12 fokus Paulus op die rol van die individu binne die kerk en waarsku in besonder teen die vernietigende effek wat persoonlike trots in die kerk kan hê.

Volgens Romeine 12:3 mag niemand op 'n geloofsvlak meer van homself dink as wat hy behoort te doen nie. Elkeen moet hom liewer daarop toelê "om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het." Die rede hiervoor is dat die individu nie belangriker as die kerk is nie. In die kerk is almal lede van een liggaam. Elkeen se gawes moet tot voordeel van die ander lede van die kerk aangewend word. 'n Bepaalde gawe of bydrae in die kerk is nie daar om tot eer van die individu te wees nie, maar tot eer van God en tot opbou van die kerk. 'n Christen meet nie homself aan die ander lede van die kerk nie, maar aan die standaard wat God gee. Die vraag is nie hoe iemand met 'n ander in die kerk vergelyk nie, maar of sy bepaalde genadegawe aangewend word vir die doel waarvoor die Gees dit gegee het: in diens van God en uiteindelik tot opbou en onderlinge eenheid.

Die eenheid van die kerk beteken egter nie dat individuele behoeftes of optrede misken of gekeer word nie. Dit beteken dat individuele waardes minstens net so belangrik as gemeenskaplike waardes gereken word (Van der Walt, 1997:149) en dat die waardes van die koninkryk van God bo alles bepalend is vir die optrede van individue of groepe. Veral ook wanneer die eenheid van die kerk uitgebou word tot eenheid in die samelewing, moet die kerk sy getuienistaak teenoor die staat getrou nakom. Die kerk mag homself nie onttrek van die politiek of van samelewingskwessies nie. Oral moet tekens van die koninkryk van God opgerig word. In alles moet op weg gegaan word in die rigting van die koninkryk van God (Van Wyk, 1999:57).

Kerk en staat kan nie van mekaar geskei word, sodat twee afsonderlike terreine ontstaan, wat niks met mekaar te doen het nie (Van Wyk, 1999:59-62). 'n Radikale skeiding tussen

kerk en staat loop te maklik daarop uit dat die staat hom enersyds inmeng by kerklike sake en dit al hoe meer begin domineer. Andersyds lei dit te maklik daartoe dat die kerk sonder protes toekyk hoedat die absolutisme van die staat toeneem (soos in Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog gebeur het). Dan is die kerk niks anders nie, as 'n speelbal in die hand van die staat. Wanneer die kerk hom nie meer oor die doen en late van die staat uitspreek nie, gee dit aan die staat 'n oop mandaat om te doen wat hy wil en soos hy dit wil.

Sonder om by mekaar se afsonderlike funksies en bevoegdhede in te meng, moet die staat ruimte maak daarvoor dat die kerk sy werk met evangelieverkondiging kan doen (Nederlandse Geloofsbelydenis art. 36), terwyl die kerk (op kerklike wyse) sy profetiese taak teenoor die staat moet nakom. Daar moet voortdurend vir die regering gebid word, prediking moet die samelewingskwessies van die dag belig uit die Woord van God, sinodale getuienis teenoor die regering moet plaasvind en lidmate moet toegerus word om elkeen op 'n eie manier met die regering oor relevante kwessies in gesprek te tree. Die sleutel lê daarin dat elkeen se lewe sal verander deurdat hulle denke vernuwe word (Rom. 12:2). Wanneer gelowiges hulle denke só verander dat hulle nie meer volgens hulle natuurlike vermoë leef nie, maar volgens die gawes van God, is hulle nie meer vol van hulleself nie (Barrett, 1994:217), maar gehoorsaam aan God wat lewe gee. Dan is elkeen se perspektief oop om raak te sien dat die liggaam van Christus en die eenheid daarvan voorrang kry bo enige persoonlike status of gewin.

Die eenheid van die kerk moet behou word te midde van die verskeidenheid. Die eenheid van die kerk lê in die feit dat die kerk die liggaam van Christus is en dat elkeen ook "afsonderlik lede van mekaar" is. Daarom noem Mounce (1995:303) die Christelike geloof 'n korporatiewe ervaring in essensie. Elke lid van die kerk kom tot geloof as individu, maar almal leef dit gesamentlik uit (Dunn, 1988:733). Die verskillende χαρίσματα is 'n konkrete manifestasie van dieselfde genade oor almal (Rom. 12:6). Die χαρίσματα is nie daar vir self-gelukwensing nie, maar vir die opbou van die liggaam (Barrett, 1994:218), sodat die essensie van kerk-wees gesamentlik uitgeleef kan word.

Die totale aard van die liggaam word bepaal deur die kwalifisering ἐν Χριστῷ (in Christus) in Romeine 12:5. Die individuele lede van die kerk mag nooit uit die oog verloor dat die kerk die liggaam van Christus is en dat Hy die Hoof daarvan is nie. Hy, wat self die kerk geskep en geroep het, regeer oor die kerk. Hy bepaal wat in die kerk gebeur en hoe dit moet gebeur. Aan dit wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is (Rom. 12:2), moet die kerk voldoen. In geen opsig gaan dit dus oor die individu en wat hy met sy

gawes kan bereik of doen nie. Daarom moet die χαρίσματα altyd uitgeleef word in totale afhanklikheid aan God (Dunn, 1988:734). Eenheid is nie iets waarop die kerk kan roem nie. Dit kom alleen deur die genade van God, in en deur Jesus Christus. Geen mens kan dit deur eie prestasie bewerk nie. Elkeen moet egter seker maak dat hyself een is met die kerk van Christus. Eenheid met die kerk is van kardinale belang: om uit hierdie eenheid uit te val, is om terug te val in die wêreld van sonde en dood. Dit is om (in die woorde van Rom. 12:2) gelyk te word aan hierdie sondige wêreld waar daar geen ontferming van God is nie.

3.2.4.1. Konklusie met betrekking tot die plek van die individu in die eenheid van die liggaam

Die volgende konklusie kan gevorm word oor die plek van die individu in die eenheid van die liggaam volgens Romeine 12:1-8:

- Die individu is nie belangriker as die geheel van die kerk nie. Elkeen se gawes moet tot voordeel van die ander lede van die kerk aangewend word. Hierin is beskeidenheid op geloofsvlak 'n belangrike deug.
- Die eenheid van die kerk beteken nie miskenning van die individu se behoeftes of optrede nie. Individuele waardes moet minstens net so belangrike as gemeenskaplike waardes gereken word, ook wanneer die eenheid van die kerk uitgebou word tot eenheid in die samelewing. Hierin moet die kerk sy getuienistaak teenoor die staat getrou nakom.
- Die sleutel tot sinvolle een-wees met die ander lede van die kerk lê daarin dat lewens verander deurdat denke vernuwe word sodat dit inpas by wat vir God goed en aanneemlik en volmaak is.
- Die eenheid van die kerk lê nie net in die feit dat die kerk die liggaam van Christus is nie, maar juis ook daarin dat elkeen afsonderlik lede van mekaar is. Individue kom tot geloof maar leef dit saam met mekaar uit.
- Christus regeer oor die kerk. Nie die individu nie en ook nie die kerk gesamentlik nie, maar Christus alleen bepaal wat in die kerk gebeur en hoe dit moet gebeur.
- Eenheid kom tot stand deur die genade van God, in en deur Jesus Christus.

3.2.5. Samevattende konklusie met betrekking tot Nuwe Testamentiese gegewens oor eenheid

Die volgende samevattende konklusie kan gevorm word oor die Nuwe Testamentiese vertrekpunte rondom eenheid:

- Die eenheid tussen die Vader en die Seun werk eenheid onder Christus se volgelinge. Dieselfde liefde wat daar tussen die Vader en Seun is, bind sy volgelinge in onderlinge eenheid saam.
- Christus se volgelinge het die taak om die boodskap van verlossing, versoening en eenheid met woord en daad die wêreld in te dra. Hiervoor word hulle toegerus en beskerm deur God self.
- Soos wat die lede van 'n liggaam saam 'n eenheid word, bind Christus sy volgelinge as eenheid saam in die kerk. Met Hom as begin en einddoel, vind die kerk groeikrag en die gawes wat nodig is om haarself op te bou in 'n hegte eenheid. In hierdie groeiproses bou die kerk in liefde op die waarheid van die Woord.
- Diversiteit is 'n belangrike eienskap van die kerk van Christus. Die χαρίσματα wat die Gees gee vir die funksionering en opbou van die kerk, is nie almal dieselfde nie. Tog het elkeen 'n bepalende en onmisbare funksie in die liggaam van Christus.
- Diversiteit in die kerk mag nie verdeeldheid werk nie, maar moet dien tot verryking en opbou in die liggaam van Christus. Hierin is 'n fyn begrip en aanvoeling nodig.
- Die individu is nie belangriker as die eenheid van die kerk nie. Elkeen se gawes moet tot voordeel en opbou van die ander lede van die kerk aangewend word. Beskeidenheid op geloofsvlak is hiervoor nodig, asook lewens wat verander deurdat denke vernuwe word.
- Individuele waardes is egter net so belangrik as gemeenskaplike waardes in kerk en samelewing. Hierin het die kerk 'n belangrike getuienistaak teenoor die staat.

3.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot versoening en eenheid

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese gegewens met betrekking tot versoening en eenheid:

- Sonde noodsaak versoening. Die sondeval van die mens het veroorsaak dat daar vyandskap en vervreemding gekom het in die plek van vrede en eenheid wat die mens se kultuur in sy verhouding met God getipeer het.

- God neem die inisiatief, beloof verlossing en stel sy verlossingsplan in werking om versoening met die mens daar te stel.
- Vir versoening om te slaag, is geregtigheid nodig. Christus maak die versoening met God werklik deurdat Hy aan die geregtigheid van God voldoen: Hy betaal vir die sondeskuld van die mens en God skenk die mens vergifnis van sy sondes.
- Die versoening van Christus maak 'n nuwe verhouding met God, medemens en skepping moontlik. Om dit 'n werklikheid te laat word, is die vereiste dat die mens op die regte wyse sal reageer en hierdie nuwe verhoudings sal uitleef. Die realiteite van die lewe op aarde moet die eskatologiese visie van volledige versoening en eenheid met God en mekaar vergestalt.
- In die nuwe verhouding tussen mense onderling, is geregtigheid en vergifnis bepalend. Elke betrokkene moet bereid wees om die prys te betaal wat nodig is vir versoening en om ware vergifnis te bewerk.
- Vir vreedsame naasbestaan in 'n multikulturele omgewing is onderlinge versoening onontbeerlik. Die implikasie van versoening is dat kulturele skeidsmure afgebreek word en dat in vrede en harmonie saamgeleef word sonder om 'n eie kulturele identiteit in die proses prys te gee.
- Die kerk het die taak en verantwoordelikheid om die proses van versoening te inisieer en begelei, waar dit ookal blyk nodig te wees.
- Alle betrokke partye moet deel wees van die versoeningsproses en die kerk moet beide die slagoffer en oortreder pastoraal begelei hierin.
- Openlike en eerlike gesprekvoering is essensieel. Vir geloofwaardigheid in die proses moet skuldbelydenis, berou en vergifnis die einddoel van die gesprek wees.
- Werklike versoening lei tot transformasie en restitusie waar gesindhede en optrede teenoor mekaar verander, asook vergoeding betaal word waar nodig.
- Die gevolg van versoening is dat eenheid bewerk word. Versoening met God bewerk onderlinge eenheid wat dieselfde is as die eenheid tussen die Vader en die Seun. Dieselfde liefde wat daar tussen die Vader en Seun is, bind sy volgelinge in onderlinge eenheid saam.
- Die boodskap van verlossing, versoening en eenheid moet met woord en daad die wêreld ingedra word. Hiervoor word die kerk toegerus, beskerm en deur Christus self tot 'n eenheid saamgebind.
- Diversiteit is 'n belangrike eienskap van die kerk van Christus. Hoewel die verskillende χαρίσματα vir die funksionering en opbou van die kerk nie almal

dieselfde is nie, het elkeen 'n bepalende en onmisbare funksie in die liggaam van Christus.

- Diversiteit in die kerk mag nie verdeeldheid werk nie, maar moet dien tot verryking en opbou in die liggaam van Christus. Hierin is 'n fyn begrip en aanvoeling nodig.
- Die individu is nie belangriker as die eenheid van die kerk nie. Elkeen se gawes moet tot voordeel en opbou van die ander lede van die kerk aangewend word.
- Individuele waardes is egter net so belangrik as gemeenskaplike waardes in kerk en samelewing. Hierin het die kerk 'n belangrike getuienistaak teenoor die staat.

DEEL 1
BASISTEORIE



HOOFSTUK 4: BASISTEORETIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT DIE GEREFORMEERDE EREDIENS EN KERKLIED

1. Inleiding

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat elke mens die lewe benader vanuit 'n bepaalde kulturele agtergrond. Omdat daar verskeie kulture op aarde is, wat elk 'n eie stel uitgangspunte het, en mense toenemend in mekaar se leefwêreld inbeweeg, gebeur dit al meer dat spanning en konflik as gevolg hiervan voorkom. In Hoofstuk 3 is aangetoon dat die bewerking van versoening en eenheid hierdie spanning en konflik kan oplos. Versoening en eenheid gebeur egter nie vanself nie. In Hoofstuk 3 is ook duidelik aangetoon dat die kerk die verantwoordelikheid het om sowel versoening as eenheid te verkondig en prakties te vergestalt.

Die kerklike lewe spruit voort uit dit wat in die erediens gebeur. Sonder die erediens kan die kerk nie bestaan nie (Byars, 2002:7). Dit is die hartklop van die kerklike lewe (Vos & Pieterse, 1997:16). Die omgang met God en mekaar in Woord, verkondiging, lied, gebed, sakramente en liefdegawes dien as lewensbron vir die aktiwiteite en funksionering van die kerk en sy lidmate. Dit is in die erediens waar die versoening in en deur Christus telkens herbevestig word en waar die voortspruitende oproep om eenheid met God en mekaar telkens tot elkeen gerig word. Sonder die erediens kan die kerk nie dien as instrument om die versoening en eenheid wat Christus bewerk het, in die wêreld gestalte te gee nie.

Omdat die erediens van die kerk onontbeerlik is vir versoening en eenheid in kerk en wêreld, is dit van groot belang dat die erediens reg verstaan en volgens Bybelse beginsels ingeklee sal word. Die Bybelse beginsels is nie alleen bepalend vir die erediens oor die algemeen nie, maar ook vir elke element daarvan. Waar dit in hierdie studie in besonder handel oor die kerklied, is dit dus ook van groot belang dat die Bybelse

beginsels vir die kerklied ondersoek word. Sodoende kan die regte perspektief verkry word op die rol wat die kerklied in die erediens speel tot uiteindelike versoening en eenheid en kan dit met vrug toegepas word op 'n situasie waar gelowiges vanuit verskillende kulture saam aanbid.

Vervolgens word 'n basisteoretiese ondersoek gedoen na die Bybelse raamwerk vir die erediens en die kerklied wat daarin gebruik word. Sodoende kan bepaal word watter funksie die kerklied in die erediens het ten einde daartoe by te dra dat versoening en eenheid tussen gelowiges bewerk word. Ook kan bepaal word hoe hierdie versoening en eenheid deur middel van die kerklied aan buitestaanders gekommunikeer kan word.

Die werkplan wat in hierdie hoofstuk gevolg word is as volg: deur middel van 'n literatuurstudie word ondersoek gedoen na 'n Bybelse raamwerk vir die erediens, waarna die verskillende elemente van die erediens, verandering in die erediens en estetika in die erediens ondersoek word. Vervolgens word die invloed van kultuur op die erediens ondersoek, waarna die fokus laat val word op die erediens binne 'n multikulturele konteks.

Daarna word die aard en wese van die gereformeerde kerklied ondersoek. Eerstens word 'n breër ondersoek gedoen na musiek en die kerk, waaronder gefokus word op musiek in die erediens, musiekinstrumente, dans en musiekgawes in die kerk. Daarna word nader ondersoek gedoen na die plek en funksie van die kerklied in die erediens, en die besondere krag van musiek en poësie in die kerklied. Alvorens tot 'n samevattende konklusie gekom word, kom musiek en die kerklied in 'n multikulturele konteks eers aan die orde. Daarna word 'n finale samevatting van die basisteoretiese gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied gegee.

In 'n studie soos hierdie is dit belangrik dat duidelik gedefinieer word en verwarring uitgeskakel word (sien White, 1990:21), omdat daar soveel verskillende Christelike kerklike en liturgiese tradisies is. Hierdie studie word vanuit die oogpunt van die gereformeerde teologie gedoen en derhalwe word in alle gevalle verwys na die gereformeerde erediens en kerklied, behalwe waar die teendeel uitdruklik genoem word.

2. 'n Bybelse raamwerk vir die gereformeerde erediens

Wanneer 'n ondersoek gedoen word na die inrigting van 'n erediens waarin gelowiges vanuit verskillende kulture bymekaar is asook die liedere wat gebruik word, moet eers ondersoek gedoen word na die Bybelse raamwerk vir die erediens. Die aard en wese van

die gereformeede erediens oor die algemeen, die elemente van die erediens, verandering in die erediens en estetika in die erediens word ondersoek. Met hierdie beginsels as basis word aan die problematiek van 'n multikulturele erediens aandag gegee, nadat die verhouding tussen erediens en kultuur ondersoek is. Daarna word die kerklied as een van die elemente van die erediens van nader ondersoek word, met besondere verwysing na kultuur en multikulturaliteit.

In die Bybel kom geen uitgebreide voorskrifte in verband met die erediens en die inkleding daarvan voor nie. Tog kan daar in die Woord van God sekere rigtingwysers geïdentifiseer word wat die aard en wese van die erediens omlyn en waarvolgens die kerk van Christus die erediens moet verstaan en inklee. Die belangrikste van hierdie rigtingwysers word hieronder weergegee wanneer die aard en wese van die erediens ondersoek word.

2.1. Die aard en wese van die gereformeerde erediens

2.1.1. Die erediens is 'n ontmoeting

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk. Hy ontmoet sy volk en sy volk ontmoet Hom (Senn, 2000:17). Hier is egter nie van 'n gewone ontmoeting sprake soos wanneer twee mense mekaar ontmoet nie. In die erediens gaan dit oor die amptelike ontmoeting tussen die almagtige God van hemel en aarde en sy uitverkore verbondsvolk. Die erediens is die geleentheid waartydens die kerk van God Hom vereer en sy teenwoordigheid geniet (Willimon, 1983:20) en waarin die heiligheid van God in die sentrum staan. Volgens Martin (1982:4) is die erediens "die dramatiese viering van God in sy allesoorheersende deug, waaruit die kerk vir sy daaglikse lewe die norm en inspirasie put."

God is totaal anders as enige iemand of enige iets waarmee die gelowiges van dag tot dag te doen het. Die gemeenskap wat die gelowiges met Hom het is uniek en spesiaal. Daarom is die erediens ook uniek en spesiaal. Die totale andersheid van God skep verwagting en afwagting. Dit trek die aandag saam en fokus dit op Hom: wie Hy is en wat Hy doen.

In die erediens word die mens gekonfronteer met die misterie en wonder van God in Wie se teenwoordigheid die enigste gepaste reaksie aanbiddende liefde is (Martin, 1982:29). Die ontmoeting met God moet dus van so 'n aard wees dat dit nie die misterie en transendensie van God belemmer nie (Spinks, 1993:49), maar eerder skerp in fokus bring. Dit is 'n ontmoeting wat lei tot die intensivering en toespitsing van die gelowiges se

aandag op hulle gemeenskap met God. Moeller (1998:4) beskryf die erediensgebeure as "'n gekonsentreerde mikrokosmiese ervaring van die liefhebbende dialogiese verhouding wat die kerk met God en die skepping het." In die ontmoeting tussen God en sy verbondsvolk word dus telkens 'n greep gemaak uit die totaliteit van God se omgang met sy kerk en skepping en kom daar 'n wyer perspektief na vore as bloot die momentele saam-wees met Hom.

Na afloop van die erediens is die ontmoeting nie afgehandel nie, maar die gemeenskap met God gaan voort (De Klerk, 1987:253), totdat dit met die volgende erediens opnuut 'n hoogtepunt bereik.

2.1.2. Die erediens is 'n verbondsontmoeting

Die erediens is 'n unieke ontmoetingsgeleentheid. Strydom (1994:186) noem die erediens "'n ontmoeting tussen die heilige, almagtige Verbondsgod en sy gemeente." Omdat dit gaan oor die Verbondsgod wat sy gemeente ontmoet, moet die erediens beskou word as 'n vergestalting van die verbond tussen God en sy gemeente. In die Ou Testament staan die verbond sentraal in die aanbidding van God. Israel, die uitverkore verbondsvolk van God, is gedurigdeur besig om Hom te prys vir die verlossing uit Egipte, sy verbondstrou en die vernuwing van sy verbond (Martin, 1982:21-22). In die aanbiddingsrituele van die volk word telkens aanspraak gemaak op die beloftes wat God in die verbond maak en kom die verwagting van die vervulling daarvan sterk na vore. Vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief word God geprys vir die verlossing in en deur Christus, die gawes wat Hy aan sy kinders gee en die realisering van die beloofde vervulling van die verbond in en deur Christus (Martin, 1982:23).

In die verbond leer die gelowige homself in sy sonde en skuld ken (De Klerk, 1987:87), maar terselfdertyd leer hy ook die verbondstrou en liefde van die Verbondsgod ken (Van der Walt, 1982:13). Dit lei hom daartoe om nie alleen die beloftes nie, maar ook die eise van die verbond raak te sien en na te kom. Uit dankbaarheid vir die vernuwing van die verbond, wanneer God sy volk in en deur Christus finaal die beloftes van die nuwe verbond laat toekom, word die uitverkorenes gebring tot nuwe gehoorsaamheid en toewyding. Dit gebeur in besonder wanneer die etiek vir die daaglikse lewe verkondig en bevestig word (Willimon, 1983:18,23) en uitgedra word na lewe van elke dag.

2.1.3. Christus is teenwoordig in die erediens

Die middelpunt van God se verbondstrou is die verlossing wat Hy in en deur Jesus Christus bewerk het. Daarom het Christus in die Nuwe Testamentiese liturgie van die

begin af die sentrale plek ingeneem (Martin, 1982:194). In elke handeling van die erediens word die verlossingsdade van Christus in herinnering geroep, gevier en herleef (sien Saliers, 1994:49). Volgens Vrijlandt (1987:6) gee die erediens gestalte aan die stryd om die behoud van die skepping, die redding van mense en die wonder van die oorwinning van Christus. Daarom staan die erediens as geheel in die teken van die verlossing van Christus (Byars, 2002:30; Senn, 2000:27-30; Vos & Pieterse, 1997:2).

Die aanbidding van die kerk is aanvaarbaar voor God, omdat Christus sy kerk daarvoor waardig gemaak het. Deur sy soenverdienste is die uitverkorenes met God en mekaar versoen. Dit maak die erediens moontlik (De Klerk, 1987:82). White (1990:30) sien die erediens as die sentrum vir die heruitbeelding van Christus en dat Hy, as Hoof van sy kerk, in sy genadevolle optrede self in die erediens teenwoordig is. Hy verteenwoordig die mensheid by die Vader (Experiencing worship, 2001c). Gevolglik is daar in elke handeling van die erediens 'n voorspel van die komende heerlikheid saam met Hom. Omdat Christus self in die erediens teenwoordig is, is dit gevul met hoop (Senn, 2000:27).

In die erediens is die kerk se fokus om, deur die werk van die Heilige Gees, die een-wees met Christus en God die Vader te vier en beleef. Christus kry gestalte waar Hy aktief teenwoordig is en self sy kerk lei in aanbidding en lofprysing (Experiencing worship, 2001c). Met Christus in die sentrum kom die liefdesgehoorsaamheid aan die wet sterk na vore. So word die kerk se verering en navolging van Christus gevorm en gerig in die erediens (Willimon, 1983:73).

2.1.4. Die Heilige Gees is teenwoordig in die erediens

Net soos die Vader en die Seun, is ook die Heilige Gees teenwoordig in die erediens. Elke handeling in die erediens staan onder beheer van die Gees (Senn, 2000:22). In die tyd van die Nuwe Testament is daar duidelik 'n bewustheid van die werk van die Gees in die erediens (Martin, 1982:197). Die Gees woon en werk nie alleen in elke individuele gelowige nie, maar is ook permanent teenwoordig in die kerk.

Deur die werking van Heilige Gees bewerk God self die ontmoeting in die erediens. Daarom is die erediens nie staties nie, maar 'n dinamiese gebeure. Dit is die Gees wat die charismatiese, didaktiese en eucharistiese elemente van die erediens aanvuur en die inhoud van die evangelie aan die erediensdeelnemers bekragtig (sien Moeller, 1998:4). Só bring sy teenwoordigheid lewe en dinamika in die erediens, sodat die kerk as't ware

as totale organisme in beweging kom, tot eer en diens van God (Martin, 1982:12-13; 174-184).

Die erediens word in "Gees en waarheid" beoefen (Joh. 4:24). Daarom is die erediens nie 'n geleentheid waar daar primêr gefokus word op selfuitdrukking van die lidmate nie (Saliers, 1994:27), maar waar God deur sy Gees aan die woord kom. Dit is die Gees wat die Woord van God verlig, die gees en die verstand van elke erediensdeelnemer betrek en elke gelowige oortuig dat Christus onmisbaar is vir die lewe. Dit is ook die Gees wat intree by die Vader wanneer gelowiges bid en nie reg weet hoe en wat om te bid nie (Rom. 8:26).

Beheersing deur die Gees beteken egter nie dat daar absolute vryheid sonder struktuur is nie. Martin (1982:11) lê klem daarop dat daar in die erediens plek gemaak moet word vir orde sowel as vryheid onder leiding van die Heilige Gees.

2.1.5. Die erediens is ontmoeting tussen verskillende partye

Volgens De Klerk (1987:40,80) het die erediens nie alleen 'n vertikale gerigtheid tot God nie, maar ook 'n horisontale gerigtheid tot die medemens. Daar vind 'n drieërlei ontmoeting plaas: God ontmoet sy verbondsvolk, die volk (gemeente) ontmoet hulle Verbondsgod en die gemeente ontmoet mekaar as die nuwe volk van God (sien ook Maynard-Reid, 2000:19). Die erediens word gegrond in die menslike lewe, maar is in alles gerig op God (Saliers, 1994:25). Hy is die middelpunt, sowel as die hoofdoel van die erediens. Daarom is die erediens altyd 'n dramatiese viering van God as verhewe Wese, en wel op so 'n wyse dat sy waardigheid die norm en inspirasie vir die menslike lewe word (Martin, 1982:4-5). So word die gelowiges opgebou in die geloof en toegerus vir hulle taak en roeping in die wêreld.

Toerusting en opbou in die geloof vind egter nie net in die ontmoeting met God plaas nie, maar ook in die onderlinge ontmoeting tussen gelowiges (sien Martin, 1982:199). Die χαρίσματα wat die Gees hiervoor gee, is daar vir elke lid van die liggaam van Christus. Dit word gebruik tot opbou van die liggaam en daarmee spits die deelnemers hulle ook toe op κοινωνία met God en mekaar (Martin, 1982:13). Wanneer die gelowiges in die erediens bymekaar kom, skep die Gees ruimte vir verskillende persoonlikhede, sodat geen individu geforseer word om presies soos 'n ander te wees nie (Martin, 1982:186). Tog bly die klem op die saam-kom en eenheid van die gemeente (White, 1990:35). Omdat die kerk die liggaam van Christus is en die liggaam 'n eenheid is, moet die eenheid met Hom en mekaar in alle aspekte van die erediens na vore kom.

Hoewel elke gelowige uiteindelik as individu voor God te staan kom, is die erediens nie 'n individualistiese gebeure nie. Elke deelnemer aan die erediens word gebring voor die feit dat hy onlosmaaklik verbind is aan God en sy medegelowiges (Moeller, 1998:14). Die erediens is dus persoonlik, maar altyd ook ten volle gemeenskaplik van aard (Saliers, 1994:28). Om te kan voldoen aan die eis om gemeenskaplikheid en eenheid, is dit van groot belang dat die taal, simboliek en lied waarin die eenheid met God en mekaar uitgedruk word, vir al die erediensdeelnemers toeganklik en verstaanbaar sal wees (Saliers, 1994:214).

2.1.6. Die erediens is 'n dialogiese gebeure

Wanneer die Verbondsgod amptelik met sy volk ontmoet, vind daar 'n dialogiese gebeure plaas (Martin, 1982:6). In hierdie dialoog is daar openbaring en reaksie (White, 1990:26). Die verskillende kommunikatiewe handelinge van verkondiging en respons staan sentraal (sien Experiencing worship, 2001c). Soos dit van die begin van die tyd af was, neem God ook hierin die inisiatief: Hy kom eerste aan die woord. Deur middel van die seën, wet, Woord en sakramente openbaar Hy Homself aan sy volk (De Klerk, 1987:84; Willimon, 1983:95-159). Volgens Moeller (1998:13, 102) gaan dit verder as blote openbaring. Volgens hom is die erediens gekonsentreerde momente waartydens God opnuut lewe in die kerk inblaas, voed in die geloof, onderrig, vertroos, en uitdagings rig.

Wanneer God aan die woord kom, is die kern van sy boodskap die bevestiging dat Hy die uitverkorenes liefhet. Hierop moet die gemeente reageer (Crichton, 1992:7; Pfatteicher, 1997:26). Deur die kragtige werking van die Heilige Gees kom die reaksie van die gemeente na vore in onder andere die geloofsbelydenis, lied, gebed, liefdegawes ensomeer. Volgens Saliers (1994:192) is die antwoord van die gemeente ook ingebed in die kerk se verwondering oor die misterie van God en die paradoks van sy openbaring teenoor sy verborgenheid. Die beginsel vir die erediens is dat almal gelykwaardige, vrye en aktiewe deelnemers aan die dialoog met God is (Pieterse, 1993:7). Die dialoog is nie net met God nie, maar ook met mekaar en die samelewing. Omdat die ontmoeting en dialoog met God nie ophou na afloop van die erediens nie, lei die kommunikatiewe handeling in die erediens daarom ook tot 'n sensiwiteit vir en solidariteit met mekaar buite die erediens. Om te kan antwoord op dit wat God sê, is dit nodig om te hoor wat Hy sê en Hom daarin te leer ken (Experiencing worship, 2001c). Hiervoor is dit nodig dat die gemeente voortdurend met die Woord van God sal besig wees en hulle daarin sal oefen. Daarmee saam is die verligting en leiding van die Heilige Gees onontbeerlik.

Om te kan antwoord op dit wat God sê, moet die gemeente eweneens as 'n eenheid daarop kan reageer. Dit is alleen moontlik indien elke erediensdeelnemer werklik aktief betrokke is by dit wat in die erediens gebeur (Experiencing worship, 2001c) en daar gemeenskaplike uitdrukkingsvorme is waarmee die gemeente sy antwoord kan kommunikeer. Maynard-Reid (2000:191, 206) lê sterk klem daarop dat die erediens nie iets is wat maar net op 'n afstand beskou word nie. Elkeen wat teenwoordig is, moet aktief daaraan deelneem. Die erediens is iets wat gedoen word, nie beskou word nie (sien ook White, 1989:18; White, 1990:113). Daarom moet seker gemaak word dat die erediens vir elke deelnemer toeganklik is.

Omdat elke deelnemer aan die erediens bepaalde χαρίσματα van die Gees ontvang, moet elkeen ook aktief betrek word in die beplanning, implementering en evaluering van die erediensgebeure (Moeller, 1998:4). Hoewel die liturg 'n bepalende rol hierin vervul, moet sy bydrae nie oorskat word nie. Die liturg se rol is nie om die erediensdeelnemers emosioneel op te sweep of sielkundig te probeer ophef nie (Martin, 1982:5). Die liturg het bloot die verantwoordelikheid om die voorganger in die erediens te wees, terwyl hy soos elke ander deelnemer aan die erediens self ook deel moet wees van die totale gebeure.

Vir die gemeenskaplike antwoord van die gemeente op die openbaring van God, dien veral die geloofsbelydenis, liedere en gee van die liefdegawes. Respons van die gemeente hou egter nie in alle gevalle hoorbare of sigbare handelinge in nie. Stil gebed en gewyde oomblikke kan ook deel wees van hierdie respons. Die geloofsbelydenis is 'n kerklik gesanksioneerde, vaste formule wat die essensiële aspekte van die Christelike geloof opsom. As sodanig dien dit as fokuspunt vir die eenheid in en gesamentlike respons van die kerk. Die lied in die erediens dien ook by uitstek daartoe dat die totale gemeente verenig in aktiewe deelname aan en respons in die erediens.

Wanneer die verloste gelowiges gekonfronteer word met die geheimenis van die genade van God, is die mees gepaste reaksie om God in liefde te vereer (Martin, 1982:29; sien ook Moeller, 1998:16). As rigsnoer vir die respons van die gemeente dien die wet van God, wat liefde tot God en liefde tot die naaste as kern het. So dien die erediens as motivering vir etiese optrede of bron vir etiese refleksie (Phillips, 1993:89). Wanneer dit die geval is, kom daar 'n dinamiese wisselwerking tussen verkondiging en respons in die erediens (Strydom, 1994:191).

2.1.7. Die erediens is 'n offerhandeling

Die kerk van God kom nie alleen in die erediens bymekaar om te antwoord nie, maar ook om te gee. Die Griekse woord λειτουργία (waarvan die woord "liturgie" afkomstig is) het binne die Nuwe Testament veral die betekenis van dienswerk, selfopoffering, kollektering en aktiewe deelname aan besondere gebedsbyeenkomste (De Klerk, 1982:13; sien ook Senn, 2000:3; Martin, 1982:60). Volgens Vrijlandt (1987:5) het dit die betekenis van dienswerk wat deur die koning gedoen word ten behoewe van die volk, in besonder wanneer daar 'n rampsituasie is. White (1990:31) noem dat dit in antieke Griekeland verwys het na 'n openbare werk, iets wat gedoen is ten behoewe van die staat of stad. Hierdie werk is gedoen deur mense, tot voordeel van ander.

Die betekenis van λειτουργία kan teruggevind word in die Ou Testamentiese beginsel van die offerhandeling (Strydom, 1994:174). Die offers van die Ou Testament dien om die verbond met יְהוָה (Jahweh) te ratifiseer. Met elke offerhandeling gaan dit primêr oor die verbondstrou van יְהוָה en sy volk se gehoorsaamheid aan die eise van die verbond (Martin, 1982:65). In en deur Christus het die offerhandeling in die Nuwe Testament 'n nuwe dimensie gekry. In die Nuwe Testamentiese erediens word offers gebring wat spreek van die nuwe verbond tussen God en sy volk: liefdegawes, gebede, skuldbelydenis, danksegging, lofprysing, ensomeer (Vos & Pieterse, 1997:6). Hierdie offervaardigheid word uitgebrei na mekaar onderling en uiteindelik ook na die wêreld buite die kerk. Een van die primêre uitkomste van die erediens is dat die kerk voorberei en toegerus word ten einde in die koninkryk van God tot diens te kan wees (Martin, 1982:14) juis ook deur die offers wat die kerk bring. In alle gevalle is die klem op die gelowige reaksie van die verloste mens, wat in dankbare gehoorsaamheid in die praktiese lewe van elke dag na vore kom (Willimon, 1983:194).

Omdat dit in die erediens gaan om die ontmoeting van die verbondsvolk met die heilige Verbondsgod, spreek dit vanself dat daar toenemend 'n strewe sal wees om net die hoogste kwaliteit in die erediens toe te laat (Martin, 1982:19). Hiervoor word die verskillende χαρίσματα van die Gees ingespan.

2.1.8. Die erediens is 'n ordelike gebeure

Volgens 1 Kor. 14:33 is God nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede. In die ontmoeting met God in die erediens, mag daar nie wanorde wees nie, maar moet daar orde en vrede wees. Orde beteken nie dat die erediens soos 'n program met 'n vaste agenda hanteer moet word nie. Binne die konteks van 1 Kor. 14 beteken orde "dit wat waarlik opbou." Hieronder word verstaan dit wat normaal, behoorlik, fatsoenlik, netjies en

eietyds is (GKSA, 1997a:738). Die Griekse woord εἰρήνη (vrede) dui op bepaalde omstandighede wat gunstig is vir rustigheid en vrede (Louw & Nida, 1989:247), ook in die erediens.

Wanneer 'n mens of saak in die erediens nie die plek inneem wat God self daaraan toeken nie, of wanneer 'n persoon of saak die erediens oorheers of ander uitstoot, dan is dit onordelik. Dit kan selfs gebeur wanneer 'n uiterlike skyn van rigoristiese ordelikheid gehandhaaf word (GKSA, 1997b:7). Wanneer individuele lidmate en hulle gawes tot voordeel van mekaar, tot gelyke sorg vir mekaar en tot geestelike opbou van almal dien, is daar orde en vrede (De Klerk, 1987:75). Orde sluit ook in dat daar onderlinge harmonie in die handelinge van die erediens is, asook harmonie in die liturgiese inhoud van hierdie handelinge. Tussen die verskillende handelinge van die erediens kan daar net harmonie wees wanneer God drie-enig se teenwoordigheid (Senn, 2000:21) dwarsdeur die hele erediens erken, bely en beleef word.

2.1.9. Die erediens is 'n pastorale gebeure

Hoewel die individu in die erediens belangrik is en elkeen uiteindelik persoonlik voor die Verbondsgod te staan kom, is die gemeenskaplike konteks en eenheid in die erediens van kardinale belang (Lathrop, 1999:24). Wanneer daar werklik κοινωνία met God en mekaar is (sien 2.1.5 hierbo), word die erediens 'n pastorale ontmoeting. Deur die opsoek van die teenwoordigheid van God, die aanhoor van die troos in sy Woord en die gemeenskap met medegelowiges is daar 'n pastorale werking op elke deelnemer aan die erediens.

Die erediens gee geleentheid vir die gelowige om sy persoonlike belewenis van die lewe na God te bring (Saliers, 1994:25). Elke individu kom na die erediens met vrese, twyfel en bepaalde behoeftes. Een van die belangrikste behoeftes van die mens is genesing op intellektuele, fisiese, emosionele en geestelike vlak. In die opsoek van God se teenwoordigheid word bevestiging en genesing gesoek (Corbitt, 1998:55). Volgens Massie (1993:26) is die erediens by uitstek die geleentheid waar vergifnis, verlossing, genesing, liefde en inspirasie in teenwoordigheid van God meegedeel en gevind kan word. Wanneer die boodskap van die evangelie deurwerk in die lewe van die gelowiges en elkeen die sekerheid van die goedheid en genade van God sowel as die versoening met Hom beleef, bring dit bevryding. Dit maak die alledaagse situasie waarbinne die gelowiges leef, makliker om te hanteer en te verstaan. Só is die erediens by uitstek die vindplek van heil vir verslae, verlore en hoop-lose mense (Vos & Pieterse, 1997:25-26). Die Gees gebruik die gawes wat Hy gee, ook daarvoor dat die gelowiges mekaar

onderling pastoraal kan versorg (Trimp, 1989:196). So gebeur dit dat die gelowiges mekaar in die erediens onderling opbou, onderrig, vermaan, bemoedig, vertroos, versterk, genees en ondersteun (Brümmer, 1994:45).

Dit spreek vanself dat die erediens die werklikheid van die daaglikse lewe moet aanspreek sodat die totale mens daardeur geraak en gerig word (Moeller, 1998:4, 16). Indien die erediens nie die volle werklikheid (van die pragtige tot die verskriklike) in die lewe van lidmate betrek nie, is dit bloot 'n selfdienende wegvlug daarvan. Dan het dit geen integriteit nie en is dit ook nie relevant nie (Maynard-Reid, 2000:19; Saliers, 1994:24, 27, 29). Phillips (1993:92) wys ook op die belangrikheid daarvan dat die liturgiese gebeure vorm en betekenis gee aan die gebeure buite die erediens. Vanuit die erediens moet die kerk dus ook 'n pastorale effek in die samelewing hê.

Dit is werklike mense wat in werklike lewensomstandighede leef, wat deelneem aan die erediens. Die realiteit van die koninkryk van God, wat dikwels buite hulle onmiddellike belewing val, word egter ook vergestalt in die erediens (Saliers, 1994:144). Omdat daar merendeels 'n diskrepans is tussen dit wat in die erediens vergestalt word en wat in die werklike lewe beleef word, (die *alreeds* in God se Woord teenoor die *nog nie* van ons belewenis in tyd en plek (Saliers,1994:30)), leer die erediens die gelowige derhalwe om in eerlikheid selfondersoek te doen voor God. Waar verandering nodig is, gee die erediens rigting en perspektief sodat God al meer nagevolg kan word soos wat Hy dit vereis (Saliers, 1994:171-173).

Om die erediens werklik as 'n pastorale gebeure in te rig, is dit van kardinale belang dat dit lidmate werklik sal aanspreek in hulle eie unieke omstandighede. Hierin is intellektualisme 'n groot gevaar. Intellektualisme is die gevolg van 'n valse skeiding tussen liggaam en gees. In die erediens lei dit daartoe dat daar byna geen konneksie met die werklike lewe is nie. Sondag en die ander dae van die week word van mekaar geskei, prediking is bloot maar rasionele oordra van inligting, sonder om op te wek en aan te spoor (Maynard-Reid, 2000:206-208; sien ook Martin, 1982:6-15) en die pastorale werking van die erediens gaan verlore. Hierteen moet die kerk altyd waak.

Willimon (1983:42) waarsku ook tereg teen die gevaar dat die erediens bloot gebruik word as 'n instrument om regverdigheid en liefdevolle optrede teenoor mekaar op menslike vlak kweek. Die erediens mag nooit mens-gesentreerd of utilitaristies wees nie. Terwyl die aanbidding van God in die sentrum staan moet elke erediensdeelnemer hom

oopstel om pastoraal deur God getransformeer te word in gehoorsaamheid aan sy Woord en wet.

2.1.10. Die erediens is 'n missionêre gebeure

Die erediens roep gelowiges op om in die wêreld waar hulle leef en werk, in woord en daad aanbidders van God te wees. Deur die erediens kom die gemeente dus ook in gesprek met die wêreld om hulle (De Klerk, 1987:94). Onder leiding van die Gees word eenheid bewerk tussen die erediens en die lewe van elke dag (Strydom, 1994:226) sodat kontak met die realiteite van die wêreld gemaak en behou kan word (Moeller, 1998:4, 79; Walker, 1994:49).

Tydens die erediens word die volk van God nie alleen opgeroep tot aanbidding en opbou in die geloof nie, maar ook toegerus vir die erediens van die lewe, naamlik om op alle lewensterreine te leef soos konings, priesters en profete. Die kwaliteit hiervan word wesenlik bepaal deur die kwaliteit van die gemeenskapsbelewing in die erediens. Dit wat die kerk na buite proklameer word ook beïnvloed deur die kerk se beskouing van sy bediening en missie binne die Goddelike skema van die werklikheid (Martin, 1982:209). Dit is van kritiese belang dat 'n getuieniskarakter vir die eie tyd in die erediens behou sal word (De Klerk, 1987:33) en dat daar in die erediens 'n konstante dialoog sal wees tussen kerk en samelewing (Vos & Pieterse, 1997:138). Die kerk mag nie los van die wêreld funksioneer nie, maar moet voortdurende λειτουργία in die wêreld verrig (Senn, 2000:62). Vanuit die erediens van die kerk versprei die liefde van Christus die wêreld in, sodat die kerk dien as sy oë, hande, hart en liggaam in die wêreld (Moeller, 1998:16). Daar moet veral ook voorbidding gedoen word vir die wêreld (Martin, 1982:14).

Die gelowige is as integrale wese betrokke by al die aspekte van die erediens: sy geskiedenis, beskouings, persoonlike situasie, ensomeer. speel hierin 'n kardinale rol. In 'n tyd van grootskaalse veranderings – soos wat in die huidige Suid-Afrikaanse konteks beleef word – kan en moet die erediens 'n bepalende rol speel om opnuut vastighede daar te stel wat geborgenheid en hoop kan bring (Vos & Pieterse, 1997:127). So word gelowiges toegerus om hulle profetiese taak in die samelewing te volvoer in woord en daad (Walker, 1994:49).

Nie net die uitwerking daarvan nie, maar ook die erediens self moet missionêr van aard wees. Die erediens is nie 'n geslote vergadering of 'n private geleentheid nie (Crichton, 1992:20). Indien daar 'n ongelowige of 'n buitestaander teenwoordig is, moet sodanige persoon ook deur die gebeure in die erediens bereik kan word (1 Kor. 14:23-25). Die

karakter van 'n genadige ontmoeting moet elkeen wat in die erediens teenwoordig is, lidmate sowel as buitestaanders, ewe doeltreffend aanspreek (De Klerk, 1987:95; Senn, 2000:84, 101).

Gelowiges het die opdrag om 'n brug te bou tussen die kerk en die wêreld, ook deur die erediens. Veral musici het hierin 'n belangrike rol om te speel (Corbitt, 1998:105). Dit is dikwels juis deur musiek wat die eerste werklike kontak met buitestaanders gemaak word. Daarom moet musiek in die erediens daartoe dien dat 'n "vriendelike ruimte" geskep word waarin buitestaanders welkom en veilig voel (Corbitt, 1998:106).

2.1.11. Konklusie oor die aard en wese van die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die aard en wese van die erediens:

- Die erediens is 'n ontmoeting waarin God amptelik met sy volk saamkom. Dit is 'n unieke geleentheid waar die aandag saamtrek en fokus op God en die totaliteit van sy omgang met die skepping
- Die erediens is 'n verbondsontmoeting waarin die verbond tussen God en sy volk gestalte kry. Die beloftes sowel as die eise van die verbond kom hierin na vore.
- Die totale erediens staan in die teken van die verlossing wat Christus bewerk het. Hy is die middelpunt van God se verbondstrou en die versoening en eenheid wat Hy met God bewerk het, word telkens bevestig en gevier in die erediens.
- Elke handeling in die erediens staan onder die beheer van die Heilige Gees. Hy verlig die Woord, betrek die gees en verstand van die gelowiges, oortuig elkeen dat hy Christus nodig het en tree vir die kerk in by die Vader. So is die erediens 'n dinamiese gebeure wat in die Gees en waarheid plaasvind.
- Die erediens is 'n ontmoeting tussen verskillende partye: God ontmoet die gemeente, hulle ontmoet Hom en mekaar. Daar is 'n vertikale sowel as horisontale gerigtheid. God is die middelpunt, maar deur die χαρίσματα van die Gees vind daar ook onderlinge opbou in die kerk plaas. Dit is 'n persoonlike sowel as 'n gemeenskaplike gebeurtenis, waarin die eenheid van die gelowiges van groot belang is.
- Die erediens is 'n dialogiese gebeure. God openbaar Homself in die seën, wet, Woord en sakramente. Hierop antwoord die gemeente met onder andere die geloofsbelydenis, lied, gebed, liefdegawes, ensomeer. Dit gebeur alleen deur die krag van die Gees en die einddoel daarvan is dat daar dialoog kom met die wêreld buite die kerk.

- Die erediens is 'n offerhandeling teen die agtergrond van die nuwe verbond wat deur die versoeningswerk van Christus tot stand gekom het. Net die hoogste kwaliteit word vir God aangebied en dit word uitgebrei na mekaar onderling en die wêreld buite die kerk.
- Die erediens is 'n ordelike gebeure. God is 'n God van orde en vrede. Orde behels nie 'n vaste agenda nie, maar dit wat waarlik opbou, normaal, behoorlik, fatsoenlik, netjies en eietyds is. Orde beteken dat elke element in die erediens 'n eie plek het en in harmonie met die ander elemente is.
- Die erediens is 'n pastorale gebeure. In die κοινωνία met God en mekaar is daar 'n pastorale uitwerking op elke erediensdeelnemer. Die belewing van die versoening met God en die χαρίσματα van die Gees bring bevryding en rig elkeen se lewe opnuut. Die totale lewe van die mens word betrek, sodat dit kan deurwerk na die wêreld.
- Die erediens is 'n missionêre gebeure waar die gemeente in konstante dialoog met die wêreld om hulle verkeer. Deur die λειτουργία van die kerk versprei die liefde van Christus die wêreld in, sodat 'n brug gebou kan word tussen kerk en wêreld.

2.2. Die verskillende elemente van die erediens

Hoewel daar onder gelowiges merendeels eenstemmigheid is oor die aard en wese van die erediens, het daar deur die loop van die eeue tog verskillende tipes eredienste ontstaan, wat op verskillende maniere ingeklee is. Hoewel 'n besondere tipe inkleding dikwels saamhang met die kultuur en kerkverband van 'n gemeente, is daar ook verskillende variasies tussen gemeentes van dieselfde kerkverband.

Maynard-Reid (2000:43, 203) noem dat musiek, dans, drama, gebed, stilte en liggaamlike kontak van die essensiële elemente is wanneer die kerk vergader en feeste hou tot eer van God. Die vier van die sakramente, aanbied van die Woord van God en gebed van die gemeente staan eweneens voorop. Volgens White (1989:15) is daar sewe aspekte in die protestantse liturgie wat bepalend is vir die inkleding daarvan: piëteit, tyd, ruimte, gebed, prediking, musiek en die deelnemers self.

Martin (1982:217) noem die volgende elemente in die erediens: lofprysing, belydenis, vryspraak, danksegging, voorbidding, offer, verbintenis om te vernuwe, Skriflesing, prediking, antwoord op die prediking en aanbidding wat die prediking verbind met die werklikheid van die lewe. Volgens White (1989:83-87, 93) kom die volgende elemente

toenemend in verskeie protestantse liturgiese tradisies voor: leesgidse, viering van die kerklike jaar, meer gereelde nagmaal, vasgestelde gebede, 'n standaard liturgiese orde en instrumentale musiek. Hy verwys ook na die toenemende voorkoms kleur, baniere, ander uitbeeldings en sekere voorwerpe as simbole in die protestantse erediens (sien ook Meyers, 1993:165).

Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) het tydens sy sinode van 1997 die volgende inkleding van die erediens goedgekeur (GKSA, 1997b:10-31):

- Ontmoetingsdiens (Introïtus)
  - votum (uitgespreek of gesing)
  - seëngroet
  - loflied
  - geloofsbelydenis (voorgelees of gesing)

- Verootmoedigings- en Versoeningsdiens
  - afkondiging van die wet
  - skuldbelydenis van die gemeente (lied of Skriflesing)
  - vryspraak van God (lied of Skriflesing)

- Woorddiens
  - gebed om verligting van die Heilige Gees (epiklese)
  - selfstandige Skriflesing
  - Skriflesing waaruit die prediking voortvloei
  - prediking
  - sakramente (nagmaal en/of doop waar van toepassing)

- Antwoorddiens
  - die "amen" van die gemeente (uitgespreek of gesing)
  - antwoordgebed deur 'n voorganger
  - aanbidding of respons deur middel van die lied
  - liefdegawe

- Wegstuurseën

Bogenoemde inkleding gee duidelike gestalte aan die aard en wese van die erediens, (soos saamgevat in 2.1.10 hierbo) volgens die beginsels wat uit die Bybel afgelei kan word. Dit dien egter net as prinsipiële riglyn en elke plaaslike kerkraad het steeds die

vryheid en verantwoordelikheid om self te besluit hoe die erediens binne sy eie unieke konteks ingeklee word (GKSA, 1997b:10).

2.2.1. Konklusie oor die verskillende elemente van die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die verskillende elemente van die erediens:

- Verskillende kerkverbande en gemeentes rig die erediens verskillend van mekaar in. Elkeen het 'n eie stel komponente wat deel uitmaak van die erediens en 'n eie klem wat gelê word.
- Die GKSA het 'n inkleding van die erediens goedgekeur waarvolgens daar 'n ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens, antwoorddiens en wegstuurseën in die erediens is. Dit gee duidelike gestalte aan die aard en wese van die erediens, soos in 2.1 hierbo uiteengesit is.

2.3. Die erediens en verandering

Hierbo is duidelik aangetoon dat nie alle kerke die erediens op dieselfde manier inklee nie. Van vroeg af was daar verskillende maniere van aanbidding en hierdie verskeidenheid sal voortduur soos wat die wêreld en die denke van die mens ontwikkel (Byars, 2002:6). Die elemente wat uitdrukking vind in die erediens is die resultaat van vormingswerk wat oor baie jare plaasgevind het. Dit is 'n voortgaande proses waarin daar voortdurend nuwe groei en ontwikkeling is (Pfatteicher, 1997:x, 250).

Op 'n stadium in die kerkgeskiedenis was daar sekere vaste liturgiese vorme waarop kerke van 'n bepaalde denominasie besluit het en waarby oor 'n lang tyd gehou is. Indien veranderings wel ingevoer is, het dit merendeels oor 'n lang tydperk gebeur. As gevolg van 'n veelheid van faktore, waarvan die postmodernisme en die geweldige ontwikkelings op tegnologiese gebied 'n paar is, is dit vandag anders: die gedurige veranderings wat tans op byna alle vlakke van die lewe voorkom, plaas die kerk onder groeiende druk om aan te pas en te probeer verseker dat die erediens relevant bly vir die huidige tyd (Byars, 2002:3). Gevolglik gebeur dit dat daar selfs ook tussen kerke van dieselfde denominasie onderlinge verskille en verskeidenheid ten opsigte van die erediens is (Byars, 2002:9). Volgens Moeller (1998:79) is dit nie problematies nie, solank elke kerk die vryheid wat God hierin skenk gebruik ten einde te probeer verseker dat die totaliteit van elke erediensdeelnemer se lewe aangespreek word in die erediens (Moeller, 1998:79).

Soos die geval is met elke kultuur in die wêreld, is ook die eredienskultuur voortdurend onderworpe aan verandering, omdat die liturgie die kultuur waarbinne dit vorm kry, reflekteer (sien Spinks, 1993:49; White, 1989:91, asook 2.5 hieronder). Die liturgie kan

kultuur en geskiedenis nie ignoreer nie. Die lewensbeskouing van elke verbygaande kultuurperiode bepaal in 'n groot mate hoe die erediens ingeklee word. Die kerk het 'n groot verantwoordelikheid om hierdie verandere lewensbeskouing van lidmate in die erediens te verdiskonteer (Krikke, 1976:62).

Omdat die erediens gekoppel moet bly aan die werklikhede van die lewe, moet dit noodwendig voortdurend aanpassings ondergaan om steeds relevant te bly in die leefwêreld van die gelowige (Corbitt, 1998:71). Kontekstualisering, ver-inheemsing, lokalisering en inkulturasie is aspekte waarmee die kerk moet rekening hou in die inrig van sy liturgie (Maynard-Reid, 2000:44). Moeller (1998:3) meen tereg dat daar geen normatiewe patroon vir aanbidding in die erediens kan wees wat gepas is vir alle tye en omstandighede nie. Die taal en uitdrukkingsvorme moet verstaanbaar en relevant wees vir die lewe en verhoudings van elke dag en moet 'n eietydse uitdrukking wees van elkeen se geloofsverhouding met Christus (Martin, 1982:59). Die lig van die evangelie moet op die daaglikse lewe van elke erediensdeelnemer val en dit moet 'n integrale deel vorm van mense se lewe en kultuur (Maynard-Reid, 2000:19).

Een van die belangrike opdragte wat die kerk het, is om nie net eie lidmate nie, maar ook buitestaanders (dikwels vanuit vreemde kulture) te betrek, deel te maak van die erediens en te begelei tot 'n gehoorsame lewe voor God. Die beginpunt hiervoor is deur te fokus op spesifieke brandpunte, die Bybelse antwoord daarop te gee en sodoende nuwe betekenis aan hulle lewens te gee (McRae-McMahon, 2001:vii). Hiervoor is dit dikwels nodig om bepaalde veranderings met betrekking tot die inkleding van die erediens aan te bring.

Wanneer enige veranderings en/of vernuwings oorweeg word, moet daar sekerheid wees dat dit werklik essensieel is vir die Christelike erediens. Maniere van aanbidding uit die verlede mag dalk irrelevant wees vir gelowiges van vandag. Verandering moet egter goed deurdag wees en gegrond op duidelike Bybelse beginsels (Corbitt, 1998:77-78; Grit, 2004). Grit (2004) meen tereg dat verandering in die erediens nie bloot die produk mag wees van menslike vindingrykheid nie. Dit moet die vrug wees van die werking van die Heilige Gees, die resultaat van in-diepte bestudering van die Woord en lei tot volle, bewustelike en aktiewe deelname van alle erediensdeelnemers. Dit is onverantwoordelik om bloot met 'n oop agenda te wil verander of vernuwe in die erediens (Byars, 2002:3-5,7), omdat alle verandering nie noodwendig opbouend en verdiepend werk nie. Volgens hom moet op die bekende fondamente van die geloof gebou word, maar met 'n groter vryheid as wat tot nou toe in die protestantse tradisie toegelaat is, terwyl allerhande

kreatiewe moontlikhede in die ontmoeting met God ontgin word. Die uitdaging vir die kerk bly om die mees outentieke inrigting van die erediens vir sy besondere omstandighede te soek.

Tradisie in die erediens is belangrik. Dit kan nie sonder meer verwerp word nie. Die kerk giet die evangelie in tradisie en gee dit in die erediens aan die lidmate deur. Die eredienstradisie bring die kerk in ontmoeting met die opgestane Jesus (Byars, 2002:75). Hoewel tradisionaliste dikwels geneig is om enige verandering in die erediens te beskou as 'n aanval op die kern van die liturgie, kan hulle nie gelyk gegee word nie. Iemand wat vashou aan 'n bepaalde eredienstradisie, vind sekuriteit in die bekende van die erediens te midde van 'n konstant veranderende wêreld (Maynard-Reid, 2000:42). Dit is egter belangrik om toe te sien dat tradisie nie alleroorheersend en bepalend vir die erediens is nie. 'n Fyn balans is nodig, waarin die waardes van die tradisie gebruik word as rigsnoer vir nuwe bouwerk in die liturgie. Eietydsheid en relevansie vir die lewe en wêreld van vandag is net so belangrik soos tradisie (Moeller, 1998:143). Dit kan bewerk word sonder om die kernbeginsels van die liturgie enigsens aan te tas.

Ten spyte van die neiging tot verandering het die Christelike liturgie volgens White (1990:23, 37) oor eeue merkwaardig stabiel gebly, met sekere aanbiddingsvorms wat permanent behou is. Vandag is daar 'n fassinerende mengsel van konstantes en diversiteit waarneembaar. Veral in die Protestantse erediens is dit die geval. White (1989:214-216) sien die rede hiervoor in die pioniersrol wat die Protestantse liturgie dikwels speel. Nuwe moontlikhede wat relevant is vir die liturgie word gedurigdeur in hierdie tradisie ondersoek. In die tyd van 1520 tot 1570 het vyf nuwe Protestantse liturgiese tradisies ontstaan: die Lutherse, Gereformeerde, Anabaptiste, Anglikaanse en Puriteinse tradisies. Al hierdie tradisies bestaan vandag nog.

Hoewel daar 'n duidelike diversiteit onder die verskillende Christelike denominasies is, is daar tog sekere elemente in die eredienste van al hierdie kerke wat met mekaar ooreenkom. In die tyd van die Reformasie het die Protestantse erediens vir baie Christene aanklank gehad, omdat hulle toenemend ontnugter was met dit wat die Roomse Kerk hulle in die erediens gebied het. Tussen 1520 en 1570 het daar konflik en verwydering gekom tussen die Protestante en die Roomse Kerk in die Weste. Tydperke van kulturele ontwikkelings in die Weste, soos byvoorbeeld die Barok, Verligting, Romantisisme ensomeer, het daarmee saam 'n beduidende invloed op die liturgie van daardie tyd gehad (White, 1989:29, 30-33). Die Protestante het klem gelê op die aktiewe deelname van elke lidmaat in die erediens, minder sterk gefokus op die sakramente, en

die prediking teruggebring as 'n essensiële element van die erediens. Hierdie elemente kan vandag steeds gevind word in die eredienste van die kerke uit die Protestantse tradisie. In die toekoms kan daar nog meer liturgiese tradisies ontstaan. Gelowiges in Afrika, Asië, Suid-Amerika kan moontlik nuwe liturgiese tradisies vorm. Blootstelling aan kulture van hierdie kontinente kan dit wat vanuit die Europese en Noord-Amerikaanse perspektief normatief vir die erediens geword het, verbreed en verryk.

Benewens die kulturele en filosofiese ontwikkelings van die tyd, het die vorm, grootte en akoestiek van die gebou waarin die kerk bymekaar kom, ook 'n beduidende effek op die ontwikkeling van die liturgie van die kerk. 'n Kerkgebou is soos 'n musiekinstrument waarin klanke opgewek en gereflekteer word. Namate daar minder of meer mense in die gebou is, verander die toon en kwaliteit van die klanke. 'n Groot katedraal het 'n ander klankeffek as 'n huis. So het die dreunsange (*chants*) byvoorbeeld ontwikkel in die akoestiek van die katedrale waar gedrae musiek effektief is. Die Kongregasionaliste en Metodiste het die gesange (*hymns*) ontwikkel om aan te pas by die intieme akoestiek van die strukture waarin huisgemeentes bymekaar gekom het. Die tongetaal (*glossolalie*) van die Kwakers sou moeilik hoor- en onderskeibaar gewees het in die groot akoestiek van 'n katedraal (White, 1990:109, 112). Akoestiek en fisiese eienskappe van kerkgeboue het dus ook 'n beduidende invloed op die veranderings wat 'n kerk aan sy liturgiese inkleding aanbring.

Volgens White (1989:211-213) is die doel van liturgiese verandering nie om diversiteit uit te skakel nie, maar om lidmate in staat te stel om in die erediens te kan aanbid met groter toewyding en deelname. Hy kan gelyk gegee word wanneer hy meen dat dit 'n teken van selfvertroue is indien een liturgiese tradisie by ander kan leer en sekere elemente kan oorneem en dat dit op geestelike gesondheid dui indien een tradisie nie bedreigd voel deur 'n ander en ook nie bang is om deur 'n ander beïnvloed te word nie. Solank die basiese beginsels vir die liturgie, wat die Here in sy Woord gee, nagekom word, kan en behoort diversiteit en verandering uiteindelik lei tot verdieping en 'n nuwe dimensie in die erediens.

2.3.1. Konklusie oor die erediens en verandering

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die erediens en verandering:

- Die voortdurende veranderings wat vandag op byna elke vlak van die lewe voorkom, plaas die kerk onder groeiende druk om te probeer verseker dat die erediens relevant bly vir die huidige tyd. Gevolglik is daar voortdurende verandering in die inkleding van die erediens.

- Daar kan geen normatiewe patroon vir die erediens wees wat gepas is vir alle tye en omstandighede nie. Die kerk moet voortdurend rekening hou met faktore soos kontekstualisering, ver-inheemsing, lokalisering en inkulturasie. Ook buitestaanders moet kan tuis voel in die erediens.
- Veranderinge moet egter goed deurdag wees en gegrond wees op duidelike Bybelse beginsels. In alle gevalle moet dit werklik essensieel wees om veranderinge in die erediens aan te bring.
- Tradisie is belangrik en kan nie sonder meer verwerp word nie. Dit mag egter nie allesoorheersend en bepalend vir die erediens wees nie. Eietydsheid en relevansie vir die huidige tyd is net so belangrik soos tradisie.
- In die breë Protestantse erediens is 'n fassinerende mengsel van konstantes en diversiteit sigbaar, omdat daar vir eeue voortdurend gesoek is na aanbiddingsvorme wat relevant is vir die tyd. Dit kan verwag word dat hierdie soeke in die toekoms steeds daar sal wees.
- Die doel van verandering in die erediens moet wees om lidmate in staat te stel om met groter toewyding te kan deelneem aan die erediens. Solank die basiese beginsels vir die liturgie vanuit die Woord van God nagekom word, kan en behoort verandering te lei tot verdieping en 'n nuwe dimensie in die erediens.

2.4. Estetika in die erediens

Een van die kwessies waarmee die kerk te doen kry wanneer hy gekonfronteer word met verandering, is die vraag rondom dit wat tuishoort in die erediens al dan nie. Omdat die erediens die eiesoortige verbondsontmoeting is van die almagtige en heilige Verbondsgod met sy uitverkore volk, mag daar nie onverskilligheid of oppervlakkigheid wees in die volk se respons op die spreke van God nie. Die erediens vereis 'n bepaalde estetika. Hierdie estetika is anders as die aanvaarde norme wat geld vir die aanbieding van kuns in die gemeenskap. Die erediens vra 'n eiesoortige estetika. Dit moet voldoen aan die Bybelse norme.

Vanuit die Bybelse oogpunt impliseer die begrip "estetika" 'n totale gehoorsaamheid aan die roeping tot 'n Christelike lewenswyse. 'n Christelike lewenswyse het alles te make met 'n nougesette navolging van Christus. Dit behels integriteit, egtheid/waarheid in optrede, woorde en gesindhede, stylvolheid, smaakvolheid, afgerondheid, heelheid, eenvoud, onverdeeldheid, konsekwentheid en lewenswandel. In sy goed deurdagte en rigtinggewende behandeling hiervan noem Strydom (1994:227-228) dit "'n Bybelse lewensverfyndheid of geloofsaristokrasie": 'n strewe om te leef soos Jesus op aarde

geleef het – ook in die liturgie. Die totale erediensgebeure moet hierdie Bybelse estetika hê, asook elke afsonderlike element van die erediens.

In die totale omgang met die erediens, is konsekwente liturgiese dissipline ononderhandelbaar. Selfoorgawe, die aflê van gemaksug, harde, volgehoue werk en die gewilligheid om offers te bring, is die noodwendige gevolg van 'n kerk wat ook in sy erediens Christus navolg (Strydom, 1994:262). Die erediens kan nie maar benader word as 'n blote stokperdjie nie. Die liturgiek is 'n sorgvuldige dissipline waarin voortdurende oefening van uiterste belang is (Vrijlandt, 1987:5), asook verfyning en verdieping.

Geen oordeel oor die estetiese van die liturgie kan egter gemaak word suiwer op artistieke gronde nie. Die erediens is nie 'n konsert nie en het ook nie ten doel om estetiese genieting daar te stel nie. Die gevaar is dat die kerk vashou aan 'n eensydige horisontaal-gerigte estetika waarin suiwer aardse of menslike norme die kriterium is, met die gevolg dat tendense in die geskiedenis, kultuur of filosofie die bepalende faktore word in die kerk se beoordeling van wat waardig en toelaatbaar is in die erediens, al dan nie. Om hierdie gevaar te vermy moet 'n fyn balans gehandhaaf word sodat dit wat in die erediens gebeur wel relevant en eietyds is, maar sonder dat estetiese gehalte ingeboet word. Nóg pragmatisme, nóg 'n verabsolutering van skoonheid het hier 'n plek (Strydom, 1994:233-239). In die erediens soek God in die eerste plek na opregtheid as diepste hartsgesindheid (Saliers, 1994:195).

Estetisisme is 'n groot gevaar vir die erediens. Dit is 'n verabsolutering van die estetiese ten koste van die funksionele. Dit veroorsaak dat die erediens sy gerigtheid op die totale gemeente verloor, nie meer relevant is vir die lewe van elke dag nie en ook nie meer pastoraal en missionêr werk nie. Pragmatisme daarenteen, is egter net so 'n groot gevaar, omdat dit die funksionele beklemtoon ten koste van die estetiese. Dit veroorsaak dat die uniekheid van die ontmoeting met die almagtige God en die respek vir Hom wat heilig en verhewe is nie tot sy reg kom nie en dat die "Bybelse lewensverfyndheid of geloofsaristokrasie" (volgens Strydom, 1994:227-228) verlore gaan. Uiteindelik lei pragmatisme daartoe dat ook die etiese in die erediens verlore gaan, omdat daar in die erediens 'n onlosmaaklike band is tussen die estetiese en die etiese (Strydom, 1994:259-260).

Die eer en glorie van God word nie in die eerste plek uitgedruk deur allerlei kunstige werke nie, maar in die artistieke dimensies van getrouheid en toewyding tydens byeenkomste. Die kuns in die erediens het ten doel om die mens in staat te stel om in

menslike verstaanbare terme te kan omgaan met die misterie en grootheid van God (Saliers, 1994:197). Hierin word al die menslike emosies ingespan en uitgebeeld. Tog moet die kuns in alle opsigte bedoel wees en gebruik word as diens aan die gemeenskap van die heiliges. In die erediens gaan dit nie om kuns ter wille van kuns nie. Dit gaan om kuns ter wille van die totaliteit van die erediens, wat dien om die geloof van die totale gemeente uit te druk.

Die liturgiese handelinge van die kerk is die voertuie om die verbondsontmoeting tussen God en sy volk moontlik te maak. Die totale liturgie moet dus aanpas by die aard en behoeftes van die gemeente. Elke handeling moet liturgies funksioneel wees (Strydom, 1994:245) en esteties pas by dit wat wesenlik is vir die erediens. Erediensthandelinge moet ook onderling esteties by mekaar inpas, mekaar aanvul en komplementeer. Dit beteken dat die teologie van die bepaalde kerkverband of gemeente die deurslaggewende rol moet speel in die beplanning en hantering van die liturgie. Omdat smaak en styl 'n produk is van die kultuur waarin dit beslag kry (Maynard-Reid, 2000:46), moet die kultuur van die gemeente eweneens in gedagte gehou word.

Eenvoud, nugterheid, matigheid en verstaanbaarheid is belangrike beginsels vir die liturgie. So ook genuanseerdheid, subtiliteit en speelsheid, sowel as eerlikheid, waar elke element van die erediens integriteit het, tot diens is vir die totale gebeure in die erediens (Strydom, 1994:252-255) en elke deelnemer aktief betrek. Die liturgiese uitdrukking van die kerk moet nie iets wees wat van buite op die deelnemers afgedwing word nie. Dit moet die kultuur van die deelnemers op outentieke wyse reflekteer (Maynard-Reid, 2000:48). Dit moet betrekking hê op en relevant wees vir die totale lewe van die betrokke gemeenskap. Liturgiese kuns is volkskuns. Dit is uit die volk vir die volk. Die gee uitdrukking van die diepste waardes van die volk en stel die volk terselfdertyd in staat om hom daarmee uit te druk. Toegepas op die erediens is dit kuns wat uit die kerk vir die kerk is (Strydom, 1994:250). Dit beteken egter nie dat daar nie plek is vir geskoolde kunstenaars nie. Liturgiese kuns, as volkskuns, vra steeds diepgang, stylvolheid en 'n bepaalde artistieke bedrewenheid. Dit moet aan bepaalde estetiese norme voldoen. Daar moet 'n sinvolle, oortuigende verhouding wees tussen die estetiese en die funksionele in die erediens. Hierin lewer toegeruste kerkmusici 'n deurslaggewende bydrae.

In die geval van 'n multikulturele erediens is dit belangrik om nie vooroordele vanuit die oogpunt van een bepaalde kultuur te hê nie. Dit geld in besonder wanneer musiek uit verskillende kulture beoordeel en oorweeg word met die oog op gebruik in die erediens (Maynard-Reid, 2000:72). In die Westerse konteks is musiek "goed" wanneer dit suiwer

en getrou volgens erkende musikale konvensies uitgevoer word. In talle nie-Westerse kulture is musiek egter goed wanneer dit die gehoor daartoe beweeg om saam te sing en dans (Corbitt, 1989:243). Musikale gewaarwording en waardering kry gestalte binne bepaalde etniese en kulturele partikularisme. Die kultuur van die hoorder bepaal dus sy benadering tot die musiek wat hy hoor (Davis, 2005; Strydom, 1994:231). In multikulturele eredienste moet deeglik hiermee rekening gehou word.

Die liturgie kan bestempel word as 'n spesiale kuns wat gevorm word deur die Heilige Gees. Alleen wanneer dit 'n reaksie is op die genade van God en daartoe lei dat God se teenwoordigheid gesoek word, het dit kwaliteit en waarde. In die liturgie moet derhalwe voortdurend gesoek word na daardie inkleding wat die dieper misterie van God en die menslike toestand voor Hom die beste kan uitdruk (Saliers, 1994:195, 206-211).

2.4.1. Konklusie oor estetika in die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die estetika in die erediens:

- Die erediens vereis 'n eiesoortige estetika. Vanuit 'n Bybelse oogpunt impliseer dit 'n totale gehoorsaamheid aan die roeping tot 'n Christelike lewenswyse. Jesus se lewe en optrede dien as norm hiervoor.
- Die estetika van die erediens kan nie beoordeel word suiwer op grond van artistieke konvensies nie. Die artistieke dimensies wat wel teenwoordig moet wees, is dié van getrouheid en toewyding aan God. Daar moet ook 'n fyn balans getref word tussen dit wat relevant en eietyds is en dit wat op artistieke vlak estetiese waarde het. Die kuns moet die liturgie tot diens wees, sodat die geloof van die totale gemeente daardeur uitgedruk kan word.
- Elke handeling in die erediens moet esteties pas by dit wat wesenlik is vir die erediens. Al die eredienshandelinge moet ook esteties by mekaar inpas, mekaar aanvul en komplementeer.
- Liturgiese kuns is volkskuns. Dit moenie van buite op die erediensdeelnemers afgedwing word nie, maar moet die kultuur van al die deelnemers op outentieke wyse reflekteer. Estetisme is hierin net so 'n groot gevaar as pragmatisme. Hoewel die kuns in die erediens funksioneel moet wees, moet daar steeds diepgang, stylvolheid en 'n bepaalde artistieke bedrewenheid wees.
- In die geval van multikulturele eredienste moet musikale gewaarwording en waardering gestalte kry binne 'n bepaalde etniese en kulturele partikularisme. Vooroordele vanuit 'n Westerse kulturele agtergrond mag nie afgedwing word nie.

- In die kerk moet daar 'n voortdurende soeke wees na 'n inkleding van die erediens wat die dieper misterie van God en die menslike toestand voor Hom sinvol, funksioneel en esteties kan uitdruk.

2.5. Die erediens en kultuur

Die estetika van die erediens hang ten nouste saam met die kultuur waarin dit beslag kry. Ten einde sinvol te kan oordeel oor die estetika asook ander aspekte van die erediens, is dit noodsaaklik dat die besondere samehang tussen erediens en kultuur ondersoek word.

In hierdie verband is dit betekenisvol dat die Griekse woord vir liturgie (λειτουργία) dieselfde wortels as die Latynse woord vir kultuur (*colere*) het, wat dus 'n ryk betekenis het van *gee* en *ontvang* (White, 1990:32; sien ook 2.1 van Hoofstuk 2 hierbo). Reeds hierin is daar 'n aanduiding dat die liturgie nie van sy kulturele bepaaldheid losgemaak kan word nie (Saliers, 1994:154). Die liturgie kry altyd gestalte binne 'n bepaalde historiese en kulturele konteks (Byars, 2002:59; Meyers, 1993:157). Kultuur is die manier waarop die mens probeer sin maak uit die wêreld waarin hy leef. So kan die erediens ook beskou word as 'n soort kultuur op sy eie: die rituele vorms wat in die erediens voorkom is die taal waardeur Christene hulleself en die wêreld om hulle leer ken en verstaan (Lathrop, 1999:164). Volgens Willimon (1983:56) is die erediens die primêre bron waaruit die kerk simbole en metafore vind om sin te maak uit wat gebeur in die wêreld rondom hom. Die liturgie kan en behoort dus te verander volgens kulturele veranderings wat toenemend voorkom (White, 1989:78).

Daar bestaan nie iets soos 'n kultuurlose Christendom nie, soos wat daar ook nie 'n ten volle Christelike kultuur te vinde is nie. Daar moet dus 'n voortdurende wisselwerking wees tussen kultuur en evangelie (Groome, 1994:120). Alle kulturele kontekste het iets om by te dra tot die Christelike erediens (sien Saliers, 1994:169). Die plaaslike kultuur word egter nie gewoon sonder verandering in die liturgie geabsorbeer nie. Wat in die erediens gebeur is terselfdertyd ook 'n kritiese evaluering om seker te maak dat dit wat vanuit die sekulêre kultuur oorgeneem word in die liturgie, inpas by wat God daarmee beoog (Saliers, 1994:170).

Dit is noodsaaklik dat die liturgie verstaan moet word binne die konteks van die betrokke kultuur waarin dit beslag kry. So moet dit wat in die Bybel oor die liturgie geleer word, ook ondersoek word met in agneming van die bepaalde kultuur en tydvak waarin dit opgeteken is. Die beginsels van die liturgie wat in die Bybel opgeteken is, het beslag gekry binne 'n bepaalde kultuur – dié van die Bybel in die tyd van die Ou en Nuwe

Testament (Byars, 2002:121). Om die werklike beginsels daarvan uit te lig, is dit nodig om eers die sosio-kulturele raamwerk waarbinne dit gegiet is, deeglik te ontleed en te verstaan. So kan verseker word dat Bybelse liturgiese beginsels oorgeneem word en nie bloot kulturele goedere van 'n bepaalde kultuur van daardie tyd nie.

Elke kultuur het sekere simbole en gebruike wat iets spesifiek in daardie kultuur uitdruk. Wanneer dit met 'n Bybelse inhoud gevul word, kan dit bruikbaar wees vir die erediens (Lathrop, 1999:200). Dit is funksioneel en noodsaaklik, omdat die deelnemers aan die erediens kan identifiseer met die elemente daarvan, omrede dit vir hulle bekende kulturele goedere is. Plaaslike kultuurgoedere kan hervorm word vir gebruik in die erediens, mits dit nie só sterk met 'n ander wêreldbeskouing geassosieer word dat dit die risiko loop om die Christelike geloof te verdraai nie (Byars, 2002:15). Die gevaar waarteen gewaak moet word is egter dat die kultuur die liturgie oorheers en inherente waardes op die liturgie afforseer. So waarsku Spinks (1993:49) tereg dat die liturgie nie bloot 'n godsdienstige glos op die ontwikkeling van 'n bepaalde kultuur mag wees nie. Die liturgie se taak is nie om die kultuur te dien nie: die kultuur moet die liturgie tot diens wees.

Maynard-Reid (2000:20-23) toon aan hoe die erediens in die Bybel telkens gevorm is deur die kulturele konteks waarin die verbondsvolk hulle bevind het. Toe die erediens in Israel 'n korporatiewe karakter begin kry, is hulle bestaande kultuurgoedere inherent deel gemaak van hulle aanbidding. Israel het heelwat kulturele goedere met hulle bure gedeel, maar dit het weldra 'n unieke kultiese inhoud gekry, met God in die sentrum. Met die ballingskap in Babel, het die tempel plek gemaak vir die sinagoge. Omdat die omstandighede verander het, het die erediens 'n nuwe vorm aangeneem. In die sinagoge, wat ook die godsdienstige, opvoedkundige en sosiale sentrum van die Joodse volkslewe geword het, is 'n eredienspatroon gevestig waarin die uitleg van die Skrif, gebed en die voordra van Deut. 6:4 asook sekere van die Psalms prominent was.

In die Nuwe Testament is die gegewens oor die inrigting van die erediens redelik fragmentaries. Beskikbare gegewens dui daarop dat, hoewel die Christelike erediens duidelik voortgevloei het uit die (merendeels Ou Testamentiese) Joodse erediens, dit tog merkbaar daarvan verskil het. Daar is in huise bymekaar gekom, die gemeenskaplike maaltye is geniet en die κοινωνία onder mekaar is versterk. Wat verder duidelik is, is dat daar in dié tyd toenemend gelowiges van verskillende kulturele agtergronde tot geloof gekom het en lidmate van die kerk geword het. Kulturele pluralisme was dus in talle van

die eerste gemeentes aan die orde van die dag en dit is nie moeilik om af te lei dat dit 'n redelike mate van spanning gebring het oor die inkleding van die erediens nie.

Volgens White (1990:40-42) het daar binne die Roomse en Grieks-Ortodokse kerk sewe verskillende liturgiese families ontstaan, elk binne 'n bepaalde geografiese omgewing. Aleksandrië, Wes-Sirië, Armenië, Oos-Sirië, Klein-Asië, Konstantinopel en Gallië was elk vir die ontstaan van 'n onderskeibare liturgiese familie verantwoordelik. Dit kan met redelike sekerheid aangeneem word dat bepaalde kulturele vorme en uitdrukkings uit elke streek ook in elke bepaalde liturgie gestalte gevind het.

Van die begin van die Reformasie af het dit duidelik geword dat daar verskillende liturgiese tradisies sou ontstaan binne die Protestantse kerkfamilie. Diversiteit het 'n kenmerkende eienskap geword. Volgens White (1989:58) moet diversiteit egter nie negatief beskou word nie. Diversiteit is juis die rykdom van die Protestantse liturgie. Dit is diversiteit wat die Protestantse kerkfamilie in staat stel om 'n wye verskeidenheid mense, vanuit 'n wye verskeidenheid kulturele groeperinge, te bereik. Binne die breë Protestantse kerkfamilie het nege verskillende tradisies ontstaan: die Anabaptiste, Gereformeerde, Anglikaanse en Lutherse tradisies het in die sestiende eeu ontstaan. Die Kwakers en Puriteine kom uit die sewentiende eeu, die Metodiste stam uit die agtiende eeu, die "*Frontier*" -tradisie uit die negentiende eeu en die "*Pentecostal*" -tradisie uit die twintigste eeu. Elk van hierdie tradisies het 'n eie styl ontwikkel. Volgens Saliers (1994:166) lei kulturele styl tot liturgiese styl. Daarom kan afgelei word dat elk van hierdie liturgiese tradisies op grond van eie kulturele vorms en uitdrukkings ontstaan het.

Volgens Maynard-Reid (2000:40) was die groot vraag vir die kerk deur die eeue en is dit steeds: hoe kan die erediens kultureel relevant gehou word, terwyl dit steeds bo alles God- en Christus gesentreerd moet bly? Hiervoor is dit essensieel om te onderskei tussen dit wat histories en kultureel bepaald is en wat onontbeerlik en onveranderbaar in die erediens is (Maynard-Reid, 2000:41).

2.5.1. Konklusie oor die erediens en kultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die erediens en kultuur:

- Die liturgie kan nie van sy kulturele bepaaldheid losgemaak word nie. Dit kry altyd gestalte binne 'n bepaalde kulturele konteks en daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen kultuur en liturgie.
- Dit is noodsaaklik dat die erediens verstaan word binne die konteks van die kultuur waarin dit beslag kry.

- Simbole en gebruike van 'n bepaalde kultuur kan bruikbaar wees vir die erediens, mits dit nie die Christelike geloof verdraai nie. Die liturgie is nie bloot maar 'n godsdienstige glos op die ontwikkeling van 'n bepaalde kultuur nie. Die kultuur moet altyd die liturgie tot diens wees.
- Oor eeue is die liturgie deurentyd gevorm deur die kulturele konteks op 'n gegewe tydstip. 'n Verskeidenheid van kulture het gelei tot 'n veelheid van liturgiese tradisies.
- Die uitdaging vir die kerk is om die erediens kultureel relevant te hou terwyl dit steeds God- en Christus gesentreerd bly. Hiervoor is dit essensieel om te kan onderskei tussen dit wat histories en kultureel bepaald is en dit wat onontbeerlik en onveranderbaar is in die erediens.

2.6. Die erediens in 'n multikulturele konteks

Die erediens kry beslag binne 'n bepaalde kultuur. Alle kulture is egter nie dieselfde nie en kontak tussen mense van verskillende kulture kom toenemend voor. Die twintigste eeu staan nie verniet bekend as die eeu van die ekumene nie (Van der Walt, 1986:193). In 'n wêreld waar kulturele isolasie al hoe minder voorkom en mense van verskillende kulture op allerhande maniere intiem met mekaar kennis maak, gebeur dit toenemend dat mense van verskillende kulturele agtergronde as gelowiges saamkom in die erediens. Omdat die plek waar die kulturele interaksie plaasvind in 'n groot mate die riglyne vir elkeen se optrede daarin bepaal (en mense by 'n sportstadion bv. anders teenoor mekaar optree as by 'n kerkgebou) (Rubin & Stewart, 1998:25), spreek dit vanself dat kulturele interaksie in die erediens eiesoortig sal wees. Die aard en wese van die erediens vereis dat mense vanuit verskillende kulturele agtergronde op 'n sekere manier teenoor mekaar optree wanneer hulle saamkom om te aanbid.

Muli-kulturaliteit is nie iets wat teengewerk of geneutraliseer moet word nie. In die Nuwe Testamentiese konteks is multikulturaliteit tekenend van die nuwe volk wat God vir Homself vergader uit alle stamme, tale en nasies. Gaede (1993:63) gaan selfs so ver om te beweer dat alleen 'n multikulturele kerk ware kerk kan wees. Volgens Moeller (1998:143) gaan God se grootheid en almag ver uit bo enige spesifieke vorm van liturgie. Hy kan nie vasgepen word in 'n enkele tipe erediens nie. Hy kan ook nie beperk word om alleen op een bepaalde manier (vanuit een bepaalde kulturele agtergrond) 'n verhouding met lidmate van sy kerk te hê nie. Diversiteit is 'n gegewe binne die kerk. Daarom is daar nie in die Bybel spesifieke detail voorskrifte vir die inrigting van die erediens nie (Moeller, 1998:143). Daar is 'n wye verskeidenheid tale, liturgiese vorme, style, kleredrag kodes, musiek en ander kunsvorme waarmee God vandag aanbid word (sien Experiencing

worship, 2001b). Die Bybel skryf nie 'n monolitiese vorm of taal voor vir die erediens nie. Kulturele diversiteit word erken en elkeen word die ruimte gegun om homself liturgies uit te druk (Maynard-Reid, 2000:19, 45).

Dit is dus voor-die-hand-liggend dat multikulturaliteit verskeie kwessies rondom die erediens laat ontstaan, wat elk aandag nodig het. 'n Paar van hierdie kwessies word vervolgens ondersoek.

2.6.1. Kommunikasie in 'n multikulturele erediens

Die erediens is 'n dialogiese gebeure (sien 2.1.6 hierbo). In die erediens is kommunikasie dus van die uiterste belang. Alle deelnemers moet kan verstaan waaroor dit gaan en wat gekommunikeer word. Wanneer die erediensdeelnemers nie almal uit dieselfde kulturele agtergrond kom nie, skep dit bepaalde probleme. Die credo, kode en kultus van die Christelike geloof gaan nie transendent bo die realiteit van kultuur uit nie. Om aan te neem dat een bepaalde kultuur regoor die wêreld geld vir die kerk van die Here is ver van die waarheid verwyderd en hou ook geen blywende resultate in vir die missionêre kerk nie. Kontekstualisering van die evangelie is uiters belangrik (Roxburgh, 1993:65-73) vir almal wat deelneem aan die erediens.

Iemand vanuit 'n ander kultuur kan nie bloot die taal wat in die erediens gebruik word aanleer, met die hoop dat die evangelie só aan hom oorgedra sal word nie (Gittins, 1989:67). Die evangelie moet eers losgemaak word uit die kulturele bepaaldheid van die eie taal voordat dit oorgedra kan word in die taal van die ander kultuur, vanuit die oorspronklike tale van die Bybel self. Om die werklike, diep waarheid van die evangelie te kan verstaan, is dit dus nodig om eers die kulturele lae daarvan af te skil, ten einde so by die kern daarvan uit te kom (Groome, 1994:123). Eers dan kan die persoon uit die ander kultuur met werklike begrip en insig die evangelie aanneem en sy eie maak. Dit spreek vanself dat dit 'n omvattende en verreikende proses is.

In hierdie proses is hermeneutiek van uiterste belang. Volgens Groome (1994:126-129) is 'n voortdurende herinterpretasie van die teks nodig, asook 'n herhaalde toepassing daarvan in die eie kultuur. In elke afsonderlike kultuur sal daar altyd 'n unieke element wees waarmee gewerk moet word. Iemand vanuit 'n ander kultuur moet dus altyd gelei en aangemoedig word om binne sy eie kultuur uitdrukking te gee aan die waarhede van die evangelie.

2.6.2. Aanpassing en vernuwing

Omdat kulture deurentyd besig is om te ontwikkel en te verander, verander die lewensuitkyk van mense binne elke kultuur daarmee saam (Roxburgh, 1993:73). Selfs binne 'n bepaalde kulturele groep is dit dus dikwels so dat sommige lidmate voortdurende verandering en opwinding in die erediens soek, terwyl ander eerder konstante stabiliteit wil hê (Moeller, 1998:142). Sommiges soek na 'n meer formele benadering in die erediens, terwyl ander 'n meer informele benadering wil hê. Vir sommiges staan 'n reflektiewe, peinsende inslag voorop, terwyl ander 'n meer aktiewe inkleding van die erediens verkies (Corbitt, 1998:69-70). Elkeen se eie soort spiritualiteit, begrip van die erediens en belewing van sy/haar eie kultuur is bepalend vir hoe hy/sy die erediens wil inklee (Corbitt, 1998:79). Gevolglik is dit belangrik dat die inrig van die erediens voortdurend aangepas en vernuwe sal word, om steeds kontekstueel te bly vir elkeen wat daaraan deel het (sien Bosch, 1991:456), ongeag sy kulturele afkoms. Volgens Spinks (1993:42) is dit nie sonder rede dat daar tans 'n groei is juis in kerke waar eredienste spesifiek op bepaalde groepe of sub-kulture gerig word nie.

In hierdie proses het meerderwaardigheid geen plek nie. Volgens Mastra (1981:260) dien die kruistogte as tragiese voorbeelde van pogings om die Christelike geloof binne die Westerse kultuur as meerderwaardig te bewys. Die Christelike geloof is hierdeur oneindige skade berokken. Volgens Gaede (1993:65-71) is liefde die sleutel tot versoening en eenheid in 'n multikulturele erediens. Liefde behels dat mede-lidmate uit verskillende kulturele agtergronde in liefde geakkommodeer word. Dieselfde liefde wat Christus geopenbaar het toe Hy die grense van kulturele verwyderdheid oorgesteek het, moet in die kerk na vore kom. Indien dit nie ook in die eredienste reflekteer nie, kom daar misverstand, onkunde en 'n valse beeld van die kerk (Gaede, 1993:65).

Die Lutheran World Federation (1996) wys op die belangrikheid dat die erediens transkultureel is (met ander woorde dat dieselfde inhoud vir almal orals geld, afgesien van die kulturele agtergrond van die erediens), kontekstueel is (dus bepaal word deur die plaaslike natuurlike en kulturele situasie), kontra-kultureel is (dit wat nie inpas by die evangelie nie aanspreek) en kruis-kultureel is (met ander woorde dit moontlik maak om sekere elemente onderling tussen verskillende plaaslike kulture te deel). In die gelowiges se verstaan van eredienste en die erediensbelewing van mense uit ander kulture, is dit dus van groot waarde om kulturele en etniese faktore deeglik te verreken (White, 1990:37) en sensitief daarvoor te wees in alles.

2.6.3. Inkulturasie

Wanneer die evangelie van Jesus Christus die lewe van mense bereik wat in totaal ander kulturele omstandighede leef as wat in Palestina van die eerste eeu gegeld het (Gittins, 1989:x) en dit uiteindelik binne hulle eie kultuur gestalte kry (Greinacher & Mette, 1994:viii), vind die proses plaas wat bekend staan as inkulturasie. Volgens Spinks (1993:43) is inkulturasie iets wat merendeels vanself gebeur. Dit het te doen met die ontmoeting tussen 'n reeds gevormde kulturele weergawe van die evangelie en 'n bepaalde kultuur wat nog nuut is tot die Christendom (Lumbala, 1994:121). Die doel van inkulturasie is primêr om die koms van God se heerskappy op 'n bepaalde tyd, op 'n bepaalde plek (Groome, 1994:120) en binne 'n bepaalde kultuur te bevorder. Hierdie heerskappy van God is niks anders nie as die Ou Testamentiese begrip שָׁלוֹם : vrede, geregtigheid, liefde, vryheid, volheid van lewe en integriteit in God se skepping. Deur die proses van inkulturasie word dus daarop gefokus om hierdie waardes in 'n bepaalde kultuur gestalte te gee.

Inkulturasie behels dat vertroud geraak word met die reëls van 'n ander kultuur (Gittins, 1989:2). Om 'n ander kultuur te kan verstaan, is dit egter eers nodig om die eie kultuur goed te ondersoek (sien Roxburgh, 1993:8). Daarna moet die ander kultuur net so fyn ondersoek word om te bepaal wat die patroon van denke is en watter verwysingsraamwerk gebruik word. Dan eers kan die boodskap wat gebring word, gekontekstualiseer word (Gittins, 1989:7-9).

Vir die ontvangers van die evangelieboodskap is dit net so belangrik dat hulle eie lewenservaring en sosiale konteks direk geraak word – afgesien van die spesifieke kulturele agtergrond wat hulle het. In 1 Kor. 14:11 wys Paulus op wat gebeur wanneer 'n vreemdeling in die erediens probeer kommunikeer met iemand wat nie van dieselfde land as hy afskomstig is nie. So 'n iemand se taal is heeltemal vreemd en onverstaanbaar en kommunikasie is nie moontlik nie. Omdat dit belangrik is dat elkeen in die erediens moet kan verstaan en deelneem, moet spreek in tale op so 'n wyse gedoen word dat dit vir almal verstaanbaar is en al die deelnemers aan die erediens opbou (Grosheide, 1957: 361).

Wanneer die verkondiging van die evangelie gepaard gaan met die oordrag van 'n vreemde kultuur, gebeur dit dikwels dat daar innerlike konflik ontstaan by die ontvangers daarvan. Hulle ondersoek hulle eie kultuur en inheemse maniere van aanbidding en probeer dit wat bots met die evangelie uitskakel (Jacobs, 1981:140-141; Lumbala, 1994:121). In die geval van kontak tussen Westerse sendelinge en mense uit 'n

tradisionele Afrikakultuur, word byvoorbeeld die gebruik van dromme dikwels bestempel as 'n onaanvaarbare element in die kultuur en aanbidding, omdat daaraan soveel sekulêre en heidense betekenis gekoppel kan word (Jacobs, 1981:141). In sekere gevalle word selfs van die bekeerlinge verwag om openlik te wys dat hulle nie meer deel het aan die "onaanvaarbare elemente" van hulle eie kultuur nie. Selfs nuwe (Bybelse) name word aan hulle gegee (Jacobs, 1981:142; sien ook Maynard-Reid, 2000:16).

Wanneer die kerk op hierdie wyse met mense uit ander kulture omgaan, is dit niks anders nie as kulturele imperialisme (Saliers, 1994:194). Die kern van hierdie probleem lê in die etnosentristiese benadering wat gevolg word, waar die eie kultuur in die middelpunt geplaas word en die ander kultuur op grond daarvan beoordeel word. Dit spruit voort uit die gedagte dat die eie kultuur noodwendig beter is as die ander, en bring 'n veelheid van probleme, misverstande en konflik mee (Collet,1994:30). Volgens Mastra (1981:259) was dit aanvanklik ook so in die vroeë kerk, totdat die apostels by die groot vergadering in Jerusalem besef het dat gelowiges uit ander kulture nie gebind mag word aan spesifieke Joodse gebruike en kulturele uitinge, (sien Hand. 15:19), en ook nie daarvolgens veroordeel mag word nie. Neill (1981:3) wys daarop dat Jesus hierin self die voorbeeld gestel het toe Hy sekere elemente van die Joodse kultuur afgeskaf het: die seremoniële wette rondom die rein en onrein diere, die besnydenis, die wette rondom die offers, ensomeer. Volgens Collet (1994:29) moet inkulturasie op so 'n wyse plaasvind dat elkeen steeds kan glo in die waardes van sy eie kultuur, in sovêrre dit ooreenstem met dié van die evangelie.

Wanneer verskillende kultuurgroepe saam aanbid, is dit belangrik dat almal mekaar verryk en opbou juis met die verskille wat daar tussen die kulture bestaan (Collet, 1994:30). Deur meelewing, vertroue, vergifnis en genade moet gepoog word om goeie verhoudings tussen die erediensdeelnemers te bou (Grit, 2004). Wanneer daar eenheid is binne 'n versoende diversiteit, is dit volgens Bosch (1991:457) moontlik dat gesprekvoering oor verskillende uitgangspunte konstruktiewe spanning voortbring, waaruit iets positief gebore kan word. Wanneer die evangelie binne 'n nuwe kultuur gestalte kry, is daar volgens Lumbala (1994:122) ook altyd die geleentheid vir verryking en nuwe perspektiewe, tot voordeel en opbou van die kerk.

Tog waarsku Bosch (1991:455) tereg teen 'n totaal onkritiese omgaan met mekaar se kultuurgoedere. 'n Kulturele romantisisme is nie alleen ongesond nie, maar ook onbybels. Die opdrag en uitdaging vir die kerk is om die positiewe spirituele en morele elemente, asook positiewe waardes van ander kulture te identifiseer (Groome, 1994:124) en uit te

bou. Die elemente wat onbybels is, moet egter tot alle prys vermy en uitgeskakel word. Een van die belangrike aspekte waarteen veral gewaak moet word, is die oorneem van sekere elemente uit 'n vreemde kultuur sonder om die totale filosofiese konsepsie waarbinne dit voorkom, krities te ontleed (Van der Walt, 1986:106). Die kerk moet die vermoë ontwikkel om fyn te kan luister en waar te neem, sodat hy die makrokonteks waarbinne hy leef, kan identifiseer en verstaan (Corbitt, 1998:70). Eers daarna kan hy begin om die evangelie kontekstueel gestalte te gee. Inkulturasie is daarom iets wat nooit afgehandel kan word nie. Dit is 'n aanhoudende proses, en dit bly tentatiewe werk (Bosch, 1991455).

In 'n poging om die innerlike konflik wat hulle ervaar te probeer oplos, kom dit dikwels voor dat iemand wat uit 'n vreemde kultuur by die kerk aansluit, poog om die nuwe aangeleerde kultuur te probeer integreer met die oue. Op hierdie stadium is die fokus eerder op die vermenging van die twee kulture as op die verwydering van ongewenste en onbybelse elemente uit die eie kultuur (Lumbala, 1994:121). Volgens Jacobs (1981:142) blyk die gevaar van sinkretisme op hierdie stadium van die inkulturasieproses redelik hoog te wees (Jacobs, 1981:142).

Sinkretisme bly egter moeilik om te definieer of te bepaal (sien Schroer, 1994:3-4). Selfs Israel van die Ou Testament, asook die eerste kerke van die Nuwe Testament het 'n proses van inkulturasie - en daarmee saam 'n mate van sinkretisme - ondergaan, toe hulle in noue kontak gekom het met ander kulture om hulle. Die vroeë Christene kon hulleself volgens Van der Walt (1986:102-105) byvoorbeeld nie summier uit die oorheersende kultuur van die dag (die Grieks-Romeinse kultuur) onttrek nie. Hulle moes op 'n manier daarvan deel word, anders sou dit nie moontlik gewees het om die boodskap van Christus te verkondig nie. Sou hulle bloot afwysend teenoor die heersende kultuur van die dag gestaan het, het hulle hulleself in die oë van die ongelowiges gediskwalifiseer. Hulle sou nie as volwaardige gespreksgenote aanvaar word nie, maar eerder uitgesluit word en só geen impak hê met hulle verkondiging van die evangelie nie. Om suksesvol te kon wees in die verkondiging van die evangelie, moes daar dus iets van 'n "sinkretisme" toegelaat word – al was dit dan net om 'n aanvanklike aanknopingspunt te kry waarvandaan verder gewerk kon word. Die totale filosofiese konsepsie agter hierdie aanknopingspunte is egter verander en omvorm om 'n Bybelse inhoud te dra.

Die vroeë Christene moes derhalwe leer om kontak te maak met mense uit die heersende kultuur, sonder om van meet af aan te antagoniseer en te oordeel. Hierdie proses in die vroeë kerk was nie sonder foute nie. Omdat die kerk geleef het binne die

konteks van die Grieks-Romeinse kultuur wat 'n goed gevestigde kultuur was, met gevestigde filosofiese denkraamwerke, was dit moeilik om die evangelie hierbinne te kontekstualiseer (Van der Walt, 1986:105). Dit is dus duidelik dat kontak oor kultuurgrense heen, ten einde die evangelie te verkondig, 'n uiters komplekse en riskante proses is en bly.

Wanneer iemand vanuit 'n vreemde kultuur lank genoeg deel is van 'n proses waartydens die evangelie binne 'n nuwe kultuur aan hom oorgedra word, is daar uiteindelik 'n poging om 'n nuwe kulturele identiteit te vestig. Nuwe kulturele simbole word toenemend gebruik, sodat daar 'n duidelike onderskeid met die ou kultuur kan wees. Tydens hierdie fase word die nuwe kultuur iets soos 'n subkultuur terwyl die nuwe bekeerling gewoond raak aan die nuwe kultuur waarin hy voortaan gaan lewe (Jacobs, 1981:143). Volgens Lumbala (1994:121) word tydens hierdie fase aanbeweeg na nuwe en getransformeerde moontlikhede vir beide kultuur en evangelie.

Die gevaar bestaan dat Christene probeer om die beeld van die heersende kultuur uit te dra en nie die beeld van God nie (Corbitt, 1998:166). Die teenoorgestelde moet gebeur: in en deur die erediens moet dit telkens Christus wees wat die kultuur transformeer (Spinks, 1993:44). Die uitdaging is om die evangelie só uit te dra dat die geldigheid van die ander kulture nie in die gedrang kom nie (Keteyi, 1998:34). Die gedagte wat by talle sendelinge geleef het (en moontlik vandag steeds leef) dat die "heidense volke" deurtrek is met sonde en heidense praktyke en dat die lig van die (Westerse) evangelie nodig is om hierdie kulture uit hulle duistere bestaan te verlos, is volgens Groome (1994:123) iets wat op verskillende maniere reeds groot skade in die koninkryk van God veroorsaak het. Daarteen moet ernstig gewaak en gewerk word.

Die proses van inkulturasie word bemoeilik deurdat relativisme en modernisasie vandag grootliks toeneem. Tesame met die effek wat die ontwikkeling van veral die kommunikasietegnologie op die hedendaagse mens het, is dit toenemend moeilik om die erediens in te rig dat dit, steeds volgens Bybels beginsels, kontekstueel is vir elke erediensdeelnemer en relevant is vir die huidige tydsgewrig. In Frankryk en Switserland het Calvyn tydens die Reformasie begin om teologiese en etiese toerusting in die erediens in te bou. Daar is sterk fokus op aspekte soos bekering, selfondersoek, skuldbelydenis en gebed om sondevergifnis. Dit het grootliks bygedra tot die intellektuele of rasionele karakter van die gereformeerde erediens, wat vandag nog sigbaar is (White, 1989:60-65).

Die hedendaagse mens (veral in die Westerse kultuur) het egter gewoond geraak aan 'n ander uitkyk op die lewe. As gevolg van die spoed waarmee die kommunikasietegnologie deesdae werk, val die klem op spoed en vinnige antwoorde en oplossings vir probleme. Dit bring 'n sterk element van ongeduld by sommige lidmate in die erediens: hulle aandagspan verkort, hulle wil vinnige resultate hê en word eerder aangespreek deur beelde as woorde. Verder is daar ook diegene wat soek na die vermaaklikheidswaarde in alles wat vir hulle aangebied word en dit toenemend ook verwag in die erediens (Byars, 2002:12). Vir die sterk rasionele aard van die gereformeerde erediens is daar by sulke lidmate nie groot waardering nie.

Die kerk moet versigtig wees om nie sy rug totaal te draai op kontemporêre kulturele uitdrukkings nie. Dit kan daartoe lei dat die erediens elitisties word en ontoeganklik raak vir groot getalle mense (Byars, 2002:3). Daarteeenoor moet die kerk ook versigtig wees om nie slaafs aan alle kontemporêre behoeftes te wil voldoen nie. Dieselfde beginsel behoort te geld in die geval van verskillende behoeftes van gelowiges uit verskillende kulture wat in dieselfde erediens aanbid. In hierdie proses moet die kerk hom laat lei deur God self (Pfatteicher, 1997:253), in en deur sy Woord en Gees. Daar mag nie 'n antroposentriese benadering hierin wees nie (Byars, 2002:27).

Sou dit nodig blyk te wees om verandering en vernuwing in die erediens aan te bring, noem Lathrop (1999:203) 'n paar belangrike beginsels waarvolgens veranderings in die liturgie beoordeel kan word. Hierdie beginsels kan gebruik word as breë riglyne wanneer oor nuwe simbole in 'n multikulturele erediens besluit moet word:

- Nuwe simbole waarop besluit word moet bekend wees in die betrokke kultuur/kulture en wye aanklank vind by almal.
- Dit moet ooreenkom met die Bybelse leer van skepping, sonde en regverdiging in Christus en op 'n waardige manier vir die verkondiging hiervan bruikbaar wees.
- Dit moet die beste beskikbare simbole wees om God se genade en verlossing te belig, soos Hy dit in die Woord leer.
- Dit moet die sentrale tekens van Woord en sakrament moet duidelik kan uitlig en ondersteun.

2.6.4. Konklusie oor die erediens in 'n multikulturele konteks

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die erediens in 'n multikulturele konteks:

- Dit gebeur toenemend dat mense van verskillende kulturele agtergronde as gelowiges vergader in die erediens. Kulturele interaksie in die erediens is egter eiesoortig en moet anders hanteer word as in ander samelewingsverbande.
- Diversiteit in die kerk is 'n gegewe. Die Bybel skryf geen monolitiese taal of aanbiddingsvorm voor nie, erken diversiteit en laat ruimte toe sodat elke erediensdeelnemer homself met bekende simbole kan uitdruk in die erediens.
- Multikulturaliteit in die erediens skep bepaalde kommunikasieprobleme. Kontekstualisering is hier van groot belang. Die evangelie moet eers losgemaak word van sy eie kulturele bepaaldheid voordat dit oorgedra kan word in 'n ander kultuur. Dit is 'n omvattende en verreikende proses, waarin hermeneutiek 'n belangrike rol speel.
- Multikulturaliteit bring noodwendig verandering in die erediens. Kulture verander gereeld en dit is belangrik dat die erediens só ingeklee sal word dat dit relevant en kontekstueel bly vir elke deelnemer daaraan. Dit is alleen moontlik wanneer lidmate mekaar in liefde akkommodeer, ten spyte van verskillende kulturele agtergronde.
- Die erediens is transkultureel, kontekstueel, kontra-kultureel en kruis-kultureel.
- Inkulturasie vind plaas wanneer die evangelie, vanuit 'n eie kulturele konteks, oorgedra word en beslag kry in 'n totaal ander kultuur. Dit behels dat vertroud geraak moet word met die reëls van 'n ander kultuur. Uiteindelik moet die evangelie ook vir diegene vanuit 'n ander kulturele agtergrond verstaanbaar en kontekstueel wees.
- Wanneer die oordrag van die evangelie gepaard gaan met die oordrag van 'n vreemde kultuur, bring dit konflik en krisis by die ontvanger. Indien dit nie sensitief hanteer word nie, kan dit lei tot kulturele imperialisme wat die kerk al groot skade berokken het. Inkulturasie moet só plaasvind dat elke nuwe bekeerling steeds kan identifiseer met en vashou aan sy eie kultuurgoedere, in sovêrre dit ooreenkom met die riglyne in die Woord van God.
- Multikulturaliteit in die erediens kan verrykend en opbouend wees. Daar moet egter gewaak word teen 'n onkritiese omgaan met mekaar se kultuurgoedere. Die totale filosofiese konsepsie van elke kultuurelement moet deeglik ontleed word, sodat onbybelse elemente geïdentifiseer en verwerp kan word. Sinkretisme kan 'n gevaar wees indien sekere skadelike kultuurelemente sonder meer toegelaat word.
- Relativisme en modernisasie bemoeilik inkulturasie. Dit is toenemend problematies vir die kerk van vandag om die erediens so in te rig dat dit

kontekstueel vir elke deelnemer en relevant vir die huidige tydsgewrig is. Die geweldige uitbreidings in die kommunikasietegnologie maak dit vir die hedendaagse mens moeilik om aanklank te vind by die serebrale aard van die gereformeerde erediens.

- Die kerk moet versigtig wees om nie in die erediens te probeer voldoen aan alle kontemporêre behoeftes nie. Daar moet egter ook nie 'n elitisme in die erediens posvat nie. 'n Fyn balans moet gehandhaaf word tussen die verskillende behoeftes van lidmate – veral in die geval van lidmate uit verskillende kulturele agtergronde.
- Nuwe simbole in die erediens moet aan die volgende vereistes voldoen: dit moet wye aanklank vind by almal, die verkondiging van die evangelie op waardige wyse kan dra, die beste bruikbare simbole wees en die Woord en sakramente duidelik uitlig en ondersteun.

2.7. Samevattende konklusie oor 'n Bybelse raamwerk vir die erediens

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor 'n Bybelse raamwerk vir die erediens:

- Die erediens is die amptelike samekoms van God drie-enig met sy kerk. Dit is 'n ordelike gebeure waarin dialoog tussen God en sy kerk en sy kerk onderling tot stand kom en waarin die kerk bepaalde offers aan God bring. Die erediens is 'n pastorale gebeure waar die versoening met God en mekaar gestalte kry en ook 'n missionêre gebeure waar in dialoog met die wêreld getree word.
- Die inkleding van die erediens het ten doel om gestalte te gee aan die aard en wese daarvan.
- Omdat die kerk onder groeiende druk is om te probeer relevant bly vir die huidige tyd, is daar voortdurende verandering in die inkleding van die erediens. Verandering moet goed deurdag wees en volgens Bybelse beginsels gedoen word, met die uiteindelike doel dat lidmate in staat gestel word om met groter toewyding te kan deelneem aan die erediens. Solank die basiese Bybelse beginsels oor die liturgie hierin nagekom word, kan en behoort verandering te lei tot verdieping en 'n nuwe dimensie in die erediens.
- Die erediens vereis 'n eiesoortige estetika, wat 'n vergestalting is van gehoorsame navolging, getrouheid en toewyding aan God. Hoewel estetiese kwaliteit onontbeerlik is, mag dit nie lei tot estetisme nie. Diepgang, stylvolheid en artistieke bedrewenheid is belangrik, maar mag nie die funksionaliteit of

relevansie verdring nie. In 'n multikulturele erediens moet rekening gehou word met etniese en kulturele voorkeure en uitgangspunte van alle lidmate.

- Omdat die liturgie bepaal word deur kultuur, is dit noodsaaklik dat die erediens verstaan word binne die kulturele konteks waarin die beslag kry. Kultuur moet altyd die liturgie tot diens wees. Die uitdaging vir die kerk is om die erediens kultureel relevant te hou, terwyl die steeds Godgesentreerd bly.
- Multikulturaliteit is iets waarmee die kerk toenemend te doen sal hê. In die erediens skep dit bepaalde kommunikasieprobleme indien daar nie goed rekening gehou word met kontekstualisering en hermeneutiek nie. Inkulturasie is ook problematies indien onkrities met mekaar se kultuurgoedere omgegaan word en die gevaar van sinkretisme misgekyk word. Relativisme en modernisasie vererger die problematiek van die kerk hierin. Wanneer gesoek word na nuwe simbole vir 'n multikulturele erediens, moet 'n fyn balans gehandhaaf word tussen verskillende behoeftes van lidmate uit verskillende kulture. Inkulturasie moet in alle gevalle so plaasvind dat elkeen steeds kan identifiseer met en vashou aan sy eie kultuurgoedere, in sovêrre dit ooreenkom met die riglyne in die Woord van God.

3. Die gereformeerde kerklied

Wanneer die kerklied in die gereformeerde erediens aan die orde kom, gee dit by uitstek geleentheid vir die gemeente om gesamentlik en aktief deel te neem aan die gebeure in die erediens. As sodanig is dit van groot belang dat die kerklied nie alleen sal voldoen aan Bybelse vereistes daarvoor nie, maar ook funksioneel en gepas sal wees om as gesamentlike uiting van die gemeente te dien.

Die doel van hierdie studie is om die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika te ondersoek. Alvorens spesifiek op die kerklied gefokus word, is dit nodig om eers 'n ondersoek te doen na die breë konteks waarbinne die kerklied in die erediens gestalte kry. Aspekte soos die gebruik van musiek in die kerk oor die algemeen, musiekinstrumente, dans en die aanwending van verskillende musiekgawes in die erediens is belangrik om 'n regte perspektief op die kerklied te hê.

Vervolgens word eers die breë konteks van die kerklied nader ondersoek, waarna spesifiek op die kerklied en sekere aspekte daarvan gefokus word.

3.1. Musiek en die kerk

Alle mense het 'n behoefte aan estetiese uitdrukking en belewing (Corbitt, 1998:159). Vir die filosoof Otto (aangehaal in Malan, 2005:1) is die estetiese die naaste aan die bykans onbeskryfbare basiese religieuse ervaring wat tussen 'n soort vrees en fassinering beweeg. Die kerk het dit besef en die kunste word al vir eeue lank ingespan om heiligheid, verering en ikonisiteit te versinnebeeld. Allerlei tipes kuns is oor eeue 'n plek in die erediens gegee.

Elke gemeenskap het die behoefte om simbole te skep waarmee sy belewing van die wêreld uitgedruk kan word (Barker-Reineke, 2000:140). Sedert die vroegste tye word musiek gebruik as 'n besondere vorm van kuns waarmee die mens vir homself en sy gemeenskap simbole skep. Musiekmaak is een van die grondvorms van menslike kommunikasie. Volgens Corbitt (1998:90, 141) is dit die sleutel om die spirituele wêreld te ontsluit en het dit dieselfde funksie as 'n banier wat inspireer en lojaliteit verklaar. Gevolglik is dit in die erediens vir die kerk 'n belangrike medium waarmee hy simbole kan skep vir sy verstaan van die werklikheid in sy omgang met God en sy medemens (sien ook 2.1.2 van Hoofstuk 2 hierbo).

Omdat musiek 'n medium is waardeur meer uitgedruk word as met blote woorde, dien dit volgens Moeller (1998:113-114) as 'n fundamentele medium om gesprek met God en die naaste daar te stel. Musiek is 'n ekspressiewe medium, wat veral sekere emosies effektief uitdruk. Dit het die vermoë om die intensiteit van gevoel uit te druk deur verskille in toonhoogte, tempo, volume, melodie, harmonie en ritme (White, 1990:111). Omdat musiek iets is wat van binne die mens kom, kan elke normale mens dit aanvoel. Dit is die sleutel tot die ontsluiting van die spirituele wêreld wanneer ritme die innerlike wêreld na buite uitdra (Corbitt, 1998:141). Wanneer die kerk in die erediens saamkom, dien musiek dus by uitstek daartoe om die ontmoeting met God en mekaar op 'n dieper vlak te laat plaasvind.

3.2. Musiek in die erediens

Musiek het deur die eeue 'n besondere plek in die erediens gehad. Gegewens in die Ou Testament wys duidelik daarop dat musiek deel was van die alledaagse lewe van die gemeenskap. Wanneer daar hartseer, oorlog en feeste was, is musiek gebruik. Daarom is dit ook gebruik waar God geprys is. In die tempeldiens van die Ou Testament is musiek geïnstitusionaliseer as inherente deel van die erediens (1 Kron. 6:31-33; Neh. 13:10; 2 Kron. 5:13). In die tyd van die Nuwe Testament het veral die vervolging van die Christene daartoe gelei dat ander vorme van musiek ontstaan het. Dit is op kleiner skaal gedoen as

in die tempel, omdat samekomste meestal in kleiner tipes huisgemeentes gehou is. Die professionele musici van die Ou Testament, wat aangestel is om musiek te maak, was ook nie meer daar nie (Corbitt, 1998:320).

In die Middeleeue het 'n situasie mettertyd ontwikkel waar musiek in die kerk aangebied is om na te luister en nie om daaraan mee te doen nie. Die professionele (kerk)kore van daardie tyd het so perfek gesing dat die gewone lidmate te skaam was om self te sing (Moeller, 1998:115). So het musiek in die erediens 'n doel op sigself geword en eerder daartoe bygedra dat lidmate van die erediens vervreem is. In die tyd van die Reformasie is gepoog om die musiek weer diensbaar te maak aan die totale gebeure van die erediens en só die gewone lidmaat aktief te betrek by die erediensgebeure.

Nie alle tipes musiek hoort tuis in die erediens nie. Omdat die erediens 'n unieke geleentheid is waar God en die kerk mekaar amptelik ontmoet, spreek dit vanself dat daar sekere Bybelse voorwaardes is vir die tipe musiek wat in die erediens gebruik word, asook die spesifieke manier waarop dit aangewend word. Elke menslike belewenis wat deur musiek uitgedruk word, het die potensiaal om die mens in kontak te bring met God en die skepping (Moeller, 1998:114). Volgens 2 Korintiërs 5:16-20 dien musiek om God te prys, versoening te bring tussen God en mens asook tussen mense onderling en ook om hierdie boodskap die wêreld in te dra (Corbitt, 1998:40). In die erediens is die primêre voorwaardes vir musiek dat dit altyd moet wys op die onbeskryflike liefde van God, proklameer dat Hy werklik bestaan en lidmate bring tot 'n intieme verhouding met Hom (Moeller, 1998:121) en mekaar. Dit moet aanvul en onderstreep wat in die erediens gebeur (White, 1990:121) en elke deelnemer aan die erediens daarby betrek. Musiek dien volgens Corbitt (1989:43) tot diens (λειτουργία asook διακονία), verkondiging (κήρυγμα), onderwysing (διδαχή), en meelewing (κοινωνία) in die kerk.

Musiek is nie net klank en ritme nie, maar ook stiltes. 'n Mens hoor en voel nie net veranderings wat deur klankgolwe veroorsaak word nie, maar juis ook wanneer die klankgolwe ophou. Stilte is dus ook 'n kragtige medium waardeur die mens gevorm word en op sekere stadiums van die erediens is dit net so belangrik as musiek (Moeller, 1998:114-116).

Die evangelie het betrekking op die totale lewe van die mens. Daarom moet die kerkmusiek in die erediens ook betrekking hê op die totale lewe van die mens. Hier is dus duidelik van verskillende tipes musiek sprake. Dit is net 'n bedrewe liturg met 'n grondige kennis van die musiek, wat die erediens sinvol met musiek kan inklee. Corbitt (1998:39-

41) waarsku tereg dat gewaak moet word teen 'n onoorbrugbare kloof tussen musiek wat in die erediens gebruik word en musiek wat daarbuite voorkom. Daarom kies hy om eerder te praat van "koninkryksmusiek" as van "Christelike musiek." Volgens hom moet die koninkryk van God elke deel van lewe van die mens insluit – juis ook dit wat tradisioneel buite die kerkgebou gevind word. Koninkryksmusiek het die volgende eienskappe:

- dit het 'n definitiewe boodskap: die verlossing van Christus.
- dit het 'n definitiewe doel: om as instrument in God se koninkryk te dien
- dit kan gebruik word in 'n wêreld met 'n veelheid kulture en kerklike style

In die erediens moet musiek altyd ten doel hê om die evangelie te dra en proklameer (Moeller, 1998:115). Woorde, melodie en harmonie moet gepas wees vir gebruik in die erediens. Die beginsel van Filippense 4:8 (Bybel 1983) dien as goeie toets vir die geskiktheid van musiek in die erediens:

> *Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.*

Musiek moet altyd tot diens wees van die totale gebeure in die erediens. Nie alleen die tipe musiek nie, maar ook die gebruik daarvan moet geskik wees vir die erediens. Moeilik singbare liedere kan die verhouding met God blokkeer. So ook begeleiers in die erediens wat met krag, spoed, volume en flambojante spel die aandag van God aftrek (Moeller, 1998:115). Musici in die kerk het daarom 'n belangrike taak om lidmate te ondersteun, toe te rus, en te leer (Moeller, 1998:116) sodat musiek in die erediens optimaal benut kan word tot opbou van almal en tot eer van God.

'n Grondige begrip van die aard en wese van die erediens en beginsels vir musiek daarin is nodig om die erediens sinvol te kan inklee met musiek. In sekere gevalle is dit nodig om musiek te gebruik om God te loof, in ander gevalle is dit nodig vir die proklamasie van die evangelie na buite of vir die pastorale hantering van bepaalde situasies. Die musiek in die erediens moet van so 'n aard wees dat dit die boodskap van die evangelie op eenvoudige en verstaanbare manier aan elke erediensdeelnemer oordra. Die persoon en boodskap van Jesus Christus moet kragtig daarin na vore kom. Ook wanneer gemarginaliseerdes, armes en onderdruktes geleentheid gegee word om hulle geloofsperspektief uit te druk en hulle swaarkry te verwoord, het hulle 'n eiesoortige tipe musiek nodig om hulle te inspireer en versterk (Corbitt, 1998:87).

Kerkmusiek word nie deur almal op dieselfde wyse geëvalueer nie. Sommiges beskou musiek in die erediens as iets funksioneel, terwyl ander dit beskou as iets artistiek. Vir sekere mense is sekere tipes musiek gewyd, terwyl ander dit as sekulêr beskou. Sommiges wil hoogs ontwikkelde musikale vorms in die erediens gebruik, terwyl ander eerder bruikbaarheid as kriterium wil hê. Dit is dikwels problematies om te bepaal watter kriterium om te gebruik (Scheer, 2006). Voorts is dit ook so dat sekulêre musiek en kerkmusiek mekaar wedersyds beïnvloed. Daarby word die kerk voortdurend blootgestel aan die mag van die media waarin kommersiële waarde (ook van musiek) voorop staan. Dit is nie die primêre taak van die kerk om mooi musiek in die erediens daar te stel nie (White, 1990:111). Hoewel mooi musiek uiteraard waarde het vir die erediens, geld hier nie dieselfde standaarde as wat geld vir 'n konsert nie. Musiek in die erediens mag nie bloot goed wees op sigself nie: dit moet goed wees vir die omstandighede waarin dit gebruik word. Die musiek wat gekies word moet inpas by die kultuur en totale situasie van die gemeente.

Elitisme het geen plek by die keuse van musiek vir die erediens nie. Dit gaan nie in die eerste plek oor die nakom van fyn uitgewerkte musikale konvensies nie. Musiek in die erediens is nie iets wat soos in 'n konsert uitgevoer word nie: dit is iets wat aan God gebied word as 'n offerhandeling (sien by 2.1.7 hierbo). Sedert vroeg in die Ou Testament geld die beginsel egter dat net die beste deel van die oes aan God geoffer mag word. Om hierdie rede moet die kerk ten alle tye poog om die beste moontlike musikale uitdrukking aan God te offer. Daarmee saam moet dit met die regte hartsgesindheid gedoen word (Experiencing worship, 2001b). Die doelwit van die erediens moet wees dat God dit wat vir Hom as offer aangebied word (ook die musiek), aangenaam en aanvaarbaar moet vind.

Afskeepwerk ten opsigte van die musiek in die erediens is nie aanvaarbaar nie. Daar is geen plek vir slordigheid of traak-my-nie-agtigheid nie en die kerk mag nie kwaliteit en estetika oorboord gooi nie. Minderwaardigheid het geen plek voor God nie. Eenvoud is ook nie 'n verskoning vir swak gehalte nie. Dit gaan in alles oor die beste wat die gemeente aan Christus kan bied in die erediens (Ottermann, 1993:78). Stylvolle eenvoud moet alles kenmerk (Van der Merwe, 1995:10). Ottermann (1993: 74) se waarskuwing dat musiek in die erediens nie onverskillig benader moet word nie, maar ook nie oorskat moet word nie, is van groot belang. Musiek sonder enige dinamika dui op 'n gebrek aan geestelike groei (Corbitt, 1998:28). Dinamiese musiek wat onvanpas is en 'n ander fokus het as die eer en heiligheid van God breek eerder geloof af as wat dit opbou. Om enige musiek in die erediens toe te laat omdat dit in die daaglikse lewenswandel teëgekom

word, is net so gevaarlik as om te veel vereistes te stel, wat tot gevolg het dat die gemiddelde lidmaat van die musiekidioom in die erediens vervreemd raak. Werklike diep kennis en insig, saam met 'n fyn aanvoeling is hier nodig.

As gevolg van voortdurende kontak met ander kulture, is dit onafwendbaar dat daar ook musikale veranderings in die kerk sal voorkom. Hoewel daar 'n wye verskeidenheid musiek met 'n geestelike inhoud of tema in die omloop is, is alle musiek met 'n geestelike inhoud nie noodwendig geskik vir die erediens nie (Ottermann, 1993:77). Temmingh (1993:19) waarsku nie verniet dat die musiek in die tradisioneel Westerse samelewing, gemeet aan suiwer musikologiese beginsels, tans besig is om erg te vervlak nie. Indien daar nie 'n bewustheid hiervan is en nie hierteen gewaak word nie, loop die kerk die gevaar dat dieselfde vervlakking mettertyd ook in die erediens sal voorkom.

Volgens Corbitt (1998:72) is daar vier voorwaardes vir kerkmusiek:

- dit moet Christus gesentreerd wees
- dit moet deur God beheers word
- dit moet deur die Heilige Gees bemagtig word
- dit moet 'n outentieke uitdrukking van die gemeente wees en tot opbou van die totale gemeente wees

Teen die agtergrond van hierdie kriteria moet elke liturg en kerkraad die verantwoordelikheid neem om met fyn onderskeid en nugterheid te kan evalueer en besluit watter musiek in die erediens gebruik word, sodat dit werklik tot eer van God en tot opbou van die totale gemeente kan dien.

3.2.1. Konklusie oor musiek in die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor musiek in die erediens:

- Musiek het oor die eeue 'n besondere plek in die erediens gehad. Nie alle tipes musiek of gebruik daarvan hoort egter tuis in die erediens nie. Daar is bepaalde Bybelse voorwaades waaraan voldoen moet word.
- Primêre voorwaardes vir musiek in die erediens is die volgende:
    - dit moet die onbeskryflike liefde van God verkondig
    - dit moet proklameer dat God werklik bestaan
    - dit moet die erediensdeelnemer bring tot 'n intieme verhouding met Hom
    - dit moet aanvul en onderstreep wat in die erediens gebeur
    - dit moet elke deelnemer aan die erediens betrek

- Nie net musiek as sodanig nie, maar ook die aanwending daarvan moet geskik wees vir die erediens. Musiek moet tot diens wees van die totale gebeure in die erediens.
- Met kerkmusiek moet die totale lewe van die mens betrek word. Ook musiek wat tradisioneel buite die kerkgebou voorkom, kan gebruik word. Die beginsels van Filippense 4:8 dien in alle gevalle as belangrike toets vir die geskiktheid van musiek in die erediens.
- Musici het 'n belangrike taak om die erediensdeelnemers te ondersteun, toe te rus en te leer sodat musiek in die erediens optimaal benut kan word tot opbou van almal en tot eer van God.
- 'n Grondige begrip van die aard en wese van die erediens, asook van die beginsels vir die kerkmusiek is nodig om die erediens sinvol te kan inklee met musiek.
- Dit is dikwels moeilik om te bepaal watter musiek in die erediens tuishoort en watter nie. Elitisme het hier nie 'n plek nie. Erediensmusiek is deel van die offerhandeling van die kerk en nie dieselfde as 'n konsertuitvoering nie. Tog moet ten alle tye gepoog word om die beste moontlike musikale uitdrukking van die gemeente as offer aan God te gee. Hiervoor moet die musiek inpas by die kultuur en totale situasie van die gemeente.
- Musikale verandering in die erediens is onafwendbaar. Fyn onderskeid en nugterheid is nodig om te kan besluit watter musiek werklik tot eer van God en tot opbou van die gemeente kan dien.

3.3. Musiekinstrumente in die erediens

Hoewel daar meer in die Bybel gesê word oor sang as oor musiekinstrumente, is daar wel verwysings na sekere musiekinstrumente wat in die aanbidding van God gebruik is. In hierdie verband word daar in die Ou Testament sestien verskillende instrumente genoem, hoewel daar geen voorskrifte is oor hoe elkeen in die erediens gebruik moet word nie.

Anders as wat vandag die geval is, is musiekinstrumente in die Bybelse tyd beskou as funksionele instrumente. Dit is nie, soos vandag, hoofsaaklik gebruik vir uitvoerings tydens musiekkonserte nie. Behalwe in die aanbidding van die volk, is dit ook gebruik vir 'n wye reeks daaglikse aktiwiteite of seremonies in die samelewing (Corbitt, 1998:298-299). Omdat daar gedurige kontak met mense uit ander kulture rondom hulle was, kan dit

sekerlik ook aangeneem word dat Israel van die musiekinstrumente wat hulle by die volke rondom hulle gesien het in hulle eie kultuur en tempeldiens oorgeneem het.

In die Bybel word in Gen. 4 vir die eerste keer verwys na musiek en in besonder instrumente vir die voortbring van musiek (sien 2.2.1.3 van Hoofstuk 2 hierbo). Sedertdien het musiek 'n inherente deel van die sosiale struktuur van die antieke volke geword. Dit het mag aangedui (Eks. 19:16, 19), opgeroep tot oorlog (Jos. 6:16), profesie en genesing aangehelp (Eseg. 33:31-33) en priesters begelei in hulle dienswerk (1 Sam. 10:5). In 2 Kron. 29 asook 1 Kron. 23:5 word melding gemaak van sowat vierduisend instrumentaliste wat met hulle musiek bygedra het tot die luisterryke ingebruikneming van die tempel van Salomo. Dit is 'n duidelike teken dat die Here die gebruik van musiekinstrumente toegelaat het in die aanbidding van die volk.

In die tyd van die vervolging van die vroeë kerk is musiek grootliks geïnhibeer, omdat dit die teenwoordigheid van Christene in 'n erediens kon weggee en hulle dood kon beteken. Met keiser Konstantyn wat aan die bewind gekom het in die Romeinse Ryk en tot die Christendom bekeer het (393 n.C.), het 'n nuwe era vir die kerk aangebreek. Die Christelike kerk het staatskerk geword, die vervolging van die Christene is gestaak en die Christelike geloof is oral bevorder. 'n Nuwe bloeitydperk vir die kerk het begin, ook wat die musiek in die erediens betref. In die agtste eeu is die *Schola Cantorum* gestig wat ten doel gehad het om die kerklike amptenare te leer sing, soos wat die Leviete in die Ou Testament gedoen het. In hierdie tyd is musiekinstrumente ook stelselmatig ingebring vir begeleiding van die sang in die erediens. Hoewel die kerk aanvanklik sku was vir hierdie instrumente, omdat dit sterk geassosieer is met die heidense Griekse en Romeinse godsdienste (Corbitt, 1998:305-307), het dit weldra inslag gevind in die eredienste van die kerk.

Dit is bekend dat Reformatore soos Calvyn en Zwingli die gebruik van musiekinstrumente in die erediens afgewys het, terwyl Luther dit juis aangemoedig het (sien Smit, E.J., 1999:58). Die effek hiervan is dat daar vandag nog in sekere Protestantse kerke geen musiekinstrumente in die eredienste toegelaat word nie. Sommiges se motivering hiervoor is dat die apostels se stilswye oor musiekinstrumente in die Nuwe Testament daarop dui dat dit nie in die erediens aanvaarbaar is nie en dat die Ou Testamentiese opdrag om musiekinstrumente in die tempel te gebruik, nie meer geld nie (sien Tanner church, 2006).

Met hierdie standpunt kan nie saamgestem word nie. Musiekinstrumente het 'n besondere en belangrike funksie in die erediens. Nie alleen dien dit by uitstek om die sang van die gemeente te ondersteun en aan te vul (hetsy dit om lofprysing of boetedoening of verkondiging of meelewing gaan) nie, maar kan dit ook effektief gebruik word om die regte atmosfeer te skep waarin die erediens kan plaasvind. Die uitwerking van musiek op die onderbewuste van die mens moenie geringgeskat word nie. In die hande van 'n bekwame en kundige liturg, met inagneming van die Bybelse beginsels vir musiek in die erediens, kan musiekinstrumente 'n diepte en afgerondheid bring wat van die ontmoeting met God erediens 'n ryk en vervullende belewenis maak. In musiek beskik die kerk oor 'n geheimenisvolle krag (sien 3.3.1 hieronder, asook Smit, E.J., 1999:60-65), wat met groot vrug in die erediens behoort gebruik te word. Deur musiekinstrumente te gebruik, kan die krag daarvan nog verder ontgin word. Om musiekinstrumente in die erediens summier af te wys, spreek van onkunde en 'n gebrek aan musikale en liturgiese insig.

Net soos met die inkleding van die erediens oor die algemeen, is die kulturele konteks van die gemeente in alle gevalle ook bepalend vir die gebruik van musiekinstrumente in die erediens. Die doel waarvoor bepaalde instrumente ontwikkel is, waarvoor hulle gebruik word en watter assosiasies in 'n bepaalde kultuur daaraan geheg word, moet in alle gevalle deeglik nagegaan word. Ook die persepsie wat daar in die gemeente oor 'n bepaalde instrument heers, moet bepaal word. In die woorde van Corbitt (1989:292-297) moet die posisie van elke musiekinstrument dus "op die funksionele-artistieke kontinuum bepaal word." Indien gevind word dat persepsies oor 'n bepaalde instrument aanvaarbaar is vir die erediens en dat dit inpas by die Bybelse voorskrifte in verband met die erediens en musiek in die erediens, kan dit oorweeg word om die instrument in die erediens te gebruik. In alle gevalle moet sensitief omgegaan word met die verskillende standpunte wat in die gemeente mag voorkom.

Corbitt (1989:311) gee die doel van musiekinstrumente in die erediens aan as die volgende:

- dit versterk die melodie wanneer gesing word
- dit skep atmosfeer vir bepeinsing en gebed
- dit vul harmonies in en steun die sang van die gemeente
- dit gee ritmiese steun vir die sang
- dit verskaf 'n ryk en aangename timbre/klankkleur aan die sang
- dit dien as klankversterking

- dit dien as kreatiewe uitlaatklep vir instrumentaliste
- dit help help om byvoorbeeld kinders sekere lewensvaardighede aan te leer

Met die meeste van hierdie beginsels kan saamgestem word, veral in soverre dit beklemtoon dat musiekinstrumente in die erediens ondergeskik is aan die totale gebeure in die erediens asook aan die gemeentesang. Op geen stadium mag dit gebeur dat die instrumentale musiek oorheers of bepalend word vir die gebeure en inhoud van die erediens nie.

Corbitt (1989:313) lys ook die volgende norme waarbinne instrumentaliste in die erediens moet optree:

- instrumentaliste is altyd in diens van God
- instrumentale musiek oorheers nie, maar ondersteun altyd die teks (Woord van God)
- kwaliteit instrumente word gebruik
- gereeld repetisies word gehou
- instrumente word voor die diens goed ingestem om goeie intonasie en afgeronde musiek te verseker

Diensbaarheid aan die totale gebeure van die erediens staan hier voorop. Soos met al die ander aspekte van die erediens is minderwaardigheid en swak kwaliteit voor die Here nie aanvaarbaar nie. Toewyding en 'n geesvervulde bydrae tot die ontmoeting tussen God en sy kerk word tereg hier beklemtoon.

3.3.1. Konklusie oor musiekinstrumente in die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor musiekinstrumente in die erediens:

- In die Bybelse tyd is musiekinstrumente gebruik vir 'n wye reeks daaglikse aktiwiteite of seremonies. Sedert die eerste ontwikkeling van musiekinstrumente (Gen. 4) is dit algaande gebruik om mag aan te dui, op te roep vir oorlog, profesie en genesing aan te help, priesters te begelei in hulle dienswerk en tot ondersteuning by die tempeldiens te dien.
- Hoewel die Nuwe Testamentiese kerk aanvanklik skepties was oor die gebruik van musiekinstrumente in die erediens (omdat dit met die Griekse en Romeinse godsdiens geassosieer is), het dit sedert keiser Konstantyn se proklamasie van die Christelike kerk as staatskerk goeie inslag begin vind.

- Reformatore soos Calvyn en Zwingli het die gebruik van musiekinstrumente afgewys, terwyl Luther dit weer sterk aangemoedig het.
- Om die gebruik van musiekinstrumente in die erediens summier af te wys, spreek van onkunde en gebrek aan musikale en liturgiese insig. In instrumentale musiek beskik die kerk oor 'n geheimenisvolle krag wat met groot vrug gebruik kan word.
- Dit is uiters belangrik dat instrumentale musiek reg aangewend sal word in die erediens. Dit moet altyd diensbaar wees aan die totale gebeure in die erediens en dien om die gemeentesang te ondersteun sowel as die regte atmosfeer vir die erediens te skep. Die uitwerking van musiek op die onderbewuste van die mens moenie geringgeskat word nie, maar juis tot opbou in die erediens gebruik word.
- Die kulturele konteks van die erediensdeelnemers is bepalend vir die gebruik van musiekinstrumente. Om te besluit watter instrumente gebruik moet word en hoe dit aangewend moet word, is die uiteinde van 'n proses waarin die doel, gebruik, assosiasie en persepsies van die betrokke instrument deeglik nagegaan is.
- Op geen stadium mag musiekinstrumente die erediens oorheers of bepalend word vir die gebeure of inhoud daarvan nie. Desnieteenstaande is minderwaardige spel of swak kwaliteit nie aanvaarbaar nie. Instrumentaliste is in diens van God en moet net die beste aan Hom in die erediens offer.

3.4. Dans in die erediens

Dans in die erediens is nie iets wat wyd binne die Westerse gereformeerde erediens voorkom nie. Musiek bring die hele liggaam in beweging. Die tradisionele Westerse kultuur en die inhibisies wat daarmee saamgaan, maak dit egter moeilik om dit te erken. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die meeste kerke van hierdie tradisie stam uit die tradisioneel Europese Westerse kultuur. As oorblyfsel van die leringe van die Griekse filosofie, is daar nog spore van die kunsmatige skeiding tussen liggaam en siel in hierdie kultuur te vind. Hiervolgens word dans nie beskou as iets wat natuurlikerwys deel is van die uitinge van die mens – en dus ook die erediens nie. (White, 1990:114).

Net soos musiek druk dans iets uit wat nie in woorde gesê kan word nie. Daarom dien dit as 'n kragtige medium om onderliggende emosies en onuitspreeklike belewenisse oor te dra en te verwoord. Net soos in die geval van musiekterapie, het kundiges mettertyd besef dat dans 'n effektiewe medium is waarmee pasiënte terapeuties behandel kan word. In die VSA is daar sedert 1966 'n vereniging genaamd *The American Dance Therapy Association* wat die unieke en kragtige uitdrukkingsvermoë van dans gebruik vir terapie. In die VSA is daar tans etlike honderde terapeute in permanente diens by privaat

organisasies, regeringsinstansies, gemeenskapsentrums en kliëntediensorganisasies. Met die uitgangspunt dat die liggaam en gees van die mens onderling verbind is en die bewegings van die liggaam die innerlike toestand van die mens reflekteer, word sekere dansbewegings binne 'n gekontroleerde terapeutiese opset gebruik om innerlike konflik en kwessies wat op die onderbewuste of bewuste vlak voorkom, te behandel (Study Overseas.com, 2006).

Volgens Medicomm (2006) is dansterapie suksesvol in die behandeling van sosiale, emosionele, kognitiewe en fisiese probleme. Die uitvoer van ritmiese bewegings werk soepelheid in die spiere, verbeter bloedsomloop en respiratoriese vermoëns, verminder angsgedagtes en depressie, moedig kreatiewe selfuitdrukking aan en skep geleentheid vir vernuwende denke. Psigiatriese pasiënte, mense met leerafwykings, visuele en gehoorgestremdes, geestelik versteurdes en bejaardes word hiermee behandel. Ook breinbeserings, MIV, artritis, amputasie, beroerte en kanker word op hierdie wyse behandel met relatiewe sukses. Daarby dien dit ook as kragtige medium om groepkohesie aan te help. Om as 'n groep sekere liggaamsbewegings saam te doen, verbreek die isolasie van individue, bou sosiale en emosionele bande en bring 'n nuwe genieting van mekaar se teenwoordigheid.

Dat dans dus 'n kragtige terapeutiese medium is, kom duidelik uit bogenoemde na vore. Dans (nie as ontspanning soos vandag nie, maar as kulturele uitdrukking) is nie vreemd aan die Bybel nie, veral in die Ou Testament. Liggaamlike beweging het algemeen voorgekom in die kultuur en kultus van ou Israel. Volgens Martin (1982:21) is gedeeltes wat hiervan spreek: Eksodus 15:20, 2 Samuel 6:14, 1 Samuel 18:6, Psalm 149:3, Psalm 28:2, asook Psalm 134:2. Koordanse het algemeen voorgekom, merendeels as lofuitinge en feesviering in die kultus, maar is soms ook tydens privaat geleenthede gebruik (sien Mijnhart, 1978:452).

Minder bekend is die feit dat Clemens van Alexandrië, Gregorius van Nanzianzus, Ambrosius, Chrysostomus asook Augustinus dans in die erediens erken en toegelaat het. Die kerkvaders het dans beskou as 'n legitieme manier om vreugde uit te druk en iets wat derhalwe geskik is vir die erediens. Waar dit inherent as deel van 'n bepaalde kultuur voorgekom het, is dit beskou as gepas in die aanbiddingslewe van hulle wat in 'n outentieke verhouding met God en die naaste lewe. Daarom het hulle het geen probleem daarmee gehad dat God ook op hierdie wyse vereer word nie (Moeller, 1998:108).

Soos wat die kerklike hiërargie deur die loop van jare beheer oorgeneem het, is in navolging van die Griekse filosofie toenemend gepoog om die liggaamlike van die geestelike te skei. Dans in die erediens het al minder spontaan geword, terwyl sekere vorms mettertyd verbied is. Uiteindelik het dit in die Roomse kerk ontwikkel tot 'n situasie waar enkele beperkte liggaamlike bewegings (soos om te buig en sekere tekens met die hand in die lug te maak) net vir die amptenare van die kerk gereserveer is (Moeller, 1998:108).

Maynard-Reid (2000:205, 213) pleit daarvoor dat die erediens weer die gebruik van die liggaam moet insluit. Liturgiese dans kom al meer na vore in eredienste van Christelike kerke (White, 1990:115). In die Christelike kerke van Afrika word met die hele liggaam aanbid. Binne die tradisionele Afrikakultuur is erediens en musiek sonder dans bykans ondenkbaar en is die moontlikheid nie uitgesluit dat dit met verloop van tyd ook kerke in ander kulture kan beïnvloed nie.

3.4.1. Konklusie oor dans in die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor dans in die erediens:

- Dans kom nie algemeen voor in die Westerse gereformeerde erediens nie. Die inhibisies van die Westerse kultuur, wat stam uit die Griekse filosofie (met die klem op die skeiding tussen liggaam en siel), maak dit moeilik om dans as natuurlike uiting van die mens in die erediens te erken.
- Dans het die vermoë om uit te druk wat nie in woorde gesê kan word nie. Dit dien as kragtige medium waarmee pasiënte behandel kan word. In die VSA word dansterapie toenemend gebruik om 'n wye reeks probleme en toestande te behandel. Dit dien ook as kragtige medium vir groepskohesie.
- As kulturele uiting is dans nie vreemd aan die Bybel nie, veral die Ou Testament. Liggaamlike beweging het algemeen voorgekom in die kultuur en kultus van Israel.
- Kerkvaders, waaronder Clemens van Alexandrië, Gregorius van Nanzianzus, Ambrosius, Chrysostomus asook Augustinus het dans in die erediens erken en toegelaat. Waar dit inherent as deel van 'n bepaalde kultuur voorgekom het, is dit beskou as gepas vir die aanbiddingslewe.
- Soos die kerklike hiërargie in die loop van die kerkgeskiedenis beheer oorgeneem het oor die doen en late van die kerk, is toenemend gepoog om die liggaam en die gees van mekaar te skei. In die erediens het dans minder spontaan geword, terwyl sekere vorms van dans mettertyd verbied is.

- In Christelike kerke in Afrika word met die hele liggaam aanbid. In die tradisionele Afrikakultuur is musiek sonder dans bykans ondenkbaar. Die moontlikheid dat die kerke van Afrika met verloop van tyd kerke van ander kulture in hierdie verband kan beïnvloed, is nie uitgesluit nie.

3.5. Gawes van musiek in die kerk

Ten einde die musiek en sang in die erediens te laat groei en ontwikkel, gee die Here besondere gawes van musiek in die kerk. Hierdie gawes moet beskou word as iets wat die Heilige Gees self gee. Dit moet met respek hanteer word en aangewend word as legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens (White, 1990:38). Musici het 'n besondere verantwoordelikheid in die kerk en die erediens. Hulle het die taak om die gemeente toe te rus en te ondersteun, sodat die musiek en sang in die erediens tot eer van God en tot opbou van elke lidmaat kan dien. Dit verg voortdurende toewyding en harde werk. Diegene wat musiekgawes het moet die voortou neem en seker maak dat hulle self tegnies vorder en ontwikkel. Standaarde moet gestel word en daar moet voortdurend gestreef word na beter. Groei en eksperimentering moet binne perke toegelaat word en ontwikkeling gesteun word (Corbitt, 1998:322-328).

Musici moet self diep gelowiges wees en vanuit die geloof leef. Hulle moet bereid wees om diensbaar te wees aan die behoeftes van die gemeente, binne die Bybelse beginsels van die erediens. Vir musici is trots en selfvertroue gevaarlik: dit kan lei tot die misbruik van hulle posisie en 'n fokus op verkeerde aspekte. Wanneer musici in die kerk te veel mag uitoefen en hulle nie wil onderwerp aan die waarde-oordeel van hulle medegelowiges nie, is die gevare van manipulering en selfgesentreerde ambisie daar. 'n Oordrewe klem op individualiteit, privaatheid en vryheid van uitdrukking (sien Malan, 2005:1) kan veroorsaak dat verkeerde waardes of benaderings in die erediens ingedra word.

Hoewel dit van uiterste belang is dat hoë kwaliteit musiek (soos gedefinieer deur die betrokke kultuur) in die erediens gebruik word, is die integriteit van die musici van net soveel belang. Musici sonder integriteit werk vernietigend in op die kerk en moet ten alle koste vermy word. Wanneer musici egter nie genoeg ruimte gelaat word om leiding te neem in die erediens nie, maar geforseer word om in 'n identiteitlose musiekbestel te werk, werk dit eweneens vernietigend in op die kerk. Op die langer termyn kan dit selfs lei tot 'n uittog van professionele musici uit die kerk (Grové, 2005:11). 'n Kerk sonder die gawes van musiek, se eredienste is arm en leeg. Daar moet dus sorg gedra word dat die musiekgawes van 'n gemeente gekoester en aangewend word in die erediens, op só 'n

wyse dat die eer van God voorop staan, onderlinge opbou plaasvind en die musici genoeg ruimte gegun word om hulle gawes ten volle aan te wend in die ontmoeting met God.

3.5.1. Konklusie oor gawes van musiek in die kerk

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die gawes van musiek in die kerk:

- Die gawes van musiek, wat die Heilige Gees in die kerk gee, moet met respek hanteer word en aangewend word as 'n legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens.
- Musici in die kerk het 'n groot taak en verantwoordelikheid. Behalwe vir die toerusting en ondersteuning van die gemeente moet daar 'n voortdurende strewe wees na selfontwikkeling en die aanbied van beter kwaliteit musiek in die erediens.
- Musici moet vanuit die geloof leef en diensbaar wees aan die behoeftes van die gemeente, binne die Bybelse beginsels vir die erediens. Integriteit van musici is vir die kerk van groot belang.
- Musiekgawes in die kerk moet gekoester word en só aangewend word dat God voorop staan, onderlinge opbou plaasvind en daar genoeg ruimte is om dit ten volle aan te wend in die ontmoeting met God in die erediens.

3.6. Die kerklied in die erediens

Die kerklied beklee 'n belangrike plek in die gereformeerde erediens. Dit dien by uitstek daartoe dat die totale gemeente aktief kan deelhê aan die erediens. Om te kan sing is seker die mees persoonlike manier van musiekmaak. Wanneer hy sing, span die mens sy lippe, tong, hart, gees en verstand daarvoor in. Sy hele mens-wees word daarby betrek. Geen ander manier van musiekmaak betrek die mens so volledig as juis sang nie.

Die doel van sang in die erediens is om lof aan God te bied (Experiencing worship, 2001a), Hom te aanbid, die Woord te verkondig en te reageer op die Woord van God (Corbitt, 1998:54-55). Dit het die verdere funksie om geestelike lewe, dinamika en opbou vir elke lidmaat te bring (Moeller, 1998:118). Gemeentesang gaan oor die uitdrukking van die diepste gedagtes en gevoelens van die gemeente (White, 1990:113), op 'n manier wat veel ryker is as die blote uitspreek van woorde (Martin, 1982:45). Wanneer dit deur die werking van die Gees gebeur, en met oorgawe gedoen word, draai gemeentesang die lidmate se harte na God en mekaar (Moeller, 1998:118) en bring elkeen in die regte gemoedstemming vir die ontmoeting met God (Martin, 1982:45) en mekaar. Deur middel

van musiek word 'n veelheid individuele stemme verenig tot 'n enkele stem wat God loof en prys. So kom daar dialoog met God en mekaar deur middel van musiek.

Die kerklied is 'n kragtige medium om Jesus Christus mee te verkondig. Dit intensiveer emosie, verenig gelowiges in die geloof en lei tot aksie. Dit het dieselfde uitwerking as 'n banier wat in die gesig van die vyand gewapper word (Corbitt, 1998:89-90). Die affektiewe karakter daarvan bring die lewende hoop en opgewonde verwagting van die ewige lewe duidelik in fokus vir elkeen wat dit saam sing. Die kerklied gee lidmate teologiese metafore waarmee hulle hulle geloof kan uitdruk. Omdat die hele gemeente dit langs hierdie weg gemeenskaplik as 'n eenheid kan doen, bestempel Corbitt (1998:216) die liedboek van 'n kerk as 'n tipe belydenisskrif. Om saam te sing is dieselfde as om saam te bely.

Volgens 1 Korintiërs 14:15 word beide die *gees* en *verstand* van die gelowige deur die sing van die kerklied in kontak gebring met die werklikheid van God se teenwoordigheid. In hierdie teksgedeelte, waarin Paulus spesifieke riglyne gee oor die praktyk van die erediens (sien Smit, E.J., 1999b:39), word die Griekse woord πνεῦμα gebruik vir *gees*, en νοῦς vir *verstand*. Πνεῦμα het te doen met die psigiese, nie-materiële dimensie van mens-wees en verwys na die mens wat potensieel sensitief en in sy spirituele dimensie ontvanklik is vir die gemeenskap met God (Louw & Nida, 1989:323). Binne die konteks van 1 Korintiërs 14 verwys πνεῦμα in vers 15 nie in die eerste plek na die Heilige Gees nie, maar na die diepste gesindheid van die hart waarmee die mens bid en sing (Barrett, 1994:320; Johnson, 2004:262; Thiselton, 2000:1112). Πνεῦμα staan egter nie alleen nie, maar staan in 'n noue verband met νοῦς. Die Griekse woord νοῦς verwys na die vermoë van die mens om te kan dink, verstaan, redeneer en besluit (Louw & Nida, 1989:325). Sowel πνεῦμα as νοῦς is ewe belangrik en ewe nodig vir die praktyk van die erediens, en in besonder die sing van liedere in die erediens. Die een aspek kan nie sonder die ander nie en moet gesamentlik onder die beheer van die Heilige Gees staan (Thiselton, 2000:1111-1113). Indien πνεῦμα nie teenwoordig is nie, word die sing van die kerklied 'n steriele intellektuele oefening sonder 'n werklike diep hartsgesindheid en sprirtuele dryfkrag (Morris, 1989:190). Indien νοῦς nie teenwoordig is nie, word die sing van die kerklied 'n gedagtelose, emosionele uiting, wat nie dien tot opbou van die deelnemers aan die erediens nie (Zerhusen, 2006). Beide πνεῦμα en νοῦς moet met 'n fyn onderlinge balans in die sing van die kerklied teenwoordig wees.

Elke gelowige het 'n konstante verlange om eenheid met God en sy medegelowiges te hê. Die meeste lidmate kom na die erediens met kwelvrae, vrese, twyfel of behoeftes in

hulle gemoed. Hulle soek die aangesig van God op, om daarin bevestiging en genesing te soek. Terwyl kerkliedere saam gesing word, kom daar by elkeen 'n verskerpte besef van eie sonde en gepaardgaande struikelblokke in sy verhouding met God. Dit skep by hom die verwagting en afwagting om God te hoor praat in die voorlees van sy Woord en die prediking. Gedra deur die samesang kom daar eventueel genesing op intellektuele, fisiese, emosionele en geestelike vlak vir elkeen wat aktief daaraan deelneem (Corbitt, 1998:55).

Die opbou van die gemeente deur middel van die musiek in die erediens, is van kritiese belang. Daarom is dit belangrik dat die kerk goeie en geskikte liedere in sy liedbundel sal hê. 'n Ontleding van die liedereskat van 'n bepaalde kerk wys duidelik watter leemtes daar in die teologie of die uitleef daarvan is (Corbitt, 1998:182-184). Die frekwensie van die gebruik van bepaalde liedere toon eweneens duidelik aan watter klem deur die betrokke kerkverband of gemeente gelê word. Musiek word dikwels net gebruik vir aanbidding en evangelisering. Aspekte soos opvoeding, genesing, profetiese uitsprake en dies meer moet egter ook gestalte kry in die erediens (Corbitt, 1998:17). Ook hiervoor is die kerklied uitnemend geskik.

Volgens Martin (1982:59) het die kerklied die funksie om:

- lof tot God as Skepper te artikuleer
- God se aktiwiteite in die geskiedenis in herinnering te roep en te vier
- mee te werk tot die persoonlike belewing van God se reddende en vernuwende genade
- te dien as verstaanbare en toepaslike medium waardeur die totaliteit van lewe ondersoek en verstaan kan word

Om vir elke erediensdeelnemer funksioneel en toeganklik te kan wees, identifiseer hy die volgende eienskappe van 'n goeie kerklied (Martin, 1982:59):

- dit bou geloof
- dit is dogmaties suiwer
- dit is Skrifgetrou
- dit is duidelik geformuleer
- dit is singbaar
- dit het 'n deurlopende tema
- dit is tydloos
- dit rig die erediensdeelnemer se gedagtes op God

Meyer (aangehaal deur Ottermann, 1993:78) voeg hierby ook nog die volgende:

- die taal is nóg platvloers, nóg kunsmatig of hoogdrawend
- die melodie en teks is sodanig dat die gemeente as geheel daarmee kan identifiseer

Corbitt (1998:169) wys daarop dat musiek (en daarmee saam gemeentesang) in die erediens 'n bediening is en nie 'n tegniek nie. Dit moet dus nie in die eerste plek gaan oor die in standhou van 'n bepaalde kunsvorm nie, maar oor die funksionele gebruik daarvan, tot opbou van elkeen wat deel is van die erediens.

Daar is nie iets soos 'n universele Christelike musiek nie. Christene het nie 'n spesiale tipe musiek wat eie is net aan hulleself nie. Tog is die sing van klassieke kerkliedere iets wat talle Christene laat voel dat hulle deel is van die eeue-oue liggaam van Christus (Huyser-Honig, 2004). Sang was nog altyd en sal steeds 'n integrale deel wees van die volk van God se omgang met Hom. Die Bybel is vol voorbeelde van gelowiges wat liedere tot God rig (Martin, 1982:49). Vandat die lied van Moses aangehef word ná die deurtog deur die Rietsee (Eks. 15), totdat dit weerklank vind in die lied van die Lam wat die verlostes sing in die vergesig wat Johannes oor die eindtyd sien (Openb. 15), word die volk van God geteken as 'n singende volk. In die bundel Psalms van die Ou Testament word in 'n sekere sin die kulminasie gevind van geloofsbepeinsing wat op verskillende vlakke en deur 'n wye verskeidenheid emosies in woord en melodie weergegee word.

Hoewel daar nie 'n volledige bundel liedere uit die Nuwe Testamentiese tyd in die Bybel opgeteken is nie, is dit duidelik dat die Nuwe Testamentiese volk van God ook gesing het (sien Strydom, 1994:19-23). In die Grieks-Romeinse kultusse van daardie tyd was dit algemene gebruik dat himnes gesing is vir die gode en godinne wat aanbid is. Dit was volgens Martin (1982:48) omdat hulle die kloof wat wetenskap en astrologie tussen hulle en die godewêreld gebring het, wou oorbrug. Hierdie gebruik om himnes (met duidelike melodieë) te sing, het mettertyd ook die sang van die vroeë kerk beïnvloed en in die eerste eeue is stelselmatig wegbeweeg van die spraaksange wat in die tempel en die sinagoges voorgekom het (sien Strydom, 1994:15, 24, 32, 38).

In die Middeleeue het Christene sterk gefokus op die transendente aard van God. In die eredienssang het hierdie benadering na vore gekom deurdat in imposante katedrale aanbid is met priesters en kore wat namens die gemeente opgetree het. Ontwikkelings wat oor die algemeen op musiekgebied plaasgevind het, is in dié tyd nie in die erediens

toegelaat nie (Otterman, 1993:76), hoewel daar in veral die Westerse liturgieë 'n beduidende ontwikkeling in die eredienssang voorgekom het (sien hiervoor Strydom, 1994:37-41). Tydens die laat- Middeleeue het die geestelike verval in die kerk, die ontwakende nasionalisme in Europa asook die klem op die volkstaal as 'n sterk stimulant gedien vir die ontwikkeling van die gemeentelike liturgiese sang (Strydom, 1994:41-42).

Met die Reformasie in die sestiende eeu het die fokus verskuif na die immanensie van God en tesame met die teologiese klem op die priesterskap van alle gelowiges het dit gelei tot die ontwikkeling van 'n ryke versameling himnodie waaraan elke lidmaat kon deelneem. Die Reformasie het ook 'n klem gebring op die rede van die mens, wat (aangehelp deur die Humanisme en die Renaissance) tot in die helfte van die twintigste eeu 'n bepalende invloed op die liturgie en die gemeentesang uitgeoefen het (Scheer, 2006). Calvyn was een van die eerstes wat begin het om metriese psalms in die erediens te gebruik. Vir die skep hiervan is hy bygestaan deur die komponiste Claude Goudimel (ca. 1510-1572) en Louis Bourgeois (1510-1562) asook die digter Clement Marot (1497-1544). Calvyn het groot klem gelê op die aktiewe deelname van die hele gemeente aan die eredienssang. Hy het sang sonder begeleiding bepleit en het alleen die Psalms van die Ou Testament en enkele berymings van Skrifgedeeltes in die erediens laat sing (White, 1989:66). Volgens Grové (2005:11) was hierdie skrale musikale verskeidenheid en gebrek aan tydige musikale revisie die aanleidende oorsaak daarvan dat daar vandag 'n behoefte is aan 'n tydgenootlike musiekidioom in die NG Kerk, terwyl mededingende denominasies 'n oënskynlike musikale suksesgolf beleef (sien ook Malan, 2005:1).

In die VSA is dit feitlik net die Reformed Presbyterian Church wat steeds (in navolging van Calvyn) alleen die Psalms in die erediens sing. Die meeste van die ander Protestantse kerke het lank reeds ander liedere (sg. "vrye liedere") aanvaar vir gebruik in eredienste (White, 1989:76). In Suid-Afrika het die Sinode van die GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) so onlangs as in 2006 eers begin ondersoek instel na die uitbrei van die liedereskat, wat inhou die sing van sg. "vrye liedere" in die erediens (GKSA, 2006a:614-626). Dit is 'n ondersoek wat nog nie afgehandel is nie.

In die postmoderne kultuur van vandag het daar opnuut 'n behoefte ontstaan vir 'n groter klem op die misterie en transendensie van God, wat weens die effek van die Verligting vir eeue nie daar was nie. Dit blyk dat veral die jeug die Woord van God wil *hoor* en *beleef* (Scheer, 2006). Daar is 'n klemverskuiwing van die rede na belewenis, van die gedrukte media na multimedia en van hoor na doen. Dit bring geleenthede vir vernuwing in die kerk mee – ook wat gemeentesang en die kerklied betref. Omdat daar vandag

toenemend gepraat word van deelnemende bestuur, demokrasie, kommunikasie en eietydsheid in die kerk, maan Grové (2005:11) egter dat vernuwing uiters versigtig hanteer word. Meer as ooit moet seker gemaak word dat die Bybelse beginsels vir die kerklied gehandhaaf word.

Gereelde Bybelvertalings illustreer die behoefte van die kerk om met eietydse middele in die erediens bedien te word. Met die kerklied is dit ook die geval. Om nuwe liedere daar te stel is egter 'n uiters ingewikkelde en tegniese proses. Dit verg diep insig en fyn onderskeidingsvermoë en aanvoeling. Dikwels veroorsaak dit 'n spanning tussen wat beskou word as die estetiese gehalte en die funksie van die kerklied in die erediens. Volgens Grové (2005:1) is dit belangrik dat nie een hiervan oorbeklemtoon word nie.

God se heiligheid en almag vereis dat die kerk die beste musikale uitdrukking wat moontlik is tot Hom sal rig in die erediens (Experiencing worship, 2001b). In Rom. 12:1 kom die opdrag om die totale lewe as offer aan God te wy, duidelik na vore. Dit is *die redelike godsdiens* wat God van ons verwag. Corbitt (1998:246-248) sien hierin 'n opdrag aan die kerk om voor God die beste te doen wat hy kan, juis ook in die erediens en gemeentesang. Dit kan alleen gedoen word wanneer musikant en lidmaat mekaar hierin ontmoet en gesamentlik daaraan werk om te groei en te vorder.

Volgens Ottermann (1993:75) is daar 'n tendens in die gereformeerde liturgie dat liedere wat tradisioneel net buite die kerk gehoor is, ook in die erediens ingedra word, omdat lidmate toenemend aandring op liedere wat "lekker sing." Wanneer die liedere in die erediens só gereduseer word tot gemaklike, selfdienende liedere, word die emosionele krag van die totale erediens volgens Saliers (1994:212) verminder en verdof die estetiese omvang daarvan. Maynard-Reid (2000:85) meen egter nie dat die gebruik van "sekulêre" musiekvorme in die erediens problematies is nie. Hy huldig 'n holistiese wêreldvisie en is van oortuiging dat die totaliteit van die mens se lewe (derhalwe ook sg. "sekulêre musiekvorme") deel moet wees van die erediens.

Volgens Scheer (2005) is daar 'n hele korpus kerkliedere in sekere van die moderne Evangeliese kerke wat binne die genre van popmusiek geskep is (sg. *praise and worship songs*) en met vrug in die erediens gebruik kan word. Die meerderheid van hierdie liedere bevat aanhalings uit die Ou Testamentiese Psalms, of put minstens hulle inspirasie daaruit. Hy meen egter tereg dat die strukturele vorm van liedere in die moderne popmusiek genre hom nie maklik leen tot die toonsetting van die Psalms nie. Moderne popmusiek word merendeels gebou op 'n *vers/koor/brug* – patroon, wat moeilik inpas by

die tipiese metrum en vorm van die Ou Testamentiese Psalms. Hoewel hy dit nie totaal afwys nie, staan hy met reg tog redelik skepties teenoor kerkliedere in hierdie genre, omdat die woord-toon verhouding in die meeste gevalle nie tot sy reg kom met hierdie tipe kerklied nie.

Die sing van kerkliedere word dikwels begelei deur een of meer musiekinstrumente. Net soos met sekere moderne musiekgenres, kan die gebruik van musiekinstrumente problematies wees indien die regte beginsels nie daarvoor gehandhaaf word nie. Instrumentale begeleiding moet die eksplisiete funksie hê om die sang in die erediens te ondersteun (Corbit, 1998:242). Wanneer die volume daarvan te veel of te min is, kom die musiek as geheel nie tot sy reg nie, word die aandag afgetrek van die lied en gaan die boodskap in die teks verlore.

Wanneer 'n koor as deel van die erediens optree, moet die funksie daarvan beperk wees tot die ondersteuning van die gemeentesang as geheel. Binne die gereformeerde liturgie is dit volgens White (1990:114) onaanvaarbaar indien 'n koor die gemeentesang vervang. Dan word weer teruggeval na die situasie in die Middeleeuse Roomse eredienste waar die gemeente net toeskouers was terwyl die liturg of die koor die sang hanteer het. Indien dit met oorleg en goeie liturgiese beplanning gedoen word, kan 'n koor egter myns insiens 'n groter funksie hê as blote ondersteuning van die gemeentesang. Beurtsang met die gemeente (soos in die sinagogale eredienste gedoen is volgens Strydom (1994:16)) en selfs verkondiging deur gepaste liedere op sekere momente in die erediens te sing, kan verdiepend en verrykend werk, sonder dat die gemeentesang enigsens daaronder ly.

3.6.1. Konklusie oor die kerklied in die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die plek van die kerklied in die erediens:

- Die kerklied dien by uitstek daartoe dat die totale gemeente aktief kan deel hê aan die erediens. Om te sing betrek die hele mens-wees van die erediensdeelnemer.
- Die kerklied draai die harte van erediensdeelnemers na God en mekaar. Dit druk die diepste gedagtes en gevoelens van die gemeente uit, sodat dialoog met God en mekaar kan plaasvind. Dit intensiveer emosie, verenig gelowiges in die geloof en lei tot aksie.
- Sowel die gees (πνεῦμα) as die verstand (νοῦς) van die gelowiges word met die sing van die kerklied in kontak gebring met die werklikheid van God se teenwoordigheid. Beide gees en verstand moet in 'n fyn balans teenwoordig wees, onder beheersing van die Heilige Gees. Vir elkeen wat aktief aan die

erediensSang meedoen, werk dit pastoraal en bring genesing op intellektuele, fisiese, emosionele en geestelike vlak.

- Dit is belangrik dat die kerk goeie en geskikte liedere in sy liedbundel moet hê. Die kerklied moet die totale lewe van die gelowiges voor God aanspreek en verwoord. Dit moet loof, verkondig, bekragtig, vermaan en vertroos.
- Die kerklied moet dogmaties suiwer, Skrifgetrou, duidelik en singbaar wees, spreek van goeie kwaliteit en toeganklik wees vir elkeen in die erediens.
- Die volk van God is 'n singende volk en word regdeur die Bybel as sodanig bekend gestel. Die bundel Psalms van die Ou Testament wys duidelik hoe Israel in woord en melodie hulle geloof voor God geleef het. In die Nuwe Testamentiese kerk is stelselmatig wegbeweeg van die spraaksange van die tempel en algaande meer himniese liedere gesing. In die Middeleeue het die kerklied iets geword wat die priesters en kore namens die gemeente sing. Tydens die Reformasie is 'n ryke versameling himnodie daargestel, met klem op die deelname van elke lidmaat. Hoewel Calvyn die sing van metriese Psalms en enkele Skrifberymings sonder begeleiding bepleit het, gebruik die meeste Protestantse kerke vandag ook sogenaamde "vrye liedere."
- Die postmoderne kultuur van vandag het die behoefte laat ontstaan aan kerkliedere waarin die misterie en transendensie van God na vore kom. Dit bring nuwe geleenthede vir die kerk wat versigtig hanteer moet word. Die daarstel van 'n kerklied is 'n uiters ingewikkelde en tegniese proses wat diep insig, fyn aanvoeling en onderskeidingsvermoë verg.
- Die kerk moet waak teen liedere wat gemaklik en selfdienend is. In die erediens moet die beste moontlike musikale uitdrukking aan God gebied word. Liedere moet relevant en eietyds wees, maar tog gepas vir die erediens. Fyn aandag moet gegee word aan die Bybelse beginsels vir die kerklied in die erediens.
- Instrumentale begeleiding moet ondersteunend tot die kerklied wees. Koorsang kan gepas en effektief wees mits dit nie die gemeentesang vervang nie en gebruik word vir onder meer verkondiging en beurtsang met die gemeente.

3.7. Die krag van musiek en poësie in die kerklied

In die kerklied (soos in die meeste tipes kunsliedere) word gebruik gemaak van musiek en poësie. In beide musiek en poësie beskik die kerk oor besonder kragtige middele waarmee die ontmoeting met God en mekaar ingeklee kan word. In die kerklied word die ekspressiewe krag van woord en melodie gebruik om die onuitspreeklike teenoor God te uiter (Martin,1982:46). Dit is by uitstek die element van die erediens waaraan die

gemeente gesamentlik aktief kan deelneem en indien dit reg aangewend word, kan dit dien tot opbou en verryking van elke deelnemer aan die erediens.

Om aan te dui met watter kragtige middels die kerk hier te doen het, word die besondere krag van musiek en poësie vervolgens nader ondersoek.

3.7.1. Die krag van musiek in die kerklied

Musiek het 'n besondere vermoë om (op sekere vlakke) vir die mens genesing te bring. In die Bybel is daar die bekende voorbeeld van Dawid wat gehelp het om koning Saul se depressie op te klaar deur op 'n siter vir hom musiek te speel. Volgens sekere historiese bronne is ook Alexander die Grote se geestesongesteldheid met liermusiek behandel (Neimark, 2004). Hoewel bepaalde gemeenskappe dit reeds vir eeue lank intuïtief aanvoel en gebruik, is daar redelik onlangs eers begin om dit wetenskaplik na te vors (Corbitt, 1998:188).

Die National Association of Music Therapy is in 1950 in die VSA gestig, die American Association for Music Therapy in 1971 en sedert 1998 het hulle saamgesmelt om die American Music Therapy Association (AMTA) te vorm. Sedertdien word 'n wye verskeidenheid pasiënte in die VSA en elders (ook in Suid-Afrika) deur middel van musiekterapie behandel. Oor die afgelope paar dekades het musiekterapie 'n wettige plek ingeneem onder die genesingsberoepe en is dit steeds besig om te groei. Daar is meer as sewentig kolleges en universiteite in die VSA wat graadkursusse hierin aanbied en daar is meer as 3800 gekwalifiseerde musiekterapeute in die VSA werksaam (Neimark, 2004).

Van die tegnieke wat in die musiekterapie gebruik word is die volgende (Lindberg, 1998; Burger, K., 2003:3):

- liedere word saam gekomponeer met die doel om te leer om emosie uit te druk
- die speel van musiekinstrumente word aangeleer ter wille van fyn motoriese ontwikkeling
- musiekinstrumente word gebruik om onuitspreekbare emosie uit te druk
- beweging en dans op die maat van musiek word gebruik om verborge emosie te ontdek en hanteer
- sang word gebruik om emosies en oortuigings los te maak van blokkasies in die onderbewuste

3.7.1.1. Musiek as pastorale krag

Musiek het die krag om te motiveer, emosies vas te vang en te manipuleer. In die hande van 'n kundige musiekterapeut is musiek 'n kragtige middel vir die behandeling van 'n wye verskeidenheid probleme en toestande. In die pastoraat kan dit ook met groot vrug gebruik word.

Volgens Neimark (2004) is deur middel van *Doppler sonografie* bepaal dat bloedtoevoer na die regterbreinlob van die mens toeneem wanneer na rustige tipe musiek geluister word. Popmusiek daarenteen, met sterk ritmes en dromslae, veroorsaak dat die bloedtoevoer na beide breinlobbe toeneem. Dit blyk dus dat ritme en toonhoogte in verskillende dele van die brein geprosesseer word en elk 'n spesifieke werking op die breinfunksie van die mens het.

Dit blyk voorts dat die melodie in musiek inwerk op die limbiese sisteem van die brein en blydskap, verstomming, vrede, vrees en hartseer kan opwek. Musiek met 'n opgewekte tempo en 'n majeurtoonaard bring blydskap, terwyl musiek met 'n stadige tempo en 'n mineurtoonaard, hartseer wek. Daar is gevind dat 'n gedeelte van die brein wat net agter die voorkop gesetel is (die *rostromediale prefrontale korteks*), reageer op spesifieke toonaarde in musiek. Dit is dieselfde gedeelte van die brein wat te doen het met geheue en emosie (Neimark, 2004).

Wanneer iemand met konsentrasie na musiek luister, het dit dus 'n spesifieke effek op sy brein. Musiek veroorsaak 'n toestand van verhoogde wakkerheid, opmerksaamheid, belangstelling en opwinding (Storr, 1992:25). Dit gryp eers die emosie aan voordat dit die intellek betrek (Corbitt, 1998:121). Wanneer na 'n lied geluister word, is dit selfs nie eens nodig om die woorde te verstaan nie (Blacking, 1995:199), omdat die musiek as geheel tot 'n mens spreek. Die effek op die onderbewuste is steeds daar, al is dit in 'n vreemde taal.

Musiek en klank het die vermoë om geblokkeerde emosies en die diepste oortuigings van 'n persoon na die oppervlak te bring (Burger, K., 2003:3). Ten tye van rou, woede of opwinding, kan musiek derhalwe gebruik word om 'n persoon te lei in die ontdek en verwerk van bepaalde emosies (sien Storr, 1992:25). Volgens Lindberg (1998) word musiek voorts ingespan om onvanpaste gedrag te verminder, sosiale vaardighede te help ontwikkel, vryetydsbesteding te optimaliseer en stres te verminder. Individue kan ook gelei word in die proses van selfgroei en selfverstaan. Volgens die AMTA (1999) word slagoffers van

mishandeling en persone met middelafhanklikheid op hierdie manier behandel (AMTA, 1999) en Corbitt (1998:143-144) noem dat sang in Kenia gebruik word om demone mee uit te dryf. In die pastoraat kan die krag van musiek dus effektief aangewend word.

'n Verdere ontwikkeling op die gebied van musiekterapie en die pastoraat, is die gebruik van musiek waarin sang met 'n toepaslike Bybelse teks na vore kom. Prof. Carol Bechtel Reynolds van die Western Theological Seminary in Holland, Michigan (VSA), het 'n pastorale proses ontwikkel waarin die musiek van Johannes Brahms se *Ein deutsches Requiem* (vir koor en orkes) gebruik word om persone vanaf 'n oop graf te bring tot by selfondersoek en hulle daardeur te lei tot nuwe perspektief, geloof en hoop op die toekoms (sien Kerygma, 2005). Die (Duitse) teks van *Ein deutsches Requiem* het nie die tipiese inhoud van 'n Requiem volgens die Roomse tradisie nie. Dit is saamgestel uit verskeie Bybeltekste, wat te doen het met hoop en troos. Nadat die teks voorgelees en nader verklaar is, word aan die pasiënt verduidelik hoe Brahms dit in die musiek getoonset het, waarna sekere hoofmomente in die musiek uitgewys word. Daarna word saam met die pasiënt geluister na 'n opname van die musiek en agterna word bespreking van eie gewaarwordinge en emosie gedoen.

Hierdie ontwikkeling het die deur oopgemaak vir nuwe navorsing in die pastoraat. Indien ander soortgelyke bestaande musiekwerke geïdentifiseer kan word, of verdere toonsetting van gepaste Bybeltekste kan gedoen kan word, kan dit lei tot opwindende nuwe moontlikhede vir die pastoraat.

3.7.1.2. Behandeling van neurologiese en fisiologiese toestande

Musiekterapie word nie net vir pastorale doeleindes gebruik nie. Sekere neurologiese, asook fisiese toestande word ook met groot sukses deur musiekterapeute behandel.

Volgens Lindberg (1998) is die doel van musiekterapie onder meer om kommunikasievaardighede te verbeter, akademiese en motoriese vaardighede te verbeter, aandagspan te verbreed en pynhantering te verbeter. Siektes en toestande soos geestesversteuring, Alzheimer se siekte, ontwikkelingsgestremdheid, breinbeserings, leergestremdheid, ensomeer word ook hiermee behandel. Uitgebreide navorsing het voorts getoon dat musiekterapie veral effektief gebruik kan word vir die behandeling van psigoneuroimmunologie.

Pasiënte word ook gehelp om akute en chroniese pyn, insluitend geboortepyne, te kan hanteer (AMTA, 1999).

Saam met die neurologiese reaksie, kom daar ook meermale 'n fisiologiese reaksie by die mens, wanneer na sekere musiek geluister word. Die elektriese weerstand van die vel verminder, die pupille van die oë vergroot, die tempo waarteen respirasie plaasvind verhoog of verlaag, bloeddruk en hartklop verhoog, spiertonus verhoog en selfs fisiese rusteloosheid word in sekere gevalle veroorsaak (Storr, 1992:25).

Deur middel van musiek kan die liggaamsritmes van die mens opgejaag of stadiger gemaak word. Wanneer die ritme van die musiek naastenby dieselfde is as die natuurlike ritme van die liggaam, word asemhaling en hartklopritmes stadiger gemaak, omdat die liggaam (as gevolg van 'n proses genaamd "*entrainment*") neig om saam met die ritme van die musiek te werk. Musiek kan dus die bloeddruk en hartklop laat afneem en 'n ontspanne fisiese toestand veroorsaak (Corbitt, 1998:144). Só is byvoorbeeld gevind dat premature baba's onder intensiewe sorg, wat luister na sekere slaapliedjies, hoër vlakke van suurstof in hulle bloed het en dat hulle hartklop en asemhalingstempo nader aan normaal is as dié wat nie na die musiek luister nie (Munson, 1995:42). Omdat musiek die vermoë het om die liggaamsritmes van die mens stadiger te maak, word musiekterapie in die VSA dikwels in hospitale gebruik vir pynhantering, verligting van depressie, slaapterapie, hantering van vrees en vermindering van spierspanning en spanning in die senuweestelsel (AMTA, 1999).

Nie alle musiek is egter geskik om hierdie uitwerking te kan hê nie. Wanneer musiek 'n redelike mate van sinkopasie het (wanneer die hoofpols telkens net voor die natuurlike verwagte moment voorkom), is gevind dat dit die liggaamsritmes opgejaag (Neimark, 2004), omdat die liggaam probeer inpas by die "aangejaagte" ritme van die musiek. Dan het die musiek die teenoorgestelde uitwerking: onrustigheid en angstigheid word vererger deur verhoogde liggaamsritmes en 'n vinniger hartklop.

Volgens Burger, K., (2003:3) het navorsers ook gevind dat klank en musiek daartoe kan lei dat chemiese stowwe, wat as pynstillers dien, deur die liggaam afgeskei word. Derhalwe word musiek gebruik om kanker, sekere vorms van fisiese gestremdheid (Lindberg, 1998) asook spierspanning (AMTA, 1999) te

behandel. By pasiënte wat beenmurgoorplantings kry het musiekterapie meegebring dat die vervaardiging van witbloedselle twee dae vroeër begin het as die normale. Dit het die kanse op infeksie drasties verminder (Neimark, 2004).

Met musiekterapie word die geheimenisvolle krag van musiek dus ingespan om 'n wye verskeidenheid toestande en siektes te behandel, selfs op fisiologiese vlak. Indien die kerk hierdie krag meer bewustelik in die erediens aanwend, kan veral die pastorale dimensie van die kerklied met goeie vrug uitgebrei word.

3.7.1.3. Konklusie oor die krag van musiek in die kerklied

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die krag van musiek in die kerklied:

- Musiek word al vir eeue lank gebruik om genesing (op sekere vlakke) vir die mens te bring.
- Sedert 1950 word hierdie krag van musiek intensief nagevors en aktief gebruik in die genesingwetenskappe. Dit staan bekend as die vakterrein van die musiekterapie.
- Omdat musiek 'n bepaalde uitwerking het op die breinfunksie van die mens het en in besonder die emosie affekteer, kan dit effektief gebruik word in die pastoraat. Die effek hiervan kan verhoog word indien spesifieke (koor)musiek met sorgvuldig gekose Bybelstekste ingespan word.
- Die krag van musiek kom duidelik na vore in getuienis dat musiekterapie aangewend kan word vir die effektiewe behandeling van 'n wye reeks neurologiese sowel as fisiese toestande by die mens.
- As onderdeel van die kerklied beskik die kerk oor die kragtige instrument van musiek, wat bewustelik aangewend kan word om die pastorale dimensie van die erediens gestalte te gee.

3.7.1.4. Musiek en versoening

Musiek het 'n pastorale krag om verhoudinge te bou en konflik op te los. Deur middel van musiek kan aspekte aangeraak en hanteer word wat moeilik is om op ander maniere direk tussen mense te doen. Volgens Corbitt (1998:89) het musiek die vermoë om die waarheid te versag en dit op 'n ander vlak te kommunikeer as wat reguit, presiese woorde tussen mense doen. So. kan musiek die onuitspreeklike van gevoelens en emosie wat daar tussen konflikterende partye is uitdruk en daartoe bydra dat dit deurgewerk en opgelos word. Deur musiek te vul

met die waarheid van die evangelie en die sekerheid van versoening met God en mekaar, kan dit daartoe bydra dat die betrokke partye se benadering teenoor mekaar verander en dat daar berou, vergifnis en bekering kom.

Om die evangelie deur middel van samesang te proklameer het nie net te doen met die oordra van inligting nie. In die proses stel elke deelnemer homself oop vir die ander en deel iets persoonlik van homself met die ander. So word 'n nuwe verhouding gebou (Corbitt, 1998:131). Op 'n emosionele vlak het musiek dus die vermoë om 'n verhouding tussen mense daar te stel, wat uiteindelik positiewe denke en aksies tot gevolg het (Blacking, 1995:198). Waar al die partye saam die gawe van musiek gebruik, kan daar genesing kom waar daar vroeër vyandskap en vervreemding was. So kan musiek daartoe dien dat daar versoening en genesing in gemeenskappe kom.

3.7.1.5. Musiek en eenheid

Musiek is 'n verenigende krag wat mense met mekaar saamsnoer. In die erediens is dit veral die gemeentesang wat die gemeente gesamentlik rig en lei tot God. Om hierdie rede meen White (1990:111) tereg dat samesang in die erediens nie vervang kan word deur iemand anders (bv. 'n koor of solis) se poging nie. Elke erediensdeelnemer moet die geleentheid hê om saam met die ander te sing. Deur saam te sing – tot eer van God, maar ook tot opbou van mekaar - word gemeenskap gebou. 'n Gevoel van eenheid word bewerk wanneer verskillende stemme saam sing en daardeur sekere kollektiewe emosies saam ervaar (sien Martin, 1982:42).

Sang bevorder aktiewe betrokkenheid in die erediens, ook onder mekaar. In 'n multikulturele konteks kan samesang juis een van die belangrikste aspekte wees om eenheid daar te stel. Volgens Barker-Reineke (2000:140) is die gebruik van die kunste een van die beste maniere waarop 'n vreemde kultuur vir iemand oopgemaak kan word. Met erediensssang kry elkeen die geleentheid om die beste wat hy kan aan God te bied. So maak hy iets van sy diepste binneste vir die ander oop en nooi die ander om in sy belewingswêreld te deel. Op hierdie wyse kan kulturele grense in die erediens oorgesteek word.

Waar daar nie alleen kulturele vervreemding van mekaar is nie, maar ook konflik en vyandskap, kan samesang soveel te meer dien tot versoening en eenheid. Indien die terapeutiese krag van musiek gekombineer word met die Bybelse

boodskap van versoening in en deur Christus, tesame met die oproep om onderlinge vrede en eenheid, kan die konflik van die verlede agtergelaat en nuwe verhoudings gebou word.

Volgens Corbitt (1998:72) bewerk die kerklied eenheid wanneer:

- die teks gemeenskaplike waarhede in die lig van die Skrif uitdruk
- die korporatiewe emosie van die erediensdeelnemers daarin uitgedruk word
- geskiedenis en persoonlike geloof in die lied ingewerk word (dit dus kontekstueel vir elke gelowige is)
- die Bybelse verlossingsgeskiedenis daardeur uitgedruk word
- liedere van ander gemeentes en kerke aangeleer en gesing word

Hiervoor is dit nodig dat elke deelnemer aan die erediens moet kan deel in die samesang. In die Roomse kerk, met die koortradisie waar ampsdraers namens die lidmate in die erediens gesing het, is die funksie van musiek om eenheid onder lidmate te bewerk, grootliks verskraal. Dit is belangrik dat die kerk voortdurend daarteen sal waak dat só 'n situasie, waar net 'n gedeelte van die lidmate aan die sang kan deelhê, voorkom. Sang moet dien tot eenheid in die kerk – nie tot verdeeldheid nie.

Volgens White (1990:38) is daar wêreldwyd 'n toenemende gewilligheid om verskillende musiekgawes in die erediens te akkommodeer en inkorporeer. Daar word verby tradisie en gebruike gekyk en gepoog om onderlinge eenheid aan te wakker met behulp van die krag van musiek en sang (sien ook Neimark, 2004). Indien dit binne die raamwerk van Bybelse beginsels vir die erediens kan geskied, verdien dit die onverdeelde aandag van die kerk.

3.7.1.6. Konklusie oor die bydrae van musiek tot versoening en eenheid

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die bydrae van musiek tot versoening en eenheid:

- Musiek kommunikeer op 'n ander vlak as wat reguit, presiese woorde tussen mense doen. Dit het 'n pastorale krag om verhoudings te bou en konflik op te los.
- Met samesang in die erediens, stel elke deelnemer homself oop vir die ander en deel iets persoonliks van homself met die ander. So word 'n

hegte verhouding gebou en kan genesing en versoening kom waar daar vroeër vyandskap en vervreemding was.

- Samesang werk 'n gevoel van eenheid wanneer verskillende stemme sekere kollektiewe emosies saam ervaar.
- In 'n multikulturele opset kan samesang daartoe dien dat kulturele grense oorgesteek word, deurdat 'n vreemde kultuur in die sang vir die ander oopgemaak word.
- Gekombineer met die Bybelse boodskap van versoening en deur Christus kan die musiek in die kerklied daartoe bydra dat konflik agtergelaat word en 'n nuwe verhouding onderling gebou word.
- Elke deelnemer aan die erediens moet kan deel in die sang. Daarom kan dit nodig wees om verskillende musiekgawes in die erediens te akkommodeer en inkorporeer. Die kerk moet egter altyd sorg dra dat dit ten alle tye voldoen aan die breë Bybelse vereistes vir die erediens.

3.7.2. Die krag van poësie in die kerklied

Musiek is 'n kragtige kommunikasiemiddel. Dit stel die mens in staat om dit wat hy nie in woorde kan sê nie, met 'n ander te kommunikeer. Wanneer 'n definitiewe boodskap gekommunikeer moet word, soos in die kerklied, is dit egter nodig om woorde te gebruik. Woorde het 'n meer direkte kommunikasiefunksie as musiek (Corbitt, 1998:121). Daar is egter 'n verskil tussen alledaagse, konvensionele taalgebruik en poësie. Met poësie word 'n veelheid van emosies en betekenisse in 'n beperkte aantal woorde vasgevang. Dit stel die mens in staat om dieper te kommunikeer en die "onuitspreeklike" in woorde uit te druk. Dit is veral onderwerpe soos die misterie van religie, die sin van die lewe, die dood en verganklikheid wat sinvol en grondig deur poësie aangespreek kan word (Van Vliet, 1998:24). Die woorde wat in die kerklied gebruik word, is poëties van aard. Die teks van die kerklied beskik daarom oor 'n besondere vermoë om die "onuitspreeklike" geheimenisse van God te verwoord en te kommunikeer (sien Smit, E.J., 1999:68-69).

Breytenbach (soos aangehaal in Burger, W., 2004:4) noem poësie "'n inbraak na die onsigbare binneste van die mens, waarin die selfbewussyn van die mens leer ken en verken word." Deur die skep van 'n gedig word telkens iets van die self en eie bewussyn ontdek. Wanneer 'n digter 'n gedig skep, ontdek hy in die proses iets van sy diepste binneste en gee dit weer in die gedig. 'n Leser van die gedig ontdek iets van sy eie bewussyn, maar ook van dié van die digter. Poësie bevat dus in konkrete vorm iets van die onsigbare wêreld binne-in die digter, wat die leser lei om sy eie binneste te ontdek. As

sodanig is poësie 'n kragtige instrument waarmee die gelowige digter iets van sy geloofsverhouding met God kan verwoord en ook ander gelowiges daarmee kan lei tot die ontdek en ondersoek van hulle eie verhouding met God. Deur middel van poësie (as deel van die kerklied) kan die boodskap van die evangelie uitgedra word na buite, sodat ander gelowiges ook daarin kan deel en daardeur gebring kan word tot selfondersoek en verdieping in hulle geloof.

Taal het volgens Gittins (1989:80) geweldige potensiaal om gedagtes te stimuleer en te bevry, die werklikheid te verlig, diep insigte oor te dra en diepgaande emosie op te wek. Daarom daag taal uit tot verandering en optrede. Moeller (1998:93-94) dui aan dat woorde die krag het om die mens se persepsie en verstaan van die werklikheid te vorm en daardeur uiteindelik die realiteit self te omvorm. Woorde het die krag om iemand se totale lewe te omvorm. Indien van poësie gebruik gemaak word, geld dit soveel meer. Poësie is 'n kragtige instrument waarmee beide die intellek en die emosie van die mens aangespreek word (Den Boeft *et al.*, 1994:192). Behalwe vir bepaalde metrum- en ritmestrukture waarbinne woorde gerangskik word (Smit, 1989:36), word verskeie klankmatige aspekte van die taal ook geëksploiteer: alliterasie, assonansie, volrym, omgekeerde rym, pararym, kontrastering en klanknabootsing is voorbeelde hiervan (Gräbe, 1992:204). Die kunstige gebruik van klank en ritme gee aan poësie 'n musikale karakter (Bisschoff, 1992:387), sodat dit tesame met die gebruik van beeldspraak (Van Vliet, 1998:17), suggestie en metaforiese taal (Gräbe, 1992:292) die intellek sowel as emosies van die mens kragtig aanspreek.

Die teks in die kerklied het 'n belangrike funksie om die waarheid van die Woord van God te kommunikeer. In die gereformeerde kerklied kry die teks altyd voorrang bo die melodie en/of harmonisering daarvan. Die teks (meestal in poëtiese vorm) staan sentraal en moet met die boodskap van die Bybel ooreenstem. Die funksie van die melodie is om die teks te komplementeer en interpreteer (Corbitt, 1998:236). Dit vereis 'n bepaalde woord-toon verhouding waarin die melodie die teks onderstreep en die inhoud van die teks ondubbelsinnig uitdra. Volgens Strydom (1994:235) laat die melodie die teks só spreek, dat die totale mens (in sy emosie sowel as sy intellek) aangespreek en tot oorgawe oorreed word (sien ook Smit, E.J., 1999:83-84). Dan kom die krag van die poësie soveel te meer na vore wanneer die lied in die erediens gesing word.

Vir die kerklied om te kan slaag in 'n multikulturele konteks, is dit van uiterste belang dat kontekstualisering van die teks eers moet plaasvind. Daarsonder sal iemand vanuit 'n "vreemde" kultuur nie in staat wees om die boodskap te verstaan of die dieper nuanses

van die poësie aan te voel nie. Dit is noodsaaklik dat die woorde en beelde wat gebruik word in die taal en wêreldbeeld van die hoorders inpas (Corbitt, 1998:123), of ten minste deeglik verduidelik word. Daarsonder het selfs die gewone, letterlike betekenis van die teks weinig effek op die hoorder of sanger van die lied en gaan die krag van die poësie in die kerklied verlore.

3.7.2.1. Konklusie oor die krag van poësie in die kerklied

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die krag van poësie in die kerklied:

- Poësie is 'n kragtige kommunikasiemiddel wat die mens in staat stel om die "onuitspreeklike" van die misterie van religie, die sin van die lewe, die dood en die verganklikheid te verwoord.
- Poësie is ryk taal met 'n musikale karakter, wat 'n veelheid van emosies en betekenisse in 'n beperkte aantal woorde kan vasvang.
- Poësie kom uit die diepste gedagtes en emosies van die mens en is 'n handige hulpmiddel om die leser te lei tot selfontdekking en –verstaan. Dit spreek beide die intellek en emosie van die mens aan.
- In die gereformeerde kerklied kry die poësie (teks) voorrang bo die melodie. Die melodie het die funksie om die teks te komplementeer en interpreteer, sodat die krag van die poësie nog meer effektief na vore kan kom in die kommunikeer van die evangelie.
- In 'n multikulturele konteks is dit van groot belang dat kontekstualisering plaasvind, sodat die hoorder of sanger werklik kan begryp en aangespreek kan word deur die poësie wat in die kerklied voorkom.

3.7.2.2. Poësieterapie

In poësie (as deel van die kerklied) beskik die kerk oor 'n kragtige instrument waarmee die evangelie in die harte van die erediensdeelnemers ingedra kan word. Net soos die geval met musiek is, word die geheimenisvolle krag van poësie toenemend gebruik in die genesingswetenskappe. Een van die nuwe ontwikkelings op die gebied van psigoterapie is die vakterrein van poësieterapie (poetry therapy) of biblioterapie (BBC, 2002). Met poësieterapie word die letterkunde, en in besonder poësie, ingespan om mense met verskillende geestessiektes en verwante probleme te help. In die psigiatrie is daar tans 'n leemte omdat daar nie ook met die regter hemisfeer van die brein gewerk word nie. Die hoofdoel van poësieterapie is om hierdie leemte te vul (sien Poetry therapy, 2004) en pasiënte ook op 'n geestelik-emosionele vlak te behandel.

Hoewel dit 'n redelik nuwe ontwikkeling in die moderne psigoterapie is, is poësieterapie vir eeue lank al 'n erkende behandeling vir mense met geestesafwykings. In antieke Egipte rondom die vierde eeu v.C. is gevalle opgeteken waar woorde op papirus geskryf is en dan in 'n bepaalde oplossing geweek is, sodat die pasiënt dit kon eet en fisies verteer, met die doel dat dit 'n vinniger uitwerking op hom kon hê (Poetry therapy, 2004). In die Griekse mitologie is Asclepius, god van genesing, die seun van Apollo, wat god van die poësie is. Hieruit blyk dit dat die verband tussen poësie en genesing ook in die Griekse kultuur erken is. In die eerste eeu v.C. was daar 'n Romeinse dokter met die naam Soranus, wat poësie en drama vir sy pasiënte voorgeskryf het (Longo, 2006). Genesing en die kunste blyk dus lank reeds vervleg met mekaar te wees.

Poësieterapie het 'n kragtige terapeutiese uitwerking wanneer 'n verhoogde emosionele bewuswording en selfuitdrukking daardeur tot stand kom (King's Fund, 2003). Dit word gebruik vir die behandeling van aanpassingsprobleme (as gevolg van verandering of verlies), depressie, dwelm en alkoholmisbruik, versteurde interpersoonlike verhoudings (bv. as gevolg van verkragting of bloedskande) en om pasiënte 'n beter begrip van hulleself te gee. Die doelwitte van poësieterapie is om 'n beter kapasiteit tot reaksie te ontwikkel, selfverstaan aan te help, 'n bewustheid ten opsigte van interpersoonlike verhoudinge te kweek en realiteitsoriëntasie te verbeter (sien Poetry therapy, 2004). Volgens Longo (1997) het poësieterapie die vermoë om die diepste binneste van die mens te help definieer en te versterk. Dit stel die individu in staat om uit te kom by die deel van homself wat verantwoordelik is vir die skep van poësie en waarin sy diepste emosies gesetel is. Taal, ritme, metafoor, klank en beelde word gebruik om hierdie emosies te leer ken en hanteer. Veral die ritme en frasering van die poësie het die effek dat die diepste innerlike van die pasiënt geraak en ontsluit word.

Met poësieterapie word 'n bepaalde ruimte geskep waarbinne pasiënte hulle diepste gedagtes in poësievorm kan weergee. Dit word gewoonlik in groepsverband tydens 'n gestruktureerde terapiesessie gedoen. Die elemente van poësie, naamlik ritme, klank, metafoor ensomeer word ingespan om innerlike emosionele groei te bewerk en emosionele bewustheid te kweek (Poetry magic, 2006). Dit is veral die ritme in poësie wat 'n kragtige terapeutiese waarde het, omdat dit deur herhaling 'n brug bou na die onderbewuste waaruit die negatiewe

emosies kom. Daarbenewens het ook die vorm van 'n gedig groot waarde, omdat dit orde skep uit chaos en harmonie uit disharmonie (sien Longo, 2006).

In poësieterapie is die fokus op kwessies wat pynlik is, of diep verborge is in die onderbewussyn, sodat dit na die oppervlak gebring en hanteer kan word. Poësie bring mense in kontak met mekaar deurdat gedistilleerde konsepte, ritmes en woorde diep gevoelens op 'n besondere manier teenoor mekaar kommunikeer. Geen ander woordelikse manier van uitdrukking het die vermoë wat poësie het om 'n veelheid van emosies gelyktydig te dra en bymekaar te hou nie. Wanneer sterk emosies só met behulp van poësie uitgedruk kan word, op 'n manier wat vir die pasiënt aanvaarbaar en veilig is, is dit moontlik om dit te verstaan, beheer en verwerk (sien Longo, 2006).

Die proses waarmee in poësieterapie gewerk word, kan in vier stadia verdeel word: erkenning van emosies, nadere ondersoek daarvan, insette van buitestaanders en toepassing van die nuwe insigte wat verkry is (BBC, 2002). Terapiesessies word in groepsverband gedoen en deelnemers aan 'n terapiesessie word gevra om 'n bepaalde gedig voor te lees en daarop kommentaar te lewer. Die kommentaar het ten doel om die dieper betekenis van die gedig te ontgin en op elkeen se persoonlike lewe van toepassing te maak. So word diepliggende gedagtes en emosies geïdentifiseer en erken en kan terapeuties daarmee gewerk word. In die proses word vrese en verwante emosies 'n mate van 'n konkrete vorm gegee, waardeur begin kan word om dit te bemeester en oorkom (Poetrymagic, 2006).

'n Verdere stap in die terapie is dat ander deelnemers gevra word om kommentaar te lewer op een van die pasiënte se interpretasie van 'n gedig. Dit is nie net vir die betrokke pasiënt tot voordeel nie, maar het ook groot terapeutiese waarde vir elkeen wat insette lewer en bydra tot die gesprek (Poetrymagic, 2006). In jukstaposisie met ander deelnemers het die klank en ritme van woorde nog meer terapeutiese waarde en word groepskohesie bewerk. Wanneer mense gesamentlik met poësie werk en mekaar se interpretasies deel, begin hulle mekaar se perspektiewe verstaan. Volgens die BBC (2002) kan beide geslagte, alle rassegroepe en alle ouderdomme hiermee behandel word. Deelnemers aan 'n terapiesessie ondersoek en interpreteer nie alleen poësie nie, hulle word ook gevra om self poësie te skryf. Dit ontsluit allerhande vlakke van kreatiwiteit (Poetrymagic, 2006) wanneer onderlinge eenheid bevorder word en vertroue en

begrip vir mekaar onder die deelnemers begin groei (BBC, 2002). Om deur middel van die bespreking in groepsverband te ervaar dat ander dieselfde tipe emosie in hulle binneste dra, is vir die meeste pasiënte bevrydend (Longo, 2006). Omdat dit in die eerste plek oor die hantering en verwerking van emosie gaan, word uiteraard nie veel aandag gegee aan die tegniese of artistieke waarde van die gedig wat gebruik word nie.

Die uiteindelike stap is om die insigte wat uit hierdie bespreking verkry is, van toepassing te maak op die lewe en denke van die pasiënt. Die waarde wat dit vir pastorale gesprekke het, is nog nie werklik ontgin nie en daar is maar enkele gevalle bekend van beraders wat poësie met vrug gebruik in die pastoraat (sien Poetry therapy, 2004).

Volgens Von Bonin *et al* (2001) het poësieterapie nie alleen op emosionele vlak 'n effek op die pasiënt nie. Hulle navorsing het duidelik uitgewys dat dit ook die hartklop van 'n pasiënt beduidend beïnvloed, terwyl Bettermann *et al* (2002) bevind het dat dit net so 'n merkbare uitwerking op die hartritme en kardiorespiratoriese vermoë van die pasiënt het. Hoewel nog heelwat navorsing op hierdie terrein gedoen moet word, dui voorlopige resultate daarop dat poësieterapie 'n merkbare effek op selfs die fisiologie van die pasiënt kan hê en dat daar 'n moontlikheid is om sekere fisiologiese toestande daarmee te behandel.

Bogenoemde gee 'n goeie aanduiding van die kragtige werking wat poësie op die mens kan hê. In die hande van 'n kundige terapeut kan 'n wye reeks toestande en probleme behandel word. Net soos die geval met musiek, beskik die kerk in die kerklied dus ook oor die kragtige instrument van die poësie, wat tesame met die musiek effektief gebruik kan word om mense se diepste binneste aan te raak en te verander met die evangelie van Jesus Christus.

3.7.2.3. Konklusie oor poësieterapie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor poësieterapie:

- Hoewel poësieterapie al vir eeue lank 'n erkende behandeling is vir mense met sekere geestesafwykings, is daar in die moderne psigoterapie eers redelik onlangs spesifieke aandag daaraan begin gee.

- In poësieterapie word poësie ontleed (en selfs geskep) waardeur die pasiënt gelei word om sy diepste emosies en gevoelens te identifiseer, verstaan en verwerk.
- 'n Wye verskeidenheid toestande en probleme word met behulp van poësieterapie behandel. In enkele gevalle word dit ook vir pastorale berading gebruik.
- Poësieterapiesessies word gewoonlik in groepsverband gedoen. 'n Gesamentlike ondersoek en bespreking van poësie bou groepskohesie wanneer onderlinge vertroue en begip vir mekaar se diepste gedagtes en emosies ontstaan.
- Selfs ook op fisiologiese vlak het poësieterapie 'n merkbare effek op die pasiënt.
- Suksesse op die gebied van die poësieterapie dui aan watter kragtige instrument poësie is. In die kerklied beskik die kerk ook oor hierdie kragtige instrument en tesame met die musiek kan dit effektief gebruik word om mense se diepste binneste aan te raak met die evangelie van Jesus Christus.

3.7.3. Samevattende konklusie oor die krag van musiek en poësie in die kerklied

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die krag van musiek en poësie in die kerklied:

- Die kerklied bestaan uit musiek en poësie. Beide musiek en poësie het 'n besondere kragtige uitwerking op die mens. In die kerklied beskik die kerk dus oor die geheimenisvolle krag van musiek en poësie, wat veral in die pastorale en missionêre dimensies van die erediens met vrug aangewend kan word.
- Navorsing op die gebied van die musiekterapie toon dat musiek effektief is vir die behandeling van 'n wye reeks pastorale, neurologiese sowel as fisiologiese probleme.
- Die pastorale krag van musiek is by uitstek geskik vir die bou van verhoudings tussen mense en die oplos van konflik. 'n Hegte eenheid word gebou wanneer gesamentlik musiek gemaak of gesing word – veral waar dit liedere is wat die Bybelse boodskap van versoening dra.
- In 'n multikulturele opset lei samesang daartoe dat kulturele grense oorgesteek en vreemde kulture toeganklik gemaak word.
- Poësie is 'n kragtige kommunikasiemiddel waarmee die "onuitspreeklike" van die misterie van religie, die sin van die lewe, die dood en die verganklikheid verwoord

kan word. In 'n beperkte aantal woorde vang dit 'n veelheid van betekenisse vas, wat beide die intellek en emosie van die mens aanspreek.

- Om effektief te kan wees in 'n multikulturele konteks, is kontekstualisering van groot belang. As die hoorder of sanger werklik begryp wat hy sing of lees, kan die poësie 'n kragtig werking op hom hê.
- Navorsing op die gebied van die poësieterapie toon dat poësie effektief gebruik kan word vir die behandeling van 'n wye reeks toestande en probleme. Selfs op fisiologiese vlak het poësie 'n merkbare effek op die pasiënt. Wanneer dit in groepsverband gebruik word, dien poësie tot die bou van 'n sterk groepskohesie namate vertroue en begrip vir mekaar se diepste gedagtes en emosie ontstaan.
- Net soos die geval met musiek, beskik die kerk in poësie dus ook oor 'n kragtige instrument waarmee mense se diepste binneste aangeraak en verander kan word.

3.8. Musiek en die kerklied in 'n multikulturele erediens

Omdat multikulturaliteit 'n groeiende tendens regoor die wêreld is, het die kerk meer as ooit tevore te doen met 'n pluralistiese musikale omgewing. Die erediens vind nooit los van 'n bepaalde kulturele konteks plaas nie. Musiek is 'n spesifieke manifestasie van kultuur. Dit is 'n produk van sosiale en kulturele prosesse en word binne 'n bepaalde kulturele konteks beoefen (Blacking, 1995:227; Slobin & Titon, 1992:1; Corbitt, 1998:68). Musiek, as integrale deel van die erediens, is die stem waarmee Christene hulle geloof uitdruk. Dit gebeur altyd vanuit die konteks van 'n eie kulturele agtergrond. Gevolglik word voorkeure en keuses van musiek in die erediens bepaal deur kulturele voorkeure en estetiese standaarde van lidmate (Corbitt, 1998:50).

Musiek is meer kultuur-spesifiek is as enige verbale taal. Net soos wat 'n woordelikse vertaling vanuit een taal na 'n ander in wese 'n uiters komplekse en ingewikkelde proses is, is dit 'n komplekse proses om musiek vanuit een kulturele konteks (of idioom) na 'n ander oor te "vertaal." Met taal is dit só dat geen twee tale die werklikheid op dieselfde manier beskryf nie. Elke taal veronderstel en dra sy eie weergawe van die werklikheid (Gittins, 1989:65). Net so kommunikeer verskillende musiekidiome die werklikheid elkeen op 'n unieke manier. Die betekenis wat musiek vir die toehoorder het, is 'n belangrike aspek om in gedagte te hou wanneer gelowiges vanuit verskillende kulturele groeperings saam aanbid in die erediens. Wanneer na musiek geluister word, word interpretasie deurentyd gedoen. Elke persoon se respons op musiek hang af van die (kultureel-bepaalde) idees wat met die musiek geassosieer is (Titon, 1992:xxi). Dikwels is 'n luisteraar se interpretasie verskillend van dit wat deur die komponis of uitvoerder bedoel

word. Dit gebeur omdat musiek aanvanklik aangevoel en dan in eie kulturele kodes omgesit word (Blacking, 1995:228, 241).

Tog is dit terselfdertyd vir die mens moontlik om sin te maak van "vreemde" musieksisteme, sonder dat die bepaalde kodes van hierdie sisteme eers aangeleer is. Volgens Blacking (1995:241) is musiek 'n kognitiewe, affektiewe aktiwiteit van die liggaam en is elke mens toegerus met 'n basiese musikale intelligensie. Daar is sekere aspekte van nie-verbale kommunikasie en kognitiewe organisasie wat deel vorm van die menslike biogrammatika. Wanneer 'n mens na musiek luister en die "grammatika" van die musiek ooreenkom met die musikale biogrammatika van sy liggaam, kan kognitiewe resonans gevoel en begryp word, afgesien van sy eie unieke kulturele of sosiale ervaring. Blacking (1995:239) noem dit die "supra-kulturele kognitiewe resonans." 'n Intuïtiewe begryp van musiek is dus moontlik omdat die uitvoerder en luisteraar dieselfde aangebore musikale vermoë of intelligensie besit as die komponis van die musiek. Die luisteraar voel in sy liggaam aan wat die komponis van die musiek aangevoel het toe hy dit gekomponeer het. Hierdie gevoelens is so 'n essensiële deel van die werking van die menslike liggaam, dat daar 'n gepaardgaande ervaring is van een-wees, vervulling en self-aktualisering (Blacking, 1995:241). Musikale betekenis hang af van die strukturering van klank en dit is die musikale beduiding wat mense daarin vind wat kommunikasie deur middel van musiek moontlik maak. Om hierdie rede kan 'n mens 'n konneksie maak tussen 'n musikale en non-musikale belewenis, al behoort hy of sy nie aan die spesifieke kultuurgroep waarbinne die musiek ontstaan het nie.

Musiek het derhalwe geweldige potensiaal as intellektuele en affektiewe krag in menslike kommunikasie, die samelewing en kultuur. Dit kan volgens Blacking (1995:242) baie meer effektief gebruik word om 'n vredevolle, gelyke en voorspoedige samelewing daar te stel. Musiek bied die ideale geleentheid om skeppend te werk te gaan en ook te dien as 'n vorm van gemeenskapservaring waarin groepsentiment uitgedruk word (Corbitt, 1998:54). Die vraag bly egter altyd hoe musiek inpas by die ander aspekte van iemand se leefwêreld. Dit is belangrik om te kan bepaal watter wedersydse invloede daar is (Blacking, 1995:227) wanneer musiek in 'n multikulturele opset gebruik word. Die rede hiervoor is dat die spesifieke beduiding van musiek nie noodwendig so akkuraat aangevoel kan word deur middel van die "supra-kulturele" musikale vermoëns van die mens nie. Effektiewe kommunikasie kan dus in die proses verlore gaan.

Musiek kommunikeer moeilik wanneer dit oor kultuurgrense gedoen word. Daar is altyd 'n wesenlike gevaar dat die presiese betekenis daarvan verlore kan gaan. In die proses van

kommunikasie het elke ontvanger van 'n boodskap 'n filter waardeur hy die boodskap ontvang. Hierdie filter word gevorm deur sy wêreldbeskouing en kultuur (Corbitt, 1998:118). Verskillende kulture het verskillende konsepte met betrekking tot musiek en liedere. Eers wanneer 'n mens die kulturele konteks van 'n lied verstaan, is dit moontlik om die waarde daarvan in te sien en dit werklik te leer ken. So word musiek sonder dans in sekere kulture as swak musiek beskou. In sommige kulture word die artistieke waarde van musiek beklemtoon, terwyl ander soek na die funksionele waarde daarvan. In die geskiedenis van die kerk het hierdie problematiek verskeie struikelblokke gebring. Sekere instrumente, asook sekere melodieë is met sekere heidense praktyke geassosieer en deur sommiges onaanvaarbaar vir die erediens gevind, terwyl ander dit as onontbeerlik vir die erediens beskou het (Corbitt, 1998:34, 68).

Wanneer verskillende kulture bymekaar is, is die uitdaging om saam te kan aanbid en sing sonder dat die een kultuurgroep die ander domineer of marginaliseer. Die erediens, in al sy aspekte, moet vir elke deelnemer relevant gemaak word, sonder dat iemand sy identiteit inboet of kontinuïteit verlore gaan. Omdat daar 'n wesenlike vrees bestaan dat deelname aan die ekspressiewe elemente van "vreemde" Christelike gemeenskappe se eredienste sal lei tot gedwonge assimilasie met so 'n groep, is daar dikwels 'n negatiewe reaksie by Christene wanneer hulle daaraan blootgestel word (Corbitt, 1998:51,70). Die gevaar vir Westerse gelowiges lê volgens Blacking (1995:223) daarin dat ander kulture se musiekidioom benader en beoordeel word vanuit 'n Europese kunsmusiek tradisie (sien ook Shepherd, 1991:58). Omdat elke mens self te subjektief is, kan nie sonder hulp van buite geoordeel word oor die musiekkultuur van 'n ander nie (Slobin & Titon, 1992:13). Alvorens die dieper betekenis van iemand se musiek verstaan kan word, is dit dus nodig dat die komponis of uitvoerder daarvan eers binne sy eie kulturele konteks leer ken en verstaan word (Titon, 1992:xxiii).

In 'n pluralistiese wêreld wat gekarakteriseer word deur die chaos van verandering, soek die kerk – wat sy kerkmusiek betref – na stabiliteit en vastigheid. Hier is twee gevare: eksklusiwiteit en self-uitsluiting, of 'n identifikasie met die kultuur van die wêreld, sonder om geloof as antwoord vir die wêreld te bied (Corbitt, 1998:26). Nie een van hierdie moontlikhede dien tot opbou en groei in die koninkryk van God nie. Om hierdie rede is dit vir 'n multikulturele gemeente belangrik om met mekaar te onderhandel sodat 'n middeweg gevind kan word wat vir almal aanvaarbaar is. Dit hou noodwendig in dat elkeen bereid moet moet wees om sekere dinge te deel en ander op te gee. Om gemeenskaplike simbole te vind is 'n historiese en sosiopolitieke proses. Hierin moet gepoog word om kommunikasiesimbole te vereenvoudig en te verminder. In plaas van

verdelende doktrines moet eerder gesoek word na gemeenskaplike geloofskwessies. Ervaring in hierdie verband het volgens Corbitt (1998:60, 62-65) geleer dat liedere wat reeds in gebruik is in verskeie kulture van die wêreld, die meeste geslaagd is vir gebruik in multikulturele eredienste.

'n Verdere uitdaging wat die kerk in die multikulturele wêreld van vandag het, is om die boodskap van die evangelie vir 'n jonger generasie aan te bied in die kontemporêre taal en kultuur wat hulle in baie gevalle deur die massamedia leer ken het. Weens die geweldige ontwikkelings op die gebiede van klanktegnologie en die massamedia is gelowiges in baie gevalle grootliks omvorm van deelnemers tot verbruikers. Wanneer daar dan boonop lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde bymekaar is, is die gevolg dikwels dat konflik voorkom omdat een persoon se smaak nie ooreenkom met dié van 'n ander nie (Corbitt, 1998:51). Op 'n wyer front is die gevolg hiervan uiteindelik dat 'n skat van gewyde musiek aan die verdwyn is in die wêreld. Hierteen moet die kerk ernstig waak.

3.8.1. Konklusie oor musiek en die kerklied in 'n multikulturele erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor musiek en die kerklied in 'n multikulturele erediens:

- Die kerk het meer as ooit tevore te doen met 'n pluralistiese musikale omgewing. Daar moet deeglik rekening gehou wod met die feit dat kerkmusiek, net soos alle ander tipes musiek, bepaal word deur die kulturele agtergrond van diegene wat dit sing.
- Musiek ontstaan in 'n bepaalde kulturele konteks en word aangehoor vanuit 'n spesifieke kulturele agtergrond. Elke mens kan wel die basiese boodskap van die musiek uit 'n ander kultuur aanvoel, maar die gevaar bestaan dat dit nie duidelik genoeg gekommunikeer word nie.
- In 'n multikulturele erediens is dit van groot belang dat elke betrokke kultuur leer ken word en dat die eie kultuur nie op ander afgedwing word nie. Sodoende kan verseker word dat kommunikasie deur die kerklied effektief en doeltrefend geskied.
- Te midde van 'n multikulturele wêreld word verskillende en uiteenlopende eise aan die kerk gestel. Ten einde te verseker dat die kerk homself nie uitsluit nie, maar ook nie identifiseer met die sondige kultuur van die wêreld nie, moet lidmate met mekaar onderhandel om liedere te vind wat vir almal aanvaarbaar en toeganklik is en inpas by die Bybelse beginsels daarvoor.

3.9. Samevattende konklusie oor die gereformeerde kerklied

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde kerklied:

- Net soos die ander musiek wat in die erediens gebruik word, moet ook die kerklied as sodanig, sowel as die aanwending daarvan, geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse voorwaardes daarvoor. Dit moet tot diens wees van die totale gebeure in die erediens, terwyl ten alle tye gepoog word om die beste musikale uitdrukking van die gemeente as offer aan God te gee. 'n Grondige begrip van die aard en wese van die erediens is hiervoor nodig.
- In die erediens kan die kerklied aangevul word met musiekinstrumente en dans. Alle musiekgawes is gawes van die Gees en moet dien as legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens, met in agneming van die Bybelse beginsels daarvoor.
- Die volk van God is 'n singende volk en word regdeur die Bybel as sodanig bekendgestel. Die kerklied dien by uitstek daartoe dat die totale gemeente aktief kan deelhê aan die erediens en die totale mens-wees van die deelnemer word hierby betrek.
- Die kerklied maak 'n appèl op sowel die gees as die verstand van die gelowige en bring dialoog met God en mekaar tot stand. So werk dit ook pastoraal en bring genesing op intellektuele, fisiese, emosionele en geestelike vlak.
- Voorwaardes vir die kerklied is dat dit Skrifgetrou, dogmaties suiwer, duidelik, singbaar, van goeie kwaliteit en toeganklik vir die hele gemeente moet wees.
- Deur die loop van die kerkgeskiedenis was daar verskillende fases van ontwikkeling vir die kerklied. Verskeie kerklied tradisies het onstaan. Vir die skep van nuwe liedere is fyn aanvoeling en onderskeidingsvermoë nodig, omdat die kerklied relevant en eietyds, maar steeds gepas vir die aard en wese van die erediens moet wees.
- Omdat die kerklied bestaan uit musiek en poësie en beide hierdie elemente 'n kragtige uitwerking op die mens het, beskik die kerk in die kerklied oor 'n geheimenisvolle krag wat effektief in die erediens aangewend kan word. Beide musiek en poësie word in die genesingwetenskappe gebruik vir die behandeling van 'n wye verskeidenheid probleme en siektetoestande. Beide word ook effektief gebruik vir die bou van verhoudings tussen mense en die oplos van konflik. Indien dit op die regte wyse ingespan word, kan dit in 'n multikulturele konteks daartoe lei dat kulturele grense oorgesteek word en 'n sterk groepskohesie tot stand kom.

4. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese perspektiewe op die gereformeede erediens en kerklied:

- Die erediens is die amptelike samekoms van God drie-enig met sy kerk. Dit is 'n ordelike gebeure waarin dialoog tussen God en sy kerk en die kerklede onderling tot stand kom en waarin die kerk bepaalde offers aan God bring. Die erediens is 'n pastorale gebeure waar die versoening met God en mekaar gestalte kry en ook 'n missionêre gebeure waar in dialoog met die wêreld getree word.
- Omdat die kerk onder groeiende druk is om te probeer relevant bly vir die huidige tyd, is daar voortdurende verandering in die inkleding van die erediens. Verandering moet goed deurdag wees en volgens Bybelse beginsels gedoen word, met die uiteindelike doel dat lidmate in staat gestel word om met groter toewyding te kan deelneem aan die erediens.
- Die erediens vereis 'n eiesoortige estetika. Diepgang, stylvolheid en artistieke bedrewenheid is belangrik, maar mag nie die funksionaliteit of relevansie verdring nie. In 'n multikulturele erediens moet rekening gehou word met etniese en kulturele voorkeure en uitgangspunte van alle lidmate.
- Omdat die liturgie bepaal word deur kultuur, is dit noodsaaklik dat die erediens verstaan word binne die kulturele konteks waarin die beslag kry. Kultuur moet altyd die liturgie tot diens wees. Die uitdaging vir die kerk is om die erediens kultureel relevant te hou, terwyl dit steeds Godgesentreerd bly.
- Multikulturaliteit is iets waarmee die kerk toenemend te doen sal hê. In die erediens skep dit bepaalde probleme indien daar nie goed rekening gehou word met die problematiek van kontekstualisering, hermeneutiek en sinkretisme nie. Wanneer gesoek word na nuwe simbole vir 'n multikulturele erediens, moet 'n fyn balans gehandhaaf word tussen verskillende behoeftes van lidmate uit verskillende kulture. Inkulturasie moet in alle gevalle so plaasvind dat elkeen steeds kan identifiseer met en vashou aan sy eie kultuurgoedere, in sovêrre dit ooreenkom met die riglyne in die Woord van God.
- Die volk van God is 'n singende volk en word regdeur die Bybel as sodanig bekendgestel. In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente aktief kan deelhê aan die erediens.
- Net soos die ander musiek wat in die erediens gebruik word, moet ook die kerklied as sodanig, sowel as die aanwending daarvan, geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse voorwaardes daarvoor. Dit moet tot diens

wees van die totale gebeure in die erediens, terwyl ten alle tye gepoog word om die beste musikale uitdrukking van die gemeente as offer aan God te gee. 'n Grondige begrip van die aard en wese van die erediens is hiervoor nodig.

- In die erediens kan die kerklied aangevul word met musiekinstrumente en dans. Alle musiekgawes is gawes van die Gees en moet dien as legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens, met in agneming van die Bybelse beginsels daarvoor.
- Die kerklied maak 'n appèl op sowel die gees as die verstand van die gelowige en bring dialoog met God en mekaar tot stand. So werk dit ook pastoraal en bring genesing op intellektuele, fisiese, emosionele en geestelike vlak.
- Voorwaardes vir die kerklied is dat dit Skrifgetrou, dogmaties suiwer, duidelik, singbaar, van goeie kwaliteit en toeganklik vir die hele gemeente moet wees. Vir die skep van nuwe liedere is fyn aanvoeling en onderskeidingsvermoë nodig, omdat die kerklied relevant en eietyds, maar steeds gepas vir die aard en wese van die erediens moet wees.
- Omdat die kerklied bestaan uit musiek en poësie en beide hierdie elemente 'n kragtige uitwerking op die mens het, beskik die kerk in die kerklied oor 'n geheimenisvolle krag wat effektief in die erediens aangewend kan word. Beide musiek en poësie word in die genesingwetenskappe gebruik vir die behandeling van 'n wye verskeidenheid probleme en siektetoestande. Beide word ook effektief gebruik vir die bou van verhoudings tussen mense en die oplos van konflik. Indien dit op die regte wyse ingespan word, kan dit in 'n multikulturele konteks daartoe lei dat kulturele grense oorgesteek word en 'n sterk groepskohesie tot stand kom.

DEEL 1

BASISTEORIE



HOOFSTUK 5: BASISTEORETIESE BEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE KONTEKS

1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die gegewens van Hoofstuk 2 tot 4 saamgevoeg ten einde tot sekere basisteoretiese beginsels te kom. In Deel 2, wat hierna volg en waarin metateoretiese perspektiewe ondersoek word, word hierdie basisteoretiese beginsels op die praktyk toegepas en getoets.

2. Gegewens uit Hoofstuk 2 tot 4

2.1. Hoofstuk 2: Basisteoretiese ondersoek met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit

2.1.1. Gegewens met betrekking tot kultuur

Na aanleiding van gegewens uit die Filosofie asook die Ou en Nuwe Testament kan die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor kultuur:

- Kultuur is die resultaat van die mens se totale omgang met sy omgewing, volgens die opdrag wat hy van God daartoe ontvang het.
- Kultuur word wesenlik beïnvloed en die aard daarvan bepaal deur wat die mens dink (filosofie) en glo (teologie). In wese is kultuur 'n soeke na Hom wat in die eerste plek die opdrag tot kultuurarbeid aan die mens gegee het.
- Kultuur bestaan uit verskeie onderskeibare fasette wat nou met mekaar saamhang en 'n uiters komplekse geheel vorm. Die totaliteit van kultuur word bepaal deur die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees. Hiervan vorm die religieuse en lewensbeskoulike dimensies die kern.
- Kultuur is nie staties nie. Kultuur en omgewing beïnvloed mekaar wedersyds.

- Musiek en sang het 'n prominente rol in elke kultuur. Dit dien as simboliese kommunikasie waarmee probeer word om die belewing van die werklikheid te verklaar. As sodanig is dit by uitstek geskik daarvoor om gemeenskaplike kulturele simbole te skep en daarin te deel.
- In die begin het God die mens geskep en hom die opdrag gegee om oor die skepping te heers volgens sy (God se) wil. Hieronder word ook kulturele arbeid verstaan.
- Met die sondeval is die mens se verhouding met God en die skepping skeefgetrek. Sedertdien is die kultuurarbeid van die mens onderhewig aan uitbuiting, selfgesentreerdheid en spanning. Dit is iets wat hy ter wille van homself en ten koste van sy geloofsverhouding met God doen.
- Tog bly God vol liefde en genade. Hy verlaat die mens nie en wys telkens hoedat Hy juis die proses van kultuurvorming gebruik as beskerming teen die vernietigende mag van die bose.
- Herskepping vir die mens en sy kultuurarbeid word dringend noodsaaklik. Die kern van sy kultuurarbeid moet nuut gemaak word, sodat ook sy kultuur in diens en tot eer van God kan wees. Wanneer Jesus as Verlosser aarde toe kom, bewerk Hy die herskepping wat die mens en sy kultuur so dringend nodig het. Hy deurbreek gevestigde kulturele grense om daardeur aan te toon dat die geloof is wat red en nie kulturele afkoms nie.
- In die kerk word mense van verskillende kulture verenig om 'n nuwe mensheid met 'n nuwe kultuur daar te stel. Die verlostes wat in die eindtyd bymekaar is om die lof van God te besing, is mense vanuit verskillende kulturele afkomste. Hulle juig oor die bevryding en herstel wat Christus gebring het in die verhouding met God en die skepping.

2.1.2. Gegewens met betrekking tot multikulturaliteit

Na aanleiding van gegewens uit die Filosofie asook die Ou en Nuwe Testament kan die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor multikulturaliteit:

- Multikulturaliteit is 'n gegewe. Sedert die gebeure by die toring van Babel was dit 'n werklikheid en vandag is dit steeds so. Van die vroegste tye af het daar kontak gekom tussen mense van uit verskillende kulture.
- Waar mense vanuit verskillende kulture met mekaar saamleef, bring dit 'n eiesoortige problematiek. Dikwels kom daar kommunikasieprobleme en misverstande op verskillende vlakke voor, wat lei tot konflik asook pogings om mekaar se kulture te domineer en te verdring. Stereotipering, vooroordeel en

etnosentrisme lê gewoonlik aan die wortel van die probleem. As gevolg van die ontwikkelings in veral die kommunikasietegnologie is dit iets wat vandag al hoe meer toeneem.

- Die oplossing vir die problematiek rondom multikulturele kontak lê daarin om op 'n Bybelse wyse in liefde teenoor mekaar op te tree en mekaar werklik te leer ken. Die regte Bybelse gesindheid van aanvaarding en akkommodering teenoor mense vanuit ander kulture moet gekweek word. Ook moet die regte geleenthede geskep word om die ander beter te leer ken, by hulle te leer, self te groei en iets blywends aan hulle te kan gee.
- Die aanleer van tegnieke vir inter-kulturele kommunikasie, gereelde kontak met mense uit ander kulture en 'n positiewe siening van die vermoë van verskillende kulture om mekaar te verryk, kan wedersydse aanvaarding van mekaar aanhelp. Tydsberekening en die verloop van tyd is eweneens van kritiese belang wanneer saamgeleef word met mense vanuit ander kulture. Kollektivisme sal egter altyd 'n faktor bly om mee rekening te hou.
- Multikulturele kontak moet gesien word as iets wat verryk en 'n geleentheid gee om ook elkeen se kultuureie te ondersoek. Die goeie van elke kultuur moet behoue bly, terwyl die slegte op 'n Bybelse reformatoriese wyse reggestel moet word.
- Vanuit 'n Bybelse oogpunt is multikulturaliteit nie 'n struikelblok nie, maar eerder 'n geleentheid en uitdaging om die evangelie van Christus uit te dra. Die eskatologiese nuwe volk van God moet in gedagte gehou word. Die fokus moet wees om al nader te beweeg na 'n situasie waar die nuwe volk van God (uit alle nasies en kulture) versoen met Hom en mekaar, in volmaakte eenheid met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe verhouding met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe kultuur, leef en werk tot sy eer.

2.1.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit:

- Kultuur is die resultaat van die mens se totale omgang met sy omgewing, volgens die opdrag wat hy van God daartoe ontvang het.
- Kultuur bestaan uit verskeie onderskeibare fasette wat nou met mekaar saamhang en 'n uiters komplekse geheel vorm. Die totaliteit van kultuur word bepaal deur die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en

gedragsdimensies van mens-wees. Hiervan vorm die religieuse en lewensbeskoulike dimensies die kern.

- Musiek en sang het 'n prominente rol in elke kultuur. Dit dien as simboliese kommunikasie waarmee die belewing van die werklikheid probeer verklaar word.
- In die begin skep God die mens en gee hom die opdrag om hom oor die skepping te heers volgens sy (God se) wil. Hieronder word ook kulturele arbeid verstaan.
- Met die sondeval word die mens se verhouding met God en die skepping skeefgetrek en word die kultuurarbeid van die mens onderhewig aan uitbuiting, selfgesentreerdheid en spanning.
- God bly egter vol liefde en genade. Hy verlaat die mens nie en wys telkens hoedat Hy juis die proses van kultuurvorming gebruik as beskerming teen die vernietigende mag van die bose.
- Van die vroegste tye af is daar kontak tussen mense van verskillende kulture. Kontak tussen mense vanuit verskillende kulture is merendeels problematies, met kommunikasieprobleme en misverstande wat op verskillende vlakke voorkom. Dit lei dikwels tot konflik asook pogings om mekaar se kulture te domineer en selfs te verdring. Stereotipering, vooroordeel en etnosentrisme lê gewoonlik aan die wortel van die probleem.
- Wanneer Jesus as Verlosser aarde toe kom, bewerk Hy die herskepping wat die mens en sy kultuur so dringend nodig het. Hy deurbreek gevestigde kulturele grense om daardeur aan te toon dat die geloof is wat red en nie kulturele afkoms nie. In die kerk word mense van verskillende kulture verenig om 'n nuwe mensheid met 'n nuwe kultuur daar te stel.
- Die oplossing vir die problematiek rondom multikulturele kontak lê daarin om op 'n Bybelse wyse in liefde teenoor mekaar op te tree en mekaar werklik te leer ken. Die regte Bybelse gesindheid van aanvaarding en akkommodering teenoor mense vanuit ander kulture moet gekweek word. Die regte geleenthede moet geskep word om die ander beter te leer ken, by hulle te leer, self te groei en iets blywends aan die ander te kan gee.
- Multikulturele kontak moet gesien word as iets wat verryk en 'n geleentheid gee om ook elkeen se kultuureie te ondersoek. Die goeie van elke kultuur moet behoue bly, terwyl die slegte op 'n Bybelse reformatoriese wyse reggestel moet word.
- Vanuit 'n Bybelse oogpunt is multikulturaliteit nie 'n struikelblok nie, maar eerder 'n geleentheid en uitdaging om die evangelie van Christus uit te dra. Die eskatologiese nuwe volk van God moet in gedagte gehou word. Die fokus moet

wees om al nader te beweeg na 'n situasie waar die nuwe volk van God (uit alle nasies en kulture) versoen met Hom en mekaar, in volmaakte eenheid met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe verhouding met Hom en mekaar, in 'n totaal nuwe kultuur, leef en werk tot sy eer.

- Die verlostes wat in die eindtyd bymekaar is om die lof van God te besing, is mense vanuit verskillende kulturele afkomste. Hulle juig oor die bevryding en herstel wat Christus gebring het in die verhouding met God en die skepping.

2.2. Hoofstuk 3: Basisteoretiese ondersoek met betrekking tot versoening en eenheid

2.2.1. Gegewens met betrekking tot versoening

Na aanleiding van gegewens uit die Ou en Nuwe Testament, kan die volgende samevattende konklusie gemaak word oor versoening:

- Die sondeval van die mens noodsaak versoening. Die mens het homself in sonde en ellende gedompel en daardeur sy verhouding met God verbreek. Dit het veroorsaak dat daar vyandskap en vervreemding in sy verhouding met God, homself, sy medemens en die skepping gekom het.
- God laat die mens nie maar oor aan sy lot nie. Hy neem die inisiatief om versoening te bewerk. Hy gee die belofte van herstel, verlossing en hoop. Regdeur die Ou Testament openbaar Hy Homself as die Een wat alles gereed maak vir die ontplooiing van sy plan vir versoening.
- Wat in die Ou Testament beloof is, gaan in vervulling in die Nuwe Testament wanneer Christus as mens op aarde gebore word. Hy betaal die sondeskuld van die mens en voldoen so aan die geregtigheid van God. So word versoening tussen God en mens bewerk en word die verhouding met God herstel.
- Hoewel dit God is wat die inisiatief neem om versoening te bewerk, eis Hy 'n bepaalde reaksie van sy volk. Daar moet 'n persoonlike reaksie wees, waarin die eise van God in hulle daaglikse lewe gestalte kry. Hulle nuwe verhouding met God moet gehoorsaam uitgeleef word in alle aspekte van hulle lewe. Hiervoor gee Hy die tien gebooie en die teenwoordigheid van die Heilige Gees.
- Versoening met God eis nuwe menseverhoudinge. Konflik en verdeeldheid wat die gevolg van die sondeval is, moet oorkom word sodat 'n nuwe verhouding van liefde en vrede daargestel kan word. Ook met ongelowige buitestaanders moet hierdie versoening nagestreef word, sodat die eskatologiese visie op 'n nuwe verhouding met God en mekaar reeds in die hede vergestalt word.
- Vir versoening om te slaag, is geregtigheid nodig. Christus het aan God se geregtigheid voldoen om versoening moontlik te maak. Sy lyding getuig daarvan

dat dit nie goedkoop gemaak kan word nie. Hierdie selfde beginsel van geregtigheid moet gestalte kry in onderlinge menseverhoudings. Vir versoening om te slaag, moet elke betrokke party bereid wees die prys te betaal wat nodig is daarvoor. Die eise van God se Woord moet daarin nagekom word.

- Vergifnis is 'n kernaspek van versoening. Omdat God vergewe, eis Hy dat gelowiges ook vergewe: mekaar en hulleself. Op grond van die verlossingswerk van Christus kies God om nie langer meer aan die sondes te dink nie. Gelowiges moet op dieselfde manier met hulle eie en mekaar se sondes werk.
- Versoening met God eis 'n nuwe verhouding met die skepping. In die mens se verhouding met die skepping moet "vryheid uit die verslawing aan die verganklikheid" gestalte kry.
- Vir multikulturele verhoudings is die implikasie van die versoening met God dat kulturele skeidsmure afgebreek word. Die nuwe mensheid in Christus word gebou op geloof en nie kulturele bepaaldheid nie. Dit akkommodeer kulturele verskille op só 'n manier dat mense uit verskillende kulturele agtergronde in Christus kan saamleef met mekaar in vrede en harmonie – sonder om hulle eie identiteit of kultuur in die proses te verloor.
- Die kerk het die taak om die boodskap van versoening daadwerklik in woord en daad in die wêreld te verkondig. Die diepte, volheid, uniekheid en kwaliteit daarvan is onontbeerlik vir vreedsame naasbestaan in 'n multikulturele wêreld vol konflik en vervreemding.
- Alle betrokke partye moet deel wees van die versoeningsproses en die kerk moet beide die slagoffer en oortreder pastoraal begelei hierin.
- Openlike en eerlike gesprekvoering is essensieel. Vir geloofwaardigheid in die proses moet skuldbelydenis, berou en vergifnis die einddoel van die gesprek wees.
- Werklike versoening lei tot transformasie en restitusie waar gesindhede en optrede teenoor mekaar verander, asook vergoeding betaal word waar nodig.

2.2.2. Gegewens met betrekking tot eenheid

Die volgende samevattende konklusie kan gevorm word oor Nuwe Testamentiese vertrekpunte rondom eenheid:

- Die eenheid tussen die Vader en die Seun werk eenheid onder Christus se volgelinge. Dieselfde liefde wat daar tussen die Vader en Seun is, bind sy volgelinge in onderlinge eenheid saam.

- Christus se volgelinge het die taak om die boodskap van verlossing, versoening en eenheid met woord en daad die wêreld in te dra. Hiervoor word hulle toegerus en beskerm deur God self.
- Soos wat die lede van 'n liggaam saam 'n eenheid word, bind Christus sy volgelinge as eenheid saam in die kerk. Met Hom as begin en einddoel, vind die kerk groeikrag en die gawes wat nodig is om haarself op te bou in 'n hegte eenheid. In hierdie groeiproses bou die kerk in liefde op die waarheid van die Woord.
- Diversiteit is 'n belangrike eienskap van die kerk van Christus. Die χαρίσματα wat die Gees gee vir die funksionering en opbou van die kerk, is nie almal dieselfde nie. Tog het elkeen 'n bepalende en onmisbare funksie in die liggaam van Christus.
- Diversiteit in die kerk mag nie verdeeldheid werk nie, maar moet dien tot verryking en opbou in die liggaam van Christus. Hierin is 'n fyn begrip en aanvoeling nodig.
- Die individu is nie belangriker as die eenheid van die kerk nie. Elkeen se gawes moet tot voordeel en opbou van die ander lede van die kerk aangewend word. Beskeidenheid op geloofsvlak is hiervoor nodig, asook lewens wat verander deurdat denke vernuwe word.
- Individuele waardes is egter net so belangrik as gemeenskaplike waardes in kerk en samelewing. Hierin het die kerk 'n belangrike getuienistaak in die wêreld.

2.2.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot versoening en eenheid

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese gegewens met betrekking tot versoening en eenheid:

- Sonde noodsaak versoening. Die sondeval van die mens het veroorsaak dat daar vyandskap en vervreemding gekom het in die plek van vrede en eenheid wat die mens se kultuur in sy verhouding met God getipeer het.
- God neem die inisiatief, beloof verlossing en stel sy verlossingsplan in werking om versoening met die mens daar te stel.
- Vir versoening om te slaag, is geregtigheid nodig. Christus maak die versoening met God werklik deurdat Hy aan die geregtigheid van God voldoen: Hy betaal vir die sondeskuld van die mens en God skenk die mens vergifnis van sy sondes.
- Die versoening van Christus maak 'n nuwe verhouding met God, medemens en skepping moontlik. Om hierdie eskatologiese visie in die hede te laat werklikheid

word, moet die mens op die regte wyse reageer en hierdie nuwe verhoudings in alle aspekte van sy daaglikse lewe uitleef.

- In die nuwe verhouding tussen mense onderling, is geregtigheid en vergifnis bepalend. Elke betrokkene moet bereid wees om die prys te betaal wat nodig is vir versoening en om ware vergifnis te bewerk.
- Vir vreedsame naasbestaan in 'n multikulturele omgewing is onderlinge versoening onontbeerlik. Die implikasie van versoening is dat kulturele skeidsmure afgebreek word en dat in vrede en harmonie saamgeleef word sonder om 'n eie kulturele identiteit in die proses prys te gee.
- Die kerk het die taak en verantwoordelikheid om die proses van versoening te inisieer en begelei, waar dit ookal blyk nodig te wees.
- Alle betrokke partye moet deel wees van die versoeningsproses en die kerk moet beide die slagoffer en oortreder pastoraal begelei hierin.
- Openlike en eerlike gesprekvoering is essensieel. Vir geloofwaardigheid in die proses moet skuldbelydenis, berou en vergifnis die einddoel van die gesprek wees.
- Werklike versoening lei tot transformasie en restitusie waar gesindhede en optrede teenoor mekaar verander, asook vergoeding betaal word waar nodig.
- Die gevolg van versoening is dat eenheid bewerk word. Versoening met God bewerk onderlinge eenheid wat dieselfde is as die eenheid tussen die Vader en die Seun. Dieselfde liefde wat daar tussen die Vader en Seun is, bind sy volgelinge in onderlinge eenheid saam.
- Die boodskap van verlossing, versoening en eenheid moet met woord en daad die wêreld ingedra. Hiervoor word die kerk toegerus, beskerm en deur Christus self tot 'n eenheid saamgebind.
- Diversiteit is 'n belangrike eienskap van die kerk van Christus. Hoewel die verskillende χαρίσματα vir die funksionering en opbou van die kerk nie almal dieselfde is nie, het elkeen 'n bepalende en onmisbare funksie in die liggaam van Christus.
- Diversiteit in die kerk mag nie verdeeldheid werk nie, maar moet dien tot verryking en opbou in die liggaam van Christus. Hierin is 'n fyn begrip en aanvoeling nodig.
- Die individu is nie belangriker as die eenheid van die kerk nie. Elkeen se gawes moet tot voordeel en opbou van die ander lede van die kerk aangewend word.
- Individuele waardes is egter net so belangrik as gemeenskaplike waardes in kerk en samelewing. Hierin het die kerk 'n belangrike getuienistaak teenoor die staat.

2.3. Hoofstuk 4: Basisteoretiese ondersoek met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied

2.3.1. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens

Die volgende Bybelse raamwerk kan daargestel word vir die gereformeerde erediens:

- Die erediens is die amptelike samekoms van God drie-enig met sy kerk. Dit is 'n ordelike gebeure waarin dialoog tussen God en sy kerk en sy kerk onderling tot stand kom en waarin die kerk bepaalde offers aan God bring. Die erediens is 'n pastorale gebeure waar die versoening met God en mekaar gestalte kry en ook 'n missionêre gebeure waar in dialoog met die wêreld getree word.
- Die inkleding van die erediens het ten doel om gestalte te gee aan die aard en wese daarvan.
- Omdat die kerk onder groeiende druk is om te probeer relevant bly vir die huidige tyd, is daar voortdurende verandering in die inkleding van die erediens. Verandering moet goed deurdag wees en volgens Bybelse beginsels gedoen word, met die uiteindelike doel dat lidmate in staat gestel word om met groter toewyding te kan deelneem aan die erediens. Solank die basiese Bybelse beginsels oor die liturgie hierin nagekom word, kan en behoort verandering te lei tot verdieping en 'n nuwe dimensie in die erediens.
- Die erediens vereis 'n eiesoortige estetika, wat 'n vergestalting is van gehoorsame navolging, getrouheid en toewyding aan God. Hoewel estetiese kwaliteit onontbeerlik is, mag dit nie lei tot estetisme nie. Diepgang, stylvolheid en artistieke bedrewenheid is belangrik, maar mag nie die funksionaliteit of relevansie verdring nie. In 'n multikulturele erediens moet rekening gehou word met etniese en kulturele voorkeure en uitgangspunte van alle lidmate.
- Omdat die liturgie bepaal word deur kultuur, is dit noodsaaklik dat die erediens verstaan word binne die kulturele konteks waarin die beslag kry. Kultuur moet altyd die liturgie tot diens wees. Die uitdaging vir die kerk is om die erediens kultureel relevant te hou, terwyl die steeds Godgesentreerd bly.
- Multikulturaliteit is iets waarmee die kerk toenemend te doen sal hê. In die erediens skep dit bepaalde kommunikasieprobleme indien daar nie goed rekening gehou word met kontekstualisering en hermeneutiek nie. Inkulturasie, relativisme en modernisasie vererger die problematiek hiervan. Elke deelnemer aan die erediens moet die geleentheid hê om te kan identifiseer met en vashou aan sy eie kultuurgoedere, in soverre dit ooreenkom met die riglyne in die Woord van God.

2.3.2. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde kerklied

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde kerklied:

- Musiek kommunikeer op 'n ander vlak as wat reguit, presiese woorde tussen mense dit doen. Dit het 'n pastorale krag om verhoudings te bou en konflik op te los.
- In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente aktief kan deelhê aan die erediens. Die totale mens-wees van die deelnemer word hierby betrek.
- Met samesang in die erediens, stel elke deelnemer homself oop vir die ander en deel iets persoonliks van homself met die ander. Dit werk 'n gevoel van eenheid wanneer verskillende stemme sekere kollektiewe emosies ervaar. So word 'n hegte verhouding gebou en kan genesing en versoening bewerk word waar vroeër vyandskap en vervreemding was.
- Gekombineer met die Bybelse boodskap van versoening in en deur Christus kan die musiek in die kerklied daartoe bydra dat konflik opgelos en 'n nuwe onderlinge verhouding gebou word.
- Omdat elke deelnemer aan die erediens moet kan deelhê aan die sang, kan dit nodig wees om verskillende musiekgawes in die erediens te akkommodeer en inkorporeer. Daar moet egter altyd sorg gedra word dat dit ten alle tye voldoen aan die Bybelse beginsels vir die erediens en kerklied
- Net soos die ander musiek wat in die erediens gebruik word, moet ook die kerklied geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse voorwaardes daarvoor. Dit moet tot diens wees van die totale gebeure in die erediens, terwyl ten alle tye gepoog word om die beste musikale uitdrukking van die gemeente as offer aan God te gee.
- In die erediens kan die kerklied aangevul word met koorsang, musiekinstrumente en liggaamlike beweging (dans). Alle musiekgawes is gawes van die Gees en moet dien as legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens, met in agneming van die Bybelse beginsels daarvoor.
- Die kerklied maak 'n appèl op sowel die gees as die verstand van die gelowige en bring dialoog met God en mekaar tot stand. Omdat die kerklied bestaan uit musiek en poësie en beide hierdie elemente 'n kragtige uitwerking op die mens het, beskik die kerk in die kerklied oor 'n geheimenisvolle krag wat, op sowel pastorale as missionêre vlak, effektief in die erediens aangewend kan word.
- Voorwaardes vir die kerklied is dat dit Skrifgetrou, dogmaties suiwer, duidelik, singbaar, van goeie kwaliteit en toeganklik vir die hele gemeente moet wees.

- Deur die loop van die kerkgeskiedenis was daar verskillende fases van ontwikkeling vir die kerklied. Verskeie kerklied tradisies het onstaan. Vir die skep van nuwe liedere is fyn aanvoeling en onderskeidingsvermoë nodig, omdat die kerklied relevant en eietyds, maar steeds gepas vir die aard en wese van die erediens moet wees.
- Die kerk het meer as ooit tevore te doen met 'n pluralistiese musikale omgewing. Net soos ander tipes musiek word ook kerkmusiek gevorm deur die kulturele agtergrond van diegene wat daaraan deelneem. Wanneer verskillende kulturele agtergronde ter sprake is moet daar, ook ten opsigte van die kerkmusiek, akkommodering van mekaar wees.
- In 'n multikulturele erediens is dit van groot belang dat elke betrokke kultuur leer ken word en dat die eie kultuur nie op ander afgedwing word nie. Sodoende kan verseker word dat kommunikasie deur die kerklied effektief en doeltreffend geskied.
- Te midde van 'n multikulturele wêreld word verskillende en uiteenlopende eise aan die kerk gestel. Ten einde te verseker dat die kerk homself nie uitsluit nie, maar ook nie identifiseer met die sondige kultuur van die wêreld nie, moet lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde met mekaar onderhandel om liedere te vind wat vir almal aanvaarbaar en toeganklik is en inpas by die Bybelse beginsels daarvoor.

2.3.3. Samevattende konklusie: basisteoretiese gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die basisteoretiese gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied

- Die erediens is die amptelike samekoms van God drie-enig met sy kerk. Dit is 'n ordelike gebeure waarin dialoog tussen God en sy kerk en sy kerk onderling tot stand kom en waarin die kerk bepaalde offers aan God bring. Die erediens is 'n pastorale gebeure waar die versoening met God en mekaar gestalte kry en ook 'n missionêre gebeure waar in dialoog met die wêreld getree word.
- Verandering in die erediens moet goed deurdag wees en volgens Bybelse beginsels gedoen word, met die uiteindelike doel dat lidmate in staat gestel word om met groter toewyding te kan deelneem aan die erediens.
- Die erediens vereis 'n eiesoortige estetika, wat 'n vergestalting is van gehoorsame navolging, getrouheid en toewyding aan God.

- Omdat die liturgie bepaal word deur kultuur, is dit noodsaaklik dat die erediens verstaan word binne die kulturele konteks waarin die beslag kry. Kultuur moet altyd die liturgie tot diens wees. Die uitdaging vir die kerk is om die erediens kultureel relevant te hou, terwyl die steeds Godgesentreerd bly.
- Die kerk kry toenemend te doen met multikulturaliteit. In 'n multikulturele erediens is dit van groot belang dat elke betrokke kultuur leer ken word en dat die eie kultuur nie op ander afgedwing word nie. Sodoende kan verseker word dat kommunikasie deur die kerklied effektief en doeltreffend geskied.
- Indien daar in 'n multikulturele erediens nie goed rekening gehou word met kontekstualisering en hermeneutiek nie, skep dit bepaalde kommunikasieprobleme. Inkulturasie, relativisme en modernisasie vererger die problematiek van die kerk hierin. Die ideaal is dat elkeen erediensdeelnemer steeds moet kan identifiseer met en vashou aan sy eie kultuurgoedere, in soverre dit ooreenkom met die riglyne in die Woord van God.
- Te midde van 'n multikulturele wêreld word verskillende en uiteenlopende eise aan die kerk gestel. Ten einde te verseker dat die kerk homself nie uitsluit nie, maar ook nie identifiseer met die sondige kultuur van die wêreld nie, moet lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde met mekaar onderhandel om liedere te vind wat vir almal aanvaarbaar en toeganklik is en inpas by die Bybelse beginsels daarvoor.
- In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente aktief kan deelhê aan die erediens. Musiek het 'n pastorale krag om verhoudings te bou en konflik op te los. Samesang betrek die totale mens-wees van die deelnemer aan die erediens.
- Die kerklied maak 'n appèl op sowel die gees as die verstand van die gelowige en bring dialoog met God en mekaar tot stand. Omdat die kerklied bestaan uit musiek en poësie en beide hierdie elemente 'n kragtige uitwerking op die mens het, beskik die kerk in die kerklied oor 'n geheimenisvolle krag wat, op sowel pastorale as missionêre vlak, effektief in die erediens aangewend kan word.
- Dit werk 'n gevoel van eenheid wanneer verskillende stemme sekere kollektiewe emosies ervaar. So word 'n hegte verhouding gebou en kan genesing en versoening bewerk word waar vroeër vyandskap en vervreemding was.
- Gekombineer met die Bybelse boodskap van versoening in en deur Christus kan die musiek in die kerklied daartoe bydra dat konflik opgelos en 'n nuwe onderlinge verhouding gebou word.

- Net soos ander tipes musiek word ook kerkmusiek gevorm deur die kulturele agtergrond van diegene wat daaraan deelneem. Wanneer verskillende kulturele agtergronde ter sprake is moet daar, ook ten opsigte van die kerkmusiek, akkommodering van mekaar wees.
- Vir die skep van nuwe liedere is fyn aanvoeling en onderskeidingsvermoë nodig, omdat die kerklied relevant en eietyds, maar steeds gepas vir die aard en wese van die erediens moet wees.
- Omdat elke deelnemer aan die erediens moet kan deelhê aan die sang, kan dit nodig wees om verskillende musiekgawes in die erediens te akkommodeer en inkorporeer. Die kerklied kan aangevul word met koorsang, musiekinstrumente en liggaamlike beweging (dans), omdat alle musiekgawes as gawes van die Gees beskou kan word. Alle musiek in die erediens moet uiteindelik dien as legitieme uitdrukking van die kerk in geheel, met in agneming van die Bybelse beginsels daarvoor.
- Voorwaardes vir die kerklied is dat dit Skrifgetrou, dogmaties suiwer, duidelik, singbaar, van goeie kwaliteit en toeganklik vir die hele gemeente moet wees.
- Net soos die ander musiek wat in die erediens gebruik word, moet ook die kerklied tot diens wees van die totale gebeure in die erediens, terwyl ten alle tye gepoog word om die beste musikale uitdrukking van die gemeente as offer aan God te gee.

3. Basisteoretiese beginsels vir die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks

Uit bogenoemde gegewens kan die volgende basisteoretiese beginsels vasgestel word met betrekking tot die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks:

- Versoening en eenheid vind beslag in die erediens, waar die amptelike samekoms tussen God en sy kerk plaasvind. In die erediens het die kerk toenemend te doen met 'n situasie waar lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde in dieselfde leefwêreld en erediens is en die potensiaal vir 'n gebrek aan versoening en eenheid groot is.
- Hoewel die erediens kultureel relevant moet bly en moet voorsiening maak vir multikulturaliteit waar nodig, moet kultuur altyd die liturgie tot diens wees, sodat die erediens ten alle tye Godgesentreerd is.
- In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente (ook lidmate vanuit ander kulture as die dominante een) aktief kan deel hê aan die

erediens. Die kerklied moet geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse beginsels daarvoor. Voorwaardes vir die kerklied is dat dit Skrifgetrou, dogmaties suiwer, duidelik, singbaar, van goeie kwaliteit en toeganklik vir die hele gemeente moet wees.

- Alle musiekgawes (ook dié van lidmate uit ander kulture) is gawes van die Gees en kan gebruik word om 'n legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens daar te stel. Indien dit kundig ingespan word, kan die kerklied in 'n multikulturele konteks daartoe lei dat kulturele grense oorgesteek, versoening en eenheid bewerk word en 'n sterk groepskohesie tot stand kom. So kan die eskatologiese visie van 'n nuwe verhouding met God en mekaar ook na die wêreld gekommunikeer word.

In Deel 2 wat hierna volg, word 'n ondersoek gedoen na die mate waarin bogenoemde basisteoretiese beginsels binne die huidige konteks van 'n multikulturele Suid-Afrika realiseer.

DEEL 2

METATEORIE



HOOFSTUK 6: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT KULTUUR EN MULTIKULTURALITEIT IN SUID-AFRIKA

1. Inleiding

Die metateoretiese gedeelte van hierdie studie (Deel 2) het ten doel om die perspektiewe wat in die basisteoretiese ondersoek (Deel 1) verkry is, toe te pas op die onderwerp van studie, ten einde te bepaal hoe dit met die basisteoretiese beginsels ooreenkom en watter verskille geïdentifiseer kan word. Die doelwit is om deur 'n vergelyking van die basisteoretiese beginsels en metateoretiese perspektiewe 'n maatstaf daar te stel waarmee die huidige praktyk op die veld van die liturgie verstel kan word ten einde dit te verryk deur multikulturele kontak. In Deel 2 (Hoofstukke 6 tot 9) word gevolglik 'n ondersoek gedoen na die situasie in die huidige Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit, versoening en eenheid, asook gereformeerde erediens en kerklied, teen die agtergrond van die basisteoretiese beginsels wat daarvoor vasgestel is in Deel 1.

Die doel van hierdie studie is om die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika te ondersoek. In Hoofstuk 3 hierbo is reeds uitgewys dat kontak tussen mense van verskillende kulture dikwels lei tot spanning en konflik, veral waar die verskillende groepe mekaar se leefwêreld begin betree. Suid-Afrika is bekend vir die multikulturele samestelling van sy bevolking. Die spanning en konflik tussen die verskillende kulturele groepe in die land is eweneens bekend. Ten einde 'n begrip te kan vorm van die dinamika wat onderliggend aan hierdie spanning en konflik lê, word vervolgens ondersoek ingestel na die aard en wese van kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika. In die volgende hoofstukke word eerstens aandag gegee aan die dinamika onderliggend aan die (oorwegende) gebrek aan versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika, waarna die situasie met betrekking tot die eredienste en kerkliedere van die Christelike kerke in die land ondersoek word.

Die werkplan wat in hierdie hoofstuk gevolg word, is die volgende: deur middel van 'n literatuurstudie word eerstens ondersoek gedoen na die twee primêre kulture wat in Suid-Afrika verteenwoordig word, naamlik die Westerse- en die tradisionele Afrikakultuur. Daarna word die Westerse kultuur nader ondersoek ten einde vas te stel watter lewensbeskoulike uitgangspunte onderliggend daaraan lê en 'n evaluering vanuit 'n Bybelse perspektief te kan maak. Besondere aandag word verleen aan die aard en plek van musiek in hierdie kultuur. Vervolgens word die tradisionele Afrikakultuur nader ondersoek. Nadat ook besondere aandag gegee is aan die aard en plek van musiek in hierdie kultuur, word 'n vergelyking tussen die twee kulture getref en word ook die wedersydse invloed op mekaar binne die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek. Vervolgens word die tradisionele Afrikakultuur vanuit 'n Bybelse perspektief beoordeel en word aangetoon hoe daar 'n onderlinge aanvulling van leemtes in mekaar se kulture kan wees, alvorens tot 'n finale konklusie gekom word.

2. Twee primêre kulture in Suid-Afrika

In 2002 is met 'n landswye sensus bepaal dat die bevolking van Suid-Afrika uit 45,454 miljoen inwoners bestaan. Hiervan is nagenoeg 35,474 miljoen Swartes (78%), 4,555 miljoen Blankes (10%), 3,918 miljoen Kleurlinge (8,62%) en 1,122 miljoen Indiërs (2,47%) (Statistics South Africa, 2002:1.1). Teen 2006 is die getalle van die Swartes vasgestel op 79,5% van die land se bevolking, met die Blankes op 9,2%, die Kleurlinge op 8,9% en die Indiërs op 2,5% (Slabbert, 2006:22). Gesien in die lig van die politieke geskiedenis van Suid-Afrika, waar eers Europese koloniale magte en daarna die apartheidsregering van die Nasionale Party vir jare 'n oorheersende rol gespeel het voordat 'n meerderheidsregering in 1994 aan bewind gekom het, is dit duidelik dat die sosiohistoriese ontwikkeling in Suid-Afrika hoofsaaklik gevorm is deur mense vanuit die tradisionele Westerse kultuur asook die tradisionele Afrikakultuur (sien ook Teffo, 1999:160). Mavia (2001) toon aan dat die Westerse kultuur 'n dominante kultuur is en die invloed daarvan beduidend is, in weerwil van die teenwoordigheid van 'n aantal kulture wat nie-Westers is. Hoewel die Blankes in Suid-Afrika tans maar net 9,2% van die totale bevolking van die land uitmaak, is die kultuur waarin hulle leef ook die kultuur van groot politieke en ekonomiese rolspelers in die wêreld (waaronder die VSA en Europa), kan verwag word dat dit saam met die tradisionele Afrikakultuur ook in die toekoms steeds 'n bepalende rol sal speel in die verdere vorming en ontwikkeling van 'n post-apartheid Suid-Afrika.

Om 'n beeld te kry van die huidige kulturele situasie in Suid-Afrika, is dit dus nodig om 'n vergelyking te tref tussen die Westerse kultuur en die tradisionele Afrikakultuur en ook te bepaal watter wedersydse invloed daar tussen die twee kulture was (en steeds is) binne die Suid-Afrikaanse opset. Vervolgens word eers 'n ondersoek gedoen na ontwikkeling en kenmerke van die Westerse kultuur, waarna dit met die tradisionele Afrikakultuur vergelyk word.

2.1. Die Westerse kultuur

Om die "Westerse kultuur" te omskryf en beskryf is problematies. Die term verwys na dit wat oor eeue gevestig geraak het as die heersende kultuur van die inwoners van Wes-Europa, asook immigrante wat daarvandaan in ander wêrelddele gevestig is. Daar is groot aantal volke en etniese groeperinge wat oor eeue gesamentlik deel het aan die Westerse kultuur. Om almal onder een hoof te groepeer en eienskappe uit te wys, is nie 'n eenvoudige saak nie. Wat vir een groep geld, geld sekerlik nie presies so vir die ander nie. Daar is 'n veelheid van nuanseverskille en verskille in beklemtonings. Taalverskille en geografiese ligging en etniese afkoms is van die aspekte wat 'n bepalende rol hierin speel.

Tog is dit vir 'n studie soos hierdie wel bruikbaar om sekere breë lyne van die Westerse kultuur te trek en tendense uit te wys. Veral waar dit die doel is om 'n vergelyking te tref met wat genoem kan word die "tradisionele Afrikakultuur." Derhalwe word van die belangrikste ontwikkelingslyne van die Westerse kultuur kortliks weergegee.

2.1.1. Wortels in die Griekse kultuur

Hoewel die kulture van Egipte en Mesopotamië elk 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Westerse kultuur gelewer het (Wikiversity, 2005), kan die wortels van die Westerse kultuur in 'n groot mate gevind word in die antieke Griekse kultuur. Dit is hoofsaaklik die Griekse filosowe wat die grondslag gelê het van die beginsels wat later die fondament van die Westerse kultuur sou word. Die lewensvisie van die antieke Grieke was grotendeels holisties van aard. Die samehang van alles is sterk beklemtoon en geen duidelike onderskeid is getref tussen stof en gees nie (Van der Walt, 1999:95). Bygelowigheid het algemeen voorgekom en die verloop van gebeure en voorkoms van fenomene is merendeels aanvaar, sonder bevraagtekening of werklike pogings om dit te ondersoek of beheer (The big view, 2006).

Met verloop van tyd is egter begin om die tradisionele mitologiese verklarings vir sekere verskynsels in die kosmos te bevraagteken (Kemerling, 2001). Met 'n fokus op die rol van

die rede (Wikipedia, 2006d) is die samehang van alle dinge in die kosmos ondersoek. Spekulatiewe vrae (merendeels oor die natuurlike elemente van die belewingswêreld) is gevra, praktiese denke oor die plek van elke element in die groter skema van dinge het gevolg en kritiese denke is gebruik in 'n poging om sekere wetmatighede daar te stel. Rasionele argumente is geformuleer in 'n poging om die ware aard van die wêreld te verklaar, sodat beweeg kon word van bygeloof na verduideliking (Kemerling, 2001). Stelselmatig is metodes ontwikkel soos byvoorbeeld induktiewe logika, waardeur op empiriese wyse gekyk is na onderwerpe en verskynsels en gepoog is om sekere patrone en onderliggende beginsels te identifiseer (Hooker, 1996). Hierdie nuwe manier van dink en ondersoek is mettertyd toegepas op alle sfere van die lewe. Ook die dinamika en beginsels van die burgerlike lewe is hiermee ondersoek en aangepas, waarvan die oorblyfsels vandag nog in die Westerse kultuur sigbaar is (Khatami, 2006).

Die invloed wat die Griekse denke op die Westerse kultuur gehad het (en steeds het) was egter nie net positief nie. Die denkwyse wat by die Grieke aanvanklik begin het as 'n poging om ontslae te raak van bygeloof en vrees, het oor eeue stelselmatig só ontwikkel dat die holistiese wêreldbeskouing verlore geraak het. Mettertyd is die geestelike dimensie van die werklikheid verwerp en net die stoflike oorgehou. Dit het uitgeloop op 'n materialisme waarin selfs die mens in sekere gevalle gereduseer is tot 'n blote samestelling van 'n paar liter water en 'n sekere hoeveelheid chemikalieë (Van der Walt, 1999:96). Ook is daar sommiges soos De Bono (1997) wat van mening is dat die swakheid van die Griekse kultuur (naamlik om net terug te kyk en te vra "wat is?" – sonder om kreatief vorentoe te kyk en te vra "wat kan wees?") grootliks daarvoor verantwoordelik is dat die Westerse kultuur gestagneer het en dat vooruitgang belemmer is.

Die Griekse filosofie het dus positiewe en negatiewe grondslae gelê het vir die moderne wetenskap en filosofie wat in die Westerse kultuur van vandag gevind word. Duidelike lyne kan getrek word vanaf die Griekse filosofie na die Renaissance, die Verligting en die sekulêre wetenskappe van vandag (Wikipedia, 2006d).

2.1.2. Die invloed van die Corpus Christianum

Met die aanbreek van die *Corpus Christianum* in die tyd van keiser Konstantyn (313 n.C.), het die posisie van die kerk in die samelewing 'n drastiese verandering ondergaan. Waar die kerk vantevore gemarginaliseer is en op sosiale, politieke en intellektuele vlak minderwaardig geag is, het dit meteens die dominante instituut geword, met ongeëwenaarde mag, status en rykdom (Goheen, 2000). Deur die alliansie wat gevorm is

tussen kerk en staat, is al die lewensterreine van die mens (en daarmee saam die volle spektrum van sy kulturele aktiwiteit) onder beheersing van die Christelike kerk gebring. Daarmee is die Westerse kultuur kerklik gekonsolideer tot 'n eenheidskultuur en gesanksioneer as die kulturele uitdrukking vir die waardes en beginsels van die Christelike godsdiens (Van der Merwe, 1989:325). Tot in die tyd van die Middeleeue was die katedraal die setel van die kerk in die gemeenskap. As verteenwoordiger van die heerskappy van God, was dit tegelyk ook die hart van die gemeenskapslewe en het dit die Westerse kultuur bepaal en gevorm.

In teenstelling met die siening dat die Middeleeue 'n tydperk van antitese tot die menslike rede was waarin onkunde, bygeloof, wreedheid, vrees, heksery, marteling en teregstelling aan die orde van die dag was terwyl die kerk sy mag gebruik het om onderdane te manipuleer en onderdruk (sien Boeree, 2000), kan met Grant (2001) saamgestem word dat daar ook in hierdie tyd voortgang van wetenskap en denke was. Veral in die kerk, wat die setel van geletterdheid en kennis was, is die rede ingespan om die denke van die mens te vorm en te ontwikkel. Vanaf die laat veertiende en vroeë vyftiende eeue het die bestudering van die klassieke geskiedenis 'n artistieke en intellektuele ontwikkeling via die kerk laat posvat wat vanaf Italië oor die hele Europa versprei het. Nie alleen kan die wortels van die hedendaagse kuns en musiek (sien Annenberg Media, 1997; Cyrus, 1999) van die Westerse kultuur grootliks hierin teruggevind word nie, maar ook konsepte soos onder meer die onafhanklikheid van state, nasionaliteit, koningskap, ekonomie ensomeer. Op hulle beurt was dit hierdie konsepte wat onder meer aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die klassisisme, individualisme en humanisme. Langs hierdie weg het mettertyd 'n Westerse kultuur ontstaan, wat nie gebaseer was op die Mediterreense kultuur nie, maar spesifiek relevant was vir Europese state (Brooklyn College, 1999).

Hoewel die kerk in hierdie tyd as 't ware verantwoordelikheid aanvaar het vir die vorming van 'n openbare kultuur wat gebou is op die waarhede van die evangelie, was dit op só 'n wyse as deel van die staat opgeneem, dat dit mettertyd nie meer 'n kritiese afstand met betrekking tot die gemeenskapslewe kon inneem nie. As sodanig het die kerk toenemend die belange van die staat begin dien en homself blootgestel aan misbruik deur maghebbers vir politieke gewin (Goheen, 2000). In plaas daarvan dat die kerk die kulturele wêreldbeskouing van daardie tyd voortdurend kon bevraagteken en vorm, het dit gevolglik toenemend gebeur dat die kerk eerder aangepas en ingepas het by die staat en samelewing. Só het die kerk algaande sy kritiese rol in die vorming van die Westerse kultuur begin verloor.

2.1.3. Die invloed van die Reformasie

Die Reformasie van die sestiende eeu het nie alleen verreikende gevolge vir die kerk gehad nie, dit het ook 'n bepalende invloed op die Westerse kultuur gehad. In hulle stryd teen die teologiese onsuiwerhede van die Roomse Kerk, het die teoloë van die Reformasie die totaliteit van die lewe voor God van nuutsaf ondersoek. 'n Lewensbeskouing is ontwikkel, waarin veral die teoloog Calvyn verlossing, regverdiging, uitverkiesing en die roeping van die gelowige beklemtoon het, tesame met die gedagte dat elke individu sy eie plek en sfeer van aktiwiteit in die wêreld het, waarin hy God moet dien en gehoorsaam. Omdat elkeen 'n verskillende roeping voor God het, het Calvyn voorts die uitgangspunt gehuldig dat alle mense nie gelyk of dieselfde is nie, maar verskillende regte en verantwoordelikhede het wat hy, onder gesamentlike toesig van kerk en staat, gehoorsaam moet uitleef voor God. In alle gevalle word die individu se regte en verantwoordelikhede gedefinieer en gevorm deur die groter gemeenskap waarvan hy deel is (sien Zakai, 2003). Die allesoorheersende rol van die kerk is dus verander tot een waar die kerk en staat gesamentlik verantwoordelikheid het oor die lewe en kultuur van die samelewing.

Die gedagte dat die die kerk nie meer alleen alle lewensterreine beheers en vorm nie, het saamgehang met die beskouing dat die mens as mondige gelowige selfstandig kan besluite neem en verantwoordelikhede nakom (sien Zakai, 2003). Volgens Pettegree (1999:238-464) is dit aangevuur deur 'n groeiende aantal "gewone lidmate" wat geletterd geraak het en opleiding ontvang het in verskillende vakgebiede. Kennis was nie langer uitsluitlik beperk tot die amptenare van die kerk nie en 'n nuwe dinamika het tot stand gekom met verreikende gevolge vir die wese van die kerk. Hoewel dit op sigself 'n waardevolle insig is wat die individuele gelowige uit die totalitêre mag van die (Roomse) kerk bevry het, het dieselfde insig hom in die proses egter ook verlei om homself al meer te beskou as meester van sy eie werklikheid, waarin hy die gediskrediteerde kerk nie nodig het nie. Die gevolg was dat die mens toenemend daarna begin streef het om die gesag en outoriteit van die kerk (ongeag die spesifieke denominasie daarvan) uit te daag en te ontduik. So was een van die onbedoelde gevolge van die Reformasie dat die proses van sekularisasie al sterker momentum begin kry het (Schuurman, 1993a:355). Dit het toenemend voorgekom dat die gebeure in die leefwêreld van die mens nie meer verklaar is in terme van bo-natuurlike oorsake en die stryd tussen bo-aardse magte (soos die kerk dit gedurig aangebied het) nie, maar in terme van wetmatighede binne die natuurlike wêreld waaroor die mens beheer kan uitoefen. Algaande het geloof en denke dus losgekom het uit die kultuur van die *Corpus Christianum*.

Hoewel die alliansie tussen kerk en staat in die tyd van die Reformasie steeds bestaan het, was daar nie langer net een denominasie nie: benewens die Roomse Kerk, was daar ook Anglikaanse, Lutherse en Calvinistiese politieke eenhede, wat in voortdurende konflik en selfs oorloë met mekaar gewikkel was. Die magstryd onder die verskillende Christelike kerke het onafwendbaar gelei tot die persepsie dat die kerk nie langer meer kultuur kon vorm sonder geweld nie (Goheen, 2000). Ten aanskoue van die bittere konflik tussen kerke van verskillende denominasies, is hoop en vooruitsig toenemend gesoek in die wêreld van die wetenskap, waar 'n rasioneel geordende samelewing en wetenskapsgebaseerde tegnologie materiële en sosiale welvaart kon verseker (Goheen, 2000).

Stelselmatig is al meer lewensterreine onder die voogdyskap van die kerk uitgeneem en as outonome lewensfere teenoor die invloedsfeer van die kerk gestel. Vroeër het die mens, onder aanvoering van sy geestelike leiers in die kerk, homself beskou as iemand wat uitgelewer is aan die stryd tussen bo-aardse magte en 'n weerlose slagoffer van gebeure wat sy verstand te bowe gaan. Deur die wêreld te onttower het hy begin beweeg op die weg van emansipasie, die wêreld vir homself opgeëis en homself bevry uit die mag van bo-natuurlike kragte wat sy selfstandigheid bedreig. Hierdie emansipasie het gelei tot selfverwesenliking en die strewe om sy outonomie in die wêreld bevestig (Van der Merwe, 1989:326; Rouvoet, 1993:91, 93-94).

2.1.4. Die invloed van die Renaissance, moderne filosofie en die Verligting

In die tyd van die Renaissance, die moderne filosofie en die Verligting het daar 'n verdere proses in die Westerse kultuur aan die gang gekom wat die bestendige en gevestige eenheidskultuur van die *Corpus Christianum* finaal afgetakel het en 'n wesenlike grondverskuiwing in die Westerse kultuurgeskiedenis teweeggebring het. Met die ontwikkeling van allerlei wetenskap-tegniese vermoëns as uitvloeisel van die idees van die Verligting, het die mens finaal die oorgang gemaak om as outonome wese beheer te neem oor sy eie lotsbepaling (Schuurman, 1993a:363). In hierdie tyd het die Westerse mens homself toenemend begin sien as die outeur van sy eie geskiedenis. Hy was nie langer tevrede daarmee om maar net 'n akteur te wees in 'n geskiedenis waarvan die bestemming vooraf deur die ewige raadsplan van God bepaal is nie (Van der Merwe, 1989:326). Hy wou self besluit oor sy bestemming en daaroor beheer neem.

In hierdie strewe na selfverwesenliking moes die mens 'n weg vind om die materiële natuurkragte uit te skakel wat hom in sy strewe belemmer. Met behulp van die wetenskap

en tegniek kon hy nie alleen hierdie belemmerende en bedreigende faktore ondersoek, begryp en voorspel nie, maar kon hy ook dit tot sy eie voordeel begin manipuleer en beheer (sien Schuurman, 1993a:355; Van der Walt, 1986:197). Dit het uiteindelik gelei tot die tyd van die industrialisasie waarin 'n oorvloed lewensmiddele asook nuwe geleenthede geskep is. In die Westerse kultuur het dit stelselmatig 'n al groter wordende rol begin speel. Die wetenskap en tegniek het ongekende vooruitgang gebring. Die mens, wat al meer bevry is uit die las van roetine arbeid, kon homself al beter beskerm teen allerlei natuurrampe en siektes, beter wonings bou en gesonder voedsel produseer. Hy kon vermag wat nog nooit tevore in die geskiedenis gedoen is nie: hy kon self beheer neem oor sy omstandighede en vir 'n beter toekoms sorg.

2.1.5. Die positiewe gevolge van die Westerse kultuur

Teenoor die tradisionele jagters-, boerderygemeenskappe wat in verskeie dele van die wêreld voorgekom het, het die tradisionele kultuur wat in die Weste ontwikkel het, stelselmatig progressief ontwikkel. Veral in Europa was dit die geval en het ander kulture spoedig onderontwikkeld voorgekom in vergelyking met die Westerse kultuur. Groot prestasies in die wetenskap, tegnologie, kultuur en filosofie het selfs die eeue-oue en komplekse kulture van die Islam, Indië, China en Japan op die agtergrond geskuif (Answers, 2006a).

Konsepte soos individuele vryheid, oppergesag van die reg, demokrasie, universele menseregte, ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie en godsdiensvryheid is alles uitvloeisels van ontwikkelings in die Westerse kultuur (Education reporter, 2005). Hiermee is die Middeleeuse aspekte van fatalisme, passiwiteit, bygelowigheid en geloof in toordery uitgeskuif om plek te maak vir 'n lewe waarin die rede, wetenskaplike denke, selfversorging, individualisme, ambisie en produktiewe prestasies van die mens voorop staan (Jenkins, 2005). Hoewel sommiges die Westerse kultuur se alleenaanspraak op nuwe ontwikkelings en wetenskaplike prestasies bevraagteken (sien Maziak, 2005) en dit, volgens ander, probleme en onreg vir nie-Westerlinge meegebring het (Khatami, 2006; Schmidt, 1996), het dit desondanks enorme voordele meegebring, wat die wêreld totaal verander het.

Op die gebiede van die beeldende kuns, musiek, argitektuur, filosofie en geskiedenis het die Westerse kultuur bygedra tot onmeetbare skatte in die wêreld. Beroemde figure uit die Westerse kultuur soos Luther, Erasmus, Montaigne, Wordsworth, Shakespeare en Byron het almal 'n beduidende invloed op die denke van die mens en die wêreldgeskiedenis gehad. Die musiek van Bach, Handel, Mozart, Haydn en Beethoven is

tydloos en word vandag nog regoor die wêreld waardeer vir die uitsonderlike waarde en diepte wat dit het. Die kunswerke van Michelangelo, Raphael, Da Vinci en Delacroix is steeds ongeëwenaard en uiters gesog bloot vanweë die besondere kwaliteit daarvan (Amazon, 2006). Die navorsing en uitvindings van wetenskaplikes soos Galileo, Newton (Jenkins, 2005), Copernicus, Magellan, Darwin, die Wright-broers en Einstein (Schmidt, 1996) het die lewe vir inwoners van die Weste onherroeplik verander. Regoor die wêreld word die vrug hiervan vandag steeds gebruik en verder ontwikkel.

Wat veral die wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelings van die Westerse kultuur soveel meer merkwaardig maak, is die feit dat dit 'n proses aan die gang gesit het wat steeds momentum optel. Daar is weinig tekens dat die ontwikkelings op die gebiede van die kommunikasietegnologie, ruimtevaart, mediese wetenskap ensomeer besig is om minder te word. Byna daagliks staan die wêreld verstom oor nog meer uitvindings en ontwikkeling, wat op hulle beurt weer nuwe velde oopmaak en uitdagings daarstel, net om binne 'n kort tyd self weer oortref te word. Wetenskaplike suksesse in die Westerse kultuur is legio en blyk nog lank nie iets van die verlede te wees nie.

Oorkoepelend beskou, blyk dit dat die Westerse kultuur, ten spyte van 'n aantal negatiewe aspekte, merendeels gevorm is deur Bybelse waardes. Veral waardes wat te doen het met geloof in God as Skepper en Onderhouer van die heelal, die belang van die gesin, erkenning van eiendomsreg, beoefening van geregtigheid op verskillende vlakke ensomeer, kan in hierdie verband uitgesonder word (Mattocks, 1992). Ten spyte van verskeie negatiewe gevolge wat dit gehad het, het die Westerse kultuur dus ook 'n bepalende bydrae gelewer tot die ontwikkeling van 'n vryer wêreld, met talle geleenthede vir diegene wat bereid is om hard daarvoor te werk.

2.1.6. Konklusie oor die onstaan en positiewe gevolge van die Westerse kultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die ontstaan en positiewe gevolge van die Westerse kultuur:

- Die wortels van die Westerse kultuur lê in die antieke Griekse kultuur. Dit is die filosowe van die Griekse kultuur wat begin het om die samehang van dinge in die kosmos op 'n bepaalde manier te ondersoek. Logika, spekulatiewe vrae en rasionele argumente is gebruik om die werklikheid te ondersoek en te probeer verklaar.
- Bygeloof en vrees is stelselmatig geneutraliseer soos wat kennis en insig toegeneem het. 'n Negatiewe gevolg is dat toenemend gefokus word op die stoflike ten koste van die geestelike dimensie van die werklikheid.

- In die tyd van die *Corpus Christianum* tot en met die Middeleeue het die kerk die vorming van die Westerse kultuur en denke grootliks bepaal.
- Hoewel dit nie die bedoeling was nie, het die Reformasie van die sestiende eeu uiteindelik tot gevolg gehad dat geloof en denke stelselmatig losgemaak is van bepaling deur die kerk. Die Westerse mens het homself toenemend beskou as 'n mondige gelowige wat selfstandig kan en moet besluite neem en verantwoordelikhede nakom. So het die proses van sekularisasie algaande momentum gekry.
- Omdat daar 'n toenemende klem geplaas is op die rede van die mens, is die wêreld en sekere gebeure daarin toenemend verklaar in terme van wetmatighede wat nagevors kan word en waaroor die mens in 'n mate beheer het. Gebeure in die werklikheid is nie meer beskou as die resultaat van 'n stryd wat woed tussen bo-natuurlike magte nie, maar eerder as die resultaat van 'n waarneembare oorsaak en gevolg.
- Die Renaissance, moderne filosofie en Verligting het die proses van sekularisasie grootliks aangehelp. Dit het gelei tot die ontwikkeling van wetenskap-tegniese vermoëns en industrialisasie. Hierdeur is die mens op die pad geplaas waar hy homself toenemend begin beskou het as die bepaler van sy eie lot.
- Ontwikkelings in die Westerse kultuur het verreikende gevolge vir die geskiedenis van die wêreld gehad. Op byna alle sfere van die lewe is bydraes gelewer wat 'n beduidende invloed op die denke van die mens gehad het (en steeds het). Veral konsepte soos individuele vryheid, die oppergesag van die reg, demokrasie, universele menseregte en godsdiensvryheid kan hier uitgesonder word.

2.1.7. Die negatiewe ontwikkelings in die Westerse kultuur

Hoewel ontwikkelings in die Westerse kultuur die mens losgemaak het van die tirannie van vrees, bygeloof, fatalisme en verknegting aan kerk en staat, het dit algaande daartoe gelei dat verskeie negatiewe en skadelike ontwikkelings plaasgevind het. Soos wat die geval met die volk van God oor eeue was, waar die kultuur algaande die gevaar van selfvernietiging ingehou het (sien Hoofstuk 2 par. 2.2.1.2 - 2.2.2.1 hierbo), het ook die Westerse kultuur die punt bereik waar verlossing en herstel dringend nodig is. Vervolgens word 'n kursoriese blik op die negatiewe ontwikkelings in die Westerse kultuur gegee.

2.1.7.1. Eiemagtigheid

Hoewel die ontwikkeling van die Westerse kultuur op vele terreine die stukrag was vir 'n magdom positiewe ontwikkelings asook vir ongekende vooruitgang in groot dele van die wêreld, was daar egter net soveel negatiewe gevolge wat dit meegebring het. Vir Van der Walt (1986:208-210) lê die diepste dryfveer vir die ontwikkeling van die Westerse kultuur in die magswellus van die mens. Die menslike outonomie waarvolgens hy self sy eie wette maak, het die Westerse mens in sy tegniek en wetenskap geïnspireer. Voortaan sou nie die katedraal nie, maar die kragsentrale die sentrum word wat al die menslike lewensterreine bepaal en beheer (Van der Merwe, 1989:327). Nie meer God nie, maar die mens self het nou in die middelpunt van die werklikheid gaan staan (Schuurman, 1993a:355).

Ten diepste het die mens sy eie wetenskap en tegniek begin beskou as 'n middel tot selfverlossing. Hierdie eiemagtigheid het deel geword van sy lewe en het 'n duidelike stempel begin afdruk op sy kultuur. So was daar reeds in die sestiende eeu die verwagting dat die tegniek van die Westerse kultuur die gevolge van die sondeval te bowe sou kom (Schuurman, 1993a:358-359). Algaande het daar 'n ideologie ontstaan waarin die wetenskaplik-tegnologiese beheersing van die werklikheid verabsoluteer is. Dit het die ewigheidsperskeptief vir die alledaagse mens laat vervaag. 'n Tegnologiese gees het die religieuse dryfkrag geword en is versterk deur die groei in die welvaartspolitiek. Vir die Westerse mens het sy tegniese vermoë al meer die plek van God begin inneem. Sodoende het misbruik gekom in die plek van gebruik. Sy geweldige tegnologiese vermoë het vir hom op verskeie vlakke eerder 'n vloek geword in plaas van 'n seën en 'n bedreiging in plaas van 'n voordeel (Van der Walt, 1986197). In die proses het daar 'n groot mate van geloofsafval, verlating van die kerk, sekularisasie en "godsverduistering" plaasgevind (Schuurman, 1993b:21).

2.1.7.2. Produksie en konsumpsie

Binne hierdie tegnologiese wêreld, met die klem op welvaart, het die Westerse mens begin jaag na produksie en konsumpsie. Arbeid het toenemend iets geword wat bloot daar is ter wille van behoeftebevrediging, behoeftebevrediging iets wat daar is ter wille van beter werkverrigting en beter werkverrigting iets wat daar is ter wille van nog meer behoeftebevrediging. In hierdie groeiende welvaartskultuur word fyn beplande reklametegnieke toenemend gebruik om massas verbruikers te lok, sodat die tendens na 'n verbruikersamelewing steeds sterker word (Van der

Walt, 1986:191). Produkte word toenemend vervaardig om 'n kort tydjie te hou en met nuwes vervang te word.

In hierdie kultuur is die funksie van ontspanning nie kreatiewe selfverryking nie, maar rekreasie met die oog op nog hoër produktiwiteit. Dit verseker nog meer welvaart en daarom nog meer en nuwe middele en moontlikhede vir meer effektiewe rekreasie ter wille van nog hoër produktiwiteit. Uiteindelik word byna alles beskou in terme van die waarde wat dit het om die ratwerk van produksie en konsumpsie aan die gang te hou. Die waarde van die mens word beoordeel in terme van sy produksievermoë en sy verkoopswaarde op die utilitaristiese arbeidsmark en sy geluk word gemeet aan die vlak van konsumpsie wat hy kan bereik (Sien Van der Walt 1986:191-192). Dit maak van die lewe self, asook die mees basiese uitinge soos die liefdeslewe, seksualiteit, liggaamsbelewing, gemeensaamheid, vriendskap ensomeer blote verbruikersgoedere wat alleen maar 'n funksionele nut inhou vir 'n gejaagde lewe van werkverrigting, prestasie en behoeftebevrediging. Binne hierdie kultuur het die mens (ten spyte van 'n gebrek aan tyd) in 'n groot mate 'n passiewe, gemaksugtige vermaakwese geword wat verveeld is omdat hy nie weet wat om met al sy besittings te maak nie. Nogtans streef hy daarna om al sy besittings steeds te vermeerder, omdat dit vir hom nog meer weelde en status besorg. In die Westerse kultuur het die kroon van God se skepping in talle gevalle 'n blote masjien geword, wie se werklike god Mammon is (Van der Walt, 1986:192).

Volgens Salem (aangehaal in Burger, K., 2004:14) kan die Westerse mens van vandag nie meer 'n bepaalde gedagte vashou of met sy eie gedagtes alleen wees nie. Hy hou hom besig met allerlei trivialiteite, omdat hy nie meer die geduld het om stelselmatig deur 'n redenasie te werk nie. Daar is 'n veelheid van kennis, maar sonder diepte of substansie. Op elke vlak van die lewe moet dinge vinnig en maklik gebeur.

2.1.7.3. Outomatisering van werkers

In 'n samelewing wat hoogs tegnologies geraak het (Schuurman (1993b:18) noem dit die ideologie van die tegnologie), word al meer hoogopgeleide werknemers verlang. Omdat byna alles voortdurend besig is om te verander (Roxburgh, 1993:17-19; Vorster, 1977:336) en die tegnologie steeds teen 'n geweldige tempo groei en ontwikkel, is dit nodig om voortdurend heropgelei te word en aan te pas by nuwe omstandighede. Diegene sonder opleiding bly agter en raak net verder

agter, terwyl selfs dié met gepaste opleiding voortdurend die gevaar loop om agter te raak met nuwe ontwikkelinge en uiteindelik oorbodig te raak vir hulle werkgewers (Schuurman, 1993a:360).

Daarbenewens het hierdie nuwe wêreldvisie die mens se siening van arbeid totaal verander. Die klem val nou op kwantitatiewe arbeid in plaas van kwalitatiewe arbeid. In die huidige Westerse kultuur gaan dit primêr oor die hoeveelheid werk wat gedoen kan word, asook die spoed waarteen dit gedoen kan word. Arbeid het versaaklik en onpersoonlik geraak. Die gereedskap staan nou nie meer in diens van die mens nie, maar die mens begin nou die masjien dien. Dit maak die mens al meer onbetrokke en ver-outomatiseer. Sy arbeid verskaf nie meer vir hom vreugde en vervulling nie en hy staan al meer onverskillig teenoor sy werk (Van der Walt, 1986:206).

2.1.7.4. Uitbuiting van die ekologie

Namate die Westerse kultuur van wetenskap en tegniek gegroei en ontwikkel het, is die grens tussen benutting en uitbuiting spoedig oorgesteek. Die natuur word toenemend gesien as 'n objek waarmee die mens volgens sy eie goeddunke kan handel. Hy ontgoddelik die natuur, ontheilig dit, ontwy en ontluister dit. Sommiges beweer dat dit die Christelike geloof is, met die klem op die mens se posisie as die kroon van die skepping, wat gaandeweg veroorsaak het dat die mens homself as verhewe beskou bo die skepping en dit daarom uitbuit (sien Van Rooy, 1996:427). Hiervolgens word slegs die nut wat die tegniek vir die mens het as belangrik beskou, al is dit ook ten koste van ander skepsele en al hou dit ook die verwoesting van die natuur en die uitsterwing van talle plant- en diersoorte in (Van der Walt, 1986:211). So het die mens in sy tegnologiese kultuur sy heerskappy oor die skepping van God totaal begin skeeftrek. Hy tree nie meer op as verantwoordelike rentmeester nie (Van Rooy, 1996:438), maar verwoes en plunder soos hy goed dink.

Hoewel daar diegene is wat nie hiermee saamstem nie (sien Leuvennink, 2003:10), blyk dit dat daar redelik konsensus onder geleerdes is dat daar tans 'n wêreldwye skaarste is aan hulpbronne wat noodsaaklik is vir menslike oorlewing. Energiebronne en grondstowwe is besig om uitgeput te raak en selfs die voedselbronne in die oseane word beduidend minder (Van der Walt, 1986:207; sien ook Schuurman, 1993a:355; Roxburgh, 1993:9; 75-78). Die tegniese wêreld met sy groot fabrieke besoedel die omgewing op ongekende skaal. Stygende

temprature, groter gebruik van suurstof, 'n toename van koolsuurgas in die atmosfeer, radioaktiewe besmetting, vergiftiging van die water, grond en lug kom toenemend voor. Meer afvalstowwe word agtergelaat as wat die natuur kan afbreek (sien Tempelhoff, 2002:12). Daar word op so 'n groot skaal in die natuur ingegryp dat die samehange daarin toenemend ontwrig en versteur word. Die natuur kry nie genoeg kans om te herstel nie. Een direkte gevolg hiervan is dat die wêreld 'n ernstige waterkrisis in die gesig staar (Schuurman, 1993b:11). Water word op 'n groot skaal besoedel en 'n tekort aan energiebronne maak dit toenemend problematies om dit te suiwer. So is die mens in navolging van die Westerse kultuur besig om die natuur dood te maak - waarsonder hyself nie kan bestaan nie (Roxburgh, 1993:37; Schuurman, 1993a:354; Van der Walt, 1986:206).

2.1.7.5. Massavernietiging

Dit is egter nie alleen in die verwoesting van die natuur wat die mens sy eie voortbestaan bedreig nie. Met die ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie in die Westerse kultuur, besit die mens nou ook die vermoë om feitlik alle lewe op die planeet uit te wis met die wapens van massavernietiging wat hy ontwikkel het. In die hande van die verkeerde persoon kan dit lei tot 'n totale katastrofe. Die spanning wat daar tydens die Koue Oorlog geheers het op internasionaal politieke vlak dien as bewys hiervoor. So ook die feit dat die VSA en Brittanje onlangs die ongekontroleerde bestaan van wapens van massavernietiging in Irak as motivering voorgehou het vir hulle militêre inval in daardie land sowel as die jongste spanning op internasionale vlak oor Iran se beplande ontwikkeling van 'n kernvermoë.

Die ironie van hierdie situasie is dat die mens in die eeu waarin hy die vermoë ontwikkel het om homself en sy totale leefwêreld te vernietig, ook die vermoë ontwikkel het om deur middel van die mediese wetenskap al hoe langer te leef (Loefler, 2002) en wonder oor die wenslikheid daarvan. Met Roxburgh (1993:10) en Van Niekerk (1993:11) kan tereg saamgestem word dat die Westerse mens homself ontnugter het (en steeds bly ontnugter) met die tegnologiese samelewing wat hy gevorm het en die vermoëns wat hy ontwikkel het in navolging van 'n wetenskaplike rasionalisme.

2.1.7.6. Gejaagdheid

Een van die uitstaande kenmerke van die hedendaagse Westerse kultuur is die gejaagdheid daarvan. Tyd het een van die mees waardevolle kommoditeite geword. Om in 'n tegnologies gevorderde kultuur, met 'n klem op produksie, konsumpsie en welvaart te kan oorleef, het die mens tyd nodig. Nieteenstaande al die inspanning om dinge vinniger te kan doen en meer tyd te kan hê, is daar egter nog steeds tydsgebrek (Van der Walt, 1986:194). Hoe meer tyd gespaar kan word, hoe meer geleentheid word daar geskep om nog meer tyd te gebruik. Die hedendaagse Westerse kultuur met al die tegnologiese vordering, maak dit wel moontlik om sake vinniger af te handel as in die verlede. Terselfdertyd skep dit egter oneindig meer moontlikhede en geleenthede waarin die tyd weer net so opgeëis word. In die Westerse kultuur jaag die mens van een taak tot die volgende. Die fokus is op die kwantitatiewe, nie die kwalitatiewe nie. So word hy elke dag gekonfronteer met nuwe dinge wat die spoed-eeu oor sy pad bring. Selfs wanneer hy rus, is hy meestal besig met onsinnige tydverdryf in plaas van vrye en kreatiewe tydgebruik. Algaande verloor hy perspektief, onderkeidingsvermoë en raak hy totaal afgestomp (Schuurman, 1993b:14).

Een van die gevolge van 'n gejaagde lewe is volgens Pienaar (2002:17) dat vroue toenemend sukkel om swanger te raak. Veral perfeksionisme, 'n tydgedrewe lewenstyl en oormatige stres veroorsaak dat die funksies van die liggaam wat swangerskap aanhelp, geïnhibeer word. In tradisioneel Westerse lande is dit een van die bydraende faktore wat aanleiding gee tot 'n negatiewe bevolkingsgroeikoers.

2.1.7.7. Individualisme

Binne hierdie kultuur van tegnologie, produksie en konsumpsie, het die mens as individu al meer op die voorgrond begin tree. Hy het die gemeenskap met sy medemens begin verloor. In die Westerse kultuur van vandag beskou die mens homself eerder as 'n individu as wat hy homself sien as deel van die gemeenskap (Roxburgh, 1993:55-56). In 'n wêreld waar verstedeliking toenemend plaasvind, kom die problematiek hiervan al duideliker na vore. Die stad het die sentrum geword van isolasie en fragmentasie. Die mens word gereduseer tot 'n nommer op 'n lys. Elkeen kry 'n identiteits-, huis-, posbus-, telefoon-, motorregistrasie en grafnommer (Van der Walt, 1986:198). Behalwe vir die besoedelings- en ander probleme het verstedeliking ook die gevolg dat die mens toenemend in 'n naamlose massa verdwyn en vervreem raak van die natuur (Van der Walt,

1986:194). Die ironie is dus dat die mens as individu met 'n eie identiteit algaande verdwyn, ten spyte van die sterk klem wat geplaas word op elkeen se individualiteit.

Vir Smith (2002:8) lê hierin 'n verdere ironie dat daar in die Westerse kultuur van vandag toenemend gevalle van narsissisme voorkom: mense wat hulleself liefhet ten koste van ander. Daar is verskeie voorbeelde van beroemdes wat narsissistiese trekke vertoon, maar tog nie aanhangers verloor nie. Volgens Smith is dit 'n manifestasie daarvan dat die (Westerse) mens vandag eintlik weer besef hoe nodig hy ander om hom het, maar binne sy sosiale konteks nie toegelaat word om sy individualiteit prys te gee nie. In so 'n situasie laat die mens se onderbewuste hom wegvlug van dit wat hy eintlik besonder graag wil hê. Narsissiste se wegvlug van meelewing met ander is in der waarheid 'n noodroep om weer deel te kan word van en ingetrek te word in die lewe van ander. Daarom identifiseer die (Westerse) massas gemaklik met hulle narsissistiese rolmodelle, omdat hulle intuïtief aanvoel dat hulle in dieselfde dilemma verkeer.

2.1.7.8. Pessimisme en angs

Die aanvanklike optimisme oor die verbysterende vooruitgang en eksponensiële groei van die wetenskap en tegniek is by baie besig om oor te slaan in pessimisme en selfs angs. Volgens Van der Walt (1986:199) word dit veral sigbaar in die werk van kunstenaars wat die spanning, frustrasie en teleurstelling van die moderne mens in taal, beeld en klank na vore bring. Die sensitiewe mens begin al meer aanvoel dat hy nie meer 'n eenheid is met die natuur, ander mense of homself nie (Roxburgh, 1993:38). Hy ervaar 'n groeiende gevoel van onmag oor die kragte wat hy ontketen het en wat hy nie behoorlik kan beheers nie (Van der Merwe, 1989:328).

2.1.7.9. Relatiwisme en onsekerheid

In 'n wêreld waar hy nie meer 'n eenheid voel met die natuur, ander mense, homself of God nie, is die moderne Westerse mens voortdurend op soek na sy eie identiteit. In hierdie soektog probeer hy die een na die ander moontlikheid, net om dit maar weer te verwerp (Roxburgh, 1993:39). Wat hierdie toedrag van sake vererger, is die feit dat alles toenemend relatief, tyds- en plekbepaald beskou word. Wat vandag waar en seker is, is vir iemand anders of môre selfs vir homself nie meer waar nie. Daar is 'n diepe onsekerheid oor wat waar en mooi en goed is (Van der Walt, 1986:196). Die vraag is nie meer wat *mag* en *behoort* nie. Die

vraag is nou wat *kan*. Daar is 'n konstante soeke na nuwe waardes en 'n nuwe paradigma wat *kan werk*. Die moderniteit met sy klem op die tegniese rasionaliteit en individualisme, en met sy sterk geloof in die tegnologie as 'n voertuig tot ewige ontwikkeling, word nou stelselmatig vervang met die relatiwisme en onsekerheid van die postmodernisme (sien Roxburgh, 1993:14-15).

2.1.7.10. Die invloed van die Postmodernisme

Omdat dit so nou verweef is met mekaar, kan die invloed van relatiwisme en onsekerheid op die Westerse kultuur nie werklik losgemaak word van die Postmodernisme nie. Postmodernisme is 'n moeilik definieerbare term en selfs onder gerekende postmoderniste is daar geen eenstemmigheid oor wat die term presies behels nie (sien Weiss & Wesley). Denkers soos Nietzsche, Heidegger, Foucalt, Derrida (Changani, 1998), Lyotard, Baudrillard en Scheper-Hughes (Weiss & Wesley, 2001) het elkeen 'n eie invalshoek en beklemtoning in hulle uiteensetting van die essensie van hierdie denkraamwerk.

Postmodernisme is 'n teenreaksie op die denke van die modernisme en kan beskou word as 'n poging om die onderdrukkende sisteme van die modernisme af te breek (During, 2000:142; Flackswax, aangehaal in Preetenshus, 2006). In die denkraamwerk van die modernisme val die klem daarop om die objektiewe waarheid te ontdek, deur middel van die wetenskap en menslike rede gesagvolle antwoorde op lewensvrae te verskaf en beheer oor jou eie lewe te neem deur die neutralisering van die bo-natuurlike met wetenskap en tegnologie. In plaas daarvan dat dit bevredigende antwoorde gebring het op die knellende lewensvrae van die mens, het die denke van die modernisme tot die teendeel gelei deurdat daar oor 'n tydperk meer vrae en groter verwarring ontstaan het oor die lewe en die sin daarvan. Mettertyd was daar die gewaarwording dat die objektiewe waarheid die mens steeds ontwyk, bevredigende antwoorde op knellende lewensvrae moeilik te vind is en die bestaan en invloed van die bo-natuurlike 'n werklikheid is. Om 'n korrektief op die denke van die modernisme te kon bied, is die denkraamwerk van die postmodernisme ontwikkel, waarmee gepoog is om 'n alternatief daar te stel en 'n verbetering op die uitgangspunte van die modernisme te bied (Changani, 1998).

In hierdie verband waarsku Foucalt (aangehaal in Changani, 1998) dat die sisteme van die modernisme, wat die lewe van die mens ongemerk definieer en beheers, getransformeer en omgekeer moet word, sodat hy vry kan wees om

onbevange te leef, te beleef en te besluit. Lyotard (2000:143) beklemtoon dat die postmodernisme nie beskou moet word as 'n chronologiese opvolging van die modernisme nie. Dit sou 'n tipies modernistiese manier wees om daarna te kyk. Die postmodernisme maak volgens hom gebruik van elemente wat alreeds teenwoordig is in die denke van die modernisme en laat dit bloot sterker na vore kom, ten einde die ongewenste elemente van die modernisme uit te faseer.

Kenmerkend van die postmoderne denke is 'n radikale anti-essensialisme of anti-fondasionalisme. Geen gegronde of konstante betekenis vir die bestaan van die mens word aanvaar nie. Geen transendente, transhistoriese of transkulturele gronde vir die interpretasie van die werklikheid word erken nie. Byna alle konsepte en onderskeid wat in die modernisme gebruik word, word deur die postmodernisme bevraagteken en verwerp. Daar is 'n sistematiese skeptisisme met betrekking tot alle gegronde teoretiese perspektiewe (Weiss & Wesley, 2001). So word byvoorbeeld die gedagte verwerp dat die mens oor eeue heen oral dieselfde gedink en gefunksioneer het. Postmoderne denkers wys gereeld daarop dat die andersheid en uniekheid van die mens in 'n heterogene wêreld deurentyd verreken moet word. Ook die onderskeid tussen feit en fiksie is volgens hierdie denke 'n ongeldige weergawe van die werklikheid. Sowel historiese as fiktiewe narratiewe kan as plaasvervangers vir die werklikheid gebruik word, sonder om enige waarde-oordeel te maak (Changani, 1998).

Volgens Johnson (aangehaal in Anderson, 2006) kom die uitgangspunte van die postmodernisme daarop neer dat die objektiewe waarheid onkenbaar is, daar geen absolute gesag in die heelal is nie en dat die mens hom op 'n soort mistisisme moet verlaat vir die uitleef van sy religieuse behoeftes. Changani (1998) sluit hierby aan deur daarop te wys dat daar in die postmoderne denke van vandag geen nodigheid vir beginselgegronde denke voorsien word nie en dat vryheid van denke gepropageer word, wat die mens in staat stel om sy eie standpunte te vorm sonder om noodwendig te kies vir een standpunt bó die ander.

Postmodernisme word volgens Weiss & Wesley (2001) aangewakker deur die spanning wat ontstaan wanneer mense wat verskillend of dieselfde is, met mekaar in interaksie kom. Die toenemende sirkulasie van mense regoor die wêreld, kruiskulturele interaksie en die onvermydelike interseksie van plaaslike en globale kennis in hierdie proses, dra by tot die voortdurende ontwikkeling van

hierdie denkraamwerk. Gevolglik is dit nie vreemd dat dit vandag toenemend 'n merkbare invloed het op byna elke lewensterrein nie (sien Xenos, 2006). Teen die agtergrond van die krisis waarin die Westerse kultuur tans verkeer, is dit duidelik dat die uitgangspunte van die postmodernisme soveel meer verwarring en onsekerheid veroorsaak.

2.1.8. Maniere van ontvlugting uit die kulturele krisis

Daar is verskillende maniere waarop die Westerse mens die krisis in sy kultuur probeer hanteer. Hieronder word verwys na enkele van die wyses waarmee gepoog word om dit te doen.

2.1.8.1. Onttrekking

Volgens Van der Walt (1986:200) is pogings tot ontvlugting vir sommige Westerlinge die antwoord op die krisis in hulle kultuur. Dit word gedoen deur hulleself doelbewus te probeer onttrek en te rehabiliteer deur die romantisering en verheerliking van primitiewe samelewingsvorme wat hoofsaaklik rondom landbou sentreer (Van der Merwe, 1989:330). Ander probeer ontvlug deur op te gaan in naturalisme, panteïsme, astrologie, okkultisme en die soeke na waarheid in sensasie, ekstase en maksimale belewing. Verbeelding, passie, gevoel, intuïsie, misterie, en die mitiese is aspekte waarop 'n hoë premie geplaas word.

Vir hierdie ontvlugters gaan dit nie noodwendig oor baie weet nie, maar oor diep ken (Van der Walt, 1986:218). Roxburgh (1993:11) verwys in hierdie verband ook na aspekte soos die *Groen Beweging*, die viering van *Aarde Dag* en groeiende belangstelling daarin om in harmonie met die natuur te leef en die tegnologie soveel as moontlik te vermy. Volgens hom hang dit saam met die verskynsel dat Westerse mense die tradisionele Christendom toenemend vermy. Omdat dit as kragteloos beskou word in die huidige krisis, is daar 'n dringende soeke na 'n nuwe spiritualiteit. Gevolglik kom 'n vermenging van populêre psigologie, mistisisme, die nuwe wetenskap en tradisionele Christendom toenemend voor.

Vir talle Westerlinge word hierdie soort ontvlugting 'n lewenspatroon. Volgens Van der Merwe (1989:330) is daar selfs diegene wat só ontnugter is deur die bankrot kultuur waarvan hulle deel is, dat hulle nie meer glo dat 'n beter samelewing, 'n regverdiger ekonomiese bestel en 'n gelukkiger afloop van die menslike geskiedenis moontlik is nie. Gevolglik onttrek hulle hulle soveel as moontlik uit die lewe van elke dag. By die werkplek maak hulle seker dat hulle nie ingetrek word

deur die makro-politiek van rassekonflik, ekonomiese beregtiging en politieke bedinging nie. Na-ure en oor naweke emigreer hulle na 'n private wêreld van intieme, persoonlike verhoudinge en kommervrye aktiwiteite. In hierdie anonieme, individuele wêreld vind hulle 'n mate van persoonlike heil, erkenning en selfvervulling (Van der Merwe, 1989:330), wat in 'n mate nog sin en betekenis aan hulle lewe gee.

2.1.8.2. Die skep van 'n kontra-kultuur

'n Ander manier van ontvlugting uit 'n bankrot Westerse kultuur is die vorming van 'n kontra- of sub-kultuur. Diegene wat hieraan deel het probeer sin en betekenis vind deur hulle lewe op 'n ander manier in te rig as wat die heersende kultuur dikteer. Volgens Nadeau (1994:89) is dit veral die jeug wat die bankrotskap van die Westerse kultuur akuut aanvoel en hulle in allerlei soektogte na 'n alternatief begewe. In die proses is daar talle wat psigiatriese behandeling, veslawing, geweld en selfs selfmoord as 'n uitweg sien (Van der Walt, 1999:196). Ander neem hulle toevlug tot 'n kontra-kultuur. Binne elke kultuur is daar een of meer kontra-kulture om mee rekening te hou (Van der Walt, 1986:183). 'n Kontra-kultuur is iets wat spontaan ontstaan wanneer daar 'n frustrasie is met sekere aspekte van die heersende kultuur en dit nie omvorm kan word nie (Vorster, 1977:346-348). As teenreaksie word dan 'n alternatiewe kultuur gevorm met 'n eie filosofie, etiek, lewenstyl, kleredrag, musiek en sang.

In die huidige Westerse kultuur is dit veral die jeug wat onbelangrik en gemarginaliseer voel. Hulle sukkel om te glo in hulleself, mekaar, die gemeenskap, die lewe en moontlikhede vir die toekoms. Geloof in God en deel wees van die kerk is vir hulle nog moeiliker (Nadeau, 1994:90-92). Vir talle bied die hedendaagse "rock"-kultuur eerder 'n tuiste. Hierin vind hulle die geleentheid om hulle frustrasie oor 'n bankrot kultuur uit te skreeu, ondersteun deur ander wat net soos hulle voel, met gebalde vuiste, skellende ghitare en die bulderende stemme van die sangers. Woede, angs en wanhoop word ontlaai, terwyl gemeenskap met ander en selfs 'n belewing van transedensie terselfdertyd ervaar word. Mettertyd word dit 'n soort ritueel waarin die chaos van 'n onseker gemeenskap ondersoek word, die onbuigbare gemeenskapstrukture uitmekaar geruk word, in die opjaag van sensasie vergeet word van die hartseer verlede en kwelling oor die toekoms, en gemeenskap met iets wat groter is as hulleself, beleef word.

'n Kommerwekkende tendens, veral in Suid-Afrika, is dat die jeug toenemend betrokke raak by bendebedrywighede. Volgens Labuschagne (aangehaal in Fitzpatrick, 2003:13) is dit omdat hulle soek na liefde en aanvaarding, maar dit nie in hulle ouerhuise vind nie. Ouers is so besig om te jaag na materiële gewin, dat daar nie tyd is om liefde en aandag aan hulle kinders te bestee nie. Kinders uit sulke huise beland maklik in die kloue van misdaadbendes, omdat hulle daar aanvaar word en voel dat hulle êrens tuishoort. Dit is egter nie net jongmense van vandag wat soek na 'n transendente ervaring en belewing nie. Regdeur die Westerse samelewing is daar 'n diepgewortelde soeke na die transendente wat meer is as bloot 'n stel pragmatiese, dogmatiese leerreëls wat bely en geken moet word (Roxburgh, 1993:109-111).

2.1.8.3. Die soeke na 'n ware religie

In die tradisioneel Westerse kultuur is daar vandag 'n oormaat welvaart, maar 'n gebrek aan geestelike welsyn (Schuurman, 1993b:12). Hoe meer die tegnologie van die mens ontwikkel en verbeter, hoe meer raak sy lewe leeg en sonder sin. Van die funksie van die tegnologie om hom werklik in alle aspekte van die lewe ten volle te laat ontplooi en ontwikkel, kom min tereg (Van Rooy, 1996:438). Godsdiens en "geestesorg" is hoofsaaklik verplaas deur tegniek, metodes van psigoanalise en ander wetenskaplike prosesse (Roxburgh, 1993:36-37). In die sekularistiese lewensbeskouing word net voorsiening gemaak vir 'n horisontale belewing. Hierin word die outonomie van die mens bevestig die menslike rede word die laaste arbiter. Die mens se eie gewete word nou die basis van wat reg en verkeerd is.

Saam met die kunstenaars en die jeug, voel talle mense in die Westerse kultuur aan dat hier 'n groot gemis is. Elke mens het 'n ingeboude soeke na 'n mistieke ervaring en een-wees met die transendentale. Omdat die steriele kultuur waarin hy hom bevind nie hieraan kan voldoen nie, laat dit die Westerse mens nou meer as ooit soek na 'n ervaring daarvan. Nadat die verstand vir eeue oorbeklemtoon is, kom die gevoel van die Westerse mens nou in opstand. Ervaring en belewing het die fokus geword. Nie soseer *wat* ervaar word is belangrik nie, maar *dat* ervaar word. Ervaring ter wille van ervaring het die wagwoord geword. Ook in sy religie het dit die geval geword. Sommige beweer dat die mens van die twintigste eeu meer soek na en hom meer besig hou met mistisisme as wat selfs gedurende die middeleeue die geval was (Van der Walt, 1986:2000). Dit is een van die redes waarom die Christelike godsdiens tans so goed herleef in die gestalte van die

charismatiese kerke, waarin die manifstasie van die bo-natuurlike, wetenskaplik-onverklaarbare geestesgawes waaronder wondergenesings, glossolalie ensomeer sterk beklemtoon word (Van der Merwe, 1989:329).

Ook buite die kerk is daar 'n hernieude soeke na 'n mistieke eenheid met die transendentale. Nadat God op 'n stadium dood verklaar is, laat die mens Hom nou weer "herlewe" deur allerlei panteïstiese en panenteïstiese beskouinge. Verskillende middels word beproef in 'n poging om uit die gevangenis van 'n een-dimensionele (of hoogstens drie-dimensionele bestaan (matematies-fisies-bioties)) te ontvlug en 'n mistieke ervaring te hê. Hiervan maak musiek, dans, spel, seks, dwelmmiddels, filosofieë en sekere Oosterse godsdienste die belangrikste uit (Van der Walt, 1986:200). Veral laasgenoemde spreek baie mense aan, omdat daarin 'n element is van spirituele belewing van die werklikheid, wat in die steriele Westerse kultuur moeilik te vind is.

Mense begin verby die rasionele kyk vir alternatiewe maniere om die waarheid te leer ken. Daarom is daar ook 'n hernieude belangstelling in joga, kristalle, alternatiewe werkswinkels oor hoe om jouself en die wêreld te leer ken, asook maniere om 'n verhouding met die natuur te kan hê (Roxburgh (1993:40-44). In plaas daarvan om terug te keer na God, soek die mens nou uitkoms in die natuur en kultuuruitinge rondom hom. Sy soeke word toenemend gerig op die natuurgode ("Moeder aarde") en kultuurgode. Aktivisme rondom die ekologie het in talle gevalle 'n soort religieuse kruisvaart geword waarin die mens spiritueel met die natuur verbind wil wees. So vind die Westerse mens die bestemming van sy menslike bestaan nie meer in die historiese verwesenliking van 'n uitgestelde toekoms nie, maar in die psigologiese belewing van 'n onmiddellike eenwording met die Alwese van die werklikheid (Schuurman, 1993a:355; sien ook Roxburgh, 1993:112-115).

Van der Walt (1986:188-189) meen tereg dat die Westerse mens homself met hierdie kultuur stelselmatig van die egte religie losgemaak en aan allerlei valse religieë gebind het. Die Weste was volgens hom nog nooit voorheen in 'n periode wat so swanger was aan religieuse soeke en drang nie.

2.1.9. Konklusie oor die negatiewe ontwikkelings in die Westerse kultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die negatiewe ontwikkelings in die Westerse kultuur:

- Ontwikkelings in die Westerse kultuur waaronder menslike outonomie, wetenskaplike vermoëns en magswellus het spoedig gekombineer om geloofsafval, verlating van die kerk en sekularisasie aan te wakker.
- 'n Welvaartskultuur het ontstaan waarin die klem val op produksie en konsumpsie. Byna elke sfeer van die lewe word beskou in terme van die waarde wat dit het vir die welvaart van die mens. Ten spyte van 'n oorvloed besittings en kennis het die Westerse mens arm geword en sy kultuur vervlak.
- Arbeid het versaaklik en onpersoonlik geword. Die klem val op kwantiteit en die spoed waarmee take afgehandel kan word. Daar is geen vreugde in werk meer nie en onverskilligheid teenoor werk is algemeen.
- Die natuur word toenemend uitgebuit ter wille van die produksie- en konsumpsiebehoeftes van die mens. Die mens tree nie meer op as rentmeester nie, maar verwoes en plunder. Hulpbronne wêreldwyd word al hoe skaarser.
- Die mens het op die punt gekom waar die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie hom in staat stel om feitlik alle lewe op die planeet uit te wis. So bedreig hy nie alleen die ekologie nie, maar daarmee saam ook sy eie bestaan op aarde.
- Tegnologiese vordering maak dit moontlik om sake vinniger af te handel as in die verlede. In plaas daarvan dat dit die mens meer tyd tot sy beskikking gee, skep dit egter oneindig meer geleenthede en moontlikhede wat aangegryp word en waarin tyd opgeëis word. Die gevolg is 'n gejaag van een taak na die volgende, met al minder tyd beskikbaar. Selfs rus het ontaard in onsinnige verdryf van tyd in plaas van vrye en kreatiewe tydgebruik.
- In 'n kultuur van tegnologiese produksie en konsumpsie het die mens as individu al meer op die voorgrond begin tree. In die proses het hy die gemeenskap met sy medemens begin verloor. Hoewel daar 'n sterk klem op die individualiteit van die mens geplaas word, is dit juis die mens as individu met 'n eie identiteit wat in die massa verdwyn.
- Die mens in die Westerse kultuur voel toenemend aan dat daar nie meer eenheid met homself, sy medemens of die natuur is nie. Veral in die werk van kunstenaars kom die pessimisme en angs hieroor duidelik na vore. Daar is 'n groeiende gevoel van onmag oor die kragte in die Westerse kultuur wat ontketen is, maar nie behoorlik beheer kan word nie.
- In sy soeke na 'n eie identiteit probeer die Westerse mens die een na die ander oplossing, net om dit ook maar te verwerp. 'n Diepe onsekerheid en ontreddering

lei tot relatiwisme, waar hy sonder 'n werklike stel waardes of beginsels deur die lewe probeer kom.

- In 'n poging om uit die krisis te ontvlug, onttrek sommige hulle soveel as moontlik uit hulle daaglikse bestaan, ander skep 'n kontra-kultuur (veral die jeug), terwyl ander soek na 'n religie waarin veral ervaring die fokus is. In min gevalle word egter teruggekeer na God en sy Woord.

2.1.10. Musiek in die Westerse kultuur

Omdat dit in hierdie studie uiteindelik gaan oor die musiek en die kerklied wat die kerk gebruik en bepaalde omstandighede, en omdat reeds vasgestel is dat die musiek van die kerk bepaal word deur die kulturele agtergrond van die lidmate, is dit nodig om 'n kort uiteensetting te gee van musiek in die Westerse kultuur. Wanneer die kunste binne 'n bepaalde kultuur ondersoek word, kan dit uiteraard nie losgemaak word van die lewensbeskoulike uitgangspunte van daardie kultuur nie. In die Westerse kultuur is dit ook die geval waar die totaliteit van kulturele ontwikkelings tot op hede in ag geneem moet word wanneer die musiek van nader ondersoek word.

In die Westerse kultuur word musiek beskou as iets van buite die mens: dit is daar vir tydverdryf, vermaak, om die aandag af te lei (Shepherd, 1991:216) en vir godsdienstige of seremoniële doeleindes (Wikipedia, 2006c). Sommige (tipes) musiek word gebruik vir agtergrondmusiek, terwyl ander dien om uitgevoer en na geluister te word in konsertsale (Jenkins, A., 2005). In konsertsale word veral kunsmusiek uitgevoer deur musici op 'n verhoog, wat nougeset volgens sekere (ongeskrewe) reëls aangetrek is en optree (Miller, 1989), terwyl hulle die gehoor vermaak met musiek waaraan vir baie ure geoefen is. Van die gehoor word verwag om in absolute stilte te luister sodat al die fyner nuanses in die musiek binne die akoestiese ruimte vir almal hoorbaar is. Aan die einde van die konsert word verwag dat die gehoor deur middel van applous erkenning sal gee aan die musici se harde werk, terwyl resensente agterna uitmaak of wel bevredigend uiting gegee is aan die konvensies waarbinne die bepaalde tipes musiek uitgevoer moet word.

Die wortels van Westerse musiek lê in die Griekse en Romeinse musiektradisies (Encarta, 2006). In hierdie tradisies was die uitgangspunt dat musiek geordende klanke is, wat horisontaal as melodie en vertikaal as harmonie gestalte vind (Wikipedia, 2006c). Met die ontwikkeling van die kultuurgeskiedenis, het ook die musiek van die Westerse kultuur bepaalde fases deurgegaan (sien Hanning, 1998; Zychowicz, 1996). In die tyd van die pre-Renaissance (1300-1400 n.C.) is op kulturele vlak oor die algemeen stelselmatig begin wegbeweeg van die stabiele, godsdiensgesentreerde

lewensbeskouing van daardie tyd en het dit ook so in die musiek gestalte gekry. In die tyd van die Renaissance (1450-1600 n.C.) het musici in gelyke mate godsdienstige sowel as sekulêre temas en bronne vir hulle musiek gehad. In die tyd van die Barok (1600-1750 n.C.) is op hierdie patroon voortgebou en is nuwe konvensies vir die organisering van musiek vasgelê. Daar is in besonder probeer om musiek goed te laat klink en die emosies van die luisteraar vas te vang. In die Klassieke tyd (1750-1800 n.C.) is gefokus op waardes soos eenvoud, balans, perfekte vorm, diversiteit binne eenheid, erns en terughoudendheid. In die Romantiese tydperk (1800-1900 n.C.) is meer geëksperimenteer met die huwelik tussen woord en melodie en is die grootsheid van orkeswerke geëksploiteer. In die Moderne tyd (1900 n.C. - vandag) word die konvensies van die agtiende en negentiende eeue uitgedaag en word telkens nuwe musikale modelle gevorm. Vir elkeen van hierdie musiektydperke is daar bepaalde konvensies waarvolgens musiek uit daardie tyd uitgevoer moet word. Dit word vandag nog steeds nougeset nagevolg en oorgedra in musiekopvoeding.

Uiteraard is daar nie net kunsmusiek in die Westerse kultuur nie. Daar is ook 'n ryke verskeidenheid sogenaamde "popmusiek" wat uitgevoer en geluister word (Wikipedia, 2006c). In die moderne tyd word voortdurend geëksperimenteer met nuwe vorme en style. Veral die jeug het 'n eie musieksmaak en musici wat hulle aanhang. Tussen aanhangers van kunsmusiek en moderne populêre musiek is daar dikwels konflik en verskil van mening oor die waarde van elkeen se tipe musiek. Só is Navrozov (2004) van mening dat musiek 'n goeie aanduiding gee van die diepte en waarde van 'n bepaalde kultuur. Volgens hom is die hedendaagse musiek in die Westerse kultuur besig om vinnig waarde te verloor, omdat dit al verder weg beweeg van die godsdiens as kern. Hierin vind hy goeie ondersteuning deur onder andere Temmingh (1993:18), wat ook sy besorgdheid oor die waarde van hedendaagse kerkmusiek laat blyk.

Westerse kunsmusiek is net so 'n fyn ontwikkelde musieksisteem soos dié van Indië, Indonesië, die Islam kultuur, Sjina en Japan (Encarta, 2006). Dit word skriftelik genoteer en het 'n spesifieke teoretiese basis waarvolgens sekere toonhoogtes en toonlere gebruik word, saam met spesifieke timbres (toonkleure) en konvensies wat hierin nagekom moet word. Indien iemand hom met Westerse kunsmusiek besig hou, moet hy opgelei wees en dit volgens bepaalde konvensies kan weergee. Hy moet die teks van 'n bepaalde musiekstuk kan interpreteer en korrek in hoorbare formaat kan weergee (Wikipedia, 2006c). Dit is 'n eksakte en ingewikkelde kunsvorm en van kleinsaf word kinders geleer om hierdie konvensies te kan nakom en te kan herken. Die konvensies het te doen met sowel die samestelling as uitvoering van die musiek. Ritme, melodie en harmonie is van

die belangrikste elemente wat deur bepaalde konvensies beheer word. In Westerse musiek word die ritme saamgestel deur met twee of drie te vermeniguldig of te deel. Dit word gerangskik in bepaalde groepe en begrens deur 'n maatlyn (Boynick, 1996). Dan word dit met wiskundige eksaktheid uitgewerk en uitgevoer. Daar is ook presiese konvensies betreffende die toonhoogte en intonering wanneer die musiek uitgevoer word. In sommige gevalle word 'n fyn wetenskaplike studie daarvan gemaak, ten einde te verseker dat die uitvoering van die musiek nog meer presies en suiwer kan wees (sien Hardwick & Chau, 2006; Steyn, 2000).

Volgens Shepherd (1991:219) is die blootstelling aan musiek vanuit ander kulture vir die tipiese Westerling nie 'n ervaring wat sy kulturele identiteit in gevaar stel nie. Omdat musiek nie inherent deel is van die Westerling se eksistensiële belewing van die werklikheid nie, word musiek vanuit 'n ander kultuur nie noodwendig as oorheersing of beïnvloeding beleef nie. Anders as in ander kulture, word musiek vanuit verskillende oorde geredelik toegelaat en beluister.

2.1.11. Konklusie oor musiek in die Westerse kultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die musiek in die Westerse kultuur:

- In die Westerse kultuur is musiek daar vir tydverdryf, vermaak en godsdienstige of seremoniële doeleindes. Sommige musiek word vir agtergrondmusiek gebruik, terwyl ander bedoel is vir uitvoering in 'n konsertsaal. Daar is bepaalde konvensies wat nougeset nagekom moet word ten einde te bepaal of geslaag word in die aanbieding van die musiek of nie.
- Die wortels van Westerse musiek lê in die Griekse en Romeinse musiektradisies. Dit toon 'n ontwikkelingslyn wat parallel loop met die hoofmomente in die kultuurgeskiedenis.
- In die Westerse kultuur is musiek 'n eksakte en komplekse kunsvorm. Daar is verskeie konvensies wat nagekom moet word. Musiek word skriftelik genoteer en het 'n streng teoretiese basis waarvolgens toonhoogte, toonlere, toonkleur, ritme, melodie en harmonie ingedeel word.
- Uiteraard is daar nie alleen kunsmusiek in die Westerse kultuur nie. In die moderne tyd word heelwat geëksperimenteer met nuwe vorms en style en daar is 'n ryke verskeidenheid sogenaamde "popmusiek" wat veral deur die jeug aangehang word.

2.1.12. Evaluering van die Westerse kultuur vanuit 'n Bybelse perspektief

Volgens Schuurman (1993a:366-367) is die Westerse kultuur duidelik in 'n krisis. Ten spyte van die enorme vooruitgang wat dit gebring het, veral op die gebiede van die wetenskap en tegnologie, asook die welvaart wat daarmee saamgaan, het dit in 'n groot mate 'n bankrot kultuur geword. Soos dit tans daar uitsien, is die Westerse kultuur goed oppad om homself te vernietig (Knevel, 1993:9). Vir Schuurman (1993a:356) is dit al in so 'n mate gevorderd dat die vraag gevra kan word of daar nie na die val van die Ooste (ou Oos-blok) ook al kan begin praat word van die val van die Weste nie. Een van die direkte redes hiervoor is dat die bedreiging van die wetenskap en tegniek nie betyds en deeglik raakgesien is nie. Dit is alleen maar bewonder en vereer en die dreigende potensiaal vir verwoesting en uitbuiting is misgekyk. Volgens hom lê 'n groot deel van die antwoord vir die herstel van die Westerse kultuur daarin dat die kultuur weer sy regmatige plek in die lewe van die mens moet inneem en weer diensbaar gemaak moet word aan die mens. Die vraag moet nie wees wat verder moontlik is en gedoen kan word nie, maar wat volgens die Woord van God belangrik en nodig is om te doen. Die mag van die tegniek moet beteuel word. Die kultuur van die (Westerse) mens moet nie langer antroposentries wees nie, maar teosentries. 'n Terugkeer na die waardes wat die Skepper van alles die mens in sy Woord leer, is van kardinale belang.

Hoewel dit so is dat die ontwikkeling in die tegnologie die Westerse mens in staat stel om dinge soveel vinniger af te handel as in die verlede, is dit terselfdertyd so dat sekere dinge in die proses verlore gaan. Sekere dinge kan nie met spoed afgehandel word nie. Skrifstudie, gebed, 'n hegte gesinslewe ensomeer, verg tyd. Die Westerse mens jaag van die een taak na die volgende en het elke dag soveel dinge om te verwerk omdat sy lewensomstandighede dit eenvoudig van hom vereis. Mettertyd verloor hy egter sy onderskeidingsvermoë en raak afgestomp vir die aspekte van die lewe wat ewigheidswaarde het.

Schuurman (1993b:14) is van die oortuiging dat die Westerse mens nie meer tyd nodig het nie, maar meer genade om die tyd tot sy beskikking reg te gebruik, sodat hy toenemend kan doen wat die Here van hom vra. Dit vra 'n sterker fokus op die kwalitatiewe as op die kwantatiewe. Hy bepleit ook 'n verbreding van die kultuur waarin verskeidenheid voorop staan, tesame met hernude gemeenskapswaardes asook geestelike welsyn. Rus, asook vrye en kreatiewe tydgebruik moet aandag kry as teenvoeter vir onrus en onsinnige tydverdryf wat aan die orde van die dag is. Duursaamheid, stabiliteit en konsolidasie moet voorrang kry. Net soos wat die geval was met die volk van God in die Bybelse tyd, het ook die Westerse mens van die een en

twintigste eeu op die punt gekom waar hy dreig om homself te vernietig met die kultuur wat hy geskep het. Dit het dringend noodsaaklik geword dat die verlossingswerk van Jesus Christus opnuut hierin geaktualiseer word.

2.1.13. Samevattende konklusie oor die Westerse kultuur

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die Westerse kultuur:

- Die wortels van die Westerse kultuur lê in die antieke Griekse kultuur. Dit is die filosowe van die Griekse kultuur wat begin het om die samehang van dinge in die kosmos deur middel van logika, spekulatiewe vrae en rasionele argumente te ondersoek.
- Bygeloof en vrees is stelselmatig geneutraliseer soos wat kennis en begrip toegeneem het. 'n Negatiewe gevolg is dat toenemend gefokus op die stoflike ten koste van die geestelike dimensie van die werklikheid.
- In die tyd van die *Corpus Christianum* tot en met die Middeleeue het die kerk die vorming van die Westerse kultuur en denke grootliks bepaal.
- Hoewel dit nie die bedoeling was nie, het die Reformasie van die sestiende eeu uiteindelik die gevolg gehad dat geloof en denke stelselmatig losgemaak is van bepaling deur die kerk. So het die proses van sekularisasie algaande momentum gekry.
- Ook die denkraamwerke van die Renaissance, moderne filosofie en Verligting het die proses van sekularisasie aangehelp. Dit het gelei tot die ontwikkeling van wetenskap-tegniese vermoëns en industrialisasie.
- Ontwikkelings in die Westerse kultuur het verreikende gevolge vir die geskiedenis van die wêreld gehad. Op byna alle sfere van die lewe is bydraes gelewer wat 'n beduidende invloed op die denke van die mens gehad het (en steeds het). Veral konsepte soos individuele vryheid, die oppergesag van die reg, demokrasie, universele menseregte en godsdiensvryheid kan hier uitgesonder word.
- Een van die tekenende simbole van die Westerse kultuur is sy musiek. Die wortels van Westerse musiek lê in die Griekse en Romeinse musiektradisies. Dit toon 'n ontwikkelingslyn wat parallel loop met die hoofmomente in die kultuurgeskiedenis.
- In die Westerse kultuur is musiek 'n eksakte en komplekse kunsvorm. Daar is verskeie konvensies wat nagekom moet word. Musiek word skriftelik genoteer en het 'n streng teoretiese basis waarvolgens toonhoogte, toonlere, toonkleur, ritme, melodie en harmonie ingedeel word.

- In die Westerse kultuur word musiek aangewend vir tydverdryf, vermaak en godsdienstige of seremoniële doeleindes. Uiteraard is daar nie alleen kunsmusiek in die Westerse kultuur nie. Daar is ook 'n ryke verskeidenheid sogenaamde "popmusiek" wat veral deur die jeug aangehang word.
- Ondanks al die positiewe gevolge wat die ontwikkelings meegebring het, is die Westerse kultuur egter in 'n krisis.
- Die outonomie van die mens, wetenskaplike vermoëns en magswellus het spoedig gelei tot geloofsafval, verlating van die kerk en sekularisasie.
- 'n Welvaartskultuur het ontstaan waarin die klem val op produksie en konsumpsie. Arbeid het versaaklik en onpersoonlik geword, terwyl gefokus word op die spoed waarmee take afgehandel kan word. Die natuur word toenemend uitgebuit ter wille van die produksie- en konsumpsiebehoeftes van die mens. Ook sy eie voortbestaan word bedreig deur die vermoëns van die mens. Die mens het op die punt gekom waar die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie hom in staat stel om feitlik alle lewe op die planeet uit te wis.
- Tegnologiese vordering het gelei tot 'n gejaag van een taak na die volgende, met al minder tyd beskikbaar. Selfs rus het ontaard in onsinnige verdryf van tyd in plaas van vrye en kreatiewe tydgebruik.
- In 'n kultuur van tegnologiese produksie en konsumpsie het die mens as individu al meer op die voorgrond begin tree. In die proses het hy die gemeenskap met sy medemens egter begin verloor en in die massa begin verdwyn. Gevolglik is daar 'n groeiende gevoel van onmag oor die kragte in die Westerse kultuur wat ontketen is, maar nie behoorlik beheer kan word nie.
- In sy soeke na 'n eie identiteit probeer die Westerse mens die een na die ander oplossing, net om dit ook maar te verwerp. 'n Diepe onsekerheid en ontreddering lei tot relatiwisme, waar hy sonder 'n werklike stel waardes of beginsels deur die lewe probeer kom.
- In 'n poging om uit die krisis te ontvlug, onttrek sommiges hulle soveel as moontlik uit hulle daaglikse bestaan, ander skep 'n kontra-kultuur (veral die jeug), terwyl ander soek na 'n religie waarin veral ervaring die fokus is. In min gevalle word egter teruggekeer na God en sy Woord.

2.2. Die tradisionele Afrikakultuur

2.2.1. Inleiding

Saam met die Westerse kultuur, is die tradisionele Afrikakultuur rigtinggewend binne die sosiopolitieke konteks van Suid-Afrika. Om die dinamika van die interaksie tussen die

inwoners van Suid-Afrika te verstaan, is dit belangrik om, net soos wat die geval is met die Westerse kultuur, ook 'n begrip te hê vir die uitgangspunte wat die basis vorm van die tradisionele Afrikakultuur.

Net soos die geval met die Westerse kultuur is, is dit eweneens problematies om 'n beskrywing van die tradisionele Afrikakultuur te gee. Op die vasteland van Afrika is daar nagenoeg tweeduisend etniese groeperinge (Van der Walt, 1999:92), wat elk 'n eie unieke kulturele agtergrond het (Kudadjie & Osei, 1998:35, 55; Pobee, 1998:21). Lewensbeskouing, taal en gewoontes verskil in sommige gevalle drasties van mekaar, terwyl daar ook 'n veelheid van godsdienste en Christelike denominasies teenwoordig is (Pobee, 1998:22). Dit is 'n wye veralgemening en wetenskaplik onhoudbaar om te wil beweer dat *elke* lid van 'n bepaalde kultuur *al* die breë neigings het wat by die kultuur te bespeur is (sien Scollon & Scollon, 1995:157-158). Volgens Oruka (2003:60) het elke gemeenskap wel 'n dominante kultuur, maar is daar steeds verskillende en dikwels kompeterende ideologieë wat in die harte en gedagtes van individuele mense en etniese groeperinge leef. Almal in Afrika leef en dink dus nie noodwendig presies dieselfde nie. Dit is verder ook onafwendbaar dat die Afrikakultuur beïnvloed is (en steeds beïnvloed word) deur kontak met ander kulture. Prah (1999:41) meen tereg dat die Afrika-identiteit gedurig verander na gelang van konteks en omstandighede. Van der Walt (1999:91) verwys in hierdie verband na verskynsels soos akkulturasie (waar instellings en gebruike van ander kulture oorgeneem word) en inkulturasie (waar instellings en gebruike van ander kulture geïnkorporeer en ver-inheems is). Hoewel die Afrikakultuur 'n merkwaardige vermoë toon om te kan oorleef en aanpas by omstandighede (Ejizu, 2006), is dit wat tradisioneel geglo en geleef is, in 'n groot mate besig om te verander en met uitgangspunte van ander kulture te vermeng (Lassiter, 1999; Nyamiti, 1999). In Afrika suid van die Sahara kan veral die invloed van die Westerse kultuur onderskei word (sien Teffo, 1999:161), terwyl die invloed van die Arabiese kultuur veral op die gemeenskappe in noord-Afrika sigbaar is (Sharawy, 1999).

Tog dien dit in 'n studie van hierdie aard wel die doel om sekere breë buitelyne te gee van dit wat as gemeenskaplik kultuurgoedere regoor Afrika voorkom (Teffo & Roux, 2003:164). Onder die verskillende etniese groeperinge in Afrika is daar tog merkwaardige ooreenkomste wat lewensbeskouing en religie betref (Kudadjie & Osei, 1998:35; Makgoba, 1998:101). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat kultuur in sy kern bepaal en gevorm word deur die religieuse dimensie van mens-wees, met die lewensbeskoulike dimensie as tweede dimensie daar rondom (Van der Walt, 1999:92; sien ook 2.1 van Hoofstuk 2 hierbo). Deur hierdie breë buitelyne te ondersoek kan 'n idee gevorm word

van die lewensbeskoulike aspekte wat ten grondslag van die kultuur lê (sien 2.1 van Hoofstuk 2 hierbo), asook die optrede wat daaruit na vore kom en kan dit vergelyk word met die breë buitelyne wat met betrekking tot die Westerse kultuur geïdentifiseer is.

'n Saak wat die problematiek van 'n ondersoek na die Afrikakultuur bemoeilik, is die feit dat daar (anders as die geval met die Westerse kultuur) nie genoegsame, duidelike bronne beskikbaar is waarin die ontwikkelingslyne van die tradisionele Afrika-kultuur opgeteken is nie (Mavia, 2001). Omdat die Afrikakultuur tot en met die koms van die Westerse kolonialisme hoofsaaklik 'n orale kultuur was, is daar eers redelik onlangs begin om studies hieroor vanuit Afrika-geledere te maak (Teffo & Roux, 2003:163). Selfs in die huidige eeu van ontwikkeling op tegnologiese gebied, met internettoegang tot 'n wye verskeidenheid bronne, is dit redelik problematies om outentieke geskrifte van Afrika denkers en navorsers oor hierdie onderwerp te vind. In sommige gevalle kan die navorser nie anders as om hom te verlaat op ondersoeke wat gedoen is deur akademici van buite die tradisionele Afrikakultuur. Hoewel dit nie sonder waarde is nie, is dit nie die ideaal dat iemand van buite 'n bepaalde kultuur, 'n uiteensetting van die intrinsieke waarde en betekenis van die denke en optrede binne daardie kultuur gee nie (Teffo & Roux, 2003:174; Ntuli, 1999:187). Die gevaar sal altyd wees dat so 'n uiteensetting mank gaan aan objektiwiteit en wetenskaplike neutraliteit, omdat dit uiters moeilik is om 'n ander kultuur vanuit 'n eie kulturele bepaaldheid te ondersoek. Vir die onderstaande uiteensetting is gepoog om merendeels gebruik te maak van werke deur navorsers vanuit die Afrikakultuur self. Waar wel gebruik gemaak is van ondersoeke deur Westerse navorsers, is gepoog om dit te bevestig en te kontroleer met eersgenoemde.

2.2.2. Buitelyne van die tradisionele Afrikakultuur

2.2.2.1. Holisme

In die Afrikakultuur word die werklikheid holisties beskou (De Visser, 2000:169; Van Niekerk, 1993:108). Die wêreld van die mens, natuur en gees word as 'n geïntegreerde en organiese geheel gesien (Nyamiti, 1999), waar die transendente in al die fasette van die lewe invloei en elke moment met sin en betekenis vul (Ejizu, 2006). Dit is 'n fundamenteel mobiele werklikheid, wat voortdurend op soek is na sintese. Daar is geen skeiding tussen die sigbare en die bo-waarneembare werklikheid nie en alles in die heelal is onderling verbind met mekaar, hetsy dit sigbaar of onsigbaar is (Kudadjie & Osei, 1998:41). In hierdie werklikheid het die mens 'n spesifieke taak: om in harmonie en balans met die geestelike wêreld (Turaki, 1999:110), medemens en natuur (Van der Walt, 1999:122) te leef en voortdurend daarna te streef om in simpatieke gemeenskap met die elemente

daarvan te verkeer (Nyamiti, 1999). Om dit te kan vermag, word die lewe ingerig volgens 'n stel geloofsisteme, rituele en praktyke, waardeur die lewe betekenisvol en sinvol gemaak word (Pityana, 1999:138).

Die Afrikakosmologie is in wese religieus en moet as sodanig verstaan word (Kudadjie & Osei, 1998:57). Die mens word beskou as 'n wese wat daagliks in kontak is met die totale kosmos en het daarom voortdurend te doen met 'n ensemble van tekens en boodskappe wat geïnterpreteer moet word. Die ingeligte mens is een wat die geheim (simbool) van dinge kan ontsyfer (Nyamiti, 1999). Hierin speel simboliek 'n belangriker rol as die fyn, rasionele ondersoek van dinge. Simboliek is die intuïtiewe wyse waarop die beperkinge van 'n "brein-gesentreerde rede" oorkom kan word (Makgoba, 1998:101). Kennis lê volgens die Afrikakultuur in die ontologiese verstaan van die aard van die kragte wat in die kosmos voorkom, asook hulle interaksie met mekaar. Die holistiese werklikheid word beskou en beoordeel ten opsigte van die dinamiese aspekte daarvan, wat ten nouste te doen het met lewe (Nyamiti, 1999). Om hierdie rede word sterk klem gelê op lewe en krag. As hoogste krag word God erken, met die gestorwe voorvaders volgende in die subordinasie. Volgens Mavia (2001) word die religieuse beskouing van die werklikheid in Afrika versterk deur wondertekens en die demonstrering van allerlei kragte, eerder as 'n intellektuele, rasionele aanbied daarvan. Die verstand van die mens funksioneer nie selfstandig nie en moet vergesel en voltooi word deur emosie en gevoel (Pobee, 1998:24).

2.2.2.2. Fokus op die metafisiese

Omdat daar 'n holistiese benadering in die Afrikakultuur is, is dit vervolgens ook nie vreemd dat daar 'n sterk fokus op die metafisiese is nie. Volgens Okolo (2003:210) is daar in die Afrikakultuur nie 'n uitsluitlike fokus op materialisme (in die filosofiese betekenis van die term) nie, maar eerder 'n dualisme, wat in 'n sekere mate ooreenstem met dit wat Plato gepropageer het. Volgens die Afrika-dualisme word die wêreld verdeel in 'n sigbare deel (dit wat ervaar kan word) en 'n onsigbare deel (die metafisiese). In die onsigbare deel word God, die voorvaders, natuurgode en geeste gevind. In die materiële wêreld is daar mense, diere, plante en lewelose objekte. In teenstelling met die uitgangspunt van Plato dat die immateriële wêreld voorkeur kry bo die materiële, is daar egter in die Afrika-siening 'n erkenning dat beide belangrik is en dat daar 'n bepaalde onderlinge wisselwerking plaasvind. Hierdie wisselwerking vind plaas deur bemiddeling van die mens. Op hierdie manier is die mens die sentrum van die

kosmos, omdat hy in 'n intieme verhouding staan met die sigbare skepping en die onsigbare geestelike wêreld. Hy beïnvloed die ander (sigbare sowel as onsigbare) wesens in die skepping en word self deur hulle beïnvloed. As gevolg hiervan kom daar 'n sterk magies-religieuse karakter in die kultuur na vore (Nyamiti, 1999) en is daar 'n verskerpte sensitiwiteit vir die supra-sensoriese en nonsensoriese werklikheid in die kosmos (Edwards, 1998:95).

Gevolglik is daar in die tradisionele Afrikadenke nie iets soos toeval nie. Alles wat gebeur het 'n oorsaak en gevolg, dikwels metafisies van aard. Waar dit in die Westerse kultuur meganisties van aard is, is daar in die Afrikametafisika 'n sterk geestelike karakter. Daar word verder en dieper gekyk as bloot die direkte oorsaak en gevolg van 'n saak. Die groter (holistiese) prent waarvan dit alles deel is (Van Niekerk, 1993:105) word ondersoek. In die proses kom denke oor God, voorvaders, heksery en die essensie van mens-wees in die spel (Teffo & Roux, 2003:165-173). So word sekere vreemde gebeure onder die Vendas van die Limpopo provinsie volgens Van Niekerk (1993:45) verklaar ingevolge 'n wydverspreide geloof dat opgewekte dooies fisies onder hulle woon en in diens van hulle meester sekere take in die nag uitvoer. Sulke en ander vreesaanjaende gelowe is volgens Van Niekerk (1993:45) die realiteit vir miljoene mense in Afrika, omdat daar so 'n sterk fokus is op die metafisiese. Van der Hooft daarenteen (soos aangehaal in Olivier, 1985:1), maak weer melding daarvan dat sekere metafisiese verskynsels as 'n groot seën beskou word. In sommige stamme van die Pedi-groep word 'n persoon wat deur een of ander gees beset is, nie beskou as die slagoffer van die gode nie, maar as 'n uitverkorene. Besetting deur 'n gees dui vir hulle daarop dat die bepaalde persoon spesiaal uitgekies is om kontak met die geesteswêreld te hê en derhalwe die seën van die gode ontvang.

In die kultuur van Afrika is die wesens van die geestelike wêreld dus nooit ver van die materiële wêreld nie. Daarom word kontak met wesens in die geestelike wêreld ook voortdurend gesoek, sodat beding kan word vir voordele, gawes en lewenskrag. Kontak met wesens in die geestelike wêreld vind plaas deur bepaalde offers, rituele, toekomsvoorspelling, gebede, towerspreuke ensomeer. Ook die gebruik van maskers kom in sekere gevalle voor, waar die masker die lokaliteit aandui waar 'n bepaalde gees gevorm is (Yoo, 2006). In sommige ouer kulture van Afrika, waaronder die Sankultuur, word musiek en dans op uiters bedrewe manier gebruik om kontak met wesens in die geestelike wêreld te maak. Die leier van 'n groep word deur middel van die ritmiese stamp van voete en

handeklap gelei om in 'n beswyming te gaan, sodat hy in daardie toestand met die geeste kan kommunikeer (Lambrecht, 2002:8).

Omdat kragte soos weerlig, donderweer ensomeer as agente van die geestelike wesens gesien word, word dit ook vereer en aanbid. So is ook bepaalde gelukbringers, amulette en toordery inherente deel van die kultuur, omdat dit direk verbind word met sekere metafisiese aspekte in die kosmos (Okolo, 2003:211). Kudadjie & Osei (1998:56) beklemtoon dit dat Christene in Afrika nie graag towery of okkultiese bedrywighede promoveer of erken nie. Volgens hulle is daar egter in die samelewings van Afrika bepaalde metafisiese fenomene, wat gereeld en algemeen voorkom en tot nog toe nie deur wetenskaplike ondersoek verklaar kon word nie. Vir hulle dui dit op 'n werklikheid wat nie sonder meer geïgnoreer of afgemaak kan word as onbelangrik nie. Hoewel klassifikasie mag verskil (in sommige dele van Afrika is daar 'n geloof in semi-gode en in ander dele nie) is daar 'n wydverspreide geloof dat die wesens van die geesteswêreld daadwerklik alle dinge in die lewe kan beheer en beïnvloed (Kudadjie & Osei, 1998:41; De Visser, 2000:169).

Volgens Oladipo (2003:208) lei hierdie geloof tot 'n vreespsigose onder die gemeenskappe in Afrika. So is die voorkoms (of bewerings) van sogenaamde heksery en toordery iets wat algemeen en 'n belangrike element van die Afrikakultuur is (Van Niekerk, 1993:9). Heksery verwys gewoonlik na die vermoë om onsigbaar te word, uit die slapende liggaam uit te gaan en sekere mense skade aan te doen. Hekse word daarvan verdink dat hulle werk deur allerlei mistieke diere, *thikoloshe* of selfs 'n lyk wat uit die dood opgewek is. Vrees vir hekse en agterdog teenoor hulle is só diep gewortel, dat hulle dikwels die blaam kry wanneer dinge in die gemeenskap skeefloop. Volgens (Hammond-Tooke, 1998:7 asook Thlagale, 2006) gebeur dit dikwels dat, indien gereken word dat die voorvaders ongelukkig is en iemand straf vir 'n oortreding, die voorvaders eerder beskerm word en die blaam na 'n heks oorgedra word, sodat die heks kwalik geneem en vervolg kan word vir die skade wat gely is. As sodanig is daar 'n heilige vrees vir hekse en kom dit gereeld voor dat iemand as 'n heks geïdentifiseer en doodgemaak word. Soms word heksery ook gebruik as verskoning vir misdaad, met die bewering dat iemand ('n heks) die skuldige getoor het (Van Niekerk, 1993:64) of op een of ander manier veroorsaak het dat die skuldige oortree.

'n Verdere voorbeeld van metafisiese denke in die Afrikakultuur is die siening oor die oorsaak van siekte. Siekte word holisties benader: die totale lewe van die sieke word in berekening gebring. Indien daar 'n toestand is wat iemand ongemaklik laat voel, pyn of onvermoë bring of die dood of verminking as immanente moontlikheid bring, word so 'n persoon as siek beskou. Die vraag is nie of daar op (Westerse) mediese vlak bepaalde diagnose gemaak kan word nie. Die vraag is of die daaglikse aktiwiteite van die persoon deur sy toestand geaffekteer word. Die totaliteit van 'n persoon se fisiese, sosiale, psigologiese en geestelike gesondheid word dus betrek (Sogolo, 2003:195-196).

Anders as Westerse dokters, wat 'n spesifieke orgaan van die liggaam aanwys as setel van die siekte, stel genesers uit die tradisionele Afrikakultuur nie belang in spesifieke organe nie. Die hele liggaam word as siek beskou wanneer daar 'n probleem of toestand by 'n pasiënt is. Diagnose van 'n probleem begin nie met 'n fisiese ondersoek van die pasiënt se liggaam nie. Volgens Kudadjie & Osei (1998:42) word eers navraag gedoen oor psigologiese aspekte, sosio-kulturele verhoudings van die pasiënt, asook goddelike of bo-natuurlike verhoudings waarin die pasiënt kan wees. Dikwels word dan aangewys dat die oorsaak van die siekte 'n bepaalde bo-natuurlike krag is (gode, geeste, heksery ensomeer), terwyl 'n sekondêre oorsaak, meer in die lyn van die Westerse medisyne, daarby gevoeg word (Sogolo, 2003:197). Kudadjie & Osei (1998:42) meen dat hierdie benadering tot gesondheid beskryf kan word as gelyktydig wetenskaplik sowel as holisties en dat dit dikwels meer effektief is as Westerse gesondheidsorg (sien ook Olivier, 1985:1; Van Niekerk, 1993:40). In die Afrikakultuur is die vraag in die eerste plek nie na die oorsprong van siekte nie. Die vraag is eerder na die einddoel van siekte. Hierin speel toeval of noodlot nie 'n rol nie (Sogolo, 2003:199). Hoewel hierdie beskouing met die eerste oogopslag na animisme lyk, is dit in beginsel tog iets wat teruggevind kan word in die Westerse wetenskaplike benadering tot medisyne. Die geestelike dimensie van siekte en herstel van die menslike liggaam word in die Westerse mediese wêreld wyd erken. Psigo-somatiese verskynsels is alledaags en word erken. Daarom kry die Afrika-benadering waarvolgens die mens meer holisties in sy siekte hanteer word, volgens (Sogolo, 2003:197) al meer erkenning in die wêreld.

Om sekere siektes te help genees, speel toordokters 'n belangrike rol in die tradisionele Afrikakultuur. 'n Toordokter het outoriteit en word aanvaar indien dit duidelik blyk dat hy deur (geestelike) magte van buite beheer word. Behalwe vir

die toordokter, is daar ook sekere persone wat as mediums tussen die wesens van die geesteswêreld (dikwels die voorvaders) en die mense op aarde optree om sekere boodskappe oor te dra. Hiervoor ondergaan so 'n medium bepaalde opleiding, sodat hy ten volle bevoeg is om as medium te kan optree en die oorsaak van siekte te kan uitwys. Om besetting deur geestelike wesens te bewerkstelling, word 'n bepaalde dans uitgevoer, begelei met sekere instrumente. Veral die drom is hierin prominent (sien Olivier, 1985:2-3).

2.2.2.3. Godsbeeld

Gesien in die lig van die sterk klem op die metafisiese is dit nie vreemd dat deelname aan godsdienstige organisasies wyd voorkom in Afrika nie (Chazan *et al.*, 1992:94). God word beskou as die *unkulunkulu* (die grootste van die grotes in die geestelike wêreld), wat nie manlik of vroulik is nie en ondeurgrondelik is (sien ook Setiloane, 1998:81). *Unkulunkulu* kan nie beskryf word nie en is onkenbaar. Daarom is dit vir die mens die beste om stil te bly en die onuitspreeklikheid van *unkulunkulu* te erken (Ramose, 2003b:236-237). God word beskou as die Voorsiener van alles wat nodig is vir die daaglikse lewe, sowel as die Beskermer wat die gelowiges veilig hou teen die gevare van die lewe, soos onder meer heksery, ongelukke en demoniese invloede (De Visser, 2000:56).

Hoewel daar verskillende konsepte van God regoor Afrika is, is daar merkwaardige ooreenkomste in die onderliggende beginsels waarop elke konsep gebou is. God word beskou as die hoogste van die geestelike wesens (Teffo, 1999:157). Onder Hom sorteer (in sommige gevalle) die halfgode of geestelike wesens, wat elk verbind is aan spesifieke natuurkragte (Van der Walt, 1999:106). Onder die halfgode in rangorde word die voorvaders ingedeel (*badimo* in Tswana of *amadlozi* in Zoeloe). In sommige gevalle word ook nog natuurgode geïdentifiseer, wat naastenby op dieselfde vlak as die mens funksioneer (De Visser, 2000:170). Die mens is dus in kontak met God, sy voorvaders en 'n verskeidenheid ander geestelike wesens. So het *ubuntu* volgens Louw (aangehaal in Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:193) 'n sterk religieuse betekenis, omdat dit uitgebrei word na alle verhoudings in die kosmos – ook dié met God en ander geestelike wesens.

Oor die algemeen word God beskou as transendent en merendeels onbereikbaar. Hy word beskou as die Skepper van die heelal, maar nie erken as die Versorger daarvan nie. Tog word Hy nie duidelik van sy skepping onderskei nie. In die

Zoeloe woord *nkulukulu* kom die konsep van 'n *allesoorheersende krag* na vore, eerder as 'n *Persoon* (Van der Walt, 1999:104). Oor die siening in die Afrikakultuur met betrekking tot die toeganklikheid van God vir die mens, is daar verskil van mening. De Visser (2000:174) meen dat God gevrees word, omdat Hy Homself dikwels manifesteer in gebeure soos skielike storms, maar dat Hy nie beskou word as iemand wat betrokke is by die lewe van die mens nie. Hy is dus teenwoordig in alles, maar daar is 'n religieuse distansie tussen Hom en die mens. Van versoening tussen God en mens is daar nie sprake nie. God en mens is apart en die mens aanvaar dit so. God word beskou as 'n stil God, wat nie met die mens kommunikeer nie, omdat Hy ver is. Openbaringe wat wel ontvang word, word verkry deur spesiale mediums wat deur drome allerhande tipes inligting ontvang. Om hierdie rede word God ook nie in wese aanbid nie. Wanneer wel met Hom kontak gemaak word, is die doel daarvan funksioneel: om dit te bekom wat nodig is vir die lewe van elke dag. Een-wees met God, om daardeur vervulling en betekenis vir die lewe te vind, kom nie voor nie (De Visser, 2000:174-175). Okolo (2003:211) daarenteen meen dat God juis nie beskou word as onbereikbaar of ver nie, maar as 'n God wat op verskillende wyses direk betrokke is by die lewe van mense. Hy word hierin ondersteun deur Teffo (1999:157) wat van mening is dat sowel lewendes as dooies op verskillende maniere met God kan kontak hê en kommunikeer.

'n Bevestiging van De Visser se siening kan gevind word in Van der Walt (1999:106) se verwysing na die gebrek aan verantwoordelikheidsgevoel teenoor God wat in die Afrikakultuur voorkom. Hy skryf dit toe aan die feit dat God as veraf en onbereikbaar beskou word. Verantwoordelikheid word daarom eerder teenoor die gemeenskap nagekom. Dit lei daartoe dat die gemeenskap die bepalende faktor is vir die bepaling van etiese norme. Om teen die wil van die gemeenskap op te tree, en in swak verhoudings met jou medemens te wees, is sonde. Dit word as veel belangriker gesien as gehoorsaamheid teenoor 'n God wat in elk geval veraf blyk te wees.

In talle Afrika geïnstitusionaliseerde kerke kom daar 'n sinkretisme na vore waar tradisionele Afrikagewoontes en -gebruike vermeng word met Christelike leerstellings. Gewoonlik is daar 'n sterk fokus op Sionistiese elemente wat uit die Ou Testament afkomstig is (Pityana, 1999:139). Gevolglik kan afgelei word dat die beskouing oor God ook 'n vermenging van hierdie verskillende invloede sal wees. Wat wel deurgaans duidelik is, is dat aanbidding en toewyding nie

halfhartig gedoen word nie. Dit bepaal die totale lewe van diegene wat daarvan deel is (Pityana, 1999:140). Volgens Biko (aangehaal in Pityana, 1999:145) is aanbidding nie 'n gespesialiseerde funksie wat eenmaal per week uitdrukking vind in 'n afgesonderde gebou nie, maar wat in elke aspek van die lewe voluit gestalte kry.

2.2.2.4. Verering van voorvaders

In die tradisionele Afrikakultuur word die voorvaders beskou as 'n belangrike deel van die geestelike wêreld. Daarby word gemeenskapsbelewing as 'n uiters belangrike komponent van die lewe beskou (sien 2.2.2.6 hieronder). Gevolglik word nie alleen die lewende familielede in die gemeenskap en omgewing nie, maar juis ook die afgestorwe voorvaders betrek wanneer sekere seremonies gehou word (Opland, 1983:120). Die voorvaders word die "lewende dooies" genoem (Okolo, 2003:212) omdat hulle beskou word as steeds aktiewe betrokkenes by die lewe van hulle agtergeblewe families, met wie gemeenskap onderhou moet word.

Die voorvaders is nie alleen nader aan God nie, maar ook nader aan die (lewende) mense as wat God is. As sodanig is hulle dus die ideale tussengangers tussen die gemeenskap en die geesteswêreld. Hulle beskik oor sekere magies-religieuse kragte (Nyamiti, 1999) en sorg vir die veiligheid en voorspoed van die gemeenskap. Vir die lewendes het hulle 'n sterk aantrekkingskrag omdat hulle goeie gesondheid, vrugbaarheid, voorspoed, geluk, beskerming teen bose magte, groter krag vir medisyne, antwoorde op die raaisels van die lewe (Van der Walt, 1999:107), 'n lang lewe en baie kinders kan verseker (Nyamiti, 1999). Wanneer hulle nie tevrede is met die lewe van hulle nageslag nie, het hulle egter ook die vermoë om straf op allerhande maniere uit te deel. Gevolglik is daar ook 'n diep vrees vir die voorvaders (Nyamiti, 1999).

Volgens De Visser (2000:127) kom sinkretisme in die Afrikakultuur dikwels voor waar God en die voorvaders op dieselfde manier vereer en selfs in dieselfde gebed aanbid word. Mbiti (aangehaal deur Vilakazi, 1998:108) lê egter klem daarop dat dit foutief is om te beweer dat die voorvaders in die Afrikakultuur aanbid word. Volgens hom word daar bloot met die afgestorwenes kontak gehou deurdat sekere rituele uitgevoer word. Die kos wat as deel hiervan aan hulle aangebied word, is simbool daarvan dat die gesin voortgaan om in kontak met die afgestorwenes te bly, al het sommiges al gesterf. Volgens hom gaan dit nie om

aanbidding nie, maar erkenning en akkommodering. Van der Walt (1999:107-108) verwys ook na die hewige debat wat aan die gang is oor die presies reikwydte van die manier waarop teenoor voorouers opgetree word: die vraag is of dit verering, aanbidding, herinnering of blote respekbetoning is. Volgens hom is dit wel voor-die-hand-liggend dat dit in die verering van die voorvaders oor meer gaan as blote respek, omdat die voorvaders verantwoordelik is vir die totale heil van die mense wat nog op aarde lewe en verwag kan word dat alles in die stryd gewerp sal word om hulle goedgesindheid te probeer behou.

Daar is geen uniforme sisteem of stel gebruike en gelowe ten opsigte van die verering van voorvaders nie. Tog is daar in hierdie verband wel sekere ooreenkomste onder verskillende etniese groeperinge (Nyamiti, 1999). Wanneer sekere belangrike gebeurtenisse plaasvind, soos begrafnisrituele, troues of inisiasierites, word bepaalde seremonies gehou, waarby die hele stam teenwoordig is en waar die afgestorwenes ook aangeroep word (Opland, 1983:121). Hulle word ingelig waarom die seremonie plaasvind, bepaalde offers word gebring (dikwels beeste en bier) en hulle word gevra om hulle seën te gee op die gebeurtenis wat besig is om tot voltooiing te loop. In sommige gevalle is die presiese kleur van die dier wat geoffer word van groot belang. By 'n troue moet dit byvoorbeeld 'n wit bul wees en nie 'n swart bul nie, anders kan die wraak van die voorvaders verwag word (Ka Mahamba, 2004:1). Van hulle kant kommunikeer die voorvaders met hulle lewende familielede deur middel van drome. Soms verskyn hulle ook in lewende gedaantes, soos byvoorbeeld slange (Van der Walt, 1999:107), hiënas en wurms, of neem hulle besit van iemand se liggaam (Nyamiti, 1999). Dit kan dus nie anders nie, dat die verering van voorvaders dikwels ook met groot vrees gepaard gaan.

Niemand kan 'n voorvader word, sonder dat hy 'n moreel aanvaarbare lewe gelei het nie. In sekere gevalle is dit ook 'n voorwaarde dat 'n ordentlike begrafnis, met gepaste begrafnisrites (waarin verering van die afgestorwene 'n groot rol speel) vir so 'n persoon gehou word (Nyamiti, 1999). Prysliedere (in die vorm van poësie) het ook 'n belangrike rol. 'n Pryslied is 'n gedig waarin die deugde en prestasies van 'n persoon besing word. By 'n begrafnis word dit gebruik om die afgestorwende te vereer. Dit is gewoonlik die seun se verantwoordelikheid om te sorg dat daar 'n pryslied is. Wanneer daar meer as een seun is, moet elke seun 'n seremonie hou waarby 'n pryslied vir sy afgestorwe vader opklink. Soms gebeur dit dat so 'n pryslied die pryslied van die hele stam of etniese groep word. Dit

spreek vanself dat die pryssanger 'n prominente rol hierin vervul. Hy is die een wat die lied moet onthou en oordra (Opland, 1983:121).

'n Verdere gebruik wat voorkom, is dat die naam van 'n afgestorwe voorvader aan 'n nageslag gegee word. Op hierdie manier word geglo dat dit vir die afgestorwene moontlik gemaak word om in die nageslag te bly voortlewe. Gevolglik word dit ook as wenslik beskou om 'n groot getal kinders te hê, omdat soveel as moontlik voorvaders dan die geleentheid gegee word om deur naamgewing in die nageslag te kan bly voortlewe (Nyamiti, 1999).

2.2.2.5. Lewenskrag

Een van die redes waarom die voorvaders aangeroep word, is om hulle seën en versorging vir die lewe van elke dag te kan bekom. Volgens die Afrikakultuur is daar een onontbeerlike element waarna voortdurend gesoek word, naamlik *seriti* (lewenskrag) (Du Toit, 1998:19). Lewenskrag het te doen met 'n aktiewe beheer oor eie lewensomstandighede (Fernandez, 2004:199). Sonder lewenskrag is bestaan nutteloos en kom daar nie beweging nie. Om te bestaan is iets dinamies, waarin daar definitiewe beweging ingebou is. Hiervoor is lewenskrag nodig en daarom is daar 'n sterk fokus op "*dit wat krag is.*" Krag is lewe en beweging (Nasseem, 2003:261). Alle materie hou lewenskrag in. Gevolglik word die totale heelal beskou as 'n netwerk van lewenskragte (Senghor, aangehaal in Lassiter, 1999) en is die kuns van lewe geleë in die ontginning hiervan. Omdat die soeke na lewenskrag die groot dryfkrag agter die religie van Afrika is, is dit ook die hoofrede waarom in God belang gestel word: Hy is die groot verskaffer van lewenskrag vir die mens (Nyamiti, 1999). Om by Hom uit te kom, is dit egter nodig om die voorvaders se hulp in te roep omrede hulle as tussengangers tussen God en mens optree.

Omdat lewenskrag te doen het met lewe en die vermoë om lewe in stand te hou, word die besit van grond beskou as integrale deel van die identiteit en lewe van 'n persoon. Tussen grond en lewe is daar 'n onlosmaaklike band. Van Niekerk (1993:75) verwys na 'n "mistieke band" tussen die mens van Afrika en grond. Grond gee die vermoë en krag om te kan lewe. Om daarvan afgesny te wees, is dieselfde as om dood te wees (Ramose, 2003d:461). Grond word beskou as 'n geskenk van die Almagtige. Dit is die fondament van fisiese en spirituele bestaan en die sentrum waaruit alle lewe voortkom. As sodanig is dit die fondament van religieuse- en gemeenskapslewe. Dit word beskou as die moeder van die

mensdom, wat respek en verering van al haar kinders waardig is. Omdat grond nie onbeperk is nie, word dit beklemtoon dat dit met wysheid uitgedeel en gebruik moet word, sodat daar genoeg lewe vir almal kan wees. Volgens die Afrikakultuur bestaan daar nie so iets soos 'n wetlike, individualistiese eiendomsreg nie. Grond word gesamentlik besit deur die groep (Teffo, 1999:156), wat die verantwoordelikheid het om dit met groot sorg en respek te ontwikkel (Vilakazi, 1998:114-115). Grond behoort ook nie net aan diegene wat tans daarop woon nie. Die voorvaders bly ook na hulle dood mede-eienaars daarvan en is geregtig op die vrugte wat daaruit voortkom. Om van die grond afstand te doen beteken verraad teenoor die voorouers en impliseer ook dat die beskerming van die voorouers prysgegee word (sien Van Niekerk, 1993:108). Grond en die besit daarvan het dus 'n betekenis wat ver bo die fisiese of ekonomiese uitgaan (Van der Walt, 1999:135).

In die Afrikakultuur word lewenskrag nagejaag vir lewe en beskerming. Dit is onontbeerlik vir verskansing teen die gevare van die wêreld waar die noodlot en boosheid werklikheid is (Van der Walt, 1999:103). Lewenskrag is oordraagbaar (De Visser, 2000:169) en kan verkry word deur rituele soos handoplegging of deur kontak met wesens in die geesteswêreld. Ook amulette en sekere tipes gelukbringers is draers van die lewenskrag (Nyamiti, 1999). Niemand mag egter meer lewenskrag besit as wat hom toekom nie (Van der Walt, 1999:103). Vir die nodige harmoniese balans in die gemeenskap is dit nodig dat elke mens sy plek in die samelewing ken (Nyamiti, 1999). Daarom is dit ook nie vreemd dat die tradisionele leiers beduidend meer geld en besittings (lewenskrag) het as die gewone lede van die gemeenskap nie (sien Van Wyk, 2004:16).

Daar is verskeie bemiddelaars wat die mens in verbinding met die geesteswêreld kan bring, sodat hy lewenskrag kan verkry en sterk en gesond kan wees. Hierdie bemiddelaars word towenaars of dolosgooiers genoem (*ngaka* in Tswana of *isangoma* in Zoeloe) (Van der Walt, 1999:104). Volgens Pityana (1999:139) en Thlagale (2006) word lewenskrag ook verkry deur middel van toekomsvoorspelling met die gooi van bene. Die persoon wat inligting soek oor die toekoms, blaas oor die bene, waarna die voorspeller of towenaar (*selaoli*) vertel wat die bene wys oor die toekoms. Volgens Pityana (1999:139) veroorsaak onkunde en naïwiteit dat mense die voorspellers glo en hulle lewe daarop bou. In sommige gevalle word towenaars egter ontmasker as selfsugtig en boos, omdat geglo word dat hulle mense mislei en hulle lewenskrag self inpalm ten koste van

die gemeenskap. Die enigste raad is dan om hulle totaal te vernietig deur verbranding (sien Van Niekerk, 1993:94).

'n Verdere manier waarop gesoek word na lewenskrag, is deur *moetie* te gebruik wat deur 'n toordokter of waarsêer voorgeskryf is. Volgens Scholtz (aangehaal in Pienaar, 2002:9) is die gedagte dat 'n groter voordeel (lewenskrag) met *moetie* verkry kan word as met 'n gewone dierlike offerande aan die voorvaders. *Moetie* is spesiale "medisyne" wat gemaak word van slangvel, dorings, die klou van 'n leeu, hare uit 'n leeu se maanhare of van 'n bul ensomeer. Daar word geglo dat die medisyne dieselfde kwaliteite het as die dier of plant waarvan dit gemaak is (Thlagale, 2006). Afgesien van die gebruik van dierlike- en plantmateriaal vir *moetie*, is daar ook die geloof dat liggaamsdele van 'n mens kragtige medisyne is (sien Hlatshwayo, 2006:1). In die meeste gevalle word probeer om hierdie liggaamsdele te verwyder terwyl die persoon nog lewe. Volgens 'n eeue-oue geloof het die *moetie* meer krag as die persoon wat vermoor word, hard skreeu. Elke liggaamsdeel het 'n funksie. Indien die vet van die bors- en maaggedeelte gebruik word, sal die gebruiker daarvan lank gelukkig wees. *Moetie* wat van iemand se tong gemaak is, maak die pad na 'n vrou se hart oop. Geslagsdele verseker vrugbaarheid en *moetie* wat van iemand se hand gemaak is, bring groot rykdom. As die brein gebruik word, werk dit wysheid en kennis mee. In sommige gevalle word geglo dat die liggaamsdele van 'n Blanke groter geluk en 'n kragtiger uitwerking het as dié van 'n Swarte (Louw, M., 2006:11).

Liggaamsdele van kinders word dikwels verkies bo dié van volwasse mense, omdat geglo word dat hulle meer geluk as ouer mense in hulle het. Die gedagte is dat elke mens met 'n sekere hoeveelheid geluk gebore word, wat hy deur die loop van sy lewe stelselmatig opgebruik. Kinders het dus meer daarvan in hulle as ouer persone. Rituele moorde word dikwels aanbeveel deur 'n *isangoma* (waarsêer of siener) maar soms ook deur 'n *inyanga* (tradisionele dokter of kruiedokter). Dit gebeur egter baie selde dat die *sangoma* of *inyanga* self die moorde pleeg. Swart, rooi en wit is prominente kleure wat by *moetie* gebruik word. Swart *moetie* is die slegte medisyne, wat veronderstel is om kwaad weg te neem en kan geëet of gedrink word. Rooi *moetie* het ten doel om die kwaad na die oppervlak te bring. Dit word gedrink of as 'n enema gegee. Wit *moetie* het ten doel om die liggaam te herstel en goedheid in te bou. Dit word as 'n enema of purgeermiddel gegee, veral om braking aan te help.

In die Limpopo provinsie van Suid-Afrika is *moetie*moorde nog so algemeen, dat 'n huis onlangs in die Vembestreek ingerig is vir kinders wie se ouers in rituele moorde vermoor is. Die Suid-Afrikaanse Polisie se Eenheid vir Ernstige Geweldsmisdaad ondersoek tans sowat tien tot vyftien *moetie*moorde per jaar (Labuschagne, aangehaal in Louw, M., 2006:11).

2.2.2.6. Kommunalistiese lewensvisie

Voortvloeiend uit die holistiese siening van die werklikheid is daar in die Afrikakultuur 'n duidelike kommunalistiese lewensvisie. Die mens word beskou as integrale deel van die totale samelewing, maar ook van die geesteswêreld (Van der Walt, 1999:101). 'n Mens wat as enkeling bestaan, is 'n kontradiksie op sigself. Om as aparte enkeling te bestaan, ontken die feit dat die mens 'n integrale deel van die totale skepping van God is en dat Hy juis vereer word deur die menslikheid wat die mens in sy kommunale verhouding met sy medemens en die skepping openbaar (Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:193). Die mens is deel van 'n kommunalistiese geheel en moet sy deel-wees daarvan reg verstaan en uitleef. In weerwil van wat soms beweer word, het hierdie kommunalisme egter nie met 'n ekonomiese (sosialistiese) beskouing te doen nie. Dit is suiwer 'n sosio-etiese beskouing (Gyekye, aangehaal in Lassiter, 1999).

Setiloane (1998:79) noem dat die gemeenskap met wie die mens in verhouding staan, alle lewe insluit: ook diere, plante, grond en selfs die elemente in die natuur. Volgens Louw (aangehaal in Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:193) word God en die voorvaders hierby ingesluit, terwyl Van der Walt (1999:110) in hierdie verband ook verwys na verskillende figure in die sigbare wêreld wat die vermoë het om hulp te verleen vir die verkryging van lewenskrag uit die geesteswêreld: konings, hoofmanne, profete, priesters, kruiedokters, waarsêers (*ngaka* of *isangoma*), toordokters (*moloi*) en verskillende mediums. Sukses in die lewe gaan volgens die Afrikakultuur oor die vermoë om in 'n gesonde verhouding met die totaliteit van die rolspelers in die kosmos te kan leef.

2.2.2.6.1. Ubuntu

Volgens Louw (1998) is dit nie waar om te beweer dat alleen die Afrikakultuur bou op die beginsels van kommunaliteit nie. Dit word ook in ander kulture van die wêreld gevind. In die Afrikakultuur word dit egter 'n spesifieke 'n eiesoortige inkleding gegee. Die gemeenskapsbelewing in die Afrikakultuur word aangedui met die Zoeloeterm *ubuntu*. In werkliheid is dit twee aparte woorde: die prefiks

ubu- en die stam *ntu*. *Ubu-* verwys na *bestaan oor die algemeen* en is 'n begrip wat voortdurend neig tot manifestering in 'n konkrete vorm of modus van bestaan. *Ubu-* neig dus voortdurend tot *ntu*, waar *ntu* dui op *die tydelike wat iets geword het*. In hierdie sin word *ntu* as 'n naamwoord gebruik (Ramose, 2003b:230-231). Beide *ubu-* en *ntu* dui dus op bepaalde aspekte van wees of bestaan. Saamgevoeg in een woord dui dit op *bestaan wat gemanifesteer het op 'n besondere wyse*. Binne die konteks van die gemeenskapsbelewing in Afrika gaan dit om mens-wees of mens-word op 'n bepaalde wyse (Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:191).

Die beginsel van *ubuntu* kry beslag in die Zoeloe spreekwoord: *Umuntu ngumuntu nga banye* (in Xhosa: *Ubuntu ungamntu ngabanye abantu* en in Sotho: *motho ke motho ka batho*). In Afrikaans kan dit só vertaal word: *'n Mens is 'n mens deur ander mense* (sien Shutte, soos aangehaal in Louw, 1998). Omdat 'n vertaling nie die werklike betekenisnuanses volledig kan weergee nie, kan dit as volg opgesom word: *om 'n mens te wees, is om mensheid te bevestig deur die mensheid van ander te erken en op daardie basis menslike verhoudings met hulle daar te stel*. 'n Menslike, respekvolle en bedagsame benadering teenoor ander mense word hierdeur bedoel. Dit gaan dus oor die mens wat (volgens hierdie siening) werklik mens word en in 'n sekere etiese, sosiale en wetlike raamwerk optree. Louw en Liwane (aangehaal in Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:192) noem dat die beginsel van *ubuntu* sowel beskryf as voorskryf wat gebeur wanneer mense met mekaar saamleef. Volgens Teffo (1999:153) asook Murithi (2003) het alle swart mense van Afrika suid van die Sahara hierdie beginsel as gemeenskaplike spirituele ideaal. Dit moet verstaan word as deel van die eiesoortige holisme van die Afrikakultuur (Ramose, 2003b:231). Dit is 'n uitleef van tradisionele opvattings en gebruike waarvoor daar 'n diep respek en waardering in die Afrikakultuur is (Louw, 1998).

Waar die Westerse kultuur klem lê op individualisme, objektiwiteit, persoonlike vryheid, 'n vrye mark, wetenskap en tegnologie, word die Afrikakultuur onderskei deur solidariteit, kommunitarianisme, tradisionalisme en deelneming (Teffo & Roux, 2003:173). Familieverwantskap is die fondament van verhoudinge in die Afrika gemeenskap. Die uitgebreide familie, opeenvolging van geslagte en selfs sekere stamverwantskappe bepaal iemand se sosiale netwerke en verpligtinge. Solidariteit met die familie word betoon, sowel as respek vir ouderdom en

senioriteit (sien Teffo,1999:158-159). Daar is ook 'n sterk identifisering met 'n bepaalde lokaliteit en geboorteplek (Chazan *et al.*, 1992:77).

Die kommunalisme in die Afrikakultuur lei daartoe dat die individu van buite af beskou word, in sy verhouding met ander (Okolo, 2003:213). Die beginpunt van die epistomologie is die stelling: *Ons is, daarom is ek.* "*Ek*" veronderstel "*ons*" en "*ons*" is inbegrepe by "*ek*" (Nasseem, 2003:261). Om êrens te behoort gee dus sin aan die lewe. Die gemeenskap kom eerste en dan die individu. Daarom word familie en stambande gekoester en baie aandag aan die onderlinge verhoudings gegee (Wiredu, 2003: 294). Om hierdie rede word poligamie onder meer nie as verkeerd beskou word nie. Die onderliggende beginsel vir die huwelik is nie liefde nie, maar *ubuntu.* In menseverhoudings (van watter aard ookal – en daarom ook in die huwelik) is die boustene wederkerige erkenning van mekaar se menswaardigheid en respek, aangevul deur gemeenskaplike versorging en verdeling van besittings. Meegevoel is volgens Teffo (1999:154) een van die belangrike beginsels van *ubuntu* en dit is oneties om hierdie of enige ander aspekte van *ubuntu* van 'n familielid of die breë gemeenskap te weerhou. Binne die huwelik kan 'n man dit teenoor meer as een vrou uitleef.

Ubuntu hou voorts in dat iemand wat werkloos is, familielede wat wel 'n inkomste het om hulp kan nader met die verwagting dat hulle hulp sal gee, omdat *ubuntu* almal saambind in 'n kommunale gemeenskap (Ramose, 2003c:329). Wanneer 'n groep saam aan 'n bepaalde projek werk, word die inkomste gelykop verdeel, selfs al het sommiges in 'n groep byna niks gewerk nie. Tydens 'n begrafnis word gesorg dat daar genoeg kos en verversings is, ook vir ongenooides wat dit van die straat af bywoon (Van Niekerk, 1993:49-53). Volgens die uitgangspunte van *ubuntu* word ook vreemdelinge deel gemaak van die gemeenskap. Omdat hulle menswaardigheid as medemense erken word en hulle kwesbaar is wanneer hulle uit die veilige omgewing van hulle eie kultuurgroep is, word spesiale moeite gedoen om hulle te betrek (Wiredu, 2003: 294). Armoede word nie beskou as 'n gebrek aan materiële middele nie, maar as 'n gebrek aan goeie sosiale verhoudings met die medemens. Rykdom is om goeie sosiale verhoudings te hê en bereid te wees om ook geld daarin te belê (Van der Walt, 1999:130). *Ubuntu* hou in dat, indien iemand 'n keuse moet maak tussen rykdom of die behoud van iemand se lewe, laasgenoemde sy logiese keuse sal wees (Ramose, 2003e:644).

Ubuntu hou ook in dat onderlinge harmonie in alles met mekaar nagestreef word. Om hierdie rede word besluite in die gemeenskap eerder deur middel van konsensus geneem as om bloot die opinie van die meerderheid as norm te neem. In die tradisionele politiek van Afrika stel dit 'n vorm van demokrasie daar wat heelwat verskil van die moderne demokrasieë in die wêreld (Wiredu, 2003:295). Wanneer oor gemeenskaplike sake vergader word, kry elke volwasse persoon geleentheid om 'n eie mening te lug. Dit word van elkeen verwag om van hierdie geleentheid gebruik te maak (Vilakazi, 1998:114), sodat daar konsensus by alle deelnemers kan wees (Louw, 1998; Niewoudt, 2003:10). Eenheid en versoening is belangrike elemente vir die volhou van groepskohesie (Teffo en Broodryk, aangehaal in Louw, 1998) en word daadwerklik nagestreef. As sodanig bied *ubuntu* dus 'n waardesisteem waarin ook by uitstek voorsiening gemaak word vir die aanbied en ontvang van vergifnis. Dit bied 'n rasionaal vir selfopoffering in plaas van die drang tot weerwraak en beklemtoon verdraagsaamheid en mededeelsaamheid as kernwaardes (Murithi, 2003).

Wanneer die term *ubuntu* ontleed word, is dit duidelik dat beweging 'n belangrike beginsel hierin is. Dit gaan oor *is* wat *word* (Ramose, 2003c:326). In die gemeenskap wat met ander beleef word, word juis ook die voorvaders ingesluit, omdat elke mens in beweging is en uiteindelik *deur ander mense* self ook 'n voorvader gaan *word.* Voorvaders word as lede van die uitgebreide familie beskou en om dood te gaan is niks anders nie, as om oor te gaan na waar die mens uiteindelik hoort (Louw, 1998). In samehang met die holistiese lewensvisie van Afrika het *ubuntu* dus te doen met die lewendes (wat tans in die lewe is en gestalte gee aan lewe op aarde), dié wat reeds dood is (maar steeds in die wêreld "teenwoordig" is, hoewel nie meer sigbaar, konkreet of liggaamlik nie) en diegene wat nog gebore moet word (en teenoor wie die lewendes die taak het om seker te maak dat hulle inderdaad "in die lewe kom") (Ramose, 2003b:236). Om hierdie rede is gesinsbeplanning in die Afrikakultuur ook nie iets wat soos in die Westerse kultuur beskou word nie. Omdat die mens die verpligting het om hulle wat ná jou kom in die lewe te help en omdat iemand se kinders hom eendag gaan vereer as voorvader, word kinders beskou as 'n gawe van die gode en onontbeerlik vir die behoud van lewe. Of dit wenslik of bekostigbaar is om 'n sekere aantal kinders te hê, word nie in berekening gebring nie.

Volgens Murithi (2003) is 'n persoon met *ubuntu* oop en beskikbaar vir ander en voel nie bedreig deurdat ander se vermoëns nie. Elkeen het genoeg

selfversekerdheid in die wete dat hy tot 'n groter geheel behoort. Indien een van die lede van die groep skade ly of onregverdig behandel word, deel die ander lede van die groep daarin, omdat elke lid in solidariteit is met al die lede van die groep. Tekenend hiervan is die verskeie inisiasierites wat in die Afrikakultuur voorkom en waardeur iemand ingelyf word in die gemeenskapslewe (Nyamiti, 1999). Fernandez (2004:197) beskryf die gebruik om lede deur middel van 'n bepaalde dansritueel in die gemeenskapslewe in te lyf. Wanneer gevind word dat die persoon nie rein genoeg is nie, word hy uit die sirkel van die dansendes gestoot. Daar bly hy egter nie alleen nie, maar word onmiddellik omring deur die ander, wat hom beskerm teen *die aanslag van die geeste* en hom weer terugbring na die sirkel toe. Ook wanneer iemand gedoop word, word 'n sirkel gevorm en die mag van al die teenwoordiges word op hom gekonsentreer, sodat hy weer gereinig kan word. Op hierdie wyse word solidariteit behou, sodat die skade (wat almal se skade geword het) eers beperk en herstel kan word, voordat die persoon as deel van die groep ingelyf word.

Hoewel Van Niekerk (1993:32, 58) beweer dat individualisering 'n taboe is in die Afrikakultuur en dat individuele prestasie met groot wantroue bejeën word, is die regte van die individu volgens Gyekye (2003:311-312) nie onbelangrik in die Afrikakultuur nie. Hy kies vir 'n gematigde kommunalisme waarin elkeen homself mag en moet ophef en ontwikkel, met die uiteindelike veronderstelling dat dit tot voordeel van die gemeenskap as geheel aangewend word. Hiervolgens word individuele talente en prestasies wel erken, maar beskou en bestempel as die gemeenskap se talente en prestasies.

Omdat die familie of gemeenskap so 'n belangrike plek inneem, beteken verlossing of saligheid om volledig en harmonies ingeskakel te wees by die groep. Individuele sondes en verlossing daaruit word beskou vanuit die beginsel dat die individu sy bestaansroeping vervul deur deel te wees van die gemeenskap. Dit word dus eerder as 'n sonde beskou indien die individu optree op 'n wyse wat die gemeenskap skade doen. Hy word daaruit verlos deur sy optrede te wysig, sodat dit tot voordeel van die gemeenskap kan wees. Aanspreeklikheid weens individuele sondes is nie ter sprake nie. Daarom word dikwels in die Afrikakultuur gevind dat die hele uitgebreide stam of familie gesamentlik dieselfde godsdiens beoefen. Ook wanneer oorgegaan word na 'n ander religie is die hele familie betrokke. Met die individu (en individuele geloof en oortreding) word nie hierin rekening gehou nie. Daar is dus 'n kommunosentriese

(gemeenskapsgesentreerde), outosoteriologiese (selfverlossende) en mediatoriese (bemiddelende) verlossingsidee in die Afrikakultuur (Van der Walt, 1999:114-117).

Beginsels soos om vir mekaar om te gee, mekaar te versorg en aan mekaar se behoeftes aandag te gee, is uiteraard nie uitsluitlik in gemeenskappe van die Afrikakultuur teenwoordig nie. Dit kom regoor die wêreld voor (Murithi, 2003). Die verskil in die Afrikakultuur is egter dat *ubuntu* 'n besondere spontaneïteit hieraan gee, wat nie so in ander kulture na vore kom nie (Gyekye, 2003:309; sien ook Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:192). Die hartseer werklikheid is egter dat die gemeenskapsbelewing in Afrika gevaar loop om te verdwyn as gevolg van verskynsels soos die opkoms van handel en nywerheid, verstedeliking en kommersialisering van die landbou. Die fragmentarisme wat dit meegebring het, veroorsaak dat die sterk fokus op *ubuntu* toenemend verdring word (Wiredu, 2003:292-293).

2.2.2.7. Tydsbeskouing

Die holistiese en kommunalistiese beskouing van die werklikheid in Afrika, veroorsaak 'n eiesoortige beskouing van tyd. In teenstelling met die benadering in die Westerse kultuur, het die Afrikakultuur 'n meer konkrete tydsbeskouing. Tyd word aan spesifieke gebeurtenisse verbind. Omdat mensgesentreerd geleef word, moet spesifiek tyd gemaak word vir die medemens. Tyd is volop en omdat die mens baas is van die tyd, moet hy dit voluit gebruik. Hierdie tydsbeskouing bring 'n rustige lewenstempo en veroorsaak 'n informele manier van leef en 'n soepel gebruik en geniet van tyd. Die negatiewe gevolge hiervan is dat spesifieke tye vir afsprake verontagsaam word, meer aandag aan menseverhoudinge as aan stiptelikheid gegee word, verskeie sake gelyktydig hanteer word sonder afhandeling, swak beplanning gedoen word en gedurige verandering aan skedules voorkom (Van der Walt, 1999:123). Volgens Mbaye (aangehaal in Louw, 2002:9) is hierdie tipe gebruik van tyd nie altyd positief nie en lei dit dikwels tot tragedies en lewensverlies wat voorkom kon word. Tyd en die verloop daarvan word voorts eerder siklies as lineêr beskou (Van Niekerk, 1993:38). Hiervolgens is dood en verwoesting 'n voorwaarde vir nuwe lewe en groei. Daarom word die veld gereeld gebrand, sodat nuwe lote daaruit kan groei. Tyd is ook nie 'n handelskommoditeit nie, maar iets wat volop beskikbaar is. Tydsberekening, met die regte tyd waarop iets gedoen word, is heelwat belangriker as die spoedige

afhandeling van iets. In die Afrikakultuur gaan dit oor die kwaliteit tyd wat aan 'n saak (en in besonder aan die medemens) bestee word.

Volgens Van der Walt (1999:100,123) is die meeste Afrikane nie so sterk in die hede en toekoms geïnteresserd nie. Die hede is te ver verwyderd van die oorspronklike verlede. Die verlede getuig van goedheid, wysheid en krag, terwyl dit nie in die hede so sigbaar is nie. Die verlede bepaal dus eerder die hede as andersom. Daar word eerder met verlange gekyk na die verlede – en vereniging met die voorgeslagte. Die rede hiervoor blyk te wees dat die verlede die mens nader bring aan sy oorsprong en die tyd van die ontstaan van die eerste mense, toe alles beter was. Daar is dus groot respek vir die oue en 'n geneigdheid om die werklikheid so na as moontlik te bring aan die situasie wat in die begin daar was.

2.2.2.8. Orale kultuur

Weens die beskouing van tyd en tydsverloop, is daar in die Afrikakultuur nie 'n sterk klem op ontwikkeling soos in die Westerse kultuur nie. Selfs nie met die koms van kolonialisme het 'n skriftelike kultuur in Afrika werklik posgevat nie. Die tradisionele Afrikakultuur kan getipeer word as 'n primêr orale kultuur. Daar is weinig geskrifte waarin geloof en lewensbeskoulike uitgangspunte of die historiese verloop beskryf word. Norme, gebruike en geskiedenis is (en word steeds) op mondelinge wyse oorgedra van geslag to geslag, soos wat dit as lewende ervarings deur mense beleef is. Met die doel om memorisering aan te help, word in 'n orale kultuur dikwels van formules gebruik gemaak. Deur herhaling in bepaalde formules word 'n sekere feit of beginsel oorgedra van spreker na hoorder. Daar is ook 'n sekere standaard stel temas wat gebruik word en waarby elke nuwe vertelling ingepas word. Sekere unieke beskrywings word gegee, karakters word "opgeblaas" om hulle meer teenwoordigheid en dinamika te gee, lofprysings word kwistig toegedeel en herhaling van beeldryke en gevatte frases kom voor (Opland, 1983:183-193). Mites, legendes, stories, spreuke, en naamgewing dien só om die spirituele erfenis na die volgende geslag oor te dra. Dit word aangevul deur kunsvorms soos beeldhouwerk, houtkerfwerk en musiek (Ejizu, 2006).

Vanweë die orale aard daarvan, is om te praat 'n onontbeerlike element van die Afrikakultuur. As gevolg van die klem op goeie verhoudinge met die medemens in die gemeenskap, gebeur dit egter dikwels dat goeie persoonlike verhoudinge voorrang kry bo die waarheid. Dit bring ernstige kommunikasieprobleme mee

(sien Van Niekerk, 1993:34). Om iets te sê wat menseverhoudings kan skaad, word eerder vermy. Veral wanneer daar verskil van mening is, word uiters omsigtig te werk gegaan en eerder vae bewoording gebruik as om die waarheid reguit te stel. Eie emosie oor 'n saak word ook eerder verbloem as om uiting daaraan te gee. Uiteindelik lei dit tot 'n situasie waar gesprekke nie in eerlikheid gevoer word nie. Slim speel met woorde word 'n noodsaaklike vermoë vir suksesvolle kommunikasie binne die groep, terwyl deurentyd sorg gedra word dat die ingewikkelde netwerke van onderlinge sosiale verhoudings in stand gehou word. Om sonder skroom skielik van standpunt te verander wanneer omstandighede verander, kom ook redelik algemeen voor en word nie as verkeerd beskou nie. Dit word bloot beskou as 'n hernude onderhandeling van 'n persoon se identiteit.

Een van die gevolge hiervan is dat persone vanuit die Afrikakultuur ook in gesprekke met mense vanuit ander kulture voortdurend op soek is na bedoeling agter die woorde wat tot hulle gerig word. Dit word aanvaar dat ander mense ook op 'n kreatiewe manier met woorde omgaan en nie die waarheid op eksakte manier uitdruk nie. Volgens (Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:198-190) word die boodskapper net so belangrik beskou as die boodskap wat gebring word. Kommunikasie is derhalwe dikwels 'n uitgerekte en tydsame proses, omdat eers met die boodskapper 'n verhouding geskep moet word, alvorens sy boodskap aangehoor word. Die inhoud van die boodskap staan nie voorop nie, maar eerder die totale kommunikasieproses.

2.2.2.9. Kuns, musiek en dans

In die orale kultuur van Afrika is kuns saam met taal 'n uiters belangrike vorm van kommunikasie. In die afwesigheid van geskrifte is dit die medium waardeur norme en waardes asook historiese werklikhede met mekaar en die nageslag gekommunikeer word. Hoewel taal en digkuns ook as kuns beskou en spreuke as 'n belangrike komponent van die Afrikakultuur beskou word (Pobee, 1998:26), is ander vorme van kuns essensieel deel van die kultuur. So word daar volgens Perani & Wolff (1999:25-26) byvoorbeeld geweldig baie waarde geheg aan materiaal en klere. Materiaal word beskou as die belangrikste twee-dimensionele kunsvorm in Afrika. Materiaal definieer ruimte, sodat kulturele betekenis daaraan gegee word. Voorts druk dit veral binding of begrensing uit en word dit gebruik vir die beskerming van etniese en sosiale status, die aanduiding van gewyde of sekulêre grense, die aanduiding van waarde, sowel as kulturele verandering. Ook

iets skynbaar eenvoudig soos die gebruik van 'n stoel, kry in die tradisionele Afrikakultuur 'n definitiewe artistieke betekenis. In talle etniese groepe word 'n stoel nie bloot beskou as iets vir algemeen gebruik deur almal nie. Dit is 'n hoogs persoonlike objek en word in sekere gevalle beskou as die plek waar die siel van die eienaar skuiling vind. Veral in die geval van die koning of hoofman se stoel is dit belangrik dat hierdie feit gerespekteer word. Sekere stoele dien ook om die morele waardes van die stamlede te reflekteer, byvoorbeeld waar die rol van die vrou in 'n stoel gesimboliseer word (Art education, 2006). Gevolglik is dit nie vreemd dat stoele vervaardig word as kunsprodukte en nie bloot as funksionele meublement nie.

2.2.2.9.1. Musiek en dans

Omdat dit in hierdie studie uiteindelik gaan oor musiek en die lied in die kerk, is dit nodig om ook ten opsigte van die Afrikakultuur 'n ondersoek te doen na die aard en voorkoms van musiek. In die orale kultuur van Afrika speel musiek as deel van die kunste 'n kardinale rol in die onderlinge kommunikasie in gemeenskappe. Verhale, spreuke, verskeie reëls en taboes, asook waardes soos respek vir ouer persone, meelewing met mekaar, kommunalisme, gasvryheid, betroubaarheid en natuurbewaring word deur middel van liedere bewaar en aan mekaar gekommunikeer (Kudadjie & Osei, 1998:41). Anders as in die Westerse kultuur is musiek in die Afrikakultuur dus nie iets wat voor 'n gehoor uitgevoer word nie. Musikante en die gehoor word ook nie van mekaar geskei nie (Scheer, 2006) en die maak van musiek word beskou as 'n gemeenskapsgeleentheid waaraan almal deelneem. Die waarde van musiek of 'n musikus word gevolglik ook nie gemeet aan die effek wat dit op die intellek en emosie van die luisteraar het nie, maar aan die fisiese respons wat dit by die hoorders opwek. Dans, handeklap en saamsing is maniere waarop 'n gehoor in die Afrikakultuur hulle waardering vir die musiek toon. Die kwaliteit van musiek word gebaseer op deelname van die gemeenskap. Hoewel die effek van musiek op die affektiewe van die hoorder nie misken word nie, is dit veral die kognitiewe en psigomotoriese dimensies van die mens wat daarby betrek word (Exploring Africa, 2002).

Die musiek van die Afrikakultuur het 'n eiesoortige karakter. Dit word beïnvloed deur die diverse samestelling van die gemeenskappe van die kontinent (Exploring Africa, 2002). Shepherd (1991:129-130) gee die volgende bruikbare uiteensetting van die basiese verskille tussen tipiese Westerse musiek en tradisionele musiek in die Afrikakultuur:

Ritme

- Die ritme wat in die Afrikamusiek voorkom, verskil heelwat van die ritme wat in die musiek van die Westerse kultuur gevind word. In die Afrikamusiek is daar geen tydmaatteken nie en die lengte van die pols blyk deurentyd te verander. Die verskillende ritmiese eenhede word aritmeties, en nie geometries nie, gekombineer.
- In die Afrikamusiek is die beklemtoonde pols nie noodwendig op die eerste pols van die maat (soos merendeels in Westerse musiek voorkom) nie, maar is eerder oneweredig, soos wat dit in die alledaagse vokalisasie en taalgebruik voorkom. Voorts is daar 'n beduidende graad van ritmiese infleksie, waar sekere note geantisipeer of vertraag word.
- Afrikamusiek het nie die streng vertikale sinchronisasie wat in Westerse musiek voorkom nie. Harmoniese saamklink is nie so belangrik soos die ritmiese wisselwerking tussen die verskillende musikale lyne nie. Subtiele kruisritmes word eerder uitgelig en beklemtoon.

Melodie

- Intonasie in die Afrikamusiek verskil wesenlik van dié in Westerse musiek. Melodiese infleksie, of 'n "buig" van die toon kom algemeen voor. In die Westerse musiek word 'n bepaalde noot op 'n sekere toonhoogte gehou ten einde die noot so "suiwer" as moontlik te kan produseer. In die musiek van die tradisionele Afrikakultuur is intonasie eerder 'n weergawe van alledaagse spraakpatrone as wat die noot streng op 'n sekere toonhoogte gehou word.
- In teenstelling met Westerse musiek kom daar ook gereeld persoonlike, spontane improvisasie op die melodie voor. Dit is fundamenteel vir die artikulasie, her-skepping en bewaring van die meerderheid tradisionele Afrika musiek.

Harmonie

- In Afrikamusiek word die samestelling van akkoorde en harmoniese progressies totaal anders benader as in Westerse musiek. Daar is nie 'n veelheid van harmoniese progressies wat spanning met mekaar opbou en uiteindelik weer opgelos word nie. In Afrikamusiek dien die eenvoudige harmoniese progressies bloot as raamwerk om die subtiele polimetriese en poliritmiese wisselwerking van verskillende musieklyne te fasiliteer.

- Infleksies van harmoniese akkoorde kom algemeen voor, asook 'n voortdurende skuif of gly van akkoorde.

Timbre

- Waar dit in Westerse musiek belangrik is om 'n klank te produseer wat so na as moontlik aan die ideale toon of timbre van die stem of musiekinstrument is, kry dit in Afrikamusiek min aandag. Timbre wat rasperagtig of nasaal en hoogs persoonlik van aard is, kom algemeen voor en word aanvaar as legitieme deel van die musiekaanbieding.

Scheer (2006) bevestig hierdie uiteensetting. Hy verwys ook na die gebruik om te improviseer en toon aan dat die pentatoniese toonleer oorwegend in die musiek van Afrika gebruik word. Omdat die tradisonele Afrikakultuur 'n orale kultuur is, word musiek nie genoteer nie, maar mondelings en deur middel van memorisering oorgedra en oor geslagte heen bewaar.

Kubatana (2003) toon aan dat daar 'n veelheid van musiekstyle in die Afrikakultuur is, wat op een of ander manier deur die musiek van die Westerse kultuur beïnvloed is. Volgens Exploring Africa (2002) is die musiek tradisies in Afrika dinamies en kom verandering dikwels voor. Kreatiewe artistieke uitinge en voorkeure van ouderdomsgroepe speel dikwels 'n rol. Kontak met ander musiek tradisies en vreemde kulture veroorsaak ook beïnvloeding en verandering in styl. Musiektradisies verskil merkbaar van plek tot plek. In die Noorde van Afrika is die Arabiese invloede sigbaar, terwyl koloniale invloede in Suidelike Afrika sigbaar is. 'n Groot verskeidenheid musiekinstrumente word ook gebruik, waar onder dromme, klokke, booginstrumente, luite, fluite en trompette (Wikipedia, 2006b). Die drom word veral gebruik in genesingsrituele en word by uitstek beskou as die medium waardeur kontak met die voorvaders gemaak kan word (Thlagale, 2006).

Net soos musiek is dans ook 'n belangrike medium vir kommunikasie in die Afrikakultuur. Daar is 'n Noord-Sotho spreekwoord wat lui:

> *Kosa ga e theeletswe o e duletse ('n Mens luister nie na musiek terwyl jy sit nie).*

Dit gee 'n duidelik aanduiding van die Afrikakultuur se benadering tot musiek (Ramose, 2003b:235). Anders as in die Westerse kultuur waar kunsmusiek bewegingloos en in stilte aangehoor word, het musiek in die Afrikakultuur alleen sy doel bereik indien die gehoor daartoe gebring word om met fisiese liggaamsbewegings te reageer. Die liggaam van die mens word nie beskou as

iets wat 'n rigiede eenheid het nie, maar wat in segmente opgedeel is en elk as 'n sentrum van beweging dien: skouers, bors, pelvis, arms, bene ensomeer). Op grond van sekere ritmiese komponente van die musiek word elke sentrum van die liggaam geaktiveer. Dit kan lei tot besonder komplekse bewegings binne die liggaam, anders as in danse van die Westerse kultuur, waar die liggaam merendeels as eenheid beweeg (Wikipedia, 2006a). Gebare, maskers, kostuums, verf op die liggaam asook 'n verskeidenheid ander visuele bybehore word saam met dans gebruik. Danse kan in groepe of individueel uitgevoer word, waar groepdanse dikwels inhou dat 'n verskeidenheid formasies gebruik word (Wikipedia, 2006b). Daar is verskillende tipes danse in die Afrikakultuur. Die meeste hiervan is funksionele danse, wat inherent deel vorm van bepaalde gebeure in die gemeenskap (Wikipedia, 2006a):

- oorlogsdanse (waar soldate in die tegniek van oorlogvoering opgelei word)
- liefdesdanse (tydens huwelikseremonies of herdenkings)
- danse tydens deurgangsrites (tydens inisiasie seremonies)
- danse wanneer besoekers verwelkom word
- danse wanneer sprituele mediums of geeste aangeroep word.

2.2.2.10. Konklusie oor die buitelyne van die tradisionele Afrikakultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die buitelyne van die tradisionele Afrikakultuur:

- Die werklikheid word holisties beskou. Daar is nie 'n skeiding tussen die sigbare en onsigbare werklikhede in die kosmos nie. Die mens, natuur en wêreld van die geeste word as geïntegreerde organiese geheel gesien, waarin die mens die taak het om in balans en harmonie met die res van die kosmos te leef.
- Vanweë die holistiese benadering is daar 'n sterk fokus op die metafisiese en word die mens gesien in verhouding met die sigbare sowel as die onsigbare werklikheid. God, semi-gode, natuurgode, die voorvaders en ander geestelike wesens word almal erken en mee saamgeleef. Besetting deur 'n gees, die voorkoms van natuurkragte as agente van geestelike wesens, offers, rituele, toekomsvoorspelling, gebede en towery is alles deel van die fokus op die metafisiese. In geval van siekte word die metafisiese dimensie net so belangrik geag as die fisiese dimensie daarvan.

- God word beskou as die hoogste van die geestelike wesens. In sommige gevalle word Hy beskou as 'n alleroorheersende Krag, eerder as 'n Persoon. Hy word gesien as transendent en merendeels onbereikbaar vir die mens. Hy word beskou as die Voorsiener van lewenskrag en Beskermer teen gevare soos heksery, ongelukke en demoniese invloede. Toewyding aan Hom kry voluit gestalte in die daaglikse lewe.
- Die voorvaders is 'n uiters belangrike deel van die geesteswêreld omdat hulle dien as tussengangers tussen God en die (lewende) mens. Die voorvaders word bestempel as "lewende dooies" met wie gereelde gemeenskap onderhou moet word. Hulle beskik oor magies-religieuse kragte en kan die lewe van hulle nageslag positief of negatief beïnvloed. Gevolglik bestaan groot vrees vir hulle en word hulle met bepaalde seremonies en rituele vereer.
- 'n Onontbeerlike element vir lewe is die sogenaamde lewenskrag waarna voortdurend gesoek word. Lewenskrag het te doen met die aktiewe beheer van eie lewensomstandighede en bring beskerming, voorspoed en gesondheid. Om hierdie rede is grondbesit uiters belangrik vir die behoud van lewe en versekering van voortbestaan. Lewenskrag word verkry deur handoplegging of kontak met wesens in die geesteswêreld. Sekere bemiddelaars dring soms aan op die gebruik van *moetie* as spesiale medisyne. *Moetie* word gemaak van dier en plantmateriaal en soms ook ledemate van mense.
- 'n Kommunalistiese lewensbeskouing is 'n verdere onderskeidende kenmerk van die tradisionele Afrikakultuur. Die mens word beskou as integrale deel van die totale gemeenskap wat bestaan uit mense, diere, plante, grond, elemente in die natuur, asook wesens in die metafisiese werklikheid. Die mens se taak is om in 'n gesonde verhouding met elkeen van hierdie elemente te leef.
- Gemeenskapsbelewing word aangetoon met die Zoeloe term *ubuntu*. Dit het te doen met die mens wat sy eie mensheid bevestig deur die menslikheid van ander te erken op menseverhoudinge op daardie basis te vestig. Solidariteit, kommunitarianisme, tradisionalisme en deelneming is hoofkomponente hierin. Die gemeenskap kom voor die individu en familie en stamband word gekoester. Wederkerige erkenning van mekaar, mededeelsaamheid, onderlinge versorging van mekaar, onderlinge harmonie, versoening, eenheid en meelewing is kenmerke van *ubuntu*.

- Die Afrikakultuur het 'n eiesoortige beskouing van tyd. Die mens word gesien as baas van die tyd wat hy voluit moet geniet. Dit bring 'n rustige lewenstempo, informele manier van leef, asook soepel tydsgebruik. Negatiewe gevolge is 'n verontagsaming van tyd vir afsprake, nie-stiptelikheid, gelyktydige hantering van verskillende sake sonder afhandeling, swak beplanning en 'n voortdurende verandering van skedules. Tyd word eerder siklies as lineêr beskou. Die hede en toekoms word pessimisties en negatief gesien terwyl eerder na die verlede gekyk en gestreef word.
- Die tradisionele Afrikakultuur kan getipeer word as 'n primêr orale kultuur. Daar is min geskrifte beskikbaar, terwyl verskeie orale mediums gebruik word om te kommunikeer en die spirituele erfenis oor te dra en bewaar. As gevolg van die klem op *ubuntu* kom kommunikasieprobleme dikwels na vore, omdat goeie menseverhoudinge belangriker geag word as die direkte kommunikasie van die waarheid.
- In die orale kultuur van Afrika is die kunste saam met taal uiters belangrike mediums vir kommunikasie. Afrika het 'n eiesoortige benadering tot musiek. Musiekmaak is 'n gemeenskaplike geleentheid, waar die waarde van die musiek gemeet word aan die fisies respons van die hoorders en die deelname van die gemeenskap. Ritme, melodie, harmonie en timbre word op 'n eiesoortige wyse benader en geëvalueer, terwyl 'n ryke verskeidenheid musiekstyle voorkom.
- In die Afrikakultuur gaan musiek en dans altyd saam. Die meeste danse is funksioneel en word by hoofmomente in die gemeenskapslewe gebruik.

3. Vergelyking tussen die Westerse- en tradisionele Afrika kulture in Suid-Afrika

3.1. Inleiding

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat die Westerse kultuur en die tradisionele Afrikakultuur drasties van mekaar verskil. Binne die huidige multikulturele opset in Suid-Afrika is daar dus twee primêre kulture wat in die meeste opsigte grootliks van mekaar verskil. Om die onderlinge dinamika van verhoudings tussen mense vanuit hierdie twee kulture te kan ondersoek en te begryp, is dit nodig om 'n kontrasterende vergelyking tussen die twee kulture te tref. Om dit te kan doen hou die gevaar in dat 'n vergelyking suiwer vanuit 'n spesifieke kulturele oogpunt gedoen word en moontlik nie neutraal of objektief genoeg is nie. Serequeberhan (2003:64) betreur juis die feit dat Eurosentrisme

'n dominante maatstaf geword het waarmee die Afrikakultuur ondersoek en beoordeel word. Daarmee saam is die opmerkings van Mavia (2001) asook Tlhagale (1999), naamlik dat die uitwerking van kolonalisme tesame met invloed van die Christelike geloof reeds bepaalde ontwikkelings en veranderings in die tradisionele Afrikakultuur veroorsaak het, iets wat goed in gedagte gehou moet word. In sekere gevalle mag dit dalk wees dat navorsers te doen het met aspekte waaroor geskryf is, maar wat in talle gemeenskappe nie meer 'n werklikheid is nie. Ook Biakolo (2003:18) se mening dat dit 'n wye veralgemening en wetenskaplik onhoudbaar is om elke lid van 'n bepaalde kultuur deel te maak van 'n breë neiging wat by ander te bespeur is, asook Oruka (2003:60) se siening dat daar in elke gemeenskap 'n dominante kultuur is, maar verskillende en dikwels kompeterende ideologieë is wat in die harte en gedagtes van mense leef, dien as tydige waarskuwings vir enige iemand wat 'n ondersoek na kulture of vergelyking tussen kulture aanpak. Dit is en bly 'n komplekse taak.

Tog dien dit 'n bepaalde doel om die breë buitelyne wat van 'n spesifieke kultuur getrek word, te vergelyk met dié van 'n ander. Hoewel dit 'n veralgemening mag wees, gee dit tog 'n sekere breë idee van dit wat die hoofmomente van elke kultuur uitmaak en hoedanig die kulture onderling verskil. As sodanig is dit tog 'n handige instrument vir die proses waarin kulture en verhoudings in 'n multikulturele samelewing ondersoek word.

3.2. Moontlike vergelykings

Coetzee & Roux (2003:xiii) doen die volgende vergelyking tussen die tradisionele Afrikakultuur en die Westerse kultuur aan die hand:

- die Afrikakultuur is primitief: die Westerse kultuur is beskaafd;
- die Afrikakultuur is pre-logies: die Westerse kultuur is gebou op logika;
- die Afrikakultuur is perspetueel: die Westerse kultuur is konseptueel;
- die Afrikakultuur is oraal: die Westerse kultuur is geskrewe;
- die Afrikakultuur is godsdienstig: die Westerse kultuur is wetenskaplik.

Hierdie vergelyking is egter te simplisties en spreek van te veel veralgemenings. Daarby is dit duidelik dat dit sterk beïnvloed is deur die Westerse kulturele uitgangspunte van die skrywers.

Van der Walt (1999:210-211) gee 'n bruikbare en waardevolle skematiese uiteensetting van die basiese verskille in die denkwyses van die Westerse- en die Afrikakulture, wanneer hy die verskillende benaderings ten opsigte van die leerproses uiteensit. Vir hierdie studie het dit wel waarde, maar alleen in beperkte sin, omdat dit in besonder

fokus op die leerproses en nie van toepassing gemaak word op die lewe in die algemene sin van die woord nie. Hieronder volg 'n weergawe van sy uiteensetting:

DIE WESTE	AFRIKA
A. Doel van kennis	
1. Wetenskaplik-tegniese beheer van die sigbare werklikheid	Magies-rituele manipulering van die spirituele wêreld
2. Fokus op kennis van universele wetmatighede	Fokus op individuele, konkrete fenomene
3. Konseptuele rigting – konsepte is belangrik	Relasionele rigting – verhoudinge is belangrik
4. Kennis met die oog op beter insig – epistemologie is belangrik	Kennis met die oog op die regte optrede – etiek is belangrik
B. Die aard van die een wat kennis het	
5. Klem op die individu – individuele outonomie	Klem op die persoon in die gemeenskap – sosiaal sensitief
6. Kontekstueel onafhanklik	Kontekstueel gebonde
7. Vrydenkend – oop vir nuwe idees	Gebind deur tradisie – aanvaar minder geredelik nuwe idees
8. Onafhanklik-kritiese benadering	Geneig om inligting bloot weer te gee
C. Die kennis proses	
9. Gehoor is belangrik – leerder is ouditief ingestel	Sig is belangrik – leerder is visueel ingestel
10. Meer rasioneel	Meer intuïtief
11. Meer intellektueel en klinies	Meer emosioneel
12. Dualisties ingestel – geloof en ander voorveronderstellings speel nie so 'n groot rol wanneer kennis opgedoen word nie	Voorveronderstellings vorm die basis van die proses waarin kennis opgedoen word
D. Die aard van die objek van kennis	
13. Materiële dinge	Spirituele dinge
14. Daar is 'n bepaalde afstand tussen die een wat ken en die objek van die kennis	Die een wat ken is nóú betrokke by die objek van kennis
15. Fokus op natuurlike oorsake en wetmatighede wat dinge reguleer	Fokus op spirituele (bo-natuurlike) oorsake wat gebeure bepaal
16. Objek van kennis meer staties beskou	Objek van kennis meer dinamies beskou
E. Eienskappe van die kennis	
17. Abstrakte kennis – gedistansieer van die werklikheid	Konkrete kennis, nader aan die objek van kennis
18. Analities gereduseerde kennis of	Sintetiese, integrale kennis waarin die totale

onderverdeling	objek en sy relasies betrek word
19. Sistematies – georganiseerd volgens 'n duidelike raamwerk van kategorieë waardeur 'n patroon gevorm word	Blyk onsistematies te wees – besonderhede nie sistematies verbind volgens logiese raamwerk nie
20. Stapsgewyse logika - een gedagte bou logies op die vorige, met duidelike konklusie; meer rigied – beoordeel óf reg óf verkeerd; meer gerig op verskille as gemeenskaplikhede	Blok-logika – sentrale tema word gereeld herhaal sonder 'n duidelike konklusie; meer vloeiende gedagtelyn met koppeling aan mekaar (en-en styl); meer gerig op analogieë en gemeenskaplikhede as verskille.
F. Hoe kennis oorgedra word	
21. Reguit en direk	Omslagtig en indirek

3.3. Vergelyking volgens die basiese dimensies van mens-wees

'n Noukeurige bestudering van bogenoemde uiteensetting gee 'n bepaalde idee van die verskille in denkwyse tussen die Westerse- en tradisionele Afrika kulture. 'n Beter beginpunt vir die vergelyking van die tradisionele Afrikakultuur met die Westerse kultuur sou myns insiens egter wees om Van der Walt (1999:13; sien ook 2.1 van Hoofstuk 2 hierbo), se uiteensetting van die basiese dimensies van mens-wees, wat bepalend is vir die vorming van kultuur, as basis te gebruik. Indien hierdie verskillende dimensies (in konsentriese sirkels of lae) in elkeen van die kulture ontleed word, terwyl in gedagte gehou word dat die binneste dimensies (veral die *religieuse, lewensbeskoulike en sosiale dimensies*) minder sigbaar is, maar groter weerstand bied teen verandering, kan 'n goeie beeld gevorm word van die grondbeginsels van elke kultuur en hoe dit van mekaar verskil. Gevolglik word 'n kursoriese ontleding en vergelyking van hierdie basiese dimensies in elke kultuur gedoen.

3.3.1. Die religieuse

Die eerste dimensie – en ook die een wat bepalend is vir die vorming van die totale kultuur - is dié van die *religieuse*. Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat die religieuse dimensie van die Westerse kultuur verskil van dié in die tradisionele Afrikakultuur. Hoewel beide kulture God as oppergesag in die kosmos aanvaar, is daar in die Afrikakultuur die bykomende beskouing dat daar nog ander geestelike wesens is wat elk op 'n bepaalde manier invloed uitoefen in die geskiedenis en lewe van die mens. Halfgode, natuurgode, voorvaders asook 'n verskeidenheid ander geestelike wesens, tesame met die sogenaamde kragte wat hulle in staat is om te gebruik, word beskou as integrale deel van die werklikheid (sien 2.2.2.3 tot 2.2.2.5 hierbo). In die Westerse kultuur, wat grotendeels die beginsels van die Bybel hierin navolg, word die bestaan van ander

geestelike wesens bevraagteken en ontken. Wat ook uit bogenoemde uiteensetting na vore kom, is dat die mense in die Afrikakultuur moontlik heelwat meer religieus ingestel is as diegene wat in die Westerse kultuur grootgeword het en leef.

3.3.2. Lewensbeskouing

Die volgende dimensie wat onderskei kan word, is dié van *lewensbeskouing*. Van Niekerk (1993:34) meen tereg dat mense vanuit die Afrikakultuur met 'n totaal ander lewensbeskouing leef as mense vanuit die Westerse kultuur. Die holistiese benadering van die Afrikakultuur, waarvolgens die mens in harmonie moet probeer leef met die totale kosmos, tesame met die geloof in die metafisiese, rol van die voorvaders en belangrikheid van lewenskrag vir geluk en gesondheid (sien 2.2.2.1 tot 2.2.2.5 hierbo), is vreemd aan die beskouing van die Westerse kultuur. In die Westerse kultuur word gefokus op kritiese denke, rasionele logika, outonomie van die mens, wetenskap en tegnologie en die eiemagtigheid van die mens (sien 2.1.1 tot 2.1.7.1 hierbo). Volgens Van der Walt (1999:80) is die tipiese wêreldbeskouing volgens die Westerse kultuur staties, objektief en dualisties. Dit word gebou op verdeling en opposisie, analise en konflik. Daarenteen dring die holisme in die tradisionele Afrikakultuur die mens tot beweging, lewe en harmonie.

3.3.3. Die sosiale dimensie

Die volgende dimensie is die *sosiale* dimensie, waaronder aspekte soos taal, die kunste, asook instellings soos die huwelik, bedryf en staat voorkom. Ook wat hierdie dimensie betref, is daar duidelike verskille tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture. Die Afrikakultuur is primêr 'n orale kultuur, waarin die gesproke woord op 'n eiesoortgige wyse aangewend word en 'n belangrike kommunikasierol vervul (sien 2.2.2.8 hierbo). Ook die kunste word veral vir kommunikasie gebruik (sien 2.2.2.9 hierbo). Musiek in die Afrikakultuur (en alle ander aspekte wat daarmee saam gaan, soos byvoorbeeld die notering daarvan of nie, konvensies vir die uitvoer daarvan, bepaalde style, evaluering van die waarde daarvan ensomeer) verskil ook drasties van dié van die Westerse kultuur (sien 2.1.7.12 asook 2.2.2.9 hierbo). Die siening van aspekte soos die huwelik, staat en bedryf verskil ook in 'n groot mate, hoofsaaklik vanweë die Afrikakultuur se fokus op die kommunalisme (sien 2.2.2.6 hierbo) in teenstelling met die Westerse kultuur se fokus op die eiemagtigheid van die individu (sien 2.1.7.1 hierbo, asook Louw, 1998). In die Westerse kultuur lei individualisme dikwels tot kompetisie en 'n misbruik van ander vir eie gewin. Dit is in skrille kontras met die Afrikakultuur se beginsel van *ubuntu* waar samewerking van primêre belang is (sien Louw, 1998).

3.3.4. Die materiële dimensie

Die volgende dimensie wat onderskei kan word, is dié van die *materiële*. Hieronder word aspekte gereken soos masjiene, strukture, geboue ensomeer. In die Afrikakultuur is die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie nie voorop nie. Vanweë die orale aard van die kultuur, asook klem op holisme en metafisiese verskynsels, het die wetenskap en tegnologie – as vrug van rasionele denke en kritiese logika – nie sterk posgevat in die tradisionele Afrikakultuur nie. Daarenteen was dit juis die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie wat die Westerse kultuur gevorm en 'n dominante kultuur in die wêreld gemaak het (sien 2.1.1 tot 2.1.5 hierbo). As negatiewe kant het juis die klem op wetenskap en tegnologie daartoe gelei dat die Westerse kultuur op ander vlakke verarm het en selfvernietigend begin werk het (sien 2.1.7.1 tot 2.1.7.10 hierbo).

3.3.5. Gedrag

Die laaste dimensie van mens-wees wat bepalend is vir die vorming van kultuur, is dié van *gedrag*. Mens vanuit die tradisonele Afrikakultuur se lewenstyl, gebruike, gewoontes, simbole en waardes is anders as dié van mense uit die Westerse kultuur. Dit hang uiteraard nóú saam met die totale religieuse en lewensbeskoulike dimensies waarvolgens elke kultuur gevorm is. Kleredrag en die siening van materiaal kry 'n ander betekenis in die Afrikakultuur (sien 2.2.2.9 hierbo). Ook die verskille in die beskouing en gebruik van tyd wys duidelike verskille tussen die twee kulture uit (sien Van der Walt, 1999:80, 122-124). In die Afrikakultuur is daar 'n sikliese beskouing van tyd, terwyl dit in die Westerse kultuur as abstrak en lineêr gesien word. Die tradisionele Afrikakultuur het 'n sterk fokus op die verlede, terwyl in die Westerse kultuur oorwegend op die toekoms gefokus word.

3.3.6. Konklusie met betrekking tot 'n vergelyking tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor 'n vergelyking tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture in Suid-Afrika:

- 'n Vergelykende ondersoek na die eienskappe van verskillende kulture is altyd problematies, omdat die navorser(s) vanuit 'n eie kulturele agtergrond werk en moontlik bepaalde wanpersepsies en vooroordele mag hê. Desnieteenstaande het 'n vergelyking van die hooflyne van kulture 'n bepaalde waarde om iets te kan verstaan van die dinamika van verhoudings in 'n multikulturele samelewing.
- 'n Vergelyking waarvolgens Van der Walt (1999:13) se verskillende dimensies van mens-wees as bepalende faktore vir kultuurvorming as basis gebruik word, is werkbaar vir 'n oorkoepelende idee van die verskille tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture.

- Wat die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees betref, is daar merkbare en wesenlike verskille tussen mense van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture.

3.4. Wedersydse invloed op mekaar

Wanneer mense vanuit verskillende kulture binne dieselfde geografiese gebied leef, spreek dit vanself dat daar wedersydse beïnvloeding van mekaar se kulture sal wees. Verskeie faktore speel hierin 'n rol, waar onder die sosiopolitieke omstandighede van die land of gebied, ekonomiese vermoëns van elke betrokke groep, historiese omstandighede ensomeer. Binne die huidige Suid-Afrikaanse opset het hierdie faktore 'n bepalende rol gespeel in die wedersydse kulturele beïnvloeding van mekaar. Gesien teen die historiese agtergrond van kolonialisme, gevolg deur byna vyf dekades van apartheid, is dit nie vreemd dat die meeste beïnvloeding binne die Suid-Afrikaanse konteks van die Westerse kultuur uitgegaan het nie (sien Vilakazi, 1999:202-203). Volgens Du Toit (1998:15) kan die tradisionele Afrikakultuur beskryf word as gelyktydig pre-wetenskaplik (tradisioneel), wetenskaplik (hoofsaaklik Westers) en post-wetenskaplik (krities, terwyl verskeie wêrelde geïntegreer word). Hoewel tradisie steeds sterk figureer, word op verskeie vlakke deelgeneem aan die godsdienstige en kommersiële lewe in die land en is paradoks gevolglik nie iets vreemd in die kultuur van Afrika nie (Du Toit, 1998:15). Inkulturasie en akkulturasie kom gereeld en algemeen voor.

Om 'n enkele kultuur vir Afrika te hê, is volgens Mwale (aangehaal in Lassiter, 1999) nie werkbaar nie. Daar moet voorsiening wees vir diversiteit en aanpassing waar omstandighede dit vereis. Die huidige Afrikakultuur is die produk van beïnvloeding deur die Westerse kultuur (spesifiek die Europese kultuur) en Islam (Fiedler, 1996:11). Volgens Mwale (aangehaal in Lassiter, 1999) is alle kulturele uitgangspunte van Afrika nie noodwendig geskik vir elke situasie nie. Daarom is daar 'n proses aan die gang om sekere elemente van die Afrikakultuur wat funksionaliteit verloor het, te vervang met veral Westerse kulturele elemente wat hulle as bruikbaar beskou (Fiedler, 1996:11). Desnieteenstaande is daar tog nog gedeeltes van die tradisionele Afrikakultuur wat grotendeels intakt gebly het en steeds oorleef, ten spyte van moderne invloede (Makgoba, 1998:100).

Kontak met die Westerse kultuur en kolonialisme het oor jare die persepsie gevestig dat die kulturele tradisies, gelowe en optrede van Afrika minderwaardig is. Omdat mense volgens die Afrikakultuur van kleinsaf geleer word om in te val by heersende idees en dit nie te bevraagteken nie, is die reaksie by talle om gewoon te aanvaar dat hulle kultuur

minderwaardig is. Daar is nie 'n vermoë om krities te dink en te kan onderskei wanneer uitbuiting plaasvind nie (Makgoba en Nyasani, aangehaal in Lassiter, 1999). Volgens Mugambi (aangehaal in Lassiter, 1999) het die gevolge van ver-Westering gekom om te bly en moet daarby eerder aangepas word as om terug te hunker na die verlede. In kontak met ander kulture, veral die Westerse kultuur, is dit egter nodig om duidelik uit te maak watter elemente van die kultuur bewaar moet word en watter nodig is om te verander (Coetzee & Roux, 2003:xiii). Een kultuur is nie *per se* minderwaardig of meerderwaardig ten opsigte van 'n ander nie. Daar is waarheidsmomente in alle kulture wat oor kulturele grense heen van waarde kan wees vir ander. Fyn onderskeid is egter in alle gevalle nodig en deeglike rekening moet gehou word met teenstand en reaksie op sodanige beïnvloeding.

In hierdie verband noem Nasseem die voorbeeld van die spanning wat die tegnologiese gevorderdheid van die jeug (weens die invloed van die Westerse kultuur) in tradisionele Afrikagemeenskappe meebring. In die meeste van hierdie gemeenskappe word aanvaar dat ouer persone meer kennis en wysheid het as jonger persone, omdat hulle meer sou gesien en beleef het as die jeug (Naseem, 2003:261). Dikwels is die ouer persone egter nie in kontak met die leefwêreld van die moderne mens nie en bejeën hulle die krag van tegnologie met dieselfde afkeer as die krag van die towenaar (Van Niekerk, 1993:109). Dit bring spanning, omdat dit dikwels die ouer persone is wat rigtinggewende besluite in die gemeenskap neem en hulle wêreldbeskouing dikwels nie die feitlikhede van die huidige (Westers beïnvloede) leefwêreld verreken nie.

Dit is egter nie alleen die Afrikakultuur wat beïnvloed word deur die Westerse kultuur nie. Ook die Westerse kultuur in Suid-Afrika (en elders) ondergaan tans sekere veranderings weens die invloed van die Afrikakultuur en is daar die besef dat die Afrikakultuur wel bepaalde waarde kan toevoeg tot die Westerse kultuur. So is Edwards (1998:95) se appèl onder meer dat die hoër bewustheid van die supra-sensoriese en nonsensoriese werklikhede in die kosmos, asook die beginsels van *ubuntu* in die Afrikakultuur behou en uitgebou moet word. Volgens hom bied dit 'n antwoord vir die Westerse wêreld wat vandag in 'n groot mate vasgevang is in 'n monodimensionele, materialistiese, verbruikersgedrewe lewensbeskouing. Hy pleit ook daarvoor dat die spiritualiteit van Afrika as model en dien en momentum gee aan die ontwikkeling van 'n nuwe globale spiritualiteit in die wêreld (sien ook Van Niekerk, 1993:73-74).

Edwards se pleidooi het heelwat waarde en kan nagevolg word, mits dit met 'n kritiese benadering en fyn onderskeidingsvermoë gedoen word. Daar is sekere elemente van die

Afrikakultuur wat tot voordeel van die Westerse kultuur geïnkorporeer kan word, maar met sekere voorbehoude. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die besondere gemeenskapsbelewing in die Afrikakultuur. In die Westerse kultuur word gesê: *Ons is omdat ek is.* Die gemeenskap bestaan dus omdat daar verskillende individue is wat deel daarvan uitmaak. In die Afrikakultuur word gesê: *Ek is omdat ons is* (Van der Walt, 1999:111). Die individu bestaan alleen omdat en wanneer hy deel is van die gemeenskap. Nie een van hierdie twee benaderings is volledig korrek nie. Elkeen beklemtoon 'n deel van die waarheid. Die gemeenskap is belangrik, maar die individu is net so belangrik. Elkeen het 'n eie plek en beklemtoning vanuit 'n bepaalde hoek. Derhalwe moet beide uitgangspunte die kans gegee word om mekaar te komplementeer. Dan kan 'n gesonde verhouding tussen individu en gemeenskap ontwikkel, waarin nie een voorrang kry bo die ander nie.

In 2.6.3 van Hoofstuk 4 hierbo, is verwys na Bosch (1991:455) se waarskuwing dat daar nie totaal onkrities omgegaan moet word met mekaar se kultuurgoedere nie. Dit geld eweneens ook hier. Die opdrag en uitdaging is om die positiewe spirituele en morele elemente, asook positiewe waardes van ander kulture te identifiseer (Groome, 1994:124) en uit te bou. Die elemente wat onbybels is, moet egter tot alle prys vermy en uitgeskakel word. Een van die belangrike aspekte waarteen veral gewaak moet word, is die oorneem van sekere elemente uit 'n vreemde kultuur, sonder om die totale filosofiese konsepsie waarbinne dit voorkom, krities te ontleed (Van der Walt, 1986:106). Die kerk moet die vermoë ontwikkel om fyn te kan luister en waarneem, sodat hy die makrokonteks waarbinne hy leef en waarbinne ander kulture leef, kan identifiseer en verstaan (Corbitt, 1998:70).

3.4.1. Konklusie oor die wedersydse invloed van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture op mekaar

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die wedersydse beïnvloeding van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture:

- As gevolg van die bevoorregte en dominante posisie wat mense vanuit die Westerse kultuur vir jare in Suid-Afrika gehad het, het die meeste kulturele beïnvloeding vanaf die Westerse kultuur op die tradisionele Afrikakultuur uitgegaan.
- Hoewel daar nog gedeeltes van die tradisionele Afrikakultuur is wat grotendeels intakt gebly het, is daar 'n proses aan die gang waarin elemente wat hulle funksionaliteit verloor het, vervang word met bruikbare elemente van die Westerse kultuur.

- Kulturele minderwaardigheid of meerderwaardigheid gaan nie op nie. Geen kultuur is *per se* beter as 'n ander nie. Wedersydse invloede kan van groot waarde wees, mits dit met fyn onderskeid en oorleg toegelaat word en spanning en teenreaksie daarop reg hanteer word.
- Dit is nie alleen die Westerse kultuur wat 'n invloed het op die tradisionele Afrikakultuur nie. Die teendeel kom ook voor waar positiewe spirituele en morele elemente asook positiewe waardes van die Afrikakultuur geïdentifiseer en opgeneem word.

3.5. Evaluering van die tradisionele Afrikakultuur vanuit 'n Bybelse perspektief

3.5.1. Inleiding

Om met fyn onderskeid te kan bepaal watter elemente van die tradisionele Afrikakultuur waarde sal kan toevoeg tot die Westerse kultuur, is dit nodig om die Afrikakultuur vanuit die Bybelse perspektief te evalueer. Geen kultuur is *per se* minderwaardig of meerderwaardig nie. In Hoofstuk 2 hierbo is duidelik aangetoon dat die kultuur van die mens sedert die sondeval onderhewig is aan onvolmaaktheid, uitbuiting, selfgesentreerdheid en spanning (sien 2.2.1 tot 2.2.4 in Hoofstuk 2). Desnieteenstaande het elke kultuur deur die genade van God steeds bepaalde waarheidsmomente, wat met sy Woord ooreenkom en waarmee God self die magte van chaos en vernietiging op aarde beveg (sien 2.2.1 tot 2.2.1.7 in Hoofstuk 2 hierbo). Dit is hierdie waarheidsmomente wat waarde kan toevoeg tot 'n ander kultuur. Myns insiens kan nie saamgestem word met Masolo (aangehaal in Lassiter, 1999) wat meen dat geen van die uitgangspunte van die tradisionele Afrikakultuur bruikbaar en funksioneel is vir die behoeftes van Afrika nie, omdat dit nie inpas by die modernisasie wat tans in Afrika aan die gang is nie. Daar kan eerder saamgestem word met Ramose (2003a:7) wat meen dat sommige van die uitgangspunte van die Afrikakultuur direk ooreenkom met die Woord van God, inpas by sekere denkraamwerke van die Westerse kultuur en dus bruikbaar is – juis ook in die modernisasieproses wat tans in Afrika aan die gang is. Ook kan Gyekye (aangehaal in Lassiter, 1999) se oortuiging beaam word wanneer hy meen dat daar tog heelwat kulturele waardes en gebruike van die tradisionele Afrikakultuur is wat in moderne Afrika plek het, al is dit in sommige gevalle nodig om verfyning en verandering aan te bring.

3.5.2. Holisme

Volgens die tradisionele Afrikakultuur word die totale kosmos (sigbaar sowel as onsigbaar) as 'n geheel beskou en word van die mens verwag om in harmonie met elke onderdeel van hierdie kosmos te leef (sien 2.2.2.1 hierbo). Ander mense, diere, plante,

natuurelemente, sowel as God, die voorvaders en ander geestelike wesens word beskou as deel van die kosmos waarmee in harmonie geleef moet word. Volgens Mavia (2001) word die religieuse beskouing van die werklikheid in Afrika versterk deur wondertekens en die demonstrering van allerlei kragte, eerder as 'n intellektuele, rasionele aanbied daarvan. Die verstand van die mens funksioneer nie selfstandig nie en moet vergesel en voltooi word deur emosie en gevoel (Pobee, 1998:24).

Hoewel sekere vrae bestaan oor die beskouing van die geestelike dimensie van die werklikheid, kan 'n holistiese benadering meehelp tot 'n beter uitleef van Bybelse beginsels soos verantwoordelikheid teenoor die medemens en rentmeesterskap oor die skepping. Van hierdie benadering tot die lewe kom daar tans egter weinig tereg in Afrika. Afrika kan bepaald 'n bloeiende kontinent genoem word: hongersnood, oorloë, ontwrigting van mense, verstedeliking, armoede en siekte kom algemeen voor (sien Prah, 1999:54). Ook die natuur word op groot skaal uitgebuit en geplunder: gronderosie, verwoesting van woude en uitwissing van dier- en voëlspesies is aan die orde van die dag (Van der Walt, 1999:146). Van die harmonieuse saamleef met al die elemente van die kosmos, asook 'n voortdurende soeke na balans hierin, is daar nie veel sprake nie. God se (kultuur)opdrag aan die mens is om te heers oor die skepping, maar dit ook met verantwoordelikheid te versorg, word ook nie nagekom nie. Alvorens die holisme van die tradisionele Afrikakultuur dus oorgeneem kan word in die Westerse kultuur, is dit nodig dat dit eers waarlik gestalte vind in die daaglikse lewenswandel.

3.5.3. Klem op die metafisiese

Voortspruitend uit die holistiese benadering tot die kosmos, is daar in die tradisionele Afrikakultuur 'n sterk klem op die voorkoms van en omgang met die metafisiese (sien 2.2.2.2 hierbo). Hiervolgens is daar 'n totale metafiesiese wêreld wat 'n integrale deel uitmaak van die lewe van elke mens. Die mens word beskou as die sentrum van die kosmos, omdat hy in 'n intieme verhouding staan met die sigbare skepping en die onsigbare geestelike wêreld. Hy beïnvloed die ander (sigbare sowel as onsigbare) wesens en kragte in die skepping en word self deur hulle beïnvloed. Waar dit in die Westerse kultuur meganisties van aard is, is daar in die Afrikametafisika 'n sterk geestelike karakter. Daar word verder en dieper gekyk as bloot die direkte oorsaak en gevolg van 'n saak. Die groter (holistiese) prent waarvan dit alles deel is (Van Niekerk, 1993:105) word ondersoek. In die proses kom denke oor God, voorvaders, heksery en die essensie van mens-wees in die spel (Teffo & Roux, 2003:165-173). In die kultuur van Afrika is die wesens van die geestelike wêreld dus nooit ver van die materiële wêreld nie. Daarom word kontak met wesens in die geestelike wêreld ook voortdurend gesoek, sodat

beding kan word vir voordele, gawes en lewenskrag. Kontak met wesens in die geestelike wêreld vind plaas deur offers, rituele, toekomsvoorspelling, gebede, towerspreuke ensomeer.

Hoewel die bestaan van 'n metafisiese werklikheid nie in die Bybel ontken word nie (bv. gedeeltes oor die engele en hulle werking as diensknegte van God) en 'n bewustheid daarvan kan lei tot groter troos en geloofsekerheid, word dit in die tradisionele Afrikakultuur oorbeklemtoon ten koste van nugterheid en waarheid. In die meeste gevalle lei dit tot bygeloof en vrees omdat dit die mens teken as hulpelose slagoffer van onsigbare magte en kragte wat lukraak optree om sy lewe te beheer. Tradisionele genesers wat byvoorbeeld beweer dat hulle direk van die voorvaders inligting ontvang oor spesifieke kruie wat gebruik moet word as medisyne, word volgens Thlagale (2006) ontmasker as vals wanneer die lig van die evangelie daarop val. Nie alleen gaan dit bo die nugtere rasionele uit nie, maar leer die Here ook dat dit onaanvaarbaar en 'n gruwel in sy oë is (sien Lev. 19:31; Lev. 20:6; Lev. 20:27; Deut. 18:9-11). Dieselfde geld die geloof in towery, heksery en toekomsvoorspelling.

Weens hierdie klem op die metafisiese is daar 'n praktyk in die Afrikakultuur om dit wat verkeerd loop in die samelewing op die teenwoordigheid en werk van hekse te blameer. Dikwels is dit egter 'n geval van jaloesie teenoor iemand wat suksesvol is en uitstyg bo die ander. So 'n persoon word dan van heksery beskuldig in 'n poging om hom of haar te neutraliseer. In die meeste van hierdie gevalle is daar 'n duidelik onwilligheid om persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar. Hierteenoor leer die Bybel dat morele onderskeiding nodig is en dat kritiese selfondersoek gereeld gedoen moet word. Die boosheid moet nie gesien word in sekere persone wat al die blaam vir die verkeerde en slegte in 'n gemeenskap dra nie. Dit moet eerder gesoek word in elke menslike hart. Elke manifestering van sonde is 'n teken van boosheid wat nog in die menslike hart is (Thlagale, 2006).

3.5.4. Godsbeeld

Volgens die tradisionele Afrikakultuur word God erken as die hoogste van al die geestelike wesens. Hoewel sommiges Hom bloot beskou as 'n allesoorheersende krag en nie 'n persoon nie, word Hy merendeels erken as Skepper wat al die lewenskrag besit. As sodanig is dit tot voordeel van die mens om met Hom kontak te hê (sien 2.2.2.3 hierbo). God word beskou as die Voorsiener van alles wat nodig is vir die daaglikse lewe, sowel as die Beskermer wat die gelowiges veilig hou teen die gevare van die lewe, soos onder meer heksery, ongelukke en demoniese invloede (De Visser, 2000:56). Hoewel

daar meningsverskil blyk te wees oor die toeganklikheid van God vir die mens, wil dit tog voorkom of Hy as transendent en onbereikbaar beskou word. Gevolglik word eerder gepoog om deur middel van die voorvaders (as tussengangers) die voordele te verkry wat God vir die mens het. In talle Afrika geïnstitusionaliseerde kerke kom daar 'n sinkretisme na vore waar tradisionele Afrika gewoontes en gebruike vermeng word met Christelike leerstellings. In die meeste van die gevalle is daar 'n sterk fokus op Sionistiese elemente wat uit die Ou Testament afkomstig is (Pityana, 1999:139). Gevolglik kan afgelei word dat die beskouing oor God ook 'n vermenging van hierdie verskillende invloede sal wees.

Volgens hoe God Homself in die Bybel openbaar, is Hy nie net Skepper van die heelal nie. Hy is ook Onderhouer daarvan (Van der Walt, 1999:105). Hy versorg elke skepsel in die heelal. Hy weet wat elkeen nodig het en gee dit op die regte tyd (Ps. 104:27). God is ook nie ver en onbereikbaar vir die mens nie. In en deur Jesus Christus kan elkeen persoonlik tot Hom nader, omdat Hy weens die versoening van Christus Homself weer een gemaak het met sy volk. Gebed is die manier waarop die mens persoonlike kontak met God maak. Jesus leer dat elkeen wat vra, sal ontvang volgens die wil van die Vader in die hemel (Mat. 7:7-12; Mat. 18:19-20). Om God te ken en met Hom kontak te hê deur middel van gebed, gee egter nie sanksie om Hom bloot te beskou as iemand wat gereed staan om die mens alles te gee wat Hy vra nie. Om in 'n lewende verhouding met God te leef, het veral met die religieuse dimensie van mens-wees te doen. Uiteindelik gaan dit oor geloof en die gehoorsame uitleef daarvan. Die aardse en materiële behoeftes van die mens staan nie voorop nie (Mat. 6:25-34).

3.5.5. Voorvaderverering

Volgens die Afrikakultuur is die teenwoordigheid en verering van die voorvaders uiters belangrik vir voorspoed en versorging van dag tot dag (sien 2.2.2.4 hierbo). Die voorvaders word die "lewende dooies" genoem (Okolo, 2003:212), omdat hulle beskou word as steeds aktiewe betrokkenes by die lewe van hulle agtergeblewe families, met wie gemeenskap onderhou moet word. Die voorvaders is nie alleen nader aan God nie, maar ook nader aan die (lewende) mense as wat God is. As sodanig is hulle dus die ideale tussengangers tussen die gemeenskap en die geesteswêreld. Hulle beskik oor sekere magies-religieuse kragte (Nyamiti, 1999) en sorg vir die veiligheid en voorspoed van die gemeenskap. Vir die lewendes het hulle 'n sterk aantrekkingskrag omdat hulle goeie gesondheid, vrugbaarheid, voorspoed, geluk, beskerming teen bose magte, groter krag vir medisyne, antwoorde op die raaisels van die lewe (Van der Walt, 1999:107), 'n lang lewe en baie kinders kan verseker (Nyamiti, 1999). Wanneer hulle nie tevrede is met die

lewe van hulle nageslag nie, het hulle egter ook die vermoë om straf op allerhande maniere uit te deel. Gevolglik is daar ook 'n diep vrees vir die voorvaders (Nyamiti, 1999) en 'n heilige respek vir hulle. Volgens De Visser (2000:127) kom sinkretisme in die Afrikakultuur dikwels voor waar God en die voorvaders op dieselfde manier vereer en selfs in dieselfde gebed aanbid word.

Die geloof oor en verering van die voorvaders staan lynreg teenoor dit wat die Bybel leer oor Jesus Christus. Daar is net een Middelaar tussen God en mens: Jesus Christus (1 Tim. 2:5). Daar is geen sprake van afgestorwe voorvaders wat hierdie rol vervul nie. Hoewel teksgedeeltes soos Levitikus 19:32 en Eksodus 20:12 die belangrikheid van respek teenoor ouer mense beklemtoon, word dit in gedeeltes soos Deutronomium 18:11-12, Levitikus 19:31, Levitikus 20:6, 2 Kon. 12:6, Jes. 8:19-20 asook 1 Sam. 28:8-19 duidelik gemaak dat geen poging aangewend mag word om kontak met die dooies te maak nie. Wanneer Saul die dodebesweerster van En-Dor besoek met die doel dat sy die afgestorwe profeet Samuel moet oproep, laat die Here vir Samuel by wyse van uitsondering verskyn, om daarmee 'n duidelike boodskap te gee dat dit onaanvaarbaar is. Samuel se woorde aan Saul bring nie die troos waarna hy smag nie. Dit bring alleen skerp veroordeling (Van der Walt, 1999:108). Omdat 'n mens onder invloed van demoniese magte kan kom wanneer hy poog om met dooies kontak te maak, veroordeel die Here enige poging daartoe (sien 1 Kor. 10:19-20).

Dit is nie afgestorwe voorouers wat hulp en krag en versorging aan die mens gee nie: alleen God is daartoe in staat. Deur gebed, smeking en danksegging kan en mag die mens al sy begeertes aan God bekend maak (Fil. 4:6) met die wete dat Hy elke gelowige gebed in liefde en deernis verhoor. Die gedagte dat die voorvaders 'n belangrike rol speel en die vermoë het om die lewe van mense te beheer (sien 2.2.2.4 hierbo), is nie Bybels houdbaar nie. Diegene wat reeds dood is, is nie langer meer gewone mense nie en ook nie langer meer deel van die lewe op aarde nie. Vrees vir die wraak van die voorvaders is iets wat verdwyn wanneer die waarheid van die evangelie geglo word. Christus bring vryheid van die vrees vir die afgestorwenes. Die geloof dat die voorvaders opgeroep kan word om te help met die genesing van siektes, gaan eweneens lynreg in teen dit wat die Bybel leer. Siekte word genees deur God self. Hiervoor is dit nodig om tot Hom te bid (Jak. 5:14-16) en te vertrou dat Hy die gawes waarmee medici hulle werk doen, gee en beheer. Om die voorvaders in die plek van die groot Geneser te wil stel, is niks anders nie as laster teenoor Hom. Ook die geloof dat voorvadergeeste besit kan neem van 'n persoon, is 'n gedagte wat nie in die Bybel gevind word nie. Dit is die Heilige Gees wat besit neem van 'n mens en sy wese totaal deurdrenk. Wanneer daar wel iets anders is

wat besit neem van die mens, is dit demonies van aard en moet dit met die krag van God self bestry word (sien Mat. 8:28-34; Mark. 5:1-20 asook Luk. 8:26-39).

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat Gyekye (aangehaal in Lassiter, 1999) gelyk gegee kan word in sy gevolgtrekking dat die voortdurende verering van voorvaders een van die primêre aspekte is wat vooruitgang in Afrika belemmer en dat dit uitgeskakel moet word. Veral met betrekking tot die geloofslewe van groot getalle Christene is dit die geval.

3.5.6. Lewenskrag

Die een aspek waarna daagliks gesoek word in die Afrikakultuur, is lewenskrag: die vermoë om aktiewe beheer oor eie lewensomstandighede te kan uitoefen (Fernandez, 2004:199). Die gedagte is dat alle materie lewenskrag inhou, die totale heelal as 'n netwerk van lewenskragte beskou kan word (Senghor, aangehaal in Lassiter, 1999) en die kuns van lewe lê in die ontginning hiervan. Omdat lewenskrag te doen het met lewe en die vermoë om lewe in stand te hou, word die besit van grond beskou as integrale deel van die identiteit en lewe van 'n persoon (sien 2.2.2.5 hierbo). Tussen grond en lewe is daar 'n onlosmaaklike band. Van Niekerk (1993:75) verwys na 'n "mistieke band" tussen die mens van Afrika en grond.

Bo alles word God beskou word as die groot verskaffer van lewenskrag, en blyk dit die hoofrede te wees waarom in Hom belang gestel word (Nyamiti, 1999). Om by God te kan uitkom, word die voorvaders geraadpleeg omdat hulle as tussengangers tussen God en die mens beskou word. Indien dit nie die verlangde resultate het nie, word toordokters of dolosgooiers genader vir hulp (*ngaka* in Tswana of *isangoma* in Zoeloe) (Van der Walt, 1999:104). In talle gevalle word 'n bepaalde soort *moetie* deur die toordokter of waarsêer voorgeskryf is. Volgens Scholtz (aangehaal in Pienaar, 2002:9) is die gedagte dat 'n groter voordeel (lewenskrag) met *moetie* verkry kan word as met 'n gewone dierlike offerande aan die voorvaders. *Moetie* is spesiale "medisyne" wat gemaak word van slangvel, dorings, die klou van 'n leeu, hare uit 'n leeu se maanhare of van 'n bul ensomeer. Daar word geglo dat die medisyne dieselfde kwaliteite het as die dier of plant waarvan dit gemaak is (Thlagale, 2006). Afgesien van die gebruik van dierlike- en plantmateriaal vir *moetie*, is daar ook die geloof dat liggaamsdele van 'n mens kragtige medisyne is (sien Hlatshwayo, 2006:1). In die meeste gevalle word probeer om hierdie liggaamsdele te verwyder terwyl die persoon nog lewe (sien 2.2.2.5 hierbo).

Die soeke na lewenskrag met die doel om aktiewe beheer oor eie lewensomstandighede te kan uitoefen, kan nie uit die Bybel geregverdig word nie. Daar is net Een wat aktiewe

beheer uitoefen oor die lewe van die mens en dit is God. Hy alleen is die Beskikker en Lotsbepaler van die mens se lewe (Pred. 2:19). Die verhouding wat die mens met Hom het, moet ook nie as hoofdoelwit hê om bloot lewenskrag van Hom te verkry nie. In die geloofsverhouding met God gaan dit om 'n diep geestelike en spirituele dimensie, waarin versorging in terme van daaglikse behoeftes maar 'n enkele aspek is (sien Mat. 6:33). Voorspoed en 'n lang lewe kan ook nie beskou word as die beloning vir offers wat aan die voorvaders gebring is nie (Thlagale, 1999). Dit is die gevolg van die seën van die Here, wat Hy uitdeel aan elkeen volgens sy wil en omdat Hy hulle in liefde versorg (sien Ps. 127: 2b).

Die geloof dat sekere vorms van *moetie* lewenskrag verskaf, moet op die sterkste manier denkbaar afgewys word. Veral die gebruik wat steeds voorkom om ledemate van mense hiervoor te gebruik, moet ten sterkste veroordeel word. Nie alleen is dit 'n gruwelike misleiding om voor te gee dat sodanige "medisyne" voorspoed en geluk bring nie, maar is dit ook niks anders nie as moord en verminking, wat duidelik deur die Here verbied word in die sewende gebod (Eks. 20:13).

3.5.7. Kommunalisme

In die Afrikakultuur is daar 'n duidelike kommunalistiese lewensvisie. Dit vloei voort uit die holistiese siening van die werklikheid. Hiervolgens word die mens beskou as integrale deel van die totale samelewing, wat ook die geesteswêreld insluit (Van der Walt, 1999:101). 'n Mens wat as enkeling bestaan, is 'n kontradiksie op sigself. Om as aparte enkeling te bestaan, ontken die feit dat die mens 'n integrale deel van die totale skepping van God is en dat Hy juis vereer word deur die menslikheid wat die mens in sy kommunale verhouding met sy medemens en die skepping openbaar (Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:193).

Die gemeenskapsbelewing in die Afrikakultuur word aangedui met die Zoeloe term *ubuntu.* Die beginsel van *ubuntu* kry beslag in die Zoeloe spreekwoord: *Umuntu ngumuntu nga banye.* Die betekenis hiervan kan soos volg opgesom word:

> *om 'n mens te wees, is om mensheid te bevestig deur die mensheid van ander te erken en op daardie basis menslike verhoudings met hulle daar te stel.*

'n Menslike, respekvolle en bedagsame benadering teenoor ander mense word hierdeur bedoel. Dit gaan oor die mens wat (volgens hierdie siening) werklik mens word en volgens 'n sekere etiese, sosiale en wetlike raamwerk optree (sien 2.2.2.6 hierbo).

Okolo (2003:215) het 'n negatiewe siening van *ubuntu* en meen dat die Afrikakultuur se klem op kommunalisme 'n ondermyning is van die wortels van menslike vryheid en outonomiteit. Volgens hom maak dit van die mens 'n objek en 'n middel tot 'n doel, waar alles van hom bepaal word deur die groep waarvan hy deel is. Die houvas wat die gemeenskap op die individu het, is geweldig sterk (Van Niekerk, 1993:36) en die gevolg is dat persoonlike inisatief, verantwoordelikheid, subjektiwiteit en onafhanklikheid as kernwaardes verlore gaan. Op hierdie vlak is daar volgens Phahlamohlaka & Kroeze (2004:192) 'n ernstige tekortkoming in die Afrikakultuur. Ook Van Niekerk (aangehaal in Nieuwoudt, 2004:12) het 'n negatiewe siening van *ubuntu* omdat dit volgens hom die selfstandige denke en optrede van die individu geringskat en verhoed. Dit word beaam deur Nyasani (aangehaal in Lassiter, 1999) wat van mening is dat dit individuele denke en optrede in so 'n mate inhibeer, dat die enkeling nie buite die konteks van die gemeenskap se voorskrifte en beperkinge kan funksioneer nie. Reg van die begin van sy lewe af word die kind van Afrika gemuilband en gedwing om in te pas by die outoritêre beheersing van sy lewe deur die gemeenskap. Rasionele argumente maak inbreuk op die besluit van die gemeenskap en sommiges word selfs met die dood gedreig indien hulle probeer verskil met die groep (Van Niekerk, 1993:36). Op hierdie manier is daar 'n passiewe instemming met alles wat die gemeenskap voorskryf en word gemeenskapsnorme nooit blootgestel aan diepgaande rasionele ondersoek om vas te stel of dit werkbaar en funksioneel is nie. So leer die kind in die tradisionele Afrika gemeenskap nie om selfstandig te dink en krities ingestel te wees nie. Van die vryheid wat Christus bewerk het, sodat elke mens as individu die moontlikheid het om God selfstandig te dien en gehoorsaam, kom hier weinig tereg.

Omdat die groep die aan die individu voorskryf, is die groep self die hoogste wet. Dit beteken dat die individu nie 'n keuse het nie: hy moet behoort aan die groep. Hy het ook 'n vooraf vasgestelde bestemming en moet daarby berus en daarby inval. Balans moet gehandhaaf word in verhoudinge met die medemens, maar ook met die natuur en die geesteswêreld. Elkeen moet sy plek in die groot geheel ken en daarby inval. Hieruit volg dit dat die mens alleen teenoor die eie groep enige verantwoordelikheid het. Volgens Van der Walt (1999:112) is dit die rede waarom nasionalisme, patriotisme en lojaliteit van die burgers teenoor die moderne staat, so min voorkom in Afrika. Omdat norme deur elke aparte groep self bepaal word, is daar gevolglik ook nie universele norme van buite die groep wat as geldig aanvaar word nie.

Uit 'n Bybelse konteks hou eenheid in die kerk nie in dat individuele behoeftes of optrede misken of gekeer word nie (sien 3.2.4 in Hoofstuk 3 hierbo). Dit beteken dat individuele

waardes minstens net so belangrik as gemeenskaplike waardes gereken word (Van der Walt, 1997:149) en dat die waardes van die koninkryk van God bo alles bepalend is vir die optrede van individue of groepe. Veral ook wanneer die eenheid van die kerk uitgebou word tot eenheid in die samelewing, moet die kerk sy getuienistaak teenoor die staat getrou nakom. Die kerk mag homself nie onttrek van die politiek of van samelewingskwessies nie. Oral moet tekens van die koninkryk van God opgerig word. In alles moet op weg gegaan word in die rigting van die koninkryk van God (Van Wyk, 1999:57).

Sonde is nie iets wat volgens algemeen geldende norme bepaal word nie. Die groep waaraan die enkeling behoort, bepaal wat sonde is. Oor die algemeen word sonde primêr beskou as optrede wat teen die belange of wil van die groep gerig word. Hierteenoor is die Bybelse boodskap duidelik: sonde is ongehoorsaamheid teenoor God. Hy gee sy wet as norm waarvolgens die mens moet optree. Ongehoorsaamheid hieraan is sonde en hardkoppige volharding daarin word deur die Here self gestraf (Mat. 18:15-17).

'n Verdere gevolg van die Afrikakultuur se siening van *ubuntu* is dat die hele uitgebreide familie dikwels saam 'n bepaalde godsdiens beoefen. Ook wanneer oorgegaan word na 'n ander religie, is die hele familie as geheel daarby betrokke (Van der Walt, 1999:114). Dit versterk die siening dat die groep as geheel voor die regterstoel van God verskyn. Daarteenoor leer die Here in sy Woord dat elke individu as enkeling voor Hom tot verantwoording geroep word, in besonder aan die einde van die tyd (sien Openb. 20:12, 15). Daar is geen sprake van 'n groep wat as geheel deur God geoordeel word nie. Daar is alleen sprake van die name van enkelinge wat in die boek van die lewe opgeteken is of nie. Bekering, redding en saligheid is nie 'n kommunalistiese aangeleentheid nie. Dit gaan oor die individu wat voor die Here staan. Dit bring egter nie mee dat dat geloof 'n suiwer individuele of private aangeleentheid is nie. Om te behoort aan die versameling van gelowiges (die kerk van die Here) is net so 'n belangrike saak. Meelewing, versoening en eenheid met medegelowiges is van kardinale belang (sien Hoofstuk 3 hierbo).

Hoewel die aanspraak is dat daar regdeur Afrika 'n kommunalisme is en 'n sterk groepskohesie, wys die geskiedenis dat Afrika 'n hoë voorkoms het van geweld wat stam uit etniese konflik (sien Louw, 1998). Dit laat die vraag ontstaan of *ubuntu* werklik is wat dit voorgee om te wees en hoe ver die reikwydte daarvan werklik is. Volgens Lassiter kan dit nodig wees om aanpassing hierin te maak, sodat dit binne die huidige situasie beter vrugte kan hê (Lassiter, 1999). 'n Verdere bekommernis is die feit dat daar, ten spyte van

die beginsels van *ubuntu* in die Afrikakultuur gediskrimineer word teen die vrou. Volgens Van der Walt (1999:136) kom geslagsdiskriminasie regoor Afrika voor en is gevalle van geweld teenoor die vrou algemeen. Desnieteenstaande is daar feitlik geen verwysing hierna in die literatuur wat handel oor die Afrikakultuur nie.

Kommunalisme en *ubuntu* het dus duidelik 'n negatiewe kant, wat stry teen die beginsels in die Woord van die Here. Tog is dit wel so dat daar talle voorbeelde is waar ware *ubuntu* na vore kom in die daaglikse lewe van mense onder mekaar. Die relatiewe vredevolle oorgang van 'n totalitêre staat na 'n veelpartydemokrasie in Suid-Afrika is volgens Louw (1998) eerder te danke aan ware *ubuntu* as aan politici wat daarin kon slaag om kompromisbesluite in die onderhandelingsproses te neem. Indien dit reg toegepas word, het *ubuntu* oneindig baie om te bied vir enige gemeenskap. Daarom moet dit volgens Teffo en Koka (aangehaal in Louw, 1998) weer aangevuur word in die harte en gedagtes van alle mense in Afrika. Ware *ubuntu* is volgens Louw (1998) nie wanneer die neiging om saam te stem uitgebuit word ter wille van die afdwing van bepaalde standpunte nie. Ware *ubuntu* behels 'n outentieke respek vir menseregte en verwante waardes en 'n eerlike waardering vir verskille wat mag voorkom (Sindane en Degenaar, aangehaal in Louw, 1998). Beide verhouding en afstand is belangrik, waar die uniekheid van elkeen deur dialoog erken word, sonder om 'n ander op 'n afstand te hou (Shutte, aangehaal in Louw, 1998). Die ander persoon word ruimte gegun om te word wat hy moet word, sonder om 'n spesifieke eienskap, optrede of funksie aan hom toe te dig of op hom af te forseer. Soos in die grammatika van die woord *ubuntu*, gaan dit hier oor *wees* en *word* gelyktydig (Louw, 1998). Veral in 'n gemeenskap waar konflik en vervreemding aan die orde van die dag is, kan hierdie toepassing van *ubuntu* van onskatbare belang wees, omdat dit grootliks ooreenstem met die Bybelse beginsels van meelewing en eensgesindheid onder mekaar (Gal. 6:2; Fil. 1:27) en 'n alternatief bring vir die oorbeklemtoning van die individu binne die samelewing.

3.5.8. Tydsbeskouing

In teenstelling met die benadering in die Westerse kultuur, het die Afrikakultuur, as gevolg die benaderings van holisme en kommunalisme, 'n meer konkrete tydsbeskouing. Tyd word aan spesifieke gebeurtenisse verbind en omdat mensgesentreerd geleef word, word spesifiek tyd gemaak vir die medemens. Volgens hierdie siening is tyd volop en omdat die mens baas is van die tyd, kan en moet hy dit voluit gebruik. Hierdie tydsbeskouing bring 'n rustige lewenstempo en veroorsaak 'n informele manier van leef en 'n soepel gebruik en geniet van tyd (sien 2.2.2.7 hierbo). Vanuit 'n Bybelse oogpunt het hierdie beskouing van tyd groot waarde. Om met God te kan *wandel* (Ps. 89:16),

vereis 'n rustige lewenstempo en soepel gebruik van tyd. So ook toewyding en omgang met die Here en sy Woord in gebed.

Wat wel problematies is, is die neiging in die tradisionele Afrikakultuur om eerder te fokus op die verlede, as die hede of die toekoms (sien Van der Walt, 1999:100,123). Daar word eerder met verlange gekyk na die verlede – en vereniging met die voorgeslagte. Die rede hiervoor blyk te wees dat die verlede die mens nader bring aan sy oorsprong en die tyd van die ontstaan van die eerste mense, toe alles beter was. Daar is dus groot respek vir die oue en 'n geneigdheid om die werklikheid so na as moontlik te bring aan die situasie wat in die begin daar was. In die Woord van die Here word gelowiges opgeroep om juis die verlede te vergeet en uit te strek na die toekoms, met 'n lewende verwagting van die ewige heerlikheid saam met Christus wat enige oomblik kan aanbreek. Hiervan getuig Paulus wanneer hy skryf (Fil. 3:13-14):

> *Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.*
> *Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.*

Ook die gelowiges in Tessalonika (1 Tess. 5:1-11) word opgeroep om *wakker* en *nugter* te bly en *met die oog gerig op die toekoms*, enige oomblik die wederkoms van die Here Jesus Christus te verwag.

Die evangelie van Jesus Christus behels dat alles in en deur Hom nuut gemaak word. Dit impliseer dat mens en skepping totaal vernuwe word deur die volmaakte nuwe verhouding wat met God daargestel word (Du Rand, 1999b:1804). Daar is nie 'n terugkyk en terughunker na die verlede nie, alleen 'n vooruitkyk na die toekoms wat enige oomblik in volle heerlikheid kan aanbreek.

3.5.9. Orale kultuur

Die tradisionele Afrikakultuur kan getipeer word as 'n primêr orale kultuur. Daar is weinig geskrifte waarin geloof en lewensbeskoulike uitgangspunte of die historiese verloop beskryf word. Norme, gebruike en geskiedenis is (en word steeds) op mondelinge wyse oorgedra van geslag to geslag, soos wat dit as lewende ervarings deur mense beleef is (sien 2.2.2.8 hierbo). Vanweë die orale aard daarvan, is *om te praat* 'n onontbeerlike element van die Afrikakultuur. As gevolg van die klem op goeie verhoudinge met die medemens in die gemeenskap, gebeur dit egter dikwels dat goeie persoonlike verhoudinge voorrang kry bo die waarheid. Dit bring ernstige kommunikasieprobleme mee (sien Van Niekerk, 1993:34).

In die Woord van God word dit telkens duidelik gestel dat die waarheid voorrang moet kry bo enige ander oorwegings. So leer die Here dit aan sy volk met die negende gebod van die wet (Eks. 20:16) en word dit bevestig deur Jesus wat leer dat jou "ja" "ja"moet wees en jou "nee" "nee" (Mat. 5:37). Kommunikasie moet so geskied dat sowel die waarheid gepraat word, as wat 'n goeie verhouding tussen die kommunikeerders geskep word. Daarom leer die Here in sy Woord dat die waarheid in liefde gepraat moet word (Ef. 4:15).

Omdat die tradisionele Afrikakultuur primêr 'n orale kultuur is, is ongeletterdheid en opvoeding in sekere opsigte problematies. Die klem op die skriftelike in die Westerse kultuur het meegehelp tot die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie. Dit het die mens in staat gestel om uit die siklus van bevolkingsontploffing, hongersnood, ellende en geweld te breek (Van Niekerk, 1993:67). Hoewel Du Toit (1998:17) van mening is dat die Afrikakultuur 'n definitiewe bydrae op wetenskaplike vlak het om te maak, het die Afrikakultuur egter nog nie daarin geslaag het om tegnologie en strukture in plek te stel waarmee armoede, ongeletterdheid en onderontwikkeling beveg kan word nie. Hierdie toedrag van sake kan natuurlik aan meer oorsake toegeskryf oorsake word as bloot die rasionaliteit van Afrika (Du Toit, 1998:29). Kudadjie & Osei (1998:43) wys daarop dat wetenskaplike denke in die Afrikakultuur oor die algemeen moontlik nie voldoende is vir die behoeftes van moderne samelewings nie. Hiermee saam kan sekerlik die primêre orale aard van die Afrikakultuur genoem word.

3.5.10. Kuns, musiek en dans

In die orale kultuur van Afrika is die kunste saam met taal uiters belangrike mediums vir kommunikasie. Afrika het 'n eiesoortige benadering tot musiek. Musiekmaak is 'n gemeenskaplike geleentheid, waar die waarde van die musiek gemeet word aan die fisies respons van die hoorders en die deelname van die gemeenskap. Ritme, melodie, harmonie en timbre word op 'n eiesoortige wyse benader en geëvalueer, terwyl 'n ryke verskeidenheid musiekstyle voorkom. In die Afrikakultuur gaan musiek en dans altyd saam. Die meeste danse is funksioneel en word by hoofmomente in die gemeenskapslewe gebruik (sien 2.2.2.9 hierbo).

Musiek en dans is belangrike komponente in die liturgie van die kerk. Regdeur die Bybel word vertel hoe die volk van God Hom eer en prys met musiek en dans. Mits dit met die regte benadering gedoen word en beantwoord aan die Bybelse norme daarvoor, kan die

sterk klem op musiek en dans in die Afrikakultuur 'n waardevolle bydrae lewer om die totaliteit van die waarheid van die evangelie oor menslike grense heen te verkondig.

3.5.11. Konklusie oor die evaluering van die tradisionele Afrikakultuur vanuit 'n Bybelse perspektief

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die evaluering van die tradisionele Afrikakultuur vanuit 'n Bybelse perspektief:

- Die Afrikakultuur se holistiese siening van die kosmos kan 'n bydrae lewer tot 'n beter uitleef van Bybelse beginsels soos die mens se verantwoordelikheid teenoor sy medemens en sy rentmeesterskap oor die skepping. Van hierdie Bybelse benadering kom daar egter weining tereg in die tradisionele Afrikakultuur.
- Die tradisionele Afrikakultuur se klem op die metafisiese kan lei tot groter troos en geloofsekerheid vir die gelowiges, maar dit word oorbeklemtoon ten koste van nugterheid en waarheid. Gevolglik lei dit eerder tot bygeloof en vrees. Die geloof in heksery, towery en toekomsvoorspellings is onaanvaarbaar en 'n gruwel in die oë van die Here. Pogings om metafisiese verskynsels in plaas van eie sonde verantwoordelik te maak vir verkeerde gebeure, kan ook nie goedgepraat word nie.
- In teenstelling met die siening in die tradisionele Afrikakultuur dat God onbereikbaar vir die mens is, openbaar God Homself in sy Woord as één met sy volk. Hy verwag 'n uitleef hiervan in 'n lewende verhouding met Hom en nie 'n verhouding waar Hy bloot dien om in die materiële behoeftes van die mens te voorsien nie.
- Hoewel respek en eer aan die voorouers 'n Bybelse beginsel is, moet die voorvaderverering soos die in die tradisionele Afrikakultuur voorkom, afgewys word. Voorvaders is nie tussengangers tussen God en mens nie: alleen Jesus Christus is die Middelaar tussen God en mens. Dit is ook on-Bybels om te glo dat die voorvaders spesiale magte het, en pogings om met hulle in kontak te kom, word skerp veroordeel deur die Here in sy Woord.
- Die voortdurende soeke na lewenskrag in die tradisionele Afrikakultuur, moet eweneens afgewys word. God versorg sy kinders met alles wat nodig is – ook vir lewe, beskerming, voorspoed ensomeer. Geen toordokter of spesiale *moetie* kan dit vermag nie. Daarby moet die weersinwekkende gebruik om *moetie* te maak van menslike ledemate ten sterkste veroordeel word.
- Die kommunalisme van die tradisionele Afrikakultuur kan bydra tot onderlinge meelewing en eensgesindheid, mits dit volgens Bybelse norme toegepas word.

Indien *ubuntu* lei tot groepsdruk, die onbehoorlike afdwing van spesifieke standpunte, miskenning van individuele regte, 'n skewe siening van sonde en persoonlike verantwoordelikheid voor God, die afspeel van verskillende groepe teenoor mekaar en diskriminasie teenoor sekere individue van 'n bepaalde geslag, moet dit afgewys word.

- Die beskouing van tyd in die tradisionele Afrikakultuur is ook 'n aspek wat waarde kan hê vanuit 'n Bybelse oogpunt. Wandel met God en leef in toewyding aan Hom, vereis 'n rustige lewenstempo en soepel gebruik van tyd soos in hierdie kultuur. 'n Fokus op die verlede ten koste van die hede en toekoms is egter teen die riglyne in die Woord van God, waar fokus op die toekoms en die eindtyd juis beklemtoon word.
- Om te praat is 'n belangrike deel van kommunikasie in die tradisionele Afrikakultuur, omdat dit primêr 'n orale kultuur is. Die klem op goeie menseverhoudings veroorsaak egter dikwels dat die waarheid verswyg of aangepas word. Dit is onaanvaarbaar en lynreg teen die negende gebod in die wet van die Here. Die orale aard van die kultuur bemoeilik ook vooruitgang op wetenskaplike en tegniese vlak.
- In 'n orale kultuur is die kunste en musiek belangrike kommunikasiemedia. Indien dit met die regte benadering gedoen word en beantwoord aan die Bybelse norme daarvoor, kan die sterk klem op musiek en dans in die Afrikakultuur 'n waardevolle bydrae lewer om die totaliteit van die waarheid van die evangelie oor menslike grense heen te verkondig.

4. Onderlinge aanvul van leemtes in mekaar se kulture

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat beide die Westerse- en die tradisionele Afrikakulture bepaalde gebreke en leemtes het, wat aandag nodig het. Dit kom ooreen met die basisteoretiese gegewens in Hoofstuk 2, waar duidelik uitgewys is dat die kultuur van die mens na die sondeval onderhewig is aan gebrokenheid en die neiging om eerder selfvernietigend te wees. In 'n multikulturele opset soos die Suid-Afrikaanse samelewing (veral in post-apartheid era) kan dit waardevol wees indien die twee primêre kulture mekaar kan aanvul waar die gebreke en leemtes bestaan.

Volgens die uiteensetting van die Westerse kultuur hierbo (2.1.1 tot 2.1.7.12) blyk dit dat die leemtes in die Westerse kultuur hoofsaaklik op twee vlakke lê: die oorbeklemtoning van die rede van die mens (ten koste van die geestelike aspekte van mens-wees) en die individualisering van die mens (wat lei tot vereensaming en ontbering van

gemeenskapsbelewing met die medemens). In die uiteensetting van die tradisionele Afrikakultuur (2.2.2.1 tot 2.2.2.9 hierbo) blyk dit dat hierdie twee aspekte juis tiperend is van die tradisionele Afrikakultuur. Die religieuse of geestelike dimensie van mens-wees (in die beklemtoning van holisme, die metafisiese, Godsbeskouing asook kuns en musiek), asook die kommunalisme (tesame met die tydsbeskouing) staan voorop. In 3.3 hierbo is uitgewys watter aanpassings hierop gemaak moet word vanuit die lig van die Bybel. Indien dit vermag kan word, kan dit in 'n multikulturele konteks dien tot waardevolle aanvulling van die leemtes in die Westerse kultuur.

Uit die uiteensetting van die tradisionele Afrikakultuur (2.2.2.1 tot 2.2.2.9 hierbo) blyk dit dat die leemtes in die Afrikakultuur hoofsaaklik te wyte is aan 'n gebrek aan 'n rasionele benadering in lewensbeskouing, wat op sy beurt lei tot 'n miskenning van die mens as individu. Hierin kan dit grootliks aangevul word deur die beskouings in die Westerse kultuur, wat hoofsaaklik gebou is op die rasionele en uitsondering van die individu. In 2.1.8 hierbo is aangetoon watter aanpassings hieraan gemaak moet word om te voldoen aan die Bybelse riglyne daarvoor. Indien dit bereik kan word, kan dit op sy beurt daartoe dien dat die leemtes in die tradisionele Afrikakultuur grotendeels aangevul word.

Binne die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks kan dit dus van groot waarde wees vir sowel die Westerse- as die Afrikakulture om daadwerklik blootgestel te word aan mekaar se kulture. Sodoende kan elkeen aangevul en verryk word deur die ander.

4.1. Konklusie met betrekking tot die onderlinge aanvul van leemtes in mekaar se kulture

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die onderlinge aanvul van leemtes in die Westerse- en tradisionele Afrika kulture:

- Die leemtes in die Westerse kultuur sentreer hoofsaaklik rondom die oorbeklemtoning van die rede en die individualisering van die mens. Hierin kan die tradisionele Afrikakultuur aanvul met die klem op die geestelike (religieuse) asook die kommunalistiese.
- Die leemtes in die tradisionele Afrikakultuur is hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan die rasionele in die lewensbeskouing, wat op sy beurt lei tot 'n miskenning van die mens as individu. Hierin kan dit grootliks aangevul word deur die beskouings in die Westerse kultuur, wat hoofsaaklik gebou is op die rasionele en uitsondering van die individu.

- Indien die kernaspekte van elke kultuur getransformeer kan word om ooreen te kom met die beginsels in die Woord van God, kan 'n waardevolle onderlinge aanvulling van leemtes in elke kultuur bewerk word.

5. Samevattende konklusie: metateoretiese perspektiewe op kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word met betrekking tot die metateoretiese perspektiewe op kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika:

- Ontwikkelings in die Westerse kultuur het verreikende gevolge vir die geskiedenis van die wêreld gehad. In byna alle sfere van die lewe is bydraes gelewer wat 'n beduidende invloed op die denke van die mens gehad het (en steeds het). Veral konsepte soos individuele vryheid, die oppergesag van die reg, demokrasie, universele menseregte en godsdiensvryheid kan hier uitgesonder word.
- Een van die tekenende simbole van die Westerse kultuur is sy musiek. In die Westerse kultuur is musiek 'n eksakte en komplekse kunsvorm. Daar is verskeie konvensies wat nagekom moet word. In die Westerse kultuur word musiek aangewend vir tydverdryf, vermaak en godsdienstige of seremoniële doeleindes. Daar is ook 'n ryke verskeidenheid sogenaamde "popmusiek" wat veral deur die jeug aangehang word.
- Ondanks al die positiewe gevolge wat die ontwikkelings meegebring het, is die Westerse kultuur egter in 'n krisis.
- Die outonomie van die mens, wetenskaplike vermoëns en magswellus het spoedig gelei tot geloofsafval, verlating van die kerk en sekularisasie.
- 'n Welvaartskultuur het ontstaan waarin die klem val op produksie en konsumpsie. Arbeid het versaaklik en onpersoonlik geword, terwyl gefokus word op die spoed waarmee take afgehandel kan word. Die natuur word toenemend uitgebuit ter wille van die produksie- en konsumpsiebehoeftes van die mens. Ook sy eie voortbestaan word bedreig deur die vermoëns van die mens. Die mens het op die punt gekom waar die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie hom in staat stel om feitlik alle lewe op die planeet uit te wis.
- Tegnologiese vordering het gelei tot 'n gejaag van een taak na die volgende, met al minder tyd beskikbaar.
- In 'n kultuur van tegnologiese produksie en konsumpsie het die mens as individu al meer op die voorgrond begin tree. In die proses het hy die gemeenskap met sy medemens egter begin verloor en in die massa begin verdwyn. Gevolglik is daar

'n groeiende gevoel van onmag oor die kragte in die Westerse kultuur wat ontketen is, maar nie behoorlik beheer kan word nie.

- In sy soeke na 'n eie identiteit probeer die Westerse mens die een na die ander oplossing, net om dit ook maar te verwerp. 'n Diepe onsekerheid en ontreddering lei tot relatiwisme, waar hy sonder 'n werklike stel waardes of beginsels deur die lewe probeer kom.
- In 'n poging om uit die krisis te ontvlug, onttrek sommiges hulle soveel as moontlik uit hulle daaglikse bestaan, ander skep 'n kontra-kultuur (veral die jeug), terwyl ander soek na 'n religie waarin veral ervaring die fokus is. In min gevalle word egter teruggekeer na God en sy Woord.
- Die tradisionele Afrikakultuur verskil drasties van die Westerse kultuur. Die werklikheid word holisties beskou. Die mens, natuur en wêreld van die geeste word as geïntegreerde organiese geheel gesien, waarin die mens die taak het om in balans en harmonie met die res van die kosmos te leef.
- Vanweë die holistiese benadering is daar 'n sterk fokus op die metafisiese en word die mens gesien in verhouding met die sigbare sowel as die onsigbare werklikheid. God, semi-gode, natuurgode, die voorvaders en ander geestelike wesens word almal erken en mee saamgeleef. Besetting deur 'n gees, die voorkoms van natuurkragte as agente van geestelike wesens, offers, rituele, toekomsvoorspelling, gebede en towery is alles deel van die fokus op die metafisiese. In geval van siekte word die metafisiese dimensie net so belangrik geag as die fisiese dimensie daarvan.
- God word beskou as die hoogste van die geestelike wesens. Hy word gesien as transendent en merendeels onbereikbaar vir die mens. Tog word Hy beskou as die Voorsiener van lewenskrag en Beskermer teen gevare soos heksery, ongelukke en demoniese invloede. Toewyding aan Hom kry voluit gestalte in die daaglikse lewe.
- Die voorvaders is 'n uiters belangrike deel van die geesteswêreld omdat hulle dien as tussengangers tussen God en die (lewende) mens. Hulle voorvaders word bestempel as "lewende dooies" met wie gereelde gemeenskap onderhou moet word. Hulle beskik oor magies-religieuse kragte en kan die lewe van hulle nageslag positief of negatief beïnvloed. Gevolglik bestaan groot vrees vir hulle en word hulle met bepaalde seremonies en rituele vereer.
- 'n Onontbeerlike element vir lewe is die sogenaamde lewenskrag waarna voortdurend gesoek word. Lewenskrag het te doen met die aktiewe beheer van eie lewensomstandighede en bring beskerming, voorspoed en gesondheid. Om

hierdie rede is grondbesit uiters belangrik vir die behoud van lewe en versekering van voortbestaan. Lewenskrag word verkry deur handoplegging of kontak met wesens in die geesteswêreld. Sekere bemiddelaars dring soms aan op die gebruik van *moetie* as spesiale medisyne. *Moetie* word gemaak van dier en plantmateriaal en soms ook ledemate van mense.

- 'n Kommunalistiese lewensbeskouing is 'n verdere onderskeidende kenmerk van die tradisionele Afrikakultuur. Die mens word beskou as integrale deel van die totale gemeenskap wat bestaan uit mense, diere, plante, grond, elemente in die natuur, asook wesens in die metafisiese werklikheid. Die mens se taak is om in 'n gesonde verhouding met elkeen van hierdie elemente te leef.
- Gemeenskapsbelewing word aangetoon met die Zoeloe term *ubuntu.* Dit het te doen met die mens wat sy eie mensheid bevestig deur die menslikheid van ander te erken op menseverhoudinge op daardie basis te vestig. Solidariteit, kommunitarianisme, tradisionalisme en deelneming is hoofkomponente hierin. Die gemeenskap kom voor die individu en familie- en stamband word gekoester. Wederkerige erkenning van mekaar, mededeelsaamheid, onderlinge versorging van mekaar, onderlinge harmonie, versoening, eenheid en meelewing is kenmerke van *ubuntu.*
- Die Afrikakultuur het 'n eiesoortige beskouing van tyd. Die mens word gesien as baas van die tyd wat hy voluit moet geniet. Dit bring 'n rustige lewenstempo, informele manier van leef, asook soepel tydsgebruik. Negatiewe gevolge is 'n verontagsaming van tyd vir afsprake, nie-stiptelikheid, gelyktydige hantering van verskillende sake sonder afhandeling, swak beplanning en 'n voortdurende verandering van skedules. Tyd word eerder siklies as lineêr beskou. Die hede en toekoms word pessimisties en negatief gesien terwyl eerder na die verlede gekyk en gestreef word.
- Die tradisionele Afrikakultuur kan getipeer word as 'n primêr orale kultuur. Daar is min geskrifte beskikbaar, terwyl verskeie orale media gebruik word om te kommunikeer en die spirituele erfenis oor te dra en bewaar. As gevolg van die klem op *ubuntu* kom kommunikasieprobleme dikwels na vore, omdat goeie menseverhoudinge belangriker geag word as die direkte kommunikasie van die waarheid.
- Afrika het 'n eiesoortige benadering tot musiek. Musiekmaak is 'n gemeenskaplike geleentheid, waar die waarde van die musiek gemeet word aan die fisies respons van die hoorders en die deelname van die gemeenskap. Ritme,

melodie, harmonie en timbre word op 'n eiesoortige wyse benader en geëvalueer, terwyl 'n ryke verskeidenheid musiekstyle voorkom.

- In die tradisionele Afrikakultuur gaan musiek en dans altyd saam. Die meeste danse is funksioneel en word by hoofmomente in die gemeenskapslewe gebruik.
- 'n Vergelyking tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture waarvolgens Van der Walt (1999:13) se verskillende dimensies van mens-wees as bepalende faktore vir kultuurvorming as basis gebruik word, is werkbaar vir 'n oorkoepelende idee van die verskille tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture.
- Wat die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees betref, is daar merkbare en wesenlike verskille tussen mense van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture.
- Die Afrikakultuur se holistiese siening van die kosmos kan 'n bydrae lewer tot 'n beter uitleef van Bybelse beginsels soos die mens se verantwoordelikheid teenoor sy medemens en sy rentmeesterskap oor die skepping. Van hierdie Bybelse benadering kom daar egter weining tereg in die tradisionele Afrikakultuur.
- Die tradisionele Afrikakultuur se klem op die metafisiese kan lei tot groter troos en geloofsekerheid vir die gelowiges, maar dit word oorbeklemtoon ten koste van nugterheid en waarheid. Gevolglik lei dit eerder tot bygeloof en vrees. Die geloof in heksery, towery en toekomsvoorspellings is onaanvaarbaar en 'n gruwel in die oë van die Here. Pogings om metafisiese verskynsels in plaas van eie sonde verantwoordelik te maak vir verkeerde gebeure, kan ook nie goedgepraat word nie.
- In teenstelling met die siening in die tradisionele Afrikakultuur dat God onbereikbaar vir die mens is, openbaar God Homself in sy Woord as één met sy volk. Hy verwag 'n uitleef hiervan in 'n lewende verhouding met Hom en nie 'n verhouding waar Hy bloot dien om in die materiële behoeftes van die mens te voorsien nie.
- Hoewel respek en eer aan die voorouers 'n Bybelse beginsel is, moet die voorvaderverering soos die in die tradisionele Afrikakultuur voorkom, afgewys word. Voorvaders is nie tussengangers tussen God en mens nie: alleen Jesus Christus is die Middelaar tussen God en mens. Dit is ook on-Bybels om te glo dat die voorvaders spesiale magte het, en pogings om met hulle in kontak te kom, word skerp veroordeel deur die Here in sy Woord.

- Die voortdurende soeke na lewenskrag in die tradisionele Afrikakultuur, moet eweneens afgewys word. God versorg sy kinders met alles wat nodig is – ook vir lewe, beskerming, voorspoed ensomeer. Geen toordokter of spesiale *moetie* kan dit vermag nie. Daarby moet die weersinwekkende gebruik om *moetie* te maak van menslike ledemate ten sterkste veroordeel word.
- Die kommunalisme van die tradisionele Afrikakultuur kan bydra tot onderlinge meelewing en eensgesindheid, mits dit volgens Bybelse norme toegepas word. Indien *ubuntu* lei tot groepsdruk, die onbehoorlike afdwing van spesifieke standpunte, miskenning van individuele regte, 'n skewe siening van sonde en persoonlike verantwoordelikheid voor God, die afspeel van verskillende groepe teenoor mekaar en diskriminasie teenoor sekere individue van 'n bepaalde geslag, moet dit afgewys word.
- Die beskouing van tyd in die tradisionele Afrikakultuur is ook 'n aspek wat waarde kan hê vanuit 'n Bybelse oogpunt. Wandel met God en leef in toewyding aan Hom, vereis 'n rustige lewenstempo en soepel gebruik van tyd soos in hierdie kultuur. 'n Fokus op die verlede ten koste van die hede en toekoms is egter teen die riglyne in die Woord van God, waar fokus op die toekoms en die eindtyd juis beklemtoon word.
- Om te praat is 'n belangrike deel van kommunikasie in die tradisionele Afrikakultuur, omdat dit primêr 'n orale kultuur is. Die klem op goeie menseverhoudings veroorsaak egter dikwels dat die waarheid verswyg of aangepas word. Dit is onaanvaarbaar en lynreg teen die negende gebod in die wet van die Here. Die orale aard van die kultuur bemoeilik ook vooruitgang op wetenskaplike en tegniese vlak.
- In 'n orale kultuur is die kunste en musiek belangrike kommunikasiemedia. Indien dit met die regte benadering gedoen word en beantwoord aan die Bybelse norme daarvoor, kan die sterk klem op musiek en dans in die Afrikakultuur 'n waardevolle bydrae lewer om die totaliteit van die waarheid van die evangelie oor menslike grense heen te verkondig.
- As gevolg van die bevoorregte en dominante posisie wat mense vanuit die Westerse kultuur vir jare in Suid-Afrika gehad het, het die meeste kulturele beïnvloeding vanaf die Westerse kultuur op die tradisionele Afrikakultuur uitgegaan.
- Hoewel daar nog gedeeltes van die tradisionele Afrikakultuur is wat grotendeels intakt gebly het, is daar 'n proses aan die gang waarin elemente wat hulle

funksionaliteit verloor het, vervang word met bruikbare elemente van die Westerse kultuur.

- Dit is nie alleen die Westerse kultuur wat 'n invloed het op die tradisionele Afrikakultuur nie. Die teendeel kom ook voor waar positiewe spirituele en morele elemente asook positiewe waardes van die Afrikakultuur geïdentifiseer en opgeneem word.
- Die leemtes in die Westerse kultuur sentreer hoofsaaklik rondom die oorbeklemtoning van die rede en die individualisering van die mens. Hierin kan die tradisionele Afrikakultuur aanvul met die klem op die geestelike (religieuse) asook die kommunalistiese.
- Die leemtes in die tradisionele Afrikakultuur is hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan die rasionele in die lewensbeskouing, wat op sy beurt lei tot 'n miskenning van die mens as individu. Hierin kan dit grootliks aangevul word deur die beskouings in die Westerse kultuur, wat hoofsaaklik gebou is op die rasionele en uitsondering van die individu.
- Indien die kernaspekte van elke kultuur getransformeer kan word om ooreen te kom met die beginsels in die Woord van God, kan 'n waardevolle onderlinge aanvulling van leemtes in elke kultuur bewerk word.

DEEL 2
METATEORIE



HOOFSTUK 7: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT VERSOENING EN EENHEID IN SUID-AFRIKA

1. Inleiding

In Hoofstuk 2 (by 3.2.2) is verwys na die verskynsel dat vreedsame naasbestaan binne 'n multikulturele konteks moeilik bereikbaar is. Misverstand as gevolg van kommunikasieprobleme lei dikwels tot konflik, wat aangehelp word deur onder meer wanpersepsies, vooroordele, dominering, verdrukking en verset. In Hoofstuk 6 is uitgewys dat Suid-Afrika 'n land is waarvan die bevolking bestaan uit mense vanuit verskillende kulturele agtergronde. Benewens die twee primêre kulturele groeperinge in die land (die Afrika- en Westerse kulture), word heelparty ander kulturele groeperinge van regoor die wêreld ook deur die bevolkingsamestelling weerspieël. Voorts is daar onderling in elke groepering 'n verskeidenheid kulture (en soms subkulture) teenwoordig. Op sigself is dit alreeds genoeg om 'n verskeidenheid van kommunikasieprobleme en konflik te veroorsaak.

Wat die konflik en verdeeldheid in Suid-Afrika nog meer aanhelp is die eiesoortige sosiopolitieke situasie in die land. In die kort oorsig wat hieronder gegee word, blyk dit dat die huidige gebrek aan versoening en eenheid in 'n groot mate toegeskryf kan word aan die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika. Om dit te kan regstel en ware versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing daar te kan stel, is dit nodig dat die huidige konteks verstaan sal word vanuit die historiese agtergrond waaruit dit ontstaan het.

Gevolglik word 'n perspektief gebied op versoening en eenheid (of die gebrek daaraan) in 'n multikulturele Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die sosiopolitieke geskiedenis van die land, asook die gevolge daarvan vir die huidige situasie.

Die werkplan wat in hierdie hoofstuk gevolg word, is die volgende: deur middel van 'n literatuurstudie word eerstens 'n oorsig gegee oor die sosiopolitieke agtergrond van Suid-Afrika. Die historiese verloop van gebeure word gevolg vanaf die koloniale besetting van Suid-Afrika tot en met die totstandkoming van 'n volwaardige demokratiese bestel in 1994 en verder. Spesifieke aandag word gegee aan die aanleiding en oorsake vir die ontstaan van die beleid van apartheid en hoe dit in die Suid-Afrikaanse konteks gemanifesteer het. Vervolgens word aandag gegee aan versoening (of die gebrek daaraan) in Suid-Afrika en word die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) uitgelig. Voordat tot 'n samevattende konklusie oor versoening in Suid-Afrika gekom word, word ook 'n ondersoek gedoen na die voortgaande proses van versoening in die land, na afloop van die werksaamhede van die WVK.

Vervolgens word eenheid in die Suid-Afrikaanse konteks (ook deur middel van 'n literatuurstudie) ondersoek. Besondere aandag word gegee aan faktore wat 'n bedreiging inhou vir eenheid, waarna sekere gevalle uitgewys word waar eenheid wel in die samelewing voorkom. Voordat tot 'n finale samevattende konklusie gekom word, word ook die konsep van die Afrika Renaissance ondersoek.

2. Versoening in Suid-Afrika

2.1. Sosiopolitieke agtergrond van Suid-Afrika

Menseregte vergrype is 'n tema wat gereeld voorkom wanneer die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika nagegaan word. Waar sommiges die oorsprong van hierdie vergrype toeskryf aan die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948, is Hay (1998:21) van mening dat die miskenning van menseregte reeds begin het in 1652 (en vroeër) met die koms van koloniale moondhede na Afrika. Hy word hierin ondersteun deur De Lange (2000:16) asook Magubane (1998:1-55) wat aantoon dat die meerderheid Suid-Afrikaners vir sowat 350 jaar lank uitgesluit was van deelname aan die politieke en ekonomiese lewe in Suid-Afrika, as gevolg van diskriminasie deur Europese oorheersers. Volgens Pityana (1999:137) het die koms van die Europese koloniale moondhede, en daarmee saam ook Europese evangeliste, nie alleen 'n era van menseregte vergrype en diskriminasie op grond van ras ingelui nie, maar op die lange duur ook die gevolg gehad dat die inheemse inwoners van Suid-Afrika stelselmatig beïnvloed is om negatief te dink oor hulle eie kultuur en gewoontes, en eerder die Westerse kultuur en waardes oor te neem.

Die onderlinge stryd onder die koloniale magte oor die beheer van strategiese handelsroetes en grondstowwe, het ook op die Suid-Afrikaanse samelewing van daardie

tyd 'n onuitwisbare invloed gehad. Konflik en oorlog het gereeld voorgekom en was 'n bepalende faktor vir die sosiopolitieke ontwikkelings van die 17de tot die 20ste eeue. Dit was egter nie alleen die inheemse (nie-Blanke) volke van daardie tyd wat diskriminasie en lyding beleef het nie. In die Anglo-Boereoorlog (ook genoem die *Boereoorlog* of die *Suid-Afrikaanse Oorlog*) wat van 1899 tot 1902 geduur het, het die Afrikanervolk geweldig gely onder ernstige menseregte vergrype deur die Britse koloniale magte (sien World Socialist Web Site, 1999).

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, is die Swart inwoners van die land deur middel van wetgewing uitgesluit van enige deelname aan die politiek. Politieke gelykheid vir Swartes is bestempel as "ongewens" en "'n absurditeit" (Gobodo-Madikizela, 2003:143-144). In 1936 is wel bepaal dat Swartes in die Kaap 'n mate van politieke seggenskap kon hê, maar hulle name is van die kieserslyste verwyder en hulle is verteenwoordiging in die parlement gegee deur middel van drie Blanke verteenwoordigers. Volgens Gobodo-Madikizela (2003:143-144) het hierdie benadering sy wortels gehad in die voorlegging van 'n kommissie, in opdrag van sir Alfred Milner (Britse Hoë Kommissariaat in Suid-Afrika) wat in 1905 aan die parlement aanbeveel het dat segregasie tussen Swart en Blank bevorder moes word en dat "lokasies" vir Swartes aan die buitegrense van dorpe en stede ontwikkel moes word.

Op 28 Mei 1948 het die Nasionale Party die (Blanke) verkiesing gewen en aan bewind gekom in Suid-Afrika (sien Rebirth, 2000). Hierdie bewindsoorname het 'n verskerping van die beleid van apartheid tot gevolg gehad wat daartoe gelei het dat Swartes nie alleen uit die konstitusionele politiek uitgesluit is nie, maar in wese ook burgerskap ontsê is (Harris, 2006). Stelselmatig is 'n komplekse, rigiede sosiopolitieke sisteem ontwikkel waarmee die Blanke minderheid van die land politieke beheer geneem en ekonomiese voordele vir hulleself bekom het, ten koste van die ander (nie-Blanke) bevolkingsgroepe in die land (Lemon, 1995:xi). Die besonderhede van hierdie beleid is in die wetgewing van die land vervat deur in opeenvolgende konstitusies (1910, 1961 asook 1983) voorsiening te maak vir die wettiging van alle vorms van diskriminasie teen Swartes. Só is die effektiewe uitsluiting van nie-Blankes uit die politieke en ekonomiese lewe in Suid-Afrika bewerk (De Lange, 2000:16). Hoewel die apartheidsbeleid nooit behels het dat enige vorm van etniese suiwering geïmplementeer is nie, was die beleid in geheel geskoei op die gedagte dat rasse-, kulturele- en politieke suiwerheid nagestreef moes word, tot voordeel van die Blanke oorheersers (Wolf, 2001). Gedwonge verskuiwings, vernietiging van huise, verbanning tot *lokasies* en sogenaamde *Bantoestans* (volgens die *Groepsgebiedewet van 1950*), ekonomiese uitsluiting weens werkreservering vir Blankes,

minderwaardige opvoeding (volgens die *Bantoe Onderwyswet van 1953*), pasboek wette (1952), rasseklassifikasie (volgens die *Bevolkings Registrasiewet van 1950*) en geforseerde apartheid in die openbaar en in privaatheid (volgens die *Verbod op Gemengde Huwelike Wet van 1949*) het die lewe in Suid-Afrika in daardie tyd gekenmerk (Gobodo-Madikizela, 2003:144).

Om hierdie beleid van gedwonge segregasie in plek te kon hou, is die volle mag van die wetgewende strukture ingespan (Hay, 1998:22). Daar is toenemend staatgemaak op die behoud van politieke mag vir die handhawing van Blanke en Afrikaner oorheersing. Christopher (1995:15) toon aan dat die Nasionale Party-regering nie geskroom het om met staatsgeweld te probeer verseker dat sy planne vir afsonderlike ontwikkeling deurgevoer word nie. Aparte fasiliteite is opgerig om informele kontak te verminder. Spesifieke toilette, rusbanke in parke, busse, strande, treinstasies ensomeer is vir Blankes gereserveer, terwyl aparte fasiliteite vir gebruik deur Swartes (nie-Blankes) daargestel is. Sogenaamde "tuislande" is op verskillende plekke in die land gevestig, waar Swartes 'n tuiste kon hê – apart van die Blanke bevolking van die land (Lemon, 1995:xi-xii). Selfs ook geloof het in diens van apartheid gekom (Hay, 1998:23), deurdat Blanke en Swart gelowiges deur die politieke stelsel geforseer is om elkeen in hulle eie, aparte kerkgebou eredienste te hou (sien ook Moreno, 1996).

De Lange (2000:16) asook Esterhuyse (2000:154) toon aan dat die stelsel van apartheid wat só ontstaan het, 'n sosiopolitieke toneel geskep het waar miljoene dade van menseregte vergrype daagliks gepleeg is (bewustelik, maar ook onbewustelik), as deel van 'n sisteem waarin die voordele vir 'n minderheidsgroep in die land bewerk is, terwyl die meerderheid inwoners uitgesluit en "lewenslank gekriminaliseer is." Die gevolg was 'n gemeenskap waarin groot getalle mense gely het weens armoede en 'n gebrek aan geleenthede (Mgxashe, 2000:211), en waarin onberekenbare skade gedoen is deur die samestelling van die gemeenskap op 'n bepaalde manier te forseer (Gordhan, 1999:200).

Volgens Biyela (2001) het die stelsel van apartheid daarop neergekom dat probeer is om Swartes te oortuig dat die Westerse kultuur meerderwaardig is bo die tradisionele Afrikakultuur. Blanke en Swart inwoners van die land het in twee totaal verskillende wêrelde begin leef. Ongelykheid, rassisme en vergryping aan die basiese menseregte van die Swart burgers van die land was aan die orde van die dag (Ngcokovane, 1989:195-203), terwyl die Blankes die regte, rykdom en voorregte van die land geniet het (De Lange, 2000:16).

Op 8 Januarie 1912 is die African National Congress (ANC) gestig. Die doel van hierdie organisasie was om hom te beywer vir die ideaal van 'n nierassige demokrasie en die herstel van menseregte in Suid-Afrika (ANC, 1999). In die 1940's het die beweging 'n herlewing beleef met die stigting van die ANC Youth League, onder voorsitterskap van mnr. Walter Sisulu (Gobodo-Madikizela, 2003:144). Vanaf 1949 tot 1960 het die ANC die sosiopolitieke situasie in die land probeer omkeer deur middel van vreedsame protes en pogings tot gesprekvoering. As deel hiervan is in 1949 'n program van aksie van stapel gestuur wat boikotte, stakings, burgerlike ongehoorsaamheid en nie-samewerking tot gevolg gehad het. Dit is in 1952 opgevolg met 'n veldtog waarin die onregverdige wette van die NP-regering uitgedaag is deur verdere boikotte en stakings (die sg. "Defiance Campaign") (sien Harris, 2006). In 1955 het die Freedom Charter die lig gesien waarin die ANC se visie vir 'n regverdige, nierassige en demokratiese Suid-Afrika uiteengesit is (Gordhan, 1999:201).

Die Sharpeville-opstande van 21 Maart 1960 was in meer as een opsig 'n keerpunt in die geskiedenis van die ANC en Suid-Afrika as geheel. Dit het onder meer daartoe gelei dat die benadering van vreedsame protes en gesprekvoering wat die ANC tot op daardie stadium gevolg het, omgekeer is in gewelddadige opstand. Die oorsaak hiervoor was die optrede van die polisiemag, wat in Sharpeville met lewendige ammunisie losgebrand het op 'n skare van etlike duisende Swartes wat in 'n optog geprotesteer het teen die pasboekwette van Suid-Afrika. 69 mense is op daardie dag dood en 186 is gewond (Kondlo, 2003). Landswye opstande het gevolg, waarop die Nasionale Party-regering geantwoord het deur 'n noodtoestand af te kondig, alle anti-apartheidsorganisasies te verban en sowat 18000 betogers en hulle leiers te arresteer (Harris, 2006). In antwoord op sekere aanklagte wat na aanleiding van die Sharpeville-opstande teen lede van die polisiemag gemaak is, is die betrokke lede van die polisiemag almal vrygespreek van enige aandadigheid aan lewensverlies tydens die opstande. Gobodo-Madikizela (2003:145) sien daarin die begin van 'n patroon waarvolgens sekere wette gebruik is om die anti-apartheidsorganisasies te muilband en terselfdertyd die polisie te bemagtig sodat met nog meer geweld teen die "vyand van die staat" opgetree kon word. In die lig van die nalatenskap van haat, vrees, skuldgevoel en wraak wat die stelsel van apartheid, asook die afdwing daarvan meegebring het (Villa-Vicencio, 2000a:69), is dit nie vreemd dat verdere gewelddadige opstand mettertyd voorgekom het nie. Op sy beurt het dit egter nog meer gewelddadige optrede van die staat ontlok en is die staatsmag toenemend gebruik in 'n poging om betogings teen apartheid te onderdruk.

Die stigting van die sogenaamde Buro of State Security (BOSS) in die 1960's het onder andere ten doel gehad om met die volle mag van die staat teen die "vyande van die staat" op te tree. In 1963 is generaal Hendrik van den Bergh aangestel as hoof van BOSS, waarna hierdie organisasie toenemend magte gekry het om "die land te beskerm" (Wikipedia, 2006k). Volgens sy eie erkenning het genl. Van den Bergh beskik oor 'n uitgebreide polisiemag wat gereed en bereid was om enige tyd, op sy bevel, maksimum geweld te gebruik in die uitvoering van hulle taak. Een van die strategieë wat effektief ingespan is, was om Swart sowel as Blanke meelopers te werf, wat die bevrydingsbewegings geïnfiltreer het. Dit het dikwels gelei tot die identifisering, arrestasie van en somtyds sluipmoord op lede van die bevrydingsbewegings. Op hierdie manier is vrees, agterdog en verdeeldheid gesaai en het lede van die bevrydingsbewegings soms teen mekaar gedraai (Gobodo-Madikizela, 2003:145). Dit val dus nie vreemd op nie, dat al hoe meer menseregte vergrype in hierdie tyd, na verskillende kante toe, in Suid-Afrika voorgekom het (Hay, 1998:23).

As direkte uitvloeisel van die Sharpeville-slagting van 1960, is Umkonto we Sizwe (MK) (*Spies van die Nasie*) op 16 Desember 1961 gestig met mnr. Nelson Mandela as leier. MK sou voortaan dien as die gewapende vleuel van die ANC en het ten doel gehad om georganiseerde dade van sabotasie te pleeg in antwoord op die gewapende geweld van die regering (SA history, 2006). 'n Polisieklopjag op 11 Julie 1963 op 'n plaas naby Rivonia, het gelei tot die arrestasie van mnr. Mandela as bevelvoerder van MK, sowel as mnre. Walter Sisulu, Ahmed Kathrada en vyf ander leiers van MK. Op 12 Junie 1964 is al die aangeklaagdes gevonnis tot lewenslange tronkstraf, terwyl die staat sy vermoëns verder versterk het met die goedkeuring van 'n wet wat dit vir die polisie moontlik gemaak het om enige iemand wat daarvan verdink word dat hy 'n vyand van die staat is, vir 'n tydperk van 90 dae aan te hou sonder enige verhoor (Harris, 2006). Mettertyd is duisende opponente van die apartheidsregering aangehou en gemartel. Talle het in aanhouding gesterf, terwyl ander uitgewis is onder die voorwendsel dat "ANC-terroriste geëlimineer moet word" (Gobodo-Madikizela, 2003:146).

Op 16 Junie 1976 het studente-opstande in Soweto opgevlam, in reaksie op verdere diskriminerende wette wat onder meer die *Bantu Education Act* van 1953 as basis gehad het (sien Bean, 2003) en die afdwing van Afrikaans as onderrigtaal in Swart skole ingesluit het. Die dood van mnr. Steve Biko in polisie-aanhouding gedurende 1977 het verder bygedra tot verset teen die regering en talle jong Swartes het aangesluit by die ANC of die PAC (Pan Africanist Congress) wat intussen basisse in die buiteland begin vestig het. Sedert 1977, met mnr. P.W. Botha as Eerste Minister van Suid-Afrika, is die

gedagte van die sogenaamde "Totale Strategie" geformuleer in 'n poging om die aanslag van die bevrydingsbewegings op die staat die hoof te bied (sien Hay, 1998:24; Independent Online, 2007). 'n Nuwe tipe parlement is daargestel, wat deelname vir Kleurlinge en Indiërs moontlik gemaak het (die sogenaamde "Drie-kamer Parlement"), maar Swartes steeds uitgesluit het van politieke deelname in die land (Hengeveld, 2004). 'n Aparte stelsel waarvolgens Swart raadslede aangestel is, sonder enige mag of 'n ondersteuningsbasis, om hulle eie sake in stedelike gebiede te hanteer (Gobodo-Madikizela, 2003:146-147) is ook ingestel, maar dit kon uiteraard nie die teenstanders van apartheid tevrede stel nie.

In die begin van die 1980's het die spiraal van geweld in die land merkbaar begin styg. Na die stigting van die United Democratic Front (UDF), is begin om verbruikersboikotte teen Blanke besighede te loods. Teen diegene wat die boikotte verontagsaam het, is met mening opgetree. Een van die metodes wat in hierdie tyd na vore gekom het, was die gebruik om 'n ou motorband om so 'n iemand se nek te plaas en die persoon dan aan die brand te steek (die sogenaamde *necklace killings*) (Allie, 2002).

Intussen het die Verenigde Nasies in 1970 die beleid van apartheid met Resolusie 2671 verklaar as 'n misdaad teen die mensdom. In 1984 het die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad met Resolusie 556 die apartheidsregering van Suid-Afrika as 'n onwettige regering verklaar (Hay, 1998:24). Dit het die NP-regering egter nie gestuit nie. Kort na die stigting van die United Democratic Front (UDF) in 1983, as sambreelorganisasie vir nagenoeg 600 verskillende anti-apartheidsgroeperinge en met biskop Desmond Tutu as leier, is begin met 'n grootskaalse operasie waarin die leiers van die United Democratic Front (UDF) en die Mass Democratic Movement (MDM) vervolg, ingeperk en gearresteer is. Sommiges beweer dat die apartheidsregering in hierdie tyd ook begin het om Swart-op-Swart geweld te orkestreer (die sg. "derdemag-teorie"), en veral die bloedige stryd tussen die Inkhata Vryheidsparty en die ANC in KwaZulu-Natal word hieraan toegeskryf (Hay, 1998:25; sien ook TRC, 1996). Onverdraagsaamheid, destabilisering (veral onder Swart gemeenskappe het) en verdere menseregte vergrype het in hierdie tyd skerp toegeneem (Hay, 1998:26).

In die lig van hierdie gebeure is in 1983 besluit om die gewapende stryd teen die apartheidsregering te intensiveer. Groot getalle sogenaamde "vryheidsvegters" van die ANC en MK het die land geïnfiltreer vanuit opleidingsbasisse in die buiteland en daar is begin met 'n bomplantingsveldtog in Suid-Afrika (SAPA, 1998). Op sy beurt het dit 'n verdere intensivering van koverte operasies deur die veiligheidsmagte van die Suid-

Afrikaanse regering ontlok, met die gevolg dat martelings, verdwynings en dood van aangehoudenes toenemend voorgekom het. In hierdie tyd is ook 'n vermoë tot biologiese oorlogvoering ontwikkel, waarmee die apartheidsregering hulle opponente na bewering wou beveg (Gobodo-Madikizela, 2003:148). Op 20 Julie 1985 is 'n noodtoestand in Suid-Afrika afgekondig en is die African National Congress (ANC) sowel as die Pan Africanist Congress (PAC) verban (Ngcokovane, 1989:132-134).

Teen die einde van die 1980's het die NP, onder aanvoering van president F.W. de Klerk, begin met daadwerklike stappe om die beleid van apartheid te hervorm. 'n Meer inklusiewe vorm van burgerskap is in die wetboeke ingeskryf, die ANC is ontban en op 11 Februarie 1990 is mnr. Nelson Mandela vrygelaat, na 27 jaar van gevangenskap. In November 1991 is begin met die veelparty-onderhandelings oor 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika, waarin 'n vergadering genaamd die Congress for a Democratic South Africa (CODESA) die leiding geneem het (Gordhan, 1999:201). As uitvloeisel hiervan is 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika opgestel, waarin totale nuwe waardes as dié van die apartheidstyd ingeskryf is. Onder hierdie nuwe waardes tel die beginsels van die internasionale Handves van Menseregte, waarin talle van die uitgangspunte van die Freedom Charter van 1955 vervat is (sien Rebirth, 2000). As uitvloeisel van die CODESA-onderhandelings het die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind in April 1994 en is president Nelson Mandela, leier van die ANC, op 10 Mei 1994 ingehuldig (Hay, 1998:27) as president van die Regering van Nasionale Eenheid van Suid-Afrika (Mandela, 1996). Deur hierdie proses van onderhandeling en verbintenis tot 'n politieke skikking, is 'n dreigende burgeroorlog in die land afgeweer (Mbeki, 2004a) en het 'n nuwe politieke bedeling tot stand gekom, wat allerweë beskou word as 'n unieke gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis.

2.1.1. Konklusie oor die sosiopolitieke agtergrond van Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die sosiopolitieke agtergrond van Suid-Afrika:

- Die miskenning van menseregte in Suid-Afrika het reeds begin met die koms van die koloniale magte na Afrika.
- Die segregasie wat in 1910 met die Unie van Suid-Afrika beslag gekry het onder Britse bewind is in 1948 verder uitgebou met die bewindsoorname van die Nasionale Party (NP).
- Onder die NP is apartheid nie alleen in die wetgewing van die land vervat nie, maar is dit ook deur middel van die staatsmag afgedwing.

- Die African National Congress (ANC) wat in 1912 gestig is, het ten doel gehad om hom te beywer vir die ideaal van 'n nierassige demokrasie en die herstel van menseregte in Suid-Afrika.
- Aanvanklik het die ANC se optrede bestaan uit vreedsame protes en pogings tot gesprekvoering met die regering. Sedert 1952 is dit opgevolg met boikotte en stakings, in 'n poging om die regering sover te kry om die beleid van apartheid te hersien.
- Met die Sharpeville-opstande van 1960 is die strategie van die ANC verander na gewelddadige opstand onder leiding van Umkonto we Sizwe (MK), die gewapende vleuel van die ANC.
- In 1964 is mnr. Nelson Mandela en ander leiers van die ANC tot lewenslange tronkstraf gevonnis vir hulle aandeel in die gewapende opstand teen die regering.
- Verset onder Swart Suid-Afrikaners het toenemend opgelaai, met dienooreenkomstige teenreaksie van die apartheidsregering. Ook het internasionale druk teen die regering toegeneem.
- In 1985 is 'n noodtoestand in Suid-Afrika afgekondig en is die ANC en PAC verban.
- Teen die einde van die 1980's is die beleid van apartheid stelselmatig hervorm. Uiteindelik is die ANC en PAC ontban en is mnr. Nelson Mandela vrygelaat in 1990.
- Kort daarna het onderhandelings plaasgevind, wat uitgeloop het op die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika op 27 April 1994. Op 10 Mei 1994 is mnr. Nelson Mandela ingehuldig as eerste demokraties verkose president van Suid-Afrika.

2.2. Moontlike aanleiding en oorsake vir die beleid van apartheid

Selfs net 'n kursoriese oorsig (soos hierbo) oor die ontwikkeling van die sosiopolitieke omstandighede van Suid-Afrika onder die NP-regering met sy apartheidsbeleid, laat alreeds duidelik blyk dat die beleid van apartheid nie uit die Bybel verantwoordbaar is nie. In 1982 het die World Alliance of Reformed Churches (WARC) in 'n resolusie tot dieselfde slotsom gekom en amptelik verklaar dat die beleid van apartheid in Suid-Afrika nie met die evangelie van Jesus Christus versoen kan word nie (sien WARC, 1982). Vanweë die teologiese en morele regverdiging van die beleid is dit deur die WARC bestempel as 'n politieke- sowel as 'n pseudo-religieuse ideologie, waarvoor geen substansie in die Woord van God gevind kan word nie en wat teenstrydig is met die gereformeerde belydenis. Gevolglik is dit as 'n sonde verklaar en bestempel as 'n toonbeeld van ongehoorsaamheid

aan God, wat afstam uit 'n teologiese dwaalleer. Op grond van hierdie evaluering is die Nederduitse Gereformeerde Kerk (in Suid-Afrika) sowel as die Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika in dieselfde jaar uit die WARC geskors.

Volgens Ngcokovane (1989:viii) is dit moeilik verstaanbaar dat 'n relatief goed opgevoede, Blanke minderheid in Suid-Afrika die beleid van apartheid kon regverdig. Hy soek die antwoord daarvoor in die ideologie onder Afrikaners wat beïnvloed sou wees deur Hollands-Calvinistiese en Duitse idees oor volk en staat. Cassidy (1989:106) toon tereg aan dat die lyding wat die Afrikaners onder die Britse magte in die Anglo-Boereoorlog deurgegaan het, tesame met die beleid van verengelsing wat daarna gevolg het, 'n diep indruk op die psige van die betrokke volk gemaak het. In die daaropvolgende tyd is alles in die stryd gewerp om selfbeskikking terug te wen en die Afrikanervolk as kulturele- en etniese eenheid tot sy reg te laat kom. Met die stigting van die Afrikaner Broederbond (AB) in 1918, wat mettertyd veral in die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en die Nasionale Party (NP) van daardie tyd groot invloed uitgeoefen het, is hierdie strewe na selfbeskikking versterk, en het 'n nasionalisme van ongekende aard onder Afrikaners tot stand gekom (Cassidy, 1989:114-115; Ngcokovane, 1989:ix). Die simboliese Ossewatrek wat 1938 gevier is om die Groot Trek in 1838 in herinnering te roep, is wyd en entoesiasties ontvang. Dit het nasionalisme onder die Afrikanervolk verder laat opvlam en het die pad oopgemaak vir die oorwinning van die Nasionale Party (NP) in die verkiesing van 1948. Die gevolg was dat 'n ideologie van Christelike Nasionalisme beheer gekry oor die Afrikaner gemeenskappe van daardie tyd (Ngcokovane, 1989:ix).

Teen die agtergrond hiervan is die beleid van apartheid op verskillende maniere deur die Afrikaanse susterskerke uit die Bybel geregverdig. Veral die gedagte dat die Afrikanervolk deur God bo ander volke uitverkies en bevoorreg is, spesifiek om sy raadsplan aan die suidpunt van Afrika uit te voer, het in sekere kringe sterk geleef (Ngcokovane, 1989:39-52, 86, 164-165). Vir Cassidy (1989:143) is dit duidelik dat daar deurentyd 'n sterk teologiese karakter in die politieke sienings en nasionalisme van die Afrikaners waarneembaar is. As gevolg van die noue kontak tussen Afrikaner- en Nederlandse teoloë van daardie tyd, het onder meer die filosofie van *soewereiniteit in eie kring,* wat integraal deel gevorm het van Kuyper se Neo-Calvinisme, 'n handige raamwerk gebied vir die artikulering van die politieke aspirasies van die Afrikaners (Schmidt, 1996:347). Die herwinning van politieke selfbeskikking is beskou as deel van God se genade, wat gewys het dat God die volk nie verlaat het nie en geantwoord het op hulle gebede van baie jare (sien Klopper, aangehaal in Cassidy, 1989:142-143).

Ngcokovane (1989:ix) stem saam met Cassidy dat die beleid van apartheid, nie alleen sterk ideologiese wortels gehad het nie, maar ook ontwikkel het vanuit 'n bepaalde sosiohistoriese agtergrond. In hierdie verband verwys hy spesifiek na die sogenaamde "arm-Blanke vraagstuk" van daardie tyd. Die vrees het toegeneem dat ongeskoolde Blankes al meer kompetisie van swart stedelinge sou hê om werkgeleenthede te probeer bekom (Schmidt, 1996:348) en daarom het dit uit 'n sekere oogpunt sin gemaak om Swartes met 'n tuislandbeleid en beleid van afsonderlike ontwikkeling in toom te probeer hou (Ngcokovane, 1989:103-105, 106-110).

2.2.1. Konklusie oor die moontlike aanleiding en oorsake vir die beleid van apartheid

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die moontlike aanleiding en oorsake vir die beleid van apartheid:

- Die Hollands-Calvinistiese idees oor volk en staat het moontlik 'n sterk invloed op die Afrikaner gehad in die begin van die 20ste eeu, tesame met die lyding wat die Afrikaners deurgemaak het onder die Britse magte tydens die Anglo-Boereoorlog.
- Die stigting van die Afrikaner Broederbond (AB), wat ten doel gehad het om die Afrikaner op te hef uit sy sosioekonomiese krisis, het 'n ongekende nasionalisme onder die Afrikaners laat posvat.
- Die Afrikaanse susterskerke het die beleid van apartheid op verskillende maniere vanuit die Woord van God geregverdig, versterk deur die uitgangspunte van Kuyper met sy idee van "soewereiniteit in eie kring."
- Sterk ideologiese wortels tesame met die arm-Blanke vraagstuk van daardie tyd, kan genoem word as moontlike aanleidende oorsake vir die ontstaan van die beleid van apartheid.

2.3. Die proses van versoening in Suid-Afrika

Na jare van rassekonfrontasie, het Suid-Afrika in die vroeë negentigerjare op die rand van 'n rasseoorlog te staan gekom. In wat vandag steeds beskou word as "die Suid-Afrikaanse wonderwerk" is daar egter nie gesoek na vergelding en weerwraak toe mnr. Mandela en die ANC met die NP onderhandel het oor die daarstel van 'n interim konstitusie en voorwaardes vir die oorgang na 'n volwaardige demokratiese politieke bestel in die land nie. Daar is eerder gesoek na versoening vir die totale samelewing van Suid-Afrika (Bell, 2002:87).

Versoening het daarmee te doen dat die gebroke verhouding tussen partye herstel word sodat dit weer kan wees soos wat dit voor die konflik was (sien 2.1.1.4 by Hoofstuk 3 hierbo). Dat daar in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing 'n ernstige behoefte is aan versoening, blyk duidelik uit die geskiedenis van die ontwikkeling van die sosiopolitieke situasie in die land (Hay, 1998:27). Eriksson (2000) meen egter tereg dat die Suid-Afrikaanse situasie eiesoortige eise aan die proses van versoening stel, omdat daar nie vantevore 'n goeie verhouding tussen Blank en Swart was waarna teruggekeer kan word in die herstelproses nie. Daar moet dus van vooraf gesoek word na 'n nuwe onderlinge verhouding wat gebou is op die regte waardes.

Die versoeningsproses hou volgens Hay (1998:129-135) die volgende in:

- onthou en vertel die waarheid;
- hanteer die gevolge daarvan in die hede (ten opsigte van beide oortreder en slagoffer);
- vind 'n manier om die verkeerde reg te maak (verander strukture en verseker dat vergrype nie weer kan plaasvind nie; doen reparasie; bewerk ekonomiese regverdigheid; vestig 'n kultuur van menseregte; doen kulturele bemagtiging; leer strategieë aan vir die oplossing van konflik; voed deelnemers op oor elkeen se rol in die versoeningsproses).

Villa-Vicencio (2000b:208) wys daarop dat versoening vereis dat die verhouding tussen mense herstel word. Om dit te kan bereik is dit merendeels nodig om eers 'n vertrouensverhouding tussen partye te vestig. Dit kan gedoen word deur die partye te lei om mekaar se vrese en aspirasies te verstaan, en mekaar se regte en legitimiteit te respekteer. Mandela (aangehaal in Bell, 2002:86) beklemtoon tereg dat nie alleen die onderdrukte nie, maar ook die onderdrukker bevry moet word van dit wat sy menswaardigheid wegneem. In die proses van versoening moet die fokus dus na beide kante toe wees. Hiervoor is leierskap, dialoog, aksie en refleksie onmisbaar (Du Toit, 2003). Van der Walt (aangehaal in Jackson, 2003e:11) meen tereg dat versoening eers plaasvind wanneer uitgereik word na mekaar. Hierin is dit volgens hom belangrik dat skuld nie die motief vir die uitreik moet wees nie. Elkeen moet eers vergifnis van God kry, sodat van die skuldgevoel ontslae geraak kan word en met 'n liefdesmotief gedien kan word. Dan is daar ware vryheid omdat mense deur dade van versoening gehelp word om te vergewe. Vir Orr (2000b:239-249) is die uiteindelike betaal van geldelike vergoeding 'n verdere onmisbare element van genesing en versoening.

Die manier waarop president Mandela ná sy vrylating en as president van Suid-Afrika van 1994 tot 1999 daarin geslaag het om versoening in Suid-Afrika te bevorder, het die gesonde grondslag gelê waarop latere geslagte kan voortbou. Veral sy gebrek aan bitterheid, erkenning van Afrikaanse kultuurwaardes en die Afrikaanse taal, tesame met sy beginselvaste leierskap, nederigheid, respek vir gewone mense en eerlike menslikheid is prysenswaardig en navolgenswaardig (Beeld, 2003:12).

2.4. Nasionale en persoonlike versoening

Daar is 'n verskil tussen nasionale en persoonlike versoening. Nasionale versoening het te doen met die herstel van sosiale verhoudings in 'n gemeenskap. Dit gaan oor die hantering van sonde in sosiale prosesse, verandering van strukture en transformasie van verhoudings in die samelewing (Hay, 1998:15-16). Die meerderheid mense in Suid-Afrika het die onreg van apartheid daagliks beleef. Die vernedering van statutêre minderwaardigheid is op hulle afgedwing. Groot getalle Swartes is blootgestel aan gedwonge verskuiwings en duisende is gearresteer en aangehou. Vir versoening in Suid-Afrika is die land dit as geheel volgens Amal *et al.* (1997:9) aan die slagoffers van apartheid verskuldig dat al die apartheidswette, -optrede en –ideologieë kollektief afgewys word. Volgens hulle sal dit moeilik wees om 'n nuwe kultuur in Suid-Afrika te vestig sonder volgehoue herinnering en debat oor wat in die verlede gebeur het. Hoewel politieke strukture relatief maklik verander kan word, kan die hartsgesindheid van mense nie so maklik verander word nie (Hay, 1998:13). Waar nasionale versoening te doen het met die verwydering van strukturele ongeregtigheid asook tasbare transformasie en verbetering op sosiale vlak in gemeenskappe, het persoonlike versoening te doen met die herstel van die menslikheid van die individu. So 'n proses is privaat en persoonlik en neem heelwat tyd in beslag.

Mgxashe (2000:215) meen tereg dat veral ekonomiese ongelykheid 'n groot struikelblok is op pad na versoening in Suid-Afrika (sien ook Eriksson, 2000). Hoewel die leierskap van Suid-Afrika in die apartheidstyd nie 'n etniese suiwering ten doel gehad het, soos in die meeste gevalle van staatsgeorkestreerde geweld wel na vore gekom nie (Gobodo-Madikizela, 2003:69), het die beleid van apartheid onteenseglik veroorsaak dat Blankes en Swartes breedweg gesien, nie as gelykes gereken kan word op ekonomiese vlak nie. In hierdie verband verwys Smith (1995:45, 49) na statistiek uit die apartheidstyd wat duidelik toon hoedat daar vir dekades 'n duidelike ongelykheid was tussen Blank en Swart in terme van inkomste, werkgeleenthede ensomeer. Op ekonomiese vlak het apartheid dus groot voordele vir Blankes ingehou, ten koste van Swartes. Die voordeel hiervan word steeds aangegee van geslag tot geslag en die effek daarvan gaan moontlik

nog lank sigbaar wees. Volgens Esterhuyse (2000:144-145) vereis versoening dringende en verreikende optrede, omdat die ekonomiese ongelykheid in die samelewing nog nie opgehef is nie. Volgens hom moet gesprekke waarin die waarheid van die verlede duidelik gestel word dien as sneller vir diepgaande transformasie, sodat versoening deel kan word van 'n proses waarin die totale samelewing van Suid-Afrika getransformeer word.

Villa-Vicencio & Verwoerd (2000:xv) beklemtoon dat versoening en eenheid net kan plaasvind indien die verskillende groeperinge in Suid-Afrika mekaar leer ken deur met mekaar in gesprek te tree. As uiteindelike fokus van hierdie gesprekke moet die situasie in die land deur middel van dialoog ondersoek en geëvalueer word. Op 'n makrovlak het die openbaarmaking van die waarheid in talle gevalle alreeds gelei tot die verstaan van die verlede. Dit is hierdie verstaan van die verlede wat uiteindelik kan lei tot volledige aanvaarding en versoening (Orr, 2000a:125). Hoewel Gobodo-Madikizela (2003:103) tereg waarsku dat die onthou van die waarheid, indien dit verkeerd hanteer word, 'n negatiewe invloed kan hê op versoening, moet dit nie dien as afskrikking vir die najaag van versoening nie. Indien die waarheid van die verlede in herinnering geroep word met die doel om weer haat op te werk en wraakgedagtes te troetel, kan dit inderdaad lei dit tot meer konflik en spanning. Indien dit egter gedoen word met die doel om as terapie te dien en juis diepgewortelde emosies van haat en bitterheid op te los, kan herinnering beslis lei tot genesing en moet dit ten alle koste ingespan word om versoening 'n werklikheid te maak op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Om te vergewe is 'n onmisbare element van versoening. In die Suid-Afrikaanse konteks speel vergifnis derhalwe 'n kardinale rol. Soms is mense skugter om te vergewe, omdat die persepsie bestaan dat hulle met hulle vergifnis toelating en aanvaarding van die oortreding uitdruk. Hierdie persepsie moet uit die weg geruim word, omdat 'n weiering om te vergewe transformasie onmoontlik maak. Volgens Hay (1998:35) lê die problematiek van versoening in die Suid-Afrikaanse konteks daarin dat daar onder talle Blanke Suid-Afrikaners geen werklike berou oor die apartheidsverlede is nie. Sonder berou bly versoening 'n uiters moeilik bereikbare ideaal, omdat berou 'n integrale deel van die versoeningsproses uitmaak (sien Eriksson, 2000). Steyn (aangehaal in Van Zyl, 2002:11), asook Jolly (1999), stem met Hay saam en reken dat Blankes wat beweer dat hulle nooit diskriminerende wetgewing ondersteun het, of nie van die regering se gruweldade geweet het nie en weier om skuld te aanvaar vir die verlede, hulleself 'n rat voor die oë draai. Volgens Steyn (aangehaal in Van Zyl, 2002:11) het elke Blanke inwoner van Suid-Afrika skuld aan die huidige historiese oomblik. Die langtermyngevolge

van Blankes se bevoorregting bo hulle landsgenote duur volgens haar steeds voort. As gevolg van die onregmatige inpalming van grond, onderdrukking van medelandsburgers op alle vlakke, "uitvee en herskryf van ander kulture se geheue", insameling van welvaart ten koste van lede van ander kulture en die gepaardgaande verwoesting van maatskaplike strukture sal Blankes volgens haar nog vir lank 'n voordeel bo hulle Swart medelandsburgers geniet.

Titus (2006:14), aan die ander kant, wys daarop dat diegene wat die Blankes verkwalik omdat hulle beweer dat hulle nie van vergrype tydens die apartheidstyd geweet het nie, gerieflikheidshalwe vergeet dat daar ook groot getalle Swartes was, wat bevoordeel is onder die beleid van apartheid. Daarmee saam was daar ook groot getalle Blankes, wat saam met bruin mense, Indiërs en Swartes gely het onder die magsvergrype van die destydse regering. Volgens hom is dit dus nie so 'n eenduidige saak waarin almal oor dieselfde kam geskeer kan word nie. Ook Vorster (2006) asook Streuderst (2006) beklemtoon die feit dat talle Blankes in armoede grootgeword het en as sodanig weinig voordeel getrek het uit die beleid van apartheid. Dit is alleen deur harde werk en met groot deursettingsvermoë wat hulle iets in die lewe kon bereik, en nie as gevolg van bevoordeling deur die politieke stelsel van daardie tyd nie. Voorts is dit ook 'n werklikheid dat spesifiek Blanke mans tot 'n groot mate getraumatiseer en psigies beskadig is deur Nasionale Diensplig wat streng militêre opleiding en deelname aan oorlog ingehou het, sonder keuse (sien Thompson, 2006:198-207). 'n Totale geslag jong Blanke mans is in hierdie tyd geleer om verhoudinge met 'n konfrontasiestyl te hanteer. Aanvanklik (op skool en later tydens militêre opleiding) is hulle geleer om gesag te aanvaar sonder om vrae te vra. Namate die besef posgevat het dat die gesagsfigure bokant hulle hulle gedwing het om op te offer, en toe in die steek gelaat het toe die politieke situasie verander, het woede en vergelding egter opgevlam. Die gevolg is dat daar 'n geslag jong en middeljarige Blanke mans is wat dit moeilik vind om 'n balans te vind tussen slaafse gehoorsaamheid en totale rebelsheid.

Becker (1999), asook Eriksson (2000) beaam Titus se standpunt en wys daarop dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat die meeste van die vergrype onder die apartheidsregering onder streng geheimhouding plaasgevind het en dat die algemene publiek nie daarvan kon geweet het nie. Daar was nie volle deursigtigheid nie en propaganda van staatsweë het ook 'n belangrike rol gespeel. Bean (2003) is van mening dat die breë kieserspubliek nie die ideologie van apartheid so maklik sou ondersteun het as hulle ingelig was oor die brutale metodes wat gebruik is om die beleid af te dwing nie. Meyer (aangehaal in TRC, 1997) is eweneens van mening dat die breë Blanke publiek

nie bewus was van die vergrype wat onder die apartheidsregering gepleeg is (en in die WVK-sittings onthul is) nie, en dat dit by elke opregte gelowige skaamte bring voor die Here, wanneer hulle daarvan bewus word.

Jackson (2003b:10) meen op sy beurt dat daar sekere historiese aspekte misgekyk word in die debat rondom ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika. Volgens hom is daar sekere ontwikkelings wat deur die loop van die geskiedenis in die Westerse kultuur plaasgevind het, wat Blankes (Westerlinge) oor die algemeen 'n voorsprong bo Swartes gee, en wat niks met apartheid te make het nie. Die Europese (Westerse) kultuur het skryf- en 'n leeskultuur ontwikkel, wat nie in Afrika gebeur het nie. Om te kan lees en skryf is onontbeerlik binne die globale wêreldkultuur van vandag. Hierin het die Blankes uit hoofde van 'n eeue-oue lees- en skryfkultuur 'n bepaalde voorsprong en wend hulle dit aan tot hulle eie voordeel.

Uiteindelik is die vraag volgens Jackson (2003b:10) nie soseer wat gedoen moet word omdat iemand in die verlede bevoordeel of benadeel is nie. Die vraag is eerder wat gedoen moet word om die toekoms beter te maak. In godsdienstige taal moet mense gemotiveer word om God se genesing vir mekaar en die samelewing te bring. Dit gebeur wanneer Blankes uit oortuiging betrokke raak by reparasie van die samelewing en agterkom dat daar by hulleself ook 'n gevoel van genesing posvat.

2.4.1. Konklusie oor nasionale en persoonlike versoening

Die volgende konklusie kan gemaak word oor nasionale en persoonlike versoening:

- Persoonlike versoening het te doen met die herstel van die menslikheid van die individu. Dit is privaat, persoonlik en neem heelwat tyd in beslag.
- Nasionale versoening het te doen met die verwydering van strukturele ongeregtigheid, tasbare transformasie en 'n verbetering op sosiale vlak in die gemeenskappe.
- Veral ekonomiese ongelykheid is 'n nalatenskap van apartheid wat hier in die spel kom.
- Nasionale versoening begin by gesprekvoering waarin skuldbelydenis gedoen word en vergifnis gegee word, waarna daadwerklike verandering aan strukture van ongeregtigheid aangebring word.

2.5. Die rol van die kerk

Soos reeds daarna verwys in Hoofstuk 3 (par. 2.2.1) het die kerk die verantwoordelikheid om versoening en eenheid in die samelewing te bewerk. Die rol van die kerk is dus 'n belangrike faktor in hierdie verband en moet nie buite rekening gelaat word nie. Die kerk het 'n breër rol in die samelewing as om hom met blote moralisme of onderlinge opbouwerk besig te hou. Daadwerklike, praktiese hulp aan armes, vigsslagoffers, afgedanktes en eensames moet 'n integrale deel uitmaak van dit waarmee die kerk hom besig hou in die samelewing. So moet die sigbare uitleef van geloof gestalte kry in die bediening van die kerk (Joubert, S., 2006:10). Dit het lank geneem, veral wat die Afrikaanse susterskerke betref, voordat iets hiervan werklikheid geword het. In die beginjare van die apartheidsbeleid het veral die Blanke Protestantse kerke, maar ook sekere van die Engelse kerke (waaronder die Roomse Kerk), die beleid van apartheid goedgekeur en uit die Woord van God probeer regverdig. Met die Cottesloe Beraad van 1960, die Rustenburgse Konferensie van Kerke (1989) sowel as die Kaapstadse Konferensie van Kerke (1991), was daar egter telkens aanduidings dat daar in kerklike kringe 'n besef gekom het dat die beleid van apartheid nie uit die Woord van God geregverdig kan word indien daar 'n opregte soeke is na die waarheid nie (Hay, 1998:41-48). In 1997 het die NG Kerk (in die persoon van ds. Freek Swanepoel) in 1997, in 'n voorlegging aan die WVK erken dat die kerk 'n verkeerde siening oor apartheid gehad het, maar die waarheid intussen raakgesien het en besluit het om dit nie langer meer te steun nie (sien Meiring, 2006:10). Dit is 'n duidelike aanduiding van die tyd wat verloop het voordat die grootste Blanke denominasie in Suid-Afrika uiteindelik tot 'n besef gekom het dat hy in werklikheid sy Godgegewe roeping in Suid-Afrika versaak deur die ondersteuning van die beleid van apartheid.

Om menseregte vergrype aan te spreek, is 'n onmisbare deel van die proses waarin die kerk die problematiek van versoening en nasiebou in Suid-Afrika behoort aan te spreek (Hay, 1998:51). Volgens Villa- Vicencio (2000b:201) is dit nie elke slagoffer wat wil of kan vergewe nie. Slagoffers kan ook nie gedwing word om te vergewe nie. Daarom moet elkeen gelei word om te kan uitstyg bó hulle omstandighede en voort te gaan met hulle lewens. In hierdie proses is berading 'n onmisbare element (Fourie, 2000:238) en moet die kerk bereid en gereed wees om as fasiliteerder op te tree.

2.5.1. Konklusie oor die rol van die kerk

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die rol van die kerk in versoening:

- Die kerk het die taak om in sy bediening sigbare gestalte te gee aan die uitleef van geloof.

- Die Blanke susterskerke in Suid-Afrika het aanvanklik op allerlei maniere gepoog om apartheid vanuit die Woord van God te regverdig. Gaandeweg het die besef egter tuisgekom dat die verkeerd is. Die werksaamhede van die WVK het 'n finale ommekeer in hierdie standpunt gebring.
- Die kerk se rol is om mensregtevergrype aan te spreek, as fasiliteerder in die proses van versoening en eenheid op te tree en slagoffers en oortreders by te staan deur middel van berading.

2.6. Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) van Suid-Afrika

2.6.1. Ontstaan en doel van die WVK

In die Suid-Afrikaanse konteks was die proses waarin daadwerklik gepoog is om versoening te bewerk deur die onthulling van die waarheid van die verlede, nie 'n proses wat primêr deur die kerk aangevoor is nie. Die aanhef van die Interim Konstitusie (nr. 200 van 1993) stel dit duidelik dat nasionale eenheid en versoening een van die hoofdoelwitte in die regering van 'n post-apartheid Suid-Afrika is. Hierin word dit beklemtoon dat daar 'n nodigheid is vir verstaan van die verlede, maar nie vir vergelding weens die verlede nie. Ook die nodigheid van restitusie en *ubuntu*, in plaas van weerwraak en viktimisering word uitgelig. Om hierdie doelwitte te kon bereik, het die *Promotion of National Unity and Reconciliation Act*, wat deel uitmaak het van die Interim Konstitusie, voorsiening gemaak vir die vestiging van 'n Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) (Biko, 2000:193; Orr, 2000:17). Die doel van die WVK was primêr om versoening en eenheid op nasionale vlak in Suid-Afrika te bewerk (en nie noodwendig op persoonlike vlak nie) (Hayner, 2000:39-40), deurdat die konflik en verdeeldheid van die verlede op 'n bepaalde wyse opgeklaar en hanteer sou word (Hay, 1998:54).

Van 1974 tot 2002 was daar 27 Waarheidskommissies regoor die wêreld wat elkeen ten doel gehad het om 'n proses daar te stel waarvolgens groepe wat in die verlede in konflik met mekaar geleef het, gelei kon word tot vrede en versoening (Brahm, 2004). Ook die WVK van Suid-Afrika het hierdie doel gehad (Wolf, 2001). Om dit te kon bereik, is besluit op 'n proses waarin slagoffers en oortreders in die openbaar kon vertel van dit wat hulle ervaar en gedoen het. Waar moontlik is amnestie aan oortreders verleen en is gepoog om restitusie vir slagoffers te bewerk. Volgens Asmal *et al.* (1997:11) was die doelwitte van die WVK van Suid-Afrika om 'n historiese akkurate weergawe van die verlede daar te stel, amnestie toe te staan (waar toepaslik) en slagoffers te kompenseer. Die uitgangspunt vir die bestaan en werksaamhede van die WVK was dat alleen 'n duidelike verstaan van die konflik van die verlede sou kon bydra tot versoening in die land en dat

dit sou kon meewerk daartoe dat alle Suid-Afrikaners die verlede agter hulle plaas en 'n nuwe standaard vir die toekoms daarstel (Villa-Vicencio & Verwoerd, 2000:xix, xxi).

Volgens Ntsebeza (2000:5) was die doel van die proses wat die WVK gevolg het om:

- al die nasies in Suid-Afrika te genees van die konflik van die verlede
- nasionale eenheid in Suid-Afrika te bevorder
- amnestie te verleen aan oortreders
- slagoffers die kans te gee om hulle verhale aan die wêreld te vertel
- versoening en die daarstel van 'n kultuur van menseregte in Suid-Afrika te bevorder.

Villa-Vicencio (2000b:202) toon aan dat die WVK se werksaamhede so ingerig is dat 'n proses gefasiliteer kon word waarin die volgende as doelwitte gegeld het:

- om die waarheid te ontbloot
- om slagoffers die kans te gee om hulle ervarings te verbaliseer voor 'n simpatieke gehoor
- om te probeer bepaal wat die beweegrede vir die optrede van oortreders was
- om uit te wys dat skynbaar normale mense soms die mees verwerplike dade kan doen
- om te bepaal in watter mate oortreders self slagoffers was van 'n sisteem wat 'n sekere optrede gesanksioneer en vereis het
- om aandag te gee aan slagoffers se behoefte aan vergoeding.

2.6.1.1. Konklusie oor die ontstaan en doel van die WVK

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die ontstaan en doel van die WVK:

- Die proses van versoening in Suid-Afrika is nie primêr deur die kerk aangevoor nie.
- 'n Waarheids- en Versoeningskommissie is saamgestel met die doel om versoening en eenheid op nasionale vlak in Suid-Afrika te bewerk.
- Die WVK van Suid-Afrika was nie die eerste sodanige kommissie in die wêreld nie, maar wel die eerste sodanige kommissie wat amnestie toegestaan het in ruil vir die volledige openbaarmaking van die waarheid oor die verlede.

- Die doel van die WVK was om die waarheid te openbaar, oortreders en slagoffers die geleentheid te gee om hulle ervaring te verbaliseer, amnestie te verleen en aan restitusie aandag te gee.

2.6.2. Die werkswyse van die WVK

Die WVK het drie onderskeie kommissies gehad: die Kommissie vir Menseregte Vergrype (Committee on Human Rights Violations), die Kommissie vir Amnestie (Committee on Amnesty) en die Kommissie vir Reparasie en Rehabilitasie (Committee on Reparation and Rehabilitation) (Hay, 1998:54). Dit het 'n personeeltal van 300 en 'n begroting van nagenoeg R130 miljoen per jaar gehad vir die twee en 'n half jaar van sy bestaan (Brahm, 2004). Volgens Villa-Vicencio (2000b:205) asook Mgxashe (2000:211) was daar 'n spesifieke fokus op growwe skendings van menseregte, wat ingesluit het moord, marteling, ontvoering, mishandeling en buitensporige gewelddadige optrede.

Die WVK is nie as 'n permanente liggaam gevestig nie: die werksaamhede het net geduur vanaf 1996 tot 1999. Alleen growwe menseregteskendings wat in die tydperk vanaf 1 Maart 1960 tot 10 Mei 1994 voorgekom het, is deur die WVK ondersoek (De Lange, 2000:22). Die amptelike mandaat van die WVK is beëindig toe die finale verslag in Oktober 1998 aan president Nelson Mandela oorhandig is (Villa-Vicencio & Verwoerd, 2000:xvii; Moosa, 2000:121), waarna hy dit op 1 Mei 1999 aan die parlement voorgelê het (Orr, 2000a:135).

Die verslag van die WVK (in 5 volumes) bied 'n uitgebreide en komplekse perspektief op die gebeure tydens die apartheidsverlede van Suid-Afrika sedert 10 Mei 1960 (sien TRC, 2003). Volgens Becker (1999) is 7000 amnestie-aansoeke en 23000 getuienisse van slagoffers aangehoor, waarvan 'n hele aantal oor nasionale televisie uitgesaai is. Om te praat oor 'n traumatiese ervaring bring genesing. Daarom is besluit om slagoffers geleentheid gegee om hulle pyn en angs te verbaliseer (Orr, 2000a:46, 194). Oortreders is eweneens die geleentheid gegee om te vertel wat hulle gedoen het, sodat ook hulle vry kon kom van die skuld en ontmensliking wat daarmee saamgaan. Die lokaal waar verhore gehou is, só ingerig dat die sitplekke van getuies op dieselfde vlak as dié van die Kommissielede was. Getuies het in hulle eie taal gepraat en alle aanwesiges kon deur middel van oorfone en 'n tolkdiens daarna luister (Eriksson, 2000). Elke getuie is toegelaat om sonder onderbreking voort te gaan, behalwe waar 'n lid van die Kommissie 'n vraag ter opheldering wou vra. Op geen stadium is enige getuies egter aan kruisondervraging blootgestel nie.

In weerwil van die bewering deur sommige slagoffers dat die regering nie genoeg steun verskaf het vir die hantering van hulle trauma nie (sien Eriksson, 2000), is elke getuie volgens Becker (1999) tydens 'n sitting van die WVK vergesel van 'n ondersteuningspersoon van hulle eie keuse, asook 'n berader van die WVK. Na afloop van die getuienis is die getuie, ondersteuningspersoon en familielede (indien so verlang) na 'n privaat vertrek geneem, waar 'n ontlontingsgesprek gehou is. Sowat twee weke na 'n sitting in 'n spesifieke plek is 'n opvolggeleentheid gehou, waartydens 'n span van die WVK navraag gedoen het na die welstand van die gemeenskap en hulp aangebied het vir verdere berading waar nodig. Die praktiese riglyne waarvolgens die WVK gewerk het, demonstreer volgens Becker (1999) 'n diep sensitiwiteit vir die pyn waardeur getuies gaan en bied 'n riglyn vir ander kommissies in ander state wat moontlik sodanige werk kan aanpak.

Vanuit 'n teologiese perspektief toon Eriksson (2000) aan dat die WVK gefokus het op belydenis, berou, vergifnis en versoening. Hierin sien hy die lyne van 'n bepaalde liturgie wat gevolg kan word om uiteindelik uit te kom by eenheid in Christus. 'n Seremoniële diens is gehou 'n dag voor die getuienis gelewer is, waarin die klem geval het op herinnering en feesviering. Daar is gesing, gebid, gedans en gehuil (Orr, 2000a:33). Volgens Marlin-Curiel (1999) het dit bygedra tot die skep van 'n atmosfeer wat bevorderlik is vir vergifnis.

Die WVK het die beginsels van *ubuntu* geïnkorporeer in sy werksaamhede deur die gedagte dat individue beskou moet word as deel van groter gemeenskappe, as uitgangspunt te neem (Boraine, aangehaal in Bell, 2002:89). Meelewing en die erkenning van die menslikheid van die ander party is eienskappe van *ubuntu* wat gelei het tot die besluit om eerder deur middel van 'n WVK te werk en nie met 'n Nüremburg-tipe verhoor nie. Gevolglik is *Ubuntu* ook op 'n besondere manier in die WVK-proses gestalte gegee (Orr, 2000a:32). In die tradisionele Afrikakultuur dring *ubuntu* jou om te vergewe. Wie nie vergewe nie, is nie werklik menslik nie en het 'n morele gebrek (Asmal *et al.*, 1997:21). Tutu (aangehaal in Bell, 2002:90) verwys telkens na die unieke benadering in die Afrikakultuur ten opsigte van geregtigheid. Volgens hom is geregtigheid vanuit 'n Westerse perspektief iets wat te doen het met straf en vergelding. Vanuit die Afrika perspektief het geregtigheid te doen met die regstel van 'n versteurde balans, sodat die menswaardigheid van die betrokkenes behoue kan bly. Vergelding daarteenoor, herstel nie die versteurde balans nie, laat nie die betrokkenes se menswaardigheid behoue bly nie, kan nie die verlies aan menselewens ongedaan maak nie (Jolly, 1999) en bring op die lange duur geen versoening nie.

Die rol wat aartsbiskop Tutu, as voorsitter van die WVK, met hierdie benadering vervul het, was volgens Meiring (2006:10) onontbeerlik vir die geslaagdheid van die werksaamhede van die kommissie. Sy empatie en deernis met slagoffers sowel as oortreders, sy besliste maar vriendelike leiding en pleidooie dat vergifnis en versoening moet plaasvind het ook grotendeels daarvoor gesorg dat die kommissie geslaag het in sy taak. Hayner (2000:41) meen dat dit ten diepste juis ook die voorsitter van die WVK, aartsbiskop Desmond Tutu, sowel as die vise-voorsitter, dr. Alex Boraine, se persoonlike Christelike oortuigings was wat daartoe gelei het dat daar 'n prominente fokus geplaas is op versoening in plaas van vergelding (sien ook Tutu, aangehaal in Lamprecht, 2003:4). Dit het van die WVK in Suid-Afrika iets uniek in die wêreld gemaak.

2.6.2.1. Konklusie oor die werkswyse van die WVK

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die werkswyse van die WVK:

- Die WVK het drie onderskeie kommissies gehad wat onderskeidelik verantwoordelikheid gehad het oor die hantering van menseregtevergrype, amnestie en reparasie en rehabilitasie. Daar is in besonder gefokus op die growwe skendings van menseregte.
- Die werksaamhede van die WVK het geduur van 1996-1999. Die finale verslag van die WVK bied 'n perspektief op die gebeure in die apartheidsverlede sedert 10 Mei 1960.
- Getuies is toegelaat om in hulle moedertaal te getuig. Geen kruisondervraging is toegelaat nie. Beradingshulp is vir elke getuie gegee.
- Die beginsels van *ubuntu*, tesame met die persoonlike Christelike oortuigings van die voorsitter van die WVK (aartsbiskop Desmond Tutu) asook die ondervoorsitter (dr. Alex Boraine) het gelei tot die geslaagdheid van die werksaamhede van die kommissie.

2.6.3. 'n Evaluering van die WVK en sy werksaamhede

Om 'n evaluering van die WVK en sy werksaamhede te maak is nie 'n eenvoudige saak nie. Volgens Brahm (2004) is daar tans in elk geval wêreldwyd geen werklike uitsluitsel oor die effektiwiteit, al dan nie, van waarheidskommissies nie (Brahm, 2004). Om die werk van 'n waarheidskommissie genoegsaam te kan evalueer, is daar 'n veelheid van faktore wat in aanmerking geneem moet word. So is die mandaat asook tydsbeperking wat aan die Kommissie gegee word byvoorbeeld van die faktore wat ter sprake kom. Brahm (2004), Jolly (1999) asook Ndungane (2000:258) is dit eens dat daar dikwels van

'n waarheidskommissies gevra word om meer te doen as wat werklik binne 'n beperkte tyd moontlik is. Wat die WVK van Suid-Afrika betref, word hulle in hulle standpunt ondersteun deur Asmal *et al.* (1997:xiv) wat van mening is dat die WVK van Suid-Afrika nie lank genoeg bestaan het (vanaf 1996-1999) om werklik versoening en bevryding uit die verlede te kon bewerk nie. Dit sou dus onbillik wees om die sukses van die Kommissie te meet aan byvoorbeeld die stabiliteit in die samelewing na afloop van die Kommissie se werk. Eers wanneer die uitkomste van die WVK se werk vergelyk sou kon word met byvoorbeeld die situasie in state wat geen waarheidskommissie gehad het nie en tog 'n redelike vredevolle oorgang van regering gehad het (bv. Mosambiek en Kambodja), sou 'n geldige evaluering vanuit 'n sekere oogpunt gemaak kon word (Brahm, 2004).

Desnieteenstaande sou dit myns insiens tog in orde wees om verskillende aspekte van die WVK se werksaamhede te ondersoek en 'n evaluering van elkeen te maak. Hoewel dit moontlik nie 'n finale, oorkoepelende evaluering sou kon meebring nie, is dit tog sinvol om positiewe en negatiewe aspekte van die belangrikste fasette van die WVK se werksaamhede uit te lig, ten einde tot sekere gevolgtrekkings en/of aanbevelings te kan kom. Gevolglik word 'n aantal van die belangrikste fasette van die WVK van Suid-Afrika se werksaamhede kursories ondersoek.

2.6.3.1. Onthulling van die waarheid

Soos wat die benaming van die WVK aandui, is waarheid die eerste aspek wat aan die orde sou moes kom, vir die Kommissie om te kon slaag in sy opdrag. Die mandaat wat die WVK gekry het ingevolge die Interim Konstitusie van 1993, verwys spesifiek daarna dat die primêre fokus van die Kommissie moet wees om die volle waarheid oor die gebeure in Suid-Afrika tydens die apartheidsjare te ondersoek. In lyn met hierdie primêre fokus van die WVK (sien Villa-Vicencio, 2000b:205), is growwe skendings van menseregte asook wie daarvoor verantwoordelik was, in besonder uitgelig. Die rede waarom in soveel besonderhede ingegaan is, is volgens Villa-Vicencio & Verwoerd (2000:xiv, xix) om daardeur te probeer verseker dat soortgelyke skendings nie in die toekoms weer voorkom nie. 'n Verdere rede hiervoor was om seker te maak dat besonderhede nie verlore gaan nie, omdat versoening nie op 'n "verdeelde geheue" gegrond kon word nie. Die volle waarheid was nodig (Hay, 1998:54), omdat geregtigheid nie daarsonder bewerk sou kon word nie (Asmal *et al.*, 1997:14).

Hamber (1999) wys daarop dat, ten spyte van die potensiële skadelike gevolge wat openbaarmaking van die vergrype van die verlede sou kon veroorsaak, getuienis voor die WVK, oorkoepelend beskou, tog 'n positiewe effek gehad het. Indien dit nie reg bestuur word nie, kan die openbaarmaking van hierdie tipe wandade enige vredespoging laat ontspoor en verdere geweld laat posvat. In sommige gevalle kan dit op sielkundige vlak pynliker wees om die waarheid openbaar te maak as om dit te vermy. In sekere gevalle kan dit selfs beter wees om die jeug (wat nie deel aan hierdie geskiedenis gehad het nie) eerder nie bloot te stel aan die vergrype van die verlede nie, sodat hulle as't ware onbesoedeld die toekoms kan ingaan. Daar is ook die gevaar dat hierdie tipe openbaarmaking van wandade só gemanipuleer en herinterpreteer kan word, dat dit as 'n wapen teen die oortreders gebruik kan word. Die trauma van die verlede verdwyn egter nie vanself nie. Daar moet op 'n bepaalde manier mee gewerk word. Dit is eerder nodig dat soveel as moontlik getuienis oor die verlede aangehoor word, sodat 'n werklike kollektiewe herinnering daargestel kan word. Daar moet op die verlede gefokus word, sodat die pyn daarvan genoegsaam hanteer kan word. Sodoende kan sowel die slagoffers as die oortreders genesing vind van dit wat onherroeplik deel is van hulle lewensgeskiedenis. Daar was wel sekere tipes getuienis, soos die praktiese demonstrasie wat voormalige polisiekaptein Jeffrey Benzien gelewer het oor die berugte "nat sak" ondervragingstaktiek (wat die Veiligheidspolisie se Teen-Terrorisme-Eenheid onder andere op Tony Yengeni gebruik het), wat deur die media misbruik is om sensasie op te jaag. As sodanig het dit volgens Bester (1999) skade veroorsaak aan die proses waarin op waardige wyse gesoek is na herinnering, vergifnis en versoening. Desnieteenstaande meen Hamber (1999) steeds dat die WVK oor die algemeen goed daarin geslaag het om getuienis op so 'n wyse te hanteer dat genesing daardeur bewerk is.

Volgens Brahm (2004) was openlike getuienis oor die verlede so hoog op die agenda van die Suid-Afrikaanse WVK, dat selfs amnestie in ruil vir die waarheid aangebied is. Anders as die meeste ander waarheidskommissies het die Suid-Afrikaanse WVK ook openbare getuienisse toegelaat. Hoewel die veiligheid van betrokkenes asook die integriteit van die getuienis nie gewaarborg kon word nie, het hierdie werkswyse die WVK groter legitimiteit gegee in die oë van die publiek. Die deursigtigheid van die WVK proses het 'n nuwe model vir hierdie tipe kommissies wêreldwyd daargestel (sien Becker, 1999). Waar geheimhouding vantevore die werksaamheid van hierdie tipe kommissies gekenmerk het, het die openbaarmaking van die waarheid in Suid-Afrika se geval daartoe gelei dat 'n

nuwe geskiedenis, geskoei op die getuienis voor 'n waarheids- en versoeningskommissie, geskryf kan word. Indien daar gewone strafregtelike verhore gehou sou wees, sou daar volgens (Eriksson, 2000) nie soveel besonderhede bekend gemaak wees as wat met die verhore van die WVK na vore gekom het nie.

Eriksson (2000) oordeel ook dat die WVK in sy soeke na die waarheid daartoe meegewerk het dat die meerderheid inwoners van Suid-Afrika hulle traumatiese verlede kon konfronteer. Volgens hom was die uiteinde van die proses dat mense, behalwe met mekaar, in die eerste plek ook met hulleself kon versoen. Nie alle partye het egter met die finale bevindings van die WVK saamgestem nie. Hieronder tel in besonder die NP sowel as die ANC (Orr, 2000a:347-349). Die voorlegging wat die ANC by die WVK ingedien het (oor sekere wandade wat in hulle geledere voorgekom het in die apartheidstyd), het berus op die aanname dat die ANC 'n geregverdigde oorlog gevoer het en derhalwe moreel verhewe was bo die NP-regering en dat die WVK dit van meet af aan in sy ondersoek in ag sou neem (Orr, 2000a:165). Asmal *et al.* (1997:21) ondersteun hierdie standpunt en voor aan dat die anti-apartheidsbewegings 'n geregverdigde oorlog geveg het teenoor die ongeregverdigde oorlog van die apartheidsregering. Gevolglik is die oortredings van die anti-apartheidsbewegings volgens hulle verskoonbaar, terwyl dié van die apartheidsregering onverskoonbaar is. Hulle (1997:22) is voorts van mening dat die WVK net empatie kan hê met die anti-apartheidsvegters se oortredings en nie met dié van die NP-regering nie. Tog meen Jolly (1999) tereg dat die besluit van die Interim Regering om eerder nie Nüremberg-tipe verhore te hou nie, reeds 'n duidelike aanduiding is van erkenning deur die ANC, dat van hulle lede (net soos die geval was met die NP-regering), bepaalde menseregteskendings gepleeg het. Dat die WVK se finale verslag nie hierdie standpunt van die ANC steun nie, dui op 'n groot mate van integriteit en toon dat die Kommissie daadwerklik na die waarheid gesoek het, sonder om hom te laat voorskryf deur die sentimente van 'n bepaalde politieke party.

Nog 'n voorbeeld van die Kommissie se onpartydige soeke na die waarheid, is die verwysing in die verslag na groot getalle vegters teen apartheid wat aan hulle eie lot oorgelaat is deur die bevelstrukture. Met verwysing hierna oordeel die WVK uiteindelik dat hierdie soort behandeling die vegters ontnugter het, omdat dit by hulle die persepsie gelaat het dat die leierskap vir hulleself die voordele opeis waarvoor die soldate op die grond geveg het (Orr, 2000a:297). Talle lede van die

bevrydingsbewegings het ter wille van die stryd teen apartheid hulle skoolopvoeding onderbreek, fisiese en geestelike gebreke opgedoen, hulle werk verloor, diep smart en armoede beleef, net om uiteindelik deur hulle eie leierskorps in die steek gelaat te word. Volgens die verslag van die WVK het die sielkundige stres en trauma van die vryheidstryd 'n groot aantal mense se lewens verwoes (Orr, 2000a:299) – iets wat nie geredelik deur die bevrydingsbewegings erken was nie.

Hoewel dit blyk dat daar 'n groot mate van integriteit in die WVK se soeke van die waarheid te vinde is, is daar egter sekere ernstige vrae wat gevra word oor die Kommissie se hantering van sekere rolspelers se voorleggings. So is Barolsky (1999) van mening dat die getuienis met betrekking tot die sogenaamde *Self Defence Units* (SDU's) wat in die tydperk na 1990 in die voormalige PWV area en Oos-Rand bedrywig was, nie op die regte wyse deur die WVK hanteer is nie. Hulle bande met die ANC se gewapende vleuel, Umkhonto we Sizwe (MK), is duidelik nie uitgewys nie en hoewel sekere inligting duidelik dui op ernstige menseregtevergrype, kon die WVK volgens haar geen duidelike uitsprake gee oor die verlening van amnestie aan lede van hierdie eenhede nie. Ook is daar steeds vrae wat gevra word oor die rol van die voormalige weermag by die bedrywighede van die sogenaamde "Derde Mag" wat na bewering verantwoordelik sou wees vir treinmoorde, en geweld in hostels en Swart woonbuurte in die Witwatersrand en KwaZulu-Natal in die vroeë 1990's (Du Plessis, 2005). Getuienis hieroor is nie naastenby voldoende nie, maar is ook nie verder opgevolg nie.

'n Verdere leemte in die WVK se soeke na die waarheid is volgens Vorster (2004:7-8) dat oortreders nie kans gegun is om getuies te kruisondervra nie. Beide oortreders en slagoffers is hierdeur benadeel, omdat daar net gesoek is na *voldoende waarheid* – waarmee versoening bewerk kon word. Omdat die WVK nie 'n regterlike kommissie was nie, is van die begin af aanvaar dat daar alleen met 'n gedeelte van die waarheid gewerk sou kon word. Dit het die Kommissie 'n mate van integriteit gekos, omdat sekere voorleggings wat geblyk het nie die volle waarheid te bevat nie, agterna nie opgevolg kon word nie.

Volgens Mamdani (aangehaal in Jolly, 1999) is nog 'n leemte in die WVK se soeke na die waarheid dat die WVK ernstiger vrae moes gevra het oor die totale sisteem van sosiale ongeregtigheid wat in die tyd van apartheid daargestel is. Brahm (2004) beaam dit en toon aan dat dit 'n swakheid is van alle waarheidskommissies

dat die internasionale dimensies en betrokkenheid van internasionale rolspelers van 'n spesifieke konflik weinig aandag kry.

'n Verdere leemte in die WVK se soeke na die waarheid, is dat nie alle slagoffers en oortreders die kans gekry het om hulle verhale voor die WVK te vertel nie. Volgens Eriksson (2000) sal ander maniere gevind moet word waarmee hierdie mense gehelp kan word om die trauma van die verlede te verwerk. Tien jaar na die aanvang van die WVK se werksaamhede (op 15 April 1996) is daar steeds aspekte van die formele proses wat nie afgehandel is nie. Die United Nations Office for the Coordination of Humanitarian Affairs (2006) bereken dat daar sowat vyf maal meer slagoffers van die apartheidsera was as die aantal getuies wat voor die WVK verskyn het. Die meeste beweer dat hulle nie destyds bewus was van die WVK en die werksaamhede daarvan nie. Daar is tans sowat 48 000 slagoffers wat aandring daarop om hulle getuienis ook voor die WVK te laat hoor. Tog blyk dit tans dat daar nie gehoor gegee gaan word aan hierdie aandrang nie. Volgens Du Toit (2006:13) is daar by die huidige regering nie werklik meer politieke energie om hierdie getuienisse af te handel nie. Die aandag het reeds verskuif na meer kontemporêre uitdagings.

2.6.3.1.1. Konklusie oor die soeke van die waarheid in die werksaamhede van die WVK

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die soek van die waarheid in die werksaamhede van die WVK:

- Die WVK het in 'n mate daarin geslaag om die waarheid oor die verlede te onthul, hoewel sekere tipes getuienis verkeerd hanteer is, waaronder die getuienis oor die "Self Defence Units" wat verskeie vaaghede bevat.
- Deursigtigheid is deurentyd in die proses gehandhaaf, veral deurdat getuienis in die openbaar gelewer en aangehoor is. Dit het 'n nuwe norm vir soortgelyke kommissies in die wêreld daargestel.
- Hoewel nie al die betrokkenes met die finale bevindings van die WVK saamgestem het nie, het die WVK hom nie laat voorsê deur enige party nie en ook nie daarvan teruggedeins om die vergrype van die anti-apartheidsbewegings uit te wys nie.
- 'n Gebrek aan kruisondervraging het dikwels daartoe gelei dat net 'n gedeelte van die waarheid onthul is.
- Die internasionale betrokkenheid by apartheid is nie ondersoek nie.

- Daar is talle getuies wat nie kans gekry het om voor die WVK te getuig nie.

2.6.3.2. Bewerking van versoening

Benewens 'n soeke na die waarheid, het die WVK ook as doelwit gehad om versoening tussen alle mense in Suid-Afrika te bewerk. Oor die geslaagheid van die WVK in hierdie verband, is daar nie eenstemmigheid onder waarnemers nie. Ntsebeza (2000:9) is van mening dat dit te vroeg is om te kan oordeel of die WVK in sy doelwitte geslaag het al dan nie. Cherry (2000:143) meen dat dit net gedeeltelik geslaag het, terwyl Wolf (2001) dit betwyfel dat die WVK enigsins daarin geslaag het om versoening tussen Blank en Swart te bewerk. Hay (1998:59) is van mening dat die positiewe uitwerking van die WVK swaarder weeg as die negatiewe aspekte daarrondom. De Lange (2000:30) beaam dit en beklemtoon dat die doel van die WVK nie was om self versoening te bewerk nie. Dit moes alleen die ruimte voorsien waarbinne die proses van versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing gefasiliteer kon word. Hierin het die WVK volgens hom wel geslaag. Soos reeds genoem (by 2.6.2 hierbo) het die besondere leierskap van biskop Desmond Tutu, asook van president Nelson Mandela, grootliks daartoe bygedra dat die WVK sy werk suksesvol kon afhandel (Becker, 1999).

Vorster toon aan dat die lyding van mense in die tyd van apartheid duidelik aan die lig gebring is deur die werksaamhede van die WVK (Vorster, 2004:31). Volgens hom (2004:7) het die WVK met hierdie beklemtoning veral daarin geslaag om oortreders tot die punt te bring waar hulle besef het dat hulle nie alleen vir hulle bedoelings nie, maar ook vir die gevolge van hulle dade verantwoordelik is. Grootliks as gevolg hiervan het stemme wat geroep het om vergelding en geweld stil geraak en het die gedagte van versoening werklik posgevat (Vorster, 2004:28). Orr (2000a:123) beaam dit en toon aan dat, hoewel daar talle slagoffers was wat nie kon vergewe nie, die meeste wel kon leer om te aanvaar wat gebeur het. Volgens haar was daar gevolglik nie 'n enkele geval van weerwraak teenoor oortreders nie.

Versoening is een van die doelwitte van elke waarheidskommissie, maar dit is nie iets wat so 'n kommissie op sy eie kan vermag nie (Brahm, 2004). Tutu (2003) wys daarop dat versoening in Suid-Afrika 'n langtermynproses is wat afhanklik is van die deelname van al die inwoners van die land. Amptelike erkenning dat iemand 'n slagoffer is, dra wel daartoe by dat die waardigheid van die slagoffer herstel

word en dien 'n terapeutiese doel as begin van die genesingsproses (Brahm, 2004). Dit moet egter onthou word dat daar verskillende vlakke van herinnering vir elke slagoffer is. Elke slagoffer het persoonlik 'n verlies gely. Dit mag nie maar bloot deel van die statistiek van die groter prent word nie. Elkeen se reële verlies moet individueel erken en hanteer word (Tobias, 1999). Die feit dat die slagoffer net 'n paar minute het om die verhaal te vertel, kan gevaarlik wees in dié dat dit sonder verdere berading gebeur en dus posttraumatiese stres kan laat opflikker. Ook die effek van so 'n vertelling op die breë publiek, wat nie kans kry om dit deur te werk nie, kan meer negatief as positief wees. In Suid-Afrika het navorsing getoon dat sowat twee derdes van respondente gemeen het die WVK proses is skadelik vir rasseverhoudinge in die land (Brahm, 2004). In hierdie verband is Neke (1999) se waarneming dat die WVK gelei het tot die ontstaan van proteskuns, in 'n nuwe gedaante (as reaksie op wat in die WVK proses na vore gebring is), insiggewend. Indien ontwikkelings soos hierdie met wysheid bestuur word, kan dit daartoe dien dat voortgesette dialoog daargestel word, waaruit genesing uiteindelik kan voortkom. Dan het die proses van die WVK uiteindelik tog sy doel gedien.

Stacey (1999) wys voorts daarop dat dit een van die doelwitte van die WVK was om as agent vir nasiebou op te tree en dat die lede van die WVK dit ook so verstaan het. In die *Promotion of National Unity and Reconciliation Act* is dit duidelik uitgespel dat die WVK se doelwitte sou wees om nasionale eenheid en versoening te bevorder in 'n gees van begrip wat bo die verdeeldheid van die verlede uitgaan. Tutu (1998) meen tereg dat die WVK die taak het om versoening in die land te bevorder en verkondig, maar nie om dit noodwendig self te bewerk nie. Hiervoor moet alle rolspelers in die land hulle eie bydrae lewer. Versoening moet deel word van 'n nasionale proses waarin die kerke op die voorpunt is (Eriksson, 2000). Omdat die kerk 'n diep verstaan het van die teologie van versoening, kan die kerk ruimte en 'n liturgie bied waarin slagoffers en oortreders hulle berou en trauma oor die verlede verwoord en verwerk en uiteindelik gesamentlik hulle eenheid in Christus herontdek, sodat 'n nuwe visie vir Suid-Afrika daaruit gebore kan word. In sy openingstoespraak voor die WVK het biskop Desmond Tutu die WVK beskryf as "*deel van die proses vir die genesing van die nasie.*" Hy het ook verwys na wat hy genoem het "*'n korporatiewe nasionale proses van genesing",* met die WVK as katalisator vir die proses waarin die nasie herbou word. In hierdie proses is 'n bewuste herinnering aan die verlede van kardinale belang, tesame met vergifnis (Stacey, 1999).

2.6.3.2.1. Konklusie oor die bewerking van versoening deur die WVK

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die bewerking van versoening deur die WVK:

- Dit is nog te vroeg om te kan oordeel of die WVK van Suid-Afrika geslaag het in sy doel om versoening in die samelewing te bewerk.
- Die onthulling van lyding en erkenning dat soveel mense slagoffers van die apartheidsbeleid was het wel voortgesette dialoog daaroor gestimuleer, wat uiteindelik kan bydra tot die bewerking van versoening in die land.
- Die werksaamhede van die WVK het die geleentheid geskep vir die kerk om leiding te neem in die voortgang van die proses van versoening in Suid-Afrika.

2.6.3.3. Die toestaan van amnestie

In die bereiking van die doelwitte van 'n soek na die waarheid en die bewerking van versoening, het die WVK telkens voor die vraagstuk van amnestie te staan gekom. Volgens Asmal *et al.* (1997:ix) was een van doelwitte van die WVK dat die toestaan van amnestie (binne sekere perke) oorweeg sou word vir oortreders. Amnestie sou toon dat daar in 'n gees van versoening en vergifnis gewerk word, eerder as vervolging en vergelding. Die gedagte rondom amnestie is dat amnestie genesing vir die totale samelewing meebring. Oortreders wat amnestie ontvang (omdat hulle die waarheid ten volle onthul het en kon aantoon dat hulle volgens politieke opdragte opgetree het), word as't ware as nuwe, gesonde ledemate, geïntegreer as deel van die liggaam van die nasie. Diegene wat nie amnestie ontvang nie, word buite die liggaam gehou, sodat dit nie die nuwe nasie kan infekteer en genesing in die wiele ry nie (Stacey, 1999).

Die toestaan van amnestie is deel van wat Vorster (2004:31) *herstellende geregtigheid* noem. Volgens hom staan die WVK van Suid-Afrika uit as 'n voorbeeld van herstellende geregtigheid, en kan dit in ander kontekste waar soortgelyke politieke transformasie plaasvind, net so bruikbaar wees. Herstellende geregtigheid het daarmee te doen dat die verlede in herinnering gebring word, juis met die doel om vooruit te kan kyk en 'n nuwe toekoms te bou. In die geval van Suid-Afrika, met sy unieke geskiedenis van oorheersing en uitbuiting, sou vergeldende geregtigheid gelei het tot verhoogde vlakke van geweld en konflik, wat die ooreenkomste van die onderhandelde skikking in gevaar sou plaas. By nabaat blyk dit volgens hom dat herstellende geregtigheid

die regte opsie was (Vorster, 2004:11). Nie alleen het dit versoening en eenheid aangehelp nie, maar ook 'n klimaat geskep waarin knelpunte eerder deur middel van dialoog opgelos sou word.

Nie almal is egter so positief oor die toestaan van amnestie soos Vorster nie (sien Hay, 1998:55). Orr (2000a:123) is een van die uitgesproke teenstanders van amnestie. Volgens haar is dit te betwyfel of amnestie werklik versoening bewerk. Sy beskou amnestie nie as iets wat werklike berou afdwing nie omdat 'n oortreder wat nie berou het nie, volgens haar ook geen versoening in die hand werk nie. Sy sou eerder 'n situasie wou sien waar alle oortreders strafregtelik vervolg word vir hulle wandade van die verlede. Wat Orr egter nie genoegsaam in gedagte hou nie, is dat die regering en die amptenare van die WVK ook die politieke "atmosfeer" van daardie tyd gehad het om in ag te neem toe besluite geneem is oor die toestaan van amnestie, al dan nie. 'n Ondersoek deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in 1996 het byvoorbeeld aangetoon dat sowat 32% respondente op daardie tydstip ten gunste was van 'n algemene amnestie vir oortreders, terwyl sowat 45% 'n gekwalifiseerde amnestie sou verkies (met ander woorde: amnestie wat net onder sekere minimum voorwaardes toegestaan word). Hoewel die meerderheid sou wou sien dat die WVK alle politieke oortredings ondersoek, het so veel as 49% gemeen dat die WVK proses die bevrydingsbewegings meer sou bevoordeel as die apartheidsregering (HSRC, 1996). Daar was dus landswyd 'n sterk verwagting en aandrang dat amnestie as deel van die versoeningsproses toegestaan moes word. Gevolglik het die moontlikheid van hernieude konflik en spanning, indien amnestie nie deel van die WVK-proses was nie, duidelik 'n rol gespeel in die uiteindelike besluite wat hieroor geneem is.

'n Verdere problematiek wat amnestie van die WVK betref, is die feit dat nog nie al die aansoeke om amnestie afgehandel is nie. Daar is vandag steeds gevalle waar oortreders uit die apartheidstyd nog nie voor die WVK getuig het nie. Waar die WVK se mandaat in 1999 reeds verstryk het, ontstaan die vraag wat met die uitstaande aansoeke om amnestie gedoen moet word. Du Toit (2006:13) meen tereg dat dit met groot omsigtigheid hanteer moet word. 'n Blote ignorering daarvan kom effektief neer op 'n tweede, algemene amnestie, wat die totale WVK-proses in die gedrang bring. Daarenteen is 'n stelselmatige vervolging van alle oortreders wat nie amnestie gekry het nie, onmoontlik en ook onwenslik. In die huidige politieke konteks is positiewe samewerking en vertroue nodig sodat die

(op-die-oog-af groter) probleme van strukturele armoede en ongelykheid aangepak kan word. Die vervolgingsgesag oorweeg tans 'n beperkte reeks hofsake, op grond van onlangs gepubliseerde riglyne. Hiermee word gepoog om uitstaande gevalle van amnestie af te handel op so 'n wyse dat dit steeds vertroue in die WVK en sy prosesse inboesem. 'n Fyn balans tussen algemene geregtelike vervolging en onvoorwaardelike amnestie is hier van integrale belang en die proses sal met groot wysheid en omsigtigheid bestuur moet word.

2.6.3.3.1. Konklusie oor die toestaan van amnestie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die toestaan van amnestie deur die WVK:

- Amnestie is (binne perke) toegestaan aan oortreders wat 'n volle onthulling van die waarheid gemaak het en kon aantoon dat hulle in gehoorsaamheid aan direkte politieke opdragte opgetree het.
- Die doel van amnestie was om genesing vir die totale samelewing te bewerk deurdat oortreders weer as gesonde lede van eie samelewing opgeneem word. Hierin het die WVK merendeels geslaag.
- Alle aansoeke om amnestie is vandag nog nie afgehandel nie.

2.6.3.4. Die betaling van restitusie

Net soos die toestaan van amnestie, was die betaal van restitusie ook 'n kontensieuse saak in die werksaamhede van die WVK. Hoewel die WVK individuele- sowel as gemeenskapsreparasie aanbeveel het (wat uitgewerk sou word volgens die meriete van elke individuele saak) en ten doel sou hê om verliese van slagoffers te erken en hulle menswaardigheid te help herstel, het die regering vyf jaar later besluit om bloot 'n standaard bedrag van R30 000 aan elke slagoffer uit te betaal (sien United Nations Office for the Coordination of Humanitarian Affairs, 2006). In plaas daarvan dat oortreders gedwing is om restitusie te betaal, het die regering eerder besluit om geld en middele uit staatsfondse beskikbaar te stel as vergoeding vir diegene wat skade gelei het as gevolg van die optrede van die vorige regering. Die feit dat weinig van die oortreders daartoe gebring is om self direkte restitusie te betaal, is volgens Vorster (2004:20) 'n groot leemte van die WVK. Dit is veroorsaak deurdat die aanvanklike politieke impetus eerder was om amnestie aan oortreders toe te staan, en nie om vergoeding deur oortreders aan slagoffers te laat betaal nie (Orr, 2000a:89).

Volgens Seekoe (aangehaal in Du Plessis, C., 2006a) is altesaam 15 330 mense sedertdien deur die regering met staatsgeld vergoed, terwyl 350 gesterf het voor hulle uitbetaling kon ontvang en 2000 nie opgespoor kon word nie. Teleurstelling oor die uitbetaling van restitusie het daartoe gelei dat van die slagoffers 'n reeks internasionale maatskappye in New York gedagvaar het vir hulle rol ter ondersteuning van die apartheidsregering. Gemeenskapsreparasie is ook nie genoegsaam opgevolg nie. 'n Studiebeurs wat vir naasbestaandes van slagoffers opsy gesit is, het nog nie werklik van die grond gekom nie. Villa-Vicencio (2000b:205) meen dat daar 'n wydverspreide gedagte is dat vergoeding en ekonomiese opheffing die trauma van die verlede sal kan wegneem. Die uiteindelike gebrek aan vergoeding vir slagoffers het daarom juis vordering op die pad na versoening vertroebel (sien Boraine, aangehaal in Wolf, 2001; Orr, 2000a:125).

Du Toit (2006:13) meen voorts dat die verdere hantering van onafgehandelde sake (soos onder andere die uitbetaal van restitusie) met omsigtigheid moet geskied. Daar is steeds diegene wat te doen het met die verwerking van emosies as gevolg van sekere traumatiese gebeure gedurende die apartheidstyd. Terselfdertyd is daar ander wat nog nie hulle aandeel in die gebeure erken het nie en verkies om eerder daaroor te swyg as om dit te erken en te hanteer. Die problematiek lê daarin om die verlede op so 'n manier te hanteer dat beter begrip en groter bemagtiging die vrug daarvan is en nie verdere polarisasie en ontmagtiging nie.

2.6.3.4.1. Konklusie oor die betaling van restitusie

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die betaling van restitusie:

- Die aanvanklike aanbeveling van die WVK dat persoonlike sowel as gemeenskaplike restitusie uitbetaal moes word om te vergoed vir onderskeie verliese weens apartheid, is deur die regering gewysig en is bloot 'n standaard bedrag van R30 000 vir elke slagoffer bewillig.
- Oortreders is nie gedwing om self restitusie te betaal nie.
- Talle slagoffers kon nie opgespoor word om die uitbetaling aan hulle te maak nie.
- 'n Beloofde studiebeurs vir naasbestaandes van apartheidslagoffers het nie gerealiseer nie.

- Daar is steeds onafgehandelde sake met betrekking tot restitusie wat nie hanteer is nie.

2.6.3.5. Internasionale invloed van die WVK

As gevolg van die relatief suksesvolle werk van die WVK is daar hoë agting in die internasionale wêreld vir wat in Suid-Afrika bereik is in terme van demokrasie, menseregte en versoening (Tutu, 2003). In Augustus 2006 het die Libanese regering 'n beroep gedoen op president Thabo Mbeki en die Suid-Afrikaanse regering om op diplomatieke vlak hulp te verleen in 'n poging om Israel se militêre ingryping in Libanon af te weer (De Lange, L., 2006a:6). Suid-Afrika is ook een van die min state wat diplomatieke verteenwoordiging in Noord-Korea het, en tesame met die hoë internasionale agting wat daar is vir die suksesse wat met die WVK bereik is, plaas dit die Suid-Afrikaanse regering in 'n sterk posisie om met die Noord-Koreaanse regering te onderhandel in 'n poging om die dreigende missielkrisis te probeer ontlont (Louw, L., 2006a:2). Ook ten opsigte van die dreigende kernkrisis in Iran, is die Suid-Afrikaanse regering genader in 'n poging om diplomatieke oplossings te probeer bereik (De Lange, L., 2006b:7). Die Instituut vir Geregtigheid en Versoening en ander nie-regeringsorganisasies wat poog om die werk van die WVK verder te neem, word tans oorval deur state soos Marokko, Irak, Peru, die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), Rwanda, Burundi, Colombia en Soedan vir hulp met hulle onderskeie versoeningsprosesse (Du Toit, 2006:13). In hierdie verband toon Boraine (aangehaal in Wolf, 2001) ook aan dat die WVK as 'n model kan dien vir die hantering van soortgelyke probleme in die Balkan-streek, terwyl Hayner (2000:33) daarop wys dat 'n hele aantal state in die wêreld wat met soortgelyke probleme as Suid-Afrika worstel, tans die Suid-Afrikaanse WVK as 'n model vir hulle eie situasie neem. Hieronder tel state soos Sierra Leone, Nigerië, Lesotho, Indonesië, en Guatemala.

2.6.3.5.1. Konklusie oor die internasionale invloed van die WVK

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die internasionale invloed van die WVK:

- Daar is internasionaal hoë agting vir die suksesvolle afhandeling van die werk van die WVK.
- As gevolg hiervan het verskeie regerings reeds, of is hulle in die proses om die regering van Suid-Afrika te nader vir hulp met soortgelyke prosesse van versoening.

2.6.3.6. Samevattende konklusie oor die WVK van Suid-Afrika en sy werksaamhede

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die WVK van Suid-Afrika en sy werksaamhede:

- Hoewel sekere getuies nie kans gehad het om voor die WVK te getuig nie en sekere van die getuienis óf verkeerd hanteer is óf nie genoeg opgevolg kon word nie, het die WVK tog genoegsaam daarin geslaag om die waarheid oor die verlede openbaar te maak.
- Dit is nog te vroeg om te kan oordeel of versoening werklik bewerk is. Tog het die totale proses die geleentheid vir die kerk geskep om die proses van versoening verder te hanteer.
- Die toestaan van amnestie is kontensieus en daar is nog talle uitstaande gevalle wat nie hanteer is nie, maar in die meeste gevalle het dit tog gelei tot vergifnis en versoening.
- Restitusie is in talle gevalle minder uitbetaal as wat verwag is. Groot getalle slagoffers kon nie vir uitbetalings opgespoor word nie en daar is nog talle onafgehandelde sake wat nie hanteer is nie.
- Oorkoepelend kan tog geoordeel word dat die WVK suksesvol was in die afhandeling van sy opdrag.
- Die hoë agting wat daar internasionaal is vir die werk van die WVK , asook die feit dat talle regerings die Suid-Afrikaanse regering genader het om hulp vir hulle eie prosesse van versoening dien as bevestiging vir die suksesvolle afhandeling van die werksaamhede van die WVK.

2.6.4. Die voortgaande proses van versoening na afloop van die WVK

Holland, aangehaal in Roos (2006b:19) het reg wanneer hy waarsku dat die proses van versoening in Suid-Afrika nie met die einde van die WVK-sittings afgehandel is nie. Villa-Vicencio (2000a:68) beaam dit wanneer hy daarop wys dat versoening 'n deurlopende proses is, wat in Suid-Afrika nog maar in sy beginfase is. Skuldbelydenis en vergifnis is die eerste stappe in 'n lang proses, waarin konkrete dade en opoffering nodig is. Sonder visie en waardegedrewe leierskap sal transformasie nie slaag nie. Indien die WVK proses uiteindelik kan lei tot sinvolle transformasie op alle vlakke in die land, kan dit as geslaagd beskou word. Die uitdaging is dus om die proses van versoening in sy verdere ontwikkeling in Suid-Afrika reg te bestuur (Hamber, 1999). Volgens Hay (1998:152) is versoening nie 'n program of 'n strategie nie, dit is 'n spiritualiteit. Dit word ook nie gekonstrueer of gefabriseer nie, dit word geleef en beleef.

Deurentyd is dit God wat die herstelwerk doen, terwyl Hy sy kerk gebruik as primêre werktuig.

Volgens Eriksson (2000) het versoening in Suid-Afrika in baie gevalle al tussen individue plaasgevind, maar nog nie op nasionale vlak nie. Praktiese programme van opheffing is volgens hom nodig om hierdie proses voort te sit. Esterhuyse (2000:147-154) meen voorts tereg dat dit nodig is om die totale sisteem van apartheid en die gevolge daarvan uit te wis. Die struktuur, kultuur en waardes wat dit voortgebring het, moet getransformeer word. Al die komponente daarvan moet gesamentlik verander word ten einde werklike transformasie van die samelewing teweeg te bring. Dit behels 'n drastiese en soms radikale transformasie van die totale gemeenskap, ten einde gelykheid, geleenthede vir almal en 'n herstel van die onregverdige bedeling van die verlede teweeg te bring (Vorster, 2004:20). Dit is egter nie iets wat in 'n kort tydjie gebeur nie (Eriksson, 2000) en vereis dat 'n definitiewe paradigmaskuif gemaak word. Al is die wette al verander, sal die nalatenskap van apartheid nog lank 'n effek in Suid-Afrika hê.

Vorster (2004:25-26) meen dat 'n voortgesette kombinasie van waarheid, geregtigheid en ondersteuning van oorlewendes daar moet wees om slagoffers te bring tot aanvaarding en verwerking van die verlede. Dit kan alleen bewerk word in 'n omgewing waar daar 'n gesonde demokrasie en respek vir menseregte is, sodat 'n nuwe moraliteit onder al die land se inwoners gekweek kan word. Craffert (2002, 13) sluit hierby aan en wys daarop dat daar nie verwag moet word dat 'n bepaalde verlossingsfiguur bloot sal verskyn en alle probleme sal uitwis nie. Daar moet eerder 'n voortgaande soeke wees na gemeenskapsoplossings vir die probleme in die land. Dit moet gepaardgaan met die erkenning dat sekere probleme nie maklik verwyder of uitgewis sal kan word nie. Mandaza (1999:79) is dit met hom eens dat voortgaande versoening in Suid-Afrika nie 'n maklike proses sal wees nie. Hy is van mening dat versoening en sosiale geregtigheid alleen deel geword het van die nuwe woordeskat van Suidelike Afrika, omdat diegene wat die leierskap oorgeneem het, nie daarin kon slaag om die historiese, politieke en ekonomiese probleme die hoof te bied nie. Volgens hom skep dit eiesoortige probleme, wat nie op die lang termyn volhoubaar is nie.

Hay (1998:137) wys daarop dat rituele belangrike sosiale bindingsfaktore is. Gevolglik beveel hy aan dat sekere rituele geskep moet word waarmee versoening bevestig en uitgebou kan word in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Gedenkdienste, die oprig van nasionale monumente, die herbenaming van strate en woongebiede asook die skep van sportfasiliteite is volgens hom van die sigbare, praktiese stappe wat gevolg kan word om hierdie soort rituele te skep. Thlagale (2006) toon in hierdie verband aan dat sigbare rituele sterk simbolies is en dat die bedoeling daarvan is dat die hele gemeenskap dit kan sien en beleef. Wanneer mense mekaar se hande was, of mekaar se hande aanraak met sekere bestanddele, toon hulle daardeur vir almal in die gemeenskap dat die vyandskap en vervreemding verby is. Moosa (2000:116) verwys ook na die behoefte vir simbole wat by naasbestaandes van slagoffers van menseregte skendings ontstaan: doodsertifikate, besoek aan massagrafte of individuele grafte, en kennis oor die tyd en plek van 'n persoon se dood. Sulke en ander rituele help slagoffers van wandade met die rouproses, herstelproses, konfrontering van die verlede, verdryf van die boosheid van die verlede en viering van vergifnis. Terselfdertyd help dit ook die oortreders om belydenis en berou op sigbare wyse te toon. Oorkoepelend het sulke rituele die gemeenskaplike doel om geregtigheid te vestig, reparasie te bewerkstellig, versoening te bevorder, hoop daar te stel, menslike waardigheid en eer te herstel (Hay, 1998:137).

Meneer Adriaan Vlok, voormalige Minister van Wet en Orde in die apartheidstyd, (aangehaal in Jackson, 2006b:13), meen dat die kolligsituasie van die WVK dit moeilik gemaak het om werklik met gevoel te praat oor wat in die verlede gebeur en hoe oortree is. Hy het in 1999 amnestie by die WVK gekry vir sy aandeel in die bomontploffings by Khotso-huis en Cosatu-huis, waarmee die apartheidsregering gepoog het om die ANC se werksaamhede te ontwrig (Eybers, 2006:10). Volgens hom het die versoeningsproses in Suid-Afrika nie geëindig in 1999 nie. Die versoeningsproses gaan voort en die tweede fase daarvan het nou aangebreek, waarin kleiner gebare na vore kom. Omdat hy besef het wat die waarde van simboliese gebare vir beide die slagoffer en oortreder is, het hy op 1 Augustus 2006 eerwaarde Frank Chikane (tans Direkteur-Generaal in die presidensie) se voete gewas as simboliese gebaar van berou oor sy aandeel aan pogings van die apartheidsregering om Chikane te vermoor en die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (waarin Chikane 'n leiersrol gespeel het) te ontwrig (Eybers, 2006:1). Kort daarna het hy kontak met 'n groepie vrouens wie se geliefdes weens staatsgeweld in die apartheidstyd dood is, heropgeneem en ook hulle voete gaan was. Op hierdie simboliese manier wou hy vergifnis vra vir sy aandeel in die gebeure van die verlede. Volgens Hess (aangehaal in Jackson, 2006b:13) het die waarheid alleen nie die vroue vrygemaak nie. Vryheid het eers

gekom toe hulle en Vlok mekaar in die oë kon kyk. Van Niekerk (2006:10) verwys in hierdie verband tereg na die ongemak wat hierdie tipe ritueel by 'n mens bring. Volgens hom het die ongemak juis ten doel om 'n mens te laat nadink en gebruike te laat bevraagteken. Vanuit so 'n perspektief ontstaan nuwe insigte wat uiteindelik innerlike verandering en versoening met mense tot gevolg het. Volgens Beeld (2006a:10) gaan dit oor die uitbeeld en bevordering van liefde, nederigheid en opofferende diens.

Volgens Chikane (aangehaal in Jackson, 2006d:5) het Oud-minister Vlok se simboliese gebaar van versoening daartoe gelei het dat daar regdeur die land begin praat is oor skuldbelydenis en vergifnis. Krog (2006:19) se waarneming dat Vlok se voetewas-gebaar in werklikheid iets simboliseer van 'n kollektiewe gebaar van vergifnis en versoening namens die hele groep eens magtige Blankes mans wat deel uitgemaak het van die apartheidsregering, het baie waarheid. Volgens haar openbaar hy hiermee 'n aanvoeling vir kollektiwiteit waarby ander baie kan leer.

2.6.4.1. Konklusie oor 'n voortgaande proses van versoening na afloop van die WVK

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die voortgaande proses van versoening na afloop van die WVK in Suid-Afrika:

- Die proses van versoening in Suid-Afrika is nie afgehandel met die einde van die sittings van die WVK nie. Versoening is 'n deurlopende proses wat tans eers in sy beginfase is in Suid-Afrika.
- Die uitdaging vir die Suid-Afrikaanse samelewing is om die proses van versoening in sy verdere ontwikkeling reg te bestuur. Hiervoor moet die kerk dien as primêre werktuig in die hand van God.
- Praktiese stappe soos die transformasie van die samelewing, die vestiging van 'n demokrasie en die aankweek van respek vir menseregte moet voortaan aandag kry.
- Rituele wat simbolies is van vergifnis en versoening speel 'n belangrike rol in die voortgaande proses van versoening. Hierin is die voorbeeld van Oud-Minister Adriaan Vlok, met die voetwassing van eerwaarde Frank Chikane asook 'n groepie vroue wat naasbestaandes weens regeringsgeweld verloor het, 'n kragtige getuienis.

2.7. Samevattende konklusie oor versoening in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor versoening in Suid-Afrika:

- Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van menseregtevergrype. Sedert die koms van die koloniale magte na die vasteland van Afrika, is Swartmense se menseregte op verskillende maniere misken.
- Die miskenning van menseregte het 'n hoogtepunt bereik met die ontwikkeling van die beleid van apartheid onder die NP-regering wat in 1948 aan bewind gekom het.
- Ideologie, tesame met pogings tot sosio-ekonomiese opheffing van die Afrikaner (ná die Anglo-Boereoorlog) kan as aanleidende oorsake vir die ontwikkeling van die beleid van apartheid beskou word.
- Na jare van stryd, wat in intensiteit toegeneem het, is 'n demokratiese verkiesing uiteindelik in 1994 gehou, waarna president Nelson Mandela as eerste Swart president van die Suid-Afrika ingehuldig is.
- Dit was nie primêr die kerk wat die voortou geneem het met die bewerking van versoening in Suid-Afrika nie. Die regering wat in 1994 aan bewind gekom het, het besluit om 'n Waarheids- en Versoeningskommissie op die been te bring vir hierdie doel.
- Die doelwitte van die WVK was hoofsaaklik om die volle waarheid oor die verlede openbaar te maak, slagoffers en oortreders die geleentheid te gee om hulle ervaringe te verwoord, amnestie te verleen en restitusie aan slagoffers te betaal.
- Die WVK se werksaamhede het van 1996 tot 1999 geduur. Die beginsels van *ubuntu* tesame met die persoonlike Christelike oortuigings van die voorsitter en ondervoorsitter met betrekking tot versoening en vergifnis, het gelei tot die suksesvolle afhandeling van die werksaamhede van die WVK.
- Die WVK kon goed genoeg daarin slaag om die waarheid oor die verlede te openbaar, versoening te bewerk, amnestie toe te staan waar van toepassing en in 'n mindere mate, restitusie uit te betaal.
- Daar is internasionaal hoë agting vir die werksaamhede van die WVK van Suid-Afrika en talle regerings het die Suid-Afrikaanse regering genader om hulp vir soortgelyke versoeningsprosesse.
- Die proses van versoening is egter lank nie afgehandel nie. Versoening in Suid-Afrika gaan voort, ondanks die afhandeling van die werksaamhede van die WVK. Die uitdaging is om die verdere ontwikkeling van die proses reg te bestuur.

- Rituele soos die wassing van voete, wat simbolies is van berou en die vra van vergifnis, speel 'n belangrike rol in die verdere ontwikkeling van die versoeningsproses in Suid-Afrika.

3. Eenheid in Suid-Afrika

Versoening lei tot eenheid. Wanneer vyandigheid en vervreemding in die verhouding tussen mense uit die weg geruim word, is die gevolg daarvan dat 'n nuwe eenheid (op verskillende vlakke) ontstaan waarin hulle wat vroeër aparte individue en opponente was, saamwerk en saamleef terwyl mekaar se belange toenemend as gemeenskaplike belange beskou en hanteer word. In Suid Afrika het versoening al in 'n redelike mate posgevat en is daar prosesse aan die gang waarin dit verder ontwikkel word. Ook wat eenheid in die land betref is daar in 'n redelike mate reeds vordering gemaak en het daar 'n bepaalde dinamika losgekom waarmee toenemend gevorder word op die weg na werklike eenheid in die samelewing. Ten einde te kan aantoon watter vordering reeds gemaak is, maar ook watter struikelblokke nog op die weg van werklike eenheid in Suid-Afrika lê, word gevolglik 'n ondersoek gedoen na eenheid (en in sommige gevalle die gebrek daaraan) in die Suid-Afrikaanse samelewing.

3.1. Eenheid en diversiteit in 'n multikulturele Suid-Afrika

Die nasionale leuse van Suid-Afrika, in die Khoisantaal van die */Xam*, is: *!ke e: /xarra //ke*. Letterlik beteken dit: *diverse mense verenig*. Dit gaan daaroor dat elke individu poog om eenheid te bewerk tussen gedagte en optrede. Kollektief is dit 'n appèl wat op die totale bevolking van Suid-Afrika gemaak word om te verenig met 'n gemeenskaplike identiteit en 'n nasionale trots (South African Government, 2005a). Oud-president Nelson Mandela se visie van 'n verenigde reënboognasie in Suid-Afrika, wat bestaan uit verskillende kulture, wys duidelik op 'n siening dat daar 'n intrinsieke verhouding is tussen kultuur en politiek (Schmidt, 1996:350). Volgens Mandela (1996) is 'n gees van bereidwilligheid tot saampraat en samewerking tussen al die gemeenskappe van die land die sleutel vir 'n voorspoedige, regverdige en vreedsame nuwe Suid-Afrika. Die versoenende manier waarop hy in sy ampstermyn as president van Suid-Afrika regeer het, het daartoe gelei dat diversiteit te midde van eenheid erken en gevier is (Jeffreys, 2006b:10). Dit is in hierdie tyd wat die slagspreuk *simunye!* (ons is een) gereeld gebruik is om hierdie benadering van eenheid in verskeidenheid tuis te bring (Mattes, 1999:281).

In die Suid-Afrikaanse Grondwet word sterk klem gelê op die skep van 'n enkele politieke gemeenskap, terwyl terselfdertyd ruimte gegee word vir die bestaan en waarde van

verskillende kulturele gemeenskappe. Eendersheid is nie 'n voorwaarde vir eenheid nie en pluralisme is deel van die werklikheid wat binne sosiale gemeenskappe aangetref word. In die Suid-Afrikaanse konteks is dit nodig om deurentyd te onderhandel oor heterogeniteit en om eenheid en versoening tussen hierdie twee aspekte te bewerk. Dit moet op so 'n wyse geskied dat die handhaaf van eie integriteit op geen manier die integriteit van ander bedreig nie (Zegeye *et al.*, 2000).

Maharaj (1999:5) wys daarop dat "die nasie" tesame met die ideologiese dryfveer van "nasionalisme" vandag al sterker op die voorgrond begin tree – nie alleen in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld. Selfs waar die kanse op politieke of ekonomiese selfbeskikking skraal blyk te wees, is nasionalisme lewend en groeiend. Daar is dus nog geen alternatief ontwikkel vir die konsep van nasionalisme nie, wat al in soveel gevalle gelei het tot misbruik en uitbuiting en uiteindelike konflik op die basis van etniese-, nasionale- en rasse-onderskeidings. Nasiebou het dus te doen met die saamroep van 'n hele reeks politieke identiteite en projekte wat almal meeding om erkenning deur die staat. Hoewel die konsep van "nasie," spesifiek in 'n onderontwikkelde ekonomie, in vandag se wêreld nie die vermoë het om die uitdagings van regering en sosio-ekonomiese geregtigheid die hoof te bied binne 'n sisteem van globale kapitalisme nie, is daar geen alternatief nie en bly die "nasie" 'n onmisbare voorwaarde vir ontwikkelende state - indien hulle in 'n globale ekonomie wil oorleef. Ruim voorsiening moet gemaak word vir diversiteit. Omdat gemeenskaplike waardes kan dien as bindmiddel vir nasiebou, is dit van groot belang dat gemeenskaplike aspekte van die verskillende kulture beklemtoon word, sodat 'n nuwe nasionale identiteit daaruit gebou kan word wat nie beperk is deur die besonderhede of voorkeure van 'n bepaalde kultuur nie.

Multikulturaliteit is 'n werklikheid in Suid-Afrika. Binne die huidige sosiopolitieke konteks is daar weinig kans dat hierdie werklikheid sal vervaag of verdwyn. Dit is dus van kardinale belang dat interkulturele vermoëns aangeleer word. Multikulturaliteit is vroeër beskou as 'n verleentheid en selfs 'n bedreiging. Dit moet egter eerder gesien word as 'n aanwins en nie 'n probleem nie. Elke kultuur het goeie en swak punte (sien ook 2.1 en 2.2 van Hoofstuk 6 hierbo). Kulture kan elemente van mekaar wedersyds beïnvloed, bevestig en korrigeer. Daar is ruim geleentheid vir wedersydse groei en verryking. Deur te vergelyk, leer elkeen om die swakhede en sterkpunte van die eie kultuur beter raak te sien, en kom daar aanvaarding en respek vir mekaar, sonder dat paternalisme 'n rol speel (Van der Walt, 1997:70, 75). Kulture kan mekaar aanvul, juis ook wat onderskeie leemtes by elkeen betref (sien Prah, 2001, asook punt 4 by Hoofstuk 5 hierbo). 'n Verdere voordeel is dat kontak met ander kulture 'n mens forseer om uit jou eie kulturele isolasie en

gevangenskap te beweeg. In die proses is dit egter belangrik dat beide kulture sal poog om nader te beweeg aan die korrekte antwoord op God se skeppingsopenbaring en opdrag tot kultuurarbeid (Van der Walt, 1997:92-96). Van Niekerk (1993:3) wys daarop dat die besef toenemend posvat dat die antwoord vir die soeke van eenheid in Suid-Afrika nie lê in die verwestering van alle kulture nie. Daar moet eerder 'n situasie geskep word waar die individu sowel as die gemeenskap elk 'n regmatige plek kry – maar dan op só 'n wyse dat die inwoners van die land toenemend in eenheid met God en mekaar kan leef. Ook An-Na'im (2002:1) wys daarop dat daar algemeen aanvaar word dat die beginsels van menseregte behels dat almal as gelykes behandel moet word, maar ook gerespekteer moet word in terme van sy eie persoonlike en kollektiewe identiteit.

Alle inwoners van Suid-Afrika het nodig om periodiek weer die groter prent van die omstandighede in die land raak te sien. Almal is onderlinge verbonde aan mekaar en moet dit besef en uitleef (Titus, 2006:14). Die uitdaging is om met die regte benadering en vreeslose gewilligheid te soek na maniere om onderlinge verskille te oorbrug (Van Niekerk, 1993:12). Tog waarsku hy (1993:72-103) dat die antwoord vir Suid-Afrika nie lê in die verabsolutering van die Westerse- of die Afrikakultuur nie. 'n Derde weg moet gevind word, maar dit moet nie bloot 'n vermenging van die Afrika- en Westerse kulture behels nie. Afrika moet volgens Fiedler (1996:164) ernstig opgeneem word en sal nie toelaat dat die Weste eenvoudig vir hom voorskryf nie (Van Niekerk, 1993:88). Met liefde, geregtigheid, vergifnis en realisme sal in Afrika veel verder gevorder word as met die beginsels van vryheid, gelykheid en broederskap in die lig van die Verligting. Nie alle aspekte van mekaar se kulture sal verstaan kan word nie. Daar sal 'n bepaalde spanning bly voorbestaan. Beide kulture sal egter met die oog op die toekoms moet leer om kreatief met hulle verskille om te gaan, want indien dit verkeerd hanteer word, kom daar 'n sogenaamde "middelgrond" tot stand waarin verwarring en wanaanpassing op alle vlakke van menslike saambestaan voorkom.

3.1.1. Konklusie oor eenheid en diversiteit in 'n multikulturele Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor eenheid en diversiteit in 'n multikulturele Suid-Afrika:

- Met die ampstermyn van president Nelson Mandela is begin om diversiteit te midde van eenheid te erken en te vier. Die visie van een reënboognasie vir Suid-Afrika is tekenend hiervan.
- In die Suid-Afrikaanse konteks is dit nodig om deurentyd te onderhandel oor heterogeniteit en eenheid, sodat 'n versoening tussen hierdie twee aspekte bewerk kan word.

- Multikulturaliteit moet gesien word as 'n aanwins en nie 'n probleem nie. Kulture kan elemente van mekaar wedersyds beïnvloed, bevestig en korrigeer, sonder om mekaar te vernietig.
- Elke kultuur moet ernstig opgeneem word. Die oplossing lê nie in die verbasolutering van 'n bepaalde kultuur nie, maar in die erkenning en respektering van elke afsonderlike kultuur.

3.2. Bedreigings vir eenheid in Suid-Afrika

Jeffreys (2006b:10) meen tereg dat die manier waarop Suid-Afrika demokrasie betree het, 'n prysenswaardige voorbeeld is waarteen selfs die felste kritici en wraaksugtiges nie kan stry nie. Die euforie wat kort na 1994 ontstaan het met die inhuldiging van president Nelson Mandela as die eerste demokraties-verkose president van Suid-Afrika en wat aangevuur is deur gebeure soos die Springbokke se oorwinning in die rugbywêreldbeker toernooi in 1995, het egter onrealistiese verwagtinge oor die stand van sake in die land laat ontstaan. Groot verwagting is gekoester dat 'n nuwe reënboognasie sou ontstaan en dat die *Madiba-magic* kragtig genoeg sou wees om die kloof tussen die rasse te oorbrug (Jordaan, 1998).

Sedertdien het die euforie plek gemaak vir realisme oor die omvang van die versoenings- en rekonstruksietaak in Suid-Afrika. Hoewel Mbeki (2004a) van mening is dat niemand, ook nie nasionale-, rasse- en politieke minderhede demokrasie beskou as 'n bedreiging van hulle belange nie en dat die huidige demokrasie in Suid-Afrika inklusief is eerder as om gedryf te word deur sosiale en politieke uitsluiting, word sy mening nie deur al die inwoners van Suid-Afrika gedeel nie. Sedert 1994 het dit spoedig duidelik geword dat daar 'n hele aantal faktore is wat die bevordering van eenheid in Suid-Afrika aansienlik bemoeilik (Jordaan, 1998).

Vervolgens word 'n aantal van hierdie faktore aangetoon en ondersoek.

3.2.1. Bewustheid van rasse-identiteit

Een van die faktore wat 'n groot struikelblok in die pad van eenheid in Suid-Afrika is, is die oormatige bewustheid van rasse-identiteit wat steeds in die land heers. Taylor & Foster (1999:339) waarsku tereg dat Suid-Afrikaners na jare van apartheid sal moet leer om nie langer in rasseterme te dink nie. Indien die rasse- en etniese identiteite, wat vir soveel jare deel was van die Suid-Afrikaanse toneel, kan verdwyn, kan 'n nuwe trots en identifisering met die Suid-Afrikaanse nasie tot stand kom (Bekker *et al.*, aangehaal in Bekker, 2001:3). Nierassigheid is die nie-amptelike staatsbeleid sedert April 1994 (Taylor

& Foster, 1999:328). Tog blyk dit dat 'n nuwe rasbeheptheid van staatsweë tans besig is om pos te vat in Suid-Afrika. Volgens Greyling (2006b:16) kom rassisme teenoor Blankes toenemend voor op individuele, geïnstitusionaliseerde en kulturele vlakke. Daar is lede van die huidige geslag jong Blankes wat glo daar word teen hulle gediskrimineer op grond van hulle velkleur. Regstellende aksie en Swart ekonomiese bemagtiging het sigbare werklikhede geword. Hiervoor word van dieselfde ras-diskriminerende terme van die ou apartheidstyd gebruik gemaak. Blanke inwoners van Suid-Afrika word subtiel na die buitewyke van nasionale aanvaarding gedefinieer. 'n Voorbeeld hiervan is die Departement van Arbeid wat in Mei 2006 sekere regulasies bekend gestel het ingevolge waarvan elke werker voortaan verplig word om op aansoekvorms aan te dui of hy 'n Afrikaan, bruin, Indiër of wit is (Beeld, 2006c:16). In reaksie hierop het 'n groep Blanke studente van die Universiteit van Pretoria hulleself swart geverf en geëis om as Afrikane erken te word wanneer hulle die nuwe indiensnemingsvorms van die Departement van Arbeid invul (De Lange, D., 2006c:6). Hierdie konflik is onnodig en lei tot hernieude rassespanning, wat 'n negatiewe effek op die onderlinge eenheid tussen die verskillende inwoners van die land het. Dit is veral onrusbarend dat dit juis die staat is wat hierdie antagoniserende houding in terme van rasse-identiteit inneem.

Nog 'n aanduiding van rasbeheptheid wat steeds (of dalk opnuut) in Suid-Afrika heers, is die hipersensitiwiteit rondom die gebruik van sekere woorde wat ras (veral enige iets rondom die Swart ras) aandui. So is Coplan (aangehaal in Pretorius, 2006a:12) van mening dat die woord *Boesman* liefs net gebruik moet word wanneer verwys word na jagterversamelaars wat in die 19de eeu geleef het. Die hedendaagse afstammelinge van hierdie mense moet verkieslik *San* genoem word. Daar is egter groeperinge binne die *Khoisan* wat nie van laasgenoemde oorkoepelende benaming hou nie en verkies om eerder *Griekwas* of *Namas* genoem te word. Jordaan, W., (2006c:18) wys hierop dat mense wat voorheen as 'n groep onderdruk is, dit moeilik vind om die pynlike herinneringe en negatiewe beoordeling van hulle mensheid te ontgroei. Telkens wanneer hulle onder kritiek kom, verplaas hulle hulleself (dikwels onbewustelik) terug na die ou bedeling en word 'n diep gesetelde angs oor minagting of onderskatting van hulle mensheid en vermoëns daarmee wakker gemaak. Die moontlikheid is goed dat benamings wat in die apartheidstyd gebruik is om sekere bevolkingsgroepe mee te identifiseer, in die nuwe bedeling steeds die effek kan hê dat dit mense terugverplaas na die ou bedeling en ou negatiewe gevoelens van vooraf weer oopkrap.

3.2.1.1. Konklusie oor 'n bewustheid van rasse-identiteit

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die bewustheid van rasse-identiteit in Suid-Afrika:

- 'n Oormatige bewustheid van ras heers steeds in Suid-Afrika
- Hoewel nierassigheid nie-amptelike staatsbeleid is sedert 1994, blyk dit dat 'n nuwe rasbeheptheid van staatsweë besig is om pos te vat.
- Dieselfde rasseterme van die apartheidstyd is byvoorbeeld weer in gebruik by die invul van aansoekvorms van die Departement van Arbeid.
- 'n Hipersensitiwiteit heers voorts oor die gebruik van sekere terme wat ras aandui, byvoorbeeld *Boesman.* Uit sommige oorde word eerder aangedring op alternatiewe terme wat minder krenkend beskou word deur sekere elemente van die samelewing.

3.2.2. Kulture onbekend vir mekaar

Volgens Van der Walt (1997:102) is die feit dat Blankes en Swartes in Suid-Afrika mekaar persoonlik en ook mekaar se kulture nie goed genoeg ken nie, een van die grootste bedreigings vir eenheid in die land. Mense vanuit hierdie twee verskillende kulturele groeperinge het volgens hom nog nie deurgedring tot die dieper dimensies van mens-wees van mekaar se kulture nie (sien 2.1 in Hoofstuk 2, asook 3.3 in Hoofstuk 5 hierbo). In die tyd van apartheid is mense vanuit die tradisionele Afrika- en Westerse kulture grootliks van mekaar geïsoleer. Die gevolg is volgens Van der Walt (1997:102-122) dat veral Blankes min weet of verstaan van die kultuur van Swartes in Suid-Afrika. In die meeste gevalle is daar bloot 'n oppervlakkige begrip van mekaar se kulture.

Die beperking van Swartes tot sekere woonbuurte aan die buitewyke van dorpe en stede het tot gevolg gehad dat die Afrikakultuur in 'n groot mate ontoeganklik geword het vir lede van die Westerse kultuur. Die uitvloeisel hiervan is dat die Swart bevolking in Suid-Afrika meer weet en verstaan van die Westerse kultuur en in 'n sekere mate meer positief is oor die Westerse kultuur as wat andersom die geval is. Tog verkeer Swartes in 'n groot mate in 'n identiteitskrisis wat die tradisionele Afrikakultuur betref. Sekere elemente daarvan (onder meer die voorvaderverering, klem op metafisiese, *moetie* vir lewenskrag ensomeer) bring hulle in konflik met die uitgangspunte van die Christelike geloof en die rasionele uitgangspunte van die Westerse kultuur, en veroorsaak verwarring en struikelblokke in hulle siening van hulleself sowel as die Westerse kultuur (sien 3.3 tot 3.5 van Hoofstuk 6 hierbo).

Meyer (aangehaal in TRC, 1997) meen dat 'n gebrek aan persoonlike kontak met mekaar en onkunde oor mekaar se kulture daartoe lei dat wanpersepsies tussen die verskillende kultuurgroepe in die land bestaan. Pieterse (1992:9-12) doen aan die hand dat veral lede van die Westerse kultuur 'n herwaardering van die ander kulture om hulle maak. Dit sal volgens hom daartoe lei dat die gevaar van stereotipering mettertyd uitgeskakel word. Stereotipering lei tot wanopvattings en ontkenning wat skadelik kan wees. Diegene wat eerstehandse ervaring het van kontak met mense uit ander kulture, besef volgens hom spoedig dat negatiewe persepsies wat oor die ander kultuur versprei word, die meeste van die tyd nie die waarheid is nie. Dit is hierdie besef wat onder al die inwoners van die land moet posvat.

Blankes is volgens Van der Walt (1997:122) oor die algemeen meer seker oor die waardes van hulle eie kultuur (die Westerse kultuur) as wat Swartes is (hoewel daar ook sekere elemente is wat skaamte en verleentheid by party Blankes bring waaronder Boeremusiek, ossewaens, die dra van die Voortrekkerkappies, ensomeer). Die hooffokus van die Westerse kultuur is op objektiewe en universele waardes. Relatief min waarde word werklik geheg aan die spirituele aspekte van die lewe. Daar word eerder materialisties-meganies te werk gegaan en kennis oor 'n bepaalde onderwerp is dikwels gefragmenteer. Daarenteen is die hooffokus in die tradisionele Afrikakultuur op die metafisiese en veral die rol van die voorvaders in die lewe van elke dag. Wanneer 'n saak ondersoek word, is dit nie met 'n materialisties-meganiese benadering nie, maar deur betrokke te raak by die onderwerp en as't ware daarin te leef. Daar is 'n sterk fokus op kennis van die totaliteit waarin die onderwerp van ondersoek voorkom. Oor die algemeen is die benadering in die Afrikakultuur warmer, meer lewend, persoonlik, emosioneel, affektief en ekspressief as die benadering in die Westerse kultuur en is dit sosiaal hoogs ontwikkeld (Van der Walt, 1997:89, 139). Jackson (2004d:14) verwys in hierdie verband na die manier in die tradisionele Afrikakultuur om al die wyse mense van die gemeenskap bymekaar te bring en elkeen 'n geleentheid te gee om 'n mening te lug, totdat uiteindelik deur middel van konsensus 'n besluit geneem word. Dit verskil radikaal met die Westerse model van opposisiepolitiek, waar opposisiepartye van buite staan en opponerende standpunte lug, sonder om deel te word van die vergadering wat gesamentlike besluite neem.

Teen die agtergrond hiervan, asook van die politieke realiteite van Suid-Afrika, is dit noodsaaklik dat daar gebalanseerde besinning oor elkeen se eie kultuur en kulturele waardes sal wees. 'n Herwaardering van elkeen se eie kultuur, tesame met 'n groter openheid en akkommodering van die ander kulture, is wat Suid-Afrika nodig het vir die

bewerking van eenheid in die samelewing. Gevolglik kan hoegenaamd nie met die standpunt van Mpofu (aangehaal in Pretorius, 2006c:2) saamgestem word nie. Mpofu is van mening dat die "*buitelandse kolonialistiese kultuur en ideologie*" en die Afrikakultuur nie saam moet bestaan of mekaar moet beïnvloed nie, maar eerder in 'n openlike stryd met mekaar moet tree totdat een vernietig word (sien ook Beeld, 2006f:12). Nie alleen maak hy 'n simplistiese stereotipering van beide kulture nie (die aanname dat die Westerse kultuur in alle opsigte verkeerd is en die Afrikakultuur in alle opsigte reg is), maar blyk dit ook uit sy uitspraak dat 'n waardering en akkommodering van mekaar se kulture vir hom nie 'n opsie is nie. Met so 'n benadering sal eenheid onder die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika nie 'n werklikheid word nie.

Teenoor uitlatings soos dié van Mpofu, staan die uitsprake van president Thabo Mbeki. Tydens die ontvangs van die nuwe Grondwet van Suid-Afrika op 8 Mei 1996 het hy sy "*I am an African*" -toespraak gelewer het. In hierdie toespraak het Mbeki (toe nog adjunk-president van Suid-Afrika) dit beklemtoon dat hy 'n Afrikaan is, trots daarop is, maar hom ook totaal een voel met al die mense van Afrika (ook diegene wie se voorouers as Europese immigrante na Suid-Afrika gekom het). As sodanig beskou hy ook die triomf van die nuwe grondwet en die oorwinning oor apartheid as iets wat gedeel word en wat tot voordeel is van al die nasies in Afrika (Mbeki, 1999:15), en nie uitsluitlik van een bepaalde kulturele of etniese groepering nie. Hierdie toespraak van Mbeki het een van die katalisators geword vir die herwaardering van kulture in Suid-Afrika. Met hierdie uitgangspunte stel hy 'n prysenswaardige voorbeeld wat deur al die inwoners van Suid-Afrika nagevolg behoort te word in die soeke na eenheid in 'n multikulturele samelewing.

3.2.2.1. Konklusie oor kulturele onbekendheid in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die onbekendheid van kulture vir mekaar in Suid-Afrika:

- Omdat Swartes en Blankes in die tyd van apartheid van mekaar geïsoleer is, ken mense vanuit die Westerse- en Afrikakulture nie mekaar se kulture goed genoeg nie.
- Dit lei dikwels tot stereotipering en wanopvattings van mekaar se kulture, wat skadelik kan wees vir die ideaal van eenheid in die samelewing.
- Die Westerse- en Afrikakulture is uiteenlopend van mekaar. 'n Gebalanseerde besinning oor elkeen se kultuur is noodsaaklik vir eenheid in Suid-Afrika.

- President Thabo Mbeki se "I am an African"-toespraak stel 'n prysenswaardige voorbeeld van erkenning en waardering vir elke kultuur in die land. Dit behoort nagevolg te word in die soeke na eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika.

3.2.3. Misdaad en geweld in Suid-Afrika

Onder die faktore wat 'n bedreiging vir die eenheid in Suid-Afrika inhou, is misdaad sekerlik die meeste prominent. Ten spyte van president Thabo Mbeki se uitlatings in Februarie 2007 dat dit net 'n persepsie is dat misdaad in Suid-Afrika buite beheer is (Beeld, 2007:14), asook die Minister van Veiligheid en Sekuriteit se versekering in September 2006 dat misdaad in die land 'n keerpunt bereik het, dat die land al veiliger word en dat die toekoms rooskleurig lyk, is die voorkoms van misdaad steeds onaanvaarbaar hoog (Jordaan, W., 2006b:16). Volgens amptelike syfers wat deur die Minister van Veiligheid en Sekuriteit uitgereik is, het moordsyfers tussen April 2005 en Maart 2006 gedaal, maar staan dit steeds op 18 545 vir hierdie tydperk. In dieselfde tyd is 383 transitorooftogte uitgevoer (Raubenheimer *et al.*, 2006:1). In 2005 is 40 uit elke 100 000 landsburgers vermoor. Dit is sowat agt keer hoër as die wêreldwye norm. Hoewel amptelike syfers suggereer dat misdaad sedert 2001 besig om af te neem, voel die inwoners van Suid-Afrika gevolglik steeds onveilig en neem vrees as gevolg van misdaad toe onder al die burgers van die land (sien South African Institue of Race Relations, 2001). Volgens Gastrow (aangehaal in Joubert & La Grange, 2006:19) het 22,5% van die bevolking in 2003 aangedui dat hulle slagoffers van misdaad was, teenoor 24,5% in 2004. Waar 25% van die bevolking in 1998 aangedui het dat hulle onveilig voel, het dit tot in 2003 gestyg tot 58%. Vlakke van vrees en negatiwiteit is beduidend hoër as wat die vlakke van misdaad werklik is. Veral in die Gautengprovinsie bly motorkapings hoog, huisrooftogte en inbrake neem toe, en rooftogte sowel as transitorowe in sakesentra neem toe (Beeld, 2006b:18).

'n Spesifieke kategorie van moord wat kommerwekkende afmetings in Suid-Afrika aanneem, is die moord op (oorwegend) Blanke boere. Sedert 1994 tot op hede is meer as 1800 boere in Suid-Afrika vermoor (sien Wikipedia, 2006j; Genocide Watch, 2002). Volgens Lobaido (2002) was daar in 85% van hierdie moordgevalle nie 'n enkele item gesteel tydens die aanval nie. Vanuit sommige oorde word dit bestempel as 'n volksmoord en etniese suiwering en word die sing van die slagspreuk "*Kill the Boer, kill the farmer*" beskou as aanhitsing van geweld teen Blanke boere in die land. Die rede vir hierdie aanvalle word deur sommige gesoek in die feit dat groot getalle Swartes na die einde van apartheid steeds nie deel is van die ontwikkeling en hoofstroom ekonomiese

geleenthede in Suid-Afrika nie. Die frustrasie en weerwraak as gevolg van die voortdurende onreg sou dan die rede wees vir die vlaag plaasmoorde (Lobaido, 2002).

Venter sowel as Gastrow (aangehaal in Joubert & La Grange, 2006:19) meen egter dat plaasmoorde nie as etniese suiwering beskou kan word nie. Volgens hulle is daar 'n dalende tendens in die voorkoms van hierdie aanvalle en moet dit vanuit 'n neutrale oogpunt beskou word en nie vanuit 'n spesifieke ideologiese raamwerk nie. Du Toit (2002:13) toon aan dat dit problematies is om los van 'n eie ideologiese raamwerk hieroor te dink. Vanuit 'n Westerse oogpunt is plaasmoorde (net soos enige ander moord) 'n skending en vernietiging van mense se grondwetlike reg op fisieke veiligheid, en moet dit met gepaste polisiewerk hanteer moet word, totdat die misdadigers in die tronk beland. Vanuit 'n Afrika perspektief is dit deel van 'n oorlog, waarin die misdadigers as soldate geag word en hulle doelwit is om die historiese onreg met betrekking tot die besit van grond te herstel. Uit bostaande blyk dit dus duidelik dat die hoë voorkoms van misdaad (op verskillende vlakke) 'n ernstige bedreiging inhou vir die bereiking van eenheid in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing.

Pityana (1999:140) is reg wanneer hy beweer dat die gemeenskapslewe in Suid-Afrika ernstig bedreig word deur die hoë voorkoms van misdaad in die land. Mense leef in vrees en voel magteloos ten aansien van die misdaadgolf waarmee hulle daagliks te doen het, en op alle vlakke van die samelewing laat dit die gemoedere hoog loop. Die gevolg hiervan is 'n negatiewe uitwerking op 'n hele reeks ander ontwikkelings in die land. Die gevoel van moedeloosheid en défaitisme wat ontstaan, tesame met die vrees wat dit meebring, verskerp op sy beurt die latente rassisme wat nog in die land leef en strem ekonomiese groei op meer as een manier. Volgens Burger, C. (2006:13) is een van die gevolge van misdaad dat 'n soort slagoffergevoel onder al die inwoners van die land ontstaan. Wat hierdie gevoel vererger, is die feit dat oortreders in talle gevalle bekendes in die gemeenskap is, maar dit blyk dat niemand werklik by magte is om teen hulle op te tree nie. Daar is selfs 'n soort respek vir die misdaadleiers en hulle word vanuit sommige oorde as helde beskou. Dit spreek vanself dat so 'n situasie die gevoel van vrees en onvryheid in die gemeenskap versterk en mense uiteindelik dwing om hulle te onttrek aan normale betrokkenheid in die gemeenskap (Jordaan, W., 2006b:16).

Hoewel Rupert (aangehaal in Wasserman, 2006:1) van mening is dat armoede nie die oorsaak is van misdaad in Suid-Afrika nie, meen Mbeki, M. (aangehaal in Rossouw, 2006a:11) en Gastrow (aangehaal in Joubert & La Grange, 2006:19) tog dat die groot verdeling tussen ryk en arm in die land veroorsaak dat diegene wat ekonomies en

simbolies uitgesluit voel, gedryf word tot geweld teenoor die middelklas, wat vir hulle die simbool is van die mite van sukses.

Behalwe vir die ekonomiese ongelykheid in die land, is die gewelddadige geskiedenis van Suid-Afrika 'n verdere onderliggende faktor wat misdaad aanhelp (Gastrow, aangehaal in Joubert & La Grange, 2006:19). In 'n verslag van die United Nations Office for the Coordination of Humanitarian Affairs (2006) word spesifiek verwys na die politieke geweld wat in die vroeë negentigerjare regoor die land voorgekom het. Veral aan die Oos-Rand was geweld aan die orde van die dag en het sowat 14 000 mense in die tydperk tussen 1990 en 1994 in politieke geweldpleging omgekom. In hierdie geweld was daar hoofsaaklik 'n stryd tussen aanhangers van die ANC en die Inkhata Vryheidsparty (IVP). Die kultuur wat hierdeur geskep is, waarin geweld en wetteloosheid as aanvaarbaar beskou is in die stryd teen politieke vyande, het nie verdwyn met die oorgang na 'n demokratiese bedeling in die land nie. Dit het bloot 'n gedaanteverwisseling ondergaan en manifesteer in die misdaad en korrupsie wat tans beleef word (Venter, aangehaal in Joubert & La Grange, 2006:19). Volgens Zulu (1994) kan die oorblyfsels van die geweldskultuur duidelik gesien word in die manier waarop die beskerming of verkryging van ekonomiese belange (bv. taxi geweld) hanteer word, asook in die boewery en vandalisme wat algemeen in Suid-Afrika voorkom.

Die antwoord op geweldsmisdaad is 'n polisiemag en regstelsel wat effektief funksioneer, tesame met 'n politieke wil om misdaad aan te spreek. In Suid-Afrika is die probleem egter dat die polisiemag, in die huidige politieke klimaat en transformasieproses, onseker en selfs effens verlam voorkom. Wat die situasie vererger is dat korrupsie in die polisiemag wyd voorkom. In 2005 en 2006 is altesaam 529 korrupte polisiemanne uit hulle poste geskors (De Lange, L., 2006c:4). Tesame daarmee veroorsaak die opvolgstryd binne die ANC dat daar nie werklike leierskap is in die stryd teen misdaad nie. Volgens Pityana (1999:147) is dit nie aanvaarbaar nie en moet die ergste morele klag gelê word voor die deur van hulle wat wel iets aan die saak kan doen, maar dit nalaat.

Behalwe vir 'n effektiewe polisiemag, is ook 'n effektiewe regstelsel nodig vir die stryd teen misdaad. In die uitspraak van 'n onlangse strafsaak waarin twee moordenaars aangekla is van moord op 'n vierjarige dogtertjie, het regter Gerhardus Hattingh die Minister van Veiligheid en Sekuriteit se evaluering van die misdaadsituasie in die land skerp betwyfel en aangedring daarop dat 'n referendum oor die herinstel van die doodstraf gehou moet word (Tempelhoff, 2006:1). Greyling (2006c:12) waarsku egter tereg dat 'n oproep om 'n

referendum hieroor te hou, kan lei tot die skep van 'n presedent en die deur kan ooplaat vir 'n hele aantal ander sake waarvoor ook op 'n referendum aangedring kan word. Die gevaar lê volgens hom veral by sekere populistiese politici wat sou kon aandring op referendums rondom sake soos die aanstelling van Jacob Zuma as president, die afskaffing van Afrikaans as amptelike taal, die nasionalisering van goudmyne, die reg om meer as een huis te besit, grondonteiening (soos in Zimbabwe) met die doel om dit vir die armes te gee, ensomeer. Uiteindelik sal dit lei tot die ontrafeling van die grondwet en alles afbreek wat sedert 1994 bereik is.

Kriegler (aangehaal in Beeld, 2006g:18) meen tereg dat die probleem van die huidige misdaadvlaag in die land nie noodwendig met die minimumstrawwe te doen het wat vir sekere oortredings bepaal word nie. Volgens hom lê die probleem by die gebrek aan sekerheid dat oortreders wel gevang en gestraf sal word en is dat van kardinale belang dat die strafregstelsel dienooreenkomstig aangepas word, sodat daar werklike afskrikking vir oortreders sal wees. Hiervoor is dit van kardinale belang dat die regstelsel effektief funksioneer en as afskrikking dien vir misdadigers. Wat hiermee saamhang, is dat die rehabilitasie van gevangenes meer sinvol aangepak moet word in 'n gesamentlike proses waarin kriminoloë, sielkundiges en maatskaplike werkers betrek word (Jansen, aangehaal in Joubert & La Grange, 2006:19).

'n Kommerwekkende uitvloeisel van die feit dat die polisiemag en die regstelsel nie langer vertroue by inwoners inboesem nie, is die bestaan en optrede van vigilante groepe. Hierdie groepe beskou hulleself as die redders van die gemeenskap, neem die reg in eie hande, arresteer vermeende oortreders en vel vonnisse. Daar is geen kontrole oor die optrede van hierdie groepe nie en in talle gevalle lei dit tot geweld en selfs moord op vermeende oortreders. Tog blyk dit dat hierdie soort vigilante groepe redelik steun het in die gemeenskap en kan dit as 'n protesstem teen die onvermoë van die staat beskou word. Onder die vigilante groepe is *Mapogo-a-Mathamaga* een van die bekendste voorbeelde. Teen Januarie 2000 het *Mapogo* reeds sowat 50 000 ingeskrewe lede gehad (sien South African Institute of Race Relations, 2001).

Die vlak van misdaad in die land het die sakeleiers van Suid-Afrika genoop om tydens 'n kwartaallikse vergadering met lede van die kabinet in Augustus 2006, 'n duidelike misnoeë uit te spreek oor die vlakke van misdaad in die land (Wasserman, 2006:1). Nie alleen is verwys na die onaanvaarbaar hoë vlakke van geweldsmisdaad nie, maar is ook verwys na die hoë voorkoms van bedrog en korrupsie wat in die land voorkom nie (sien bv. Beeld, 2006d:18). Met die naderende Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010, is dit van

kardinale belang dat die regering dringende aandag gee aan die probleem van misdaad (Jordaan, aangehaal in Beeld, 2006e:16). In 'n bemoedigende aankondiging het president Mbeki in Oktober 2006 daarop gewys dat die regering oorweeg om kenners van justisie en polisiëring, wat nie meer in die onderskeie dienste is nie, terug te bring om die regering se kapasiteit hierin uit te brei. Met behulp van die sakesektor word ook beplan om die hele ketting van polisie, howe en tronke te verbeter.

Geen instelling gaan dit op sy eie regkry om misdaad in Suid-Afrika te stop nie. Die staat, polisie, kerke, ondernemings, skole ensomeer sal almal moet saamwerk om misdaad die hoof te bied. Burger, C. (2006:13) is waarskynlik korrek in sy mening dat daar 'n verskeidenheid maatskaplike probleme is, gekoppel aan ekonomiese, morele en geestelike probleme wat ten grondslag van misdaad lê. Daarby is dit ook so dat elke kultuurgroep in die land te doen het met 'n geweldsprobleem in hulle eie midde. Daar is algemene instemming dat dit onaanvaarbaar is (Burger, C., 2006:13) en dringend moet aandag kry in alle gemeenskappe. Daarsonder sal eenheid 'n onbereikbare ideaal in Suid-Afrika bly.

3.2.3.1. Konklusie oor misdaad en geweld in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor misdaad en geweld in Suid-Afrika:

- Ten spyte van amptelike versekering van staatsweë tot die teendeel, blyk dit dat die voorkoms van misdaad in Suid-Afrika, in besonder geweldsmisdaad, onaanvaarbaar hoog is.
- Plaasmoorde en gewelddadige aanvalle op Blanke boere is 'n spesifieke kategorie misdaad wat kommerwekkende afmetings aanneem. Uit sekere oorde word hierdie tipe aanvalle beskou as 'n direkte gevolg van gevalle waar blatante aanhitsing tot geweld teen Blanke boere voorkom.
- Ekonomiese ongelykheid, asook 'n geskiedenis van geweld in Suid-Afrika blyk die primêre aanleidende oorsake vir die hoë vlakke van geweld in die land te wees.
- 'n Oneffektiewe polisiemag en regstelsel, tesame met 'n gebrek aan politieke leierskap, vererger die misdaadsituasie tans aansienlik.
- Die misdaadgolf wat op alle vlakke van die samelewing 'n invloed het, veroorsaak 'n reeks negatiewe uitwerkings en verskerp die latente rassisme wat steeds in Suid-Afrika aanwesig is. Dit bring 'n groot bedreiging vir eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing.

3.2.4. Gebrek aan morele waardes in Suid-Afrika

Die onaanvaarbaar hoë vlakke van misdaad in Suid-Afrika het nie uitsluitlik te doen met 'n polisiemag en regstelsel wat nie effektief funksioneer en politici wat nie genoeg leierskap openbaar nie. 'n Toenemende gebrek aan morele waardes kan as net so 'n bepalende faktor in hierdie problematiek uitgewys word. Pityana (1999:137-148) beaam dit wanneer hy pleit om 'n morele herlewing in Suid-Afrika. Hy toon aan dat morele kodes nie iets is wat vlugtig uitgedink word nie, maar wat oor tyd ontvang en bevestig word deur die gemeenskap, wat dit deel maak van sy morele wêreld. Hoewel dit sekerlik nodig is om in hierdie proses deeglik rekening te hou met die kulturele agtergrond van elke gemeenskap in die land (Pityana, 1999:143) kan verskillende style binne 'n kreatiewe en konstruktiewe omgewing tog saamgevoeg word in 'n opwindende, innoverende produk. Wat nodig is, is dat iemand met vertroue in sy eie leierskap en bestuurseienskappe die voortou hierin neem (Orr, 2000a:230). Oliphant (1993:23) wys in hierdie verband ook op die onmisbare rol wat kunstenaars kan speel in die vestiging van 'n nuwe etos in die samelewing.

Volgens Teffo (1999:149) is die filosofie van *ubuntu* 'n belangrike sleutel tot die herlewing van goeie morele waardes in die samelewing. Hy meen dat geestelike, morele en sosiale wedergeboorte die voorwaarde is vir 'n normalisering van die samelewing in Suid-Afrika en Afrika as geheel (1999:165). Dit word egter bemoeilik deur voorvalle soos die heldeverering wat Toni Yengeni, voormalige ANC-parlementslid, gekry het toe hy by die Pollsmoor-gevangenis aangemeld het vir die minstens agt maande tronkstraf waartoe hy gevonnis is op 'n aanklag van bedrog (Du Plessis, C., 2006b:2). Tutu (aangehaal in Maarman, 2006:18) beklemtoon ook die belangrikheid van 'n goeie voorbeeld deur die leierskap van die land in die vestiging van morele waardes. Daarom kan hy ook nie tot 'n ander slotsom kom nie as dat mnr. Jacob Zuma, wat afgedank is as adjunk-president van die ANC, weens swak morele waardes nie geskik is om die volgende president van Suid-Afrika te wees nie.

Jeffreys (2006a:12) meen tereg dat veldtogte soos die Heartlines-veldtog waarmee die SABC op TV- en radiokanale poog om weer morele waardes gevestig te kry, nie sal slaag indien dit deur politici gedryf word nie. Die onlangse hoëprofielpoging tot morele herlewing onder leiding van mnr. Jacob Zuma was volgens hom 'n mislike ervaring en 'n goeie voorbeeld van waarom politici hulle juis nie met sake soos morele herlewing moet bemoei nie. Indien gewone Suid-Afrikaners nie self die projek dryf nie, kan daar nie morele herlewing in die land wees nie. Dit spreek vanself dat indien die kerk nie

daadwerklik betrokke raak by 'n projek om morele waardes in die samelewing te laat herleef nie, die kerk besig sal wees om sy roeping in Suid-Afrika te versaak.

Steyn (2005:12) sluit hierby aan en meen tereg dat Afrika (en Suid-Afrika daarby ingesluit) nodig het om 'n nuwe moraliteit onder mekaar te vestig waarin trots, harde en eerlike werk, voortdurende ontwikkeling en die vermoë om internasionaal op alle vlakke mee te ding die kernwaardes is. Hy meen dat dit geen doel dien om voortdurend te verwys na die onregte van die verlede nie en dat die huidige situasie met ywer en entoesiasme gepak moet word. Die een groot bydrae wat Blankes in Suid-Afrika volgens hom kan lewer, is om hulle landgenote iets te leer van 'n eerbare werksetiek, mededingende vermoëns en waagmoed. Lede van beide die Westerse- en die Afrikakultuur het dus veel om mekaar te bied vir die herlewing van moraliteit in Suid-Afrika. Sou daarin geslaag kan word, kan dit grootliks bydra tot die bereiking van werklike eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing.

3.2.4.1. Konklusie oor 'n gebrek aan morele waardes in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die gebrek aan morele waardes in Suid-Afrika:

- Suid-Afrika het 'n groot gebrek aan morele waardes en het dringend 'n morele herlewing nodig.
- Die beginsels van *ubuntu* kan 'n bepaalde rol speel in die herlewing van goeie morele waardes vir die samelewing. Hiervoor is egter beginselvaste politieke leierskap nodig, wat nie tans die geval is nie.
- Beide die Westerse- en die Afrikakultuur het veel om mekaar te bied vir 'n herlewing van moraliteit in die land.
- Indien die kerk nie betrokke raak by 'n projek om morele herlewing in Suid-Afrika te laat posvat nie, sal die kerk besig wees om sy roeping in hierdie verband te versaak.

3.2.5. Totalitêre regering in Suid-Afrika

'n Verdere faktor wat 'n belemmering vir eenheid in Suid-Afrika is, is die persepsie dat die huidige regering 'n totalitêre regering is, wat magsbehep is en nie werklik geïnteresseerd is in versoening en eenheid nie. Volgens Slabbert (aangehaal in Joubert, J., 2006b:13) is dit duidelik sigbaar in die ANC-regering se benadering ten opsigte van die geskiedenis van die land. Volgens hom poog die regering om die geskiedenis te herskryf deur die rol van sekere persoonlikhede in die vryheidstryd met allerlei mites te oorspeel. Tegelykertyd

lyk dit of daar 'n poging is om die Afrikaner uit die geskiedenis uit te skryf of as enigste skuldige te teken wanneer byvoorbeeld "nuwe" geskiedenishandleidings vir skole opgestel word (Pretorius, aangehaal in Rademeyer, 2006c:9). Die Afrikaner word uitgebeeld as 'n probleem wat niks goed gedoen of bereik het in die geskiedenis nie. Naamsveranderings is volgens hom deel van die pogings om die Afrikaner te diskrediteer. Omdat die ANC boonop in 'n leierskap opvolgstryd gewikkel is, word geen prioriteitsaandag aan bogenoemde kwessie gegee nie en gaan die ideaal van eenheid te midde van verskeidenheid op hierdie manier verlore. Volgens Greyling (2006a:12) behels nasiebou die vestiging van simboliese dinge in die kollektiewe psige van die land. Verandering van name, sonder 'n nederige, deursigtige, verantwoordbare en konsulterende aanslag, werk egter nie hierdie soort nasiebou in die hand nie (sien ook Du Plessis, T., 2006:22; Joubert, J., 2006a:8), maar veroorsaak eerder antagonisme, wantroue en vervreemding.

Volgens Malan (2006:4) is die 20 000 moorde wat per jaar gepleeg word 'n ernstiger aanklag teen die ANC-regering van die post-apartheid era as die menseregtevergrype wat onder die apartheidsregerings gepleeg is. Ten spyte daarvan dat een van die belangrikste pilare van die Grondwet, naamlik die reg op 'n veilige lewe sonder massiewe trauma, ernstig bedreig word, blyk dit dat die regering nie in staat is nie, of nie die politieke wil het om werklike aandag aan die saak te gee. Oproepe en pleidooie aan die regering blyk onbeantwoord te wees, behalwe vir die Minister van Veiligheid en Sekuriteit wat telkens die versekering gee dat die toekoms rooskleurig lyk wat misdaad betref.

Du Toit (2000) verwys na die gevoel van hulpeloosheid en selfs wanhoop wat daar onder alle ouderdomsgroepe in die geledere van die Afrikaanse minderheid bestaan. Afvaardigings wat na die regering gaan om gesprek te voer, word nog ontvang, maar die uitkoms van sodanige gesprekke is dat weinig verander en weinig gedoen word om die vrese van hierdie politieke minderheidsgroep aan te spreek. Die alternatief wat voorgehou word en waarin voorgestel word dat die Afrikaanse minderheid in die land nie hulle heil op politieke vlak moet soek nie, maar eerder hulleself onmisbaar moet maak deur hulle toe te lê op entrepeneurskap, is volgens hom nie haalbaar nie, omdat die staatsideologie van transformasie dit vir lede van minderhede byna onmoontlik maak om hulleself onmisbaar te probeer maak op hierdie wyse. Gevolglik is dit nie vreemd nie dat fenomene ontstaan soos die oordrewe aanhang wat die lied deur die sanger Bok van Blerk oor generaal Koos de la Rey onder Afrikaners gekry het. In wese verwoord die lied die versugting dat die Afrikaner uitgelei word uit 'n situasie waar sy volks- en kultuuridentiteit, asook sy eiesoortige bydrae in die Suid-Afrikaanse konteks misken word.

Veral die Afrikanerjeug identifiseer toenemend met hierdie protes en beskou dit as onregverdige diskriminasie wanneer hulle te na gekom word oor die onreg van die verlede. Omdat hulle na 1994 gebore is, beskou hulle hulleself nie as aandadig aan die onreg van die verlede nie en wil graag, as trotse inwoners van Suid-Afrika, hulle bydrae lewer om die land te help opbou (sien Fitzpatrick, 2007:15; Nell, 2007:3).

Volgens Du Toit (2000) is daar 'n internasionale tendens waarneembaar waarin die regte van minderhede in 'n demokratiese bestel aandag kry. Hy verwys spesifiek na die voorbeeld van die Rambouillet-ooreenkoms waar wapengeweld gebruik is om die regte van minderhede in Joego-Slawië te beskerm. Ook in Brittanje gee die minderhede van Skotte en Walliesers, in Kanada die Quebecane en in Indonesië die Oos-Timorese die grondwetlike toon aan. Die tendens is dat al meer erkenning gegee word aan die beginsel dat minderhede nie aangewese is op 'n getallewedloop teen meerderhede nie, maar op bepaalde regte kan aanspraak maak, juis omdat hulle die minderheid is. Deel van hierdie regte is om te beding vir liggame en strukture met jurisdiksie oor sake wat hulle intiem raak soos taal en kultuur, ekonomiese belange en 'n breë politiek-kulturele invloedsfeer. Om langs hierdie weg te probeer om meer toegeneentheid en inskiklikheid van die ANC-regering af te dwing, sou 'n moontlikheid wees, maar is nie die ideale wyse waarop eenheid in die samelewing bereik kan word nie.

3.2.5.1. Konklusie oor 'n totalitêre regering in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor 'n totalitêre regering in Suid-Afrika:

- Die herskryf van die geskiedenis deur die regering, asook die eensydige (en dikwels kwaadwillige) verandering van name is van die faktore wat antagonisme, wantroue en vervreemding by minderhede in die land opwek. Dit versterk die persepsie dat die ANC-regering totalitêr optree.
- Ten spyte van internasionale tendense waarin minderheidsgroepe toenemend beskerm word teen totalitêre optrede van regerings, voel veral die Afrikaanse minderheid in Suid-Afrika gemarginaliseerd, hulpeloos en selfs wanhopig, omdat die regering klaarblyklik geen erns te maak met vraagstukke wat hierdie groep direk raak nie.

3.2.6. Sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika

Huntley (1999:362) wys daarop dat daar nog talle struikelblokke in die weg van eenheid in Suid-Afrika is. Sy toon aan dat dit 'n vergissing is om te reken dat Suid-Afrika met die inhuldiging van president Nelson Mandela finaal vrygekom het van rassisme, armoede en ongelykheid. Volgens haar het sy inhuldiging alleen maar die begin van 'n nuwe stryd

ingelui: 'n stryd waarin die strukturele oorsake van Swart armoede en Blanke rykdom afgebreek moet word. In hierdie stryd moet gepoog word om vir benadeling te kompenseer, demokratiese waardes te vestig, volhoubare ontwikkeling daar te stel en 'n beter kwaliteit lewe vir almal te verseker. Dit kan net bereik word indien daaraan met volgehoue toewyding en ywer gewerk word. Die waardes van menseregte, demokrasie, nie-rassisme, tesame met herinnering van kollektiewe lyding as gevolg van sosiale strukture wat gebou is rondom selfsugtigheid en onverskilligheid teenoor die medemens in nood, moet dien as wegwysers in die soeke na eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing. Biyela (2001) meen tereg dat die Menseregte Handves, wat in die nuwe grondwet van Suid-Afrika vervat is, as grondslag hiervoor kan dien maar voeg by dat dit nie van veel waarde sal wees indien al die inwoners van die land dit nie onderskryf nie.

Sosio-ekonomiese ongelykhede in Suid-Afrika is iets wat nie weggeredeneer kan word nie. Daar is enorme ongelykhede wat betref inkomste, vermoëns en toegang tot geleenthede (Rogerson, 1995:169). Dit lyk of daar steeds twee aparte nasies in een land woon, wat nie veel met mekaar te doen het nie (sien Mamdani, 1999:126). De Lange, J. (2006:27) toon ook aan dat dit steeds die Blanke komponent van die samelewing is wat op ekonomiese vlak in Suid-Afrika bevoordeel word. Onder Blankes was die werkloosheidsyfer in Maart 2006 4.7%, terwyl dit 31.6% onder Swartes was. Afhangende van die maatskaplik-ekonomiese omstandighede in 'n staat, word 'n werkloosheidskoers van tussen 5% en 7% beskou as volle indiensneming (met ander woorde: geen werkloosheid nie). Ten spyte van regstellende aksie word die Blanke komponent in Suid-Afrika volgens hierdie syfers (4.7%) gereken om geen werkloosheid te ondervind nie. Dieselfde kan nie van die Swart komponent gesê word nie (31.6%).

Volgens Schüssler (2006:28) is Suid-Afrika reeds 'n top-20-ekonomie wat grootte betref en sal binnekort in die boonste 30 lande wees op grond van 'n nuwe indeks van koopkragpariteit. Dit beteken dat Suid-Afrikaners vandag ekonomies meer welvarend is as in enige ander vorige tydperk, ingesluit die vorige ekonomiese hoogtepunt in 1981. Tog is daar steeds grootskaalse armoede in die land. Volgens Ndungane (2000:259) was daar in die jaar 2000 sowat 7 miljoen plakkers, 12 miljoen mense wat nie toegang het tot veilige drinkwater nie en 21 miljoen sonder voldoende sanitasiegeriewe. Hy skryf dit hoofsaaklik toe aan die stelsel van apartheid wat ontwerp is om die Blanke minderheid in die land 'n voordeel bó die Swartes te gee.

Met die bewindsoorname van die ANC-regering in 1994 is 'n ekonomiese program bekend gestel, genaamd die *Reconstruction and Development Program (RDP),*

(Heropbou en Ontwikkelingsprogram – HOP), wat hoofsaaklik ten doel gehad het om die sosio-ekonomiese probleme van die land aan te spreek deur te fokus op behuising, verskaffing van water en elektrisiteit, gesondheidsorg, grondhervorming, werkskepping, maatskaplike welsyn en opvoeding vir die armes (Knight, 2001). In Junie 1996 is 'n makro-ekonomiese vyfjaarplan genaamd GEAR (*Growth, Employment and Redistrubution*) aangekondig (sien South African Government, 1996), wat gemik is op versnelde ekonomiese ontwikkeling, verdere werkskepping en herverdeling van inkomste en sosio-ekonomiese geleenthede vir armes (Knight, 2001). Hoewel hierdie nuwe beleid vanuit talle oorde met entoesiasme ontvang is, is daar tog skeptisisme en negatiwiteit daaroor uit ander oorde. Osborne (aangehaal in Bell, 2006) oordeel dat die basis waarop GEAR geskoei is, naamlik ekonomiese groei wat lei tot meer werksgeleenthede, wat op sy beurt lei tot 'n herverdeling van rykdom in die land, op onwaarskynlike aannames gegrond is. Ander meen dat GEAR nie in sy doelwit geslaag het nie, maar eerder meer lyding vir die massas meegebring het as gevolg van verhoogde werkloosheid en swak dienslewering (sien Vavi, aangehaal in Afrol News, 2006). Ook Ronnie (aangehaal in Bell, 2006) is van mening dat GEAR bloot die rykes in die land bevoordeel en die armes verder marginaliseer. Hoewel die regering in Februarie 2006 'n nuwe ekonomiese inisiatief genaamd *The Accelerated and Shared Growth Initiative of South Africa* (ASGISA) van stapel gestuur het, is kritici ook daaroor skepties, omrede dit volgens talle weer eens net daartoe sal lei dat die rykes in die land bevoordeel word terwyl die armes se situasie nie veel verander nie.

Ekonomiese beleidsrigtings van die regering lê volgens kritici te min klem op herverdeling van rykdom, wat veroorsaak dat die situasie van die armes in die land eerder versleg as verbeter. Ekonomiese groei is tans nie genoeg om sosio-ekonomiese ongelykheid reg te stel nie en daarom is daar steeds miljoene mense in Suid-Afrika wat nie voldoende behuising, basiese dienste of grond het nie (sien Bell, 2006). Omgewingskwessies maak volgens Vogel & Drummond (1995:95) ook deel uit van konflik wat in 'n post-apartheid Suid-Afrika voorkom, terwyl Nagle (1995:117) aantoon dat gesondheidsorg 'n verdere bron van konflik is. Ook opvoeding/onderwys (Lemon, 1995:139) asook behuising (Lupton & Murphy,1995:143) kan in hierdie verband genoem word.

In 'n verder poging om die ongelykhede van die verlede te probeer herstel, het die ANC-regering die beleid van regstellende aksie geformuleer. Hoewel Mandela (1996) klagtes teen hierdie beleid interpreteer as selfsugtig en kortsigtig met betrekking tot die historiese werklikhede van Suid-Afrika, blyk dit tog dat daar al hoe meer kapsie gemaak word

daarteen (De Lange, D., 2006b:4) omdat dit toenemend blyk dat dit nie werklik bydra tot die oplossing van die sosio-ekonomiese probleme van die land nie (sien 3.2.9 hieronder).

Hoewel Gerwel (2000:285-286) meen dat daar al merkwaardige vordering gemaak is op hierdie gebied en reken dat belangrike ooreenkomste hieroor reeds bereik is, waarsku Walaza (2000:255) dat die belangrikheid van die daadwerklike verligting van armoede in die versoeningsproses nie uit die oog verloor moet word nie. Jeffreys (2006b:10) deel sy mening en voeg daarby dat, in weerwil van Mbeki (2004a) se versekering van die teendeel, die huidige regering 'n gebrek het aan visie betreffende die hantering en oplos van die vraagstuk van sosio-ekonomiese ongelykheid. Die regering het volgens hom, ten spyte van wetgewing wat 'n sekere bedoeling weergee, nie die nodige kwaliteite en bevoegdheid om hierdie kwessie sinvol te kan hanteer en verbeter nie.

Dit is daarom nie verbasend nie, dat Suid-Afrikaners volgens Pienaar (2006:1) oor die algemeen onder die 70 ongelukkigste nasies ter wêreld gereken word in 'n studie waar bevind is dat gesondheid, rykdom en toegang tot opvoeding die grootste bydraende faktore is wat mense se geluk bepaal. Wat wel merkwaardig is, is dat 'n studie van Research Surveys bevind het dat Swartes in Suid-Afrika by verre die mees optimistiese rassegroep in die land is. Daarteenoor is die Blankes heelwat minder positief, wat toegeskryf kan word aan die feit dat Blankes onder die ANC-regering minder geleenthede as in die verlede gebied word (De Lange, D., 2006b:4).

Dit blyk dus duidelik dat die voortdurende sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika 'n belemmering is vir die bereiking van eenheid in die samelewing.

3.2.6.1. Konklusie oor sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika:

- Daar is steeds groot sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika. Op ekonomiese vlak is dit steeds die Blanke komponent van die samelewing wat bevoordeel word.
- Hoewel die ANC-regering verskeie ekonomiese inisiatiewe geloods het in 'n poging om hierdie ongelykheid reg te stel, is dit nie werklik geslaagd tot op hede nie. Die beleid van regstellende aksie wat as deel hiervan geformuleer is, is kontensieus en veroorsaak groot antagonisme vanuit sekere oorde.

- Die gevolg is dat Suid-Afrika tel onder die 70 ongelukkigste nasies ter wêreld. Merkwaardig genoeg blyk dit dat die Swartes in Suid-Afrika by verre die mees optimistiese rassegroep in die land is.

3.2.7. Grondbesit

Grondbesit is 'n verdere faktor wat die eenheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika bedreig. Buckle (1995:65) toon aan dat grond in die Afrikakultuur beskou word as oneindig meer as bloot 'n middel waarmee landbouprodukte geproduseer word. Omdat lewenskrag in die Afrikakultuur te doen het met lewe en die vermoë om lewe in stand te hou, word die besit van grond beskou as integrale deel van die identiteit en lewe van 'n persoon. Om te kan lewe is grond onontbeerlik. Om daarvan afgesny te wees, is dieselfde as om dood te wees (Ramose, 2003d:461). Grond is die fondament van fisiese en spirituele bestaan en is die sentrum waaruit alle lewe voortkom (sien ook 2.2.2.5 van Hoofstuk 6 hierbo). In die apartheidstyd is die Swart bevolking van Suid-Afrika verdryf en verskuif sodat hulle uiteindelik net sowat 10% van die beskikbare grond in die land besit het, ten spyte van die feit dat hulle sowat 90% van die totale bevolking uitmaak (Buckle, 1995:65). Dit is duidelike uitbuiting en magsmisbruik en hou 'n groot bedreiging in vir eenheid in die land.

Hoewel die regering hom verbind het aan 'n proses waarvolgens grond wat onregmatig afgeneem is weer aan die oorspronklike eienaars teruggegee word, het die vrees ontstaan dat ook hierdie proses nie regverdig hanteer sal word nie. Volgens Mulder (2006:9) het die Minister van Landbou en Grondsake op 5 Oktober 2006 egter opnuut die onderneming gegee dat die regering nie van plan is om hom aan grondvergrype skuldig te maak soos in die geval van Zimbabwe nie. Die proses sal egter, binne die perke van wetgewing wat daaroor goedgekeur is, aangepas word indien dit blyk dat huidige eienaars nie bereid is om die grond aan die oorspronklike eienaars te oorhandig nie. Waar nodig, eien die regering gevolglik homself die reg toe om onteiening toe te pas indien die verkopers nie wil instem tot die aangebode koopprys nie. Volgens Gwanya (aangehaal in Pretorius, 2006b:6) volg die onteieningsproses indien daar 'n dispuut oor prys ontstaan, wat ná drie waardasies nie opgelos kan word nie. Nadat die *kennisgewing van voorneme om te onteien* aan die eienaar beteken is, het die eienaar 30 dae om redes aan te voer waarom dit nie moet gebeur nie. Die Minister van Landbou en Grondsake oorweeg die redes en besluit of met die onteiening voortgegaan word of nie. In geval wel met onteiening voortgegaan word, word die prys van die mees onlangse waardasie aan die eienaar uitbetaal. 'n Eienaar wat nie by die Minister se besluit berus nie, kan 'n saak by die Grondeisehof aanhangig maak. Die regering se oogmerk is om alle grondeise teen

2008 afgehandel te hê, sodat daar gevorder kan word oppad na die uiteindelike doelwit om 30% van alle landbougrond teen 2014 herverdeel te hê (Mulder, 2006:9).

Hoewel dit sekerlik prysenswaardig is dat die ANC-regering die onregverdige ongelykheid in terme van grondbesit in die land probeer regstel, word die integriteit van die regering hierin nie allerweë erken nie. Volgens Greyling (2006d:18) is die regering se onwilligheid om te erken dat die Swart volke ook nie inheems is aan Suid-Afrika nie, maar 'n paar honderd jaar voor Jan van Riebeeck se koms na die Kaap van hoofsaaklik Wes-Afrika in die gebied inbeweeg het en die inwoners van destyds, die San, verdryf het, tekenend van die dubbele standaarde waarmee die debat oor kolonialisme en grondbesit gevoer word. Die besit van grond is 'n hoogs emosionele saak en die verkeerde hantering van hierdie kwessie kan 'n groot struikelblok wees in die pad van eenheid in Suid-Afrika.

3.2.7.1. Konklusie oor grondbesit in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor grondbesit in Suid-Afrika:

- In Suid-Afrika is daar 'n groot ongelykheid betreffende die besit van grond. Soveel as 90% van die totale bevolking besit maar sowat 10% van beskikbare grond in die land.
- In die Afrikakultuur word grond beskou as 'n onmisbare deel van die identiteit en lewe van 'n persoon. Dit word beskou as die sentrum waaruit lewe ontstaan.
- Wetgewing word tans in werking gestel waarmee gepoog word om die ongelykheid in terme van grondbesit reg te stel. Die integriteit van die regering blyk egter nie altyd bo verdenking te wees hierin nie.
- Grondbesit is 'n emosionele kwessie en kan 'n groot struikelblok wees in die pad van eenheid in Suid-Afrika, indien dit nie reg hanteer word nie.

3.2.8. Arbeid in Suid-Afrika

Hoewel die ANC-regering die ideologie van Marxisme vaarwel toegeroep het en 'n gesonde makro-ekonomiese program van stapel gestuur het (sien Guest, 2004), is daar talle probleme op arbeidsvlak wat lei tot konflik en 'n bedreiging vir eenheid in die land. Gallup International se navorsing toon volgens Brand (2006) aan dat werkskepping een van die belangrikste bekommernisse van Suid-Afrikaners is. In plaas daarvan dat die regering alles in werking stel om meer werkskepping aan te moedig en ekonomiese groei te stimuleer, verkies die regering om eerder te fokus op die herverdeling van rykdom (Guest, 2004).

In 'n poging om die ongelykhede van die apartheidsverlede uit te wis, het die Departement van Arbeid in 1995 die *Labour Relations Act* en in 1997 die *Basic Conditions of Employment Act* opgestel, waarmee arbeidsverhoudinge en optrede gereguleer word (Msimang, 2001). Botha, R. (2006b:30) verwys na hoë vlakke van misdaad, werkloosheid, rigiede arbeidsmark-wetgewing, 'n hoë voorkoms van mense met MIV vigs (sien ook Guest, 2004), oormatige regulering asook vaardigheidstekorte in die land as van die grootste oorsake waarom Suid-Afrika op die Wêreld Ekonomiese Forum se jaarlikse Internasionale Verslag oor Mededingendheid, 5 posisies teruggesak het tot by nommer 45. Volgens hom word die Departement van Arbeid se aandag so in beslag geneem deur 'n heksejag op maatskappye wat nie die regering se swartbemagtigingsteikens haal nie, dat weinig aandag geskenk word aan werkskepping oor die algemeen.

3.2.8.1. Konklusie oor arbeid in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor arbeid in Suid-Afrika:

- Daar is tans talle probleme op arbeidsvlak in Suid-Afrika. Dit is 'n bedreiging vir eenheid in die land.
- Die regering se fokus op die herverdeling van bestaande rykdom, in plaas van die aanmoediging van werkskepping en ekonomiese groei vererger die problematiek.
- Wetgewing in die verband blyk tans oneffektief te wees vir die vestiging van 'n mededingende arbeidsmag in Suid-Afrika.

3.2.9. Regstellende aksie in Suid-Afrika

Een van die aspekte van die ANC-regering se beleid wat by uitstek die potensiaal het om eenheid in die land te belemmer, is die beleid van regstellende aksie. Regstellende aksie is 'n bekende instrument waarmee wêreldwyd gepoog word om (veral sosio-ekonomiese) ongelykheid van die verlede reg te stel. In hierdie verband verwys die FW de Klerk Stigting (2005) byvoorbeeld na state soos Maleisië en die VSA, waar aktiewe regstellende aksieprogramme geloods word, elk met 'n eiesoortige agtergrond en uitwerking. Scholtz, L. (2006:12) wys tereg op 'n aantal legitieme redes vir die instel van regstellende aksie in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Diegene wat aan die ontvangkant van apartheid was, probeer met hierdie beleid om die ongelykhede van die verlede uit te wis. In die apartheidstyd het groot getalle nie-Blankes onder meer geen toegang gehad tot ordentlike akademiese en beroepsopleiding en derhalwe ook nie gelyke geleentheid gehad om te kompeteer vir werksgeleenthede nie. Dit is 'n onreg wat reggestel moet

word. Msimang (2001) wys ook daarop dat veral vroue (merendeels Swart vroue, maar selfs ook Blanke vroue) tydens die apartheidstyd benadeel is en regstelling nodig het (sien ook Biyela, 2001; Dubourdieu, 1996).

Die sleutelwetgewing waarmee regstellende aksie in Suid-Afrika uiteindelik vorm gekry het, is die *Employment Equity Act* van 1998. Hiervolgens moet gelykheid in die werkplek bereik word deurdat gelyke geleenthede en billike behandeling bevorder word en onregverdige diskriminasie beëindig word. Omdat sosiale en ekonomiese kragte die voortsetting van apartheidstrukture aanhelp, is besluit dat die regering deur middel van wetgewing moes ingryp ten einde ongelykheid uit te wis. Regstellende aksie word geïmplementeer ten einde die ongelykhede van die verlede uit te skakel deur gelyke verteenwoordiging in alle werkskategorieë en vlakke van die arbeidsmag (Msimang, 2001). Ingevolge hierdie wetgewing moet werkgewers met 50 of meer werkers in diens en 'n jaarlikse omset van R4 miljoen of meer, 'n sogenaamde *Equity Plan* opstel, waarin aangedui word hoe die maatskappy binne 'n tydperk van vyf jaar sy verbintenis tot gelykheid in die werkplek prakties gaan uitvoer. Hierdie plan moet op jaarlikse basis ingedien word by die *Employment Equity Commission* (Msimang, 2001). Hierdie tipe onbuigsame arbeidswetgewing word uiteraard nie vanuit alle oorde goed ontvang nie. Sekere ekonome is van mening dat dit op die lange duur 'n negatiewe ekonomiese groei veroorsaak, omdat dit 'n groter onus plaas op die regte van werkers as die moontlikheid van besighede om kreatiewe besluite binne 'n strawwe ekonomiese omgewing te kan maak.

In 1998 het die *White Paper on Affirmative Action in the Public Service* (Witskrif op Regstellende Aksie in die Openbare Sektor) die lig gesien (sien Department of Public Service and Administration, 1998). Hierin word bevestig dat die regering met regstellende aksie beoog om die arbeidsmag van Suid-Afrika demografies verteenwoordigend van die land te maak, met 75% Swartes en 50% vroue en sowat 5% gestremde persone in elke werkplek (Guest, 2004). Volgens Scholtz, L. (2006:12) doen 'n rigiede, ideologies gedrewe kwotabenadering van die ANC-regering, waarin die demografiese verdeling van die breë bevolking as uitgangspunt geneem word vir die verspreiding van die rassegroepe in verskillende posvlakke, meer skade as wat dit werklik opbou. Hoewel daar nie in alle gevalle genoeg gekwalifiseerde Swartes in die land beskikbaar is nie (byvoorbeeld geoktrooieerde rekenmeesters, aptekers ensomeer) word groot getalle Blanke werkers uit diens gestel ter wille daarvan om by die voorgeskrewe kwotas van die regering te hou (Guest, 2004). Veral in die Openbare Sektor veroorsaak dit dat noodsaaklike dienste nie gelewer word nie of dat dit nie koste-effektief gedoen word nie.

Buitensporige tenders vir staatskontrakte word aan Swart kontrakteurs toegestaan, terwyl beter kwaliteit en meer koste-effektiewe tenders van Blanke ondernemings doelbewus oor die hoof gesien word (Guest, 2004).

Hoewel die beleid van regstellende aksie in sommige gevalle reeds tot positiewe gevolge gelei het en Swart mans en vroue toenemend in byvoorbeeld bestuursposte aangestel word (Dubourdieu, 1996), kan die wysheid van 'n rigiede toepassing van hierdie beleid tereg bevraagteken word. Volgens Koekemoer (1998) is een van die newe-effekte van regstellende aksie dat sekere Swart persone, met die regte kwalifikasies, hoogs bemarkbaar geword het en binne 'n kort tyd verskuif van die een werk na die ander. Omdat daar 'n tekort is aan Swartes met die regte kwalifikasies, slaag min maatskappye daarin om die regte persone aan te stel en te behou. In gevalle waar Swart personeel aangestel word en opleiding gegee word vir 'n bepaalde pos, gebeur dit dikwels dat sulke persone na afhandeling van die opleiding eenvoudig 'n pos elders aanvaar. Ander maatskappye stel bloot Swart persone aan om aan die kwotas te voldoen, maar laat hulle nie op betekenisvolle wyse deelneem aan die bestuur van die besigheid nie (Dubourdieu, 1996). Die effek wat die oor die lang duur vir die maatskappy en uiteindelik die landsekonomie as geheel het, is nie goed in berekening gebring nie.

Die beleid van *Black Economic Empowerment (BEE),* oftewel Swart Ekonomiese Bemagtiging, is 'n verdere strategie wat daarop gerig is om die ekonomiese ongelykhede tussen Swart en Blank reg te stel. Hierdie beleid hou in dat maatskappye wat in Blanke besit is, groot hoeveelhede aandele aan Swart besigheidslui oorhandig. Die regering se doelwit is dat sowat 25% industrieë teen 2010 onder Swart beheer moet wees. Wat in beginsel 'n effektiewe beleid sou kon wees, beteken tans in praktyk egter dat bloot 'n klein aantal senior lede van die ANC hieruit voordeel trek, onder die voorwendsel dat hulle daartoe bydra dat rassisme uit die ekonomie geneem word. Die onreg hiervan word duidelik raakgesien deur die ANC se alliansievennote, verskillende vakbonde asook emeritus aartsbiskop Desmond Tutu wat nie skroom om uit te wys dat Swart Ekonomiese Bemagtiging alleen maar 'n klein hoeveelheid Swart elite bevoordeel ten koste van die breë massas wat steeds onder die broodlyn lewe nie (Guest, 2004).

Sommige is van mening dat dit op die lange duur beter sou wees om eerder te poog om meer werkgeleenthede te skep as om die beginsels van die *Employment Equity Act* ten alle koste na te jaag (Msimang, 2001). Voorts sal dit ook die doel beter dien om eerder te fokus op volwasse opleiding, waar daar kandidate is wat geskik is vir 'n pos, maar nie die verlangde kwalifikasie het nie (Dubourdieu, 1996).

Bean (2003) vind dit vreemd dat Blankes die beleid van apartheid veroordeel, maar nie die nodigheid en betekenis van regstellende aksie kan insien nie. Volgens hom is dit nie 'n perfekte oplossing nie, maar dat regstellende aksie 'n belangrike doel het om die ongelykhede van die apartheidsverlede te probeer regstel. Die vraag kan egter met reg gevra word of hierdie beleid op die lang termyn nie meer skade as goed doen nie. Volgens Buys (2006:22) is regstellende aksie saam met geweldsmisdaad die hoofredes waarom sowat 'n miljoen Blanke Suid-Afrikaners die land die afgelope dekade verlaat het (sien ook Eriksson, 2000). Die probleem kom volgens Scholtz, L. (2006:12) daarby in dat die huidige proses van regstellende aksie dikwels daarop neerkom dat Blanke kundigheid en ervaring vervang word met Swart onkundigheid en onervarendheid. Dat Blanke werksaansoekers en beursaansoekers van die begin af in kennis gestel word dat hulle aansoeke nie eens oorweeg sal word nie skep 'n nuwe tipe onreg (Koekemoer, 1998; Logan, 1998)

Volgens Koekemoer (1998) is die volgende besorgdhede oor die beleid van regstellende aksie algemeen onder Blankes:

- daar is nie vir hulle 'n toekoms in die land solank hierdie beleid geld nie;
- kundigheid gaan verlore weens uit diensstelling van Blankes werknemers en dit lei tot foute wat ten koste van 'n maatskappy se aandeelhouers en die belastingbetalers gemaak word;
- individuele besluitneming, koste-effektiewe prosesse en beleid, hoë produktiwiteit en die inspraak van aandeelhouers word weggekalwe ter wille van beginsels wat nie in die internasionale sakewêreld gepas is nie;
- standaarde vir dienslewering word verlaag. Kontak tussen kliënte en die organisasie word 'n frustrerende geleentheid;
- onderprestasie kom voor vanweë verhoogde stres. Blankes vrees dat hulle uit diens gestel gaan word, terwyl Swart werknemers onder verhoogde druk geplaas word en fyn gemonitor word om te bepaal of hulle presteer of nie. Vanweë hulle eiesoortige kulturele agtergrond, is dit dikwels problematies om by oorwegend Westerse besigheidsbeginsels te hou.

3.2.10. Konklusie oor regstellende aksie in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor regstellende aksie in Suid-Afrika:

- Die regering probeer tans deur wetgewing om die ongelyke situasie met betrekking tot werkgeleenthede in die land reg te stel.

- Die negatiewe gevolge van hierdie beleid kan gesien word in 'n gebrek aan produktiwiteit en dienslewering, veral in gevalle waar werksgeleenthede gereserveer word vir diegene wat nie gekwalifiseerd is vir die werk nie.
- Sommige Swart persone buit die situasie uit deur voortdurend te jag na beter werksgeleenthede by 'n volgende maatskappy. Dit veroorsaak 'n gebrek aan stabiliteit en kontinuïteit by talle besighede.
- Die streng wetgewing met betrekking tot gelyke in diensneming veroorsaak 'n groot administratiewe las en 'n onbuigsame besigheidsomgewing.
- Globaal gesien word baie skade aan die ekonomie aangerig as gevolg van ondeurdagte regstellende aksie in Suid-Afrika.

3.2.11. Persepsies oor die regering se onvermoë om te regeer

Jeffreys (2006b:10) is van mening dat die huidige regering in Suid-Afrika nie die wysheid, deurdagtheid, doelgerigtheid en sin vir regverdigheid het wat nodig is om die nalatenskap van apartheid, ook op die onsigbare psigiese vlak, te ontrafel en omvorm nie. Hy meen tereg ook dat om rewolusie te stig veel makliker is as om te herbou, veral as die heropbou proses net behels dat die bestaande ideologiese superstruktuur omvorm word en nie summier afgebreek en vervang word met 'n nuwe een nie.

Hoewel Holland (aangehaal in Roos, 2006b:19) meen dat dit maklik is vir diegene wat destyds vir apartheid verantwoordelik was, om terug te sit en alles wat verkeerd loop in die huidige bestel te kritiseer, meen Brink (aangehaal in Louw, L., 2006b:1) dat die huidige regering bestaan uit 'n "nuwe elite" wie se eerste belang skynbaar is om hulle eie sakke te vul saam met dié van hulle familie en vriende, terwyl hulle nie huiwer om selfs op slagoffers van moord, verkragting en geweld te trap nie, of diegene wat durf protesteer beveel om stil te bly of die land te verlaat. Volgens Maarman (2006:18) is dit magsbeheptheid, geldgierigheid, beterweterigheid en hardkoppigheid wat die ANC laat vergeet van sy eertydse ideale vir 'n beter Suid-Afrika. Dit het onder meer ook veroorsaak dat daar byna oral ANC-funksionarisse is (verbloem as munisipale bestuurders) wat "obsene" salarisse verdien terwyl die massas steeds daagliks sukkel om te kan oorleef (sien ook Viljoen, 2006:11).

Volgens Smith (aangehaal in Steyn, 2005:12) het Afrika die ryk geword van vervalsings (van matrieksertifikate tot identiteitskaarte), terwyl daar grootskaalse wanbestuur, diefstal van staatsgeld en enorme korrupsie voorkom. Infrastruktuur in Suid-Afrika, waar onder veral paaie, elektrisiteitsnetwerke, watervoorsieningsfasiliteite en openbare geboue gaan

vinnig agteruit en word nie genoegsaam in stand gehou nie. Dit bring die persepsie onder veral Blanke Suid-Afrikaners dat die regering (nasionaal en op plaaslike vlak) nie bevoeg is en ook nie belang stel om prioriteitsaandag te gee aan die instandhouding van infrastruktuur nie (Pelser, 2006:2). Rossouw (2004) meen tereg dat daar veral by Afrikaners die persepsie bestaan dat hulle alleen welkom is by nasionale geleenthede indien hulle inval by die organiseerders se voorkeure. Wanneer hulle as gevolg hiervan en ander faktore sodanige geleenthede nie bywoon nie, word hulle daarvan beskuldig dat hulle hulle onttrek omdat hulle nie bereid is om deel te wees van die nuwe orde in die land nie. Daar is dus 'n wydverspreide persepsie dat die regering nie genoeg werk daarvan maak om alle belangegroepe inklusief te betrek nie.

3.2.11.1. Konklusie oor persepsies rondom die regering se onvermoë om te regeer

Die volgende konklusie kan gemaak word oor persepsies rondom die regering se onvermoë om te regeer:

- Dit blyk toenemend dat selfverryking eerder as goeie regering vir 'n groeiende getal leiers en staatsamptenare voorop staan.
- Infrastruktuur gaan toenemend agteruit.
- Daar word nie genoeg gedoen om alle belangegroepe inklusief te betrek as deel van 'n verenigde nuwe Suid-Afrika nie.
- Dit blyk dat die ANC se eertydse ideale vir 'n nuwe Suid-Afrika toenemend besig is om te vervaag.

3.2.12. Geslote gemeenskappe in Suid-Afrika

Die werklikheid van die Suid-Afrikaanse samelewing is dat daar steeds verskeie gemeenskappe is wat vir mekaar geslote is. Keteyi (1998:14) wys daarop dat die beleid van apartheid 'n bepaalde sosiale orde aan die inwoners van Suid-Afrika opgedwing het. Dit het menseverhoudinge en die natuurlike sosiale orde in die land totaal ontwrig. Die gevolg hiervan was dat die openheid van kulture afgestomp is en gemanipuleer is, sodat daar in werklikheid verskillende gemeenskappe ontwikkel het, wat geslote vir mekaar was. Die nalatenskap hiervan is nog nie uitgewis nie en dit is 'n ernstige bedreiging vir eenheid in die land.

Ten spyte hiervan is een van die belangrike gebeure in Afrika dat tradisioneel geslote gemeenskapsisteme tans tot oop sisteme getransformeer word. Informasie- en kommunikasietegnologie speel hierin 'n bepalende rol. Kommunikasietegnologie stel gebruikers in staat om tradisionele grense (geografies en kultureel) oor te steek. Virtuele

gemeenskappe word geskep waartoe enige iemand kan behoort (Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:181). Die effek hiervan kan volgens Burger (2000) ook in die geledere van die Afrikaner bespeur word. Volgens hom bestaan die Afrikaner nie meer as enkele groep nie. Daar is nie meer 'n enkele gemeenskaplike historiese identiteit of toekomsvisie nie. Daar is eerder 'n proses aan die gang waarvolgens elke individu 'n eie identiteit skep deur sy eie lewensverhaal as die norm te gebruik. Dit word vermeng met die verhale van ander, sodat 'n meer verteenwoordigende beeld van herkoms en identiteit geskep kan word.

Ten einde werklike eenheid met sy medelandgenote te kan hê, sal 'n herevaluering van die identiteit van die Afrikaner moet plaasvind, deurdat beide positiewe en negatiewe waardes van sy kultuur deeglik ondersoek word en 'n brug geslaan word van die verlede na die toekoms. In hierdie proses sal rekening gehou moet word daarmee dat daar 'n herdefiniëring gemaak sal moet word van die kultuureie en –identiteit van die Afrikaner en dat dit in terme van en in kontak met ander kulturele groeperinge gedoen sal moet word (Wolf, 2006). Op dieselfde wyse sal hierdie proses in die ander gemeenskappe van Suid-Afrika moet plaasvind. Dat daar steeds 'n gebrek aan ware eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing is, is moontlik daaraan te wyte dat hierdie proses nog nie werklik in die verskillende kulturele gemeenskappe van Suid-Afrika deurgevoer is nie.

3.2.12.1. Konklusie oor geslote gemeenskappe in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor geslote gemeenskappe in Suid-Afrika:

- As gevolg van die nalatenskap van apartheid is verskeie gemeenskappe in Suid-Afrika steeds geslote vir mekaar. Dit belemmer eenheid in die land.
- Informasie- en kommunikasietegnologie speel egter toenemend 'n rol om kulturele struikelblokke in hierdie verband af te breek.
- Alle kulture en gemeenskappe sal 'n herevaluering van hulleself moet maak in terme van kontak wat hulle het met ander groeperinge in die land.

3.2.13. MIV Vigs in Suid-Afrika

Volgens Statistiek SA was daar teen 2006 sowat 5.2 miljoen van Suid-Afrika se inwoners wat 2006 MIV-positief getoets het. Dit verteenwoordig sowat 11% van die bevolking (Slabbert, 2006:22). Hoewel daar tans geen bevredigende model beskikbaar is waarmee die impak van MIV Vigs op die demografie van Suid-Afrika bepaal en geprojekteer kan word nie (Mostert *et al.*, 1994:209-210), dui voorlopige navorsing volgens Lowies (2004:9) daarop dat die impak reeds beduidend is. Volgens hom gaan die aantal werkers

wat in die volgende dekade aan vigs sterf, gelykstaande wees aan 40% tot 50% van die totale werkerskorps in sommige Suid-Afrikaanse maatskappye. Waar vigsverwante eise in 2001 sowat 15% van die totale aantal ongeskiktheidseise uitgemaak het, het dit in 2002 gestyg tot 31% en word dit voorspel dat die koste van werknemerbydraes vir lewensversekering deurentyd beduidend sal styg. Klein en middelslag ondernemings se bedrywighede en bestaan word daadwerklik bedreig deur die stygende voorkoms van vigs onder werknemers omdat produksie verlaag en onkostes vir mediese voorkoming van vigs toeneem. In 'n verslag van die Wêreldbank (aangehaal in Lowies, 2004:9) word beraam dat die bruto binnelandse produk per persoon in Suid-Afrika teen 2080 sal val tot R6 610, waar dit in 2004 op R17 186 gestaan het. Volgens Guest (2004) beteken dit dat die armes in die land op die lange duur nog armer gaan word weens die effek wat vigs op die ekonomie van die land het.

Ten spyte van die dreigende gevaar wat hierdie siekte vir die totale bevolking van Suid-Afrika inhou, is die Minister van Gesondheid, dr. Manto Tshabalala-Msimang, se raad aan die land se siekes dat hulle knoffel, beet en gemmer moet eet om gesond te bly. Daarmee toon sy duidelik dat sy ver verwyderd is van die werklikhede van die siekte waarmee gewone mense daagliks te doen kry. Haar voortgesette weiering om antiretrovirale medisyne (ARM) in die stryd teen MIV vigs te steun, lok kritiek van regoor die wêreld uit. Dit het hofsake gekos om haar en haar departement sover te kry om ARM beskikbaar te stel. Volgens De Lange, D. (2006a:18) moet 'n deel van die probleem gelê word voor die deur van president Thabo Mbeki, wat haar steun as minister, terwyl sy die omvang van die probleem ontken.

Jeffreys (2003:12) meen tereg dat die regering se onvermoë om die probleem van MIV vigs die hoof te bied uiteindelik die vestiging van 'n nuwe demokratiese stelsel in Suid-Afrika kan neutraliseer. In weerwil van die benadering van oud-president Mandela, wat elke moontlike geleentheid gebruik om die probleem aan te spreek, is daar merendeels stilswye of onbeholpenheid van regeringsweë ten opsigte van hierdie probleem. Biyela (2001) waarsku dat 'n gebrek aan inligting kan lei tot die dood van mense en dat dit onverskoonbaar is indien diegene wat die inligting het, dit nie effektief oordra aan hulle wie se lewens daarvan afhang nie.

3.2.13.1. Konklusie oor MIV Vigs in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor MIV Vigs in Suid-Afrika:

- MIV Vigs neem onrusbarend toe in Suid-Afrika

- Die Minister van Gesondheid toon haarself as totaal onbevoeg om die situasie die hoof te bied.
- Solank die probleem ontken word, vererger dit net die langtermyn skade wat dit die land gaan berokken. Dit is nie bevorderlik vir eenheid in die land nie.

3.2.14. Versetkuns uit sekere segmente van die Suid-Afrikaanse samelewing

Kuns is 'n verdere aspek wat verdelend kan inwerk en 'n potensiële bedreiging vir eenheid in Suid-Afrika inhou. Volgens Sankakane (aangehaal in Oliphant, 1993:134) het die stryd teen apartheid veroorsaak dat die kuns van die grootste deel van die Swart inwoners van die land 'n eensydige inhoud gekry het. Omdat alles in die stryd gewerp is om die onderdrukking te beëindig, het die kunste in die Swart gemeenskappe oorwegend versetkuns geword, waarin medestryders aangemoedig is om te volhard in die stryd. So het sang, waaraan feitlik alle Swartes deelgeneem het, een van die samebindingsfaktore geword in die stryd teen apartheid. Politieke en sosiale ontevredenheid word dikwels uitgedruk deur middel van musiek (Van Dorston, 1990). So het *toyi-toyi* 'n kulturele wapen geword in die stryd teen die apartheidsregering. Dit het 'n fisiese en tekstuele simbolisering geword van die stryd teen onderdrukking (Keteyi, 1998:27). Dit was merendeels singende massas wat die onlustepolisie gekonfronteer het, terwyl hulle ge-*toyi-toyi* het (Majola, 2003). Slovo (2003) verwys daarna as "*gedeeltelike dans en gedeeltelike oorlogsverklaring met die voete.*" Oorgeneem uit Zimbabwe, het dit mettertyd die oorlogsdans geword wanneer groot demonstrasies en optogte in die tagtigerjare gehou is. Dit het die reg gesimboliseer om die openbare ruimte te beset en in 'n vrye en demokratiese omgewing aan die burgerlike gemeenskap deel te neem.

Volgens Van Schalkwyk (1994) het *toyi-toyi* 'n tipe deurgangsrite geword om van gemarginaliseerde landelike ruimtes te beweeg tot die sentrum van mag en politiek (Van Schalkwyk, 1994). By begrafnisse en ander geleenthede, wanneer gesing is, was dit asof die lied die pyn gedra het, sodat dit draagliker vir die slagoffers kon wees. Dit was die lied en musiek wat die stryd om vryheid verteenwoordig en voortgedryf het wanneer 'n uitgerekte en komplekse stel massa-response deur die gemeenskap getrek het.

Noudat die stryd verby is, moet gesoek word na 'n nuwe inhoud en fokus vir die kunste ten einde werklike eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing te bewerk.

3.2.14.1. Konklusie oor versetkuns uit sekere segmente van die Suid-Afrikaanse samelewing

Die volgende konklusie kan gemaak word oor versetkuns in Suid-Afrika:

- Die stryd teen apartheid het veroorsaak dat kuns in Swart gemeenskappe van Suid-Afrika 'n eensydige inhoud gekry het. Daar is merendeels gefokus op die stryd en die hantering daarvan.
- In die nuwe Suid-Afrikaanse samelewing moet gesoek word na 'n nuwe inhoud en fokus vir kuns van die Swart gemeenskappe, sodat eenheid onder al die inwoners bewerk kan word.

3.2.15. Miskenning van taal in Suid-Afrika

Taal en die gebruik of miskenning daarvan kan ook 'n verdelende aspek in die Suid-Afrikaanse gemeenskap wees. Volgens Prah (2001) was die Westerse tale waarmee koloniale magte na Afrika gekom het nie bloot kommunikasiemediums nie, maar kulturele pakkette. Deur taal is die besondere aspekte van die Westerse kultuur op Afrika oorgedra. Oor die lang termyn het dit daartoe gelei dat hierdie vreemde kulture die basis geword het vir die produksie en reproduksie van kennis. In die oordrag van kennis is die basiese uitgangspunte van vreemde (Westerse) kulture stelselmatig op die inwoners van Afrika oorgedra, deurdat die tale van die Weste aangeleer is en algemene omgangstaal geword het. Op hierdie wyse is die leierskapstrukture in Afrika surrogate gemaak van die tale en uitgangspunte van die Westerse kulture. So het Afrikaans in die Suid-Afrikaanse konteks die simbool van onderdrukking geword, terwyl Engels die simbool geword het van kommunikasie met die res van Afrika (Mazrui & Mazrui, 1998:15).

In die nuwe Grondwet van Suid-Afrika (hoofstuk 1, afdeling 6(5), saamgelees met afdeling 6(1)), waar die taak van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad uiteengesit word, word die volgende taalkundige gemeenskappe in Suid-Afrika geïdentifiseer: Pedi, Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa, Zoeloe, Khoi, Nama, San, die dowe gemeenskap, asook "alle tale algemeen gebruik in gemeenskappe in Suid-Afrika, insluitende Duits, Grieks, Gujarati, Hindi, Portugees, Tamil, Telegu en Urdu." (Alexander, 1999:26). Om in so 'n verskeidenheid tale met mekaar te kan kommunikeer, bring eiesoortige probleme mee. Weens die negatiewe historiese konnotasie wat Afrikaans het, het Engels stelselmatig die taal geword waarmee oor kulturele grense gekommunikeer is. So het dit ook die taal geword waarmee die regering oor die algemeen kommunikeer. Alexander (1999:22) is van mening dat die gebruik om alleenlik Engels as die taal van mag te gebruik, konflik veroorsaak, omdat dit die meerderheid uitsluit van die besluitnemingsproses omdat hulle nie die taal magtig is nie. Volgens hom

moet eerder gepoog word om al die bestaande tale in Suid-Afrika te standaardiseer, in besonder die Afrika tale, ten einde nie alleen die tale te bevorder nie, maar ook die gebruik daarvan te vergemaklik (Alexander, 1999:24).

Smith (aangehaal in Steyn, 2005:12) stem ook saam dat die voorkeurposisie wat aan Engels gegee word, die taalproblematiek in die land vererger. Volgens hom word Engels "in 'n dubbele prestige-stralekrans geklee as 'bevrydingstaal', die taal van die ANC en 'n taal wat deure tot in die internasionale wêreld open, beide tot die Britse kultuur en die geglobaliseerde Amerikaanse droom wat nie ligtelik opgeneem word in Suid-Afrika nie."

Hoewel president Mandela by verskeie geleenthede die versekering gegee het dat Afrikaans presies dieselfde beskerming sal ontvang as enige ander taal van die land (Mandela, 1996), is daar 'n groeiende persepsie dat dit tans nie die geval is nie. Veral in Afrikaanse onderwyskringe word die kommer toenemend uitgespreek dat die belang van moedertaalonderrig nie genoeg besef word nie en dat moedertaalonderrig in Suid-Afrika in die nabye toekoms vir byna net Engelse moedertaalsprekers 'n werklikheid sal wees (sien Zaaiman, 2007:14). Ook wat die status van die ander landstale betref, word nie genoeg gedoen om die tale te ontwikkel nie. Solank hierdie situasie voortduur, is die kultuur van elke afsonderlike groepering binne die breë Afrikakultuur in gevaar (sien Prah, 2001) en hou dit die potensiaal van konflik in.

Brand (2003:9) meen tereg dat taal nie sonder politisering sal wees nie. Sprekers van die dominante taal (en dit sluit nie-moedertaalsprekers in) sal volgens hom altyd geneig wees om protes teen die oorheersing van daardie taal as etnosentries, kleinsielig en onnodig politiserend te tipeer. Daarenteen word die dominante taal merendeels voorgehou as universeel, nie-polities, neutraal en vooruitstrewend. Gevolglik het taal volgens hom in wese alles te doen met klas, ras en grense. Dit gaan om mag, spreekreg, toegang en gelyke waardigheid. Indien nie hiermee rekening gehou word in die multikulturele Suid-Afrikaanse konteks nie, hou dit 'n ernstige bedreiging in vir eenheid in die land.

3.2.15.1. Konklusie oor die miskenning van taal in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor taal in Suid-Afrika:

- Taal is effektief deur die koloniale magte gebruik om 'n bepaalde kultuur in Afrika af te dwing.
- Hoewel daar vandag 11 amptelike landstale in Suid-Afrika erken word, word steeds voorkeur gegee aan Engels as kommunikasietaal in die land.

- Afrikaans word misken en gewantrou as gevolg van die apartheidsverlede wat daaraan gekoppel word.
- Indien die kwessie van taal nie reg benader word nie, kan dit 'n ernstige bedreiging inhou vir die bewerking van eenheid in die land.

3.2.16. Ondeurdagte transformasie van sport in Suid-Afrika

Omdat sport vir die meerderheid inwoners van Suid-Afrika 'n hoogs emosionele saak is, word regeringsinmenging in sport tereg beskou as een van die ernstige potensiële bedreigings vir eenheid in die land (Mtshali, 2005). Transformasie in sport word as 'n prioriteit beskou. Waar in die verlede gefokus is op kwotas vir verteenwoordigende sportspanne, word die klem tans geplaas op 'n strategie waarin ontwikkeling van vaardighede eerste prioriteit kry (Parliamentary Monitoring Group, 2004).

Lee (aangehaal in Iafrica.com, 2006) meen egter tereg dat die ANC se beleid oor sport die prestasies van Suid-Afrikaanse sportspanne en sportspelers belemmer. Volgens hom is daar 'n weiering om toe te laat dat sportspelers op meriete gekies word vir die nasionale sportspanne van die land. Dit bring mee dat gediskrimineer word teen spelers wat die vermoë het, maar uitgelaat word, omdat aan die regering se kwotavoorwaardes voldoen moet word. Voorts veroorsaak dit dat Swart spelers wat vir 'n span gekies word met die persepsie gelaat word dat hulle nie op meriete die span sou gehaal het nie. Dit is skadelik vir sport en vir versoening en eenheid in die land. Die klem moet eerder geplaas word op die oprigting van sportfasiliteite en opheffingswerk in sogenaamde agtergeblewe gemeenskappe, sodat diegene met talent elke geleentheid het om dit te ontwikkel. Dan word daar gewerk aan 'n situasie waar ras en velkleur geen verskil maak nie, maar spelers bloot op meriete gekies word. Indien hieraan nie genoegsame aandag gegee word nie, kan dit 'n ernstige bedreiging vir eenheid inhou.

3.2.16.1. Konklusie oor die ondeurdagte transformasie van sport in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor sport in Suid-Afrika:

- Transformasie in sport word as prioriteit deur die regering van Suid-Afrika beskou.
- Waar aanvanklik gekonsentreer is op kwotas, val die klem tans op die ontwikkeling van vaardighede.
- Die afdwing van sekere wetgewing met betrekking tot sport lei tot 'n nuwe soort diskriminasie en belemmering van sportprestasies. Dit hou 'n groot bedreiging in vir die bewerking van eenheid in die land.

3.2.17. Posttraumatiese Stresversteuring

Posttraumatiese Stresversteuring (PTSV) is 'n verder faktor wat 'n belemmering vir eenheid in die land kan wees. PTSV is 'n verskynsel wat voorkom onder mense van alle rasse en kulture, mans en vrouens, kinders en volwassenes in alle sosio-ekonomiese sfere van die lewe (National Centre for PTSD, 2006). Posttraumatiese stresversteuring (PTSV) is 'n angsversteuring wat kan ontwikkel na die blootstelling aan 'n vreesaanjaende gebeure of ontbering waarin ernstige fisiese of psigiese skade 'n werklikheid of potensiële bedreiging was (Wikipedia, 2006e). Traumatiese gebeure wat as sneller vir PTSV kan dien, is onder meer gewelddadige persoonlike aanranding, natuurlike of menslik-veroorsaakte rampe, ongelukke en militêre stryd (NIMH, 2006). Hierdie tipe gebeure veroorsaak ekstreme gevoelens van vrees, hulpeloosheid of afgryse (UMHS, 2005).

Wanneer 'n persoon PTSV onder lede het, beleef so 'n persoon terugflitse, herinnerings aan die gebeure, nagmerries of vreesaanjaende gedagtes, in besonder wanneer die persoon blootgestel word aan gebeure of voorwerpe wat aan die trauma herinner (National Centre for PTSD, 2006). Herdenkingsgeleenthede kan dit ook laat ontvlam. Tipiese simptome van PTSV is emosionele afstomping, slaapversteuring, kliniese depressie en angstigheid, geïrriteerdheid, woede uitbarstings, geheueverlies, verlies aan aptyt (Wikipedia, 2006e), merkbare verminderde belangstelling in of deelname aan aktiwiteite wat vroeër 'n primêre bron van bevrediging was en 'n negatiewe siening van die lewe en die toekoms (Mayo Clinic, 2006). 'n Intense skuldgevoel kom algemeen voor en in die meeste gevalle word enige herinnerings of gedagtes aan die traumatiese gebeure vermy. In die meeste gevalle is daar ook 'n verhoogde fisiese waaksaamheid, wat oorreaksie veroorsaak wanneer skielike of harde geluide voorkom (UMHS, 2005). PTSV word gediagnoseer indien hierdie simptome vir langer as 'n maand voortduur (NIMH, 2006).

PTSV word primêr as 'n angsversteuring beskou en word onderskei van normale uitinge van smart en aanpassing na afloop van 'n traumatiese gebeure. Dit kom dikwels in 'n kombinasie met ander psigiatriese versteurings voor, waaronder depressie, angs en 'n verskeidenheid verslawings (Wikipedia, 2006e). Gevalle is opgeteken van PTSV wat na verskeie jare (in sekere gevalle selfs dekades) manifesteer. In só 'n geval is dit gewoonlik 'n ander stresvolle gebeure wat dien as sneller om die trauma wat vir jare in die prosesuele geheue gestoor is, na die oppervlak te bring. Mediese navorsing het aan die lig gebring dat kinders met PTSV dikwels retrogressie in ontwikkeling ondervind (motoriese en taalvaardighede) (Mayo Clinic, 2006) en later in hulle lewe geneig is tot kriminele aktiwiteite (Wikipedia, 2006e). Volgens Rademeyer (2006a:11) neem

selfskending onder die tieners drasties toe. Dit kan toegeskryf word aan die belewing van psigologiese spanning, wat veroorsaak word deur 'n lae selfbeeld asook die persepsie dat daar niemand is met wie hulle oor hulle probleme kan praat nie. Volgens Child Trauma Academy (1999) veroorsaak trauma wat iemand in sy kinderjare beleef het, dat 'n verskeidenheid neuropsigiatriese probleme, aanpassingsprobleme, eet disfunksie, depressie, selfmoordneigings, angs, alkoholisme, gewelddadige optrede, buierigheid en PTSV lewenslank deel van sy lewe is.

Diegene met een van, of 'n kombinasie van die volgende faktore loop die gevaar om PTSV op te doen:

- intense en omvangryke stressors as gevolg van onvoorspelbaarheid in die lewens- en werksomgewing, onbeheerbaarheid van omstandighede, seksuele viktimisasie, werklike of gewaande verantwoordelikheid vir 'n bepaalde saak en verraad;
- 'n bewese geskiedenis van kwesbaarheid as gevolg van genetiese oorsake, trauma in die kinderjare, gebrek aan funksionele sosiale ondersteuning en gepaardgaande stresvolle gebeure;
- persepsies van bedreiging of gevaar, swaarkry, ontsteltenis, angs, afgryse of vrees;
- 'n sosiale omgewing waarin skaamte, skuld, stigmatisering of selfhaat aangewakker word.

Bitterheid oor wat in die verlede gebeur het, leef in die harte van talle mense in Suid-Afrika en dit gaan nog geruime tyd neem om daarvan te genees (Eriksson, 2000). Veral jong tot middeljarige Blanke mans (in die ouderdom tussen dertig en vyf en veertig jaar) het die persepsie dat hulle misbruik is deur die leiers van die vorige politieke bedeling. Hulle het baie ontbeer om die masjinerie van apartheid aan die gang te hou, hoewel hulle geen keuse daarin gehad het nie. In 'n nuwe politieke bedeling is dit juis hierdie geslag Blanke mans wat geviktimiseer en benadeel word en dit laat hulle met 'n gevoel van magteloosheid (sien Louw, aangehaal in Iafrica.com, 2001; Du Toit, 2000). Fisher (aangehaal in La Grange, 2005) beaam dit en wys daarop dat middeljarige Blanke mans wat voorheen in bevoorregte posisies was en nou met sosiopolitieke verandering gekonfronteer word, bedreig, magteloos en veronreg voel. Hulle ontwikkel dikwels frustrasie en aggressie en soek na ontvlugting as 'n manier om hulle woede te probeer verstaan en hanteer. Die stres van onverwerkte emosie dreig om talle van hierdie geslag Blankes mans se lewens totaal te verwoes (Burger, I., 2006:16). Reaksie op Chris Louw

se Boetman-verhaal het duidelik getoon dat 'n groot aantal mans van sy ouderdom met dieselfde emosie te doen het (Burger, 2000; Wolf, 2006). Veral diegene wat sekere wandade onder instruksie van hoër bevel gepleeg het, het te kampe met hierdie onverwerkte emosies (Becker, 1999). Volgens die VSA se National Centre for PTSD (2006) het sowat 30% van mans en vroue wat tyd in 'n oorlogsone deurgebring het PTSV onder lede. Om dit wat gebeur het in herinnering te bring en dit te verwerk, is 'n broodnodige proses waardeur diegene wat daarby betrokke was, moet gaan (Jordaan, D., 2006:13).

'n Verdere faktor wat 'n as oorsaak van PTSV in Suid-Afrika kan dien, is die hoë vlakke van misdaad. Die onaanvaarbare hoë vlakke van misdaad in die land veroorsaak ernstige sielkundige skade by elkeen wat daardeur geraak word (Fisher, aangehaal in La Grange, 2005). Post-traumatiese stresversteuring is die mees algemene toestand waarmee slagoffers te doen het. Dit is 'n toestand wat veroorsaak word deur 'n situasie waartydens die slagoffer intense angs en hulpeloosheid ervaar. Lank nadat die gebeurtenis verby is, beleef die persoon steeds die angs en hulpeloosheid. Dikwels kom dit in die vorm van nagmerries en terugflitse. Slaaploosheid, gebrek aan konsentrasie, geïrriteerdheid, woede-uitbarstings, verlies aan lewensgenietinge asook hoë vlakke van stres is verdere gevolge hiervan, asook simptome soos gevoelens van eiegeregtigheid, engtevrees en kompulsiewe gedrag (Fisher, aangehaal in La Grange, 2005). Op een of ander wyse word so 'n persoon se verhouding met sy gesin, kollegas en vriende geraak. Sommige slagoffers ly aan chroniese angsversteurings of akute depressie. Talle gee hulle oor aan afhanklikheidsmiddels en oorweeg selfs selfmoord in 'n poging om van die sielkundige pyn ontslae te raak. Hoe gouer ná 'n angsvolle gebeurtenis behandeling en berading gegee word, hoe beter is die kanse dat die slagoffer dit kan verwerk en uit die sielkundige gevolge daarvan kan loskom (Scholtz, A., 2006:11).

Volgens Malan (2006:4) word sowat 20 000 mense in Suid-Afrika jaarliks vermoor. Indien daar net vier naasbestaandes is wat onder elke moordsituasie ly, is daar sowat 100 000 inwoners van Suid-Afrika wat jaarliks bygevoeg word by die getalle wat ly aan die gevolge van moord in die land. Indien die slagoffers van verkragting, roof, aanranding en ander misdaad hierby gevoeg word, kan nog 'n paar honderdduisend bygevoeg word. Dit lei volgens hom daartoe dat dit nie bloot meer individue is wat in trauma verkeer nie – sowat die helfte van die bevolking verkeer volgens hom in verskillende fases van trauma.

Hoewel Louw , J. (2006:13) van mening is dat psigoterapie nie noodwendig die beste wyse van behandeling vir PTSV is nie, is die meeste dit eens dat dit nie self oorkom kan

word nie. Iemand wat PTSV onder lede het, het die hulp van medici en terapeute nodig (UMHS, 2005). Een van die beproefde metodes om dit te behandel is om 'n kombinasie van medikasie en psigoterapie te gebruik. Psigoterapie wat ten doel het om die dieperliggende emosies te ontlont, kan verskeie vorme aanneem. Die mees algemene psigoterapeutiese tipe behandeling wat toegepas word, is die sogenaamde *Eye Movement Desensitization and Reprocessing (EMDR)* terapie (Child Trauma Academy, 1999; Wikipedia, 2006e). Musiekterapie word ook algemeen genoem as effektiewe tipe terapie om moeilike gevoelens en herinnerings te hanteer en verwerk (UMHS, 2005; Mayo Clinic, 2006; Peaceful Mind, 2003). Dit blyk tans dat kognitiewe gedragsterapie effens meer effektief is as terapie met behulp van medikasie (National Centre for PTSD, 2006).

Volgens Scholtz, A. (2006:11) kan die krisis van PTSV alleen hanteer word indien elke inwoner van Suid-Afrika betrokke sal raak by die hantering en behandeling van die slagoffers van misdaad. Fourie (2000:238) beaam dit en oordeel dat berading, as uitvloeisel van groter gemeenskapsbetrokkenheid, 'n enorme verskil aan die huidige situasie kan maak. Volgens hom is daar alreeds verskeie kerke en vrywilligersorganisasies wat opleiding gee in berading en mense met berading bystaan. Dit moet egter aansienlik uitgebrei word sodat die sielkundige skade aan die bevolking van die land beperk kan word. Opleiding van beraders asook die vestiging van ondersteuningsgroepe waarmee 'n diens aan die hele gemeenskap gelewer kan word, is van kardinale belang in die hantering van hierdie krisis. Jansen (2004) se evaluering dat Suid-Afrikaners geneig is om hulleself en mekaar in 'n kollektiewe depressie in te praat, is in die kol. Dit is byvoorbeeld een van die aspekte wat effektief aangespreek kan word wanneer so 'n beradingsdiens tot beskikking van die gemeenskap gestel word.

Scholtz, A. (2006:11) lê ook klem daarop dat nie alleen slagoffers nie, maar ook oortreders leiding en hulp nodig het. Om geweldsmisdaad te pleeg behels dat die persoon se eie gewete afgeskakel moet wees en dat altruïstiese gevoelens soos medelye met slagoffers onderdruk moet wees. Indien hierdie sielkundige aspekte nie behandel word en omgekeer word nie, is die kanse op rehabilitasie skraal. Lukima (aangehaal in Smith, 2006:13) wys op die gevaar wanneer iemand skadelike emosies opkrop en nie gehelp word om dit te ontlaai nie. Uiteindelik kom dit tot uitbarsting en veroorsaak hartseer en skade wat vermy kon gewees het indien die persoon betyds hulp en berading kon ontvang het. Tydens die WVK sittings is telkens openbaar watter tipe dubbele lewe agente van die apartheidsregering dikwels geleef het. Indien dit nie aandag

kry in berading en sielkundige prosesse nie, is die potensiële skade daarvan onmeetbaar (sien Becker, 1999).

3.2.17.1. Konklusie oor Posttraumatiese Stresversteuring (PTSV)

Die volgende konklusie kan gemaak word oor Posttraumatiese Stresversteuring (PTSV):

- Posttraumatiese Stresversteuring (PTSV) is 'n angsversteuring wat veroorsaak word deur die belewing van die een of ander trauma.
- PTSV veroorsaak problematiese menseverhoudings en 'n onvermoë om by die samelewing in te pas indien dit nie behandel word nie.
- Bitterheid oor die apartheidsverlede en die gebeure daarna, leef steeds in die harte van talle Suid-Afrikaners. Dit kan nog geruime tyd neem om te genees. Veral jong tot middeljarige Blanke mans is slagoffers van onverwerkte emosies weens hulle ervarings in die apartheidsverlede en die oorgang na 'n nuwe politieke bestel in die land.
- Die hoë vlakke van misdaad in Suid-Afrika veroorsaak 'n toenemende voorkoms van PTSV in die samelewing.
- Psigoterapie, medikasie en berading is nodig vir die behandeling van PTSV. Slagoffers sowel as oortreders moet hiermee behandel word.

3.2.18. Samevattende konklusie oor bedreigings vir eenheid in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor bedreigings vir eenheid in Suid-Afrika:

- Die euforie wat kort na 1994 in Suid-Afrika ontstaan het (met die inhuldiging van mnr. Nelson Mandela as eerste demokraties-verkose president van die land) het spoedig plek gemaak vir 'n realisme oor die aard en omvang van die nalatenskap van apartheid.
- Dit het spoedig duidelik geword dat daar 'n hele aantal faktore is wat werklike eenheid in die land bedreig.
- Die volgende faktore wat eenheid in die land bedreig kan geïdentifiseer word:
  - volgehoue bewustheid van rasse-identiteit
  - kulture wat onbekend is vir mekaar
  - misdaad en geweld
  - gebrek aan morele waardes
  - aanduidings van 'n totalitêre regering
  - sosio-ekonomiese ongelykheid

- problematiek rondom grondbesit
- problematiek rondom arbeid in die land
- regstellende aksie
- persepsies oor die onvermoë van die regering om probleme op te los
- bestaan van geslote gemeenskappe
- MIV Vigs
- versetkuns uit sekere dele van die samelewing
- miskenning van taal
- ondeurdagte transformasie van sport
- Posttraumatiese Stresversteuring

[Opmerking: die eenheid onder die verskillende kerke en kerkverbande van Suid-Afrika (al dan nie) kom in die volgende hoofstuk volledig aan die orde en is doelbewus uitgelaat in bogenoemde bespreking].

3.3. Gevalle waar eenheid wel voorkom in Suid-Afrika

Hoewel daar volgens bogenoemde uiteensetting verskeie faktore is wat 'n bedreiging vir eenheid in die Suid-Afrikaanse inhou, is daar egter ook 'n hele aantal voorbeelde van werklike eenheid wat alreeds bereik is. Vervolgens word 'n paar van hierdie voorbeelde genoem.

3.3.1. Wedersydse kulturele beïnvloeding in Suid-Afrika

Dat daar in Suid-Afrika tans wedersydse kulturele beïnvloeding tussen lede van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture plaasvind, is reeds by 3.4 in Hoofstuk 6 aangetoon. Mataboge (aangehaal in Jordaan, W., 2006a:13) maak melding van 'n groot aantal Swartes in Suid-Afrika, wat deel is van die opkomende middelklas en wil terugkeer na hulle kulturele wortels, maar ook terselfdertyd wil verwesters. Vir hulle bly die tradisionele Afrikawaardes die grondslag waarvolgens hulle leef word, maar laat hulle tog elemente van die Westerse kultuur ook toe. Volgens Mphahlele (aangehaal in Jordaan, W., 2006a:13) skep dit nie 'n paradoks nie, maar eerder 'n saamgevoegde middelpunt, waarmee groeiende getalle Swartes gemaklik is.

Die huidige wêreldkultuur is Eurosentries en die kanse dat die volgende wêreldkultuur Afrosentries gaan wees, is nie goed nie. Volgens City Press (2006) is die beste oplossing in só 'n situasie 'n wêreldbeskawing wat kultureel goed gebalanseerd is. Die uitdaging is om ander kulture te betrek, sodat 'n beter multikulturele balans bewerkstellig kan word. Dat dit reeds besig is om te gebeur, kan gesien word in gevalle waar Blanke

hoërskoolleerlinge blootgestel word aan bepaalde kulturele geleenthede van ander kulture om hulle. So het 'n groep meisies van Hoërskool Nelspruit byvoorbeeld in 2006 die jaarlikse rietdans in Swaziland bygewoon (sien Van den Bergh, 2006:13).

Dit is hierdie en soortgelyke optrede wat Masondo (aangehaal in Mouton, 2006) oortuig dat die jeug se deelname aan die opbou van demokrasie in Suid-Afrika deurslaggewend en noodsaaklik is, omdat hulle nie soos die ouer geslag bagasie van die verlede saamdra nie. Kamper (aangehaal in Rademeyer, 2006b) toon ook aan dat die meerderheid Afrikaanssprekende leerlinge positief is oor die toekoms van Suid-Afrika en vir hulleself 'n toekoms in die land sien. Diegene wat beplan om die land te verlaat, doen dit merendeels om finansiële- of loopbaanredes, terwyl die meerderheid van hulle na 'n bepaalde tyd weer na die land wil terugkeer. Voorts is daar toenemend 'n waardering vir die positiewe wyse waarop die meeste Afrikaners aktief deelneem aan die nuwe Suid-Afrika. Veral hulle integriteit, aanpasbaarheid en verbintenis tot die land en al sy mense, is eienskappe wat besig is om die persepsies oor die Afrikaner wêreldwyd te verander (Lombaard, 2002:11). Dit wys alles daarop dat die feit van multikulturaliteit die jeug nie afskrik nie en dat hulle toenemend gemaklik is in 'n gemeenskap waar diversiteit 'n gegewe is en wedersyds invloed op mekaar uitoefen.

3.3.1.1. Konklusie oor wedersydse kulturele beïnvloeding in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor wedersydse kulturele beïnvloeding in Suid-Afrika:

- Daar is merkbare tekens dat wedersydse beïnvloeding tussen lede van die Westerse- en Afrikakulture tans in Suid-Afrika plaasvind.
- Sonder om hulle eie kultuur af te lê, is lede van 'n bepaalde kultuur toenemend besig om elemente van ander kulture in hulle eie kultuur in te voer.
- Die uitdaging is om die verskillende kulture só te betrek, dat 'n multikulturele balans in die samelewing verkry word.
- Dit blyk dat veral die jeug in Suid-Afrika hulleself gemaklik vind in 'n situasie waar kulture wedersyds 'n invloed op mekaar uitoefen.

3.3.2. Eenheid in musiek in Suid-Afrika

Dit gebeur in toenemende mate dat elemente van musiek vanuit een kultuur oorgeneem word deur lede van 'n ander kulturele groepering. So is daar byvoorbeeld die Buskaid-strykorkes van Soweto, wat bestaan uit swart leerlinge van Soweto, maar hoofsaaklik

klassieke Westerse kunsmusiek speel (Buskaid, 2006; Odendaal, 2006:17). Die Soweto String Quartet is ook 'n groep Swart musici wat 'n strykkwartet (volgens die Westerse kunsmusiek konvensies) gevorm het, maar hulle toespits op musiek wat 'n mengsel is van tradisionele ritmes, *township Jazz*, popliedere, *Jazz Fushion* en Westerse kunsmusiek (Wikipedia, 2006f). Nog 'n voorbeeld is Sibongile Khumalo, 'n bekende sangeres by 'n wye verskeidenheid gehore in die land. Die afgelope paar jaar het sy van 'n wye verskeidenheid musiekgenres 'n uitstekende eksponent geword (van tradisionele Afrika, tot Europese kunsmusiek tot Jazz). Sy is ook bekend daarvoor dat sy die titelrol gesing het in die eerste Afrika-opera met die naam *Princess Magogo ka Dinuzulu* (Wikipedia, 2006h), wat 'n vermenging is van Westerse operamusiek en tradisionele Zoeloemusiek. Botha, L. (2006:1) maak melding van 'n Swart hoërskoolseun wat as tromspeler deel vorm van 'n Boereorkes van Bloemfontein.

Die Libertas-koor onder leiding van prof. Johan de Villiers van Stellenbosch bestaan uit sangers wat vanuit verskillende kulture afkomstig is. Volgens getuienis van koorlede self, is die saamsing van verskillende musiekwerke uit verskillende kulture iets wat hulle oor die grense van taal, kultuur, beroep en ouderdom gehelp het om mekaar te vind en te leer liefkry. Op hierdie manier het juis die musiek meegehelp het om die boodskap van versoening aan geesdriftige gehore in Suid-Afrika en oorsee oor te dra (Leuvennink, 1999). Die Johannesburg Music Initiative (JMI) op sy beurt, is 'n organisasie wat ten doel het om verskillende musiekgenres uit verskillende kulture gesamentlik aan gehore landswyd aan te bied. Daar word gepoog om die eksklusiwiteit van veral kunsmusiek te verander sodat dit inklusief deel kan word van die lewens van alle Suid-Afrikaners. Van *hip hop* tot klassieke kunsmusiek word in dieselfde konsert aangebied, wanneer 'n simfonieorkes onder leiding van Arjan Tien die verhoog deel met Swart kunstenaars soos MC Ajax, TKZee en Zwai Bala (Boekkooi, 2003:2). Ook die bekende Black Tie Ensemble, is 'n groep musici wat hulle toespits op Westerse kunsmusiek (hoofsaaklik opera en ander sangmusiek) en bestaan uit lede vanuit verskillende kulturele agtergronde. Die hoofdoel van hierdie groep (onder leiding van Mimi Coertse en Neels Hansen) is om talent te ontwikkel, geleentheid te gee vir verdere studie (hoofsaaklik vir dié wat geen formele opleiding het nie), blootstelling aan konsertgeleenthede te gee en werk te verskaf aan diegene wat klaar gestudeer het (Black Tie Ensemble, 2006). 'n Verdere doelstelling is spesifiek om opera en kwaliteit sang aan 'n breër gehoor bekend te stel, met besondere fokus op skole, fabrieke ensomeer. Uitreik en opheffing is 'n belangrike deel van fokus van hierdie groep musikante. As deel van die ensemble se werksaamhede is ook The Black Tie Opera Chorus gestig, waardeur 'n groter groep (hoofsaaklik Swart) musikante blootstelling gegee word aan Westerse kunsmusiek terwyl hulle geskool word in die kuns

van koorsang. In Junie 2006 het die Black Tie Ensemble as deel van 'n konsert in Lagos, Nigerië, onder andere ook 'n werk uitgevoer wat gekomponeer is deur die bekende koordirigent Niel van der Watt en 'n toonsetting is van president Thabo Mbeki se "I am an African" -toespraak wat hy in 1996 gemaak het.

Johnny Clegg, beter bekend as *die Wit Zoeloe* het reeds in die tyd van apartheid bekendheid verwerf toe hy 'n veelrassige musiekgroep gestig het met die naam *Juluka* en later *Savuka*. Veral elemente van die tradisionele Zoeloekultuur is vermeng met sekere Westerse elemente, om 'n eie unieke kruis-kulturele genre daar te stel. Clegg is tot in die buiteland bekend en gewild vir die unieke tipe musiek wat hy en sy groep maak (Wikipedia, 2006g). PJ Powers is 'n Blanke sangeres wat lank voor 1994 reeds naam gemaak het deur voor beide Blanke en Swart gehore op te tree. Die musiek wat sy sing is hoofsaaklik *Afro-Rock*, wat haar die bynaam *Thandeka* (die geliefde een) onder Swart gehore besorg het (Wikipedia, 2006i). Danny K is 'n bekende sanger in Suid-Afrika. Hy het veral bekendheid verwerf toe hy saam met die Kwaito-ster Mandoza 'n album getiteld *Same Difference* opgeneem het, waarvan 25 000 kopieë in vier weke verkoop is (Talent finders, 2006). In Suid-Afrika is hy gewild by sowel Blanke as Swart aanhangers.

Kwaito is 'n musiekgenre wat rondom 1990 ontstaan het toe mnr. Nelson Mandela vrygelaat is uit die tronk. Kwaito word bestempel as die stem van die *townships* waarin die daaglikse ervaringe en drome van die eerste post-apartheid generasie uit die Swart woonbuurte uitgedruk word (Hills, 2003). Volgens Impey (2001:44) het Kwaito onstaan toe platejoggies in die Swart woonbuurte hulle Amerikaanse *hip hop*- en *rap*-rolmodelle (waaronder Frankie, Silk Hurley, David Morales, Mr Finger, Knuckles en Todd Terry) begin nadoen het in die vermenging van verskillende musiekstyle. Ná eksperimentering, waarin tempo's stadiger gemaak is en liedere aangepas is by bekende Afrikamelodieë, is begeleiding met *keyboards* asook perkussie-instrumente bygevoeg, saam met nuwe lirieke wat kontekstuele temas van elke dag aangeraak. Só is 'n kreatiewe vermenging gemaak van inheemse musiekpraktyke en Westerse invloede waarmee 'n nuwe nasionale kulturele identiteit gevestig word. Die aanvanklike populariteit van Kwaito is grotendeels aangehelp deur sterk, meesleurende dansritmes, gepaardgaande met relieke in Zoeloe, Sotho en *Iscamtho* of *Tsotsitaal*.

Kwaito is uiters gewild in Suid-Afrika. Kunstenaars soos Boom Shaka, M'du, Zola, Arthur, Kabelo, Oskido, Don Laka en Mzambiya het byna oornag superster status gekry. Ook groepe waaronder Abashante, Arthur, Trompies, Joe Nina, TKZee, Copperhead, Bongo Maffin en Bob Mabena het binne 'n paar jaar groot populariteit verwerf. Een van die

uitvloeisels van hierdie nuwe musiekgenre is dat letterlik tienduisende werkgeleenthede in die musiek-, radio-, vermaaklikheids- en mode industrieë geskep is. Kwaito is 'n musiekgenre waarin verskillende teksture en herhalende modale geïmproviseerde begeleiding voorkom, wat anders is as klassieke liedstrukture, maar inpas by ontwikkelings in populêre musiekkulture regoor die wêreld. Kwaito word bestempel as 'n unieke Suid-Afrikaanse bydrae tot dansmusiek in die wêreld. Met 'n trae, rollende baslyn en vokale dreunsang (*vocal* chants) is dit tipies van Afrika en Suid-Afrika.

Kwaito kan op 'n sekere manier verbind word met Amerikaanse *hip-hop* (sien ook Servant, 2002), maar die lirieke bevat die tipiese taal van die Swart woonbuurte van Suid-Afrika. Die term *Kwaito* is afgelei van die Afrikaanse woord *kwaai.* In die volksmond kry negatiewe woorde of frases dikwels 'n positiewe konnotasie of *cool* status. Die taal van Kwaito is *Isicamtho,* 'n vermengde dialek wat in Swart woonbuurte gepraat word. *Isicamtho* is 'n moderne weergawe van *tsotsitaal,* wat vroeër deur bendes op die strate gepraat is. Hierdie taal bestaan uit Afrikaans as basis, met al die ander spreektale wat daarby vervleg is (SA History, 2000). Dit is 'n vermenging van *tsotsitaal, kasitaal* en die *straattaal* wat 'n vermenging is van al 11 amptelike landstale. As sodanig is Kwaito 'n vermenging van klank en taal wat uniek is aan Suid-Afrika.

Die musiek in Kwaito is 'n hoë energie mengsel van polities bewuste lirieke wat vermeng is met die style van *reggae* en *mbaqanga* (Servant, 2002). Die temas van die liedere is oorwegend dié van materialisme en hedonisme en is 'n doelbewuste wegbeweeg van herinnering aan die onderdrukking en politieke protes van die apartheidsjare. Die beeld wat geprojekteer word is dié van Swart, stedelike, selfbewuste, stylbewuste en seksueel onbeteuelde rolmodelle. Duur mode-items (naamklere), eksotiese haarstyle (verlengstukke en wit gekleurde hare), opsigtelike rykdom (afslaankap motors met gewillige meisies) en die beeld van vryelik beskikbare kontant het onlosmaaklik deel geword van die beeld van Kwaito. Uitkenbare kleredrag waaronder bofbalkepse, sakkerige broeke en goue juwele (in nabootsing van Afro-Amerikaanse rap-sangers) het spoedig die norm geword. Daarbenewens is Kwaito die eerste musiekbeweging wat die Swart jeug as hulle eie kon aanvaar en wat nie deur musiekmaatskappye versprei word wat deur Blankes besit en beheer word nie. As gevolg van die grotendeels muterende aard van Kwaito as musiekgenre, het reeds ook 'n verskeidenheid sub-genres daaruit ontstaan, waarvan *guz, d'gong, isgubhu* en *swaito* die bekendste is (Impey, 2001). Soos verwag kan word, is dit merendeels die Swart jeug wat aanhangers van hierdie musiek is, terwyl die ouer geslag dit vermy en dikwels veroordeel as onvanpas. Sommiges reken

dat Kwaito deel van die manier is om die jeugdige massa ingelig te hou en op te voed, omdat die konvensionele strukture en persoonlikhede die jeug nie meer aanspreek nie.

Dat kwaito ook reeds oor kulturele grense heen gewildheid verwerf het, blyk duidelik daaruit dat met die kwaito-superster Mandoza se optrede by die Suidkus-fees in Desember 2004, selfs ook die Afrikaanse bewonderaars saam begin dans het op die maat van sy musiek (Janse van Vuuren, 2004:5).

3.3.2.1. Konklusie oor eenheid in musiek in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor eenheid in musiek in Suid-Afrika:

- Musiekelemente word toenemend van een kultuur na 'n ander oorgedra in Suid-Afrika.
- Daar is verskeie voorbeelde van musici uit die Afrikakultuur wat Westerse kunsmusiek uitvoer, asook van musici uit die Westerse kultuur wat Afrikamusiek uitvoer.
- Konserte waarin musiek van beide kulture uitgevoer word, kom toenemend voor.
- Ontwikkelings soos die ontstaan van Kwaito-musiek (wat 'n vermenging is van elemente uit beide die Westerse- en Afrikakulture en baie gewild is in Suid-Afrika) dui daarop dat daar op musiekvlak al nader beweeg word na eenheid in die land.

3.3.3. Eenheid in taalgebruik in Suid-Afrika

In Afrika is nasionalisme ten opsigte van taal relatief swak in vergelyking met plekke soos Indië, die Midde-Ooste en Frankryk. Ook in Suid-Afrika is dit die geval. In Afrika suid van die Sahara is dit net die sprekers van Somali en Afrikaans wat werklike linguistiese nasionaliste is. Die ander gevalle waar dit voorkom asof vir taalregte geveg word, is in werklikheid niks meer nie as 'n poging om rassewaardigheid intakt te probeer hou (Mazrui & Mazrui, 1998:5-8). Engels word tans wyd aanvaar en gebruik as die *lingua franca* van die middelklas en die intelligentsia in Suid-Afrika. Volgens Alexander (2001:146) kan verwag word dat dit nie in die afsienbare toekoms gaan verander nie, omdat Engels beskou word as belangrik en nodig vir die funksionering van die publieke administrasie, waar met mense van uiteenlopende verskillende kulturele agtergronde gekommunikeer moet word.

Nagtegaal (aangehaal in Adriaanse, 2003:11) is van mening dat Afrikaans toenemend beskou word as 'n instrument om eenheid te bewerk, in teenstelling met die verlede waar dit gesien is as 'n instrument wat verdeling en vyandskap in die hand gewerk het. Die rede hiervoor is dat daar 'n bewustheid posvat dat elkeen trots kan wees op sy eie kultuur, sonder om ander daardeur te marginaliseer of verkleineer. Giliomee (aangehaal in Johannes, 2006:2) bevestig dit en meld dat sowat 30% van Suid-Afrika se totale inwoners Afrikaans as taal gebruik. Waar leerlinge in die verlede geweier het om Afrikaans as skoolvak te neem, het dit merkbaar verander en neem 'n toenemende aantal leerlinge vandag Afrikaans as 'n tweede taal. Onder die matrikulante van 2006 het byna die helfte Afrikaans as tweede taal gekies. Afrikaans is volgens Mothata (aangehaal in Johannes, 2006:2) meer toeganklik en meer bruikbaar in die ekonomiese werklikheid van Suid-Afrika as vantevore. Die feit dat die Afrikaanse sanger Steve Hofmeyr tydens die South African Music Awards (Sama)-toekenningsaand van 2004 die prys gewen het vir die meeste albumverkope in die voorafgaande jaar (selfs meer as enige Engelse of Swart kunstenaar), dui daarop dat Afrikaans as taal nie summier van die toneel verdwyn het nie (sien Beeld, 2004:8) en wyd aanvaar word as 'n taal in eie reg.

3.3.3.1. Konklusie oor eenheid in taalgebruik in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor eenheid in taal in Suid-Afrika

- Hoewel Engels wyd aanvaar en gebruik word as *lingua franca* in Suid-Afrika, word Afrikaans toenemend beskou as instrument vir die bewerking van versoening en eenheid.
- Afrikaans word al minder beskou as simbool van onderdrukking en 'n toenemende aantal leerlinge kies Afrikaans as 'n tweede taal.
- Daar is bemoedigende tekens dat Afrikaans as 'n taal in eie reg beskou word, met 'n eie bestaansreg in Suid-Afrika.

3.3.4. Gemengde huwelike in Suid-Afrika

Die Ontugwet wat tydens die apartheidstyd gegeld het, het veroorsaak dat inwoners van Suid-Afrika vir dekades verbied is om oor die kulturele en kleurgrens heen te trou (Lombaard, 2006:6). Sedert die afskaffing van hierdie wet is daar verskeie gevalle van jong en ouer mense wat sogenaamde *gemengde* verhoudings met mekaar aanknoop (sien Floris, 2004:15). Omdat van hulle bekende persone is wat dikwels in die openbare oog is, moedig dit mense aan om verhoudings met mekaar aan te knoop vanuit verskillende kulturele agtergronde. Volgens Cronjé (aangehaal in Lombaard, 2006:6) moet die voorbeeld van bekendes in die verband nie onderskat word nie. Mense wat in die kollig beweeg en multikulturele verhoudings aanknoop bevestig daarmee dat so 'n

verhouding normaal is en kan werk. Die feit dat sowat vier uit elke honderd liefdes- of huwelikspaartjies tans gemengd is, en dit skaars 'n dekade na die beëindiging van apartheid, dui volgens hom daarop dat 'n normaliteit op hierdie vlak besig is om in te tree. Amoateng (aangehaal in Lombaard, 2006:6) is van mening dat gemengde huwelike na verwagting met sowat 3% per jaar sal toeneem.

Roos (2006a:2) toon aan dat navorsing daarop dui dat Suid-Afrikaners uit alle kultuurgroepe 'n verbasende hoë verdraagsaamheid openbaar ten opsigte van verhoudings en huwelike oor die rasse- en geloofsgrense. Onder Swartes het 62% van die respondente aangetoon dat hulle nie 'n probleem het met sulke verhoudings nie. Onder Kleurlinge het 55% hulle goedkeuring aangedui, onder Indiërs 31% en onder Blankes 22%.

3.3.4.1. Konklusie oor gemengde huwelike in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor gemengde huwelike in Suid-Afrika:

- Sedert die afskaffing van die Ontugwet in Suid-Afrika is daar verskeie gevalle van jonger en ouer persone wat verhoudings oor kleurgrense met mekaar aanknoop.
- Sowat vier uit elke honderd liefdes- of huwelikspaartjies is gemengd. Bekende figure in die samelewing wat die voortou hierin neem, speel 'n groot rol om persepsies oor gemengde huwelike te verander.
- Daar is 'n verbasend hoë vlak van verdraagsaamheid onder Suid-Afrikaners van alle kultuurgroepe ten opsigte van verhoudings en huwelike oor ras- en geloofsgrense heen.

3.3.5. Eenheid in sport in Suid-Afrika

Sport het die potensiaal om wonde te genees. Sedert 1994 was sport een van die grootste faktore wat 'n rol gespeel het in die versoeningsproses wat in die land aan die gang gekom het (South African Government, 2005b). In 1995, toe die Springbokrugbyspan van Suid-Afrika die Wêreldbeker rugbytoernooi op eie bodem gewen het, het dit 'n spontane reaksie van versoening tussen landsburgers in Suid-Afrika meegebring (South Africa Info, 2006). Waar rugby vroeër simbool was van die apartheidstrewe in Suid-Afrika, het dit in 1995 simbool geword van 'n nasie wat op pad is om in 'n nuwe eenheid te ontwikkel. Sedert Suid-Afrika na die jare van ballingskap uit internasionale sport in 1992 weer by die Olimpiese Spele toegelaat is, het die prestasies van verskeie sportspanne en individuele sportsterre daartoe bygedra dat die land weer in die internasionale sportarena aanvaar is. Sedertdien het die regering met verskeie

projekte begin om sportfasiliteite in voorheen benadeelde gemeenskappe op te knap en sportkomitees daar te stel wat gemeenskapsport aanmoedig (South African Government, 2005b), sodat sport toenemend sy regmatige plek kan inneem as bewerker van eenheid in die samelewing.

3.3.5.1. Konklusie oor eenheid in sport in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor eenheid in sport in Suid-Afrika:

- Sedert Suid-Afrika in 1992 weer tot internasionale sportbyeenkomste toegelaat is, het die sportprestasies van verskeie spanne van gemengde kleur en individue daartoe gelei dat 'n eenheidsgevoel onder die inwoners van die land posvat.
- Die fokus van die regering op die opgradering van sportgeriewe in voorheen benadeelde gemeenskappe en die daarstel van sportkomitees om gemeenskapsport aan te moedig, dra daartoe by dat sport toenemend 'n regmatige plek inneem as bewerker van eenheid in die samelewing.

3.3.6. Samevattende konklusie oor gevalle waar eenheid in Suid-Afrika wel voorkom

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor gevalle waar eenheid in Suid-Afrika wel voorkom:

- Daar is merkbare tekens dat wedersydse kulturele beïnvloeding toenemend in Suid-Afrika plaasvind en dat 'n groeiende komponent van die samelewing gemaklik voel in die multikulturele konteks van die land.
- Verskeie voorbeelde van musici wat oor kulturele grense beweeg en musiek van ander kulture ontgin, kom ook voor. 'n Vermenging van bepaalde elemente uit die Westerse- en Afrikakulture het selfs gelei tot die ontstaan van Kwaito, 'n nuwe musiekgenre wat uiters gewild is in Suid-Afrika.
- Hoewel Engels wyd aanvaar en gebruik word as *lingua franca* in Suid-Afrika, is daar tog tekens dat Afrikaans toenemend as taal in eie reg en selfs as moontlike instrument vir die bewerking van versoening en eenheid in die land beskou word.
- Verskeie gevalle van gemengde huwelike en verhoudings oor kleurgrense heen, kom voor in Suid-Afrika. Daar is ook 'n hoë vlak van verdraagsaamheid onder Suid-Afrikaners van alle kultuurgroepe ten opsigte van verhoudings en huwelike oor ras- en geloofsgrense heen.
- Die sportprestasies van verskeie gemengde Suid-Afrikaanse spanne en individue laat 'n eenheidsgevoel onder inwoners van Suid-Afrika posvat. Die klem wat die

regering plaas op die bevordering van sport in die land, is 'n goeie teken vir die toekomstige uitbou van hierdie fenomeen.

3.4. Eenheid oor landsgrense heen: die Afrika Renaissance

In sy toespraak voor die parlement op 10 Junie 1997 het president Thabo Mbeki die konsep van 'n Afrika Renaissance bekend gestel. Die Afrika Renaissance is 'n konsep wat geskoei is op die geloof dat Afrika in staat is om haar eie probleme op te los, deur te fokus op sinvolle ontwikkeling en vooruitgang, sodat 'n regverdiger en mensliker sosiale orde daargestel kan word (Mbeki, 2004b:15). Die Afrika Unie en sy ontwikkelingsprogram, die New Partnership for Africa's Development (NEPAD) is volgens Mbeki (2004a) die voertuie waarmee die Afrika Renaissance bewerk kan word. Volgens hom moet elkeen in Afrika daartoe bydra dat die vestiging van stabiele demokrasieë, respek vir menseregte, beëindiging van gewelddadige konflik en 'n beter lewe vir almal op die kontinent 'n werklikheid word.

Afrika is 'n kontinent met baie ellende en nood, wat veroorsaak dat die inwoners van die kontinent in talle gevalle nie gelukkig met hulle lewensomstandighede is nie. Pienaar (2006:1) toon aan dat die inwoners van Suid-Afrika tel onder die 70 ongelukkigste nasies ter wêreld, terwyl inwoners van lande soos Botswana, Zimbabwe, Lesotho, Malawi, Swaziland, die Sentraal Afrikaanse Republiek en Zambië val onder die 55 ongelukkigste nasies ter wêreld. Afrika word gekenmerk deur oorloë en armoede (Botha, 1999). Afrikastede is vuil, gevaarlik en korrup (Thompson, 2006:21) en kan die toenemende verstedeliking nie langer hanteer nie. Prah (1999:59), asook Breytenbach (1999:91) meen egter tereg dat daar ná drie dekades van onafhanklikheid moeilik meer vinger gewys kan word na eksterne faktore wat die oorsaak vir die probleme van Afrika sou wees. Die tyd het gekom dat die inwoners van Afrika self iets daadwerklik doen om hulle toekoms beter te maak. Een van die eerste aspekte wat volgens hom moet aandag kry, is die vestiging van demokrasie in Afrika.

Suid-Afrika het al die kwaliteite om hierin as leier vir die kontinent op te tree (sien Mbeki, 1999:11-15; Burger, 1998). Botha (1999) toon aan dat Mbeki met die gebruik van die voornaamwoord *ek* (in bovermelde toespraak van 1997) homself intiem vereenselwig met al die verskillende bevolkingsgroepe in die Suid-Afrikaanse samelewing. Hy verwys na die geskiedkundige gebeurtenisse asook die verskillende groepe wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis help vorm het en vereenselwig hom met elkeen van hulle. Hierdeur stel hy 'n prysenswaardige voorbeeld om die verskillende etniese groeperinge in die land tuis te laat voel. Betekenisvol in hierdie verband is ook die aantekening op die webblad van die

Suid-Afrikaanse regering dat die protea op die nuwe landswapen van 2000 die embleem is van die prag van die land, en die potensiaal uitbeeld van 'n *nasie* wat die ideale van die Afrika Renaissance najaag (sien South African Government, 2005a). Om die potensiaal vir die najaag van die ideale van die Afrika Renaissance te kan verwesenlik, is dit egter van kardinale belang dat werklike en duursame versoening en eenheid in Suid-Afrika bereik moet word.

Volgens Lodge (1999:96-98, 105) is die proklamering van 'n Afrika Renaissance nie iets wat in die onlangse tyd ontstaan het nie. Reeds in 1937 het Nnamdi Azikiwe, toe nog toekomstige president van Nigerië, 'n intellektuele manifes genaamd *Renascent Africa* gepubliseer waarin hy 'n basiese filosofie vir 'n Renaissance in Afrika uiteensit (1999:106). In 1974 was daar ook 'n *Black Renaissance Convention* gehou by Hammanskraal buite Pretoria, waartydens die kulturele erfenis van Afrika herwaardeer is in die lig van moderne en kontemporêre ontwikkelings (1999:107).

Ten spyte van internasionale pogings om 'n homogene wêreldstandaard daar te stel vir die manier waarop state funksioneer en inpas in die wêreldorde, het Afrika nog altyd daarna gestreef om sy eie identiteit daar te stel (Pityana, 1999:146). Die pan-Afrika ideaal word gebaseer op die uitgangspunt dat die emansipasie, ontwikkeling en voorspoed van die mense van Afrika alleen bereik sal kan word deur die eenheid van die inwoners van die kontinent (Prah, 1999:57). Die mees euforiese tydperk van die pan-Afrikanistiese beweging was in die jare na die Tweede Wêreldoorlog tot in die sestigerjare, toe die kaart van Afrika verander is van 'n koloniale sfeer van invloed en beheer tot onafhanklike en (in 'n beperkte mate) self-handhawende state (Prah, 1999:58). Die stigting van die OAU (Organisation for African Unity) was 'n direkte gevolg van die pogings van die leierskap op daardie tyd om 'n institusionele vorm vir hulle wens vir Afrika eenheid te vestig (Prah, 1999:58).

Om die Afrika Renaissance meer as net 'n droom te maak, is dit nodig dat 'n duidelike inhoudsbeskrywing daarvan gegee word. In Suid-Afrika word openbare oproepe vir 'n Afrika Renaissance verstaan dat dit 'n proses impliseer waarin op politieke, ekonomiese en kulturele vlakke in verbinding getree word met die res van die kontinent. As voorwaarde hiervoor word veronderstel dat Suid-Afrika se identiteit as 'n ware Afrikastaat erken word (Lodge, 1999:96-98).

Volgens Burger (1998) gaan dit in die Afrika Renaissance om 'n terugkeer na die wortels van die Afrikakultuur. Kolonialisme het daartoe gelei dat die Afrikakultuur verdring is (sien

Prah, 2001) en dat die leiers weens hulle Westerse opleiding vervreemd geraak het van die massas wat die basis vorm van die Afrikakultuur en gemeenskap. Die behoefte aan die herstel van 'n vernietigde trots vir Afrika (sien ook Mazrui & Mazrui, 1998:6) kom sterk na vore in die idee van die Afrika Renaissance. Pan-Afrikanisme, met 'n klem op die bevordering van die Swart bewussyn, is egter nie wat Mbeki in sy toespraak in die oog het nie, hoewel sommiges dit as sodanig interpreteer (Botha, 1999). Om Renaissance in die ware sin van die woord te wees, is dit volgens hom nodig dat al die intellektuele, artistieke en filosofiese kragte in Afrika moet ontwaak (Botha, 1999). Almal, ook diegene vanuit die Westerse kultuur, word opgeroep om mee te werk aan die ideaal van die herstel van die menswaardigheid van die mense van Afrika.

Vir die Afrika Renaissance om suksesvol te wees, is dit nodig dat daar 'n ontwaking van gedagtes moet wees. Deurdringende debat op alle vlakke is nodig om momentum en vorm daaraan te gee (Mamdani, 1999:130, 133). Hiervoor is dit nodig dat die breinkrag van Afrika ingespan word om Afrika se probleme op te los. Voordat dit vermag kan word, sal eers pogings aangewend moet word om Afrika-gefokusde gedagtes en wêreldbeskouing deel te maak van die wetenskaplike nadenke daaroor (Mamdani, 1999:134). Prah (1999:60) pleit vir die terugkeer na die waardes van die tradisionele Afrikakultuur, waarin selektief gebou word op dit wat kan bydra tot ontwikkeling en 'n werklike Renaissance in Afrika. In hierdie verband verwys Lodge (1999:99) in besonder na die konsep van *ubuntu* wat eie is aan Afrika en in die afgelope tyd sterk klem gekry het in die sosiopolitieke ontwikkelings in Suid-Afrika. Ook Teffo (1999:167) beskou ware *ubuntu* as die sleutel vir die bewerking van versoening en eenheid. Ware *ubuntu* laat die ander toe om te wees en te word. Absolutisme en voorrang van sekeres bo ander het geen plek hier nie. Verwronge totalitêre kommunalisme en kollektivisme ook nie. So ook nie 'n vasklou aan tradisie weens vrees vir verandering of 'n afdwing van eendersheid nie. Eenheid is nie eendersheid nie (Mamdani, 1999:132). Ware *ubuntu* buit nie verskille uit nie, maar vier dit. Vir ontwikkeling en 'n werklike Renaissance in Afrika is dit onmisbaar.

Die Afrika Renaissance word allerweë beskou as 'n goed gedefinieerde, sinvolle en haalbare inisiatief om die vasteland op 'n opwindende nuwe ontwikkelingskoers te plaas. Dit hou egter enorme uitdagings in, wat nie goedkoop gaan wees nie. Die probleme in Afrika is legio en van tyd tot tyd lyk dit of sommige leiers uit hulle pad gaan om die proses te ontspoor. Dit moet egter bestuur word en hierin het Suid-Afrika 'n verantwoordelikheid wat hy nie kan of behoort te ontwyk nie (Jeffreys, 2004:10). Suid-Afrika se ekonomiese vermoëns word beskou as onmisbaar vir die opbou van Afrika. Soos Clackson Power Company wat tans besig is om hidrokragstasies in die Demokratiese Republiek van die

Kongo op te rig (sien Moos, 2004:6), is daar toenemende betrokkenheid van Suid-Afrikaanse maatskappye by ontwikkelingsprojekte in Afrika. Volgens Louw, L. (2006c:20) dui inligting van die Reserwebank aan dat daar tans sowat 92 top-100 genoteerde maatskappye van Suid-Afrika is wat sake doen in Afrika. In 2003 het hierdie maatskappye altesaam sowat R32.3 miljard in Afrika belê, vergeleke met 'n bedrag van R8 miljard in 1996.

Indien die Afrika Renaissance suksesvol is, kan dit lei tot 'n *pax africana* wat blywend is en die belofte inhou van politieke raamwerke wat die kontinent se ryk kulturele diversiteit sal laat floreer. Alleen op hierdie manier kan die kragte van ekonomiese en tegnologiese globalisering bestuur word en op alle vlakke tot voordeel van die Afrikagemeenskappe aangewend word (Stremlau, 1999:124). Volgens Breytenbach (1999:92) is die probleem van die Afrika Renaissance egter dat daar tans feitlik geen werklike aksieplanne bestaan nie. Dit is dus onduidelik presies wat beoog word en wat die funksie van die verskillende rolspelers hierin moet wees. Lodge (1999:108-109) meen tereg dat die Afrika Renaissance, om te slaag, veel meer sal moet wees as 'n blote Afrosentriese nostalgie waarin 'n reeks self-gelukwensende uitsprake sentreer rondom die herinnering aan antieke beskawings van Afrika, met klem op rasse sentiment in plaas van basiese politieke beginsels.

Moeletsi Mbeki (aangehaal in Stremlau, 1999:103) reken dat Afrika kan verwag om groot konflik te beleef, soos wat die Renaissance in Europa gelei het tot groot konflik en oorloë. Volgens hom kan die tekens daarvan reeds in groot konflikte in Afrika gesien word. Annan (aangehaal in Stremlau, 1999:103-104) verwys daarna dat daar sedert 1970 meer as dertig groot oorloë in Afrika geveg is. In 1996 alleen, het veertien van die drie en vyftig state van Afrika gebuk gegaan onder een of ander gewapende konflik. Dit het meer as die helfte van alle oorlogsverwante sterftes ter wêreld uitgemaak en het gelei tot meer as agt miljoen vlugtelinge en ontwrigte mense op die kontinent. Dit spreek vanself dat hierdie tipe probleme vierkantig in die pad staan van die ideaal om Afrika te laat herleef as 'n kontinent waar vrede en vooruitgang die kenmerk is. Om te verseker dat die probleme wat die Europese Renaissance gebring het, nie ook Afrika se lot word nie, is dit van kardinale belang dat samewerking tussen regerings in Afrika verbeter en verdiep sal word. Hierin kan die hoop wat die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika gebring het, 'n kardinale rol speel (Stremlau, 1999:122). Uiteindelik kan dit ook instrumenteel daarin wees dat die ongelykhede tussen die welgestelde Noorde en die armer Suide aangespreek word. Versoening en eenheid in Suid-Afrika het veel meer potensiaal as om bloot vir die mense van Suid-Afrika iets te beteken in terme van onderlinge verhoudings.

Ook op ekonomiese vlak bied Suid-Afrika hoop en kan dit volgens Guest (2004) vir Afrika beteken wat Japan vir Oos-Asië beteken het – mits dit reg bestuur word.

Om suksesvol, maar ook geloofwaardig te kan wees in die strewe na 'n Afrika Renaissance, sal die Suid-Afrikaanse regering egter eers ernstige aandag moet gee aan kwessies nader aan sy eie grense, soos byvoorbeeld die menseregtevergrype en ekonomiese wanbestuur in Zimbabwe. Nie alleen veroorsaak dit alreeds sosiopolitieke probleme weens die onbeheerde instroming van vlugtelinge vanuit Zimbabwe nie, maar verleen dit ook legitimiteit aan 'n regering wat die waardes en ideale van die Afrika Renaissance ondergrawe. Die Suid-Afrikaanse regering se amptelike beleid, om deur middel van "stille diplomasie" te probeer om die Zimbabwiese regering by te staan in die oplossing van sy eie probleme, oortuig nie (Botha, R., 2006a:18) en sal daarom aangepas moet word om die konsep van die Afrika Renaissance te laat slaag.

3.4.1. Konklusie oor die Afrika Renaissance

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die Afrika Renaissance:

- Die konsep van die Afrika Renaissance is geskoei op die geloof dat Afrika haar eie probleme kan oplos. Dit kan gedoen word deur te fokus op ontwikkeling en vooruitgang, sodat 'n regverdiger en mensliker sosiale orde daargestel kan word.
- Na drie dekades van onafhanklikheid kan die vinger moeilik meer gewys word na eksterne faktore as oorsaak vir die probleme van Afrika. Dit het tyd geword dat die inwoners van die kontinent self iets doen om die toekoms beter te maak.
- Die Afrika Renaissance gaan oor die terugkeer na die wortels van die Afrikakultuur, waarvan die konsep van *ubuntu* in besonder groot betekenis kan hê. Hiervoor moet al die intellektuele, artistieke en filosofiese kragte ingespan word (ook dié van die Westerse kultuur).
- Suid-Afrika het al die kwaliteite om vir die bereiking van hierdie ideaal as leier vir die kontinent op te tree. Nie alleen het Suid-Afrika die intellektuele, artistieke en filosofiese kragte nie, maar ook die ekonomiese vermoëns wat nodig is vir die verwesenliking van hierdie ideaal.
- Vir effektiewe leierskap met betrekking tot 'n ware Renaissance in Afrika, is dit nodig dat daar ware versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing moet wees. Daarsonder sal daar nie genoeg momentum wees vir die bereiking van die van 'n Renaissance vir Afrika nie.

3.5. Samevattende konklusie oor eenheid in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor eenheid in Suid-Afrika:

- Die euforie wat kort na 1994 ontstaan het (met die inhuldiging van mnr. Nelson Mandela as eerste demokraties-verkose president van die land) het spoedig plek gemaak vir 'n realisme oor die aard en omvang van die nalatenskap van apartheid in Suid-Afrika.
- Hoewel die nalatenskap van apartheid verskeie struikelblokke op die weg van eenheid in die land veroorsaak, is daar tog gevalle waaruit dit blyk dat eenheid in sommige opsigte bereik is, of dat dit binne bereik lê. Hieronder tel:
    - wedersydse kulturele beïnvloeding tussen veral Swart en Blanke inwoners van die land;
    - musici wat toenemend oor kulturele grense van mekaar se musiek gebruik maak;
    - Afrikaans wat toenemend in eie reg aanvaar en as instrument vir versoening een eenheid beskou word;
    - gemengde huwelike en verhoudings oor kleurgrense heen;
    - sportprestasies wat 'n eenheidsgevoel laat posvat.
- Van die faktore wat eenheid in Suid-Afrika bedreig is die volgende:
    - volgehoue bewustheid van rasse-identiteit;
    - kulture wat onbekend is vir mekaar;
    - misdaad en geweld;
    - gebrek aan morele waardes;
    - aanduidings van 'n totalitêre regering;
    - sosio-ekonomiese ongelykheid;
    - problematiek rondom grondbesit;
    - problematiek rondom arbeid in die land;
    - regstellende aksie;
    - persepsies oor die onvermoë van die regering om probleme op te los;
    - bestaan van geslote gemeenskappe;
    - MIV Vigs;
    - versetkuns uit sekere segmente van die samelewing;
    - miskenning van taal;
    - ondeurdagte transformasie van sport;
    - Posttraumatiese Stresversteuring.
- Daar is duidelik nog heelwat wat gedoen sal moet word voordat daar sprake kan wees van ware eenheid onder die inwoners van Suid-Afrika.

3.6. Samevattende konklusie: metateoretiese perspektiewe oor versoening en eenheid in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word met betrekking tot die metateoretiese perspektiewe waartoe gekom is oor versoening en eenheid in Suid-Afrika:

- Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van menseregtevergrype. Sedert die koms van die koloniale magte na die vasteland van Afrika, is Swartmense se menseregte op verskillende maniere misken.
- Die miskenning van menseregte het 'n hoogtepunt bereik met die ontwikkeling van die beleid van apartheid onder die NP-regering wat in 1948 aan bewind gekom het.
- Na jare van stryd, wat in intensiteit toegeneem het, is 'n demokratiese verkiesing uiteindelik in 1994 gehou, waarna president Nelson Mandela as eerste Swart president van die Suid-Afrika ingehuldig is.
- Dit was nie primêr die kerk wat die voortou geneem het met die bewerking van versoening in Suid-Afrika nie. Die regering wat in 1994 aan bewind gekom het, het besluit om 'n Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) op die been te bring vir hierdie doel.
- Die WVK se werksaamhede het van 1996 tot 1999 geduur. Daar is goed geslaag daarin om die waarheid oor die verlede te openbaar, versoening te bewerk, amnestie toe te staan waar van toepassing en in 'n mindere mate, restitusie uit te betaal. Daar is ook internasionaal hoë agting vir die werksaamhede van die WVK van Suid-Afrika en talle regerings het die Suid-Afrikaanse regering genader om hulp vir soortgelyke versoeningsprosesse.
- Die proses van versoening is egter lank nie afgehandel nie. Versoening in Suid-Afrika gaan voort, ondanks die afhandeling van die werksaamhede van die WVK. Die uitdaging is om die verdere ontwikkeling van die proses reg te bestuur.
- Rituele soos die wassing van voete, wat simbolies is van berou en die vra van vergifnis, speel 'n belangrike rol in die verdere ontwikkeling van die versoeningsproses in Suid-Afrika.
- Die euforie wat kort na 1994 ontstaan het (met die inhuldiging van mnr. Nelson Mandela as eerste demokraties-verkose president van die land) oor die "nuwe Suid-Afrika" wat tot stand gekom het, het spoedig plek gemaak vir 'n realisme oor die aard en omvang van die nalatenskap van apartheid in die land.
- Hoewel die nalatenskap van apartheid verskeie struikelblokke op die weg van eenheid in die land veroorsaak, is daar tog gevalle waaruit dit blyk dat eenheid in sommige opsigte bereik is, of dat dit binne bereik lê.

- Daar is egter 'n hele aantal faktore wat eenheid in Suid-Afrika daadwerklik bedreig en wat dit duidelik maak dat nog heelwat gedoen sal moet word voordat daar sprake kan wees van ware eenheid onder die inwoners van Suid-Afrika.

DEEL 2
METATEORIE



HOOFSTUK 8: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE GEREFORMEERDE EREDIENS EN KERKLIED IN SUID-AFRIKA

1. Inleiding

Suid-Afrika is bekend vir die verskeidenheid kulture wat in die land voorkom. In Hoofstuk 6 is aangetoon dat daar twee prominente kulture is wat die sosiohistoriese ontwikkeling in Suid-Afrika grootliks beïnvloed het: die Westerse- en die Afrikakultuur. Omdat hierdie twee kulture wesenlik van mekaar verskil, is die potensiaal vir spanning en konflik redelik hoog wanneer lede van die twee kulture in die daaglikse lewe met mekaar te doen het. In Hoofstuk 7 is aangetoon dat die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika, waarin die skending van die menseregte oor jare aan die orde van die dag was en waarin die jarelange stryd teen apartheid gelei het tot konfrontasie en konflik op verskeie fronte, daartoe gelei het dat 'n beduidende gebrek aan versoening en eenheid in die land ontstaan het. Hoewel 'n mate van versoening wel bewerk is, deur onder meer die (relatiewe) vreedsame oorgang na 'n volwaardige demokratiese politieke bestel in die land, asook die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), is daar egter steeds verskeie faktore wat 'n belemmering is vir die voortsetting van die proses van versoening en die bereiking van ware eenheid in Suid-Afrika.

In die voortgaande proses waarin gesoek word na dieper versoening en ware eenheid in Suid-Afrika, het die kerk 'n bepalende rol om te vervul. Waar die kerk nie daarin geslaag het om sy roeping met betrekking tot die "bediening van die versoening" volgens 2 Korintiërs 5:11-21 (sien 2.1.2.8 by Hoofstuk 3 hierbo) na te kom met die beëindiging van apartheid nie, is daar tans ruim geleentheid vir die kerk om die proses van 'n voortgaande soeke na versoening en eenheid te stuur en te lei. Die kerk durf nie nog 'n keer die geleentheid laat verbygaan nie.

Die doel van hierdie studie is om die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika te ondersoek. Alvorens die bydrae van die gereformeerde kerklied hierin ondersoek kan word, is dit nodig om eers 'n ondersoek te doen na die situasie met betrekking tot die gereformeerde erediens in Suid-Afrika. Dit is immers binne die erediens wat die kerklied gebruik word en 'n besondere rol vervul. Die bydrae van die kerklied kan nie los van die erediens ondersoek word nie. Dit is derhalwe die doel van hierdie hoofstuk om eers 'n ondersoek te doen na die gereformeerde erediens in Suid-Afrika, en in besonder wat die stand van sake is binne die gereformeerde kerke van onderskeidelik die Westerse- en Afrikakulture. Daarna word die fokus verskuif na die kerklied wat tans binne gereformeerde kerke in die land in eredienste gebruik word, asook die effek wat dit het (of kan hê) op die onderlinge verhouding tussen die Westerse- en Afrikakomponente van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Wanneer in die ondersoek na die erediens as die kerklied, gefokus word op die situasie in die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), word dit telkens gedoen as verteenwoordigende snit van die groter groep reformatoriese kerke in Suid-Afrika.

Die werkplan wat in hierdie hoofstuk gevolg word, is die volgende: deur middel van 'n literatuurstudie word eerstens 'n ondersoek gedoen na die gereformeerde erediens in Suid-Afrika. In hierdie verband word 'n oorsig gegee oor die breë kerklike agtergrond in Afrika, asook oor die kerklike agtergrond in Suid-Afrika. Sodoende kan sekere afleidings gemaak word oor die stand van die gereformeerde erediens in Suid-Afrika, veral wanneer die rol van die Westerse of Blanke komponent van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in die apartheidstyd, tesame met die rol van die Africa Independent Churches (AIC) in ag geneem word. Daarna word die erediens in die NGK asook in die GKSA afsonderlik ondersoek.

Vervolgens word die kerklied in Suid-Afrika ondersoek, eers met verwysing na die kerklied binne die konteks van die Westerse kultuur en daarna binne die konteks van die Afrikakultuur. Aandag word ook gegee aan die betekenis wat πνεῦμα (gees) en νοῦς (verstand) in 1 Korintiërs 14:15 het vir die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika. Voordat tot sekere gevolgtrekkings gekom word, word ook die bevindings weergegee van 'n empiriese ondersoek wat gedoen is met betrekking tot die effek wat die saamsing van die gereformeerde kerklied het op lidmate wat uit onderskeidelik die Westerse kultuur en Afrikakultuur kom.

2. Die gereformeerde erediens in Suid-Afrika

In Hoofstuk 7 hierbo (sien 2.6.1) is aangetoon dat dit nie die kerk was wat die proses tot versoening in Suid-Afrika aangevoor het nie, maar dat dit 'n inisiatief was wat van die regering uitgegaan het. In Hoofstuk 7 (sien 2.6.4) is verder aangetoon dat die kerk beskikbaar en bruikbaar moet wees om die voortgaande ontwikkeling van die proses van versoening en eenheid in Suid-Afrika te fasiliteer. Dit is 'n geleentheid wat die kerk nie mag laat verbygaan nie (Van Niekerk, P., 2003:11). In die eerste plek is dit belangrik dat die kerk in Suid-Afrika sal voortgaan om sy profetiese getuienis te laat hoor. Daarby moet die lewering van praktiese hulpverlening egter ook nie uitbly nie. Volgens Vorster (2004:30) moet die kerk aktief betrokke wees by die totale helingsproses in die land. Dit behels ook optrede soos simboliese gebare, pastorale versorging van slagoffers en oortreders, geldelike hulp aan behoeftiges en die aktiewe bevordering van versoening en eenheid op alle vlakke. So kan en moet die kerk 'n onmisbare rol vervul om vertroue en goedgesindheid tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die land te herstel. Van Niekerk, J. (2003:13) wys daarop dat hierdie proses selfs uitgebrei moet word sodat ook kontak gemaak word en dialoog bewerkstellig word met mense vanuit ander gelowe as die Christelike geloof.

Om hierdie rol te kan vervul, is dit van kardinale belang dat die kerk bewus moet wees van sy Godgegewe roeping in Suid-Afrika en deeglik voorbereid moet wees om dit uit te voer. Omdat alles wat in die kerklike lewe gebeur voortspruit uit dit wat in die erediens aan die orde kom, spreek dit vanself dat nie net die inhoud nie, maar ook die inrigting van die erediens 'n bepalende invloed het op die uiteindelike optrede van die kerk. Die erediens is die hartklop van die kerklike lewe (Vos & Pieterse, 1997:16) waarsonder die kerk nie kan bestaan nie (Byars, 2002:7). Die omgang met God en mekaar in Woord, verkondiging, lied, gebed, sakramente en liefdegawes dien as lewensbron vir die aktiwiteite en funksionering van die kerk en sy lidmate. Dit is juis ook in die erediens waar die versoening in en deur Christus telkens herbevestig word en waar die voortspruitende oproep om eenheid met God en mekaar telkens tot elkeen gerig word. Sonder die erediens kan die kerk nie dien as instrument om die versoening en eenheid wat Christus bewerk het, in die wêreld gestalte te gee nie.

Soos aangetoon in 2.2 by Hoofstuk 4 hierbo, is daar verskillende inkledings van die erediens wat by verskillende gemeentes en kerkverbande voorkom. Nie alle gereformeerde eredienste is dieselfde nie. In die Suid-Afrikaanse konteks spreek dit vanself dat die verskille tussen kerke van dieselfde kerkverband, maar met lidmate uit verskillende kulture, ook sal reflekteer in die inkleding van die erediens. Hoewel daar onderliggend dieselfde breë beginsels vir die erediens is wat dien as basis vir die inrig

daarvan, veroorsaak die verskille tussen die kulture dat die eredienste dikwels in 'n groot mate van mekaar verskil. Omdat kultuur die manier is waarop die mens probeer sin maak uit die wêreld waarin hy leef, kry die liturgie altyd gestalte binne 'n bepaalde historiese en kulturele konteks (Byars, 2002:59; Meyers, 1993:157). Omdat kultuur en liturgie egter in 'n konstante wisselwerking met mekaar is, transformeer die erediens dikwels ook die kultuur waarin dit beslag kry (Thlagale, 1999). Die kulturele ontwikkelings wat 'n invloed het op die liturgie van die kerk, is voorts deel van 'n breër stroom veranderings waarmee die kerk in sy liturgie moet rekening hou. Die uitdaging vir die kerk is om seker te maak dat sy liturgie en ander bediening relevant bly binne die tydgleuf asook kultuurontwikkelings wat vir die lidmate 'n werklikheid is (sien 2.3 by Hoofstuk 4 hierbo asook Spinks, 1993:38). Dit blyk dus dat daar geweldige eise aan die kerk gestel word in terme van die erediens en die inrigting daarvan.

Om 'n beeld te kry van die stand van die liturgie onder die gereformeede kerke in Suid-Afrika, is dit 'n werkbare metode om ondersoek te doen na die stand van die verhoudings tussen die gereformeerde kerke met lidmate van die Westerse- en Afrikakulture. Die lyn van ontwikkeling wat daar in die verhoudings tussen die kerke uit verskillende kulture is, gee 'n goeie aanduiding van die verskille in liturgiese inkleding wat daar onder die betrokke kerke is. Vir 'n ondersoek na die verhoudings tussen die gereformeerde kerke van verskillende kulturele agtergronde in Suid-Afrika, moet die breë agtergrond van ekumenisiteit in die wêreld, asook van kerklike ontwikkeling in Afrika uiteraard ook goed verreken word.

2.1. Ekumenisiteit

Die term "ekumenisiteit" en die byvoeglike naamwoord "ekumeniese" kom van die Griekse woord οἰκουμένη wat letterlik verwys na *die hele bewoonde wêreld* (Goosen, 2003:10). In Matteus 24:14 word dit in hierdie sin gebruik wanneer Jesus sê:

> *En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor.*

'n Verdere betekenis van die term "ekumenisiteit" het spesifiek te doen met Christelike eenheid. Dit verwys na die proses waarin 'n groter uitdrukking van eenheid en samewerking tussen Christene van verskillende agtergronde nagestreef word. Volgens Goosen (2003:11) word die term in sekere gevalle selfs uitgebrei om pogings tot samewerking en dialoog met aanhangers van ander gelowe ook in te sluit.

Onderlinge eenheid in Christelike kerke was van die ontstaan van die kerk in die Nuwe Testament al problematies. In die loop van die kerkgeskiedenis het dit telkens gebeur dat

eenheid om een of ander rede verbreek is (Goosen, 2003:11-37). Die stigting van die Wêreldraad van Kerke (WRK) in 1910 te Edinburgh, met leiers van 'n verskeidenheid denominasies as lede, was 'n poging om groter eenheid onder verskillende Christelike kerke wêreldwyd te bevorder. Sedertdien word gereelde vergaderings deur lidkerke van regoor die wêreld gehou, waartydens hoofsaaklik aandag gegee word aan aspekte rakende dialoog, samewerking en eenheid onder Christelike kerke (sien Goosen, 2003:27-28; 77-100). Verskeie Christelike kerke in Afrika en Suid-Afrika is lede van die WRK en dus deel van die oorkoepelende proses waarin gepoog word om groter eenheid tussen Christene wêreldwyd te bewerk.

2.2. Die breë kerklike agtergrond in Afrika

In Afrika beleef die Christendom tans fenomenale groei. Volgens Ejizu (2006) is die tempo waarteen mense van tradisionele Afrikagelowe hulle tot die Christendom en die Islam bekeer, iets wat nog nie vantevore beleef is nie. 'n Geweldige groot getal voormalige aanhangers van die tradisionele gelowe (sowat 360 miljoen mense volgens Hofmeyr (aangehaal in Louw, 2003:11)), het hulle eeue-oue rituele en simbole opgegee ter wille van die Christendom. Die situasie wat daar vroeër in Afrika suid van die Sahara was, waarin die uitgangspunte en gebruike van die inheemse gelowe alle aspekte van die lewe bepaal het, is besig om vinnig te verdwyn om plek te maak vir godsdienstige pluralisme. Dit is veral Pinkster- en Evangeliese kerkgroepe wat in stedelike gebiede besig is om veld te wen onder middeljariges en die jeug. Hierdie kerkgroepe gebruik merendeels moderne maniere van prediking, tesame met elektroniese toerusting en moderne musiek. Omdat die sogenaamde voorspoedsteologie algemeen in hierdie kerke verkondig word, met 'n spesifieke beklemtoning van voorspoed en vinnige resultate, vind dit wyd aanklank in gemeenskappe waar armoede en eksistensiële nood aan die orde van die dag is (Hofmeyr, aangehaal in Louw, 2003:11).

Die gevolg van die geweldige groei in die Pinksterkerke van Afrika, is dat talle van die hoofstroomkerke gedwing word om hulle eie eredienste aan te pas, in 'n poging om die uitvloei van lidmate na die Pinksterkerke te keer. Hoewel die eredienste van die hoofstroomkerke in Afrika oorwegend Westers gerig is, is daar tog sekere elemente van die tradisionele Afrikawêreldbeskouing wat steeds behoue bly. Veral elemente soos die geloof in die dinamiese teenwoordigheid en aktiwiteite van geestelike wesens, kosmiese kragte, asook geloof in reïnkarnasie word in talle gevalle vermeng met 'n Christelike lewensbeskouing. Die hoeveelheid gevalle van afgodsdiens, bygeloof, vrees vir heksery, voorvaderverering, toekomsvoorspelling en allerhande soorte nuttelose praktyke wat steeds in gemeenskappe van Afrika voorkom, is verstommend (sien 2.2.2.2 van Hoofstuk

6 hierbo). Hoewel dit net in 'n ander gewaad is, kom die gelowe en gebruike van die inheemse godsdienste dus tog nog redelik algemeen voor, ten spyte van die fenomenale groei in die Christendom (Ejizu, 2006).

Dandala (aangehaal in Jackson, 2003c:11) soek die oorsaak vir die sinkretisme in die Christendom van Afrika in die feit dat die leer van die Bybel in Afrika bekendgestel is deur sendelinge wat dit in 'n Westerse verpakking aangebied het (sien ook Nolan, 1999:8-9). Langs hierdie weg is sekere Westerse kulturele praktyke, wat totaal vreemd was aan Afrika, in die vasteland ingedra en het dit die gees van Afrika verwar en besoedel. Volgens hom is die evangelie só sterk ingeklee in 'n Westerse kulturidioom, dat dit vir talle inwoners van Afrika 'n struikelblok geword het. Die gevolg is wat hy noem "'n tipe skisofrenie onder Christene" wat bedags Westerse Christene is, maar snags Afrikaspiritualiste is. Hy lê dus die oorsaak van talle van die probleme waarmee die vasteland worstel, direk voor die deur van die Westerse sendelinge wat die evangelie na Afrika gebring het.

Die groot probleem waarmee die kerk in Afrika vandag te doen het, is dat daar só geworstel word met daaglikse eksistensiële probleme dat dit die kerk sy visie en roeping in die vasteland laat verloor. Dit is derhalwe nodig om 'n nuwe visie en roeping vir die kerk in Afrika te formuleer, veral in die lig van die fenomenale groei wat die Christendom tans toon in Afrika. Volgens Hofmeyr (aangehaal in Louw, 2003:11) is die eerste stap in die formulering van so 'n visie en roeping dat die gaping tussen die belydenis van die kerk en die daaglikse ervaring van gewone mense oorbrug moet word. Dit behels onder meer dat geloofswaarhede verduidelik moet word met begrippe wat vir eietydse mense binne hulle eiesoortige konteks verstaanbaar is. Saam met Hofmeyr (aangehaal in Louw, 2003:11) bepleit ook Dandala (aangehaal in Jackson, 2003c:11) 'n nuwe inkleding van die evangelie volgens die kultuureie van Afrika, maar op só 'n wyse dat dit nie weer lei tot 'n vermenging van die Christendom met die tradisionele Afrikagodsdienste nie. Dit spreek dus vanself dat daar eiesoortige uitdagings gestel word aan die kerk van Afrika vandag en in besonder met betrekking tot die inkleding van die erediens.

2.3. Die breë kerklike agtergrond in Suid-Afrika

Volgens Burger, C. (2003a:10) het net sowat 26% van die Swart bevolking in Suid-Afrika teen 1911 aan Christelike kerke behoort. Teen 1990 was die persentasie 76%. Volgens Statistieke Suid-Afrika het sowat 79,8% van Suid-Afrika se inwoners teen 2004 aangedui dat hulle aan een of ander Christelike kerk behoort (Burger, C., 2004:10). In lyn met wat

in die res van Afrika gebeur het, het die Christendom ook in Suid-Afrika oor die afgelope eeu dus teen 'n fenomenale tempo toegeneem.

Ten spyte van 'n geweldige groei in getalle, kon die kerk in Suid-Afrika tot nog toe nie daarin slaag om as 'n versoende eenheid te leef en werk en 'n rigtinggewende rol in die samelewing te speel nie. 'n Tekenende voorbeeld hiervan is die onstaan en werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK). Hierdie interkerklike organisasie het in 1968 ontstaan met die doel om die Christelike kerke onder een vaandel te verenig en sake van gemeenskaplike belang te hanteer (SACC, 2001). Teen 1989 het die SARK sowat 8 miljoen geaffilieerde lede gehad regoor die land. Vir verskeie jare was daar egter geen eenheid op kerklike terrein in Suid-Afrika nie, as gevolg van die beleid van apartheid. Waar die SARK in die apartheidstyd 'n belangrike rol gespeel om 'n geestelike leierskorps in die Swart gemeenskappe van Suid-Afrika daar te stel wat skerp kritiek uitgespreek het teen die beleid van apartheid, is hulle hierin geopponeer deur veral die Afrikaanse susterskerke, wat vir jare juis die beleid van apartheid gesteun en bevestig het (Esterhuyse, 1989:15). Een van die aspekte waarteen die SARK sterk te velde getrek het, was volgens Moreno (1996) dat die Kerkwet van 1958 bepaal het dat Swart en Blanke aanbidders in Suid-Afrika nie in dieselfde erediens mag wees nie. As gevolg van die Blanke komponent van die susterskerke se steun vir die beleid van apartheid, het die NG Kerkfamilie gevolglik onderverdeel in Blanke, Swart en Kleurlingfaksies. Dit het op sy beurt uiteindelik gelei tot die publikasie van onder meer die Kairos-dokument in September 1985 (opgestel deur teoloë uit verskillende kerke) en die Belharbelydenis van 1986 (opgestel deur die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk), waarin 'n visie en Bybelse fundering vir die daarstel van 'n nuwe samelewing wat die basiese regte van die individu erken, uiteengesit word.

Dit is nie vreemd dat verskeurdheid, groeiende polarisasies en selfs onversetlikheid teenoor mekaar die gevolg hiervan was nie. Nie alleen tussen kerke van verskillende denominasies of verskillende kulturele agtergrond nie, maar selfs ook onderling tussen lidmate van dieselfde gemeente, het die sosiopolitieke omstandighede van Suid-Afrika groeiende onenigheid veroorsaak (Esterhuyse, 1989:56). In plaas daarvan dat die hoofstroomkerke in Suid-Afrika instrumenteel daarin was dat die kerk verenig het en as 'n eenheid saamgewerk het om die koninkryk van God in die samelewing gestalte te gee, het die ondersteuning van apartheid deur die Blanke, Westerse segment van die kerk groeiende antagonisme onder lidmate vanuit ander kulturele groeperinge veroorsaak.

Uiteindelik het hierdie situasie daartoe gelei dat veral die Afrikaanse gereformeerde kerke nie in staat was of legitimiteit gehad het om leiding te gee in die ontwikkelings wat op kerklike terrein in Suid-Afrika plaasgevind het nie. Ten spyte van die fenomenale groei in die Christendom van Afrika en ook in Suid-Afrika, wat steeds aan die gang is, is daar tans 'n kommerwekkende tendens dat kerke van gereformeerde belydenis besig is om vinnig veld te verloor onder alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Ontleding van sensussyfers toon dat net 42,8% Blankes teen 2001 tot gereformeerde kerke behoort het teenoor 49,8% in 1980. Onder Bruin lidmate het dit afgeneem van 30,3% in 1980 tot 14,0% in 2001 en onder Swart lidmate van 9,5% tot 4,1% in dieselfde tyd (sien Hendriks, aangehaal in Jackson, 2004c:9). Volgens Hofmeyr (aangehaal in Louw, 2003:11) is een van die aanleidende oorsake van hierdie tendens die kulturele imperialisme wat onder meer gepaard gegaan het met die sendingveldtogte van die gereformeerde kerke in die vorige eeue. 'n Verdere oorsaak vir die gebrek aan groei onder die kerke van gereformeerde belydenis in Suid-Afrika is die legitimiteitsprobleem van die Afrikaanse gereformeerde kerke onder die verskillende gemeenskappe in die land, as gevolg van die dikwels onverbloemde steun vir die beleid van apartheid tydens die bewind van die NP-regering.

Nie in die tyd van fenomenale groei van die Christendom in Afrika nie en ook nie tydens die oorgang van 'n apartheidstaat na 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, was die Westerse- of Blanke gereformeerde kerke dus gereed of in staat genoeg om leiding te gee en momentum te gee aan 'n proses waarin gestalte gegee is aan die koninkryk van God in die veranderende samelewing nie. Dat hierdie leemte ook op die eredienste van die gereformeerde kerke en in besonder op die gebrek aan wedersydse beïnvloeding en verryking in terme van die inkleding daarvan ingespeel het, val dus nie vreemd op nie.

2.4. Die rol van die Africa Independent Churches (AIC) in Suid-Afrika

Waar die gereformeerde kerke oorwegend in gebreke gebly het om aktief betrokke te raak by die globale ontwikkelings op kerklike vlak in Afrika en Suid-Afrika die afgelope eeu, het die Africa Independent Churches (AIC) 'n bepalende en dikwels rigtinggewend rol gespeel. Een van die redes hiervoor is dat die AIC nie met 'n legitimiteitsprobleem te doen gehad het soos die Westerse gereformeerde kerke nie. Nongogo (1999:53-54) skryf die ontstaan van die African Indigenous Churches (AIC) direk toe aan die diskriminasie wat die Westerse- of Blanke sendingkerke en die koloniale- en apartheidsregerings toegepas het. Waar daar in die tradisionele Afrikakultuur 'n besondere gerigtheid is tot die uitleef van 'n godsdienstige verhouding met die kosmos (sien 2.2.2 by Hoofstuk 6 hierbo), het Blanke sendelinge in talle gevalle gepoog om dit te vervang met Westerse idees en

waardes, wat 'n totaal ander gerigtheid het. Omdat langs hierdie weg toenemend gediskrimineer is teen die Afrikakultuur, is dit nie vreemd dat konfrontasie uiteindelik gevolg het nie. Nongogo trek voorts te velde teen die WVK, omdat dit volgens hom merendeels hoofstroomkerke en kerke afkomstig uit die sendingkerke van vroeër is wat aan die bestuur daarvan gestaan het. Volgens hom is die AIC die ware kerke van Afrika, omdat hulle hulle hou aan die tradisies en waardes van die Afrikakultuur. Anders as die hoofstroomkerke, het die AIC dit volgens hom reggekry om die Christendom te versoen met 'n Afrika leefstyl. In hierdie verband noem hy spesifiek die AIC se inkorporering van voorvaderverering in hulle godsdienstige uitlewing (Nongogo, 1999:55), asook die gebruik om kaalvoet te dans tydens eredienste (1999:57). Die effek hiervan kan volgens hom gesien word in talle van die hoofstroomkerke wat hulle toenemend begin navolg in hulle eiesoortige benadering tot die evangelie en teologie

Oosthuizen (1999:61) toon aan dat die manifestering van geestesvervulling in verskillende vorms in sowel die Pinkstergroepe as die inheemse kerke 'n gereelde gebeure is. Die AIC het volgens hom 'n sterk fokus op die Ou Testament en word losweg gegroepeer in wat genoem kan word "huiskerke" (Oosthuizen, 1999:67). Omdat daar 'n sterk fokus is op spirituele krag en daar nie 'n skeiding gemaak word tussen dit wat op 'n Sondag en dit wat in die res van die week gebeur nie, en die konsep van *ubuntu* lei tot 'n dinamiese en organiese uitleef van ware meelewing (κοινωνία), het die AIC in só 'n mate groei getoon, dat sommiges hulle beskou as die kerkgroep wat die toekoms van die kerk in Suid-Afrika gaan bepaal (sien Oosthuizen, 1999:65).

Molisiwa (1999:49) gee toe dat daar 'n gebrek aan formele opleiding in die AIC is. Korrupsie, buite-huwelikse oortredings, armoede en swak kategese is verdere aspekte wat problematies is. Dit kom dikwels voor asof elke leier sy eie interpretasies aan die Bybelteks heg en as't ware sy eie teologie skep. Daar is geen ware eenvormige dogma of teologie waarvolgens samewerking en kerkeenheid gebou kan word nie. Indien hierdie aspekte reggestel kan word, het die AIC die potensiaal om een van die groot rolspelers in Afrika te wees (sien ook Tshelane, 1999:29-43).

Volgens Makhulu (1999:13) sal die plek van die AIC in die post-apartheid Suid-Afrika gedefinieer word deur die vermoë van die gemeenskap en leierskap van die nuwe staat om te verseker dat Suid-Afrika nie dieselfde pad loop as talle van sy bure in Afrika nie. In dié verband verwys hy veral na korrupsie, magsmisbruik, uitsluiting, armoede ensomeer, en maan dat die kerk op verskillende vlakke in die samelewing 'n rol moet speel om die

regte Bybelse beginsels daar te stel en uit te leef. Veral ook die pluralisme in die land moet volgens hom gekoester en waardeer word (1999:15).

Wat die hoofstroomkerke by die AIC kan leer, is hulle ingesteldheid op die Heilige Gees, die manier waarop hulle die evangelie binne hulle eie kultuur gekontekstualiseer het en die wyse waarop hulle die waarhede van die evangelie internaliseer en uitleef in die lewe van elke dag (Nolan, 1999:9-11).

Kerklike liggame soos SACLA (South African Christian Leadership Assembly) dien as voorbeeld van verskillende denominasies wat oor geloofs- en kulturele grense as gelowiges bymekaar kom om saam te besin oor samelewingsprobleme waarby die kerke gesamentlik wil betrokke raak (Jackson, 2003d:13). Sedert die ontstaan van hierdie organisasie in 1971 (Wells, 2006), is onder meer sake soos MIV Vigs, misdaad, geweld, armoede en werkloosheid, rassisme, seksisme en gesinsverval van die aspekte wat tydens hulle jaarlikse konferensies aan die orde gekom het.

2.5. Kerkeenheid in Suid-Afrika

Ekumenisme het te doen met die verkondiging van die evangelie aan die hele wêreld. Die kerk het die opdrag hiertoe volgens onder meer Matteus 24:14, waarin Jesus sê:

> *En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.*

Om dit te kan bereik is dit nodig dat die kerk as 'n eenheid in die wêreld werk en verkondig. Om kerklike eenheid te bewerk in Suid-Afrika, is dit nodig om eers eenheid te bewerk tussen lidmate en kerke van dieselfde denominasie, maar wat uit verskillende kulturele agtergronde kom. Sonder hierdie eenheid kan werklike ekumenisme nie 'n realiteit wees nie.

In April 1994 het die regering van die nuwe Suid-Afrika 'n Handves van Menseregte daargestel waarin universele menseregte vir alle landsburgers gewaarborg word. Hiervolgens word onder meer melding gemaak daarvan dat daar teenoor geen persoon onregverdig gediskrimineer mag word op grond van sy/haar geloof nie. Elke persoon word die reg gegun om sy/haar eie geloof uit te leef. Volgens huidige wetgewing is daar derhalwe genoeg geleentheid vir kerke om met mekaar te herenig en onderlinge vrede en versoening te bewerk (Moreno, 1996).

Christus se gebed dat sy dissipels een sal wees soos wat Hy en die Vader een is (Joh. 17:19-20), is terselfdertyd ook 'n opdrag wat sy kerk moet uitvoer. Die kerk moet hieraan gestalte gee en hiervan getuienis gee in die wêreld. Dit beteken dat kerke van verskillende denominasies daartoe moet beweeg om verskille te oorbrug en hande te vat deur by gemeenskaplikhede te begin. Veral die onderlinge κοινωνία moet hierin na vore kom (Goosen, 2003:3-6). Hierdie beginsel kan sekerlik ook van toepassing gemaak word op kerke van dieselfde denominasie, maar van verskillende kulturele agtergronde. Goosen (2003:8-9) doen aan die hand dat moeite gedoen moet word om mekaar te leer ken, sodat die onderlinge verskille en gemeenskaplikhede bespreek kan word. Goeie kommunikasie lei daartoe dat mense mekaar beter leer ken en beter verstaan vanuit elkeen se unieke agtergrond en ook dat sekere aspekte van mekaar herontdek en waardeer word.

Burger, I. (2003:12) noem tereg dat kerklidmate vanuit die Westerse kultuur groot baat kan vind deur te aanbid saam met gelowiges vanuit die tradisionele Afrikakultuur, omrede dié kultuur sterk gerig is om 'n dinamiese spiritualiteit en ook 'n sterk klem lê op die samehorigheid van die uitgebreide familie – iets wat nie altyd teenwoordig is in die tradisionele Christelike erediens met 'n Westerse kulturele agtergrond nie.

2.6. Die erediens in die Nederduits Gereformeerd Kerk (NGK) van Suid-Afrika

In Suid-Afrika is die Nederduits Gereformeerde Kerk, wat lidmaattal betref, by verre die grootste denominasie onder die Afrikaanse susterskerke. Met die landswye sensus van 2001 is bepaal dat die getalle van die NGK staan op 6.7% van die totale bevolking van Suid-Afrika (sowat 2.9 miljoen) (Answers, 2006b). Dat nie een van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) of die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) as 'n aparte denominasie getel is tydens die sensus nie, dui daarop dat nie een van hierdie kerkverbande se lidmatetal groot genoeg is om statisties gereken te word binne die totale demografie van die land nie. Dit is derhalwe nie vreemd nie dat die NG Kerk, as die grootste Afrikaanse gereformeerde kerk in Suid-Afrika, 'n beduidende invloed gehad het op die sosiopolitieke ontwikkelings wat tydens die apartheidstyd in die land plaasgevind het. Dit is derhalwe belangrik om 'n ondersoek te doen na die erediens in die NG Kerk, as verteenwoordigend van die reformatoriese kerke in Suid-Afrika, ten einde te bepaal wat die huidige stand van die gereformeerde erediens in die land is.

2.6.1. Kerkeenheid in die NG Kerkfamilie van Suid-Afrika

Die erediens in die NG Kerk kan nie ondersoek word sonder om die breë historiese ontwikkeling van die NG Kerkfamilie in ag te neem nie. Die invloed wat van die Nederduits Gereformeerde erediens in die breër Suid-Afrikaanse samelewing uitgegaan het, het binne 'n bepaalde sosiopolitieke konteks gebeur. Dit is juis hierdie sosiopolitieke konteks wat veroorsaak het dat die hoofstroomkerke van gereformeerde belydenis nie werklik kon deel hê aan of kon leiding gee in die eksponensiële groei wat die Christendom in Afrika en in Suid-Afrika ondergaan het nie. Die een faktor wat grotendeels bygedra het tot die vorming van die sosiopolitieke konteks waarin die NG Kerk homself bevind het, is die steun en Bybelse regverdiging wat die NG Kerk aan die beleid van apartheid gegee het. Dit het nie alleen veroorsaak dat daar spanning en verwydering in die breër NG Kerkfamilie gekom het nie (Burger, aangehaal in Jackson, 2007a:13; Van der Veen-Schenkeveld, 1994), maar het ook 'n ernstige legitimiteitsprobleem vir die Blanke komponent van hierdie kerkfamilie gebring.

Soos aangetoon by 2.5 in Hoofstuk 7 hierbo, het die Cottesloe Beraad van 1960, die Rustenburgse Konferensie van Kerke (1989) sowel as die Kaapstadse Konferensie van Kerke (1991), mettertyd 'n verandering van denke ook onder die Blanke komponent van die NG Kerk laat posvat. Daar het 'n besef gekom dat die beleid van apartheid nie uit die Woord van God geregverdig kan word indien daar 'n opregte soeke na die waarheid is nie (Hay, 1998:41-48). In 1997 het die NG Kerk (in die persoon van ds. Freek Swanepoel), in 'n voorlegging aan die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) erken dat die kerk 'n verkeerde siening oor apartheid gehad het, maar die waarheid intussen raakgesien het en besluit het om apartheid nie langer meer te steun nie (sien Meiring, 2006:10). So het die grootste Blanke gereformeerde denominasie in Suid-Afrika uiteindelik tot 'n besef gekom dat die ondersteuning van die beleid van apartheid in werklikheid 'n versaking was van die Godgegewe roeping van die kerk in Suid-Afrika.

Die skuldbelydenis van die NG Kerk voor die WVK het in sekere opsigte die deur finaal oopgemaak vir die daadwerklike bewerking van hereniging in die NG Kerkfamilie. Vir die bewerking van kerkeenheid onder die lede van die NG Kerkfamilie, (te wete die tradisioneel Blanke komponent van die NG Kerk (NGK), die NG Kerk in Afrika (NGKA), die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGK) en die Reformed Church in Africa (RCA)) is dit belangrik dat elke denominasie sy eie identiteit, taal en styl kan behou. Die rykdom van diversiteit moet binne die kerkverband gekoester word en konstruktief gebruik word tot voordeel van die kerk en die gemeenskap in 'n Suider-Afrikaanse konteks. Slegs op grond van gemeenskaplike geloofsoortuigings en

onderlinge vertroue en respek vir mekaar kan kerkeenheid bereik word. Lidmate word derhalwe aangemoedig om mekaar op persoonlike vlak te leer ken en gemeenskaplike uitdagings gesamentlik aan te pak, omdat die sleutel tot hereniging op gemeentevlak lê, waar gemeentes eienaarskap van die uitdaging tot hereniging aanvaar (NG Kerk, 2006).

Een van die gevolge van die skuldbelydenis wat die Blanke komponent van die NG Kerk oor apartheid gedoen het, is dat die denominasie in Julie 2004 weer as volle lid opgeneem is in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK). Na meer as 40 jaar van afwesigheid kon die NG Kerk weer sy onmisbare rol in die ekumeniese beweging in Suid-Afrika opneem. Vir versoening en eenheid in Suid-Afrika is dit belangrik dat die grootste Afrikaanse gereformeerde denominasie 'n daadwerklike bydrae op elke moontlike vlak sal lewer. Die NG Kerk is goed geposisioneer om te kan bydra tot die sosio-maatskaplike opbou van voorheen benadeelde gemeenskappe in die land, veral deur die praktiese verlening van hulp, asook die vestiging van goeie morele waardes (Burger, C., 2004:10).

Volgens Burger (aangehaal in Jackson, 2007a:13) is daar 'n behoefte by die oorgrote meerderheid lidmate in die NG Kerk om soos die Apostoliese Geloofsending (AGS) en die Presbiteriaanse Kerk 'n situasie te bewerk waar lidmate van verskillende kulture in een kerkverband tuisvoel. Die (AGS) se Blanke deel het in 1996 een geword met die nie-Blanke gedeelte van die kerk. Sedertdien was daar 'n belewing van wedersydse verryking en versterking van mekaar se geloof. Burger (aangehaal in Jackson, 2006c:11) meen dat die sterk basiese evangeliese waardes en spontane liefde vir die Here wat in talle van die Swart AGS-gemeentes leef, 'n positiewe invloed op die kerkverband as geheel gehad het. Indien die NG Kerk ernstig is in sy strewe na kerkeenheid, is dit volgens Burger belangrik dat die voorbeeld van die AGS gevolg word en meer Engelstalige gemeentes gestig word of Afrikaanse gemeentes moet aanpas by die demografiese verskuiwings in die land. Die groot getalle Swart en Bruin lidmate wat in die voormalige Blanke woonbuurte ingetrek het, moet in die erediens geakkommodeer word op 'n wyse waarin hulle hulle kan tuisvoel, verstaan wat gebeur en hulleself daarin kan uitleef (Burger, aangehaal in Oosthuizen, 2002:16).

In 2006 is alreeds so ver gevorder met gesprekke oor eenheid, dat afgevaardigdes van die VGK en die NGK op vergaderings reeds praktiese stappe begin uitstippel het vir die bewerking van eenwording tussen die lede van die kerkfamilie. As duidelik aanduiding van hoe ver daar reeds gevorder is op die weg van eenwording, het die VGK afgesien van die aandrang dat die Belhar-belydenis (wat veral gerig is teen die onreg van die apartheidsbeleid) as voorwaarde vir eenheid beskou word. In antwoord daarop het die

NG Kerk weer amptelik skuldbelydenis gedoen oor die ondersteuning van die apartheidsbeleid, waarna die afgevaardigdes mekaar se voete gewas het (Nel, 2006). Botha, N. (2006:14) maak tereg die stelling dat daar weinig ander kerke in Suid-Afrika is wat dieselfde soort bydrae kan lewer tot 'n nuwe, verdraagsame Suid-Afrikaanse nasie as die beoogde verenigde kerk. Volgens hom is dit juis die uithouvermoë van die mense van Afrika, hulle sterk gemeenskapsgevoel en die verstaan van die familie in breë, inklusiewe terme wat hierdie kerk 'n leidende rol in die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal kan laat speel. Vir Swanepoel (aangehaal in Jackson, 2004b:6) is dit belangrik dat die nuwe kerk kontekstueel sal werk en dink. Gevolglik bepleit hy die opstel van 'n nuwe geloofsbelydenis wat relevant is vir die huidige tyd en wat geloofsaspekte aanspreek wat direk te doen het met die huidige Suid-Afrikaanse konteks.

Teenoor die optimisme wat in verskeie kringe heers oor die hereniging van die NG Kerk, is daar ook diegene wat negatief en pessimisties daaroor is. Ontnugtering met die huidige politieke bestel in die land, vrese oor die verlies van 'n eie identiteit en persepsies oor die afdwing van strukturele eenheid op gemeentes, laat sommige selfs dreig met kerkskeuring (Jackson, 2006f:12). Hoewel aangeneem kan word dat dit 'n minderheid is wat hierdie standpunte huldig, kan die NG Kerk dit nie bekostig om diegene wat negatief is oor hereniging te ignoreer of te marginaliseer nie. Deur middel van gesprekvoering en bemiddeling moet gepoog word om soveel moontlik lidmate te laat inkoop in die konsep van eenheid in die NG Kerkfamilie.

2.6.2. Die inkleding van die erediens in die NG Kerk van Suid-Afrika

In aansluiting by die daadwerklike stappe waarmee die NG Kerkfamilie besig is om hernieude kerkeenheid te bewerkstellig, is die NG Kerk geruime tyd reeds besig met die vestiging van mutikulturele eredienste. By die Konvent van Gereformeerde kerke wat in 2004 gehou is, is aan die hand gedoen dat denominasies met lidmate van verskillende kulturele agtergronde en rasse saam met mekaar moet begin aanbid, sodat hulle mekaar beter kan leer ken en versoening in die land aangehelp kan word (Jackson, 2004b:6). In verskeie gevalle is dit wat besig is om te gebeur in die NG Kerk.

In 2002 en 2004 het die Algemene Sinode van die NG Kerk besluite geneem wat die pad vir multikulturele bediening, interkulturele bediening en nuwe gemeentestigting verder oopgemaak het. Binne die NG Kerk word die vraag toenemend gevra of die gemeentes op plaaslike vlak nie ook die taal- en kultuurverskeidenheid van die land en woongebiede behoort te weerspieël nie. Daar word gewys op die behoefte aan 'n nuwe soort bediening wat in besonder toegespits is op mense van ander taal- en kultuurgroepe en vry van die

paradigmas van die verlede is. Die eietydse klem op plaaslike inisiatiewe en kreatiewe oplossings vir jarelange probleme, asook die begeerte om tred te hou met transformasie in die nuwe Suid-Afrika, versterk hierdie ontwikkelings (Louw, 2004). Só word daar byvoorbeeld by die Groote Kerk in Bosmanstraat, Pretoria, gesamentlike eredienste gehou in plaaslike Afrikatale, Engels en Frans. Dit word moontlik gemaak deur 'n vennootskap tussen die NG Kerk en die VGK. Die NG Kerk is volgens Jackson (2004e:6) ook tans besig met die vestiging van 'n multikulturele gemeente in Johannesburg as deel van sy pogings om te verseker dat die kerk nie sy relevansie in die huidige Suid-Afrikaanse konteks verloor nie.

Die NG Gemeente Moreletapark het in 2004 op die oproep tot die inrig van multikulturele eredienste gereageer deur 'n swart AGS-pastoor as predikant aan te stel. Hoewel bepaalde vrae daaroor gevra kan word (veral in die lig van verskeie predikante uit die VGK wat beskikbaar is en met groot vrug beroep sou kon word), meen Louw (2004) tereg dat dit lofwaardig is dat hierdie gemeente die behoefte aangevoel het van Swart werkers in die omgewing wat in hulle eie taal bedien wil word. Ook by die NG gemeente Mafikeng is daar in 2006 'n Swart predikant in die amp bevestig, en daar is ook 'n Swart predikant beroep deur die NG gemeente in Ceres. Waar gemeentes multikulturele eredienste inrig, word dit in die meeste gevalle, naas Afrikaans, ook in Engels gehou (sien Jackson, 2006a:7).

2.6.3. Voortgaande ontwikkelings in die liturgie van die NG Kerk van Suid-Afrika

In 2.3 van Hoofstuk 4 hierbo is daarop gewys dat die erediens konstant aan verandering onderworpe is. In die eredienste van die NG Kerk is dit ook die geval en kan konstante verandering in die praktyk van die erediens waargeneem word. In die wêreld waarin die kerk hom vandag bevind, is daar toenemend 'n appèl op die gebruik van die regterbrein van die mens. Logiese patrone van analise (wat in die linkerkantste deel van die brein geprosesseer word) maak plek vir beeld, woord, klank en beweging. Verbeelding, assosiasie, kreatiwiteit, kuns en musiek neem toenemend 'n belangrike plek in (Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:181-182) en word toenemend in die erediens geïnkorporeer.

Tegnologie neem wêreldwyd toenemend 'n prominente plek in die hedendaagse kultuur in (Phahlamohlaka & Kroeze, 2004:183). Dat dit ook toenemend in die erediens die geval is, val nie vreemd op nie. Die problematiek is egter dat sekere ontwikkelings op tegnologiese gebied die aard en wese van die kerk daadwerklik beïnvloed. Barna (aangehaal in Jackson, 2006e:6) wys daarop dat 'n nuwe tendens wat in die VSA begin

het, ook in Suid-Afrika begin posvat, naamlik die soeke na 'n alternatief vir die tradisionele kerke en hulle tipe eredienste. Volgens hom is dit deel van 'n breër tendens waarin alternatiewe metodes van bediening al hoe gewilder word en al hoe meer gelowiges eerder 'n geestelike tuiste vind in huiskerke, werkplekbedieninge, kleingroepe en kuberkerke. Só het dr. Stephan Joubert van die NG Kerk Moreletapark onlangs begin met wat genoem word "die e-kerk." Hierdie kerk word deur middel van 'n webruimte aan die gang gehou (in Afrikaans) en lidmate van regoor die wêreld kan hierby inskakel. Deel van die "dienste" wat gelewer word, is 'n beradingsdiens, materiaal vir selgroepe, 'n bladsy vir vroue, een vir mans, een vir die jeug en een met materiaal oor leierskap. 'n Oordenking word ook weekliks op die web geplaas en uitgestuur aan meer as 10 000 mense, waarvan sowat 40% buite die grense van Suid-Afrika woon (Jackson, 2004a:3). Ontwikkelings soos hierdie veroorsaak uiteraard dat sekere veranderinge mettertyd aan die inrig van die erediens aangebring word.

In die geval van eredienste binne die Afrikakomponent van die NG Kerk, blyk dit dat elemente soos dans, drama, vertelling en simboliese kleure van groot belang is en moontlik toenemend gebruik kan word vir die inkleding van die liturgie (Oosthuizen, 1999:68).

2.6.4. Konklusie oor kerkeenheid en die erediens in die NG Kerk van Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor kerkeenheid en die erediens in die NG Kerk van Suid-Afrika:

- Omdat die NG Kerk die grootste Afrikaanse gereformeerde kerk in Suid-Afrika is, het dit 'n belangrike rol gespeel in die sosiopolitieke geskiedenis van die land. 'n Ondersoek na die eredienste van die NG Kerk gee dus belangrike aanduidings oor die stand van gereformeerde eredienste in Suid-Afrika oor die algemeen.
- As gevolg van die NG Kerk se ondersteuning van apartheid kon die kerkverband nie deel hê en rigting gee aan die geweldige groei van die Christendom in Afrika en Suid-Afrika nie. Dit het eerder gelei tot onderlinge vervreemding in die NG Kerkfamilie en 'n marginalisering van die kerkverband.
- Skuldbelydenis en berou het egter gelei tot vergifnis, pogings tot hereniging en 'n hertoetrede tot kerklike liggame soos die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, waar die NGK tans goed geposisioneer is om 'n daadwerklike bydrae te maak tot versoening en eenheid, deur mee te help aan die sosiopolitieke opbou van die land.

- Waar van toepassing, word eredienste in die NG Kerk toenemend multi-kultureel ingerig en word in sommige gevalle selfs Swart predikante beroep met die oog hierop.
- Voortdurende ontwikkelings in die sekulêre en kerklike wêreld veroorsaak toenemend nuwe ontwikkelings in die inkleding van eredienste in die NG Kerk, asook in die praktiese van kerk-wees.

2.7. Die erediens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)

2.7.1. Die ontstaan en vestiging van die GKSA

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) is, wat getalle betref, 'n heelwat kleiner denominasie as die NG Kerk. Tog het hierdie kerkverband 'n buite verhouding groot rol gespeel in die ontwikkeling van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika (De Klerk, 2006). Uit verskillende oorde word dikwels verwys na die "stem van Potchefstroom" as simbool van die sterk prinsipiële leidinggewing wat oor jare van die GKSA af uitgegaan het en in eredienste beslag gekry het (sien Heystek, 2000). Die feit dat die stigting van die GKSA ten nouste saamgehang het met onder meer 'n versugting dat teruggekeer word na die beginsels van die Sinode van Dordt (1618-1619) vir die erediens en die kerklied, maak dit belangrik om die erediens en kerklied in die GKSA te ondersoek. Omdat die eiesoortige ontstaangeskiedenis van die GKSA 'n direkte invloed op die ontwikkeling van die erediens en die kerklied in die GKSA uitgeoefen het (en dit steeds beïnvloed), word eers 'n bondige uiteensetting gegee van die ontstaansgeskiedenis van die GKSA.

Die GKSA is gestig in 1859 met ds. Dirk Postma as eerste predikant. Die stigting van 'n aparte kerkverband onder die Afrikaanse gereformeerdes van die 19de eeu was in reaksie op sekere Metodistiese en Humanistiese neigings wat deur die Kerkorde van De Mist (1804) en die Skotse predikante (sedert 1806) in die kerk van die negentiende eeu in Suid-Afrika ingevoer is en onder meer in die inkleding van die erediens en die sing van sekere kerkliedere sigbaar geword het (d'Assonville, 1990:79-84). Die stigters van die GKSA wou die beginsels wat in die Dordtse Kerkorde van 1619 uiteengesit is, ook ten opsigte van die inkleding van die erediens en die sing van bepaalde tipes kerkliedere, handhaaf (Hofmeyr & Pillay, 1994:115). In 1869 is 'n teologiese skool in Burgersdorp gestig, waarna dit in 1905 na Potchefstroom verskuif is. Die Gereformeerdes van daardie tyd was sterk beïnvloed deur konserwatiewe teoloë in Nederland en in besonder deur Abraham Kuyper van die Vrije Universiteit van Amsterdam, met sy filosofie van "soewereiniteit in eie kring" (Hofmeyr & Pillay, 1994:228). Die eerste Afrikaner wat 'n doktorale studie aan die Vrije Universiteit voltooi het, was Prof dr JD du Toit. Met sy

terugkeer na Suid-Afrika het hy 'n leidende rol gespeel in die vestiging van die Gereformeerde Teologiese Skool en wat later geword het die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hoewel die GKSA die kleinste van die Afrikaanse gereformeerde kerke is, het dit 'n buite verhouding groot rol gespeel in die vorming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis (De Klerk, 2006). 'n Toonbeeld hiervan is die leierskap van oud-president F.W. de Klerk, wat 'n lidmaat is van die GKSA, en 'n bepalende rol gespeel het in die oorgang na 'n demokratiese, nierassige politieke bedeling in Suid-Afrika.

Die GKSA het reeds in 1920 begin sendingwerk doen in die Swart gemeenskappe van Suid-Afrika. Verskillende gemeentes is met verloop van tyd gestig en vandag is daar gemeentes van die GKSA wat in al 11 amptelike landstale van Suid-Afrika eredienste hou. Hoewel die rassebeleid in Suid-Afrika vroeër veroorsaak het dat aparte gemeentes en meerdere vergaderings vir Swart en Blanke lidmate ontstaan het, huldig die GKSA reeds sedert 1961 die amptelike standpunt dat apartheid nie op Bybelse gronde geregverdig kan word nie. Gevolglik kan enige Gereformeerde lidmaat by enige Gereformeerde gemeente inskakel, hetsy dit oorspronklik 'n Blanke of 'n Swart gemeente was (Vorster, 2003). Tydens die GKSA se sinode van 2006 is besluit om die indeling van meerdere vergaderings nie langer op grond van ras te doen nie. Alle Gereformeerde gemeentes van 'n bepaalde geografiese gebied word voortaan in nuwe gesamentlike meerdere vergaderings ingedeel (GKSA, 2006a:388-399) sodat daar nie meer sprake is van Blanke en Swart klassisse, streeksinodes en nasionale sinodes nie. Vergaderings gaan gesamentlik gehou word, met net een algemene sinode (Van Wyk, 2006). Waar multikulturaliteit aanvanklik merendeels in die meerdere vergaderings ter sprake gaan kom, kan egter verwag word dat daar in die toekoms, as uitvloeisel van hierdie sinodebesluit, 'n toenemend klem gelê kan word op die inrig van multikulturele eredienste in gemeentes van die GKSA.

In die geledere van die GKSA is daar wel enkele gemeentes wat reeds multikulturele eredienste hou, hoewel dit nie 'n algemene verskynsel is nie. Aan die einde van 2002 het 'n volwaardige nierassige, Engelstalige gemeente in die GKSA byvoorbeeld ontstaan toe ds. F. Mookisi geëksamineer en as predikant toegelaat is tot die Hope Community Church. Laasgenoemde gemeente het noue bande met die Gereformeerde Kerk Rietvallei in Pretoria en is in die plaaslike klassis opgeneem. Hope Community Church is 'n volwaardige multikulturele gemeente wat, behalwe vir verskeie gemeenskapsprojekte (waaronder siekeversorging, 'n groentetuin, 'n herwinningsprojek, vaardigheidsopleiding,

naaldwerkprojek, vigsvoorligting en versorging van vigswesies), ook sterk ingestel is op evangelisasie wat deur middel van 'n sokkerspan gedoen word (Jackson, 2003g:9).

2.7.2. Die inkleding van eredienste in die GKSA

Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) het tydens sy sinode van 1997 die volgende inkleding van die erediens goedgekeur (GKSA, 1997b:10-31):

- Ontmoetingsdiens (Introïtus)
  - votum (uitgespreek of gesing)
  - seëngroet
  - loflied
  - geloofsbelydenis (voorgelees of gesing)

- Verootmoedigings- en Versoeningsdiens
  - afkondiging van die wet
  - skuldbelydenis van die gemeente (lied of Skriflesing)
  - vryspraak van God (lied of Skriflesing)

- Woorddiens
  - gebed om verligting van die Heilige Gees (epiklese)
  - selfstandige Skriflesing
  - Skriflesing waaruit die prediking voortvloei
  - prediking
  - sakramente (nagmaal en/of doop waar van toepassing)

- Antwoorddiens
  - die "amen" van die gemeente (uitgespreek of gesing)
  - antwoordgebed deur 'n voorganger
  - aanbidding of respons deur middel van die lied
  - liefdegawe

- Wegstuurseën

Bogenoemde inkleding gee 'n duidelike gestalte aan die aard en wese van die erediens, (soos saamgevat in 2.1.10 hierbo) volgens die beginsels wat uit die Bybel afgelei kan word. Dit dien egter net as prinsipiële riglyn en elke plaaslike kerkraad het steeds die vryheid en verantwoordelikheid om self te besluit hoe die erediens binne sy eie unieke konteks ingeklee word (GKSA, 1997b:10). Hoewel talle Blanke gemeentes van die GKSA

hierdie prinsipiële riglyne volg met die inkleding van eredienste, is dit nie noodwendig die geval met die Swart en Kleurlinggemeentes nie (sien Letšosa, 2005:378). Die besluit wat tydens die GKSA se sinode van 2006 geneem is dat elke meedere vergadering deputate moet aanwys met die opdrag om alle bestaande besluite te evalueer ten einde seker te maak dat daar nie teenstrydige besluite bestaan nie (GKSA, 2006a:389), kan moontlik daartoe lei dat leemtes (asook nuwe insigte) met betrekking tot die inkleding van die erediens mettertyd uitgewys en hanteer word.

2.7.3. Die getuienis van die GKSA na buite

Net soos die NG Kerk, is ook die GKSA in 'n groot mate daaraan skuldig dat hy tot dusver nie grondig deel was of kon leiding gee in 'n proses waarin die Christendom in Afrika en Suid-Afrika geweldige groei beleef het nie. Ook met betrekking tot die bewerking van versoening en eenheid in die land, het die GKSA nie die geleentheid aangegryp om getuie te wees en die versoening wat Jesus Christus bewerk het te bedien nie. Die feit dat die GKSA op geen amptelike manier belydenis gedoen het oor die verkeerdhede van apartheid nie, diskrediteer die kerkverband nog verder. Heystek (2000) se waarneming dat die GKSA vanuit die oogpunt van die buiteland geplaas word binne die kader van die NGK, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK) en die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), maar daarby beskou word as 'n klein splinterkerk wat nie werklik 'n invloed in die Suid-Afrikaanse samelewing het nie en ook nie meer lank gaan bestaan nie, is moontlik korrek (sien ook Van der Veen-Schenkeveld, 1994).

Daar is 'n verdere persepsie dat die GKSA in sosio-maatskaplike kwessies soos Vigs, hawelose mense, bystand aan slagoffers van geweldsmisdaad, rassekonflik, grondkwessies, plaasmoorde ensomeer geen werklike verskil in Suid-Afrika maak nie. Dit word weerspieël in 'n beskrywingspunt oor die opleiding van predikante wat gedien het op die GKSA se Sinode van 2003 (sien GKSA, 2003). Anders as in die verlede (met figure soos L.J. du Plessis, Joon van Rooy, Ferdinand Postma en J.D. du Toit (Totius)) is daar volgens Heystek (2000) vandag weinig noemenswaardige leiers vanuit die geledere van die GKSA wat na vore tree. Volgens hom het die "stem van Potchefstroom" stil geword.

Wat die belydenis van die GKSA betref, is daar by sommige waarnemers in Suid-Afrika en die buiteland die persepsie dat die GKSA outyds is in sy teologie. Hoewel daar vanuit sekere oorde waardering is vir 'n beginselvaste en standvastige soeke na die waarheid van die Bybel is, beskou meer verligte teoloë die standpunte van die GKSA oor kwessies soos die vrou in die amp, homoseksualisme, kindernagmaal, belydenis oor die God van

die Bybel as enigste God, aanvaarding van die feitelikheid en historisiteit van die Bybel en handhawing van 'n outoritêre ampsbeskouing, funksionering en toepassing van die tug (ten koste van demokratisering en selbedieninge) as groot struikelblokke vir die voortgang en uitbreiding van die kerk in die huidige Suid-Afrikaanse en internasionale konteks (Heystek, 2000). Binnegevegte en onderlinge verdeeldheid in die GKSA help nie om hierdie beeld gunstiger in die oë van die wêreld te kry nie. Swak bywoning van eredienste, klein en krimpende getalle (sien Jackson, aangehaal in Kletskerk, 2006), met leraars wat elke jaar die bediening voortydig verlaat, asook die geneigdheid om eerder inwaarts te groei as uit te reik na buite, word ook beskou as gevaartekens vir die bestaan en voortbestaan van die GKSA (GKSA, 2003).

Dat president Thabo Mbeki klem lê daarop dat die kerke in Suid-Afrika 'n wesenlike rol het ten opsigte van die toekoms van die land, bied volgens Burger, C. (2003b:11) 'n uitstekende geleentheid vir die kerke van Suid-Afrika om hande te vat en op verskillende vlakke in die samelewing betrokke te wees. Volgens Van Niekerk, P. (2003b:13) moet dit juis gepaard gaan met 'n gerigtheid op die bemagtiging van benadeeldes in die Suid-Afrikaanse samelewing. Volgens hom is die Afrikaanse gereformeerde kerke oor die algemeen goed geplaas hiervoor, omdat dit (nieteenstaande die apartheidsverlede) steeds genoeg legitimiteit het, asook beskik oor die infrastruktuur, menslike hulpbronne en integriteit om hierin 'n verskil te kan maak.

Ten spyte van 'n geweldige hoë vlak van toerustingswerk wat deur die Teologiese Skool by die Potchefstroom kampus van die Noordwes Universiteit gedoen word en 'n besondere klem wat geplaas word op die bedieningsnood in veral swart, landelike en "township" – gemeentes (sien GKSA, 2006b), kom gemeentes op grondvlak volgens Heystek (2000) visieloos voor. Formalisme, tradisionalisme, rassisme, negativisme, irrelevansie (veral betreffende preke), materialisme, doelloosheid en liefdeloosheid word uitgesonder as knellende aspekte in die bestaan van die GKSA.

In teenstelling met bogenoemde pessimistiese siening oor die uitwerking van die GKSA in die Suid-Afrikaanse samelewing, het 'n studie deur van Helden (sien Van Helden, 2002) onder 'n aantal vroue-lidmate van die GKSA uit verskillende agtergronde getoon dat 'n groot mate van innerlike aktiwiteit tydens eredienste beleef word. Die studie toon aan dat daar wel 'n duidelike ontmoeting met God plaasvind tydens eredienste. Daar is egter nie 'n groot mate van uiterlike aktiwiteit in die erediens nie, wat deur talle van die respondente as 'n knelpunt beskou word. In hierdie verband is Jordaan (2002:7) se waarskuwing tydig, naamlik dat die kerk nie by sosio-maatskaplike probleme betrokke

moet raak om verkeerde redes (soos onder andere om bloot mense tevrede te stel) nie, maar omdat die Here dit vra en die kerk in liefde Hom hierin wil gehoorsaam soos wat Hy dit eis.

2.7.4. Konklusie oor die erediens in die GKSA

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die erediens in die GKSA:

- Die stigting van die GKSA in 1859 was 'n uitvloeisel van die behoefte om die beginsels van die Sinode van Dordt (1618-1619) met betrekking tot die erediens en die kerklied te handhaaf.
- Hoewel die GKSA klein in getal is, is die rol wat hierdie kerkverband gespeel het in die vorming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, buite verhouding groot.
- Sedert 1961 is dit die amptelike standpunt van die GKSA dat apartheid nie op Bybelse gronde geregverdig kan word nie. Desnieteenstaande het daar wel aparte gemeentes en meerder vergaderings vir Swart en Blanke lidmate ontstaan. Hierdie situasie is tydens die sinode van 2006 herroep met 'n besluit dat die indeling van meerdere vergaderings nie langer meer op rassegronde nie, maar op grond van geografiese ligging gedoen moet word.
- Daar is enkele gemeentes van die GKSA wat wel multikulturele eredienste hou, hoewel dit nie 'n algemene verskynsel is nie.
- In 1997 het die GKSA sekere riglyne goedgekeur waarvolgens gemeentes eredienste kan inklee. Hierdie riglyne word nie noodwendig deur gemeentes met lidmate van die Afrikakultuur nagevolg nie.
- Net soos die geval met die NG Kerk was, het ook die GKSA die geleentheid om deel te wees van die geweldige groei in die Christendom in Afrika en Suid-Afrika, grootliks gemis. Ook het die GKSA die geleentheid gemis om aktief te kon leiding gee in die proses van die bewerking van versoening en eenheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Een van die groot redes hiervoor is, soos ook die geval met die NG Kerk, 'n legitimiteitsprobleem as gevolg van die verlede van apartheid.

2.8. Samevattende konklusie oor die gereformeerde erediens in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde erediens in Suid-Afrika:

- Omdat beide die NG Kerk en die GKSA elk 'n beduidende rol gespeel het in die vorming van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika, is dit van belang om 'n ondersoek te doen na die eredienste van beide kerkverbande. In die geval van die NG Kerk was die invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing grootliks omdat die

NG Kerk die grootste Afrikaanse gereformeerde kerk in die land is. In die geval van die GKSA was die invloed as gevolg van die leierskap van lidmate soos oud-president F.W. de Klerk en die "stem van Potchefstroom" waardeur prinsipiële leiding op talle vlakke gegee is.

- Beide die NG Kerk en die GKSA het die geleentheid misgeloop om aktief te kon meedoen en rigting gee aan die geweldige groei in die Christendom in Afrika en Suid-Afrika. Beide het ook die geleentheid misgeloop om aktief te kon meewerk aan die bewerking van versoening en eenheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Die rede hiervoor is dat beide kerkverbande (hoewel nie in dieselfde mate nie) erkenning gegee het aan die beleid van apartheid en dit nie werklik aktief beveg het nie.
- Die vervreemding wat in die NG Kerkfamilie gekom het, word tans hanteer in 'n proses van skuldbelydenis en versoening en dit blyk dat kerkeenheid in die nabye toekoms 'n werklikheid kan word. In die GKSA is 'n sinodebesluit in 2006 geneem wat 'n einde maak aan die die indelings van meerdere vergaderings op grond van ras en wat gesamentlike vergaderings in die toekoms 'n werklikheid maak.
- In die NG Kerk is daar toenemende ontwikkelings wat op liturgiese vlak plaasvind en veroorsaak dat voortdurende veranderings en nuwe ontwikkelings in die eredienste voorkom. In die GKSA, daarenteen, is besluit op bepaalde riglyne waarvolgens die erediens ingeklee word. Hoewel nie noodwendig deur gemeentes met lidmate uit ander kulture nie, word die riglyne merendeels nagevolg deur tradisioneel Blanke gemeentes van die GKSA.
- Multi-kutlurele eredienste kom toenemend voor in die NG Kerk. In sekere gevalle word Swart predikante beroep vir hierdie doel. Binne die GKSA kom multikulturele eredienste min voor.

3. Die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika

3.1. Die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika binne die konteks van die Westerse kultuur

Die gereformeerde kerklied het sy beslag gekry in die werk van die Hervormers in die 17de eeu. Veral die teoloog Calvyn het 'n bepalende rol gespeel in die daarstel van 'n nuwe stel liedere waarmee die kerke van die Hervorming alle deelnemers aan die erediens kon betrek in die gemeentesang. Van kardinale belang vir Calvyn, was dat elke lidmaat die kerkliedere moes kon saamsing in sy/haar eie taal (Begbie, 2002:5). Die woorde van die kerklied staan altyd voorop en moet daarom volgens hom begelei word deur musiek wat geskik is om die woorde te dra, sonder om die betekenis of die outoriteit

van die woorde te verswak. Hiervoor gebruik Calvyn die bekende beeld van die musiek as die tregter waarmee die waarheid van die Woord in die hart van die sanger ingedrup word. Indien die musiek nie geskik is vir die kerklied nie, dien dit as tregter waardeur die gif van valsheid en afvalligheid in die hart van die sanger ingedrup word, al is die woorde prysenswaardig en reg. Vir Calvyn is die krag van musiek iets waarmee die kerk deeglik moet rekening hou, veral ook omdat dit as aanvanklike uitnemende gawe van God met die sondeval in die paradys bedorwe geraak het saam met die skepping. Daarom waarsku hy gereeld teen die vernietigende krag wat musiek kan hê indien dit nie op die regte wyse hanteer word nie (Begbie, 2002:9).

Wat die inhoud van die kerklied betref, is Calvyn van oordeel dat alleen die Psalms (en enkele ander Skrifgedeeltes) geskik om as liedere in die erediens gebruik te word. Volgens hom bevat die Psalms die woorde wat God self aan sy kerk gegee het om Hom mee te dien en word die kerk nie toegelaat om Hom deur ander woorde te wil dien en eer nie (Begbie, 2002:13). Om melodieë te vind wat geskik is vir gebruik saam met hierdie eie woorde van God, is Calvyn van mening dat die eerste kriterium moet wees gewigtigheid en waardigheid voor God. Hoewel die woord-toonverhouding 'n belangrike aspek in die skryf van 'n kerklied is, is die belangrikste saak vir Calvyn nie noodwendig dat die melodie presies by die teks moet pas nie, maar dat die melodie oor die algemeen moet spreek van gewigtigheid en waardigheid. Dit is ook om hierdie rede dat Calvyn afsien van meerstemmige sang, en begeleiding deur musiekinstrumente afwys. Hy kies vir melodieë wat metries is en selde meer as 'n oktaaf in omvang is. Nie alleen verhoog dit die toeganklikheid van die melodieë nie, maar verleen dit ook 'n groot mate van waardigheid daaraan en laat dit toe dat die woorde hoorbaar en verstaanbaar is vir elkeen wat dit sing en hoor (Begbie, 2002:18).

Die uiteinde van Calvyn se beginselstandpunte oor die kerklied was die ontstaan van die sogenaamde Geneefse Psalms, wat 'n beryming van die Psalms van die Ou Testament was, met enkele berymings van ander Skrifgedeeltes. Van die Afrikaanse susterskerke is dit net die GKSA wat amptelik hou by die bepaling van die Sinode van Dordt (1618-1619) op die lyn af van Calvyn, dat alleen die Psalms van die Ou Testament saam met berymings van enkele ander Skrifgedeeltes in die erediens gebruik mag word. Daar word egter uit sommige oorde beweer dat die beperking van die liedereskat van die GKSA juis lei tot die problematiek van liturgiese stramheid en oninspirerende kerksang (Heystek, 2000).

Die liedere wat tans in eredienste van die GKSA gebruik word, is merendeels Ou Testamenties gerig. Die meeste is berymings van die Psalms van die Ou Testament, terwyl 'n sekere aantal Skrifberymings met Ou Testamentiese temas ook ingesluit is. Gedurende 2003 is 'n nuwe bundel Psalms en Skrifberymings in gebruik geneem, waarin die Psalmberymings van Totius naas dié van TT Cloete (en enkele ander digters) voorkom, tesame met 'n groep nuwe goedgekeurde liedere wat deel uitmaak van die bundel Skrifberymings (sien Jackson, 2003f:5). Liedere met Nuwe Testamentiese temas kom min voor, hoewel daar by talle lidmate 'n behoefte hieraan uitgespreek word (GKSA, 1997b:807-809). Daar is ook geen anderstalige liedere nie: uitsluitlik Afrikaans word gesing.

Die Kerkorde van die GKSA bevat 'n bepaling in art. 69 waarvolgens alleenlik Psalms en enkele goedgekeurde Skrifberymings in die erediens gesing mag word. Die Handelinge van die GKSA se Sinode in 2006 (GKSA, 2006a:614-631) toon aan dat daar 'n versoek uit sekere gemeentes tot die sinode gerig is waarin gevra word dat die uitbreiding van die liedereskat van die kerkverband dringende aandag kry, omdat die huidige bundel liedere nie voldoen aan onder meer die behoefte om meer Nuwe Testamenties-gerigte liedere te sing nie. As gevolg van 'n gebrek aan tyd kon die sinode egter nie hierdie versoek behandel nie en is besluit om dit te laat oorstaan na die volgende sinode in 2009. In 'n rapport van die Deputate vir Liturgiese Sake aan die sinode van 2006 word melding gemaak dat die gemeentes wat val in die ressort van die Sinodes Middellande en Soutpansberg (die tradisioneel Swart gemeentes van die GKSA), feitlik geen Psalms of Skrifberymings sing nie, maar liedere waarvan die teks nie direk so in die Bybel staan nie. Daar is dus geen eenstemmigheid met betrekking tot die liedere wat in die eredienste van die Gereformeerde gemeentes van verskillende kulture toegelaat word nie.

Die Liedboek van die Kerk wat by die NG Kerk sowel as die Nederduitsch Hervormde Kerk in gebruik is, bevat die 150 Psalms wat deur Cloete (en enkele ander digters) omgedig is, enkele Psalmberymings van Totius, asook 'n wye verskeidenheid "vrye liedere." Daar is ook liedere in Engels, Latyn en inheemse Swart tale van Suid-Afrika.

Anders as in sekere gemeentes van die NG Kerk in Suid-Afrika, word sang tydens eredienste van die GKSA nie in die reël begelei met 'n ligte musiekorkes of dromstel nie. Hoewel daar sekere gemeentes is wat met sommige eredienste (meestal die aanddiens) begeleiding van die gemeentsang met behulp van 'n ligte musiekorkes doen, word die orrel in die meeste van die gevalle steeds gebruik vir die begeleiding van gemeentesang. In die GKSA kom dit ook nie, soos in sekere NG gemeentes, algemeen voor dat

opnames van kerkliedere (in 'n moderne styl en met moderne musiekbegeleiding) gemaak word en dan te koop aangebied word nie (sien Jackson, 2003a:8).

'n Verdere ontwikkeling in die kerklied van Westerse gereformeerde kerke is die skryf van Christelike lirieke om te pas by die wysies van bekende hedendaagse liedere. So is daar in die onlangse verlede lirieke geskryf om te pas op die wysies van Steve Hofmeyr se "Blou Bullied" (Jackson, 2007a:13), Robbie Wessels se "Leeuloop" (Jackson, 2007b:3) en Bok van Blerk se "De la Rey" (Jackson, 2007c:5). Die gedagte hieragter sou wees dat bekende melodieë goed gebruik kan word om mense in die kerk aan die sing te kry. Die lirieke word dan vergeestelik ten einde die lied geskik te maak vir gebruik in die erediens. Carstens (aangehaal in Jackson, 2007a:13) oordeel tereg dat hierdie verskynsel dui op geestelik-kulturele armoede en dat hierdie tipe liedere nie geskik is vir gebruik in die erediens nie, omdat die gehalte daarvan in die meeste gevalle laag is. Dit voldoen ook nie aan die beginsel wat Calvyn geformuleer het dat gewigtigheid en waardigheid die melodie van die kerklied moet kenmerk nie.

Sommige voer die ontwikkeling van die Afrikaanse kerklied nog verder en verval in 'n soort Christen punk musiekstyl, waar leerbaadjies, kettings en *headbanging* aan die orde van die dag is, maar sonder die alkohol en die dwelms (Brümmer, 2004:3). Van die gewigtigheid en waardigheid wat Calvyn as beginsel vir die kerklied gestel het, kom in hierdie tipe musiek niks tereg nie. Omdat die gebruik van ligte musiek nog nie so algemeen in eredienste van die GKSA voorkom nie, is hierdie tipe ontwikkelings nog nie so 'n werklikheid in die GKSA as wat dit in die NG Kerk is nie.

3.1.1. Konklusie oor die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika binne die konteks van die Westerse kultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika binne die konteks van die Westerse kultuur:

- Riglyne vir die gereformeerde kerklied is in die tyd van die Hervorming veral geformuleer deur Johannes Calvyn.
- Volgens Calvyn moet die melodie geskik wees om die woorde van waarheid van die kerklied te dra en as sodanig moet die melodie voldoen aan die vereistes van gewigtigheid en waadigheid wat dit voor God moet hê.
- Calvyn was ook van mening dat alleen berymings van die Ou Testamentiese Psalms, saam met berymings van enkele ander Skrifgedeeltes gepas is om in die erediens gesing te word. 'n Versoek aan die nasionale sinode van die GKSA dat die liedereskat uitgebrei word, is in die proses van behandeling.

- Hoewel die Afrikaanse gemeentes van die GKSA die bepalings van Calvyn met betrekking tot die kerklied merendeels gehoorsaam, word dit in byna geen Swart Gereformeerde gemeente gehandhaaf nie. Ook nie in die NG Kerk (of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) wat die Liedboek van die Kerk as sangbundel gebruik word hierdie bepalings vir die kerklied toegepas nie.
- In die NG Kerk word die begeleiding van gemeentesang in talle gevalle deur middel van 'n ligte musiekorkes hanteer, dikwels met 'n dromstel daarby. In die GKSA word begeleiding merendeels deur 'n orrel gedoen.
- Ontwikkelings soos die vergeesteliking van sekulêre liedjies wat tans plaasvind, kan tereg beskou word as swak kwaliteit en nie geskik vir gebruik in die erediens nie. Dieselfde geld vir 'n "punk"-musiekstyl met bypassende kleredrag en maniere wat sommige in die erediens wil invoer.

3.2. Die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur

Dit is redelik problematies om 'n geheelbeeld te kry van die kerkliedere wat in die gereformeerde kerke van die Afrikakultuur in gebruik is. Omrede die Afrikakultuur in 'n groot mate nog 'n sterk orale kultuur is (sien 2.2.2.8 by Hoofstuk 6 hierbo) en daar in talle gevalle nie 'n amptelike sangbundel bestaan nie, is dit moeilik om die gereformeerde kerklied in 'n Afrikakonteks deeglik te evalueer. Daarby speel die struikelblokke van veral taal en musiekagtergrond 'n bepalende rol om dit 'n moeilike en komplekse studieveld te maak. Wat gemeentes van die GKSA betref, is vasgestel dat by verre die meeste gemeentes met lidmate van die Afrikakultuur nie Psalms en Skrifberymings in eredienste sing soos wat die geval is met hulle Westerse eweknieë nie (GKSA, 2006a:625). In sommige gevalle word gebruik gemaak van die *Lifela tsa Sione* (Letšosa, 2005:169) ('n sangbundel in Sotho) terwyl ander gebruik maak van die *Ibongi* ('n sangbundel in Zoeloe of Swazi). Gesange asook die sogenaamde *choruses* (wat bestaan uit die veelvuldige en meesleurende herhaling van 'n enkele simplistiese frase) is algemeen in die gebruik in die Swart gemeentes van die GKSA en word gesing met begeleiding van een of meer musiekinstrumente, terwyl handeklap en beweging op maat van die musiek ook algemeen voorkom (sien Letšosa, 2005:359).

Een van die instrumente wat algemeen gebruik word in eredienste van kerke in die Afrikakultuur, is die drom. Volgens Thlagale (2006) word dit in die tradisionele Afrikakultuur algemeen aanvaar dat die drom by uitstek geskik is vir die aanroep van die voorvaders. Die klank van die drom, tesame met ritmiese danse en handeklap, stel onder meer ook die tradisionele geneser in staat om die teenwoordigheid van die voorvaders te bewerk en die geeste tevrede te stel deur hulle teenwoordigheid te erken (Thlagale,

2006). Tog het dit in talle kerke in die Afrikakultuur (ook gereformeerde kerke) gebruik geword om erediensang met dromspel te begelei. 'n Eiesoortige styl is ontwikkel waarmee die sing van kerkliedere begelei word. Mains (2005) wys op 'n verdere betekenis by die gebruik van dromme in die erediens. Volgens hom laat die gebruik daarvan die boodskap na erediensdeelnemers uitgaan dat hulle kultuureie belangrik is en dat die gemeente graag as 'n eenheid daaraan deel wil hê. Mains (2006) maak voorts melding van die voordeel wat byvoorbeeld dowe mense daarin kan hê indien daar dromme in die erediens gebruik word. Dowe mens kan nie die ritme hoor nie, maar hulle voel dit en beleef derhalwe nie die erediens langer as 'n marginaliserende gebeure nie, omdat ook hulle aktief kan deelneem daaraan. Mains (2006) stel voorts 'n inkleding van die erediens voor waar 'n dromspeler 'n interpretatiewe stuk drommusiek speel waarmee die voorlees van 'n teksgedeelte geïnterpreteer en begelei word.

Waar lede van die Westerse kultuur in die reël nie veel liggaamsbewegings uitvoer wanneer in die erediens gesing word nie, gebeur dit byna sonder uitsondering in die eredienste van Swart kerke. Daar is 'n Noord-Sotho spreekwoord wat lui:

Kosa ga e theeletswe o e duletse ('n Mens luister nie na musiek terwyl jy sit nie).

Dit gee 'n duidelik aanduiding van die Afrikakultuur se benadering tot musiek (Ramose, 2003b:235). Anders as in die Westerse kultuur waar kunsmusiek bewegingloos en in stilte aangehoor word, het musiek in die Afrikakultuur alleen sy doel bereik indien die luisteraars daartoe gebring word om met fisiese liggaamsbewegings te reageer. Binne die konteks van 'n genesingsritueel word geglo dat dans ook dien om die pyn weg te neem (Thlagale, 2006). Dans neem dus 'n prominente plek in die musiek van die Afrikakultuur in. Dit is dus nie vreemd dat dit selfs ook so na vore kom in die eredienste van gereformeerde kerke met lidmate uit die Afrikakultuur nie.

3.2.1. Konklusie oor die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur:

- Dit is moeilik om 'n deeglike evaluering te maak van die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur. Dikwels bestaan geen amptelike sangbundel nie, liedere word mondelings oorgedra en 'n gebrek aan aanvoeling vir die musiek van Afrika maak hiervan 'n komplekse studieveld.
- In die GKSA en ander gereformeerde kerke met swart lidmate sing verreweg die meeste gemeentes nie Psalms en Skrifberymings soos hulle Westerse eweknieë nie. Gesange (vrye liedere) en sg. *choruses* is algemeen in gebruik.

- Sang gaan gepaard met handeklap, liggaamlike beweging en begeleiding deur een of ander musiekinstrument. Dans neem 'n prominente plek in die sang van die Afrikakultuur in en die drom word algemeen gebruik om sang te begelei.

3.3. Gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) in die Suid-Afrikaanse kerklied volgens 1 Korintiërs 14:15

In 3.6 by Hoofstuk 4 hierbo is verwys na die fyn balans tussen gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) wat Paulus as voorwaarde stel vir die sing van kerkliedere in die erediens. Beide hierdie aspekte moet in die liedere en die sing daarvan teenwoordig wees en deur die Heilige Gees beheers word (Thiselton, 2000:1109), sodat dit werklik kan dien tot opbou van elkeen wat deelneem aan die erediens (Johnson, 2004:262). Binne die konteks van 1 Korintiërs 14 verwys πνεῦμα na die diepste hartsgesindheid (gees) waarmee die mens God aanbid (Barrett, 1994:320; Thiselton, 2000:1111) asook sy kapasiteit tot spirituele sensitiwiteit en ontvanklikheid vir die gemeenskap met God (Louw & Nida, 1989:323). Νοῦς verwys na die mens se vermoë tot denke, begrip, redenasie en besluitneming (Louw & Nida, 1989:325). Sonder πνεῦμα is die sing van kerkliedere 'n steriele intellektuele oefening (sien Calvyn, aangehaal in Begbie, 2002:5; Morris, 1989:190) terwyl dit sonder νοῦς weer verval in emosie-belaaide gebeure wat weinig bydra tot geestelike opbou (Zerhusen, 2006) en ook nie verskil van die sang van 'n voël nie (Calvyn, aangehaal in Begbie, 2002:11). In die liedere wat die kerk sing, asook in die wyse waarop dit gesing word, moet daar dus 'n fyn balans wees tussen 'n emosionele belewing (Müller, 1988:36) of 'n diep spiritualiteit (Strydom & Kellerman, 1992:213) en 'n intellektuele, rasionele belewing daarvan.

Die ontleding wat hierbo in Hoofstuk 6 (sien veral 3.3 tot 4) gemaak is van die verskille tussen die Westerse- en Afrikakulture toon dat daar bepaalde beklemtonings sowel as leemtes in elkeen van die kulture bestaan. Die tradisionele Afrikakultuur lê 'n sterk klem op die religieuse of geestelike dimensie van mens-wees. Dit kom veral na vore in die beklemtoning van holisme, die metafisiese, Godsbeskouing, asook gebruik van kuns en musiek. Mense van die Afrikakultuur kom oor die algemeen warmer, meer persoonlik, emosioneel, affektief en ekspressief voor as diegene uit die Westerse kultuur (Van der Walt, 1997:84-89). Die leemtes wat in die Afrikakultuur geïdentifiseer kan word, is hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan 'n rasionele benadering in die lewensbeskouing. Hierdie leemte kan egter grootliks aangevul word deur die beskouings in die Westerse kultuur, wat juis hoofsaaklik gebou is op die rasionele vermoëns van die mens. Tiperend van die Westerse kultuur is egter die oorbeklemtoning van die rede van die mens, ten koste van die geestelike aspekte van mens-wees. Daar is 'n fokus op objektiewe en

universele waardes, en min waarde word geheg aan die spirituele aspekte van die werklikheid (Van der Walt, 1997:84-89). In hierdie leemte kan die Westerse kultuur op sy beurt weer aangevul word deur die benadering van die Afrikakultuur waarin die geestelike dimensie sterk na vore kom.

Indien bogenoemde beskrywings waar is ten opsigte van elke kultuur se benadering tot godsdiens oor die algemeen, kan dit sekerlik ook so van toepassing gemaak word op elke kultuur se benadering tot die kerklied en die sing daarvan. Volgens die uiteensetting hierbo van die verskillende kerkliedere wat binne gereformeerde tradisie gesing word deur lidmate vanuit die Westerse- en Afrikakulture (3.1 tot 3.2), blyk dit dat daar in die Westerse konteks oor die algemeen 'n fokus is op die rasionele, en 'n gebrek aan 'n spirituele benadering. Liedere word nie in alle gevalle gesing met oorgawe en asof dit diep uit die hart kom nie. Dit word eerder as 'n intellektuele oefening benader. Hierdie leemte kan aangevul word deur die benadering van die Afrikakultuur waarin juis 'n klem gelê word op die spirituele en emosionele belewing in die sing van kerkliedere. Wat die kerkliedere uit die Afrikakultuur betref, is daar weer bepaalde vrae oor die dogmatiese suiwerheid van veral die bewoording van die liedere. Hierdie leemte kan op sy beurt aangevul word deur die rasionele benadering wat deur gelowiges uit die Westerse kultuur gevolg word. Dit blyk dus dat lidmate vanuit hierdie twee verskillende kulture veel het om mekaar te bied, sodat daar binne die gereformeerde konteks wedersydse verryking en verdieping in elkeen se kerkliedere en die sing daarvan kan wees.

Binne die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks, en spesifiek die gereformeerde konteks, kan dit dus van groot waarde wees vir sowel lidmate van die Westerse- as die Afrikakulture om daadwerklik blootgestel te word aan mekaar se eredienste en die sing van kerkliedere. Sodoende kan elkeen se kerkliedereskat, asook die wyse waarop gesing word, aangevul en verryk word deur die ander.

3.3.1. Konklusie oor gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) in die Suid-Afrikaanse kerklied volgens 1 Korintiërs 14:15

Die volgende konklusie kan gemaak word oor gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) in die Suid-Afrikaanse kerklied volgens 1 Korintiërs 14:15:

- In 1 Korintiërs 14:15 stel Paulus 'n fyn balans tussen gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) as voorwaarde vir die sing van kerkliedere in die erediens.
- Πνεῦμα het te doen met die diepste hartsgesindheid van die mens, sy kapasiteit tot spirituele sensitiwiteit en ontvanklikheid vir gemeenskap met God.

- Noῦς het te doen met die mens se vermoë om te kan dink, begryp, redeneer en besluite neem.
- In die tradisionele Afrikakultuur word 'n sterk klem geplaas op die religieuse of geestelike dimensie van mens-wees. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n rasionele benadering ten opsigte van lewensbeskouing.
- In die Westerse kultuur is daar 'n sterk klem op die rasionele vermoë van die mens. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n geestelike of spirituele benadering in die lewensbeskouing.
- Dit blyk dat gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture mekaar kan verryk en dat leemtes wat bestaan wedersyds aangevul kan word wanneer kerkliedere saam gesing word.

3.4. Empiriese ondersoek

Op Saterdag 24 Februarie 2007 is 'n empiriese ondersoek geloods ten einde bepaalde aspekte met betrekking tot die saamsing van die kerklied in 'n multikulturele konteks te toets. Hierdie empriese ondersoek is ingerig as 'n kwalitatiewe ondersoek, waarin die hoofdoelwit is om sekere aspekte van die sosiale lewe van mense na te speur, asook die betekenis wat hulle aan hulle belewenisse van elke dag heg (sien Schurink, 1998:241). Daar is nie onderhoude met die respondente gevoer nie, maar 'n gestruktureerde vraelys is gebruik, waarin respondente moes aantoon wat hulle belewenis is van bepaalde aspekte met betrekking tot multikulturaliteit in Suid-Afrika en die sing van kerkliedere. Die vraelys is in twee afdelings verdeel waarvan die eerste afdeling aan die begin van die empiriese ondersoek ingevul is, terwyl die tweede afdeling ingevul is nadat 'n aantal verskillende kerkliedere saamgesing is. (Nadere besonderhede met betrekking tot die strukturering van die empiriese ondersoek word hieronder by 3.4.1 uiteengesit).

Die analisering van data in 'n kwalitatiewe studie vereis dat 'n redelike hoeveelheid inligting deur induktiewe beredenering, uitsortering en kategorisering geleidelik tot kleiner stelle abstrakte en onderliggende temas verwerk word (Leedy & Ormrod, 2001:161). Eksterne beïnvloeding van data as gevolg van persoonlike aannames is sover moontlik vermy deur kritiese selfrefleksie oor persoonlike aannames, perspektiewe en teoretiese oriëntasie (Merriman, 1998:204-211; Leedy & Ormrod, 2001:106).

3.4.1. Verloop van die ondersoek

Die empiriese ondersoek is soos volg hanteer:

- 6 lidmate van KaNyamazane Gereformeerde Kerk en 6 lidmate van die Gereformeerde Kerk Nelspruit het as respondente deelgeneem aan die ondersoek. Die ouderdomsverspreiding was vanaf 20-jarige tot 72-jarige ouderdom en daar was ewe veel manlike as vroulike respondente van elke gemeente teenwoordig.
- Die geleentheid is gereël vir die Saterdagoggend 09:00 – 12:00. Die lokaal waar bymekaar gekom is, was die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk KaNyamazane, wat sowat 30 kilometer vanaf Nelspruit geleë is in die Swart woonbuurt KaNyamazane.
- 'n Vraeboog, wat vooraf uitgewerk is, is aan elke respondent uitgedeel om in te vul. Elke vraag is eers vooraf verduidelik, waarna respondente geleentheid gegee is om die vraag te beantwoord. Omdat respondente uit verskillende kulture afkomstig is, en nie mekaar se moedertaal magtig is nie, is die projek in Engels hanteer en was die vrae in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- Die vraeboog bestaan uit twee afdelings, te wete Afdeling A en Afdeling B. Respondente is versoek om voorlopig net tot by die einde van Afdeling A in te vul.
- Die vrae in Afdeling A het ten doel om te bepaal watter belewing die respondente van multikulturaliteit in Suid-Afrika het en watter mate van versoening en eenheid hulle in die samelewing ervaar.
- Nadat al die respondente Afdeling A voltooi het, is oorgegaan daartoe om kerkliedere saam te sing. Respondente van die Gereformeerde Kerk KaNyamazane is eers geleentheid gegee om 3 van hulle kerkliedere te sing en dit daarna vir die respondente van die Gereformeerde Kerk Nelspruit aan te leer.
- Die liedere wat gesing is, was die volgende:

(1) What a mighty God we serve
What a mighty God we serve!
The angels bow before Him
and we watch Him and adore Him
What a mighty God we serve!

[Opmerkings: Hierdie lied is 'n algemeen bekende "Gospel"-lied wat deur die meeste kerkgroepe in KaNyamazane gesing word. Die lied word met *keyboard*-begeleiding gesing en die styl toon sterk ooreenkomste met dié van Amerikaanse Gospel-liedere, vermeng met die styl van die Southern Baptists (en soortgelyke

groepe in die VSA). Daar word nie van eksterne dromme gebruik gemaak nie, maar van die dromklank wat in die *keyboard* geprogrammeer is. Die lied begin met die voorsanger wat die eerste frase voorsing, waarna die res van die groep inval en hom volg. Die sang is vierstemmig, volg die tipiese Afrika-harmoniese progressies (Tonika-, Subdominant- en Dominantakkoorde wat mekaar in 'n bepaalde patroon opvolg) en word met liggaamsbewegings uitgevoer. Verskeie verse word gesing. Aan die einde van 'n strofe is daar dikwels 'n maat of twee waarin die voorsinger improviseer terwyl 'n oorgang gemaak word om daarmee die volgende herhaling van die strofe in te lei. Die volume waarmee gesing word is deurgaans hoog en daar word met groot oorgawe gesing. Volgens die predikant van KaNyamazane Gereformeerde Kerk, ds. Alfred Mandiwane, word hierdie lied nie deur die hele gemeente nie, maar net deur die koor gesing wanneer dit in die erediens aan die orde kom].

(2) uJesu ulalela	
uJesu ulalela aphendule umkhuleko awu letha konke ku Jesu ngomkhuleko	*(Jesus, hoor en antwoord ons gebed* *bring alle dinge na Jesus* *in gebed)*

[<u>Opmerking:</u> Hoewel hierdie lied in Siswati gesing word, is die styl en begeleiding dieselfde as dié van *"What a mighty Lord we serve"*. Dit word met dieselfde volume en oorgawe gesing as die vorige lied].

(3) Ibongi 162 ***Mawungangidluli Jesu***	
Mawungangidluli, Jesu yizw' amazwi ami, lapho ubabuz' abanye mawungizwe nam' <u>(Inhlwaza):</u> Jesu, Jesu yizw' amazwi ami, lapho ubabiz' abanye mawungizwe nam'	*Moenie my verbygaan nie, Jesus* *luister na my woorde* *wanneer U die ander roep* *luister (ook) na my* <u>(Refrein):</u> *Jesus, Jesus,* *luister na my woorde* *wanneer U die ander roep* *luister (ook) na my*

[<u>Opmerking:</u> Dit blyk dat die Ibongi-liedere, hoewel dit die amptelike sangbundel van die Gereformeerde Kerk KaNyamazane is, nie so gewild of bekend onder die

lidmate is nie. Daar was 'n groot mate van huiwering en onsekerheid, voordat die groep respondente van KaNyamazane gemeente besluit het om lied nommer 162 te laat sing. Wat styl, begeleiding en uitvoering betref, is daar byna geen verskil met die ander twee liedere wat vooraf gesing is nie].

- Nadat bogenoemde 3 liedere gesing en tot 'n bevredigende mate deur die respondente van die Gereformeerde Kerk Nelspruit aangeleer is, is voortgegaan om 3 kerkliedere van die Gereformeerde Kerk Nelspruit voor te sing en aan te leer.

- Die liedere wat gesing is, is die volgende:

(1) Psalm 100 (Totius)

Ps. 100:1	***Ps. 100:2***
Juig, al wat leef, juig voor die HEER! Dien God met blydskap, gee Hom eer; kom nader voor sy aangesig, en prys Hom met 'n lofgedig!	Die Heer is God, erken dat Hy 'n eie volk vir Hom berei, 'n volk om Hom te dien en vrees en skape van sy wei te wees.
Ps. 100:3	***Ps. 100:4***
Gaan deur sy poorte in met lof, met lofsang in sy tempelhof; kom in sy huis, o bondsvolk, saam; verhef sy lof en prys sy Naam.	Want goedertieren is die Heer; sy goedheid eindig nimmermeer; sy trou en waarheid hou hul krag tot in die laaste nageslag.

(2) Psalm 145 (TT Cloete)

Ps. 145:1	***Ps. 145:8***
Ek wil u lof getrou verkondig, Heer, dit uitdra oral, altyd, meer en meer. 'n Loflied kom U toe van dag tot dag van elkeen, van geslag tot ver geslag.	Hy sal in sy genade hulle sien wat voor Hom buig en Hom met liefde dien, maar dié wat goddeloos is, gaan tot niet; verdelging word deur Hom oor hul gebied.

Ps. 145:9
Ek sal die lof verkondig van die Heer, dit uitdra, altyd, oral, keer op keer. Laat al wat leef Hom prys en almal saam sing van sy heilige en grote Naam.

(3) Psalm 134 (Totius)

Ps. 134:3	***Ps. 134:4***
Die HEER se seen sal met u gaan, en ons sal biddend voor Hom staan. Hy wat beveel en - dit geskied, Hy sal sy seen oor u gebied.	Laat, Heer, u seën op (ons) daal, u guns uit Sion ons bestraal! U wat beveel en – dit geskied wil, Heer, u seen oor ons gebied

[Opmerking: Omdat die bogenoemde Psalms in Afrikaans geskryf is, is dit eers vooraf vertaal en verduidelik, voordat dit gesing is. Die Afrikaanse Psalms is eenstemmig, sonder begeleiding gesing (omdat daar nie 'n begeleier of 'n orrel beskikbaar was nie) en met die minimum liggaamsbeweging, soos wat dit tipies in 'n erediens van die Gereformeerde Kerk Nelspruit gedoen word].

- Nadat hierdie 6 kerkliedere deur die groep saamgesing en aangeleer is, is die respondente versoek om die oorblywende vrae van die vraeboog (Afdeling B) in te vul.

Die doel van die vrae in Afdeling B is om te bepaal watter uitwerking die saamsing van mekaar se kerkliedere op die respondente se onderlinge verhouding met mekaar het.

3.4.2. Uitkomste van die ondersoek

Die uitkomste van die ondersoek word hieronder weergegee. Die vraeboog word weergegee, met die antwoorde van die respondente in *kursief* gedruk. By die keusevrae word telkens aangetoon watter keuses onderskeidelik deur lede van die Afrikakultuur (aangedui as **A**) en lede van die Westerse kultuur (aangedui as **W**) gemaak is. Waar die respondente deur middel van verduidelikings moes antwoord, word hulle antwoorde telkens in dieselfde volgorde gegee: eers die antwoorde van die lede van die Afrikakultuur (van jonk tot oud, eers manlik en daarna vroulik) en daarna die antwoorde van die lede van die Westerse kultuur (ook van jonk tot oud, eers manlik en daarna vroulik). Ten einde sekere belangrike of insiggewende aspekte uit te lig, word enkele opmerkings aan die einde van sekere antwoorde gemaak (in **Bold** en in hakies).

1. PERSOONLIKE GEGEWENS / PERSONAL INFORMATION

	A	W
Ouderdom / Age	*20-65 jr.*	*20-72 jr.*
Geslag / Sex	*3 Vroulik; 3 Manlik*	*3 Vroulik; 3 Manlik*
Huistaal / Mother tongue	*5 SiSwati; 1 Venda*	*6 Afrikaans*
Gemeente / Congregation	*KaNyamazane*	*Nelspruit*

[Opmerking: die verspreiding, wat ouderdom en geslag betref, was eweredig genoeg om 'n kontrolegroep te kon daarstel].

AFDELING A / SECTION A

(Voltooi voor die samesang / To be completed before singing together)

2. MULTIKULTURELE INTERAKSIE / MULTICULTURAL INTERACTION

2.1 Hoe gereeld het u kontak met lede van die ander prominente Suid-Afrikaanse kultuur? / How often do you come into contact with members of the other prominent South African cultural group?

	A	W
a. Elke dag / every day	*4*	*6*
b. Drie- tot viermaal per week / three to four times a week	*1*	-
c. Eenmaal per week / once a week	*1*	-
d. Byna nooit / almost never	-	-

[Opmerking: Dit is insiggewend dat nie al die lede van die Afrikakultuur *daaglikse* kontak het met mense van die Westerse kultuur nie].

2.2 Watter inheemse tale van Suid-Afrika, behalwe u moedertaal, kan u praat, lees of skryf? / Except for your mother tongue, which other indigenous South African languages do you speak, read of write?

	A	W
a. Praat / speak	*Afrikaans 1;* *Engels 6;* *Zoeloe 1;* *Sotho 2*	*Engels 6*
b. Lees / read	*Afrikaans 1;* *Engels 6;* *Zoeloe 3;* *Sotho 1*	*Engels 6*

c. Skryf / write	*Afrikaans 1;* *Engels 6;* *Zoeloe 1*	*Engels 6*

[Opmerking: Net een van die respondente (uit die Afrikakultuur) kan die moedertaaltaal van die ander groep (Afrikaans) praat, lees en skryf. Vir onderlinge kommunikasie is die respondente gevolglik op Engels aangewese, omdat al die respondente Engels magtig is].

2.3 Hoe sou u u verhouding met lede van die ander prominente kultuur in Suid-Afrika beskryf? / How would you describe the relationship you have with members of the other prominent culture in South Africa?

	A	W
a. Uitstekend / excellent	-	*1*
b. Goed / good	*6*	*5*
c. Baie sleg / very bad	-	-

[Opmerking: Dit is opvallend dat geen respondent die verhouding hier as *baie sleg* aangetoon het nie. Net een het dit egter as uitstekend bestempel].

Verduidelik asb u antwoord by 2.3 / Please explain your answer at 2.3

- *The communication is there and we are also living together. But they are still afraid the Blacks might revenge the past and in my understanding most Blacks buried the past and focus on the future. We can learn from the past and correct it in the future.*
- *We all are good people in South Africa and to be happy in one land.*
- *We stay together, we work together, we socialize together, our children attend multiracial schools.*
- *I am currently a student at TUT and the majority of my lecturers are White, so the relationship with them is actually good. There are a few barriers like language but over and above we get along just fine. As for other ordinary Whites besides my lecturers, I've had a few misunderstandings, but nothing major.* **[Opmerking: TUT is die afkorting vir *Tshwane University of Technology, waarvan daar 'n satellietkampus in Nelspruit is*].**
- *They are pretending in many ways the way I see them. They love you when you work for them, not when you are just an outsider. That's what make the good in my knowing them I love them just can't be with, so had to find.*

- *It is nice to have other cultures and to know it. It is good because there are more ways to all the cultures. We have a nice beautiful time with them. And we love being together and we enjoy all of it. It is beautiful to be together.*

- *Ek werk elke dag saam met hulle en het geleer om bietjie te kommunikeer met hulle, wat maak dat ek hulle beter verstaan. Dit maak nogal redelike goeie menseverhoudings moontlik.*
- *Die verhouding ontwikkel daagliks. Uitreik gaan ten opbou van gemeenskaplike samesyn en gesonde interaksie met alle rasse. Die blootstelling is verrykend en opbouend. Ten einde die mens te respekteer afgesien van sy/haar ras is 'n openbaring en 'n positiewe ervaring. Daar is steeds baie onbekende faktore soos die verklaring van die manier van hoe sekere mense sekere dinge doen. Soos wat ek myself blootstel, word antwoorde/verklarings verkry.*
- *Van jongs af het ek nooit werklik probleme gehad nie. My pa se arbeiders bv. was almal my vriende. My eie werkers het my nog altyd as hulle pa beskou. Die een wat saam met hulle leef en wat hulle ondersteun op gesinsvlak. My een arbeider het sy eie gemeente gestig op ons plasie. Elke Sondag (ook sommige weeksdae) word daar dienste gehou. Hulle is deel van 'n groter denominasie.*
- *My verhouding met Swart mense waarmee ek in aanraking kom is goed, maar eintlik baie oppervlakkig. Op 'n daaglikse basis kom ek in aanraking met 'n Swart kollega wat saam met my werk. Ons kom goed oor die weg, maar weet eintlik niks van mekaar af nie. Die rede waarom ek oor die algemeen met ander kulture oor die weg kom, is omdat ek glo dat God ons almal geskape het en elkeen verdien sy plek onder die son.*
- *Ek het 'n goeie verhouding met Swartmense en probeer om, net soos met Witmense, te verstaan waar die individu "vandaan kom." Ek voel jammer dat Swartmense oor die algemeen nie noodwendig dieselfde geleenthede as ekself gehad het nie. Ek probeer sover ek kan, uitreik en goeie verhoudings bou. Daar is tog 'n onseker of bang gevoel jeens Swartes (diep in my hart) want ek weet nie wat om te verwag nie. Ek wil baie keer iemand oplaai langs die pad, maar ry meestal verby, want ek is versigtig. Vooropgestelde idees oor Swartmense het tog 'n invloed op my verhouding, alhoewel ek oop probeer wees.*
- *Daar is nog baie kulturele verskille wat werklike kontak maak moeilik maak. Ons verwag, dink ek, ook nog te veel dat hulle soos Westerlinge moet dink en moet optree. Dalk is ons ook nog nie nederig genoeg in ons optrede nie. Ons het nog soveel om te leer.*

2.4 Hoe beïnvloed die verskille tussen die twee prominente kulture in Suid-Afrika (maw die Westerse- en tradisionele Afrikakulture) u daaglikse verhoudinge met lede van die ander kultuur? / In what way do the differences between the two most prominente cultures in South Africa (the Western and traditional African culture) influence the relationship you have with members of the other culture?

	A	W
a. Geen invloed / no influence	*1*	-
b. Gemiddelde invloed / average influence	*4*	*4*
c. Groot invloed / major influence	*1*	*2*

[Opmerking: Dit is insiggewend dat net 3 uit die 12 respondente reken die verskille tussen die kulture het 'n groot invloed op hulle daaglikse verhouding met mekaar. (Die basisteoretiese beginsels van hierdie studie toon aan dat die verskille 'n merkbare invloed op die verhouding behoort te hê)].

Verduidelik asb die redes vir u antwoord in 2.4 / Please explain the reasons for your answer in 2.4

- *Whites were the people who started isolation to Blacks and there was no time for Blacks to know and understand their cultures. But it is simple for us Blacks to cope with them as we are always around them and are learning their ways of living.*
- *We all live in one country.*
- *The interaction has just started. It was not there before 1994. It is now growing slowly.*
- *The language barrier in most cases is the influence, especially Afrikaans. As for our way of living, there are differences, but they do not have that much influence.*
- *They still look at us and treat us like we don't exist as people. To them we are like animals. They want us to respect them while they don't respect us. Can you respect someone who does not respect you. Let us be equal. Respect me and I willl respect you. Listen to me, I will listen to you. Show me love, I will show you love. Most importantly, show care and I will love you.*
- *It has average influence, because everyone has their own culture. It doesn't affect anything. I don't know Afrikaans, but we can communicate in English because we all understand it. That is not bad at all.*

- *Daar is baie wat ons by mekaar kan leer, maar omdat ons van verskillende agtergronde kom, doen ons goed verskillend en net anders. Daarom verstaan ons nie altyd mekaar nie.*
- *Die beperkte kennis m.b.t. die ander kultuurgroep is bydraend tot daaglikse verhoudings. Aspekte soos taal, tydsbegrip, agtergrond (sosiaal, ekonomies, polities). Uitreik lei tot positiewe interaksie, belangstelling in welstand en algemene stand van sake dien as wyse van hoe geleentheid geskep word.*
- *Die met wie ek in aanraking kom en ons respekteer mekaar en het ook waardering vir mekaar. As daar verskille is, praat ons dit uit en los dit op. Ek praat nou dus net van hulle met wie ek direk, elke dag, in aanraking kom. Met ander, buite die werkskring, is ek vriendelik en beleefd en het nog nooit probleme gehad nie.*
- *Verskille speel 'n groot rol. Die kultuur of agtergrond waarin jy grootword speel 'n groot rol in jou manier van dink en optree. Een van die kenmerke van die Swart kultuur is bv. dat hulle soms baie luidrugtig is. Ek kan soms baie geïrriteerd word daarmee. Op universiteit het daar Swart studente langs my gebly en dit was vir my 'n groot aanpassing om aan die geraas gewoond te raak.*
- *Mens weet nie altyd hoe om op te tree om nie op iemand (Swartes) se tone te trap nie, bv. gebruike by dood, begrafnis ens. Ek raak baie ongeduldig met die "laid-back" houding wat volgens my 'n kenmerk van Swart mense (veral by dienstoonbanke) is. En omdat hulle nie verstaan (weet) hoe belangrik dit vir my is nie, is dit bv. vir my 'n probleem.*
- *Wat van die lewe verwag word, is totaal verskillend. Die tradisionele is meer basies – die Westerse is tog al meer gerig op kennis en geestelike goedere. Terselfdertyd begryp ons baie min van hulle geestelike goedere. Wat ons as onbeleefd beskou verstaan hulle nie en ons tree dikwels onsensitief teenoor hulle op.*

3. VERSOENING EN EENHEID / RECONCILIATION AND UNITY

3.1 Teen die agtergrond van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika tot en met vandag, wat is die diepste emosies wat u ervaar wanneer u te doen het met lede van die ander kultuur? / Against the background of the sosio-political history of South Africa up to recent times, what are your deepest emotions when dealing with members of the other culture?

- *Nothing to me, but to our parents it did something that is nothing easy to forget, as they explain. It hurts them the most if they have to think about it. To us, the new*

generation, there is nothing that we can say today. Blacks can marry Whites simple as that, all to find out that was something that never happened in the past.

- **[<u>Opmerking:</u> Hierdie respondent se antwoord is onduidelik hier]**.
- *My emotions are good as the present situation promises a better future.*
- *The suffering and pain that our parents went through. That is why it kills me when I hear that there are still people who are racist, whether Black of White. We say South Africa is united in diversity, but are we really? Diverse we are, but I still have doubts about the united part.*
- *I believe some people change. I hate those who did that before but to the generation of today I give the benefit of the doubt, unless they follow the old family bad way toward Black people.*
- *We would love jobs. We don't have that now. We have our Matrics but nothing is happening. We still stay at home. No jobs, no money to go to tertiary level. I think it is that.*

- *Tegnies gesproke is ons almal skuldig aan opverdeling onder mekaar, maar mens moet gaan kyk wat God se plan is daaromtrent en of dit gesond is vir die samelewing van vandag en vir die toekoms van die opbou van God se kerk.*
- *Diepste emosie is hoe kan ons so gou as moontlik die skade wat gedoen is, sowel as die suksesvolle, vreedsame bedeling wat in plek gestel is, tot beste voordeel van almal gebruik om die geleenthede wat ons het, positief te ontgin. Angstigheid van onderdrukker sowel as slagoffer en die versoening van die twee pole het die potensiaal om ongekende sukses en vrede daar te stel. Ingesteldheid van: gee my 'n kans om 'n bydrae te maak, en ek wens dieselfde vir almal.*
- *Ek het van skooldae af besef dat aparte ontwikkeling nie kan werk nie. Tog wou ek dit 'n kans gee – seker maar omdat dit die Blanke sou beskerm. Maar die huidige transformasie se hantering is moeilik om te aanvaar – seker omdat dit lomp hanteer word. Maar oor die algemeen stem ek met die ideologie saam – die praktyk laat egter veel te wense oor. Maar nou vind ek ook dat dié met wie ek in aanraking kom, het ek nie werklik probleme mee nie. Wel tov die staatsdiensklerke wat vanweë hulle tekort aan opleiding nie werklik hulle werk kan doen nie. Hier word ek wel ongeduldig!*
- *Ek raak soms baie kwaad en terselfdertyd baie hartseer. Ek is oortuig daarvan dat apartheid verkeerd was maar die hele situasie herhaal homself. Dit voel soms of hulle ons Blanke mense wil terugkry vir dit was ons aan hulle gedoen het. So ontstaan daar egter 'n bose kringloop.*

- *Hartseer vir al die dood, pyn, lyding wat dit veroorsaak het. Frustrasie vir die feit dat die saak nooit gaan ophou nie. Dit kan as almal sou wou, maar dit gaan nie maklik gebeur nie. Skaamte vir wat my mense, wat veronderstel was om geleerd, geletterd, gevorderd, ontwikkeld te wees, gedink en gedoen het. Bang en jammer vir hoe die toestande van nou af gaan ontwikkel vir my kinders, my bediende se kinders en al die onskuldiges wat deur volwassenes se sienings en besluite beïnvloed gaan word.*
- *Soos nog altyd is respek vir 'n medemens die belangrikste motivering vir alles wat 'n mens doen. Daar is altyd 'n gevoel van: dat nie genoeg waardeer word vir dit wat tot stand gebring is en oorgegee is nie.*

3.2 Het daar alreeds, volgens u ondervinding, versoening plaasgevind tussen lede van die twee prominente kulture in Suid-Afrika? / According to your personal experience, would you say that reconciliation between members of the two most prominent cultures in South Africa has already been accomplished?

	A	W
a. Ja / yes	*2*	*4*
b. Nee / no	*2*	*2*
c. Weet nie / don't know	*2*	-

[Opmerking: (1) Net die helfte van die respondente meen dat versoening reeds plaasgevind het. (2) Respondente uit die Afrikakultuur blyk minder seker te wees oor die stand van sake as dié vanuit die Westerse kultuur, vandaar die eweredige verspreiding van die antwoorde].

Verduidelik asb u antwoord by 3.2 / Please explain your answer at 3.2

- *Because Whites and Blacks can live together by sharing the same residence, marry each other, working together even sharing ideas together. To me reconciliation between these two cultures is there or accomplished.*
- *We are one people from different backgrounds in South Africa, reconciled in our land of Africa.*
- *Apartheid is still rife among the farming communities.*
- *I think that reconciliation has not been accomplished in full. But there are sings of change taking place. in the institution where I am currently studying, Black and White still separate themselves from each other. And there are a lot of perceptions about one another all around campus. But, personally, I would like*

change to take place. Whites and Blacks being friends with one another without anybody judging them or them recognising their differences.

- *I never heard of a celebration of that day, even if there was the only White that is going to be there, there would be those who will be on the stage, not on the floor with us people. These are nothing like that.*
- *I see and think there is no reconciliation.*

- *Daar is nie altyd versoening nie, maar tog is dit ook daar en mens moet bietjie leer om uit te gaan en mekaar te beskou as broer en suster in Jesus Christus.*
- *Daar is versoening, maar ruimte vir baie meer. Ondertone van omgekeerde rolle mbt onderdrukker en slagoffer word soms ervaar. Versoeningsproses is op 'n positiewe kurwe en op interpersoonlike vlak gaan dit progressief beter.*
- *Die versoening vind wel plaas op vlakke. Daar is vlakke (aan beide kante) waar daar geen versoening is nie. Ander weer wel. Miskien moet ek dit eerder aanpassing as versoening noem. Aanpassing by nuwe omstandighede. Ek glo tog dat dit weer lei tot versoening. My antwoord moet miskien eerder wees "dalk" i.p.v. "ja."*
- *Die verlede herhaal homself (net in 'n teenoorgestelde rigting). Daar is in Suid-Afrika tot geen vergelyk gekom tussen die twee kulture nie. Ek glo wel dat die jonger generasie (waarvan die oudste 16-24 jr. is) wel anders voel. Hulle word half op 'n gelyke vlak groot en apartheid speel nie so 'n groot rol in hulle lewens nie.*
- *Daar is beslis tussen sekere individue versoening, maar vir 'n groot gros van mense aan albei kante is dit volgens my nog Wit teen Swart en Swart teen Wit. Vertroue in mekaar is dun.*
- *Daar is nog te veel onbegrip vir mekaar. Hierdie is nie 'n proses wat in 12 jaar afgehandel kan word nie. Daar kan vriendelike omgang wees, maar nog nie werklike versoening nie.*

3.3 Is dit u belewing dat mense vanuit die verskillende kulture as 'n eenheid saamleef in Suid-Afrika? / According to your experience, is there unity amongst people from the different cultural backgrounds in South Africa?

	A	W
a. Ja / yes	*3*	*2*
b. Nee / no	*1*	*4*
c. Weet nie / don't know	*2*	-

[Opmerking: Die respondente wat meen dat daar wel eenheid is, is net soveel as dié wat meen dat daar nie eenheid is nie].

Verduidelik asb u antwoord by 3.3 / Please explain your answer at 3.3

- *Blacks and Whites are working together (as explained above) and even our young children are learning together that means unity stays for future.*
- *There is unity in South Africa, making all of South Africa happy in the one land of Africa.*
- *Apartheid is still a major cause of segregation within different cultural groups in South Africa.*
- *We are diverse, but I have doubts about the unity part.*
- *We Blacks teach each other, we show care in too many ways that Whites can't. They are so selfish, so stubborn, they believe they have everything they need, but, hey, no one can have everything in this world. It is impossible.*
- *I would not say there is unity or not, because I don't see anything.*

- *Weens vorige belewenisse het ek nie altyd eenheid ervaar nie, maar ek het dit ook al met enkele geleenthede ervaar.*
- *Belewenis is dat daar wel eenheid tussen verskillende kulture is. Wedersydse begrip en omgee vir mekaar bestaan wel, alhoewel dit kan verbeter. Vergrype mbt finansies en kriminele element belemmer die verlangde eenheid.*
- *Maar weer op seker plekke, terreine, vlakke. Daar is wel verbetering, maar ware eenheid is baie moeilik om te bepaal. Daar is nog te veel verskille. My belewing is dat baie mense bereid is om toegewings te maak. Dus: die tekens is positief.*
- *Ek glo dat die eenheid tussen die kulture wel effens verbeter het – veral tussen die jonger generasie. In die algemeen is daar nie eenheid nie – aangesien daar nou teen Blanke mense gediskrimineer word.*
- *Ek dink die algemene indruk van Witmense teenoor Swartes is: misdaad, oneerlikheid. Van Swartmense teenoor Witmense: deel van die apartheidsregime se plan. Individue het eenheidsplanne, bv. werkgewer en werker, die "odd" vrienskappe.*
- *Die sosiale omstandighede verskil te veel. Ons weet nog nie: wil almal soos Westerlinge leef of wil almal soos Afrikane leef, of moet 'n middeweg gevind word. Is laasgenoemde hoegenaamd moontlik?*

4. MULTIKULTURALITEIT EN DIE KERK / MULTICULTURALITY AND THE CHURCH

4.1 Het u al vantevore in 'n erediens saamgesing met mense van die ander prominente kultuurgroep? / Have you ever before in a worship service sung together with members of the other prominent cultural group?

	A	W
a. Ja, dikwels / Yes, on numerous occasions	*1*	-
b. Ja, maar net enkele kere / Yes, but only on a few occasions	*3*	*4*
c. Nee, nog glad nie / No, never	*2*	*2*

[Opmerking: Dit is insiggewend dat die respondente wat aangetoon het dat hulle nog glad nie vantevore in 'n erediens saamgesing het met gelowiges van die ander kultuurgroep nie, in beide gevalle die jongstes onder die respondente van hulle kultuurgroep was (tussen 20 en 24 jaar). Dat net een respondent al dikwels saamgesing het met gelowiges van die ander kultuurgroep, dui op die nalatenskap van apartheid wat ook op kerklike vlak sigbaar is].

4.2 Beleef u versoening en eenheid met u medegelowiges van die ander prominente kultuur in Suid-Afrika? / Do you experience reconciliation and unity with fellow believers of the other prominent culture in South Africa?

	A	B
a. Ja / yes	*4*	*4*
b. Nee / no	*2*	-
c. Weet nie / don't know	-	*2*

[Opmerking: (1) In teenstelling met die belewing van kontak oor die algemeen met mense van die ander kultuurgroep (vraag 3.2 en 3.3 hierbo), is respondente beduidend meer positief oor kontak en hulle verhouding met medegelowiges uit die ander kultuurgroep. Die meerderheid toon aan dat hulle versoening en eenheid met medegelowiges van die ander kultuur beleef. (2) Beide respondente wat geantwoord het dat hulle nie versoening en eenheid in hierdie verband beleef nie, het die afwesigheid van fisiese saam-wees met gelowiges van die ander kultuur in eredienste ter verduideliking van hulle keuse aangevoer].

Verduidelik asb u antwoord by 4.2 / Please explain your answer at 4.2

- *Unity is about coming together singing and praising together, so it never happened.*
- *People are united in the church.*

- *Black and White church members do not worship together. They have separate churches.*
- *Unity and reconciliation is taking place with our fellow believers, but I would like the relationship we/I have with them to grow.*
- *They understand very much the Word of God, what God wants to his people. There is unity, because they take their pride out when they come to church.*
- *We are Christians and we love to reconcile. We worship the God almighty.*

- *Ek het al eenheid ervaar met diegene wat ek al teëgekom het. Ons kon een in geloof saampraat en ek kon ander help.*
- *Ervaring is dat daar gemaklik oor kleurgrense heen oor geloofsoortuigings gesels kan word. Positiewe uitleef van Christenskap binne die Afrikakultuur is 'n voorbeeld waarvan geleer kan word.*
- *Die aanraking is so min! Wel met daardie Swazi's wat op ons plasie by die kerkie kom, maar dis baie oppervlakkig. Tog is daar wel 'n positiewe gesindheid van: "Ons dien dieselfde Here, daarom hoort ons saam."*
- *Ek glo dat almal wat in God glo, dieselfde oortuigings het. As dit kom by godsdiens, speel kulturele agtergrond nie 'n rol nie, want dan is almal op gelyke vlak. Die feit dat ons een en dieselfde God dien, bind ons saam.*
- *Dit is die enigste iets wat ons kan in staat stel om al die ander negatiewe dinge te oorkom. En dit gebeur wel. Ek het as Wit Christen werkgewer 'n wonderlike verhouding met my huiswerker en het al ontsettend baie by haar geleer. Ek sal deur die vuur loop vir haar. Vir my is sy nie Swart nie, sy is my Christen-vriendin.*
- *Soms wel met sekere gelowiges, soos bv. Wilson, ons jarelange tuinwerker en vriend*

AFDELING B / SECTION B

(Voltooi asb na afloop van die samesang / Please complete after having sung together)

5.1 Het u die samesang geniet? / Did you enjoy singing together?

	A	B
a. Ja / yes	*6*	*6*
b. Nee / no	-	-
c. Weet nie / don't know	-	-

[Opmerking: Dit is duidelik dat hier eenstemmigheid onder al die respondente was dat hulle die samesang geniet het].

Verduidelik asb u antwoord by 5.1 / Please explain your answer at 5.1

- *As a youth, with searching and trying to learn the opposite culture, it was nice and teaching (learning) the other culture's language, even how they sing their songs.*
- *It is one people, Black and White, happy in the land and in life.*
- *They sing nicely with one melody.* **[Opmerking: Hierdie respondent kon nie onderskei tussen die melodieë van die 3 verskillende Afrikaanse kerkliedere wat saam gesing is nie].**
- *I enjoyed it, because the visitors were friendly and the atmosphere was relaxing and calm.*
- *It is nice to see them singing some words which are too difficult for people like them. They don't know our language. I enjoy it very much, I can see they can cope with us if only they can learn . So far doing great. I love it.*
- *It is nice and wonderful to sing together and being united with each other. I love singing together. It is good.*

- *Ek kon regtig die gevoel van samewerking in God se Naam voel en natuurlik God se nabyheid voel terwyl ons besig was met die sang.*
- *Die gemeenskaplike samebindende faktor – Prys die Here – het dit soveel makliker gemaak om deel te neem. Die wedersydse bereidwilligheid om te help, verduidelik en voor te gaan was 'n blye ervaring.*
- *Dit was voorwaar 'n ervaring! Die manier waarop die Swazi's met entoesiasme sing was werklik openbarend. Ek vermoed dat dit 'n manier is waarop die Wit en Swart kerke nader aan mekaar kan kom. Al is dit net om te sing, want die res van die erediens sal nie verstaanbaar wees nie. 'n Mens sing werklik met entoesiasme.*

- *Die samesang het 'n gevoel van eenheid geskep omdat ons saam dieselfde God geprys en geloof het.*
- *Musiek is 'n gelykmaker – en dan veral musiek of sing vir God. Dit praat met my emosies, dit vat my weg van omstandighede, dit laat my vergeet van enige negatiewe dinge. Terwyl ons so saam die Here geloof het, was my gemoed so vol.*
- *Dit was vriendelik, vrolik en goed. Dit gee ook insig.*

5.2 Noudat u 'n paar kerkliedere saam met medegelowiges vanuit die ander kultuur gesing het, wat is nou u diepste emosies wat u ervaar in u kontak met hulle? / Having sung a few worship songs with fellow believers of the other culture, what are the deepest feelings you are presently experiencing in your contact with them?

- *I felt good because we shared time together and we started to know each other better and we can even start some successful journey together on worshipping the Lord.*
- *Having sung with these people made one to be happy completely in the church.*
- *I wish we could worship together, Black and White church members.*
- *Excitement! That I've at least learnt something new today like singing in Afrikaans. Also being given the opportunity to understand their world or way of living. That has touched me.*
- *I see if we can do this meeting and singing together usually there will be too much joy and fun, no fear, no pride and thinking of everyone as ordinay people.*
- *We sing nice and we worship God together. And we learn different tunes. It was nice and wonderful to have that feelings.*

- *Ek ervaar die eenheid in die Gees onder mekaar met wonderlike samewerking en God se werkende hand onder ons en hulle.*
- *Dit is 'n groot gemis – die heerlike, opregte samesyn. Soveel meer kan van mekaar geleer word deur middel van so 'n interaksie wat 'n bydrae kan lewer tot uitbou van die koninkryk van God. Meer sulke geleenthede sal waardevol wees.*
- *Dit het beslis gevoel dat 'n mens eenders voel. Jy kyk in mekaar se oë en jy sien dat daar tog 'n band is – al is dit totaal vreemd. Agterna het mens gesien dat die stramheid en vreemdheid wel verdwyn het – almal gesels toe met almal sonder voorbehoud.*
- *Ek het 'n gevoel van eenheid ervaar (asof die samesang mens saamgebind het). Ook liefde en omgee. (Ek gaan werk soek vir 'n pragtige jong vrou van 30 jaar wat*

graag wil werk en net nie werk kry nie). Ook bewondering (vir hulle gawe om met musiek en sang te werk!)

- *Dankbaarheid dat hulle dit so met hartlikheid met ons gedeel het. Sulke geleenthede het goeie moontlikhede.*

5.3 Sou u sê die samesang met medegelowiges u persepsies oor mense van die ander kultuurgroep, ook buite kerklike verband, verander het? / Would you say that singing together with fellow believers changed your perceptions with regard to the members of that group, including those outside the church?

	A	W
a. Ja, geheel en al / Yes, completely	*4*	*1*
b. Ja, maar in 'n geringe mate / Yes, but not to a great extent	*2*	*4*
c. Nee, glad nie / No, not at all	-	-
d. Weet nie / Don't know	-	*1*

[Opmerking: Behalwe vir een respondent wat nie weet nie, toon al die ander respondente aan dat hulle persepsies verander het, hetsy geheel en al, of net in 'n geringe mate. Geen respondent het aangetoon dat sy/haar persepsie glad nie verander het nie].

Verduidelik asb u antwoord by 5.3 / Please explain your answer at 5.3

- *Because everything we do in our Black church singing is ten times different to them and it makes me understand that the other culture concentrates a lot in what they are doing.* **[Opmerking: Dit blyk dat hierdie respondent beïndruk was met die toewyding van die lede van die ander kultuur in hulle pogings om die vreemde liedere aan te leer en saam te sing].**
- *Many people in one group look for God in church.*
- *Most of White church members are still anti-Black church members.*
- *The atmosphere was relaxing and calm and I had other expectations when I got here. I thought maybe I was going to be afraid to express myself and feel inferior, but it was not like that. They are actually nice people.*
- *We need to learn few things about each other and everything will be perfect. We are slowly believing and seeing through an open window.*
- *It was excellent to know that perceptions changed. And I love that because I know that it was wonderful to be together and sing songs together.*

- *Ek besef net al meer hoe wonderlik dit is om God te loof en prys op soveel maniere en dit is belangrik in vandag se dae om God te moet kan eer in alles wat ons doen en met watter instrumente ookal. En die sang van die nuwe generasie styg uit. En indien nog nie, is dit besig om na vore te kom op baie maniere in eenheid met God se Woord en met God self.*
- *My gesindheid is positief, maar die geleentheid moet verder ontwikkel en uitgebou word. Die gemene deler (Christenskap en lofprysing) as medium het dit makliker gemaak om veranderlikes soos agtergrond, ekonomiese klas ensomeer wat nie ter sprake was nie, te ignoreer.*
- *Ek dink dis te gou om te sê buite die groep, hoewel ek tog dink dit is moontlik. In die groep self – beslis. 'n Mens kan dit in die oë en lyftaal opmerk. 'n Mens is dadelik baie gemaklik met die groepie vreemdelinge. As 'n mens dus meermale sulke geleenthede sou kry, sal 'n mens se siening oor baie sake anders wees. Die samesang moet spontaan en nie te georganiseerd, of op te 'n groot skaal wees nie.*
- *Ek dink dit is makliker om binne kerklike verband 'n eenheid met ander kultuurgroepe te vorm (aangesien 'n mens dieselfde beginsels en oortuigings het). Buite kerklike verband bly dit steeds moeilik om eenheid te vorm. Deur samesang dien ons dieselfde God en dit bind ons saam – wat nie bereik sal word nie, of moeilik bereik sal word as ons saam met mense sing wat nie dieselfde God as ons dien nie.*
- *Was nie heeltemal nuut nie. Het al vantevore hierdie tipe belewenis gehad. Weet hulle harte werk nes ons s'n. Moord, doodslag, verkragtings maak dit egter moeilik om perspektief te behou. Ek vra die Here om my te help om nie onderskeid te maak nie. Ons persepsies word erg beïnvloed deur misdaad.*
- *Dis te vinnig. So iets kan help, daar is respek, maar werklike verstaan is nog nie moontlik nie. Tog glo ons dat waar gelowiges saam dinge doen, daar altyd groei is.*

5.4 Indien van toepassing, verduidelik asb watter verandering in u persepsie plaasgevind het / If applicable, please explain what change in your perception has been brought about.

- *Whites do not move when they sing. We Blacks dance all the way.*
- *People don't move when they sing and they look down.*
- *Whites sing with one voice, whereas Blacks have 1st part, 2nd part, tenor and bass.*
- *I thought they were going to be serious, but they were friendly and unbiased.*

- *Through learning close to each other we can fight this madness that we have. Not learning on TV or magazines, we love to see it, live it. Thought they can't pronounce Swazi, but today they did. They were very amazing.*
- *We sing different tunes, and I love that challenge. It is good and nice.*

- *Daar is ander maniere as wat ons gewoond is om God lof te bring.*
- *Die eenvoud waarmee deelname bewerkstellig kan word, die opregtheid en aktiewe deelname en spontaneïteit het my beïndruk. Die kosbaarheid van so 'n samesyn is baie betekenisvol.*
- *Dat vreemdelinge tog (redelik) gou deel kan word van jou wêreld en andersom. Die "verstaan" word dadelik beter, dieper, eerliker.*
- **[Respondent het nie geantwoord nie].**
- *Dit was weer net vir my 'n "eye opener" of "reminder" om te weet dat ek en enige ander mens eintlik dieselfde gevoelens en behoeftes het en dat ons almal voor God gelyk is.*
- **[Respondent het nie geantwoord nie].**

5.5 Sou u sê dat die saamsing van kerkliedere u <u>verhouding</u> met medegelowiges uit die ander kultuur verander het? / Having sung worship songs together with believers of the other culture, has your <u>relationship</u> with them changed in any way?

	A	W
a. Ja, geheel en al / Yes, completely	*4*	*3*
b. Ja, maar in 'n geringe mate / Yes, but not to a great extent	*2*	*3*
c. Nee, glad nie / No, not at all	-	-
d. Weet nie / Don't know	-	-

[<u>Opmerking:</u> By al die respondente het die samesang hulle verhouding met medegelowiges uit die ander kultuur verander, hetsy geheel en al, of net in 'n geringe mate].

Verduidelik asb u antwoord by 5.5 / Please explain your answer at 5.5

- *Because it was a great moment and to me it was not going to end as we can communicate and share more ideas.*
- **[Respondent se antwoord is onsamehangend en maak nie sin nie].**
- *It would only change if it was done more than once.*
- *I now am able to at least understand them and how they do things. I also understand that not all White people are the same.*

- *They are very interesting people who really want to know what is happening and getting to know all of us, but because I'm shy, I couldn't do that with them. I wanted them to come to me. Shame, they didn't, but I am blessed to be with them. Hope this will happen soon again.* **[Opmerking: Vanaf vraag 5.2 is daar verskeie respondente wat die hoop uitspreek dat daar meer sulke saamsing-geleenthede sal wees].**
- *It's nice and wonderful to have a nice relationship with them. They are nice and open to us. The relationship is good to both cultures.*

- *My verhouding het totaal verander met die besef ons is broers en susters (totaal gelyk) in God se oë.*
- *'n Bestaande positiewe gesindheid is verder versterk. 'n Gebrek aan soortgelyke geleenthede word ervaar.*
- *Samesang hou 'n baie groot belofte in van gesindheidsverandering. Die toepassing in die toekoms in kerke sal nie maklik wees nie. Gemengde kerkkore wat liedere van albei tale sing!*
- *Die samesang het my opnuut weer laat besef dat ons dieselfde God dien. Dit sal my leer om meer verdraagsaam te wees met medegelowiges van ander kulture.*
- *Ons was vreemdelinge, maar nou het ons ons ingelaat in 'n geleentheid om saam die Here te loof en nou is ons saamgebind. Die sang het ons die geleentheid gegee om oop te maak vir hierdie binding.*
- *Daar was tog 'n samehorige gevoel en dit was goed.*

5.6 Indien van toepassing, verduidelik asb watter verandering in u verhouding met medegelowiges uit die ander kultuur plaasgevind het / If applicable, please explain what changes in your relationship with fellow believers of the other cultural group has taken place

- *I saw progress and a brigthter future.*
- *To be in one group and to sing in one group, changed me.*
- *White Christians now accept Black Christians as brothers and sisters.*
- *My perceptions about them – see 5.3.*
- *Seeing them getting to know us, asking questions about each other.*
- *It changed my life and my believe of the other culture. It's a nice relationship, we understand each other and are open to each other.*

- *Ons is almal gelyk voor God, broer en suster.*

- *Meer gemaklike, spontane kommunikasie is moontlik gemaak. Die raakvlak van medegelowiges oor kleurgrense heen is nie onoorbrugbaar nie en nuwe wêrelde kan vir ons oopgaan in hierdie verband.*
- *Dat mens mekaar gou beter sal verstaan. Gesindheidsverandering. Meer moed vir die toekoms. Wil meer van die ander kultuur leer. Vergewensgesindheid ten opsigte van dit wat so anders en vreemd by die ander groep is.*
- *Verdraagsaamheid (sien vorige vraag).*
- *Vreemdelinge word kennisse. Vreemdheid en ongemak word gemaklikheid, bewondering en waardering.*
- **[Opmerking: Hierdie respondent het nie hier geantwoord nie]**.

5.7 Het u 'n groepskohesie beleef tydens die saamsing van die kerkliedere? / Did you experience cohesion in the group whilst singing the worship songs together?

	A	W
a. Ja, in 'n groot mate / Yes, to a great extent	*5*	*5*
b. Ja, maar nie duidelik nie / Yes, but not too evident	*1*	*1*
c. Nee, hoegenaamd nie / No, not at all	-	-

[Opmerking: Al die respondente toon aan dat hulle (in 'n mindere of meerdere mate) 'n groepskohesie tydens die samesang bemerk het].

5.8 Het u die kerkliedere van die ander kultuur toeganklik gevind? / Did you find the worship songs from the other culture to be accessible?

	A	W
a. Ja, heeltemal toeganklik / Yes, completely accessible	-	*4*
b. Ja, maar net gedeeltelik / Yes, but to a limited extent	*6*	*2*
c. Nee, glad nie toeganklik nie / No, not accessible at all	-	-

[Opmerking: (1) Dit is insiggewend dat nie een van die respondente van die Afrikakultuur aantoon dat die liedere van die ander kultuur heeltemal toeganklik vir hulle was nie. Daarteenoor het 4 uit 6 respondente van die Westerse kultuur aangetoon dat hulle die liedere van die ander kultuur heeltemal toeganklik gevind het. (2) Verder is dit insiggewend dat nie een van die respondente die ander groep se liedere totaal ontoeganklik gevind het nie].

5.9 Indien van toepassing, wat het veroorsaak dat die kerkliedere van die ander kultuur nie vir u toeganklik is nie? If applicable, what caused the worship songs of the other culture not to be accessible to you?

- *Language.*
- *Not completely accessible.*
- *Melody.*
- *They don't move when singing.*
- *Melody and language – too much difficult.*
- *The singing and the tune. But it is wonderful and nice.*

- *N.v.t.*
- *Taal*
- *Dit is belangrik dat daar "helpers" by is, wat 'n mens help wanneer jy sukkel.*
- *Taal.*
- *N.v.t.*
- *Taal.*

[Opmerking: Die helfte van die respondente uit die Afrikakultuur het die melodie aangetoon as 'n belemmering vir toeganklikheid, hoewel dit nie veroorsaak het dat die liedere totaal ontoeganklik was nie. Die respondente uit die Westerse kultuur het net die taal as belemmering vir toeganklikheid genoem. Dit blyk dus dat alleen die musiek as pastorale krag hier werksaam was om versoening en eenheid te werk en nie die poësie nie].

5.10 Is daar iets in besonder wat u gepla het tydens die samesang? / Did anything specifically bother you whilst singing together?

- *They sing their verses with almost the same tone and they stand still while singing.* **[Opmerking: Hierdie waarneming (oor die stil-staan terwyl gesing word), kom meermale voor by respondente van die Afrikakultuur].**
- *They don't move to feel the song.*

- *Geen sake wat pla nie – mits ek die woorde voor my het om van te sing.*

[Opmerking: Hier was net 3 respondente wat iets genoem het. Beide respondente uit die Afrikakultuur verwys na die respondente uit die Westerse kultuur se manier om stil te staan wanneer gesing word.]

5.11 Is daar iets in die sang of kerkliedere van die ander kultuurgroep wat u graag in u eie gemeentesang of kerkliedere sou wou hê? / Is there anything in the worship singing or worship songs of the other cultural group that you would like to have in your own worship singing or worship songs?

- *Yes, the language, so that it will be easier to sing together every time we meet.*
- *To have all people in one group singing.*
- *Black churches must also sing Psalms in their services.* **[Opmerking: Hierdie is 'n betekenisvolle waarneming in terme van dit wat gesing word in die erediens].**
- *Nothing! I'm quite comfortable with the way we sing our songs.* **[Opmerking: Hierdie respondent lê sterk klem op die eie kulturele identiteit wat in die KaNyamazane gemeente geld].**
- *Yes, the song Psalm 134. It is a very good song to get praised with and to connect to the Lord our God.*
- *I like the tune they sing with. It is wonderful.*

- *Ek sal graag die gevoel van passie wil hê.*
- *Gedeelde harmonie en wysie van lofprysing. Spontane beweeglikheid bring meer konstruktiewe aksie tot lofprysing.*
- *Entoesiasme, vergeet van inhibisies oor stem, vals sing ens. Gesigsuitdrukking.*
- *Meer gevoel of emosie. Klink opgeruimd wanneer hulle sing. Dink ons klink partykeer nogal "hartseer."*
- *Gemaklikheid, beweging, natuurlikheid, spontaneïteit.*
- *Entoesiasme.*

[Opmerking: Die respondente uit die Afrikakultuur verwys merendeels na die *inhoud* van wat gesing word en toon aan dat hulle daarvan sou wou oorneem. Die respondente uit die Westerse kultuur verwys na die *wyse* waarop gesing word en toon aan dat hulle ook met entoesiasme en oorgawe soos die gelowiges uit die Afrikakultuur sal wil sing].

3.4.3. Bevindings uit die ondersoek

Die volgende samevatting kan gegee word met betrekking tot die bevindings van die vraeboog:

3.4.3.1. Bevindings uit Afdeling A (Algemene agtergrond van respondente en hulle belewenis van multikulturaliteit in Suid-Afrika)

3.4.3.1.1. Persoonlike gegewens

Wat ouderdom, geslag, moedertaal en gemeente betref, was daar 'n eweredige verspreiding en kan die groep respondente beskou word as 'n effektiewe kontrolegroep vir 'n empiriese projek van hierdie aard.

3.4.3.1.2. Multikulturele interaksie

Dit val op dat nie al die respondente van die Afrikakultuur daaglikse kontak het met iemand uit die Westerse kultuur nie. Daarteenoor het al die respondente van die Westerse kultuur wel daaglikse kontak met iemand van die Afrikakultuur. Hierdie verskynsel kan verklaar word deur die feit dat Swartmense in Suid-Afrika, as gevolg van die nalatenskap van apartheid, eerder in voormalige Blanke gebiede inbeweeg as wat Blankes in voormalige Swart gebiede rondbeweeg.

Net een van die respondente uit die Afrikakultuur kan die moedertaal (Afrikaans) van die respondente uit die ander kultuur praat. Omdat al die respondente Engels magtig is, is die groep op Engels aangewese vir kommunikasie met mekaar. Respondente van die Afrikakultuur is oor die algemeen meer Suid-Afrikaanse tale magtig as respondente uit die Westerse kultuur.

Net een respondent (uit die Westerse kultuur) het sy/haar verhouding met lede van die ander prominente kultuur as uitstekend bestempel. Al die ander respondente het dit as goed bestempel. Nie een respondent het die verhouding as baie sleg aangetoon nie. Dit dui daarop dat daar alreeds vordering gemaak is in die verhouding tussen Swart en Blank in die land, maar dat daar nog ruimte is vir verbetering. Uit die verduidelikings op bogenoemde vraag kom dit voorts duidelik na vore dat daar nog sekere dinge is wat die verhouding tussen lede van die Westerse- en Afrikakulture belemmer. Aspekte soos wanpersepsies van mekaar, taalverskille, onbekende faktore in mekaar se kultuur, onbekendheid met mekaar se lewens en agtergrond en onsekerheid oor mekaar se motiewe word hier genoem.

In teenstelling met sekere basisteoretiese gegewens wat daarop dui dat kulturele verskille 'n merkbare invloed op die verhouding tussen mense van verskillende kulture behoort te hê, het net 3 uit die 12 respondente aangetoon dat dit inderdaad hulle belewing is, terwyl 8 respondente dit as 'n gemiddelde invloed beskou. Uit verduidelikings vir hulle antwoorde het die meerderheid respondente aangetoon dat onbekendheid met mekaar se kulture lei tot sekere belemmerings in hulle verhouding met mekaar. Uit 2 van die respondente van die Afrikakultuur se antwoorde kan 'n mate van aggressie en beskuldiging teenoor lede van die Westerse kultuur bespeur word, waar die Blankes beskuldig word dat hulle, met die beleid van apartheid, kulturele isolering in Suid-Afrika veroorsaak het en dat hulle steeds nie Swartes met die nodige respek hanteer nie.

3.4.3.1.3. Versoening en eenheid

Uit die antwoorde van die respondente oor hulle diepste emosies wat hulle ervaar wanneer hulle te doen het met mense van die ander kultuur – teen die agtergrond van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika – blyk dit dat daar inderdaad sterk emosies is. Sommiges uit die Afrikakultuur toon aan dat nie hulleself nie, maar hulle ouers pyn en lyding onder die apartheidsregering gely het, en dat hulle empatie daarmee het. Hulle aanvaar dat daar verandering in die land gekom het, maar kom nog nie los uit die emosionele bagasie wat van hulle voorouers oorgedra is nie. Sterk emosies wat hier na vore kom, word aangedui met die woorde: pyn, lyding, moeilik om te vergeet en haat teenoor hulle wat apartheid voorgestaan het. Tog is daar 'n enkele respondent wat aandui dat hy/sy nie te veel geraak word deur die apartheidsverlede nie, terwyl 'n ander een slegs aandui dat die gebrek aan geleenthede, as nalatenskap van die verlede, 'n eksistensiële probleem veroorsaak.

Respondente uit die Westerse kultuur verwys almal op die een of ander wyse na 'n skuldgevoel wat hulle het oor die sosiopolitieke verlede en nalatenskap. Daar is 'n verbintenis om te wil regmaak wat verkeerd is, maar dit gaan gepaard met 'n frustrasie oor die huidige politieke situasie wat volgens hulle net so verkeerd of onbeholpe hanteer word deur diegene in magsposisies. Een respondent verwys na vrees wat saam met hartseer in hom/haar leef, terwyl 'n ander een verwys na 'n ongeduld wanneer nuut aangestelde Swart amptenare van die regering nie bevoeg is, of nie die wil het om hulle werk na behore te doen nie.

Oor die vraag of daar volgens die respondente se ervaring alreeds versoening tussen lede van die Westerse- en Afrikakulture plaasgevind het, is daar nie eenstemmigheid nie. Die meeste van die respondente uit die Westerse kultuur toon aan dat hulle tog versoening ervaar, terwyl daar verskil van mening is onder die respondente uit die Afrikakultuur. Uit die verduideliking van hulle antwoorde blyk dit dat al die respondente uit die Westerse kultuur oortuig is dat versoening wel in 'n mate plaasgevind het, hoewel daar nog verskeie aspekte is wat indringende aandag moet kry. Verduidelikings onder respondente van die Afrikakultuur wissel van 'n sekerheid dat versoening wel plaasgevind het, tot 'n oortuiging dat dit nog nie gebeur het nie.

Omdat daar nie eenstemmigheid is oor die vraag rondom versoening in Suid-Afrika nie, is daar ook nie eenstemmigheid oor die vraag of mense vanuit

verskillende kulture as 'n eenheid saamleef in Suid-Afrika nie. Uit die verduidelikings blyk dit dat die helfte van die respondente uit die Afrikakultuur nie 'n eenheid tussen Swart en Blank in die land beleef nie, terwyl nie een van die respondente uit die Westerse kultuur werklike eenheid beleef nie. Een van laasgenoemde respondente maak melding daarvan dat versoening en eenheid wel in 'n meerdere mate beleef word onder mense van die jonger generasie (uit beide kulture).

3.4.3.1.4. Multikulturele verhoudings in die kerk

'n Verdere nalatenskap van apartheid is dat daar steeds fisiese verdeeldheid is op kerklike vlak. Net een van die respondente dui aan dat hy/sy op 'n gereelde basis al saam met lede van die ander kultuur in 'n erediens was. Soveel as 4 van die respondente (2 elk uit elke kultuurgroep) toon aan dat hulle nog nooit saam met lede van die ander kultuurgroep in 'n erediens was nie. Dit is insiggewend dat die betrokke 4 respondente in beide gevalle die jongstes in hulle groep is. Desnieteenstaande blyk dit uit die antwoorde dat die meerderheid respondente (uit beide kulture) oorwegend positief is met betrekking tot versoening en eenheid met medegelowiges van die ander kultuur. Dit staan in duidelike teenstelling met die respondente se belewing van kontak met lede van die ander kultuurgroep oor die algemeen (met ander woorde: buite kerklike verband). Teenoor 2 respondente uit die Afrikakultuur wat aantoon dat daar geen sprake van versoening en eenheid kan wees indien gelowiges steeds in aparte gemeentes (ingedeel volgens ras) aanbid nie, toon die verduidelikings van al die ander respondente dat versoening en eenheid volgens hulle belewing wel al bereik is, hoewel party tog op sekere belemmerings wys.

3.4.3.1.5. Samevattende konklusie oor bevindings rakende algemene agtergrond van respondente en hulle belewenis van multikulturaliteit in Suid-Afrika

- Wat ouderdom, geslag, moedertaal en gemeente betref, was daar 'n eweredige verspreiding en kan die groep respondente beskou word as 'n effektiewe kontrolegroep vir 'n empiriese projek van hierdie aard.
- Multikulturaliteit in Suid-Afrika word as 'n werklikheid ervaar deur al die respondente.
- Die onderlinge verhouding tussen lede van die Westerse- en Afrikakulture word grootliks belemmer deur kulturele verskille, onbekendheid met en wanpersepsies oor mekaar se kulture, wat deur die apartheidsverlede van Suid-Afrika vererger is.

- Die nalatenskap van apartheid is steeds 'n werklikheid in die daaglikse belewing van die respondente. Dit kom daarin na vore dat daar steeds by sommiges sterk emosies oor die verlede is en dat dit in hulle verhouding met lede van die ander kultuur 'n bepaalde rol speel.
- Die meeste respondente (van beide kulture) beleef oor die algemeen nog nie versoening of eenheid met lede van die ander kultuur nie. Vordering wat in enkele gevalle wel gemaak is, word dikwels belemmer deur emosies en persepsies uit die verlede, wat nog nie opgelos of reggestel is nie.
- Ten spyte van die effek van die nalatenskap van apartheid in Suid-Afrika op die verhouding tussen gelowiges vanuit die Westerse- en Afrikakulture, is die meeste respondente oortuig dat versoening en eenheid op kerklike vlak in 'n groot mate reeds bereik is.
- Hoewel daar nog bepaalde belemmerings is wat uit die weg geruim moet word, is respondente beduidend meer positief oor die mate waarin versoening en eenheid tussen gelowiges uit die verskillende kulture bereik is, as tussen lede van die kultuurgroepe oor die algemeen.

3.4.3.2. Bevindings uit Afdeling B (Die uitwerking van die saamsing van kerkliedere op gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture)

3.4.3.2.1. Genieting van die saamsing van kerkliedere

Al die respondente is dit eens dat hulle die saamsing van die kerkliedere geniet het. Nie een toon aan die hy/sy dit nie geniet het nie en nie een is onseker daaroor nie. In hulle verduidellikings hiervoor noem meer as een respondent uit die Afrikakultuur dat die sing en aanleer van mekaar se taal en melodieë besonder aangenaam was. Een van hierdie respondente verwys spesifiek na die rustige en kalm atmosfeer wat die sang teweeggebring het, terwyl 2 respondente verwys na die gevoel van eenheid wat die samesang bewerk het. Onder die respondente uit die Westerse kultuur verwys 4 uit 6 na die gevoel van eenheid wat bewerk is, terwyl die ander 2 verwys na die uitwerking van sang op die emosies van die mens en die vrolike atmosfeer wat dit meegebring het.

3.4.3.2.2. Uitwerking op die kontak met medegelowiges van die ander kultuur

9 uit die 12 respondente verwys daarna dat die saamsing van kerkliedere hulle onderlinge gevoel van eenheid met mekaar versterk het. Verskeie van die respondente maak die opmerking dat meer sulke geleenthede moet plaasvind en dat dit daartoe bydra dat mense uit verskillende kulture mekaar beter leer ken.

Een respondent uit die Westerse kultuur maak melding van die merkbare verandering wat daar gekom het in die onderlinge omgang met mekaar, nadat die liedere saam gesing is.

3.4.3.2.3. Uitwerking op persepsies met betrekking tot mense uit die ander kultuur

Op die vraag of die saamsing van kerkliedere die persepsies met betrekking tot nie-gelowiges uit die ander kultuur verander het, het die meerderheid respondente aangetoon dat hulle persepsie wel verander het. Sommige se persepsie het geheel en al verander, maar byna net soveel se persepsie het net in 'n geringe mate verander. Die meeste respondente uit die Afrikakultuur getuig van 'n verrassende ervaring en dat hulle nie besef het dat die respondente uit die Westerse kultuur soveel moeite met die vreemde taal en liedere sou doen en op so 'n aangename manier met hulle sou omgaan nie. Een respondent meen egter dat die meeste Blanke lidmate steeds diskriminerend dink teen Swart lidmate.

Onder die respondente uit die Westerse kultuur spreek 2 van die eenheidsgevoel wat die saamsing skep en dat dit die rykdom van diversiteit na vore bring as 'n positiewe ervaring. Die ander 4 respondente is egter skepties oor die moontlikheid dat die saamsing van kerkliedere met 'n paar gelowiges uit die ander kultuur so vinnig 'n verandering aan bestaande persepsies oor die ander lede van die kultuurgroep kan meebring. Die meeste het wel 'n verandering in persepsie ondergaan, wat betref die medegelowiges van die ander kultuur saam met wie hulle sopas gesing het, maar reken dat meer tyd saam met die ander deurgebring sal moet word en dat gebeure soos misdaad en benadeling deur lede van die ander kultuurgroep steeds vorming gee aan bepaalde persepsies van die ander kultuurgroep as geheel.

3.4.3.2.4. Verandering in persepsie met betrekking tot lede van die ander kultuur

Verduidelikings rondom sekere aspekte van respondente se persepsie met betrekking tot lede van die ander kultuur, wat moontlik kon verander het, dui daarop dat die meeste positief verras is deur wat hulle beleef het in die interaksie met mekaar. Die feit dat respondente uit die Westerse kultuur stil staan wanneer hulle sing (en selfs afkyk ondertoe) was vir 2 respondente uit die Afrikakultuur vreemd. Die melodieë wat in die Westerse musiek gebruik word, was vir 'n ander nuut, terwyl nog 'n respondente melding maak van die eenstemmige sang in die Westerse kultuur teenoor die vierstemmige sang van die lede van die Afrikakultuur.

Vir respondente uit die Westerse kultuur was die eenvoud, spontaniteïteit en entoesiasme nuut en verrykend. Een respondent maak melding daarvan dat sy opnuut besef het dat alle mense dieselfde gevoelens en behoeftes het en dat almal voor God gelyk is.

3.4.3.2.5. Verandering in die verhouding met medegelowiges van die ander kultuur

Al die respondente het 'n verandering beleef in hulle onderlinge verhouding met mekaar as medegelowiges, hetsy geheel en al of in 'n geringe mate. Verskeie respondente (uit beide kultuurgroepe) spreek die versugting uit (wat meer kere in die antwoorde na vore kom) dat saamsing-geleenthede soos hierdie meer gereeld moet gebeur, omdat daar vordering en ontwikkeling in die onderlinge verhouding met mekaar na vore kom. Een respondent uit die Afrikakultuur maak melding daarvan dat sy nou besef dat nie alle Blankes dieselfde negatiewe gesinheid en houding teenoor Swartes het nie, terwyl 'n ander opmerk dat hy begin besef dat Blanke Christene wel Swart Christene aanvaar as broers en susters in die geloof.

Uit die Westerse kultuur verwys 2 van die respondente na 'n gevoel van samehorigheid wat in hulle verhouding met medegelowiges van die ander kultuur gekom het, terwyl nog een verwys na die gewaarwording (wat meer kere na vore kom) dat alle mense voor God gelyk is. Die verandering in gesindheid ten opsigte van mekaar word spesifiek genoem, terwyl 2 respondente ook melding maak van vreemdheid en ongemak wat verdwyn sodat gemaklike en spontane kommunikasie in die plek daarvan kom.

3.4.3.2.6. Belewing van groepskohesie

Al die respondente toon aan dat hulle 'n groepkohesie ervaar het terwyl hulle die kerkliedere saam gesing het. Twee van die respondente is wel van mening dat die groepskohesie nie baie duidelik waarneembaar was nie.

3.4.3.2.7. Toeganklikheid van kerkliedere van die ander kultuur

Nie een van die respondente van die Afrikakultuur toon aan dat die liedere van die ander kultuur vir hulle heeltemal toeganklik was nie. Taal, die tipe melodie, asook die wyse van sing (van die lede van die Westerse kultuur) is van die belemmerings wat genoem word ter verduideliking van hulle antwoorde hier. Daarteenoor was die kerkliedere van die Afrikakultuur net vir 2 respondente uit die Westerse kultuur nie heeltemal toeganklik nie, en word die ontoeganklikheid van

die taal as rede aangevoer. Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie.

Dit blyk dus dat alleen die musiek as pastorale krag hier werksaam was om versoening en eenheid te bewerk. Die poësie as pastorale krag het nie aan die orde gekom nie, weens die ontoeganklikheid van die taal (sien 3.7 by Hoofstuk 4).

3.4.3.2.8. Hinderlike aspekte tydens die saamsing van kerkliedere

Die waarneming (wat meermale gemaak is) dat lede van die Westerse kultuur stil staan wanneer hulle sing, word hier deur 2 respondente genoem as iets wat hulle gehinder het tydens die saamsing van die kerkliedere. Nie een van die respondente uit die Westerse kultuur verwys na enige hinderlike aspekte nie.

3.4.3.2.9. Aspekte wat respondente graag sou wou oorneem in hulle eie kerksang

Respondente uit die Afrikakultuur verwys merendeels na die *inhoud* van die Westerse kerkliedere waaraan hulle blootgestel was as aspekte wat hulle sou wou oorneem in hulle eie eredienssang. Een respondent spreek die versugting uit dat die Swart kerke ook Psalms tydens eredienste sing. 'n Ander een verwys na Ps. 134 as iets wat sy graag sou wou oorneem, terwyl nog 'n respondent spesifiek melding maak van die melodieë wat in die Westerse kerkliedere gebruik word.

Die respondente uit die Westerse kultuur maak merendeels melding van die *wyse* waarop die lede van die Afrikakultuur sing: vierstemmige liedere, liggaamsbewegings, entoesiasme, passie, emosie en 'n gebrek aan inhibisie is van die aspekte wat genoem word.

3.4.3.2.9.1. Konklusie oor aspekte wat respondente graag sou wou oorneem in hulle eie kerksang

- Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste.
- Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste.

3.4.3.3. Samevattende konklusie oor bevindings rakende die uitwerking van die saamsing van kerkliedere op gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor bevindings rakende die uitwerking van die saamsing van kerkliedere op gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture:

- Die saamsing van mekaar se kerkliedere het 'n beduidende positiewe uitwerking gehad op respondente van beide die Westerse- en die Afrikakulture, in hulle onderlinge verhouding met mekaar.
- Sonder uitsondering het al die respondente die saamsing van mekaar se kerkliedere geniet.
- Die onderlinge gevoel van eenheid is versterk en 'n aangename atmosfeer is ervaar.
- Daar het 'n merkbare positiewe verandering in die onderlinge verhouding gekom nadat die kerkliedere saam gesing is en daar is 'n versugting dat sulke saamsing-geleenthede meer gereeld moet gebeur.
- Persepsies oor mekaar het verander, hoewel nie in alle gevalle ewe merkbaar nie.
- Hoewel persepsies ten opsigte van die aanwesiges verander het, meen respondente dat dit nie noodwendig so is dat hulle persepsies met betrekking tot alle lede van die ander kultuur nou verander het nie. Voordat dit gebeur, sal meer tyd saam met ander lede van die ander kultuur deurgebring moet word.
- Hoewel sekere aspekte van die optrede van lede van die ander kultuur vir van die respondete vreemd en nuut was, is die meeste tog positief verras deur dit wat hulle van mekaar gesien en beleef het. Omdat dit 'n positiewe ervaring was om iets nuuts van mekaar te leer, het die persepsies van mekaar in die meeste gevalle ook op 'n positiewe wyse verander.
- 'n Veranderde persepsies van mekaar en mekaar se kultuur, het daartoe gelei dat die meeste respondente se verhouding met medegelowiges van die ander kultuur ook verander het. Die aanvanklike vreemdheid en ongemaklikheid in mekaar se teenwoordigheid het plek gemaak vir 'n gevoel van onderlinge eenheid en aanvaarding van mekaar.
- Al die respondente laat blyk dat hulle 'n groepkohesie ervaar het terwyl hulle mekaar se kerkliedere saam gesing het. Twee van die respondente is wel van mening dat die groepskohesie nie baie duidelik waarneembaar was nie.

- Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie. Vir lede van die Westerse kultuur was die merendeels toeganklik, behalwe in 2 gevalle waar die onbekendheid van die taal as belemmering uitgewys is. Vir lede van die Afrikakultuur was die kerkliedere van die ander kultuur minder toeganklik en is die onbekende taal, tipe melodie en wyse van sing genoem as belemmerende faktore. Die poësie as pastorale krag het nie aan die orde gekom nie, omdat die toeganklikheid van die taal 'n belemmering daarvoor was. Alleen die musiek het hier gedien as pastorale krag vir die bewerking van versoening en eenheid.
- Die waarneming (wat meermale gemaak is) dat lede van die Westerse kultuur stil staan wanneer hulle sing, word hier deur 2 respondente genoem as iets wat hulle gehinder het tydens die saamsing van die kerkliedere. Nie een van die respondente uit die Westerse kultuur verwys na enige hinderlike aspekte nie.
- Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker rasionele element in hulle kerkliedere). Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker spirituele element in die sing van hulle kerkliedere).

3.4.4. Samevattende gevolgtrekking met betrekking tot bevindings uit die empiriese ondersoek

Die volgende samevattende gevolgtrekking kan gemaak word met betrekking tot bevindings uit die empiriese ondersoek:

- Die saamsing van mekaar se kerkliedere het 'n beduidende en merkbare effek gehad op die verhouding tussen die respondente uit die Westerse- en Afrikakulture.
- Multikulturaliteit word deur al die respondente as 'n werklikheid ervaar, maar hulle onderlinge verhouding met mekaar word belemmer deur kulturele verskille, onbekendheid met mekaar se kulture, wanpersepsies oor mekaar se kulture en die apartheidsverlede van Suid-Afrika.
- Sommige het nog sterk emosies oor die apartheidsverlede van Suid-Afrika en die meeste respondente beleef nog nie werklike versoening en eenheid met lede van die ander prominente kultuur in die land nie. Hoewel sekere aspekte nog aandag nodig

het, reken die meeste respondente wel dat versoening en eenheid op kerklike vlak in 'n groot mate reeds bereik is.

- Na die saamsing van mekaar se kerkliedere het al die respondente aangedui dat hulle dit geniet het om mekaar se liedere te sing en dat hulle 'n gevoel van eenheid ervaar het. Daar het 'n merkbaar positiewe verandering in die verhouding tussen die resondente ontstaan en die versugting is uitgespreek dat daar meer sulke saamsing geleenthede moet wees.
- Die saamsing van mekaar se kerkliedere het 'n beduidende verandering in die respondente se persepsies ten opsigte van mekaar meegebring. Die meeste was positief verras deur dit wat hulle van mekaar gesien en beleef het. Gevolglik het die meeste respondente se verhouding met die medegelowiges van die ander prominente kultuur van Suid-Afrika merkbaar verander.
- Ten spyte van bogenoemde verandering, het die meeste respondente tog aangedui dat hulle persepsies met betrekking tot die ander (nie-aanwesige en moontlik nie-gelowige) lede van die ander kultuur nie noodwendig verander het nie.
- Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie. Vir lede van die Afrikakultuur was die Westerse kerkliedere wel in 'n mate ontoeganklik as gevolg van die onbekendheid van die taal, die tipe melodieë wat gebruik is en die wyse waarop in die Westerse kultuur gesing word. Respondente van die Westerse kultuur het alleen die onbekendheid van die taal as belemmering uitgewys.
- Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker rasionele element in hulle kerkliedere). Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker spirituele element in die sing van hulle kerkliedere).

3.5. Konklusie oor die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika:

- Volgens Calvyn, wat in die tyd van die Hervorming sekere riglyne vir die gereformeerde kerklied geformuleer het, moet die melodie van die kerklied geskik wees om die woorde van waarheid van die kerklied te dra en as sodanig moet die melodie voldoen aan die vereistes van gewigtigheid en waardigheid wat dit voor God moet hê.
- Volgens Calvyn is alleen berymings van die Ou Testamentiese Psalms, saam met berymings van enkele ander Skrifgedeeltes, gepas is om in die erediens te sing.

- Hoewel die Afrikaanse gemeentes van die GKSA die bepalings van Calvyn met betrekking tot die kerklied merendeels gehoorsaam, word dit in byna geen Swart Gereformeerde gemeente gehandhaaf nie. Ook nie in die NG Kerk (of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) wat die Liedboek van die Kerk as sangbundel gebruik word hierdie bepalings vir die kerklied toegepas nie.
- In die NG Kerk word die begeleiding van gemeentesang in talle gevalle deur middel van 'n ligte musiekorkes hanteer, dikwels met 'n dromstel daarby. In die GKSA word begeleiding merendeels deur 'n orrel gedoen.
- Ontwikkelings soos die vergeesteliking van sekulêre liedjies wat tans plaasvind, kan tereg beskou word as swak kwaliteit en nie geskik vir gebruik in die erediens nie. Dieselfde geld vir 'n "punk"-musiekstyl met bypassende kleredrag en maniere wat sommige in die erediens wil invoer.
- Dit is moeilik om 'n deeglike evaluering te maak van die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur. Dikwels bestaan geen amptelike sangbundel nie, liedere word mondelings oorgedra en 'n gebrek aan aanvoeling vir die musiek van Afrika maak hiervan 'n komplekse studieveld vir iemand uit die Westerse kultuur.
- In die GKSA en ander gereformeerde kerke sing verreweg die meeste Swart gemeentes nie Psalms en Skrifberymings soos hulle Westerse eweknieë nie. Gesange (vrye liedere) en sogenaamde *choruses* is algemeen in gebruik. Sang gaan gepaard met handeklap, liggaamlike beweging en begeleiding deur een of ander musiekinstrument. Dans neem 'n prominente plek in die sang van die Afrikakultuur in en die drom word algemeen gebruik om sang te begelei.
- In 1 Korintiërs 14:15 stel Paulus 'n fyn balans tussen gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) as voorwaarde vir die sing van kerkliedere in die erediens. Πνεῦμα het te doen met die diepste hartsgesindheid van die mens, sy kapasiteit tot spirituele sensitiwiteit en ontvanklikheid vir gemeenskap met God. Νοῦς het te doen met die mens se vermoë om te kan dink, begryp, redeneer en besluite neem.
- In die tradisionele Afrikakultuur word 'n sterk klem geplaas op die religieuse of geestelike dimensie van mens-wees. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n rasionele benadering ten opsigte van lewensbeskouing. In die Westerse kultuur is daar 'n sterk klem op die rasionele vermoë van die mens. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n geestelike of spirituele benadering in die lewensbeskouing.

- Dit blyk dat gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture mekaar kan verryk en leemtes wat bestaan wedersyds aangevul kan word wanneer kerkliedere saam gesing word.
- In 'n empiriese ondersoek het die saamsing van mekaar se kerkliedere het 'n beduidende en merkbare effek gehad op die verhouding tussen die respondente uit die Westerse- en Afrikakulture.
- Sommige het nog sterk emosies oor die apartheidsverlede van Suid-Afrika en die meeste respondente beleef nog nie werklike versoening en eenheid met lede van die ander prominente kultuur in die land nie. Hoewel sekere aspekte nog aandag nodig het, reken die meeste respondente wel dat versoening en eenheid op kerklike vlak in 'n groot mate reeds bereik is.
- Na die saamsing van mekaar se kerkliedere het al die respondente aangedui dat hulle dit geniet het om mekaar se liedere te sing en dat hulle 'n gevoel van eenheid ervaar het. Daar het 'n merkbaar positiewe verandering in die verhouding tussen die resondente ontstaan en die versugting is uitgespreek dat daar meer sulke saamsing geleenthede moet wees.
- Ten spyte van bogenoemde verandering, het die meeste respondente tog aangedui dat hulle persepsies met betrekking tot die ander (nie-aanwesige en moontlik nie-gelowige) lede van die ander kultuur nie noodwendig verander het nie.
- Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie.
- Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker rasionele element in hulle kerkliedere). Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker spirituele element in die sing van hulle kerkliedere).

4. Samevattende konklusie oor die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika:

- Omdat beide die NG Kerk en die GKSA elk 'n beduidende rol gespeel het in die vorming van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika, is dit van belang om 'n ondersoek te doen na die eredienste van beide kerkverbande.

- Grootliks weens 'n gebrek aan legitimiteit oor die apartheidsverlede het beide die NG Kerk en die GKSA die geleentheid misgeloop om aktief te kon meedoen en rigting gee aan die geweldige groei in die Christendom in Afrika en Suid-Afrika. Beide het ook die geleentheid misgeloop om aktief te kon meewerk aan die bewerking van versoening en eenheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika.
- Die vervreemding wat in die NG Kerkfamilie gekom het, word tans hanteer in 'n proses van skuldbelydenis en versoening. In die GKSA is 'n sinodebesluit in 2006 geneem wat 'n einde maak aan die die indelings van meedere vergaderings op grond van ras en gesamentlike vergaderings in die toekoms 'n werklikheid maak.
- In die NG Kerk is daar toenemende ontwikkelings wat op liturgiese vlak plaasvind en veroorsaak dat voortdurende veranderings en nuwe ontwikkelings in die eredienste voorkom. In die GKSA is besluit op bepaalde riglyne waarvolgens die erediens ingeklee word. Hoewel nie noodwendig deur gemeentes met lidmate uit die Afrikakultuur nie, word die riglyne merendeels nagevolg deur tradisioneel Blanke gemeentes van die GKSA.
- Multikulturele eredienste kom toenemend voor in die NG Kerk. In sekere gevalle word Swart predikante beroep vir hierdie doel. Binne die GKSA kom multikulturele eredienste min voor.
- Hoewel die Afrikaanse gemeentes van die GKSA die bepalings van Calvyn met betrekking tot die kerklied (en spesifiek die inhoud daarvan) merendeels gehoorsaam, word dit in byna geen Swart Gereformeerde gemeente gehandhaaf nie. Ook nie in die NG Kerk (of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) wat die Liedboek van die Kerk as sangbundel gebruik, word hierdie bepalings vir die kerklied deurentyd toegepas nie.
- In die NG Kerk word die begeleiding van gemeentesang in talle gevalle deur middel van 'n ligte musiekorkes hanteer, dikwels met 'n dromstel daarby. In die GKSA word begeleiding merendeels deur 'n orrel gedoen.
- Ontwikkelings soos die vergeesteliking van sekulêre liedjies wat tans plaasvind, kan tereg beskou word as van swak kwaliteit en nie geskik vir gebruik in die erediens nie. Dieselfde geld vir 'n "punk"-musiekstyl met bypassende kleredrag en maniere wat sommige in die erediens wil invoer.
- Dit is moeilik om 'n deeglike evaluering te maak van die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur. Dikwels bestaan geen amptelike sangbundel nie, liedere word mondelings oorgedra en 'n gebrek aan aanvoeling vir die musiek van Afrika maak hiervan 'n komplekse studieveld vir iemand uit die Westerse kultuur.

- In die GKSA sing verreweg die meeste Swart gemeentes nie Psalms en Skrifberymings soos hulle Westerse eweknieë nie. Gesange (vrye liedere) en sg. *choruses* is algemeen in gebruik. Sang gaan gepaard met handeklap, liggaamlike beweging en begeleiding deur een of ander musiekinstrument. Dans neem 'n prominente plek in die sang van die Afrikakultuur in en die drom word algemeen gebruik om sang te begelei.
- In 1 Korintiërs 14:15 stel Paulus 'n fyn balans tussen gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) as voorwaarde vir die sing van kerkliedere in die erediens. Πνεῦμα het te doen met die diepste hartsgesindheid van die mens, sy kapasiteit tot spirituele sensitiwiteit en ontvanklikheid vir gemeenskap met God. Νοῦς het te doen met die mens se vermoë om te kan dink, begryp, redeneer en besluite neem.
- In die tradisionele Afrikakultuur word 'n sterk klem geplaas op die religieuse of geestelike dimensie van mens-wees. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n rasionele benadering ten opsigte van lewensbeskouing. In die Westerse kultuur is daar 'n sterk klem op die rasionele vermoë van die mens. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n geestelike of spirituele benadering in die lewensbeskouing.
- Dit blyk dat gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture mekaar kan verryk en leemtes wat bestaan wedersyds aangevul kan word wanneer kerkliedere saam gesing word.
- In 'n empiriese ondersoek het die saamsing van mekaar se kerkliedere het 'n beduidende en merkbare effek gehad op die verhouding tussen die respondente uit die Westerse- en Afrikakulture.
- Sommige het nog sterk emosies oor die apartheidsverlede van Suid-Afrika en die meeste respondente beleef nog nie werklike versoening en eenheid met lede van die ander prominente kultuur in die land nie. Hoewel sekere aspekte nog aandag nodig het, reken die meeste respondente wel dat versoening en eenheid op kerklike vlak in 'n groot mate reeds bereik is.
- Na die saamsing van mekaar se kerkliedere het al die respondente aangedui dat hulle dit geniet het om mekaar se liedere te sing en dat hulle 'n gevoel van eenheid ervaar het. Daar het 'n merkbaar positiewe verandering in die verhouding tussen die respondente ontstaan en die versugting is uitgespreek dat daar meer sulke saamsing geleenthede moet wees.
- Ten spyte van bogenoemde verandering, het die meeste respondente tog aangedui dat hulle persepsies met betrekking tot die ander (nie-aanwesige en

moontlik nie-gelowige) lede van die ander kultuur nie noodwendig verander het nie.

- Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie.
- Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker rasionele element in hulle kerkliedere). Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker spirituele element in die sing van hulle kerkliedere).

DEEL 2
METATEORIE



HOOFSTUK 9: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE SUID-AFRIKA

1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die gegewens van Hoofstuk 6 (Metateoretiese ondersoek met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika), Hoofstuk 7 (Metateoretiese ondersoek met betrekking tot versoening en eenheid in Suid-Afrika) asook Hoofstuk 8 (Metateoretiese ondersoek met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika) saamgevoeg ten einde tot sekere metateoretiese perspektiewe te kom. Daarna word dit geïntegreer met die basisteoretiese beginsels wat in Hoofstuk 5 (Basisteoretiese beginsels met betrekking tot die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks) geïdentifiseer is.

In Deel 3 wat hierna volg en waarin die praktykteorie aan die orde kom, word die metateoretiese perspektiewe van hierdie hoofstuk, geïntegreerd met die basisteoretiese beginsels van Hoofstuk 5, gebruik om 'n nuwe praktykteoretiese model daar te stel.

2. Gegewens uit Hoofstuk 6 tot 8

2.1. Hoofstuk 6: Metateoretiese ondersoek met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika

2.1.1. Gegewens met betrekking tot kultuur in Suid-Afrika

Na aanleiding van gegewens wat uit die metateoretiese ondersoek na vore gekom het, is dit duidelik dat veral twee prominente kulture in Suid-Afrika 'n bepaalde invloed gehad het (en steeds het) op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing soos dit tans daar uitsien. Hierdie twee kulture is die Westerse kultuur en die tradisionele Afrikakultuur.

2.1.1.1. Konklusie oor die eienskappe van die Westerse kultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die eienskappe van die Westerse kultuur:

- Ontwikkelings in die Westerse kultuur het verreikende gevolge vir die geskiedenis van die wêreld gehad. In byna alle sfere van die lewe is bydraes gelewer wat 'n beduidende invloed op die denke van die mens gehad het (en steeds het). Veral konsepte soos individuele vryheid, die oppergesag van die reg, demokrasie, universele menseregte en godsdiensvryheid kan hier uitgesonder word.
- Een van die tekenende simbole van die Westerse kultuur is sy musiek. In die Westerse kultuur is musiek 'n eksakte en komplekse kunsvorm. Daar is verskeie konvensies wat nagekom moet word. In die Westerse kultuur word musiek aangewend vir tydverdryf, vermaak en godsdienstige of seremoniële doeleindes. Daar is ook 'n ryke verskeidenheid sogenaamde "popmusiek" wat veral deur die jeug aangehang word.
- Ondanks al die positiewe gevolge wat die ontwikkelings meegebring het, verkeer die Westerse kultuur in 'n krisis.
- Die outonomie van die mens, wetenskaplike vermoëns en magswellus het spoedig gelei tot geloofsafval, verlating van die kerk en sekularisasie.
- 'n Welvaartskultuur het ontstaan waarin die klem val op produksie en konsumpsie. Arbeid het versaaklik en onpersoonlik geword, terwyl gefokus word op die spoed waarmee take afgehandel kan word. Die natuur word toenemend uitgebuit ter wille van die produksie- en konsumpsiebehoeftes van die mens. Ook sy eie voortbestaan word bedreig deur die vermoëns van die mens. Die mens het op die punt gekom waar die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie hom in staat stel om feitlik alle lewe op die planeet uit te wis.
- Tegnologiese vordering het gelei tot 'n gejaag van een taak na die volgende, met al minder tyd beskikbaar.
- In 'n kultuur van tegnologiese produksie en konsumpsie het die mens as individu al meer op die voorgrond begin tree. In die proses het hy die gemeenskap met sy medemens begin verloor en in die massa begin verdwyn. Gevolglik is daar 'n groeiende gevoel van onmag oor die kragte in die Westerse kultuur wat ontketen is, maar nie behoorlik beheer kan word nie.

- In sy soeke na 'n eie identiteit probeer die Westerse mens die een na die ander oplossing, net om dit ook maar te verwerp. 'n Diepe onsekerheid en ontreddering lei tot relatiwisme, waar hy sonder 'n werklike stel waardes of beginsels deur die lewe probeer kom.
- In 'n poging om uit die krisis te ontvlug, onttrek sommiges hulle soveel as moontlik uit hulle daaglikse bestaan, ander skep 'n kontra-kultuur (veral die jeug), terwyl ander soek na 'n religie waarin veral ervaring die fokus is. In min gevalle word teruggekeer na God en sy Woord.

2.1.1.2. Konklusie oor die eienskappe van die tradisionele Afrikakultuur

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die eienskappe van die Afrikakultuur in Suid-Afrika:

- Die tradisionele Afrikakultuur verskil drasties van die Westerse kultuur.
- In die Afrikakultuur word die werklikheid holisties beskou. Die mens, natuur en wêreld van die geeste word as geïntegreerde organiese geheel gesien, waarin die mens die taak het om in balans en harmonie met die res van die kosmos te leef.
- Vanweë die holistiese benadering is daar 'n sterk fokus op die metafisiese en word die mens gesien in verhouding met die sigbare sowel as die onsigbare werklikheid. God, semi-gode, natuurgode, die voorvaders en ander geestelike wesens word almal erken en mee saamgeleef. Besetting deur 'n gees, die voorkoms van natuurkragte as agente van geestelike wesens, offers, rituele, toekomsvoorspelling, gebede en towery is alles deel van die fokus op die metafisiese. In geval van siekte word die metafisiese dimensie net so belangrik geag as die fisiese dimensie daarvan.
- God word beskou as die hoogste van die geestelike wesens. Hy word gesien as transendent en merendeels onbereikbaar vir die mens. Tog word Hy beskou as die Voorsiener van lewenskrag en Beskermer teen gevare soos heksery, ongelukke en demoniese invloede. Toewyding aan Hom kry voluit gestalte in die daaglikse lewe.
- Die voorvaders is 'n uiters belangrike deel van die geesteswêreld omdat hulle dien as tussengangers tussen God en die (lewende) mens. Die voorvaders word bestempel as "lewende dooies" met wie gereelde gemeenskap onderhou moet word. Hulle beskik oor magies-religieuse kragte en kan die lewe van hulle nageslag positief of negatief beïnvloed.

Gevolglik bestaan groot vrees vir hulle en word hulle met bepaalde seremonies en rituele vereer.

- 'n Onontbeerlike element vir lewe is die sogenaamde lewenskrag waarna voortdurend gesoek word. Lewenskrag het te doen met die aktiewe beheer van eie lewensomstandighede en bring beskerming, voorspoed en gesondheid. Om hierdie rede is grondbesit uiters belangrik vir die behoud van lewe en versekering van voortbestaan. Lewenskrag word verkry deur handoplegging of kontak met wesens in die geesteswêreld. Sekere bemiddelaars dring soms aan op die gebruik van *moetie* as spesiale medisyne. *Moetie* word gemaak van dier- en plantmateriaal en soms ook ledemate van mense.
- 'n Kommunalistiese lewensbeskouing is 'n verdere onderskeidende kenmerk van die tradisionele Afrikakultuur. Die mens word beskou as integrale deel van die totale gemeenskap wat bestaan uit mense, diere, plante, grond, elemente in die natuur, asook wesens in die metafisiese werklikheid. Die mens se taak is om in 'n gesonde verhouding met elkeen van hierdie elemente te leef.
- Gemeenskapsbelewing word aangetoon met die Zoeloe term *ubuntu.* Dit het te doen met die mens wat sy eie mensheid bevestig deur die menslikheid van ander te erken op menseverhoudinge op daardie basis te vestig. Solidariteit, kommunalisme, tradisionalisme en deelneming is hoofkomponente hierin. Die gemeenskap kom voor die individu en familie- en stambande word gekoester. Wederkerige erkenning van mekaar, mededeelsaamheid, onderlinge versorging van mekaar, onderlinge harmonie, versoening, eenheid en meelewing is kenmerke van *ubuntu.*
- Die Afrikakultuur het 'n eiesoortige beskouing van tyd. Die mens word gesien as baas van die tyd wat hy voluit moet geniet. Dit bring 'n rustige lewenstempo, informele manier van leef, asook soepel tydsgebruik. Negatiewe gevolge is 'n verontagsaming van tyd vir afsprake, nie-stiptelikheid, gelyktydige hantering van verskillende sake sonder afhandeling, swak beplanning en 'n voortdurende verandering van skedules. Tyd word eerder siklies as lineêr beskou. Die hede en toekoms word pessimisties en negatief gesien terwyl eerder na die verlede gekyk en gestreef word.
- Die tradisionele Afrikakultuur kan getipeer word as 'n primêr orale kultuur. Daar is min geskrifte beskikbaar, terwyl verskeie orale media gebruik word

om te kommunikeer en die spirituele erfenis oor te dra en bewaar. As gevolg van die klem op *ubuntu* kom kommunikasieprobleme dikwels na vore, omdat goeie menseverhoudinge belangriker geag word as die direkte kommunikasie van die waarheid.

- Afrika het 'n eiesoortige benadering tot musiek. Musiekmaak is 'n gemeenskaplike geleentheid, waar die waarde van die musiek gemeet word aan die fisies respons van die hoorders en die deelname van die gemeenskap. Ritme, melodie, harmonie en timbre word op 'n eiesoortige wyse benader en geëvalueer, terwyl 'n ryke verskeidenheid musiekstyle voorkom.
- In die tradisionele Afrikakultuur gaan musiek en dans altyd saam. Die meeste danse is funksioneel en word by hoofmomente in die gemeenskapslewe gebruik.

2.1.2. Gegewens met betrekking tot multikulturaliteit in Suid-Afrika

Na aanleiding van gegewens wat uit die metateoretiese ondersoek na vore gekom het, kan die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor 'n vergelyking tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture in Suid-Afrika, en ook die wedersydse beïnvloeding van mekaar:

- 'n Vergelykende ondersoek na die eienskappe van verskillende kulture is altyd problematies, omdat die navorser(s) vanuit 'n eie kulturele agtergrond werk en moontlik bepaalde wanpersepsies en vooroordele mag hê. Desnieteenstaande het 'n vergelyking van die hooflyne van kulture 'n bepaalde waarde om iets te kan verstaan van die dinamika van verhoudings in 'n multikulturele samelewing.
- 'n Vergelyking waarvolgens Van der Walt (1999:13) se verskillende dimensies van mens-wees as bepalende faktore vir kultuurvorming as basis gebruik word, is werkbaar vir 'n oorkoepelende idee van die verskille tussen die Westerse- en tradisionele Afrikakulture.
- Wat die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees betref, is daar merkbare en wesenlike verskille tussen mense van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture.
- Wat die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees betref, is daar merkbare en wesenlike verskille tussen mense van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture.
- As gevolg van die bevoorregte en dominante posisie wat mense vanuit die Westerse kultuur vir jare in Suid-Afrika gehad het, het die meeste kulturele

beïnvloeding vanaf die Westerse kultuur op die tradisionele Afrikakultuur uitgegaan.

- Hoewel daar nog gedeeltes van die tradisionele Afrikakultuur is wat grotendeels intakt gebly het, is daar 'n proses aan die gang waarin elemente wat hulle funksionaliteit verloor het, vervang word met bruikbare elemente van die Westerse kultuur.
- Dit is nie alleen die Westerse kultuur wat 'n invloed het op die tradisionele Afrikakultuur nie. Die teendeel kom ook voor waar positiewe spirituele en morele elemente asook positiewe waardes van die Afrikakultuur geïdentifiseer en opgeneem word.
- Die leemtes in die Westerse kultuur sentreer hoofsaaklik rondom die oorbeklemtoning van die rede en die individualisering van die mens. Hierin kan die tradisionele Afrikakultuur aanvul met die klem op die geestelike (religieuse) asook die kommunalistiese.
- Die leemtes in die tradisionele Afrikakultuur is hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan die rasionele in die lewensbeskouing, wat op sy beurt lei tot 'n miskenning van die mens as individu. Hierin kan dit grootliks aangevul word deur die beskouings in die Westerse kultuur, wat hoofsaaklik gebou is op die rasionele en uitsondering van die individu.
- Indien die kernaspekte van elke kultuur getransformeer kan word om ooreen te kom met die beginsels in die Woord van God, kan 'n waardevolle onderlinge aanvulling van leemtes in elke kultuur bewerk word.

2.2. Hoofstuk 7: Metateoretiese ondersoek met betrekking tot versoening en eenheid in Suid-Afrika

2.2.1. Gegewens met betrekking tot versoening in Suid-Afrika

Na aanleiding van metateoretiese gegewens kan die volgende samevattende konklusie gemaak word oor versoening in Suid-Afrika:

- Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van menseregtevergrype. Sedert die koms van die koloniale magte na die vasteland van Afrika, is Swartmense se menseregte op verskillende maniere misken.
- Die miskenning van menseregte het 'n hoogtepunt bereik met die ontwikkeling van die beleid van apartheid onder die NP-regering wat in 1948 aan bewind gekom het.

- Na jare van stryd, wat in intensiteit toegeneem het, is 'n demokratiese verkiesing in 1994 gehou, waarna president Nelson Mandela as eerste Swart president van die Suid-Afrika ingehuldig is.
- Dit was nie primêr die kerk wat die voortou geneem het met die bewerking van versoening in Suid-Afrika nie. Die regering wat in 1994 aan bewind gekom het, het besluit om 'n Waarheids- en Versoeningskommissie op die been te bring vir hierdie doel.
- Die doelwitte van die WVK was hoofsaaklik om die volle waarheid oor die verlede openbaar te maak, slagoffers en oortreders die geleentheid te gee om hulle ervaringe te verwoord, amnestie te verleen en restitusie aan slagoffers te betaal.
- Die WVK se werksaamhede het van 1996 tot 1999 geduur. Die beginsels van *ubuntu* tesame met die persoonlike Christelike oortuigings van die voorsitter en ondervoorsitter met betrekking tot versoening en vergifnis, het gelei tot die suksesvolle afhandeling van die werksaamhede van die WVK.
- Die WVK kon goed genoeg daarin slaag om die waarheid oor die verlede te openbaar, versoening te bewerk, amnestie toe te staan waar van toepassing en in 'n mindere mate, restitusie uit te betaal.
- Daar is internasionaal hoë agting vir die werksaamhede van die WVK van Suid-Afrika en talle regerings het die Suid-Afrikaanse regering genader om hulp vir soortgelyke versoeningsprosesse.
- Die proses van versoening in Suid-Afrika is egter nie afgehandel nie. Versoening in Suid-Afrika gaan voort, ondanks die afhandeling van die werksaamhede van die WVK. Die uitdaging is om die verdere ontwikkeling van die proses reg te bestuur. Hierin is vir die kerk geleentheid om leiding te neem.
- Rituele soos die wassing van voete, wat simbolies is van berou en die vra van vergifnis, speel 'n belangrike rol in die verdere ontwikkeling van die versoeningsproses in Suid-Afrika.

2.2.2. Gegewens met betrekking tot eenheid in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gevorm word oor metateoretiese gegewens met betrekking tot eenheid in Suid-Afrika:

- Die euforie wat kort na 1994 ontstaan het (met die inhuldiging van mnr. Nelson Mandela as eerste demokraties-verkose president van die land) het spoedig plek gemaak vir 'n realisme oor die aard en omvang van die nalatenskap van apartheid in Suid-Afrika.

- Hoewel die nalatenskap van apartheid verskeie struikelblokke op die weg van eenheid in die land veroorsaak, is daar tog gevalle waaruit dit blyk dat eenheid in sommige opsigte bereik is, of dat dit binne bereik lê. Hieronder tel:
    - wedersydse kulturele beïnvloeding tussen veral Swart en Blanke inwoners van die land;
    - musici wat toenemend oor kulturele grense van mekaar se musiek gebruik maak;
    - Afrikaans wat toenemend in eie reg aanvaar en as instrument vir versoening een eenheid beskou word;
    - gemengde huwelike en verhoudings oor kleurgrense heen;
    - sportprestasies wat 'n eenheidsgevoel laat posvat.
- Van die faktore wat eenheid in Suid-Afrika bedreig is die volgende:
    - volgehoue bewustheid van rasse-identiteit;
    - kulture wat onbekend is vir mekaar;
    - misdaad en geweld;
    - gebrek aan morele waardes;
    - aanduidings van 'n totalitêre regering;
    - sosio-ekonomiese ongelykheid;
    - problematiek rondom grondbesit;
    - problematiek rondom arbeid in die land;
    - regstellende aksie;
    - persepsies oor die onvermoë van die regering om probleme op te los;
    - bestaan van geslote gemeenskappe;
    - MIV Vigs;
    - versetkuns uit sekere dele van die samelewing;
    - miskenning van taal;
    - ondeurdagte transformasie van sport;
    - Posttraumatiese Stresversteuring.
- Daar is duidelik nog heelwat wat gedoen sal moet word voordat daar sprake kan wees van ware eenheid onder die inwoners van Suid-Afrika.

2.3. Hoofstuk 8: Metateoretiese ondersoek met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika

2.3.1. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde erediens in Suid-Afrika

Die volgende samevattende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde erediens in Suid-Afrika:

- Beide die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het 'n beduidende rol gespeel het in die vorming van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika. Daarom is dit van belang om 'n ondersoek te doen na die eredienste van beide kerkverbande.
- In die geval van die NG Kerk was die invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing grootliks omdat die NG Kerk die grootste Afrikaanse gereformeerde kerk in die land is. In die geval van die GKSA was die invloed as gevolg van die leierskap van lidmate soos oud-president F.W. de Klerk en die "stem van Potchefstroom" waardeur prinsipiële leiding op talle vlakke gegee is.
- Omdat beide kerkverbande (hoewel nie in dieselfde mate nie) erkenning gegee het aan die beleid van apartheid en dit nie werklik aktief beveg het nie, die sowel NG Kerk as die GKSA die geleentheid misgeloop om aktief te kon meedoen en rigting gee aan die geweldige groei in die Christendom in Afrika en Suid-Afrika. Beide het ook die geleentheid misgeloop om aktief te kon meewerk aan die bewerking van versoening en eenheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika.
- Die vervreemding wat in die NG Kerkfamilie gekom het, word tans hanteer in 'n proses van skuldbelydenis en versoening en dit blyk dat kerkeenheid in die nabye toekoms 'n werklikheid kan word. In die GKSA is 'n sinodebesluit in 2006 geneem wat 'n einde maak aan die indelings van meerdere vergaderings op grond van ras, en gesamentlike vergaderings in die toekoms 'n werklikheid maak.
- In die NG Kerk is daar toenemende ontwikkelings wat op liturgiese vlak plaasvind en veroorsaak dat voortdurende veranderings en nuwe ontwikkelings in die eredienste voorkom. In die GKSA, daarenteen, is besluit op bepaalde riglyne waarvolgens die erediens ingeklee word. Hoewel dit nie noodwendig nagevolg word deur gemeentes met lidmate uit ander kulture nie, word die riglyne merendeels nagevolg deur tradisioneel Blanke gemeentes van die GKSA.
- Multikulturele eredienste kom toenemend voor in die NG Kerk. In sekere gevalle word Swart predikante beroep vir hierdie doel. Binne die GKSA kom multikulturele eredienste min voor.

2.3.2. Gegewens met betrekking tot die gereformeerde kerklied

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika:

- Volgens Calvyn, wat in die tyd van die Hervorming sekere riglyne vir die gereformeerde kerklied geformuleer het, moet die melodie van die kerklied geskik wees om die woorde van waarheid van die kerklied te dra en as sodanig moet die melodie voldoen aan die vereistes van gewigtigheid en waardigheid wat dit voor God moet hê.
- Calvyn is ook van mening dat alleen berymings van die Ou Testamentiese Psalms, saam met berymings van enkele ander Skrifgedeeltes, gepas is om in die erediens gebruik te word.
- Hoewel die Afrikaanse gemeentes van die GKSA die bepalings van Calvyn met betrekking tot die kerklied merendeels nakom, word dit in byna geen Swart Gereformeerde gemeente gehandhaaf nie. Ook nie in die NG Kerk (of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) wat die Liedboek van die Kerk as sangbundel gebruik word hierdie bepalings vir die kerklied nougeset toegepas nie.
- In die NG Kerk word die begeleiding van gemeentesang in talle gevalle deur middel van 'n ligte musiekorkes hanteer, dikwels met 'n dromstel daarby. In die GKSA word begeleiding merendeels deur 'n orrel gedoen.
- Ontwikkelings soos die vergeesteliking van sekulêre liedjies wat tans plaasvind, kan tereg beskou word as swak kwaliteit en nie geskik vir gebruik in die erediens nie. Dieselfde geld vir 'n "punk"-musiekstyl met bypassende kleredrag en maniere wat sommige in die erediens wil invoer.
- Dit is moeilik om 'n deeglike evaluering te maak van die gereformeerde kerklied binne die konteks van die Afrikakultuur. Dikwels bestaan geen amptelike sangbundel nie, liedere word mondelings oorgedra en 'n gebrek aan aanvoeling vir die musiek van Afrika maak hiervan 'n komplekse studieveld vir iemand uit die Westerse kultuur.
- In die GKSA sing verreweg die meeste Swart gemeentes nie Psalms en Skrifberymings soos hulle Westerse eweknieë nie. Gesange (vrye liedere) en sg. *choruses* is algemeen in gebruik. Sang gaan gepaard met handeklap, liggaamlike beweging en begeleiding deur een of ander musiekinstrument. Dans neem 'n prominente plek in die sang van die Afrikakultuur in en die drom word algemeen gebruik om sang te begelei.
- In 1 Korintiërs 14:15 stel Paulus 'n fyn balans tussen gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) as voorwaarde vir die sing van die kerklied in die erediens. Πνεῦμα het te doen met die diepste hartsgesindheid van die mens, sy kapasiteit tot spirituele

sensitiwiteit en ontvanklikheid vir gemeenskap met God. Νοῦς het te doen met die mens se vermoë om te kan dink, begryp, redeneer en besluite neem.

- In die tradisionele Afrikakultuur word 'n sterk klem geplaas op die religieuse of geestelike dimensie van mens-wees. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n rasionele benadering ten opsigte van lewensbeskouing en godsdiens. In die Westerse kultuur is daar 'n sterk klem op die rasionele vermoë van die mens. Daar is 'n leemte in die sin dat daar oor die algemeen 'n gebrek is aan 'n geestelike of spirituele benadering in die lewensbeskouing en godsdiens.
- Gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture kan mekaar verryk en leemtes wat bestaan in elkeen se onderskeie benadering tot godsdiens kan wedersyds aangevul word wanneer kerkliedere saam gesing word.

2.3.3. Bevindings van 'n empiriese ondersoek na die effek wat die saamsing van mekaar se kerkliedere op respondente vanuit verskillende kulture het.

Die volgende konklusie kan gemaak word na aanleiding van die bevindings van 'n empiriese ondersoek na die effek wat die saamsing van mekaar se kerkliedere op respondente vanuit verskillende kulture het:

- Die saamsing van mekaar se kerkliedere het 'n beduidende en merkbare effek gehad op die verhouding tussen die respondente uit die Westerse- en Afrikakulture.
- Sommige het nog sterk emosies oor die apartheidsverlede van Suid-Afrika en die meeste respondente beleef nog nie werklike versoening en eenheid met lede van die ander prominente kultuur in die land nie. Hoewel sekere aspekte nog aandag nodig het, reken die meeste respondente wel dat versoening en eenheid op kerklike vlak in 'n groot mate reeds bereik is.
- Na die saamsing van mekaar se kerkliedere het al die respondente aangedui dat hulle dit geniet het om mekaar se liedere te sing en dat hulle 'n gevoel van eenheid ervaar het. Daar het 'n merkbaar positiewe verandering in die verhouding tussen die respondente ontstaan en die versugting is uitgespreek dat daar meer sulke saamsing geleenthede moet wees.
- Ten spyte van bogenoemde verandering, het die meeste respondente tog aangedui dat hulle persepsies met betrekking tot die ander (nie-aanwesige en moontlik nie-gelowige) lede van die ander kultuur nie noodwendig verander het nie.

- Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie.
- Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker rasionele element in hulle kerkliedere). Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker spirituele element in die sing van hulle kerkliedere).

3. Metateoretiese perspektiewe op die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika

Uit bogenoemde gegewens kan die volgende metateoretiese perspektiewe uitgelig word met betrekking tot die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika:

- Wat die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees betref, is daar merkbare en wesenlike verskille tussen mense van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture. Indien die kernaspekte van elke kultuur getransformeer kan word om ooreen te kom met die beginsels in die Woord van God, kan 'n waardevolle onderlinge aanvulling van leemtes in elke kultuur egter bewerk word.
- Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van menseregtevergrype. Dit was nie primêr die kerk wat die voortou geneem het met die bewerking van versoening in Suid-Afrika nie, maar 'n Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) wat goed daarin geslaag het om die proses van versoening aan die gang te sit. In die verdere ontwikkeling van die hierdie proses asook die verdere bewerking van eenheid in Suid-Afrika het die kerk geleentheid om leiding te neem.
- Weens 'n beduidende rol wat hulle gespeel het in die vorming van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika het beide die NG Kerk en die GKSA die geleentheid misgeloop om aktief te kon meewerk aan die bewerking van versoening en eenheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Beide kerkverbande is tans in die proses om kerkeenheid met hulle Swart lidmate en gemeentes te bewerk.
- Tussen Afrikaanse gereformeerde kerke onderling, asook tussen Westerse gereformeerde kerke en gereformeerde kerke vanuit die Afrikakultuur is daar merkbare verskille in terme van die inkleding van die erediens en die gebruik van die kerklied as deel daarvan.

- Volgens die beginsel van 1 Korintiërs 14:15 kan gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture mekaar wedersyds verryk en die leemtes in elkeen se benadering tot godsdiens wedersyds aanvul wanneer kerkliedere saam gesing word.
- In 'n empiriese ondersoek het die saamsing van mekaar se kerkliedere het 'n beduidende en merkbare effek gehad op die verhouding tussen die respondente uit die Westerse- en Afrikakulture. Na die saamsing van mekaar se kerkliedere het daar het 'n merkbaar positiewe verandering in die verhouding tussen die respondente ontstaan en 'n gevoel van eenheid is beleef.
- Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie. Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker rasionele element in hulle kerkliedere). Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker spirituele element in die sing van hulle kerkliedere).

4. Integrering van basisteoretiese beginsels en metateoretiese perspektiewe oor die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks

Die basisteoretiese beginsels wat in Hoofstuk 5 vasgestel is met betrekking tot die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele konteks, kan op die volgende wyse geïntegreer word met die metateoretiese perspektiewe van 3. hierbo:

- Basisteorie:

  Versoening en eenheid vind beslag in die erediens, waar die amptelike samekoms tussen God en sy kerk plaasvind. In die erediens het die kerk toenemend te doen met 'n situasie waar lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde in dieselfde leefwêreld en erediens is en die potensiaal vir 'n gebrek aan versoening en eenheid groot is.

  Metateorie:

  Weens die konflik en stryd wat die apartheidsverlede in die Suid-Afrikaanse samelewing veroorsaak het, is versoening en eenheid (ook tussen gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture) nog nie volledig bereik nie en kan dit spanning bring waar lidmate vanuit die twee prominente kulture in een erediens saamkom.
- Basisteorie:

Hoewel die erediens kultureel relevant moet bly en moet voorsiening maak vir multikulturaliteit waar nodig, moet kultuur die liturgie tot diens wees, sodat die erediens ten alle tye Godgesentreerd is.

Metateorie:

Hoewel multikulturele gereformeerde eredienste sporadies in Suid-Afrika voorkom, word eredienste in die meeste gevalle steeds apart gehou en ingerig volgens die eie aard van die kulturele groepering waarvan die lidmate deel is. Gegewens dui ook daarop dat eredienste nie in alle gevalle ingeklee word volgens Bybelse riglyne, sodat die kultuur tot diens van die liturgie is nie.

- Basisteorie:

  In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente (ook lidmate vanuit ander kulture) aktief kan deel hê aan die erediens. Die kerklied moet geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse beginsels daarvoor.

  Metateorie:

  Hoewel dit blyk dat gereformeerde kerkliedere vir lidmate uit 'n ander kultuur nie totaal ontoeganklik is nie, lei die min blootstelling aan mekaar se kulture en eredienste tog daartoe dat daar bepaalde struikelblokke is, waaronder die onbekendheid van die taal van die ander kultuur, asook die eiesoortige wyse van sing. Hoewel die Afrikaanse gemeentes van die GKSA die bepalings van Calvyn met betrekking tot die kerklied merendeels gehoorsaam, word dit egter in byna geen Swart Gereformeerde gemeente gehandhaaf nie.

- Basisteorie:

  Alle musiekgawes (ook dié van lidmate uit ander kulture) is gawes van die Gees en kan gebruik word om 'n legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens daar te stel. Indien dit kundig ingespan word, kan die kerklied in 'n multikulturele konteks daartoe lei dat kulturele grense oorgesteek, versoening en eenheid bewerk word en 'n sterk groepskohesie tot stand kom. So kan die eskatologiese visie van 'n nuwe verhouding met God en mekaar ook na die wêreld gekommunikeer word.

  Metateorie:

  Daar is merkbare verskille tussen die kerkliedere wat in die Westerse- en in die Afrikakulture van die GKSA gebruik word. Ook die wyse van sing verskil aansienlik. Tog is daar 'n wedersydse verryking van mekaar in die saamsing van mekaar se kerkliedere moontlik en kan 'n sterk groepskohesie op hierdie manier tot stand kom, wat die potensiaal het om na buite in die breër samelewing uit te kring.

In Deel 3 wat hierna volg, kom die praktykteorie aan die orde. Bogenoemde integrering van die basisteoretiese beginsels met die metateoretiese perspektiewe word dan gebruik om 'n nuwe praktykteoretiese model daar te stel, waardeur aangetoon word hoe die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika optimaal bruikbaar gemaak kan word.

DEEL 3
PRAKTYKTEORIE



HOOFSTUK 10: PRAKTYKTEORETIESE RIGTINGGEWING VIR DIE BYDRAE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKLIED TOT VERSOENING EN EENHEID IN 'N MULTIKULTURELE SUID-AFRIKA

1. Inleiding

Die onderwerp van hierdie studie vra na die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika. Nadat die relevante basisteoretiese beginsels in hierdie verband ontgin is en aan die hand van metateoretiese perspektiewe bepaal is hoe die basisteorie opweeg teen dit wat tans in die praktyk voorkom, word in hierdie hoofstuk oorgegaan tot praktykteoretiese rigtinggewing met betrekking tot die onderwerp. Die model wat gevolg word, vind aansluiting by die model wat Zerfass (1974:164-177) ontwerp het vir die praktiese teologie en het ten doel om uiteindelik 'n nuwe of verstelde teorie daar te stel.

Teen die agtergrond van die feit dat Suid-Afrika 'n land is wat ryk is aan 'n verskeidenheid kulture en dat dit in 'n sekere mate juis ook hierdie multikulturele werklikheid is wat meegehelp het dat daar jarelange onreg en vervreemding tussen mense van verskillende kulture in die land was, is tot die slotsom gekom dat die kerk die verantwoordelikheid het om leiding te neem in die voortgaande proses van die bewerking van versoening eenheid wat na die oorgang na 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika aan die gang is. Daar is ook vasgestel dat die kerklied, as deel van die gereformeerde erediens, by uitstek geskik is om te dien as instrument waarmee hierdie proses gerig kan word. Die feit dat dit duidelik blyk dat daar nog nie voldoende versoening en eenheid in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing is nie, wys op bepaalde leemtes met betrekking tot die bydrae van die gereformeerde kerklied, asook die rol van die kerk in die gebruik van die kerklied. Gevolglik is dit die doel van hierdie hoofstuk om 'n aantal praktykteoretiese voorstelle te maak wat daartoe kan dien dat die potensiaal van die gereformeerde kerklied om

versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika te bewerk, optimaal gerealiseer kan word.

Die werkswyse wat in hierdie hoofstuk gevolg word, is die volgende: eers word 'n praktykteoretiese model vir die optimalisering van die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika daargestel, waarna sekere praktiese aanbevelings met betrekking tot die kerklied as deel van die erediens en ook die verdere uitkring daarvan in die samelewing gemaak word.

2. Praktykteoretiese model

2.1. Agtergrond

Uit bogaande blyk dit dat dit nodig is om 'n nuwe model vir die gereformeerde kerklied binne die gereformeerde erediens daar te stel, sodat dit 'n groter bydrae tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika kan lewer. In die vorming van 'n nuwe model is daar drie verskillende onderdele wat na vore kom:

- verstellings aan die erediens
- verstelings aan die kerklied
- die uitwerking van die erediens en kerklied na buite

Uit sowel die basisteorie as die metateorie blyk dit dat die gereformeerde kerklied die instrument is wat by uitstek daarvoor geskik is om versoening en eenheid in Suid-Afrika (oor kulturele grense heen) aan te help. Omdat die kerklied bestaan uit 'n samevoeging van musiek en poësie, wat (volgens 3.7 by Hoofstuk 4) elk 'n kragtige pastorale uitwerking op die mens het, is die potensiaal vir die bewerking van versoening en eenheid deur middel van die kerklied baie goed. Met die integrering van die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe in Hoofstuk 9 is egter bevind dat daar sekere aspekte met betrekking tot die inhoud en die sing van die kerklied is wat verandering of verstelling nodig het, ten einde die volle krag van hierdie medium te kan benut vir die bewerking van versoening en eenheid in die samelewing.

Die primêre konteks waarin die gereformeerde kerklied aan die orde kom, is die gereformeerde erediens waarvan dit 'n integrale deel uitmaak. Met die integrering van die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe in Hoofstuk 9, blyk dit dat die erediens, as amptelike samekoms tussen God en sy volk, die geleentheid is waar die versoening van Christus, saam met die uitwerking wat dit het op die realiteit van die daaglikse lewe in kerk en staat, verkondig en bevestig word. In die erediens is daar

telkens ook die oproep tot praktiese vergestalting van hierdie versoening wat Christus tussen God en sy volk bewerk het. Uit die metateorie blyk dit dat dit van kardinale belang is dat sekere aanpassing en verskuiwings met betrekking tot die praktyk van die gereformeerde erediens in Suid-Afrika gemaak sal moet word, ten einde te dien as katalisator vir die bediening van die versoening tussen Christene onderling (ook oor kulturele grense heen).

Uit die basisteorie is dit duidelik dat die kerk die verantwoordelikheid en die opdrag het om leiding te gee en mee te werk aan die proses waarin versoening en eenheid in die kerk en samelewing bewerk word. Uit die metateorie blyk dit dat die gereformeerde kerke in Suid-Afrika oor die algemeen nie aan hierdie opdrag voldoen nie. Indien die kragtige potensiaal van die kerklied nie optimaal benut word en die erediens waarin dit aan die orde kom nie verstel word sodat dit kan dien as katalisator vir die bewerking van versoening en eenheid in die multikulturele landskap van Suid-Afrika nie, sal daar weinig effek op die totale samelewing wees. Dan mis die gereformeerde kerke die geleentheid om 'n daadwerklike bydrae te maak in die genesing en herstel van die Suid-Afrikaanse samelewing en versaak die kerk die roeping om hierin leiding te neem. Die gerigtheid van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika oor die algemeen sal getransformeer moet word sodat hierdie kerke op hulle beurt 'n merkbare en leidende rol kan speel in die transformering van die samelewing.

Die verstelling wat in die praktyk van die gereformeerde kerklied en erediens, asook in die gerigtheid van die gereformeerde kerke met betrekking tot die samelewing as geheel nodig is, word hieronder aangetoon.

2.1.1. Verstellings aan die gereformeerde erediens

Omdat die gereformeerde kerklied binne die konteks van die erediens tot sy reg kom en die inkleding van die erediens bepalend is vir die gebruik van die kerklied daarin, word eers aandag gegee aan verstellings en veranderings wat in die gereformeerde erediens aangebring moet word. Verstellings aan die kerklied en die gebruik daarvan kan alleen gedoen word indien die breë agtergrond van die erediens geskik is daarvoor.

Met die integrering van die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe in Hoofstuk 9, is tot die volgende konklusies met betrekking tot die gereformeerde erediens gekom:

- Basisteorie:

  Versoening en eenheid vind beslag in die erediens, waar die amptelike samekoms tussen God en sy kerk plaasvind. In die erediens het die kerk toenemend te doen met 'n situasie waar lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde in dieselfde leefwêreld en erediens is en die potensiaal vir 'n gebrek aan versoening en eenheid groot is.

  Metateorie:

  Weens die konflik en stryd wat die apartheidsverlede in die Suid-Afrikaanse samelewing veroorsaak het, is versoening en eenheid (ook tussen gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture) nog nie volledig bereik nie en kan dit spanning bring waar lidmate vanuit die twee prominente kulture in een erediens saamkom.
- Basisteorie:

  Die erediens moet kultureel relevant bly en voorsiening maak vir multikulturaliteit waar nodig. Tog moet kultuur die liturgie tot diens wees, sodat die erediens ten alle tye Godgesentreerd is.

  Metateorie:

  Hoewel multikulturele gereformeerde eredienste sporadies in Suid-Afrika voorkom, word eredienste in die meeste gevalle steeds apart gehou en ingerig volgens die eie aard van die kulturele groepering waarvan die lidmate deel is. Gegewens dui ook daarop dat eredienste nie in alle gevalle ingeklee word volgens Bybelse riglyne, sodat die kultuur tot diens van die liturgie is nie.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar in die gereformeerde erediens veral twee aspekte is wat aandag nodig het in die daarstel van 'n nuwe praktykteoretiese model vir die optimale benutting van die kerklied vir versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika:

- die Bybelse riglyne met betrekking tot die aard en wese van die erediens wat in alle opsigte nagekom moet word
- die effek van die apartheidsbeleid van die vorige politieke bedeling wat daartoe bygedra het dat versoening, eenheid en die akkommodering van multikulturaliteit wel in die samelewing, maar nog nie werklik in die praktyk van die eredienste van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika gestalte vind nie.

Op die keper beskou het hierdie twee aspekte direk met mekaar te doen: die feit dat die Westerse komponent van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika hom laat meesleur het deur die onskriftuurlike beleid van apartheid, dui duidelik daarop dat sekere van die Bybelse beginsels vir die erediens en die inkleding daarvan nie goed deurdink en in die

praktyk van die erediens nagevolg is nie. Die erediens is die hartklop van dit wat in die gemeente gebeur. Omdat sekere Bybelse beginsels vir die erediens en die inkleding daarvan 'n skeeftrekking van die belewing van die erediens gebring het, het dit uiteindelik ook daartoe gelei dat daar 'n skeeftrekking gekom het in die verdere uitleef daarvan in die lewe van elke dag.

'n Bydraende faktor hiertoe is die feit dat die Westerse kultuur gekenmerk word deur 'n sterk fokus op die mens as individu (2.1.7.7 van Hoofstuk 6 hierbo), wat tot gevolg het dat die individu self, of hoogstens die *in-groep* van die individu sterk op die voorgrond staan. Gevolglik is het daar 'n tendens in die gereformeerde kerke ontstaan dat in 'n groot mate gefokus word na binne, terwyl die uitwerking wat die totaliteit van die erediens deur middel van die lidmate in die samelewing moet hê, nie realiseer nie. Hierdie toedrag van sake kan beskou word as een van die aanleidende oorsake daarvoor dat byvoorbeeld die verkeerdhede in die beleid van apartheid nie van die begin af raakgesien is nie en dat die Westerse komponent van die gereformeerde kerke hom laat meesleur het deur 'n beleid wat gelei het tot grootskaalse onreg, onderdrukking en vervreemding tussen die verskillende kultuurgroepe in die Suid-Afrikaanse samelewing.

In die sosiopolitieke situasie wat sedert 1994 in Suid-Afrika ontwikkel het, sukkel die kerk in Suid-Afrika, en in besonder die Afrikaanse gereformeerde kerke, om hulle reg te posisioneer en 'n leidende rol te speel in die daarstel van 'n nuwe en vernuwende samelewing. Dit kan volgens die gegewens by 3.2 in Hoofstuk 7 hierbo onder meer daaraan toegeskryf word dat die Westerse komponent van die bevolking dit toenemend ervaar dat die ANC-regering onbillik en selfs onregverdig teenoor hulle optree. Waar die omgekeerde tydens die vorige bedeling waar was, vind die Afrikaanse gereformeerde kerke dat ontnugtering en vervreemding van die regering van die dag, asook van lede van die Afrikakultuur, toenemend onder hulle lidmate voorkom en dat onderlinge eenheid daardeur bedreig word.

Op die Afrikakomponent van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika, was die effek van die apartheidsbeleid in die verlede eweneens dat opstand, verbittering en vervreemding van die NP-regering asook die Westerse komponent van die samelewing en die kerk voorgekom het. Dit is veroorsaak deur die vervolging en onderdrukking wat hulle moes verduur, terwyl dit deur uitdruklike goedkeuring of stilswye van die Westerse komponent van die samelewing sowel as die gereformeerde kerke ondersteun is. Dit val dus nie vreemd op nie, dat die gevolg van hierdie omstandighede was dat daar ook onder die

Afrikakomponent van die gereformeerde kerke 'n gerigtheid na binne ontwikkel het, weg van die medegelowiges asook ander lede van die Westerse kultuur.

As gevolg van die feit dat die Swart kerke in Suid-Afrika dikwels 'n leidende rol gespeel het in die stryd teen apartheid (sien 2.3 by Hoofstuk 8 hierbo) en in die proses bepaalde lojaliteite teenoor leiersfigure en strukture in die ANC en ander bevrydingsbewegings opgebou het, kan dit vir sommige Swart kerke en kerkleiers problematies wees om 'n kritiese afstand te handhaaf en ook binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks 'n profetiese getuienisrol teenoor die ANC-regering uit te oefen. Ook die getuienis van die Swart gereformeerde kerke is onmisbaar ten einde te kan meewerk tot versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Indien die aard en wese van die gereformeerde erediens deeglik ondersoek en fyn toegepas is in al die elemente van die erediens, sou die onreg en misleiding in die beleid van apartheid moontlik vroeër raakgesien kon word en sou die gereformeerde kerke 'n groter rol kon speel om dit te beëindig en 'n nuwe bedeling te help tot stand bring. Ten einde 'n leidende rol te kan speel in die bevordering van versoening en eenheid in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, is dit belangrik dat die gereformeerde kerke die aard en wese van die erediens opnuut ondersoek en waar nodig verstellings maak aan die praktyk van die erediens. Sodoende kan lidmate opnuut toegerus en gemotiveer word om 'n daadwerklike verskil in die huidige omstandighede te maak en daartoe meewerk dat die beginsels van die koninkryk van God werklik gestalte kry in die samelewing van post-apartheid Suid-Afrika. Dit is voorts van kardinale belang dat veral die Swart kerke wat meer geredelike toegang het tot die politieke leierskorps in die land, opnuut ondersoek instel na die aard en wese van die erediens en waar nodig verstellings aan die erediensspraktyk aanbring, ten einde daaruit te kan voortbou en 'n benadering teenoor die huidige regering te kan volg, waarin die beginsels van die koninkryk van God sonder skroom verkondig en in perspektief gestel word. Sodoende kan verder gevorder word op die pad na eenheid en versoening in die land.

Die aard en wese van die erediens (waaruit die beginsels vir die inkleding van die erediens afgelei kan word) is hierbo uiteengesit (2.1 by Hoofstuk 4). Die volgende aspekte dien as omlyning van die gereformeerde erediens:

- die erediens is 'n ontmoeting met God
- die erediens is 'n verbondsontmoeting
- Christus is teenwoordig in die erediens
- Die Heilige Gees is teenwoordig in die erediens

- die erediens is 'n ontmoeting tussen verskillende partye
- die erediens is 'n dialogiese gebeure
- die erediens is 'n offerhandeling
- die erediens is 'n ordelike gebeure
- die erediens is 'n pastorale gebeure
- die erediens is 'n missionêre gebeure

Vervolgens word aangetoon watter verstelling in die praktyk van die inkleding van die erediens nodig is, met betrekking tot elkeen van die verskillende elemente wat die aard en wese van die erediens omlyn. Daarna word aangetoon hoedat hierdie verstelling daartoe kan lei dat gelowiges uit verskillende kulture in dieselfde erediens verryking van mekaar se belewing van die erediens kan meebring, sodat dit in hulle onderlinge verhouding met mekaar en die res van die samelewing daadwerklik beslag kan kry.

2.1.1.1. Verstellings aan die gereformeerde erediens volgens die aard en wese van die gereformeerde erediens

2.1.1.1.1. Die erediens as ontmoeting

Die aard en wese van die erediens as die amptelike ontmoeting van die Verbondsgod met sy verbondsvolk word in 2.1.1 by Hoofstuk 4 hierbo uiteengesit. In hierdie ontmoeting gaan dit onder meer oor 'n wyer perspektief as bloot die momentele saam-wees met God in die erediens. Dit gaan volgens Moeller (1998:4) daaroor dat "'n gekonsentreerde mikrokosmiese ervaring van die liefhebbende dialogiese verhouding wat die kerk met God en die skepping het" in die erediens daargestel word. Die gerigtheid van die kerk moet duidelik wyer wees as om bloot op die saam-wees met God te fokus. Alles wat in die erediens gebeur hang uiteindelik saam met die kontak en uitwerking wat die kerk op die totale skepping het.

Die verstelling wat in die gereformeerde erediens gemaak moet word, is 'n duideliker, bewuste gerigtheid dat die totale skepping, in die saam-wees met God drie-enig in die erediens inbegrepe is. God werk nie geïsoleerd met sy kerk, as sou die kerk onafhanklik en losgemaak van die samelewing en die wêreld staan nie. Wanneer Hy sy kerk in die erediens ontmoet, is die kerk juis 'n inherente deel van sy skepping waarmee Hy in liefde bemoeienis maak. Sonder hierdie gerigtheid in die erediens verloor die kerk die fokus op sy naaste en die leefwêreld waarvan hy elke dag deel is. Dat hierdie ingesteldheid kortkom by die gereformeerde kerke, kan gesien word in byvoorbeeld die gebrek aan kontak met

mekaar oor kulturele grense heen en die wyse waarop daar 'n wedersydse afsydigheid teenoor mekaar en ander lede van vreemde kultuurgroepe geopenbaar word.

2.1.1.1.2. Die erediens as verbondsontmoeting

In die erediens is dit die Verbondsgod wat sy verbondsvolk binne die raamwerk van die verbond ontmoet (sien 2.1.2 by Hoofstuk 4 hierbo). Tydens hierdie ontmoeting word die erediensdeelnemers onder meer herinner aan die verbond wat God met hulle het en aan die betekenis wat die verbond vir hulle lewe het. Die verbond bestaan uit die beloftes, maar ook die eise van God. Beide hierdie elemente word in die verskillende onderdele van die erediens verkondig en bevestig. In sy verbond eis God dat sy volk Hom sal gehoorsaam. Gehoorsaamheid aan die wet het te doen met liefde tot God en die naaste (Mat. 22:34-40).

Die verstelling wat in die gereformeerde erediens gemaak moet word, is 'n bewuste beklemtoning van die liefde wat ook tot die naaste in alle opsigte betoon moet word. Dat die gereformeerde kerke die beleid van apartheid vir soveel jare kon ondersteun (of ooglopend toelaat sonder werklike protes) en dat daar steeds konflik, vyandigheid en agterdog teenoor medegelowiges en medelandsburgers van ander kulture in kerklike geledere is (sien 3.4.3.1.2 tot 3.4.3.1.4 by Hoofstuk 8 hierbo) dui daarop dat die volle konsekwensie van "die grootste gebod" steeds nie duidelik uitgespel word in die verskillende elemente van die gereformeerde erediens nie.

2.1.1.1.3. Christus teenwoordig in die erediens

In die erediens is Christus, as Hoof en Verlosser van die kerk, altyd teenwoordig (sien 2.1.3 by Hoofstuk 4 hierbo). Omdat Hy die Een is wat die kerk met God verenig het deurdat Hy versoening bewerk het aan die kruis en met die opstanding daarna, word die erediens só ingeklee dat die eenheid tussen God drie-enig en sy kerk daarin gevier en beleef word. Volgens 3.1 by Hoofstuk 3 hierbo, maak Christus deur sy versoeningswerk die pad oop sodat die mens weer met God in 'n diep, persoonlike, intieme liefdesverhouding kan leef. Dit is hierdie genade van God wat 'n bepaalde reaksie van die gelowige vereis: nie alleen moet daar nuwe gehoorsaamheid en toewyding aan Hom wees uit dankbaarheid vir die onverdiende verlossing nie, maar moet gehoorsaamheid ook in sy totale lewe duidelik gestalte kry. Dit beteken onder andere dat die eenheid wat God

daargestel het, verder uitgebou moet word, sodat daar onderlinge eenheid en vrede onder gelowiges sal wees, wat uitvloei in vreedsame en regverdige naasbestaan met mense buite die kerk.

Eenheid is die teenoorgestelde van verdeeldheid, konflik en vyandskap. Dit kom na vore waar die liefde van God heers en is die eindproduk van 'n proses waarin naasteliefde nagestreef en uitgeleef word. In 'n multikulturele omgewing is eenheid die eindproduk van 'n versoeningsproses waar oor die grense van kulturele bepaaldheid beweeg word om verdeeldheid, konflik en vyandskap om te keer in liefde, vrede en aanvaarding. Volgens 2 Korintiërs 5:11-21 het die kerk die taak om die versoening van Christus te bedien aan die hele wêreld, sodat hierdie liefde, vrede en aanvaarding van mekaar werklikheid kan word.

Die verstelling wat in hierdie verband in die gereformeerde erediens nodig is, is dat daar 'n bewuste ingesteldheid moet wees op die versoening wat Jesus Christus bewerk het, en veral ook op die effek wat dit het op die inrigting van die daaglikse lewe van die gelowige. Versoening met God, asook die gepaardgaande versoening met mekaar en die naaste, as antwoord op die versoening van Christus wat die pad hiertoe oopgebreek het, moet sterker beklemtoon en deur middel van praktiese riglyne en toepassing aan erediensdeelnemers bevestig word. Daar moet ook 'n bewuste gerigtheid wees op die praktiese uitlewing van die eenheid wat die gevolg is van Christus se versoeningswerk. In die verskillende elemente van die erediens moet die eenheid tussen gelowiges van verskillende kulture asook die eis tot vreedsame naasbestaan met alle mense sterker beklemtoning kry, sodat gelowiges opnuut opgeroep kan word vir hulle taak en roeping in 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.

2.1.1.1.4. Die Heilige Gees teenwoordig in die erediens

Saam met die Vader en die Seun is ook die Heilige Gees teenwoordig in die erediens (sien 2.1.4 by Hoofstuk 4 hierbo). Dit is die Gees wat die charismatiese, didaktiese en eucharistiese elemente van die erediens aanvuur en die inhoud van die evangelie aan die erediensdeelnemers bekragtig. Só bring sy teenwoordigheid lewe en dinamika in die erediens, sodat die kerk as't ware as totale organisme in beweging kom, tot eer en diens van God. Dit is die Gees wat die Woord van God verlig, die gees en die verstand van elke erediensdeelnemer betrek en elke gelowige oortuig dat Christus onmisbaar is vir die lewe. Dit is ook die Gees wat

intree by die Vader wanneer gelowiges bid en nie reg weet hoe en wat om te bid nie (Rom. 8:26).

Wanneer die Gees op hierdie wyse besit neem van elke erediensdeelnemer en elkeen kragtig tot aksie bring na aanleiding van die waarheid van die Woord wat in die erediens aan die orde gekom het, behoort die uitwerking daarvan te wees dat konflik, vyandigheid en agterdog jeens medegelowiges en medelandsburgers van ander kulture geneutraliseer word. Elke deelnemer aan die erediens behoort opnuut bekragtig te word om daadwerklik deel te wees van 'n proses van versoening en eenheid in die samelewing. Die teendeel blyk waar te wees van die situasie in die gereformeerde kerke.

Ook in hierdie verband is daar in die gereformeerde erediens dus 'n verstelling nodig. 'n Bewuste ingesteldheid en ontvanklikheid vir die werking van die Gees moet gekweek word. So 'n ingesteldheid lei tot 'n gewilligheid om op God te vertrou en te reageer op die wekroep van die Heilige Gees (Blackaby & Blackaby, 2004:146), ook wanneer Hy gelowiges oproep tot bekering en tot die bewerking van versoening en eenheid onder mekaar en in die samelewing.

2.1.1.1.5. Die erediens as ontmoeting tussen verskillende partye

Die aard en wese van die erediens word voorts omlyn deur die beginsel dat die erediens 'n ontmoeting is waar verskillende partye mekaar ontmoet. In 2.1.5 by Hoofstuk 4 hierbo word aangetoon dat die erediens 'n dramatiese viering is van God as verhewe Wese, maar dat die ontmoeting met die ander erediensdeelnemers net so 'n belangrike dimensie daarvan is. Elke erediensdeelnemer word gebring voor die feit dat hy net so onlosmaaklik aan sy medegelowiges verbind is as aan God. In die ontmoeting wat onderling tussen gelowiges plaasvind, kom die genadegawes (χαρίσματα) wat die Gees hiervoor gee, in die spel. Dit word gebruik tot opbou van die liggaam en daarmee spits die deelnemers hulle toe op meelewing (κοινωνία) met God en mekaar. Dit is in hierdie totale proses wat elke erediensdeelnemer toegerus moet word vir sy taak en roeping in die wêreld.

In die gereformeerde erediens is dit nodig dat 'n verstelling gemaak word sodat daar opnuut 'n doelbewuste fokus is op die taak en roeping van die kerk in die wêreld. Elke erediensdeelnemer moet deel gemaak word van 'n toerustingsproses wat plaasvind in die veelvuldige ontmoeting van die erediens. Die gawes van die

Gees (ook dié van gelowiges uit ander kulture) moet bewustelik hiervoor gesoek en aangewend word. Die gebrek aan aktiewe betrokkenheid van gereformeerde lidmate by die lewens en omstandighede van medegelowiges (en nie-gelowiges) van ander kulture in Suid-Afrika toon dat dit nodig is om hierdie verstelling te maak.

2.1.1.1.6. Die erediens as 'n dialogiese gebeure

In 2.1.6 by Hoofstuk 4 hierbo is aangetoon dat die erediens 'n dialogiese gebeure is. God kom aan die woord en wil Homself aan sy kerk deur middel van onder meer die seën, wet, Woord en sakramente openbaar. Die kern van sy openbaring is die bevestiging dat Hy die uitverkorenes liefhet en in genade versorg. Hierop moet die gemeente reageer. Die reaksie van die gemeente kom na vore in onder andere die geloofsbelydenis, lied, gebed, liefdegawes ensomeer. Die antwoord van die gemeente is ook ingebed in die kerk se verwondering oor die misterie van God.

In die dialogiese gebeure van die erediens is die dialoog egter nie met God alleen nie. Daar vind ook dialoog plaas tussen die gelowiges onderling en ook tussen die kerk en die samelewing. Omdat die ontmoeting en dialoog met God nie ophou na afloop van die erediens nie, lei die kommunikatiewe handeling in die erediens daarom ook tot 'n sensitiwiteit vir en solidariteit met mekaar en met die ander lede van die samelewing, wanneer die deelnemers aan die erediens hulle daaglikse lewe voortsit.

In die gereformeerde erediens is daar 'n verstelling nodig sodat in die dialogiese gebeure van die erediens bewustelik gefokus word op die uitwerking van die erediensgebeure op die wyse waarop gelowiges leef en werk in die samelewing. In die luister na en ondersoek van die openbaring van God, asook in die antwoord van die gemeente daarop, moet 'n besondere klem gelê word op die roeping wat die gelowiges het om in die gebroke wêreld 'n daadwerklike verskil te maak wanneer die waarheid van die evangelie in woord en daad verkondig en uitgeleef word. Die gebrek aan so 'n benadering kan duidelik waargeneem word in die gebrek aan sensitiwiteit en solidariteit wat daar vir jare by die Blanke gereformeerde lidmate teenoor hulle Swart medegelowiges in Suid-Afrika was. Die gereformeerde kerke het 'n nuwe ingesteldheid nodig waar in liefde en in woord en daad, ook buite die erediens, geantwoord word op die openbaring van God.

2.1.1.1.7. Die erediens as 'n offerhandeling

In 2.1.7 by Hoofstuk 4 word 'n uiteensetting gegee van die erediens as 'n offerhandeling. Die offerhandeling waaraan in die erediens gestalte gegee word, het onder meer te doen met gehoorsaamheid aan die Here in dié sin dat liefdegawes, gebede, skuldbelydenis, danksegging, lofprysing ensomeer aan Hom gebring word (geoffer word) uit dankbaarheid vir dit wat Hy in Christus gee. Dankbaarheid is die gevolg van 'n diepe besef dat die verlossing en versoening van Christus uit genade alleen is en dat daar geen verdienste van die mens hierin kan wees nie. 'n Dankbare hart wat uitloop op gehoorsame navolg van die verbondseise van die Here, is wat in die erediens as offerhandeling vergestalt word.

Wat in die gereformeerde erediens kortkom, is die beklemtoning dat in die erediens ook geoffer word *aan mekaar*. In die erediens is daar nie alleen 'n gerigtheid tot God nie – daar is ook 'n gerigtheid tot mekaar (sien 2.1.5 by Hoofstuk 4 hierbo). Liefdegawes, gebede, skuldbelydenis, danksegging, lofprysing, word ook nie alleen tot God gerig nie, dit word ook tot mekaar gerig. Hoewel die doel altyd is om aan God bo alles die eer te gee, kan dit alleen tot sy reg kom wanneer daar 'n onderlinge gerigtheid tot mekaar is en die eenheid van die liggaam van Christus op die wyse vergestalt word. Die gebrek aan 'n beklemtoning van die offers wat ook tot mekaar gebring moet word, lei uiteindelik daartoe dat daar ook 'n onderbeklemtoning is van 'n gerigtheid tot die naaste en daarmee saam tot elkeen wat deel vorm van die breër samelewing waarin die gelowiges lewe. Die resultaat hiervan is dat die kerk homself isoleer van "die ander", net op God en homself gerig is, en sodoende sy roeping in die wêreld versaak.

Wanneer daar in die inkleding van die erediens ook aandag gegee word aan die vergestalting van 'n offerhandeling tot mekaar, lei dit nie alleen tot 'n bewustheid van mekaar as deelgenote van die verloste kerk van God nie, maar ook tot 'n bewustheid van en soeke na die groter geheel van die kerk en koninkryk van God op aarde. Uiteindelik bly dit nie by 'n bewustheid alleen nie, maar ontwikkel dit in 'n aktiewe soeke na mekaar as mede-erfgename en medeburgers van die koninkryk van God, asook na die naaste met wie die lidmate van die kerk hulle leefwêreld deel. Dan aanbid en leef die kerk nie net na binne nie, maar juis ook na buite in die wêreld.

Die gebrek aan 'n gerigtheid *tot mekaar* in die inkleding van die gereformeerde erediens as offerhandeling, is een van die faktore wat daartoe gelei het dat die kerk hom laat mislei en meesleur het deur die beleid van apartheid in Suid-Afrika. Daar het 'n eensydige fokus ontwikkel, waarin die belange van die buite-groep (met 'n ander kultuur) nie geag of gereken is nie, maar eerder misken en onderdruk is. Die beleid van aparte ontwikkeling, wat uiteindelik oorgegaan het in 'n beleid van diskriminasie teenoor elkeen wat nie Blank en vanuit die Westerse kultuur was nie, kon sodoende nie betyds deur die gereformeerde kerke raakgesien word vir wat dit werklik is nie. In plaas daarvan dat dit veroordeel en as onbybels uitgewys is, het die meerderheid van die gereformeerde kerke op een of ander manier (al was dit bloot as deel van die onderdrukkende samelewing) die beleid van apartheid ondersteun en selfs Bybelse regverdiging daarvoor aangebied. Dat die gevolge daarvan verreikend is, is duidelik sigbaar in die feit dat daar meer as 'n dekade na die oorgang na 'n nuwe politieke bestel in Suid-Afrika, maar enkele gevalle is waar gereformeerde lidmate van verskillende kulture saam aanbid in dieselfde erediens (sien 2.6.2 by Hoofstuk 8 hierbo). Dit blyk dus dat die gereformeerde kerke nodig het om 'n daadwerklike regstelling en verskuiwing in die gerigtheid van hulle eredienste te maak, sodat daar in die volste sin van die woord 'n vergestalting van die erediens as offerhandeling tot God, mekaar en die wêreld kan wees.

2.1.1.1.8. Die erediens as 'n ordelike gebeure

In 2.1.8 by Hoofstuk 4 word aangetoon dat die erediens 'n ordelike gebeure moet wees. Ordelike het nie te doen met die presiesheid waarmee die verskillende elemente van die erediens saamgestel en uitgevoer word nie, maar eerder met dit wat waarlik opbou en wat normaal, behoorlik, fatsoenlik en eietyds is. Die totale gebeure in die erediens moet nie alleen aanklank vind by die eietydse kulturele uitdrukking van die deelnemers daaraan nie, maar moet ook gerig wees op die eietyds situasie waarin die erediensdeelnemers hulle van dag tot dag bevind.

In die gereformeerde erediens is daar 'n verstelling nodig in dié sin dat lidmate doelbewus en gefokus opgeroep word en gemobiliseer word om uiteindelik tot aksie oor te gaan en dit uit te leef wat hulle weet die Here van hulle eis in hulle daaglikse lewe. Die onderlinge harmonie wat daar tussen die verskillende elemente van die erediens moet wees (volgens bogenoemde beginsel van ordelikheid in die erediens) moet ook beslag kry in die lewe van elke lidmaat. Dit

moet bewustelik so verkondig word dat lidmate 'n harmonie sal bewerk tussen dit wat aan hulle verkondig word en dit wat in hulle lewens gestalte kry. Die gebrek aan kontak met medegelowiges van ander kulture asook die gebrek aan daadwerklike optrede in 'n samelewing waar daar nog nie ware versoening en eenheid bereik is nie, toon aan dat die gereformeerde kerke in Suid-Afrika nodig het om hierdie verstelling in die erediens te maak.

2.1.1.1.9. Die erediens as pastorale gebeure

'n Verdere aspek van die gereformeerde erediens wat 'n verstelling nodig het, is die inkleding van die erediens as pastorale ontmoeting. Volgens 2.1.9 by Hoofstuk 4 hierbo, het die pastorale gerigtheid van die erediens onder meer daarmee te doen dat elke deelnemer aan die erediens homself en sy gawes gee tot nut en saligheid van die ander, ten einde te kan meewerk aan genesing en geloofsperspektief vir elkeen wat stryd, swaarkry en onreg beleef.

Ook wat betref die pastorale gerigtheid van die gereformeerde erediens is daar 'n skeeftrekking sigbaar. In die meerderheid gevalle is die komponent van die kerk van die Here wat uit 'n ander kulturele agtergrond kom, van hierdie pastorale gerigtheid in die erediens uitgesluit en is dit alleenlik gerig op die eie ek en die in-groep. Hierdie gerigtheid is versterk deurdat gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture volgens die landswette van Suid-Afrika in die apartheidstyd verbied is om saam in dieselfde erediens te aanbid. Op hierdie wyse het die pastorale effek wat die gereformeerde erediens ook ten behoewe van die gemeenskap as geheel sou kon hê, verlore gegaan. Ook wat die pastorale gerigtheid van die erediens betref, het die gereformeerde kerke dus nodig om 'n daadwerklike verstelling te maak, sodat die regte Bybelse liturgiese omgewing geskep kan word waarin die pastorale krag van die kerklied gebruik kan word om versoening en eenheid te bewerk wat uitkringend in die samelewing 'n effek het.

2.1.1.1.10. Die erediens as missionêre gebeure

'n Verdere aspek met betrekking tot die erediens, wat regstelling en verskuiwing nodig het, is die inkleding van die erediens as missionêre ontmoeting. By 2.1.10 van Hoofstuk 4 hierbo, is uitgewys dat die erediens ook daarop gerig moet wees om na buite in die wêreld te verkondig dat Jesus Christus die enigste Verlosser is vir die mensdom wat in sonde geval het. Ook in hierdie opsig het die gereformeerde kerke, weens 'n onderbeklemtoning van die gerigtheid wat ook na mekaar en die wêreld moet wees, in die meeste gevalle daarin verval om in hulle

belydenis te verwys na die missionêre, maar dit nie in die praktyk werklik uit te leef nie. Dat die gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie deel was of werklik leiding gegee het in die fenomenale groei wat daar in die Christendom van Afrika was nie (sien 2.6.1 by Hoofstuk 8 hierbo), is die uitvloeisel hiervan. In plaas van 'n werklike missionêre gerigtheid, wat uit die eredienste gegroei het, is eerder ondersteuning gegee aan 'n staatkundige beleid wat mense van ander kulture gemarginaliseer en as minderwaardig beskou het. Gevolglik is gelowiges uit ander kulture (in besonder die Afrikakultuur) nie beskou as deel van die verskeidenheid in die koninkryk van God (waarvan die opbouende en verrykende aspekte ontgin kon word) nie, maar as verwerplik en minderwaardig, omdat hulle ander kulturele uitgangspunte en waardes het.

Dit blyk dus duidelik dat die gereformeerde kerke ook wat die missionêre dimensie van die erediens betref, nodig het om 'n verstelling en verandering in gerigtheid aan te bring. Daarsonder kan die krag van die kerklied nie geoptimaliseer word vir die bewerking van versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika nie.

2.1.1.1.11. Konklusie oor verstellings en verandering van gerigtheid met betrekking tot die aard en wese van die gereformeerde erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor verstellings en verandering van gerigtheid met betrekking tot die aard en wese van die gereformeerde erediens, wat nodig is as deel van 'n nuwe praktykteoretiese model:

- Omdat die kerklied as deel van die erediens aan die orde kom, is dit nodig om sekere verstellings en verandering van gerigtheid in die erediens te bewerkstellig, alvorens die krag van die kerklied benut kan word om 'n bydrae te lewer tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika.
- Die verskillende aspekte waarmee die aard en wese van die gereformeerde erediens omlyn word het in die verlede nie die regte beklemtoning gekry het in die inkleding van die erediens nie en in talle gevalle gebeur dit steeds nie. Hierdie verskynsel is een van die redes waarom die Blanke komponent van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika 'n staatkundige beleid ondersteun en op Bybelse gronde probeer regverdig het, wat gegrond was op die marginalisering van en diskriminering teen mense (en gelowiges) wat van 'n ander kultuurgroep as die Westerse kultuur afkomstig is.

- Die apartheidsbeleid wat oor jare in Suid-Afrika afgedwing is, het ook daartoe gelei dat daar in die Swart gereformeerde kerke 'n skeeftrekking gekom het in die gerigtheid en inkleding van die eredienste. Opstand, verbittering en verwyderheid het veroorsaak dat die volle konsekwensie van die Bybelse riglyne vir die erediens nie bereik is nie. Ook hier is pertinente verstelling in die inkleding van die eredienste nodig.
- Met betrekking tot elkeen van die aspekte waarmee die aard en wese van die gereformeerde erediens omlyn word, is daar 'n gebrek aan 'n gerigtheid tot mekaar en die wêreld. Daar word alleen gefokus op die eie ek en die in-groep waaraan ek behoort, terwyl diegene van 'n ander kulturele agtergrond merendeels buite rekening gelaat word.
- Sonder 'n daadwerklike regstelling hiervan, kan die kerklied nie binne die regte liturgiese konteks vir die huidige Suid-Afrikaanse sosiopolitieke situasie gebruik word nie en word die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika grootliks verskraal.

2.1.1.2. Blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking van mekaar deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens

In 3.2.2 en 3.2.3 by Hoofstuk 3 hierbo is aangetoon dat die liggaam van Christus, as uitvloeisel van die versoening wat Hy bewerk het, saamgroei tot 'n eenheid wat 'n vergestalting en weerspieëling is van die eenheid tussen Hom en die kerk. In hierdie eenheid van die kerk gee die Here 'n ryke verskeidenheid van kulture, wat elk besondere gawes tot beskikking stel, waardeur opbou en verryking plaasvind. Indien 'n verskeidenheid van kulture gesamentlik in die erediens teenwoordig is en op die regte wyse hanteer word, kom daar 'n dinamika na vore wat lei tot 'n tweeledige proses: die erediens en inkleding daarvan word beïnvloed en verander deur bepaalde (nuwe) elemente van die ander kultuur/kulture en die kulture word op hulle beurt beïnvloed en getransformeer deur dit wat in die erediens gebeur. (Dit dien gemeld te word dat hier uiteraard sprake is van 'n proses wat tyd nodig het om te realiseer en dat beide die liturgie en kultuur in die proses op mekaar 'n bepaalde invloed uitoefen).

Die wisselwerking tussen die liturgie en verskillende kulture behoort daartoe te lei dat verandering, verryking en verdieping in die erediens plaasvind, wat op sy beurt lei tot transformasie van die verskillende kulture wat in die erediens teenwoordig is. Transformasie behels nie alleen uiterlike verandering nie, maar

ook verandering in hartsgesindheid. Die wisselwerking tussen liturgie en verskillende kulture kan derhalwe lei tot 'n nuwe onderlinge gesindheid van versoening en vrede tussen die lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde. Sodoende word 'n liturgiese omgewing geskep wat gunstig is vir die uitdra van die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus. Binne die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks, met sy eiesoortige sosiopolitieke geskiedenis, is sodanige gunstige liturgiese omgewing onontbeerlik vir die aanwending van die gereformeerde kerklied as instrument ter bewerking van versoening en eenheid in die land.

2.1.1.2.1. Verdieping en vernuwing van die erediens deur elemente van die Westerse- en Afrikakulture

Wanneer lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde bymekaar is in die erediens, kan daar verdieping en verryking van die erediens plaasvind indien die Bybelse beginsels vir die wisselwerking tussen liturgie en kultuur in ag geneem word (sien 2.5 by Hoofstuk 4 hierbo). In 2.5 by Hoofstuk 4 is aangetoon dat die liturgie altyd gestalte kry binne 'n bepaalde historiese en kulturele konteks en kan en behoort te verander volgens veranderings wat in hierdie konteks voorkom. In alle gevalle moet dit egter steeds binne die raamwerk van Bybelse beginsels vir die erediens gedoen word. Om uiteindelik die krag van die kerklied te kan benut in die proses van versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika, is dit volgens die uiteensetting in die voorafgaande hoofstukke nodig dat daar daadwerklik gepoog word om gelowiges van ander kulture te akkommodeer en deel te maak van eredienste van die gereformeerde kerke van Suid-Afrika. Dit geld vir gemeentes met lidmate van die Westerse kultuur, sowel as dié met lidmate van die Afrikakultuur.

In 4. by Hoofstuk 6 hierbo is aangetoon dat beide die Westerse- en Afrikakulture bepaalde swakpunte en leemtes het, wat nodig het om op grond van Bybelse beginsels reggestel te word. In 2.5 by Hoofstuk 4 hierbo is voorts aangetoon dat die erediens beslag kry binne 'n bepaalde kultuur. Omdat alle kulture nie met mekaar ooreenkom nie, is daar derhalwe ook verskille in eredienste van verskillende kerke. Die inkleding van die erediens in 'n bepaalde gemeente word bepaal deur die beginsels daarvoor, waarop in die breër kerkverband ooreengekom is, maar ook deur die kultuur waarbinne die erediens beslag kry. Omdat elke kultuur bepaalde swakpunte en leemtes het, volg dit hieruit dat daar in 'n bepaalde erediens ook bepaalde swakpunte en leemtes kan wees, omdat die

erediens altyd ook kultuurbepaald is. Dit sou byvoorbeeld aangetoon kon word dat die geneigdheid by veral Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika om in hulle eredienste eerder na binne (die in-groep) te fokus terwyl daar nie genoeg sprake is van 'n gerigtheid na buite nie (soos aangetoon by 2.1.1.1 net hierbo), onder meer veroorsaak word deur die beklemtoning van individualisering en privaatbelang in die Westerse kultuur, ten koste van groeps- en gemeenskapsbelange (sien 4. by Hoofstuk 6 hierbo). In 'n oorspronklik Westerse gereformeerde gemeente waar daar ook lidmate van die Afrikakultuur teenwoordig is, wat op gereelde basis in die erediens is en in die erediens geakkommodeer word, is die moontlikheid goed dat die beklemtoning in die Afrikakultuur van die mens as gemeenskapswese en die spontane omgang met sy naaste, totale gemeenskap en die omgewing rondom hom (sien 2.2.2.6.1 by Hoofstuk 6 hierbo) met verloop van tyd 'n totaal nuwe gerigtheid in die gemeente en sy eredienste kan laat ontstaan. So 'n nuwe gerigtheid kan daartoe lei dat sowel die individu as die groep beklemtoon word en dat daar sowel na binne as na buite gefokus word in die inhoud en uiteindelik uitwerking van die erediens op menslike vlak.

'n Aspek wat ook 'n bydrae hierin kan lewer, is die klem wat in die Afrikakultuur geplaas word op die geestelike en metafisiese. Waar die rasionele dikwels in eredienste binne die Westerse kultuur oorbeklemtoon word, kan die perspektief en benadering van die Afrikakultuur daartoe lei dat die gereformeerde spiritualiteit ontwikkel en groei, sodat dit (volgens 1 Kor. 14:15) in die regte balans met die rasionele na vore kom in die erediens (sien 3.6 by Hoofstuk 4, asook 3.3 by Hoofstuk 8).

In 'n gereformeerde gemeente wat oorwegend lidmate van die tradisionele Afrikakultuur het, kan dit op sy beurt ook van groot waarde wees indien lidmate van die Westerse kultuur geakkommodeer word en toegelaat word om 'n invloed te hê. Een van die leemtes in die Afrikakultuur is dat daar 'n gebrek is aan 'n rasionele lewensbeskouing en 'n oorbeklemtoning is van die geestelike en metafisiese dimensies van die werklikheid. Een van die uitvloeisels hiervan is onder meer 'n miskenning van die mens as individu en oorbeklemtoning van die mens as deel van die groter groep (sien 4. by Hoofstuk 6 hierbo). In die erediens lei dit in sommige gevalle tot erediensprаktyke wat nie Skrifgegrond is nie, maar geïnkorporeer word ten einde die band met die groter geheel van die kommunalistiese gemeenskap te behou (sien Letšosa, 2005:378 e.v.). Die effek

van die Westerse kultuur se klem op die rasionele, kan daartoe lei dat 'n fyner en meer nougesette ondersoek na die Bybelse waarhede en beginsels vir die inrig van die erediens plaasvind en dat elemente wat nie hieraan voldoen nie, uit die erediens geweer word. 'n Meer Bybels gebalanseerde benadering, waar die geestelike en metafisiese saam met die rasionele in die regte verhouding teenwoordig is (volgens 1 Kor. 14:15) kan dan ontwikkel word (sien 3.6 by Hoofstuk 4, asook 3.3 by Hoofstuk 8).

Ook die Westerse klem op die belange van die individu kan 'n kosbare invloed uitoefen, op die inrig van eredienste binne die Swart gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Waar dit in die eredienste van die Swart gereformeerde kerke kan gebeur dat die klem geplaas word op die groep, ten koste van die individu, kan die invloed van lidmate vanuit die Westerse kultuur daartoe lei dat 'n nuwe waardering vir die individu (binne die raamwerk van Bybelse beginsels daarvoor) ontstaan en dat dit ook so beslag kry in die erediens. 'n Aspek wat in hierdie verband ter sprake kom, is die duidelike Bybelse beginsel dat die mens as individu voor God moet verantwoording doen vir sy eie sonde en dat die groep waarvan hy deel is, nie saam met hom die verantwoording kan dra nie. Waar die tradisionele siening in die Afrikakultuur is dat die groep gesamentlik verantwoordelik is wanneer oortree word deur een van sy lede (sien 2.2.2.6.1 by Hoofstuk 6 hierbo), kan die klem van die Westerse kultuur op die individu daartoe lei dat 'n suiwer sondebegrip ook in die eredienste vergestalt word.

By 2.5 in Hoofstuk 4 hierbo is aangetoon dat elke kultuur bepaalde simbole en gebruike het wat iets spesifiek in daardie kultuur uitdruk. Wanneer hierdie simbole en gebruike met 'n Bybelse inhoud gevul word, kan dit bruikbaar gemaak word vir die erediens. Op dieselfde wyse kan bepaalde *beklemtonings* en *benaderings* van 'n spesifieke kultuur in die erediens bruikbaar gemaak word en uiteindelik lei tot verdieping en vernuwing (soos in die gedeelte hierbo aangetoon). Daar moet egter altyd gewaak word teen die gevaar dat die kultuur die liturgie oorheers en inherente waardes op die liturgie afforseer. Die liturgie mag nooit bloot 'n godsdienstige glos op die ontwikkeling van 'n bepaalde kultuur wees nie (Spinks, 1993:49). Die kultuur moet altyd die liturgie tot diens wees. Veranderings en verstellings (hetsy in terme van gerigtheid of in terme van praktiese inkleding) moet altyd binne die raamwerk van Skrifbeginsels vir die erediens gedoen word en mag nooit ten doel hê om bloot sosiale verandering in die land te bewerk of te weerspieël nie.

Dit blyk dus dat lidmate vanuit verskillende kulture (en in verband met hierdie studie in besonder vanuit die Westerse- en Afrikakulture) elk met die eiesoortigheid van hulle eie unieke kultuur, in 'n groot mate daartoe kan meehelp dat 'n proses van herskepping in die erediens kan plaasvind, wat kan lei tot vernuwing en verdieping in die ontmoeting tussen die Here en sy volk.

2.1.1.2.2. Transformering van die Westerse- en Afrikakulture deur die erediensgebeure

In 2.3 by Hoofstuk 2 is aangetoon dat die sondeval in die paradys ook in die kultuur van die mens 'n gebrokenheid meegebring het. Na die gebeure by die toring van Babel, toe die Here die eiewillige mense se taal verwar het, het daar 'n verskeidenheid van kulture op aarde ontstaan. Die gevolg is dat daar mense vanuit 'n verskeidenheid onvolmaakte kulture op aarde is, wat toenemend in dieselfde omgewing leef, werk en hulpbronne gebruik. Ter bevestiging hiervan toon die uiteensetting van die verskille wat tussen die Westerse- en die Afrikakulture van die Suid-Afrikaanse samelewing voorkom (3.3 by Hoofstuk 6 hierbo), duidelik aan dat beide hierdie kulture sekere leemtes en swakhede het, wat nie met die beginsels in die Woord van God ooreenkom nie. Beide hierdie kulture het nodig om herskep te word, sodat dit die beeld en voorbeeld van Christus kan dra.

Met sy kruisdood en opstanding het Christus dit moontlik gemaak dat alles vernuwe kan word – ook die kultuur van die mens (sien 2.3.2.1 by Hoofstuk 2 hierbo). Hieruit volg dit dat elke gelowige die verantwoordelikheid het om deurentyd daaraan te werk dat die kultuur waarvan hy deel is, vernuwe word na die beeld en voorbeeld van Christus. Reeds in die hede moet ook die kultuur van die mens 'n vooruitkyk wees na die lewe in die eskatologiese toekoms wat gereed gemaak word vir elkeen wat waarlik glo. Daarom moet elke gelowige die verskillende aspekte en dimensies van sy kultuur fyn ondersoek. Sodanige elemente wat nie ooreenkom met die vereistes wat in die Woord van God daarvoor gestel word nie, moet gereformeer en getransformeer word, sodat die kultuur toenemend word soos wat God dit vereis. Kontak oor kultuurgrense heen, kan daartoe lei dat leemtes en swakhede van die eie kultuur duideliker raakgesien en geïdentifiseer kan word, sodat transformasie en vernuwing kan plaasvind.

Een van die kernaspekte van mens-wees wat 'n bepalende invloed op kultuur uitoefen, is die religieuse dimensie (Van der Walt, 1999:13). As sodanig bepaal die religieuse dimensie van mens-wees ook sy kultuurarbeid. Ware, diep, grondige verandering van kultuur vind alleen plaas wanneer die kern daarvan (naamlik die religieuse dimensie) verander word. Vir herskepping van kultuur is dit nodig dat die religieuse dimensie van mens-wees gereformeer word. Dit kan gedoen word met die erediens as kerngebeure. Indien die erediens so ingeklee word dat die beginsels vir die aard en wese daarvan (volgens 2.1.1 tot 2.1.10 by Hoofstuk 4 hierbo) in alle opsigte daarin na vore kom, kan dit dien tot 'n herskepping van 'n bepaalde kultuur en kan swakhede en leemtes wat daarin bestaan aangevul en gekorrigeer word. In die geval van die twee prominente kulture in Suid-Afrika, naamlik die Westerse- en die Afrikakulture, is aangetoon (4. by Hoofstuk 6 hierbo) dat die twee kulture in 'n wisselwerking met mekaar leemtes by mekaar wedersyds kan aanvul. Ook wat die religieuse dimensie van mens-wees betref is dit die geval dat leemtes wedersyds aangevul en swakhede wedersydse verander of geneutraliseer kan word.

Geen kultuur is staties nie. Elke kultuur is voortdurend besig om te verander en te ontwikkel, al is dit soms 'n baie stadige proses. Daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen kultuur en sy omgewing. Wanneer lewende mense, as draers van die kultuur, bepaalde ervarings het op verskillende vlakke van die lewe, word die kultuur waarin hulle leef voortdurend gevorm en beïnvloed. Uitvinding, oorerwing (enkulturasie) asook oorname (akkulturasie) speel hierin 'n belangrike rol en daar vind 'n voortdurende vergelyking met ander kultuurgoedere plaas. In die lig van die aangetoonde leemtes en swakhede wat inherent deel is van die twee prominente kulture in Suid-Afrika (die Westerse- en Afrikakulture), is dit van groot belang dat gelowiges vanuit beide die Westerse- en die Afrikakulture met mekaar in die erediens saamkom, sodat elkeen 'n eiesoortige bydrae kan lewer en die wedersydse aanvulling van leemtes in elkeen se kultuur (aangetoon in 4. by Hoofstuk 6), gebou op die waarheid van die Woord van God, kan plaasvind. Wanneer dit gebeur, kom 'n nuwe hartsgesindheid, onderlinge eenheid en groepskohesie tot stand, en groei 'n nuwe waardering vir mekaar se kultuurgoedere. Sodoende word 'n gunstige omgewing geskep waarbinne die kerklied as kragtige instrument ingespan kan word om versoening en onderlinge vrede te bewerk, en kan gelowiges gesamentlik daartoe meewerk om versoening en eenheid onder die verskillende gemeenskappe in die land te laat groei.

In die eredienste van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika is daar egter 'n wesenlike gebrek aan wedersydse verryking deur lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde. As gevolg van die jarelange beleid van apartheid waarmee die land regeer is, en die feit dat die gereformeerde erediens 'n gerigtheid na binne het (soos aangetoon by 2.1.1.1 hierbo), is daar net enkele gevalle waar lidmate vanuit die Westerse- en Afrikakulture saamkom in die erediens (sien 2.6.2 en 2.7.1 by Hoofstuk 8 hierbo) . Die gevolg hiervan is dat daar weinig sprake is van gelowiges wat mekaar verryk met elkeen se unieke kultuuragtergrond en benadering tot en in die erediens. Daar is ook weinig sprake van gelowiges uit verskillende kultuuragtergronde wat ontvanklik is vir die verryking wat in elkeen se eie kultuur kan plaasvind deur die gesamentlike belewing van die erediens. Uiteindelik bly leemtes en swakhede in elke kultuur grotendeels onveranderd en vind min werklike transformasie van kulture (en ook gesindhede) plaas. Op die keper beskou kan hierdie toedrag van sake aangetoon word as een van die hoofoorsake vir 'n gebrek aan werklike voortgang in die proses van versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing. Sonder verstelling in die gerigtheid van die erediensprаktyk is daar weinig transformasie van kulture (en gesindhede) en sonder kulturele transformasie bly versoening en eenheid oor die lang termyn iets wat nie bereik kan word nie. Dit is 'n situasie wat aangespreek moet word en dringende regstelling nodig het. Blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture is onontbeerlik vir die voortdurende proses van versoening en eenheid in Suid-Afrika. In hierdie verband is biddende en Geesvervulde optrede deur kerkleiers en gelowiges op grondvlak dringend nodig sodat die gereformeerde kerke (saam met die ander Christelike kerke) hulle regmatige plek in die samelewing kan inneem en volgens die opdrag van God, 'n leidende rol kan speel in die bewerking van werklike en volhoubare versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing te bewerk.

2.1.1.2.3. Konklusie oor die blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking van mekaar deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking van mekaar deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens:

- 'n Verskeidenheid van kulture is deel van die verskeidenheid genadegawes wat die Here aan sy kerk gee vir opbou en toerusting.
- Indien die verskeidenheid kultuurelemente tot beskikking van die kerk reg aangewend word in die erediens, kom 'n tweeledige proses tot

stand: die erediens ondergaan verandering en vernuwing en elke kultuur word getransformeer. Dit is 'n tydsame proses waarin kultuur en erediens deurentyd op mekaar inwerk.

- Bogenoemde proses werk 'n nuwe hartsgesindheid by lidmate en dra by tot die skep van 'n liturgiese omgewing wat gunstig is vir die uitdra van die boodskap van versoening in en deur Christus. In Suid-Afrika, met sy multikulturele konteks en eiesoortige sosiopolitieke geskiedenis, is sodanige gunstige liturgiese omgewing onontbeerlik vir die aanwending van die gereformeerde kerklied as instrument vir die bewerking van versoening en eenheid. Op sy beurt kan die kerklied (met sy pastorale kwaliteite) ook effektief aangewend word om sodanige gunstige liturgiese omgewing te skep.
- Indien die wisselwerking tussen kultuur en die liturgie reg hanteer word, kan die swakhede en leemtes van die Westerse kultuur wat neerslag vind in die erediens, stelselmatig verander word en leemtes aangevul word deur die bydrae van lidmate van die Afrikakultuur wat in die erediens is. Dieselfde kan gebeur met die swakhede en leemtes in eredienste binne die Afrikakultuur wanneer lidmate van die Westerse kultuur bepaalde bydraes lewer in die erediens.
- Deur verandering en verdieping in die erediens kan invloed op elke kultuur uitgeoefen word, sodat die religieuse dimensie van mens-wees in elkeen grondig gereformeer word en nuwe gesindhede en waardes gevorm word.
- Leemtes in gereformeerde eredienste van die Westerse kultuur wat op hierdie manier deur die benadering van die Afrikakultuur hervorm kan word, is die klem op die individu ten koste van meelewing met die groep, asook die klem op die rasionele ten koste van die geestelike en die metafisiese.
- Leemtes in gereformeerde eredienste van die Afrikakultuur wat op hierdie wyse deur die benadering van die Westerse kultuur hervorm kan word, is die klem op die geestelike en metafisiese ten koste van die rasionele, asook die klem op die groep ten koste van die individu.
- As gevolg van die apartheidsverlede in Suid-Afrika en die geneigdheid in die gereformeerde erediens om na binne gerig te wees, vind eredienste waarin lidmate van sowel die Westerse- as die Afrikakultuur teenwoordig is, selde plaas. Biddende en Geesvervulde

optrede deur kerkleiers en gelowiges op grondvlak is dringend noodsaaklik, sodat die gereformeerde kerke langs genoemde weg van verandering en vernuwing in erediens en kultuur kan leiding neem in die voortgaande proses van versoening en eenheid in die land.

2.1.2. Verstelling aan die gereformeerde kerklied

Die tweede element wat aan die orde kom in die praktykteoretiese model wat in hierdie studie voorgestel word, is die gereformeerde kerklied. By 2.1.1 hierbo is daarna verwys dat die gereformeerde kerklied, net soos die gereformeerde erediens, sekere verstellings benodig, ten einde dit as 'n kragtige instrument te kan gebruik in die bewerking van versoening en eenheid in die land. Verstellings aan die kerklied en die gebruik daarvan kan alleen gedoen word indien die breë agtergrond van die erediens geskik is daarvoor. Indien die regte liturgiese omgewing in die erediens geskep word (soos hierbo aangetoon by 2.1.1.1) en die kerklied op die regte wyse aangewend word in die erediens, kan dit (met sekere verstellings) daartoe dien dat die voortgaande proses van versoening en eenheid daadwerklik gestalte kry in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.

Met die integrering van die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe in Hoofstuk 9, is tot die volgende konklusies met betrekking tot die gereformeerde kerklied gekom:

- Basisteorie:

  In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente (ook lidmate vanuit ander kulture) aktief kan deel hê aan die erediens. Die kerklied moet geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse beginsels daarvoor.

  Metateorie:

  Hoewel dit blyk dat gereformeerde kerkliedere vir lidmate uit 'n ander kultuur nie totaal ontoeganklik is nie, lei die min blootstelling aan mekaar se kulture en eredienste tog daartoe dat daar bepaalde struikelblokke is, waaronder die onbekendheid van die taal van die ander kultuur, asook die eiesoortige musiek en wyse van sing. Die Afrikaanse gemeentes van die GKSA gehoorsaam merendeels die bepalings van Calvyn met betrekking tot die kerklied, maar in die ander Afrikaanse gereformeerde kerke, asook in die Swart Gereformeerde kerke, is daar byna geen gemeente wat dieselfde doen nie.

- Basisteorie:

  Alle musiekgawes (ook dié van lidmate uit ander kulture) is gawes van die Gees en kan gebruik word om 'n legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens daar

te stel. Indien dit kundig ingespan word, kan die kerklied in 'n multikulturele konteks daartoe lei dat kulturele grense oorgesteek, versoening en eenheid bewerk word, en 'n sterk groepskohesie tot stand kom. So kan die eskatologiese visie van 'n nuwe verhouding met God en mekaar ook na die wêreld gekommunikeer word.

Metateorie:

Daar is merkbare verskille tussen die kerkliedere wat in die Westerse- en Afrikakulture van die GKSA gebruik word. Ook die wyse van sing verskil aansienlik. Tog is daar 'n wedersydse verryking van mekaar in die saamsing van mekaar se kerkliedere moontlik en kan 'n sterk groepskohesie op hierdie manier tot stand kom, wat die potensiaal het om na buite in die breër samelewing uit te kring.

Uit bogenoemde blyk dit dat die potensiaal van die kerklied om versoening en eenheid te bewerk, nie genoegsaam tot sy reg kom in die eredienste van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie. Indien die geheimenisvolle werking van die gereformeerde kerklied ten volle benut word en tot sy reg kom, beskik die gereformeerde kerke oor een van die kragtigste instrumente waarmee die boodskap van versoening en eenheid in Christus die gemeenskap ingedra kan word. Uit die basisteoretiese- en metateoretiese gegewens hierbo blyk dit egter dat daar eers sekere verstellings gemaak sal moet sodat die volle potensiaal van die gereformeerde kerklied benut kan word. Net soos met die kultuur van die mens oor die algemeen, is ook die kunste (en in besonder musiek en die lied van die mens) onderhewig aan die effek van die sondeval. Geen kunswerk of lied is volmaak nie. Ook met die kerklied is dit die geval. Elke komponis of skepper van 'n kerklied is 'n sondige mens wat onvolmaakte werk lewer. So ook is elke sanger van 'n kerklied 'n sondige mens wat 'n onvolmaakte uitvoering daarvan lewer. Net soos met die kultuur van die mens oor die algemeen die geval is (sien 2.3.1.2 by Hoofstuk 2 hierbo), is dit dus ook nodig dat die kerklied (in sy verskillende komponente) as onderdeel van die kultuur, voortdurend herskep word. Met die herskepping van die kerklied val die klem veral op die gebruik daarvan in die erediens, maar kom die styl en inhoud daarvan in bepaalde gevalle ook ter sprake. Christus se verlossingswerk maak dit moontlik dat voortdurende reformasie – ook met betrekking tot die kerklied - kan plaasvind.

Die verstellings aan die gereformeerde kerklied, wat in hierdie verband nodig is om gemaak te word, word vervolgens aangetoon. Omdat hierbo reeds genoem is dat met hierdie praktykteoretiese model van die uitgangspunt uitgegaan word dat dit van kardinale belang vir die totale sosiopolitieke situasie in Suid-Afrika is dat gereformeerde

lidmate vanuit die Westerse- en Afrikakulture toenemend in gesamentlike eredienste saamkom, word die aspekte waarna hieronder verwys word, telkens hanteer vanuit die perspektief van 'n gesamentlike, multikulturele gereformeerde erediens.

2.1.2.1. Die benutting van die krag van musiek en poësie in die kerklied

Wanneer mense van verskillende kulturele agtergronde bymekaar is, veroorsaak die problematiek van taal dikwels dat mense mekaar nie kan verstaan nie. Die gevolg daarvan is dieselfde as wat volgens Genesis 11 by die toring van Babel gebeur het toe die mense nog een kultuur gehad het, maar ongehoorsaam aan die Here was. Die Here het hulle taal só verwar dat dit gelei het tot grootskaalse misverstand, konflik en vervreemding (sien 2.3.1.5, asook 3.2.2.2 by Hoofstuk 2 hierbo).

Soos aangetoon in 3.7 by Hoofstuk 4 hierbo, bestaan die kerklied uit musiek (melodie) en poësie (teks). Beide die musiek en poësie oefen in eie reg 'n kragtige en geheimenisvolle pastorale invloed uit op die sanger en hoorder daarvan. Die effek hiervan word soveel sterker wanneer die poësie (teks) van die kerklied die blye boodskap van versoening in en deur Christus dra, terwyl dit versterk en aangevul word deur die musiek (melodie) wat daarby inpas in die regte woord-toon verhouding (sien Smit, 1999b:83 e.v.). Die teks en musiek word kunstig ineengevleg, op só 'n wyse dat die melodie die teks dra en na vore bring. Sodoende word die kerklied 'n kragtige instrument met 'n bepaalde pastorale en missionêre dimensie.

Hoewel dit so is dat enige normale mens musiek kan aanvoel (sien 3.1 by Hoofstuk 4 hierbo) en dit wel vir die mens moontlik is om sin te maak van musieksisteme van 'n vreemde kultuur, sonder dat die bepaalde kodes van hierdie sisteme eers aangeleer is (sien 3.8 by Hoofstuk 4 hierbo), is musiek steeds 'n produk van sosiale en kulturele prosesse en word dit binne 'n bepaalde kulturele konteks geskep en beoefen. Musiek is meer kultuur-spesifiek is as enige verbale taal en net soos wat 'n woordelikse vertaling vanuit een taal na 'n ander 'n uiters komplekse en ingewikkelde proses is, is dit 'n komplekse proses om musiek vanuit een kulturele konteks (of idioom) na 'n ander oor te "vertaal." Net soos taal kommunikeer verskillende musiekidiome die werklikheid elkeen op 'n unieke manier en is dit derhalwe in 'n groot mate moeilik verstaanbaar vir iemand wat nie deel is van die kultuur waarin die lied musiek ontstaan het nie.

Wanneer gelowiges vanuit die Westerse- en Afrikakultuur dus 'n bepaalde kerklied in die erediens saamsing, maar een van die elemente van die kerklied (hetsy die poësie of die musiek), of albei elemente daarvan, is net toeganklik vir diegene uit wie se kultuur die lied afkomstig is, word die kragtige gesamentlike werking van die poësie en musiek in die kerklied sodanig verskraal, dat die uitwerking daarvan op die gelowiges minimaal is. Dan word die kragtige werking wat die kerklied kan hê drasties ingekort en word afbreuk gedoen aan die vermoë wat die kerklied het om mense se diepste emosies te raak en op 'n affektiewe vlak 'n beduidende effek te hê. Die eindresultaat hiervan is dat die kerklied nie effektief gebruik kan word om die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus oor te dra nie. Ook word die kragtige pastorale werking van die musiek in die kerklied dan ook nie gebruik om 'n groepskohesie tot stand te bring en lidmate daartoe te bring om met 'n veranderde hartsgesindheid met mekaar om te gaan nie (sien 3.7.1 en 3.7.2 by Hoofstuk 4 hierbo).

Dit dien gemeld te word dat die kragtige werking wat die kerklied kan hê, ook verskraal word wanneer lidmate van dieselfde kultuur, maar wat nie dieselfde musikale agtergrond of opleiding het nie, kerkliedere in die erediens sing waarvan die musiekkomponent nie vir almal toeganklik is nie. Indien die musiek in die erediens en ook as onderdeel van die kerklied van so 'n aard is dat dit vir sekere lidmate nie toeganklik is nie, gaan die kragtige werking daarvan grootliks verlore en het dit nie die uitwerking wat dit behoort te hê op die totale gemeente nie, selfs al is die poësie (teks) daarvan wel toeganklik. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die kerkliedere van Afrikaanse gereformeerde kerke waarvan die musiekkomponent hoofsaaklik afkomstig is uit die erfenis van Europese kerkliedere van die Hervorming in die 17de eeu (die sogenaamde Geneefse melodieë). Vir lidmate wat nie aan die komplekse musiekkonvensies van daardie tydperk blootgestel is of daarin opgelei is nie, spreek die musiek en melodieë nie aan nie, al kan dit deeglik aangetoon word dat die musiek en melodieë van daardie tyd van die hoogste standaard en kwaliteit is (sien Smit, 1999b: 86-89). Die gevolg is dat die kerkliedere met hierdie tipe melodieë min uitwerking het op die deursnee lidmaat en dat die krag van musiek in die kerklied verskraal word.

Op dieselfde wyse word die krag van die poësie in die kerklied verskraal indien die poësie (teks) van die kerklied nie vir die deursnee lidmaat toeganklik is nie. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die beryming van die Psalms in Afrikaans, wat in 1936 deur die digter en teoloog J.D. du Toit (Totius), voltooi is en steeds in die

eredienste van veral die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) gebruik word. Hoewel die poëtiese digterlikheid en kwaliteit van die Totiuspsalms nie onder verdenking geplaas kan word nie, is die taalgebruik, asook poëtiese styl en register daarvan al minder toeganklik vir moderne Afrikaanse erediensdeelnemers (sien Smit, 1999b:84), waarvan veral die jeug boonop in 'n groot mate deel is van 'n eie subkultuur met 'n eie taalgebruik en kuns- en musiekidioom (sien 2.1.8.2 by Hoofstuk 6 hierbo). Die uiteindelike resultaat, wanneer uitsluitlik die Totiuspsalms in die erediens gebruik word, is dat die kragtige werking van die poësie verlore gaan, tesame met die geleentheid om die inhoud van die evangelie van versoening in Jesus Christus op hierdie wyse uit te dra. Dit spreek vanself dat die krag van die kerklied nog meer verlore gaan indien die poësie (teks) sowel as die musiek (melodie) van die kerklied nie vir die deursnee lidmaat toeganklik is nie.

Uit bostaande blyk dit dus duidelik dat daar bepaalde verstellings in die gereformeerde kerklied nodig is. Binne die konteks van 'n multikulturele erediens is dit dringend noodsaaklik dat gewerk sal word aan 'n situasie waar die deursnee lidmaat (van die Westerse- sowel as die Afrikakultuur) die kerkliedere wat in die erediens aan die orde kom, toeganklik sal vind wat sowel die poësie (teks) as die musiek (melodie) betref. Dit spreek vanself dat dit 'n moeilike en omvangryke taak is. Nie alleen sal dit behels dat kulturele verskille (in besonder in terme van taal en musiek) oorbrug sal moet word nie, maar dat ook gesamentlik na alternatiewe gesoek sal moet word, soos byvoorbeeld die keuse van kerkliedere uit ander kulture wat vir die deursnee lidmaat wel bekend is, of die gesamentlike skep van nuwe liedere wat toeganklik is vir die gemeente as geheel. Uiteindelik moet die doelwit wees om liedere in die erediens te hê waarvan die geheimenisvolle krag gebruik kan word om die boodskap van versoening, vergifnis en vrede in en deur Jesus Christus in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing uit te dra.

2.1.2.2. Die toespitsing van die gereformeerde kerklied op die pastorale en missionêre dimensies van die erediens

By 2.1.1.1 hierbo is aangetoon dat daar in die inkleding gereformeerde erediens 'n bepaalde leemte bestaan met betrekking tot die pastorale en missionêre gerigtheid wat dit volgens die Bybelse beginsels vir die erediens behoort te hê. Een van die moontlike aanleidende oorsake hiervan is dat daar nie in die gereformeerde kerklied genoegsaam op hierdie aspekte toegespits word nie. Net soos die geval is met die totaliteit van die erediens, is dit belangrik dat ook die kerklied relevant en kontekstueel moet wees (sien 3.6 by Hoofstuk 4 hierbo). Die

relevansie en kontekstualiteit van die kerklied moet nie alleen in die styl en vormgewing daarvan na vore kom (soos aangetoon in 2.1.2.1 hierbo) nie, maar ook die inhoud en temas wat daarin na vore kom. Die kerklied het nie alleen die funksie om lof, eer en aanbidding aan God toe te sing in die erediens nie. Soos aangetoon by 3.6 by Hoofstuk 4 hierbo, het die kerklied ook die funksie om te dien tot pastorale versorging, genesing, opbou in die geloof, lering en profesie. Hiervoor is dit uiteraard nodig dat juis ook temas wat te doen het met die konteks waarbinne die gelowiges elke dag leef en werk, aan die orde moet kom. Die kerk moet kan sing oor alles waarmee in die werklikheid te doen gekry word. Dit wat nie gesing word nie, en waartoe nie opgeroep word nie, realiseer nie in die lewe van lidmate nie.

Binne die multikulturele Suid-Afrikaanse konteks, met die eiesoortige sosiopolitieke geskiedenis en voortvloeiende omstandighede, is dit van kardinale belang dat daar kerkliedere sal wees wat die verskillende aspekte van hierdie situasie aanspreek. Temas soos:

- die akkommodering van mekaar in liefde (al bestaan daar kulturele verskille)
- die proses van versoening in Christus en hoe dit in die daaglikse lewe gestalte gegee kan word
- berou en vergifnis teenoor mekaar
- transformasie
- restourasie
- die profetiese taak van gelowiges in die huidige samelewing, ensomeer,

behoort in sodanige kerkliedere vervat te wees. Wanneer oor hierdie aspekte gepreek word, word lidmate in 'n groot mate aangespreek en opgeroep tot 'n bepaalde hantering van die saak. Wanneer dit egter in 'n lied (wat toeganklik is vir alle deelnemers aan die erediens) saam gesing word, kom die kragtige werking van poësie en musiek in die kerklied tot aksie en word die diepste binneste van elkeen op 'n geheimenisvolle wyse aangegryp en getransformeer.

Soos wat by 2.1.2.1 hierbo aangetoon is, is dit uiteraard ook in die geval van nuwe kerkliedere onontbeerlik dat sowel die poësie (teks) as die musiek (melodie) toeganklik sal wees vir al die deelnemers aan die erediens.

2.1.2.3. Aanvulling van leemtes wat met betrekking tot die kerklied bestaan

'n Verdere aspek van die gereformeerde kerklied wat verstelling nodig het, is dat die leemtes wat in die kerklied bestaan, aangevul of reggestel moet word. In Hoofstuk 8 (by 3.4.3.2.9) is aangetoon dat daar by sowel gereformeerde lidmate van die Westerse- as die Afrikakulture 'n behoefte bestaan om sekere leemtes met betrekking tot die kerklied en die sing daarvan aan te vul. By 3.3 in Hoofstuk 8 is aangetoon dat die verskille wat daar tussen lidmate van hierdie twee prominente kulture bestaan met betrekking tot die kerklied en die sing daarvan, herlei kan word na die beginsel van 1 Korintiërs 14 :15. In hierdie teksgedeelte verwys Paulus na die fyn balans tussen gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) wat nodig is wanneer saam gebid of gesing word. 'n Ontleding van die verskille tussen die Westerse- en Afrikakulture (sien 3.3 tot 4 by Hoofstuk 6) toon dat daar bepaalde beklemtonings sowel as leemtes in elkeen van die kulture bestaan. Die tradisionele Afrikakultuur lê 'n sterk klem op die religieuse of geestelike dimensie van mens-wees, wat na vore kom in die beklemtoning van holisme, die metafisiese, die Godsbeskouing asook die gebruik van kuns en musiek. Dit lei daartoe dat die lede van die Afrikakultuur oor die algemeen warmer, meer persoonlik, emosioneel, affektief en ekspressief voorkom as diegene uit die Westerse kultuur. Die leemtes wat in die Afrikakultuur geïdentifiseer kan word, is hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan 'n rasionele benadering in die lewensbeskouing. Hierdie leemte kan egter grootliks aangevul word deur die beskouings in die Westerse kultuur, wat juis hoofsaaklik gebou is op die rasionele vermoëns van die mens. Tiperend van die Westerse kultuur is egter die oorbeklemtoning van die rede van die mens, ten koste van die geestelike aspekte van mens-wees. Daar is 'n fokus op objektiewe en universele waardes, en min waarde word geheg aan die spirituele aspekte van die werklikheid. In hierdie leemte kan die Westerse kultuur op sy beurt weer aangevul word deur die benadering van die Afrikakultuur waarin die geestelike dimensie sterk na vore kom.

Bogenoemde uiteensetting kan ook van toepassing gemaak word op elke kultuur se benadering tot die kerklied en die sing daarvan. Die empiriese ondersoek wat geloods is in Hoofstuk 8, toon aan dat daar in die Westerse konteks oor die algemeen (en in die erediens in die besonder), wat die wyse van sing betref, 'n fokus is op die rasionele, en 'n gebrek aan 'n spirituele benadering. Kerkliedere word nie in alle gevalle gesing met oorgawe en asof dit diep uit die hart kom nie. Dit word eerder as 'n intellektuele oefening benader. Hierdie leemte in die

Westerse komponent van die gereformeerde kerke kan aangevul word deur die benadering van die Afrikakultuur waarin juis 'n klem gelê word op die spirituele en emosionele belewing in die sing van kerkliedere. Wat die kerkliedere van gereformeerde kerke uit die Afrikakultuur betref, is daar op sy beurt bepaalde vrae oor die dogmatiese suiwerheid van veral die inhoud en teks van die liedere. Hierdie leemte kan aangevul word deur die meer rasionele benadering wat deur gelowiges uit die Westerse kultuur gevolg word. Dit blyk dus dat lidmate vanuit hierdie twee verskillende kulture veel het om mekaar te bied, sodat daar binne die gereformeerde konteks wedersydse verryking en verdieping in elkeen se kerkliedere en die sing daarvan kan wees.

Binne die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks, en spesifiek die gereformeerde konteks, is dit van groot belang vir sowel lidmate van die Westerse- as die Afrikakulture om gereeld daadwerklik blootgestel te word aan mekaar se eredienste en die sing van kerkliedere as deel daarvan. Sodoende kan die bepaalde leemtes wat daar met betrekking tot die kerklied by elkeen bestaan, aangevul en verryk word deur dit wat die kerke van die ander kultuur bied.

Dit dien gemeld te word dat in die teksgedeelte van 1 Korintiërs 14:15 geen sprake is van die uitsluiting van een van die aspekte waarna Paulus verwys ten koste van die ander nie. Beide gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) is gesamentlik, in 'n fyn balans nodig wanneer saam gebid of gesing word. Die kerk van die Here kan nie sonder een van hierdie aspekte nie. Daarom moet die een nie bo die ander verhef word nie, maar moet gesoek word na die fyn balans wat daar tussen die twee aspekte moet wees in die gereformeerde kerklied.

2.1.2.4. Uitbreiding van die beginsels wat gestel word as riglyne vir die gereformeerde kerklied

Uit bostaande blyk dit duidelik dat die gereformeerde kerklied in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing alleen 'n bydrae kan lewer tot versoening en eenheid indien daar uitbreiding en ontwikkeling plaasvind in terme van die inhoud en gebruik van die kerklied. Verstellings met betrekking tot die inhoud en tema van die gereformeerde kerklied sowel as die aanvul van leemtes, impliseer dat die huidige liedereskat van die gereformeerde kerke sekere uitbreiding en ontwikkeling moet ondergaan. Met sowel gereformeerde kerke uit die Westerse- as die Afrikakulture is dit die geval.

Om die genoemde uitbreiding en ontwikkeling te kan ondergaan, is dit nodig dat die aanvaarde beginsels wat in elke kerkverband gestel word ingevolge waarvan besluit word oor die gebruik van sekere kerkliedere in die erediens al dan nie, geherformuleer moet word. In Hoofstuk 8 (by 3.1 en 3.2) is aangetoon dat daar tans nie ooreenstemming is tussen die verskillende Afrikaanse gereformeerde kerkverbande in terme van die beginsels wat as norm vir die kerklied aanvaar word nie. Veral wat die inhoud en temas daarvan betref, is daar uiteenlopende standpunte. Tussen die gereformeerde kerke van die Westerse- en die Afrikakulture is daar eweneens nie ooreenstemming met betrekking tot die beginsels waarvolgens besluit word watter kerkliedere in die erediens gebruik word al dan nie. Met inagneming van die nodigheid van 'n fokus op sowel die pastorale as die missionêre dimensie van die kerklied in die erediens, asook die verskillende leemtes van die Westerse- en Afrikakulture wat aanvulling nodig het, kan 'n herformulering van beginsels vir die kerklied daargestel word. In hierdie herformulering kan kontekstuele kerkliedere, wat voldoen aan die oproep van 1 Korintiërs 14:15 (waarin 'n gesamentlike gebruik van die gees (πνεῦμα) en verstand (νοῦς) na vore kom), as vereiste gestel word.

Soos aangetoon in 3.1 tot 3.6 by Hoofstuk 4 hierbo, moet verandering (ook in terme van die beginsels of voorwaardes vir die kerklied) altyd binne die breë raamwerk wees van dit wat die Here in sy Woord neerlê as beginsels vir die erediens en die kerklied. Vir gereformeerde kerke van die Westerse kultuur is aspekte soos ondermeer verskillende instrumente wat as begeleiding van die sang gebruik word, dans (liggaamlike beweging) wat met die sang gepaard, die gebruik van 'n gemeentekoor ensomeer van die verdere veranderings wat oorweeg kan word en waarvoor in die neerlê van beginsels vir die kerklied voorsiening gemaak kan word. In alle gevalle is dit nodig dat dit wat as 'n breë beginselraamwerk in die Bybel voorkom, geïdentifiseer, ondersoek en toegepas moet word en dat onder geen omstandighede buite hierdie raamwerk beweeg mag word nie. Waar daar egter wel ruimte gegee word vir verskeidenheid, aanvulling en verryking, lê dit nie op die weg van die kerk om enger te wil optree as wat die Here self in sy Woord toelaat nie.

2.1.2.5. Die uitwerking van die erediens en kerklied na buite

Indien bogenoemde verstellings aan die erediens en die kerklied gemaak is, is die bydrae wat die gereformeerd kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika kan lewer egter nog nie gewaarborg nie. Indien daar

geen uitwerking vanaf die gereformeerde eredienste (en die sing van gerigte kerkliedere daarin) tot die breë samelewing is nie, versaak die kerk sy roeping om 'n leidende rol te speel in die bediening van die versoening in Suid-Afrika. Hieruit volg dit dat die gereformeerde kerke maniere moet vind om dit wat in die erediens gestalte vind en in besonder deur middel van die saamsing van kerkliedere in die harte van lidmate (van die Westerse- sowel as die Afrikakulture) gewerk word, uit te dra en deur te dra na die breër samelewing waarin die lidmate woon en werk. Die lied in die harte en op die lippe van die lidmate moet as 't ware 'n lied word waardeur die blye boodskap van versoening in en deur Christus in die hande en met die voete die wêreld ingedra word.

2.1.2.6. Konklusie oor verstelling aan die gereformeerde kerklied

Die volgende konklusie kan gemaak word oor verstelling aan die gereformeerde kerklied wat nodig is as deel van 'n nuwe pratykteoretiese model:

- Wanneer die regte liturgiese omgewing in die erediens geskep word en die kerklied op die regte wyse aangewend word in die erediens, kan dit daartoe dien dat die voortgaande proses van versoening en eenheid daadwerklike gestalte kry in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.
- Gegewens wat uit die basisteorie en die metateorie verkry is dui daarop dat die potensiaal van die kerklied om versoening en eenheid in die gemeenskap te bewerk, nie genoegsaam tot sy reg kom in die eredienste van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie.
- Ten einde die volle potensiaal van poësie en musiek in die kerklied te kan ontgin, is dit belangrik dat die deursnee lidmaat in multikulturele eredienste die poësie (teks) sowel as die musiek (melodie) toeganklik sal vind.
- Die gebrek aan toespitsing op die pastorale- sowel as die missionêre dimensies van die erediens kan reggestel word deur onder meer nuwe kerkliedere daar te stel wat kontekstueel is en relevant is vir die eiesoortige sosiopolitieke omstandighede van die Suid-Afrikaanse samelewing.
- Leemtes wat daar by gelowiges van die Westerse kultuur bestaan in terme van die wyse waarop gesing word, sowel as by die Afrikakultuur in terme van die inhoud van die kerkliedere, kan wedersyds aangevul word wanneer lidmate van die verskillende kulture gereeld blootgestel word aan mekaar se eredienste en sing van kerkliedere.


- Die wedersydse aanvulling van leemtes soos hier bo genoem kan lei tot die uitbreiding van die beginsels wat gestel word as riglyne vir die inhoud en aanwending van die gereformeerde kerklied in die erediens. Aspekte soos die gebruik van ander musiekinstrumente as bloot die orrel vir die sangbegeleiding, liggaamlike beweging terwyl gesing word, die aanwending van 'n gemeentekoor ensomeer kan hier ter sprake kom.
- Omdat die kerk die opdrag het om 'n leidende rol te speel in die bewerking van versoening en eenheid in die wêreld, het ook die gereformeerde kerke die verantwoordelikheid om maniere te vind waardeur dit wat in multikulturele eredienste en deur die saamsing van kerkliedere bewerk word, deur te dra na die breër samelewing waarin die lidmate woon en werk.

2.1.3. Grafiese voorstelling

'n Grafiese voorstelling van die praktykteoretiese model wat hierbo bespreek is, word hieronder gegee (2.1.4 Figuur 1). In die model word aangetoon hoe die gereformeerde kerklied, as deel van die gereformeerde erediens, kan dien tot versoening en eenheid tussen gelowiges van verskillende kulturele agtergronde (in besonder die Westerse- en Afrikakulture), om uiteindelik 'n uitwerking te hê op die breër multikulturele Suid-Afrikaanse gemeenskap, sowel as die verskillende gemeenskappe van Afrika as geheel.

Die pyle wat vanaf die kerklied na die lidmate wys, en terug, dui op die wedersydse verryking en beïnvloeding wat die kerklied en die verskillende kulturele agtergronde van die gelowiges in die erediens op mekaar het. Die swart en wit figure wat met hulle gesigte na mekaar kyk, dui aan dat versoening en eenheid deur middel van die krag van die kerklied in die erediens tot stand kom tussen gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture. Die pyle wat van die erediens na die multikulturele Suid-Afrika wys, dui op die uitwerking wat versoening en eenheid vanuit die gereformeerde erediens op die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap het. Die pyle wat van die multikulturele Suid-Afrikaanse gemeenskap na die kontinent van Afrika wys, dui op die effek wat die proses van versoening en eenheid in Suid-Afrika op die Afrikakontinent as geheel kan hê.

2.1.4. Figuur 1


VERSOENING
GEREFORMEERDE EREDIENS
WESTE
AFRIKA
AFRIKA
WESTE
KERKLIED
VERSOENING
EENHEID
EENHEID
MULTIKULTURELE SUID-AFRIKA

3. Praktiese aanbevelings

Sonder praktiese aanbevelings is praktykteoretiese voorstelle nie veel werd nie en bly dit alleen maar teorieë. Derhalwe word die volgende gedeelte gewy aan bepaalde praktiese voorstelle en aanbevelings waardeur die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika geoptimaliseer kan word.

3.1. Praktiese aanbevelings met betrekking tot die verstelling van die gereformeerde erediens

3.1.1. Verandering van gerigtheid met betrekking tot die aard en wese van die gereformeerde erediens

By 3.1 hierbo is duidelik aangetoon dat die gereformeerde erediens bepaalde verstellings nodig het, ten einde die kragtige werking van die kerklied vir die bewerking van versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing optimaal daarin te kan benut. Wat die verstelling van die gereformeerde erediens betref, is hierbo verder aangetoon dat daar, met betrekking tot elkeen van die aspekte waarmee die aard en wese van die erediens omlyn word, 'n gebrek is aan 'n gerigtheid tot mekaar en die wêreld. Daar word alleen gefokus op die eie ek en die in-groep waaraan ek behoort, terwyl diegene van 'n ander kulturele agtergrond merendeels buite rekening gelaat word. Tesame met die uitwerking wat die beleid van apartheid gehad het (terwyl die nagevolge daarvan nog steeds sigbaar is op die samelewing) het die genoemde gebreke in die gereformeerde erediens daartoe gelei dat die gereformeerde kerke in 'n multikulturele Suid-Afrika nie hulle roeping nagekom het om leiding te neem in die bewerking van versoening en eenheid nie. 'n Nuwe praktykteorie is daargestel waarvolgens die gerigtheid van die gereformeerde erediens (in terme van die aspekte wat die aard en wese van die erediens omlyn) verander word sodat daar 'n bykomende fokus is op die naaste en die wêreld.

Ten einde die gerigtheid van die gereformeerde erediens sodanig te verander dat daar 'n bykomende fokus is op die naaste en die wêreld, word aanbeveel dat die verskillende elemente vir die inkleding van die erediens sodanig aangepas word, dat die fokus toenemend val op die naaste en die wêreld. Volgens 2.2 by Hoofstuk 4 hierbo, dien die volgende indeling as goeie vergestalting van die aard en wese van die erediens:

- Ontmoetingsdiens (Introïtus)
  - votum (uitgespreek of gesing)
  - seëngroet
  - loflied
  - geloofsbelydenis (voorgelees of gesing)

- Verootmoedigings- en Versoeningsdiens
    - afkondiging van die wet
    - skuldbelydenis van die gemeente (lied of Skriflesing)
    - vryspraak van God (lied of Skriflesing)

- Woorddiens
    - gebed om verligting van die Heilige Gees (epiklese)
    - selfstandige Skriflesing
    - Skriflesing waaruit die prediking voortvloei
    - prediking
    - sakramente (nagmaal en/of doop waar van toepassing)

- Antwoorddiens
    - die "amen" van die gemeente (uitgespreek of gesing)
    - antwoordgebed deur 'n voorganger
    - aanbidding of respons deur middel van die lied
    - liefdegawe

- Wegstuurseën

Met die waarskuwing dat dit uiteraard nie die doel sal dien indien elke element van elke erediens uitsluitlik op die belangrikheid van versoening en eenheid in die land fokus nie, en fyn diskresie deur die liturg dus in hierdie verband nodig is, kan die volgende praktiese aanbevelings gemaak word in terme waarvan die inkleding van die erediens 'n sterker fokus op die naaste en die wêreld kan hê:

<u>Ontmoetingsdiens:</u>

- 'n Nuwe geloofsbelydenis, met 'n definitiewe kontekstuele fokus waarin die historiese asook die huidige sosiopolitieke situasie van Suid-Afrika aan die orde kom, kan saamgestel en hier gebruik word. So 'n nuwe belydenisskrif moet uiteraard nie net vanuit die perspektief van een van die twee prominente kulture in Suid-Afrika aangebied word nie, maar moet 'n neutrale, gesamentlike en gemeenskaplike kontekstuele belydenis wees oor die sosiopolitieke situasie in die land en dit wat die Here volgens sy Woord van sy kerk vereis in hierdie situasie.
- Nuwe kerkliedere waarin dieselfde fokus en tema as hierbo genoem is, kan geskep word en gebruik word, ter aanvulling van die belydenis.

Verootmoedigings- en versoeningsdiens

- Die afkondiging van die wet en skuldbelydenis van die gemeente kan skerper afgestem word teen die agtergrond van die beleid van apartheid en die gevolge daarvan vir die verskillende gemeenskappe in die land. Nuwe klem kan gelê word op die opdrag tot naasteliefde, die bevordering van die belange van die naaste asook die opdrag om die versoening en eenheid met Christus te laat uitkring in alle lewensfere.
- Die verkondiging of herbevestiging van die vryspraak wat God gee, kan eweneens afgestem word op die besondere sosiopolitieke situasie in die land en die oproep kan gemaak word om juis op grond van die vryspraak van God te reageer deur uit dankbaarheid mee te werk aan die voortgaande proses van versoening en eenheid in Suid-Afrika.

Woorddiens

- In die Skriflesing en prediking kan sterker gefokus word op die taak en roeping van die kerk binne die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing wat steeds ly onder die gevolge van die beleid van apartheid. Met grondige Skrifuitleg kan ook praktiese riglyne gegee word waarvolgens lidmate kan meewerk tot die voortgaande proses van versoening en eenheid in die land.
- In die bediening van die sakramente kan veral by die nagmaal sterker gefokus word op die eenheidskarakter van die nagmaal en die verantwoordelikheid wat die kerk hiervolgens het om (ook) oor kulturele grense in liefde om te gaan met medegelowiges, maar ook met nie-gelowiges in die land.
- In die gebruik van die formuliere (byvoorbeeld die formulier vir die aflegging van geloofsbelydenis) kan 'n sterker kontekstuele inhoud ingewerk word, waar elke jong belydende lidmaat homself verbind daartoe om, ook met betrekking tot die roeping van die kerk in die samelewing, aktief mee te werk tot die proses van versoening en eenheid wat in die Suid-Afrikaanse samelewing aan die gang is.

Antwoorddiens

- Die antwoordgebed van die voorganger kan sterker daarop afgestem wees om skuld oor die gebrek aan versoening en eenheid in die land te bely asook die verbintenis te verwoord om opnuut daaraan mee te werk dat versoening en eenheid 'n werklikheid in die land word.
- Met die insameling van die liefdegawes kan 'n groter kontekstuele fokus daarop laat val word, deur pertinent daarop te wys dat die opbrengs daarvan bestem

word vir byvoorbeeld 'n bepaalde projek wat ten doel het om versoening en eenheid in Suid-Afrika op een of ander wyse te bewerk.

Wegstuurseën

- Wanneer die gemeente aan die einde van die erediens die wêreld ingestuur word met die seën van die Here, kan die fokus pertinent daarop val om elkeen weereens op te roep daartoe om met die seën van die Here te gaan meewerk aan versoening en eenheid in die land.

Ter bevestiging van die fokus op die naaste en die wêreld, kan liedere wat spesifiek daarop gerig is, in die erediens gesing word ten einde die boodskap daarvan in die harte van die deelnemers aan die erediens vas te maak.

3.1.2. Blootstelling aan mekaar en wedersydse verryking van mekaar deur gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens

'n Verdere verstelling wat volgens hierdie praktykteoretiese model gemaak moet word, is dat gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture groter blootstelling aan mekaar in die erediens moet hê, sodat daar wedersydse verryking van mekaar se kulture en eredienste kan wees. Hierdie tipe van interaksie kan uiteraard nie plaasvind indien daar (soos tans oorwegend die geval is) nie werklik sprake is van gesamentlike eredienste tussen gereformeerde gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture nie. Dit is dus van groot belang dat daadwerklik daartoe gewerk word dat meer geleenthede geskep word waar gereformeerde lidmate van beide hierdie kulture saamkom in die erediens.

Waar daar nog nie werklik eenheid tussen gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture is op kerklike vlak nie (soos byvoorbeeld in die NG Kerk – sien 2.6.1 by Hoofstuk 8 hierbo), moet met nog meer erns en doelgerigtheid daartoe gewerk word. Voorbidding moet vir kerkleiers van albei kulture gedoen word en hulp moet aangebied word, sodat kerkeenheid onder gereformeerde gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture nie bloot 'n ideaal bly nie, maar 'n definitiewe werklikheid word in Suid-Afrika. Waar daar reeds besluite geneem is wat kerkeenheid aanhelp en moontlik maak (soos byvoorbeeld in die geval van die GKSA – sien 2.7.1 by Hoofstuk 8 hierbo) moet met ywer en entoesiasme gewerk word om die besluite daadwerklik deur te voer. Ten einde lidmate bewus te maak van die eiesoortigheid van ander kulture en ook 'n nuwe deernis en akkommodering van ander kulture by lidmate te kweek, kan dit die moeite loon om met 'n reeks gestruktureerde projekte te begin waarvolgens lidmate by toerustingsgeleenthede ingelig word oor die besondere eienskappe van ander kulture. Inligtingsessies waarin die taal,

musiek, geskiedenis, stories, gebruike, toekomsdrome ensomeer van die verskillende kulture bekend gestel word, kan gehou word. Sodoende kan vanuit die agtergrond van strukturele eenheid binne die groter kerkverband voortgegaan word om ook op gemeentevlak te werk aan eenheid onder gereformeerde gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture, sodat gesamentlike eredienste toenemend gehou kan word. Die regte geestelike ingesteldheid en biddende navolg van die Heilige Gees is hiervoor onontbeerlik.

Wanneer gereformeerde lidmate van die Westerse- en die Afrikakultuur op hierdie wyse blootgestel word aan die besondere benadering wat elke kultuur het, veral ook ten opsigte van geloof en die koninkryk van God, kan die wedersydse wantroue en vervreemding wat as gevolg van die jarelange beleid van apartheid tot stand gekom het, gaandeweg uit die weg geruim word en kan wedersydse verryking van mekaar se geloof en die uitlewing daarvan oor tyd plaasvind. Waar aanvanklik net by sekere geleenthede gesamentlike eredienste gereël word, kan dit mettertyd uitgebrei word sodat dit meer gereeld plaasvind. Hoewel dit moontlik is dat verskeie praktiese en logistieke probleme kan ontstaan (soos byvoorbeeld vervoer na die plek van samekoms ensomeer), behoort vroegtydig hiervoor voorsiening gemaak te word in die begroting van die gemeentes wat hierin leiding neem.

Goosen (2003:147-150) doen die volgende praktiese wenke aan die hand om onderlinge eenheid tussen verskillende Christelike denominasies te bewerk:

- gesamentlike gebed en voorbidding vir mekaar;
- bywoon van mekaar se eredienste;
- gesamentlike Bybelstudie en gespreksgroepe;
- gesamentlike eredienste;
- gesamentlike sosiale werksaamhede en ander aktiwiteite;
- gesamentlike geldinsamelings geleenthede;
- bydraes vir ekumeniese hulpverleningsorganisasies;
- inteken op 'n ekumeniese tydskrif.

Sekere van hierdie praktiese werkswyses kan myns insiens ook gevolg word wanneer met gelowiges en gemeentes van 'n ander kulturele agtergrond kontak gemaak wil word. Gevolglik word die volgende praktiese aanbevelings aan die hand gedoen, wat in hierdie verband toegepas kan word:

- binne Klassisverband (of Ringverband) kan gesamentlike byeenkomste gereël word, buiten eredienste, vir gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture;
- jeugwerk kan gekombineer word, sodat die gereformeerde jongmense van sowel die Westerse- as die Afrikakultuur saamkom in jaarlikse jeugkampe, belydenisklas afrondingskampe, weeklikse byeenkomste, ensomeer;
- 'n spesiale afdeling kan in katkisasiehandleidings ingevoeg word waar die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika vanuit die Bybelse perspektief behandel word, en waarin toerusting vir jong gereformeerde gelowiges gegee word met betrekking tot die roeping van die kerk tot versoening en eenheid;
- kerklike feesdae, soos Goeie Vrydag, Opstandingsondag, Hemelvaartdag, Pinkster, Hervormingsondag, Kersdag ensomeer kan spesifiek ingerig word as gesamentlike eredienste waarin gereformeerdes van die Westerse- en die Afrikakultuur saamkom;
- 'n bykomende feesdag, wat afgestem word spesifiek op die Suid-Afrikaanse situasie, kan ingerig word as 'n Dankseggingsondag, waarin gesamentlik in eredienste bymekaar gekom word en die vredevolle oorgang na 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika in herinnering kom, terwyl die roeping van die kerk tot die voortgaande proses van versoening en eenheid in die fokus gebring word;
- toerustingsgeleenthede waar gefokus word op die verskillende benaderings en beklemtonings van die Westerse- en Afrikakulture, sowel as die onderskeie leemtes en die moontlikheid dat hierdie leemtes wedersyds deur mekaar se kultuureie aangevul kan word (sien 3.3 tot 4. by Hoofstuk 6 hierbo), kan op gereelde basis aangebied word. Vir volgehoue integriteit is dit van groot belang dat die verskillende benaderings en beklemtonings van elke kultuur aangebied word deur 'n lid van daardie kultuur, teen die agtergrond van beginsels in die Wood van God.

Wat die inrig van die gesamentlike eredienste betref, werk Moeller (1998:147) met 'n konsep waarvolgens 'n verteenwoordigende groep (van die verskillende kulture) betrek word om gesamentlike beplanning vir die erediens te doen. Die teks word gekies, raakpunte met die lewe van vandag word gesoek, eie betekenis vir die lewe van vandag word geformuleer, die verpakking waarin die boodskap oorgedra gaan word, word bepaal en sorg word gedra dat die gemeente geaktiveer word om die boodskap in woord en daad die wêreld in te dra. Dit is uiteraard van groot belang dat die verskillende perspektiewe van gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture deeglik (en in fyn balans) in berekening gebring word. In 'n proses van onderhandeling moet besluite geneem word

oor byvoorbeeld die taalmedium waarin die erediens aangebied word (hetsy elke aspek deurentyd getolk gaan word, hetsy afgewissel gaan word, hetsy 'n derde gemeenskaplike taal gebruik gaan word), die liedere wat gesing gaan word, die begeleiding wat saam met die liedere gebruik gaan word ensomeer. In alles moet die fokus wees op die effektiewe kommunikering van die waarheid van die Woord van God en met die klem daarop om wedersydse begrip, akkommodering en verryking van mekaar te bevorder.

Matsumoto & Juang (2004:466) waarsku tereg dat daar nie vanuit enige oogpunt sprake moet wees van paternalisme nie, en dat die doelwit moet wees om iets van mekaar se unieke benadering in die gelowige omgang met God en sy Woord te probeer vergestalt. Vir die aanvaarding van mekaar en die aankweek van deernis en respek vir mekaar, is dit belangrik dat onderlinge verskille raakgesien word en dat gepoog word om elkeen se eiesoortige benadering te verstaan, terwyl mekaar se integriteit en welwillendheid bo verdenking geplaas word. Lidmate moet voortdurend daarop gewys word dat wedersydse verryking en gevolglike versoening en eenheid in Christus een van die fokuspunte van sodanige gesamentlike byeenkomste is. Ook White (1990:38) se waarskuwing dat hierdie tipe verstelling aan die erediens 'n stadige proses is, wat moontlik kan lei tot meer komplekse en diverse eredienste as wat tans die geval is, moet deeglik in berekening gehou word, hoewel voortdurend gepoog moet word om die klem te laat val op eenvoud, verstaanbaarheid en effektiewe kommunikasie.

Teen die agtergrond van hierdie studie is dit uiteraard van groot belang dat die saamsing van kerkliedere in die sentrum sal staan van elkeen van hierdie gesamentlike geleenthede wat gereël word, sodat die kragtige werking van die poësie (teks) en musiek (melodie) daarin na vore kan kom. Indien dit op groter skaal toegepas word, kan die werkswyse wat in hierdie studie gevolg is met die empiriese navorsing (sien 3.4.1 by Hoofstuk 8 hierbo), bruikbaar wees om versoening en eenheid te bewerk tussen gereformeerde gelowiges van die Westerse- en die Afrikakulture. Die uitkomste van die empiriese ondersoek, veral in terme van die effek wat die saamsing van mekaar se kerkliedere op die respondente gehad het (sien 3.4.2 tot 3.4.3 by Hoofstuk 8), is 'n goeie aanduiding van die bruikbaarheid van hierdie werkswyse. Om die krag van poësie (teks) en musiek (melodie) vir die bewerking van versoening en eenheid binne hierdie konteks te optimaliseer, is dit egter nodig om sekere verstellings in die gereformeerde kerklied aan te bring. Praktiese aanbevelings in terme van die liedere wat saamgesing word en die wyse waarop dit gedoen word, word by 3.2 hieronder gegee.

3.1.3. Konklusie oor praktiese aanbevelings met betrekking tot die verstelling van die gereformeerde erediens

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die praktiese aanbevelings met betrekking tot die verstelling van die gereformeerde erediens:

- Ten einde die gerigtheid van die gereformeerde erediens sodanig te kan verstel dat dit nie bloot na binne gerig word op die in-groep van 'n bepaalde kultuur nie, kan elke element van die erediens verander word dat daar ook gefokus word op die naaste en die wêreld.
- Wedersydse blootstelling aan mekaar en verryking van mekaar in die erediens kan bewerk word wanneer ruimte gegee word vir die eiesoortige benadering wat gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture met betrekking tot die erediens en die kerklied het. Hiervoor kan die inkleding van eredienste en ander samekomste gereël word deur verteenwoordigers van elke kultuur, wat gesamentlik beplan en voorstelle oorweeg vir elke geleentheid.

3.2. Die verstelling van die gereformeerde kerklied

Wanneer die kerk in die erediens saamkom, dien musiek by uitstek daartoe om die ontmoeting met God en mekaar op 'n dieper vlak te laat plaasvind (sien 3.1 by Hoofstuk 4 hierbo). Veral wanneer die erediensdeelnemers geskikte kerkliedere saamsing, wat vir almal toeganklik is, kom die kragtige werking van poësie (teks) en musiek (melodie) na vore en word elkeen op intellektuele sowel as affektiewe vlak geraak. Sodoende word elkeen se belewing van die totale erediens geïntensiveer en is daar 'n merkbare pastorale uitwerking op elkeen wat deel is van sodanige erediens.

3.2.1. Proses van onderhandeling oor die gebruik van kerkliedere

Die vraagstuk oor die gebruik van kerkliedere in 'n multikulturele erediens kan nie anders as deur middel van 'n proses van onderhandeling hanteer word nie. Hiervoor is dit van groot belang dat alle rolspelers betrek word en dat lidmate van sowel die Westerse- as die Afrikakulture aktief deel sal wees van die proses. Dit moet 'n gesamentlike proses wees wat op 'n onderhandelingsgrondslag plaasvind. Oliphant (1993:162) toon aan dat konsultasie en samewerking een van die belangrike uitgangspunte is en dat alle betrokkenes betrek en gekonsulteer moet word. Elkeen moet vrymoedigheid gegee word om hom-/haarself oop te maak vir die ander en vryelik aan die proses deel te neem, tot voordeel van die totale groep. Geen lid moet op enige stadium vervreemd of onbevoeg voel nie.

In so 'n proses van onderhandeling kan bydraes vanuit die verskillende kulture met betrekking tot die gebruik en keuse van kerkliedere vir die erediens egter alleen oorweeg word indien vooraf ooreenstemming bereik is oor die Bybelse beginsels wat dien as breë raamwerk vir die erediens en die gebruik van die kerklied as deel daarvan. Grondige studie oor die aard en wese van die erediens asook die plek en funksie van die kerklied as deel van die erediens, moet gesamentlik vooraf gedoen word deur die betrokkenes by hierdie proses. Op hierdie stadium moet daarteen gewaak word dat gelowiges van die een kultuur (bewustelik of onbewustelik) poog om paternalisties of voorskriftelik op te tree teenoor dié van die ander kultuur (sien 2.3 asook 2.6 by Hoofstuk 4 hierbo). Konsensus en wedersydse instemming met betrekking tot die beginsels in die Woord van die Here is hier van uiterste belang.

In die empiriese ondersoek wat in Hoofstuk 8 hierbo opgeteken is, word duidelik aangetoon dat die taal waarin die teks van 'n bepaalde kerklied geskryf is, toeganklikheid vir gelowiges van ander kulture kan belemmer (sien 3.4.3.2.7 by Hoofstuk 8 hierbo). Corbitt (1998:72) se aanbeveling is dat in die geval van 'n taalprobleem aanvanklik die weg opgegaan word dat elke kultuurgroep in die erediens kans gegee word om die kerkliedere in hulle eie taal sing, terwyl dit getolk en vertaal word vir die gelowiges van die ander kultuur, wat hierdie liedere op hulle beurt aanhoor en met verloop van tyd aanleer. Daarmee saam beveel hy aan dat gesoek word na gepaste kerkliedere vanuit 'n kultuur waarvan die taal vir al die erediensdeelnemers bekend en toeganklik is. In die geval van die gereformeerde erediens in Suid-Afrika waar gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture teenwoordig is, kan dit dus die doel dien indien gesoek word na toepaslike Engelse kerkliedere, omdat die taal daarvan waarskynlik vir die meerderheid van sowel die Afrikaanse lidmate as lidmate van die Afrikakultuur toeganklik is.

Dit is egter nie waar die proses volgens Corbitt (1998:62-65) eindig nie. Hy beveel tereg aan dat met verloop van tyd begin word met die gesamentlike komponering van nuwe kerkliedere waarin elemente van die betrokke kulture gebruik word. By 3. in Hoofstuk 4 word die verskillende aspekte waaruit die kerklied bestaan, die onderlinge samehang tussen die verskillende aspekte, asook die vereistes wat vanuit die Woord gestel word vir die kerklied, duidelik aangetoon. Dit spreek vanself dat dit 'n uiters komplekse proses is om 'n kerklied te skep wat geskik is om in die erediens gebruik te word. In die proses waarin gepoog word om nuwe kerkliedere oor kulturele grense heen te skep, word selfs nog meer komplekse vereistes aan alle betrokkenes gestel, omdat dan ook rekening gehou moet word met die bepaalde ingesteldheid en benadering van elke betrokke kultuur teenoor die erediens as geheel, die musiek en die poësie. Die eindresultaat moet

'n kerklied wees wat nie alleen toeganklik is vir gelowiges in 'n multikulturele konteks nie, maar wat, behalwe vir die vereistes van die estetika, ook voldoen aan die vereistes wat in die Bybel gestel word vir die erediens en die gebruik van die kerklied daarin. Dat dit 'n uiters komplekse taak is, behoort egter nie gelowiges van beide kulture met die nodige gawes daartoe, af te skrik nie. Vir die saak van die koninkryk van God, waarin die bewerking van versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing op elke moontlike manier nagestreef moet word, behoort gepoog te word om elke hindernis wat daar is, te oorkom. Dit moet ook in gedagte gehou word dat daar reeds wedersydse kulturele beïnvloeding tussen die verskillende kulturele groeperinge in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasvind (sien 3.3.1 en 3.3.2 by Hoofstuk 7 hierbo) en dat hierdie tendens daartoe kan lei dat die skep van gesamentlike nuwe kerkliedere in die toekoms moontlik nie so 'n onbegonne taak sal wees nie.

3.2.2. Bybelse riglyne vir die kerklied as maatstaf

In die proses waarin onderhandel word oor die keuse en gebruik van kerkliedere vir die erediens, moet die Bybelse riglyne waarvolgens die gereformeerde kerklied oor eeue reeds beoordeel word, as beginselraamwerk gebruik word. Die uiteensetting wat by 3.2 tot 3.5 in Hoofstuk 4 gegee word met betrekking tot die Bybelse riglyne vir die kerklied, word hier as basis voorgestel. Die basiese buitelyne van hierdie beginsels is die volgende:

- die kerklied moet God se liefde uitwys, sy bestaan proklameer, en gelowiges bring tot 'n diep verhouding met Hom en mekaar;
- die kerklied moet betrekking hê op die totale lewe van die gelowige – ook die lewe buite die erediens;
- die kerklied moet diensbaar wees aan die totale gebeure in die erediens;
- die kerklied moet só ingeklee word dat die verskillende elemente van die erediens daardeur aangevul en onderstreep word;
- die kerklied moet inpas by die kultuur en sosiopolitieke situasie van die erediensdeelnemers;
- die kerklied moet die beste moontlike offer wees wat aan deur die deelnemers aan die erediens aan God gebring kan word;
- die kerklied moet nie elitisties wees nie, maar ook nie platvloers nie. Dit moet spreek van stylvolle inhoud.

In Hoofstuk 4 is ook enkele bykomstige sake ondersoek, wat te doen het met die begeleiding of uitvoering van die kerklied in die erediens. By 3.3 in Hoofstuk 4 hierbo is

byvoorbeeld aangetoon dat die gebruik van ander musiekinstrumente buiten die orrel, vir begeleiding van die gemeentesang in die erediens, aanvaarbaar is volgens die riglyne in die Woord van die Here. As deel van die beginselraamwerk waarvolgens oor die kerklied geoordeel word, kan die gebruik van 'n verskeidenheid musiekinstrumente dus ook oorweeg word. Van groot belang hier is dat dit binne die unieke aard van elke kultuur oorweeg moet word en in alle gevalle moet voldoen aan die vereiste dat net die hoogste kwaliteit musiekbegeleiding in die erediens aanvaarbaar is.

By 3.4 in Hoofstuk 4 is verwys na die gebruik van liggaamlike beweging terwyl die kerklied in die erediens gesing word. Daar is aangetoon dat hierdie wyse van sing in die tyd van die Kerkvaders toegelaat is as legitieme manier waarop vreugde uitgedruk word. Waar dit bekend is dat liggaamlike beweging 'n inherente deel is van die wyse waarop musiek in die Afrikakultuur uitgevoer word (sien 2.2.2.9.1 by Hoofstuk 6 hierbo), moet die gebruik van liggaamlike beweging tydens die sing van kerkliedere in die gereformeerde erediens deeglik in oorweging gebring word wanneer 'n beginselraamwerk vir die keuring en evaluering van kerkliedere vir 'n multikulturele erediens daargestel word.

In Hoofstuk 4 (sien by 3.6) is aangetoon dat ook koorsang as deel van die erediens toegelaat behoort te word. Indien dit met oorleg en goeie liturgiese beplanning gedoen word, kan 'n koor myns insiens 'n groter funksie hê as bloot net ondersteuning van die gemeentesang. Beurtsang tussen die koor en die gemeente (soos in die sinagogale eredienste gedoen is volgens Strydom (1994:16)) of die gebruik van die koor vir Woordverkondiging (wanneer die koor byvoorbeeld gepaste liedere op sekere momente in die erediens sing), kan lei tot verdieping en verryking sonder dat die gemeentesang enigsins daaronder ly.

3.2.3. Verskillende benaderings ten opsigte van musiek en die kerklied in berekening

In 'n multikulturele erediens is die problematiek dat lidmate van verskillende kulturele agtergronde nie noodwendig dieselfde benadering en belewing van die erediens en die kerklied het nie. In die Suid-Afrikaanse konteks is dit nodig om hierdie werklikheid goed te verdiskonteer, veral wanneer gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture in die erediens bymekaar is. Wat die gebruik van musiek en die kerklied in die erediens betref, is dit eweneens nodig om die verskillende benaderings wat in die Westerse- en Afrikakulture ten opsigte van musiek en die uitvoering daarvan voorkom, deeglik in berekening te bring wanneer daaroor met mekaar onderhandel word. In Hoofstuk 6 hierbo (by 2.2.2.9) is aangetoon dat musiek in die Afrikakultuur meer van 'n alledaagse funksionele waarde het (gemeenskapsmusiek), terwyl dit in die Westerse kultuur eerder

'n estetiese en kwalitatiewe waarde het (konsertsaal musiek). Omdat dit ook so neerslag vind in die kerkmusiek en kerkliedere van gereformeerde gelowiges van die Afrika- en Westerse kulture, moet dit deeglik in berekening gebring word wanneer gefokus word op die daarstel van kerkliedere wat in gesamentlike eredienste gebruik kan word. Diep besinning oor die aard en wese van die kerklied, met in agneming van die eiesoortige klem wat in elke kultuur geplaas word op musiek en sang, sowel as ontwikkelings en wedersydse beïnvloeding wat reeds besig is om in elke kultuur plaas te vind, is nodig wanneer verskillende moontlikhede oorweeg word in terme van die gebruik van die kerklied in 'n multikulturele erediens.

Wanneer ondersoek gedoen word na die gebruik van kerkliedere in die erediens, moet die beginsel van 1 Korintiërs 14:15 ook in gedagte gehou word. In 3.3 by Hoofstuk 8 is aangetoon dat die beginsel wat in hierdie teksgedeelte na vore kom, is dat sowel die gees (πνεῦμα) as die verstand (νοῦς) van elke erediensdeelnemer volledig en in 'n fyn balans betrek moet word wanneer aanbid en gesing word in die erediens. Nie een van hierdie aspekte mag afwesig wees nie en nie een van hierdie aspekte mag die ander een oorheers of verdring nie. Daar is ook aangetoon dat daar (binne die gereformeerde tradisie) met betrekking tot die sing van kerkliedere vanuit die Westerse kultuur, oor die algemeen 'n fokus is op die rasionele (die νοῦς van 1 Kor. 14:15), terwyl daar 'n bepaalde gebrek is aan 'n geestelike of spirituele benadering (die πνεῦμα van 1 Kor. 14:15). Binne die Westerse gereformeerde konteks word kerkliedere nie in alle gevalle gesing met oorgawe en asof dit diep uit die hart kom nie. In sommige gevalle blyk dit dat die sing van die kerklied eerder as 'n intellektuele oefening benader word. Hierdie leemte kan aangevul word deur die benadering van die Afrikakultuur waarin juis 'n klem gelê word op die spirituele en emosionele belewing in die sing van kerkliedere (die πνεῦμα van 1 Kor. 14:15). Wat die kerkliedere uit die Afrikakultuur betref, is daar weer bepaalde vrae oor die dogmatiese suiwerheid van veral die temas en bewoording van die liedere (die νοῦς van 1 Kor. 14:15). Hierdie leemte kan op sy beurt aangevul word deur die rasionele benadering wat deur gelowiges uit die Westerse kultuur gevolg word (sien 3.1 tot 3.2 by Hoofstuk 8).

Dit blyk dus dat lidmate vanuit hierdie twee verskillende kulture veel het om mekaar te bied, sodat daar binne die gereformeerde konteks wedersydse verryking en verdieping in elkeen se kerkliedere en die sing daarvan kan wees. In die oorweging en evaluering van kerkliedere uit die liedereskat van gereformeerde kerke uit elke kultuur, moet derhalwe doelbewus gesoek word na liedere waarmee hierdie wedersydse aanvulling van leemtes en verryking in terme van die gebruik van kerkliedere in die erediens bewerk kan word.

Wanneer gelowiges vanuit die Westerse- en Afrikakulture met mekaar onderhandel oor die gebruik van kerkliedere in die erediens, moet hierdie aspek een van die onderdele wees van die beginselbasis wat as vertrekpunt dien vir die proses waarin verskillende moontlikhede oorweeg word.

3.2.4. Profetiese roeping in die samelewing ook in die kerklied vergestalt

Vir die bewerking van versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika is dit voorts van groot belang dat bykomende liedere geskep word (volgens die beginsels en proses wat hierbo beskryf is) waarin die totaliteit van die lewe van gelowiges aangespreek word en na vore kom (sien 2.1.2.2 hierbo). Waar daar in die tyd van die Reformasie 'n klemverskuiwing plaasgevind het waarin die fokus verskuif is van die transendente aard van God na die priesterskap van die gelowige (sien 3.6 by Hoofstuk 4 hierbo), het dit in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing nodig geword dat die fokus verder verskuif word sodat die profetiese roeping van die gelowige saam met die koninklike uitleef van die waarheid van die Woord in die wêreld daarmee saam gestalte kry. Om hierdie profetiese roeping in die wêreld te kan nakom, is dit nodig dat die kerk, ook in die liedere wat hy sing, kontekstuele temas sal aanspreek. 'n Eietydse inkleding van die kerklied, tesame met 'n tema en inhoud wat die daaglikse werklikheid waarin die lidmate woon en werk duidelik aanspreek, is 'n groot behoefte vir die postmoderne mens van vandag. Die kerk moet kan sing oor alles waarmee hy in aanraking kom in die wêreld. Dit waaroor nie gesing word nie, kry dikwels ook nie gestalte in die daaglikse lewe van die lidmate nie. Corbitt (1998:62-65) verwys daarna dat versoening en eenheid tussen mense bewerk word wanneer die kerkliedere wat hulle gesamentlik sing:

- gemeenskaplike waarhede in die lig van die Skrif uitdruk
- die gemeenskaplike emosies van die erediensdeelnemers uitdruk
- die geskiedenis en persoonlike geloof van erediensdeelnemers aanraak
- die Bybelse verlossingsgeskiedenis uitdruk
- oor bepaalde grense heen (soos byvoorbeeld kulturele grense) saamgesing word.

In die proses waarin multikulturele eredienste gehou word, besluit word watter kerkliedere daarin gesing word en ook nuwe kerkliedere daarvoor geskep word, is dit van belang dat nuwe liedere met versoening, vergifnis verdraagsaamheid en eenheid, asook aspekte van die sosiopolitieke situasie in die land as tema, geskep word vir gebruik in die erediens. Net soos wat 'n nuwe, kontekstuele belydenis nodig is, is ook nuwe kerkliedere nodig waarin onomwonde gesing word van die noodsaak van versoening en eenheid in 'n

land wat steeds ly aan die gevolge van 'n sosiopolitieke bestel wat nie met die Bybel versoen kan word nie. Met die skep van sodanige liedere moet uiteraard sorg gedra word dat in die liedere nie 'n bepaalde politieke standpunt gepropageer word nie, maar dat die beginsels in die Woord van die Here duidelik verwoord word.

3.2.5. Konklusie oor die verstelling van die gereformeerde kerklied

Die volgende konklusie kan gemaak word oor die verstelling van die gereformeerde kerklied:

- Vir besluite oor die keuring en gebruik van kerkliedere in 'n multikulturele erediens word 'n proses van onderhandeling tussen al die betrokkenes voorgestel.
- 'n Grondige studie oor die aard en wese van die erediens, asook oor die plek en funksie van die kerklied as deel van die erediens, moet gesamentlike vooraf gedoen word deur alle betrokkenes in bogenoemde proses.
- In gesamentlike eredienste met lidmate van sowel die Westerse- as die Afrikakulture kan besluit word dat die keuse aanvanklik val op die sing van kerkliedere van elke kultuurgroep. Die liedere word dan vertaal vir die lidmate van die ander kultuur. Daarmee saam word gesoek na gepaste liedere van 'n derde kultuur wat vir alle erediensdeelnemers toeganklik is, terwyl mettertyd gepoog word om nuwe kerkliedere gesamentlik te skep.
- Bybelse riglyne vir die erediens en kerklied moet altyd as maatstaf in bogenoemde proses gebruik word. Die gebruik van ander musiekinstrumente vir sangbegeleiding, liggaamlike begewing tydens die sing van liedere asook die gebruik van koorsang tydens die erediens, is bykomende aspekte wat in hierdie proses in ag geneem moet word.
- Die verskillende benaderings ten opsigte van musiek en sang wat in die Westerse- en die Afrikakulture gevolg word (volgens die beginsel van 1 Korintiërs 14:15) moet ook deeglik in berekening gebring word. Wedersydse aanvulling van leemtes in elke kultuur in hierdie verband moet altyd in die fokus wees.
- Die skepping van nuwe kerkliedere wat 'n kontekstuele tema en inhoud het, is nodig, sodat lidmate uit verskillende kulture gesamentlik kan sing oor dit wat hulle roeping en taak in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing is.

3.3. Die bewerking van versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse gemeenskap

Wanneer die gereformeerde kerke in Suid-Afrika oor kultuurgrense heen in gesamentlike eredienste saamkom en tydens hierdie eredienste kerkliedere saamsing (waarvan

sommiges, soos hierbo aanbeveel, gesamentlike nuwe liedere is wat geskep is met kultuurgoedere van sowel die Westerse- as die Afrikakultuur en met temas wat kontekstueel is vir die tyd ná die beëindiging van apartheid) is dit egter geen waarborg dat versoening en eenheid in die samelewing noodwendig daardeur bewerk sal word nie. Hoewel die verstellings aan die gereformeerde erediens en kerklied 'n bepaalde invloed op elke erediensdeelnemer behoort te hê en elkeen uiteindelik behoort op te roep en aan te spoor om op 'n individuele vlak mee te werk tot versoening en eenheid in die samelewing, is die kerk se taak daarmee nie afgehandel nie. Volgens 2.1.2.8 by Hoofstuk 3 hierbo, word die bediening van die versoening van Jesus Christus volgens 2 Korintiërs 5:18-19 as 'n pertinente opdrag gegee aan die kerk van die Here. Om maar net sekere verstellings aan die eredienste en kerkliedere aan te bring, bring nog nie voldoening aan hierdie opdrag nie. Die roeping van die kerk strek nog verder: ook op breër front in die samelewing moet die kerk die leiding neem om die versoening van Christus toenemend werklikheid te maak.

Die problematiek waarmee veral die Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika te doen kry wanneer hierdie roeping en taak in oënskou geneem word, is dat die kerke heelwat legitimiteit in die oë van die breë Suid-Afrikaanse samelewing ingeboet het deur die ondeurdagte ondersteuning van die apartheidsbeleid van vroeër jare (sien 2.6 asook 2.7.3 by Hoofstuk 8 hierbo). Derhalwe sal die gereformeerde kerke as 'n eenheid en op verskillende fronte soveel harder moet werk om die Bybelse boodskap van versoening en eenheid in Christus in die breë samelewing te verkondig. Met die multikulturele eredienste (soos hierbo in die hoofstuk uiteengesit) as bron, kan gevolglik gepoog word om projekte landswyd van stapel te stuur waarin die Bybelse boodskap van versoening en eenheid in Christus op verskillende plekke in die verskillende gemeenskappe (soos by kerke, universiteite, skole, gemeenskapsentra ensomeer) in woord en daad verkondig word. Dieselfde tipe toerusting met betrekking tot die unieke eienskappe van die Westerse- en Afrikakulture as wat by kerke onder lidmate gedoen word (sien by 3.1.1.2 hierbo) kan ook hier in die verskillende gemeenskappe gedoen word. As deel van bestaande en reeds bekende evangeliseringsprojekte, kan hierdie boodskap binne elke gemeenskap se eie konteks aangebied word. Beproefde metodes, soos byvoorbeeld die opslaan van 'n tent op 'n sentrale plek, waarin vir 'n week of twee daaglikse toerusting deur middel van multimedia-aanbiedings, kuns, musiek, plakkate ensomeer gegee word, kan hiervoor gebruik word. Die hoofdoelwit van so 'n projek moet wees om die inwoners van Suid-Afrika, oor alle grense heen (ook kultuurgrense) bewus te maak van die Bybelse boodskap van versoening en eenheid in Christus en van die betekenis wat dit het vir die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing wat steeds ly onder die nagevolge

van die beleid van apartheid. Uiteindelik kan so 'n projek daarop afgestem wees om die inwoners van verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika daarop te wys dat die verskeidenheid kulture in die land beskou moet word as 'n gawe wat verrykend behoort te wees vir elkeen wat daaraan blootgestel word. As afsluiting van so 'n bewusmakingsweek, kan 'n program van geestelike musiek aangebied word, wat gelei word deur 'n ervare en (verkieslik) bekende persoonlikheid en waarin bepaalde musiekitems, samesang en voorlesings aan die orde kom. (Hierdie program kan vooraf ingestudeer word deur musici en ander kunstenaars en uiteraard ook liedere bevat wat (soos aan die hand gedoen is by 3.2.4 hierbo) nuut geskep is en waarin die tema van versoening en eenheid pertinent aan die orde kom). Omdat versoening en eenheid die tema van die program is, kan 'n gepaste titel daarvoor wees: "Songs of Reconciliation and Unity/Liedere van Versoening en Eenheid" (met verwysing na die bekende en gewilde multikulturele program "Songs of Praise" wat elke jaar op verskillende plekke in die land aangebied word en waarin verskillende lofliedere uit verskillende kulture saamgesing of voorgesing word).

Indien so 'n week van bewusmaking op verskillende plekke in die Suid-Afrikaanse samelewing aangebied kan word, kan die gereformeerde kerke daarin slaag om 'n daadwerklike en leidende rol daarin te speel dat daar stelselmatig in die breër, multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing 'n bewustheid ontstaan met betrekking tot die belangrikheid van voortgaande en langdurige versoening en eenheid in die land. Deur die krag van poësie (teks) en musiek (melodie) hierin te gebruik, kan die onpeilbare krag van die kerklied op die lange duur uiteindelik effektief aangewend word vir die bewerking van versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika.

DEEL 4
SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING



HOOFSTUK 11: SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKING

1. Inleiding en agtergrond

In hierdie studie word ondersoek gedoen na die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika.

Vir die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing in die tyd ná apartheid, is 'n studie met bostaande tema relevant omdat daar verskeie tekens is wat daarop dui dat konflik en vervreemding (veral tussen lede van die Westerse- en Afrikakulture) toenemend 'n werklikheid word. Ook vir die kerke van gereformeerde belydenis in Suid-Afrika is dit 'n relevante vraagstuk, omdat die konflik en vervreemding wat in die breër samelewing voorkom, tegelykertyd ook neerslag vind op gemeentevlak. Nie alleen veroorsaak dit 'n kerklike situasie wat nie Bybels verantwoordbaar is nie, maar dit lei ook daartoe dat die gereformeerde kerke as geheel nie werklik in staat is om hulle profetiese taak en roeping in die samelewing te kan uitvoer nie.

Die sentrale teoretiese argument waarvan in hierdie studie uitgegaan word, is dat die gereformeerde kerklied uitnemend daarvoor geskik is om te dien as instrument vir die bewerking van versoening en eenheid onder gelowiges van verskillende kulture, en daarom ook in die multikulturele, post-apartheid samelewing van Suid-Afrika.

In die kerklied beskik die gereformeerde kerke oor 'n uitnemende instrument waarmee die kwessie van versoening en eenheid in die samelewing aangepak kan word. Die kerklied bestaan uit poësie (teks) en musiek (melodie) wat elk op 'n unieke wyse 'n kragtige effek op die mens uitoefen. Saamgevoeg in 'n hegte eenheid, waar die waarheid van die evangelie (met die versoening wat Christus tussen God en mens en tussen mense onderling bewerk het as kern) deur musiek in die harte van sangers en hoorders

ingedra word, is die kerklied 'n onpeilbaar kragtige instrument wat die kerk behoort te gebruik om die versoening van Christus in die wêreld te bedien.

Die feit dat daar 'n hoë mate van konflik en vervreemding in die Suid-Afrikaanse samelewing is, wys daarop dat die gereformeerde kerklied nie na behore gebruik word in die bewerking van versoening en eenheid in die samelewing nie. Die rede hiervoor lê nie alleen in die verskille tussen die twee prominente kulture (die Westerse- en die Afrikakulture) nie, maar ook in die onvermoë van die gereformeerde kerke om die kerklied effektief aan te wend in die voortgaande proses van versoening en eenheid in Suid-Afrika. In hierdie studie word gepoog om uiteindelik aan te dui wat die moontlikhede vir die gebruik van die kerklied in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing is en watter verstellings nodig is ten einde die volle potensiaal van die gereformeerde kerklied in hierdie verband te kan benut.

2. Navorsingsvrae beantwoord

Die studie word so gestruktureer dat in die proses meer lig gewerp kan word op die volgende navorsingsvrae:

- Wat is "kultuur" en "multikulturaliteit" en hoe pas dit in by die manier waarop die mens dink en lewe? Watter lig werp die Skrif op die aspekte van kultuur en multikulturaliteit?
- Waarom is versoening en eenheid in die samelewing nodig? Wat kan in die lig van die Skrif hieroor vasgestel word?
- Wat is die aard en wese van die erediens waarbinne die kerklied aan die orde kom? Watter Skrifbeginsels kan afgelei word vir die gebruik van die kerklied in die erediens – ook binne 'n multikulturele konteks?
- Watter invloed het die verskillende aspekte van kultuur en multikulturaliteit op die Suid-Afrikaanse samelewing?
- In watter mate is daar versoening en eenheid (of 'n gebrek daaraan) in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing?
- In watter mate dra die gereformeerde kerklied daartoe by dat versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing bewerk en bevorder word? Watter verstellings is nodig om die potensiaal van die kerklied in hierdie verband optimaal te kan benut?

3. Struktuur van die studie

In die beantwoording van bogenoemde navorsingsvrae, word die navorsing van die studie gestruktureer volgens die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Zerfass se model behels dat basisteoretiese beginsels (uit teologiese- en ander tradisies) en metateoretiese perspektiewe (hoofsaaklik uit grenswetenskappe) gevorm word, waarna al die resultate gesamentlik in 'n hermeneutiese wisselwerking geartikuleer word tot die vorming van 'n nuwe praktykteoretiese ontwerp.

Deel 1 van hierdie studie behels dat bepaalde basisteoretiese beginsels geïdentifiseer word vir die gebruik van die gereformeerde kerklied in die bewerking van versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrikaanse konteks. In Deel 2 word ondersoek gedoen na die metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die verskynsels van kultuur en multikulturaliteit in die Suid-Afrikaanse samelewing, versoening en eenheid (of die gebrek daaraan) in die multikulturele samelewing, asook die stand van die gereformeerde erediens en die gebruik van die kerklied as deel daarvan, binne die konteks van gereformeerde kerke in Suid-Afrika met lidmate van sowel die Westerse- as die Afrikakultuur. Die metateoretiese perspektiewe word geïntegreer met die basisteoretiese beginsels wat in Deel 1 verkry is, ten einde tot 'n praktykteoretiese model en aanbevelings te kan kom. In Deel 3 word op grond van die geïntegreerde gegewens van Deel 1 en Deel 2, 'n nuwe praktykteoretiese model vir die gebruik van die gereformeerde kerklied in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing daargestel. In hierdie model word onder meer aangetoon watter verstellings nodig is om die volle potensiaal van die gereformeerde kerklied te kan benut vir die bewerking van versoening en eenheid in die samelewing. Deel 4 bestaan uit 'n finale samevattende gevolgtrekking.

4. Gegewens wat verkry is

4.1. Deel 1: Basisteorie

Uit die basisteoretiese ondersoek met betrekking tot die begrippe "kultuur" en "multikulturaliteit", versoening en eenheid en die gereformeerde erediens en kerklied is die volgende basisteoretiese beginsels afgelei:

- Versoening en eenheid vind beslag in die erediens, waar die amptelike samekoms tussen God en sy kerk plaasvind. In die erediens het die kerk toenemend te doen met 'n situasie waar lidmate vanuit verskillende kulturele

agtergronde in dieselfde leefwêreld en erediens is en die potensiaal vir 'n gebrek aan versoening en eenheid groot is.

- Hoewel die erediens kultureel relevant moet bly en moet voorsiening maak vir multikulturaliteit waar nodig, moet kultuur altyd die liturgie tot diens wees, sodat die erediens ten alle tye Godgesentreerd is.
- In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente (ook lidmate vanuit ander kulture as die dominante een) aktief kan deel hê aan die erediens. Die kerklied moet geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse beginsels daarvoor. Voorwaardes vir die kerklied is dat dit Skrifgetrou, dogmaties suiwer, duidelik, singbaar, van goeie kwaliteit en toeganklik vir die hele gemeente moet wees.
- Alle musiekgawes (ook dié van lidmate uit ander kulture) is gawes van die Gees en kan gebruik word om 'n legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens daar te stel. Indien dit kundig ingespan word, kan die kerklied in 'n multikulturele konteks daartoe lei dat kulturele grense oorgesteek, versoening en eenheid bewerk word en 'n sterk groepskohesie tot stand kom. So kan die eskatologiese visie van 'n nuwe verhouding met God en mekaar ook na die wêreld gekommunikeer word.

4.2. Deel 2: Metateorie

Uit die metateoretiese ondersoek met betrekking tot kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika, versoening en eenheid in Suid-Afrika en die gereformeerde erediens en kerklied in Suid-Afrika is die volgende metateoretiese perspektiewe gevorm:

- Wat die religieuse, lewensbeskoulike, sosiale, materiële en gedragsdimensies van mens-wees betref, is daar merkbare en wesenlike verskille tussen mense van die Westerse- en tradisionele Afrikakulture. Indien die kernaspekte van elke kultuur getransformeer kan word om ooreen te kom met die beginsels in die Woord van God, kan 'n waardevolle onderlinge aanvulling van leemtes in elke kultuur egter bewerk word.
- Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van menseregtevergrype. Dit was nie primêr die kerk wat die voortou geneem het met die bewerking van versoening in Suid-Afrika nie, maar 'n Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) wat goed daarin geslaag het om die proses van versoening aan die gang te sit. In die verdere ontwikkeling van die hierdie proses asook die verdere bewerking van eenheid in Suid-Afrika het die kerk geleentheid om leiding te neem.

- Weens 'n beduidende rol wat hulle gespeel het in die vorming van die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika het beide die NG Kerk en die GKSA die geleentheid misgeloop om aktief te kon meewerk aan die bewerking van versoening en eenheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Beide kerkverbande is tans in die proses om kerkeenheid met hulle Swart lidmate en gemeentes te bewerk.
- Tussen Afrikaanse gereformeerde kerke onderling, asook tussen Westerse gereformeerde kerke en gereformeerde kerke vanuit die Afrikakultuur is daar merkbare verskille in terme van die inkleding van die erediens en die gebruik van die kerklied as deel daarvan.
- Volgens die beginsel van 1 Korintiërs 14:15 kan gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture mekaar wedersyds verryk en die leemtes in elkeen se benadering tot godsdiens wedersyds aanvul wanneer kerkliedere saam gesing word.
- In 'n empiriese ondersoek het die saamsing van mekaar se kerkliedere 'n beduidende en merkbare effek gehad op die verhouding tussen die respondente uit die Westerse- en Afrikakulture. Na die saamsing van mekaar se kerkliedere het daar 'n merkbaar positiewe verandering in die verhouding tussen die respondente ontstaan en 'n gevoel van eenheid is beleef.
- Vir geen respondent was die kerkliedere van die ander kultuur totaal ontoeganklik nie. Lede van die Afrikakultuur sou graag van die inhoud van die Westerse kerkliedere wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker rasionele element in hulle kerkliedere). Lede van die Westerse kultuur sou graag iets van die Afrikakultuur se wyse van sing wou oorneem in hulle eredienste (daar is dus 'n behoefte aan 'n sterker spirituele element in die sing van hulle kerkliedere).

4.3. Integrering van basisteorie en metateorie

Die basisteoretiese beginsels van Deel 1 is op die volgende wyse geïntegreer met die metateoretiese perspektiewe van Deel 2:

- Basisteorie:

  Versoening en eenheid vind beslag in die erediens, waar die amptelike samekoms tussen God en sy kerk plaasvind. In die erediens het die kerk toenemend te doen met 'n situasie waar lidmate vanuit verskillende kulturele agtergronde in dieselfde leefwêreld en erediens is en die potensiaal vir 'n gebrek aan versoening en eenheid groot is.

  Metateorie:

Weens die konflik en stryd wat die apartheidsverlede in die Suid-Afrikaanse samelewing veroorsaak het, is versoening en eenheid (ook tussen gelowiges uit die Westerse- en Afrikakulture) nog nie volledig bereik nie en kan dit spanning bring waar lidmate vanuit die twee prominente kulture in een erediens saamkom.

- Basisteorie:

  Hoewel die erediens kultureel relevant moet bly en moet voorsiening maak vir multikulturaliteit waar nodig, moet kultuur die liturgie tot diens wees, sodat die erediens ten alle tye Godgesentreerd is.

  Metateorie:

  Hoewel multikulturele gereformeerde eredienste sporadies in Suid-Afrika voorkom, word eredienste in die meeste gevalle steeds apart gehou en ingerig volgens die eie aard van die kulturele groepering waarvan die lidmate deel is. Gegewens dui ook daarop dat eredienste nie in alle gevalle ingeklee word volgens Bybelse riglyne, sodat die kultuur tot diens van die liturgie is nie.

- Basisteorie:

  In die erediens dien die kerklied by uitstek daartoe dat die totale gemeente (ook lidmate vanuit ander kulture) aktief kan deel hê aan die erediens. Die kerklied moet geskik wees vir die erediens en voldoen aan die Bybelse beginsels daarvoor.

  Metateorie:

  Hoewel dit blyk dat gereformeerde kerkliedere vir lidmate uit 'n ander kultuur nie totaal ontoeganklik is nie, lei die min blootstelling aan mekaar se kulture en eredienste tog daartoe dat daar bepaalde struikelblokke is, waaronder die onbekendheid van die taal van die ander kultuur, asook die eiesoortige wyse van sing. Hoewel die Afrikaanse gemeentes van die GKSA die bepalings van Calvyn met betrekking tot die kerklied merendeels gehoorsaam, word dit egter in byna geen Swart Gereformeerde gemeente gehandhaaf nie.

- Basisteorie:

  Alle musiekgawes (ook dié van lidmate uit ander kulture) is gawes van die Gees en kan gebruik word om 'n legitieme uitdrukking van die kerk in die erediens daar te stel. Indien dit kundig ingespan word, kan die kerklied in 'n multikulturele konteks daartoe lei dat kulturele grense oorgesteek, versoening en eenheid bewerk word en 'n sterk groepskohesie tot stand kom. So kan die eskatologiese visie van 'n nuwe verhouding met God en mekaar ook na die wêreld gekommunikeer word.

Metateorie:

Daar is merkbare verskille tussen die kerkliedere wat in die Westerse- en in die Afrikakulture van die GKSA gebruik word. Ook die wyse van sing verskil aansienlik. Tog is daar 'n wedersydse verryking van mekaar in die saamsing van mekaar se kerkliedere moontlik en kan 'n sterk groepskohesie op hierdie manier tot stand kom, wat die potensiaal het om na buite in die breër samelewing uit te kring.

5. Voorgestelde praktykteoretiese model

Na aanleiding van die geïntegreerde gegewens van Deel 1 en Deel 2 is 'n praktykteoretiese model gevorm (Deel 3 Hoofstuk 10) wat bestaan uit 'n teoretiese gedeelte, gevolg deur bepaalde praktiese aanbevelings. Dit kan as volg saamgevat word:

5.1. Teoretiese gedeelte van die praktykteoretiese model

5.1.1. Verstelling aan die gereformeerde erediens:

- Omdat die kerklied as deel van die erediens aan die orde kom, is dit nodig om sekere verstellings en verandering van gerigtheid in die erediens te bewerkstellig, alvorens die krag van die kerklied benut kan word om 'n bydrae te lewer tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika.
- Met betrekking tot elkeen van die aspekte waarmee die aard en wese van die gereformeerde erediens omlyn word, is daar 'n gebrek aan 'n gerigtheid tot mekaar en die wêreld. Daar word alleen gefokus op die eie ek en die in-groep waaraan ek behoort, terwyl diegene van 'n ander kulturele agtergrond merendeels buite rekening gelaat word.
- Sonder 'n daadwerklike regstelling hiervan, kan die kerklied nie binne die regte liturgiese konteks vir die huidige Suid-Afrikaanse sosiopolitieke situasie gebruik word nie en word die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika grootliks verskraal.
- Indien die verskeidenheid kultuurelemente tot beskikking van die kerk reg aangewend word in die erediens, kom 'n tweeledige proses tot stand: die erediens ondergaan verandering en vernuwing en elke kultuur word getransformeer. Dit is 'n tydsame proses waarin kultuur en erediens deurentyd op mekaar inwerk.
- Deur die regte hantering van die wisselwerking tussen kultuur en die liturgie kan die swakhede en leemtes van die Westerse kultuur wat neerslag vind in die erediens, stelselmatig verander word en leemtes aangevul word deur die bydrae

van lidmate van die Afrikakultuur wat in die erediens is. Dieselfde kan gebeur met die swakhede en leemtes in eredienste binne die Afrikakultuur wanneer lidmate van die Westerse kultuur bepaalde bydraes lewer in die erediens.


- Eredienste waarin lidmate van sowel die Westerse- as die Afrikakultuur teenwoordig is, vind selde plaas. Biddende en Geesvervulde optrede deur kerkleiers en gelowiges op grondvlak is dringend noodsaaklik, sodat die gereformeerde kerke langs bogenoemde weg van verandering en vernuwing in erediens en kultuur kan leiding neem in die voortgaande proses van versoening en eenheid in die land.

5.1.2. Verstelling aan die gereformeerde kerklied:

- Ten einde die volle potensiaal van poësie en musiek in die kerklied te kan ontgin, is dit belangrik dat die deursnee lidmaat in multikulturele eredienste die poësie (teks) sowel as die musiek (melodie) toeganklik sal vind.
- Die gebrek aan toespitsing op die pastorale- sowel as die missionêre dimensies van die erediens kan reggestel word deur onder meer nuwe kerkliedere daar te stel wat kontekstueel is en relevant is vir die eiesoortige sosiopolitieke omstandighede van die Suid-Afrikaanse samelewing.
- Leemtes wat daar by gelowiges van die Westerse kultuur bestaan in terme van die wyse waarop gesing word, sowel as by die Afrikakultuur in terme van die inhoud van die kerkliedere, kan wedersyds aangevul word wanneer lidmate van die verskillende kulture gereeld blootgestel word aan mekaar se eredienste en sing van kerkliedere. Op sy beurt kan dit lei tot die uitbreiding van die beginsels wat gestel word as riglyne vir die inhoud en aanwending van die gereformeerde kerklied in die erediens.
- Omdat die kerk die opdrag het om 'n leidende rol te speel in die bewerking van versoening en eenheid in die wêreld, het ook die gereformeerde kerke die verantwoordelikheid om maniere te vind waardeur dit wat in multikulturele eredienste en deur die saamsing van kerkliedere bewerk word, deur te dra na die breër samelewing waarin die lidmate woon en werk.

5.1.3. Grafiese voorstelling

Die praktykteoretiese model wat hierbo uiteengesit is, kan deur middel van die volgende grafiese voorstelling uitgebeeld word :



('n Beskrywing en verduideliking van die grafiese voorstelling word gegee by 2.1.3 Hoofstuk 10).

5.2. Praktiese aanbevelings

5.2.1. Praktiese aanbevelings met betrekking tot die gereformeerde erediens:

- Ten einde die gerigtheid van die gereformeerde erediens sodanig te kan verstel dat dit nie bloot na binne gerig word op die in-groep van 'n bepaalde kultuur nie, kan elke element van die erediens verander word dat daar ook gefokus word op die naaste en die wêreld.
- Wedersydse blootstelling aan mekaar en verryking van mekaar in die erediens kan bewerk word wanneer ruimte gegee word vir die eiesoortige benadering wat gelowiges van die Westerse- en Afrikakulture met betrekking tot die erediens en die kerklied het. Hiervoor kan die inkleding van eredienste en ander samekomste gereël word deur verteenwoordigers van elke kultuur, wat gesamentlik beplan en voorstelle oorweeg vir elke geleentheid.

5.2.2. Praktiese aanbevelings met betrekking tot die gereformeerde kerklied

- Vir besluite oor die keuring en gebruik van kerkliedere in 'n multikulturele erediens word 'n proses van onderhandeling tussen al die betrokkenes voorgestel.
- 'n Grondige studie oor die aard en wese van die erediens, asook oor die plek en funksie van die kerklied as deel van die erediens, moet gesamentlik vooraf gedoen word deur alle betrokkenes in bogenoemde proses. Bybelse riglyne vir die erediens en kerklied moet altyd as maatstaf in bogenoemde proses gebruik word. Die gebruik van ander musiekinstrumente vir sangbegeleiding, liggaamlike begewing tydens die sing van liedere asook die gebruik van koorsang tydens die erediens, is bykomende aspekte wat in hierdie proses in ag geneem kan word.
- In gesamentlike eredienste met lidmate van sowel die Westerse- as die Afrikakulture kan besluit word dat die keuse aanvanklik val op die sing van kerkliedere van elke kultuurgroep. Die liedere word dan vertaal vir die lidmate van die ander kultuur. Daarmee saam word gesoek na gepaste liedere van 'n derde kultuur, wat vir alle erediensdeelnemers toeganklik is, terwyl mettertyd gepoog word om nuwe kerkliedere gesamentlik te skep.
- Die verskillende benaderings ten opsigte van musiek en sang wat in die Westerse- en die Afrikakulture gevolg word (volgens die beginsel

van 1 Korintiërs 14:15) moet ook deeglik in berekening gebring word. Wedersydse aanvulling van leemtes in elke kultuur in hierdie verband moet altyd in die fokus wees.

- Die skepping van nuwe kerkliedere wat 'n kontekstuele tema en inhoud het, is nodig, sodat lidmate uit verskillende kulture gesamentlik kan sing oor dit wat hulle roeping en taak in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing is.

5.2.3. Praktiese aanbevelings met betrekking tot 'n bewusmakingsprojek

- Die roeping van die kerk behels dat die versoening van Christus ook op 'n breër front in die samelewing 'n werklikheid gemaak moet word.
- 'n Landswye projek word voorgestel waarmee die inwoners van Suid-Afrika, oor alle grense heen (ook kultuurgrense) bewus gemaak word van die Bybelse boodskap van versoening en eenheid in Christus en van die betekenis wat dit het vir die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing, wat steeds ly onder die nagevolge van die beleid van apartheid.

6. Finale samevattende gevolgtrekking

Die volgende finale samevattende gevolgtrekking kan gemaak word met betrekking tot die navorsing wat gedoen is in Deel 1 tot 3 met betrekking tot die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika:

- In die gereformeerde kerklied beskik die gereformeerde kerke oor 'n besondere kragtige instrument wat effektief aangewend kan word vir die bewerking van versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing. Die volle potensiaal wat die gereformeerde kerklied in hierdie verband het word nog nie ten volle benut nie. Dit kan egter reggestel word indien sekere verstellings gemaak en praktiese aanbevelings toegepas word met betrekking tot die gerigtheid van die gereformeerde erediens en die inhoud en aanwending van die gereformeerde kerklied as deel daarvan.

7. Voorgestelde temas vir verdere navorsing

Die volgende temas, wat verband hou met hierdie studie, benodig verdere navorsing ten einde 'n bydrae te kan lewer tot die uitbou van die vakgebied

van die Liturgiek en die Himnologie, met besondere verwysing na bepaalde aspekte rondom die gereformeerde kerklied:

- Die gebruik van die gereformeerde kerklied tydens pastorale berading.
- 'n Gereformeerd-himnologiese evaluering van die tekste en melodieë van kerkliedere wat in die eredienste van nie-Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika gebruik word.
- Die gebruik van verskillende musiekinstrumente in die gereformeerde erediens.
- Liggaamlike beweging (dans) as deel van die gereformeerde erediens.
- Die gebruik van 'n gemeentekoor as deel van die gereformeerde erediens.
- Die ontwerp van 'n model waarvolgens die Bybelse beginsels vir poësie (teks) en musiek (melodie) in die kerklied in verskillende kulturele kontekste toegepas kan word.
- 'n Prinsipiële ondersoek na die temas en inhoud van die gereformeerde kerklied in Suid-Afrika.
- Die ontwerp van 'n model waarvolgens nuwe gereformeerde kerkliedere, met relevante temas vir die huidige Suid-Afrikaanse konteks, vir gebruik in 'n multikulturele erediens geskep kan word.
- Die bydrae van die tradisionele Afrikakultuur tot die spiritualiteit van gereformeerde lidmate van die Westerse kultuur.
- Die wedersydse bydraes van die Westerse- en Afrikakulture tot vernuwing en verdieping in die gereformeerde erediens volgens 1 Korintiërs 14:15.

ABSTRACT

The two most prominent cultures that continue to have a defining influence on the socio-political developments in a multi-cultural South African society, are the Western and African cultures. Because of the differences between these two cultures and the respective roles members of each culture have played in the socio-political history of South Africa (especially with regard to the rise and fall of *apartheid*), conflict and alienation in most cases define the relationship between members of these cultures. Not only does it negatively impact on the multi-cultural society of South Africa as such, it also has far-reaching implications for the continent as a whole, seeing that South Africa is regarded as the economical and political powerhouse of Africa upon which are pinned the hopes of millions for a better life. As a result, the importance of reconciliation and unity in the multi-cultural South African society cannot be over-emphasized.

It is a Biblical imperative that all members of society should live together in peace and harmony. To this end, the church is commanded to serve the reconciliation of Christ to the world (2 Corinthians 5:11-21). One of the instruments to the disposal of the reformed churches in South Africa for the completion of this mission, is the liturgical song. The reformed liturgical song consists of poetry (text) and music (melody) which are woven together in such a way that the text of the song is carried directly into the heart of the singer or listener. The combined power of poetry and music provides the church with a powerful therapeutic and communicative instrument by which the truth of the gospel of Christ can effectively be proclaimed to the world.

A closer look at the current situation in the multi-cultural South African society reveals that the reformed churches in South Africa (of both Western and African backgrounds) haven't as yet properly played their part in the attaining of reconciliation and unity in society. The central question for research in this study, therefore, is the following:

> In what way can the reformed liturgical song contribute to the attainment of the ideal of reconciliation and unity in the multi-cultural South African society?

The research in this study is structured according to the model for Practical Theology that was developed by Zerfass (1974:164-177). This model entails that specific base-theoretical principles are compared with meta-theoretical perspectives to eventually arrive at a theory of practice from which is derived a new set of practical guidelines. In Part 1 of this study, research centres around the base-theoretical principles with

regard to culture, multi-culturality, reconciliation, unity, reformed worship and liturgical song. In Part 2 meta-theoretical perspectives are given with regard to culture and multi-culturality in South Africa, reconciliation and unity in the South African context, as well as reformed worship and the use of liturgical song in the multi-cultural South African society. In Part 3 a theory of practice is articulated in which a new set of practical guidelines for the use of the reformed liturgical song towards the attaining of reconciliation and unity in the multi-cultural South African society is given.

Finally it is concluded that, with certain adjustments, the reformed liturgical song can effectively be used as an instrument for attaining reconciliation and unity in the multi-cultural South African society.

OPSOMMING

In die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing is die Westerse- en die Afrikakulture die mees prominente kulture en oefen beide 'n sterk invloed uit op die sosiopolitieke ontwikkeling van die land. Omdat die Westerse- en Afrikakulture in verskeie opsigte van mekaar verskil en lede van beide kulture 'n bepalende rol gespeel het in die sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika (veral met betrekking tot die stryd rondom die beleid van apartheid), word die onderlinge verhouding tussen lede van hierdie kulture merendeels gekenmerk deur konflik en vervreemding. Dat hierdie toedrag van sake verreikende gevolge het vir die Suid-Afrikaanse samelewing, spreek vanself. Wanneer in ag geneem word dat Suid-Afrika 'n leidende politieke en ekonomiese rol op die vasteland van Afrika speel, blyk dit duidelik dat die bewerking van versoening en eenheid in Suid-Afrika ook vir die kontinent as geheel verreikende implikasies het.

Volgens die Woord van God het die kerk die opdrag om die versoening van Christus aan die wêreld te bedien (2 Korintiërs 5:11-21). Een van die instrumente wat die kerk hiervoor tot sy beskikking het, is die gereformeerde kerklied. In die gereformeerde kerklied word poësie (teks) en musiek (melodie) in 'n eenheid verweef, waarmee die essensie van die teks ingedra word in die harte van elke sanger en hoorder. Op hierdie wyse dien die gekombineerde krag van poësie en musiek as 'n kragtige terapeutiese en kommunikatiewe instrument waarmee die evangelie in die wêreld verkondig kan word.

'n Ontleding van die situasie in die huidige multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing toon duidelik dat die gereformeerde kerke in Suid-Afrika (van sowel die Westerse- as Afrikakulture) tot dusver nie die roeping om die versoening van Christus te bedien, na behore nagekom het nie. Die navorsingsvraag wat na aanleiding hiervan na vore kom is die volgende:

> Watter bydrae kan die gereformeerde kerklied lewer tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing?

In die beantwoording van genoemde navorsingsvraag word die studie gestruktureer volgens die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwikkel het. Zerfass se model behels dat basisteoretiese beginsels en metateoretiese perspektiewe gevorm word, waarna die resultate gesamentlik in 'n hermeneutiese wisselwerking geartikuleer word tot die vorming van 'n nuwe praktykteoretiese

ontwerp. In Deel 1 van hierdie studie word basisteoretiese navorsing gedoen met betrekking tot die begrippe "kultuur" en "multikulturaliteit" asook met betrekking tot versoening en eenheid, die gereformeerde erediens en die gereformeerde kerklied. In Deel 2 word 'n ondersoek gedoen na die metateoretiese perspektiewe wat geïdentifiseer kan word met betrekking tot die verskynsels van kultuur en multikulturaliteit in Suid-Afrika, versoening en eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing, asook die gereformeerde erediens en kerklied in 'n multikulturele Suid-Afrika. In Deel 3 word 'n nuwe praktykteoretiese model daargestel waarin onder meer sekere praktiese riglyne gegee word vir die gebruik van die gereformeerde kerklied in die bewerking van versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.

Die finale gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die gereformeerde kerklied, met bepaalde verstellings, effektief gebruik kan word vir die bewerking van versoening en eenheid in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.

SLEUTELTERME

gereformeerde erediens	reformed worship
gereformeerde kerklied	reformed liturgical song
musiek	music
poësie	poetry
kultuur	culture
multikulturaliteit	multi-culturality
Westerse kultuur	Western culture
Afrikakultuur	African culture
versoening	reconciliation
eenheid	unity
Suid-Afrika	South Africa
apartheid	"apartheid" (separateness)
konflik	conflict
vervreemding	alienation
Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK)	Truth and Reconciliation Commission (TRC)

BIBLIOGRAFIE

ADRIAANSE, R. 2003. 'Afrikaans kan 'n great wapen wees in stryd teen rassisme.' *Beeld*:11, Okt. 7.

AFROL NEWS. 2006. Unions see hope for economic recovery. [Web:] http://www.afrol.com/printable_article/10529 [Datum van gebruik: 30 Okt. 2006].

ALEXANDER, N. 1999. Language and the national question. (*In* Maharaj, G., *ed.* Between unity and diversity: essays on nation-building in post-apartheid South Africa. Cape Town : David Philip Publishers. p. 17-31.)

ALEXANDER, N. 2001. Language politics in South Africa. (*In* Bekker, S., Dodds, M. & Khosa, M.M., *eds.* Shifting African identities: Identity? Theory, politics, history. Pretoria : HSRC. p. 141-152.)

ALLIE, M. 2002. Necklace killings reappear in South Africa. [Web:] http://news.bbc.co.uk/1/hi/world/africa/1759954.stm [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

AMAZON. 2006. Civilisation box set. [Web:] http://www.amazon.ca/Civilisation-Boxed-Set-Box/dp/078002253X [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

AMTA (American Music Therapy Association). 1999. Frequently asked questions about music therapy. [Web:] http://www.musictherapy.org/faqs.html [Datum van gebruik: 24 Jul. 2006].

ANC (African National Congress) . 1999. Unity in action: a short history of the African National Congress (South Africa) 1912-1982. [Web:] http://www.anc.org.za/ancdocs/history/unity.html [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

ANDERSON, C. 2006. Postmodernism for dummies. [Web:] http://mytwocents.wordpress.com/2006/12/12/postmodernism-for-dummies [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

ANDERSON, N.T. 1993a. Victory over the darkness. Vereeniging : Christian Art Publishers. 245 p.

ANDERSON, N.T. 1993b. Living free in Christ. Ventura : Regal. 315 p.

ANDERSON, N.T. 1999a. Set free: overcoming emotional, sexual, mental and spiritual captivity. London : Monarch Books. 445 p.

ANDERSON, N.T. 1999b. The bondage breaker: overcoming negative thoughts, irrational feelings and habitual sins. London : Monarch Books. 363 p.

AN-NA'IM, A.A. 2002. Introduction. (*In* An-Na'im, A.A., *ed.* Cultural transformation and human rights in Africa. London : Zed Books. p.1-11.)

ANNENBERG MEDIA. 1997. Middle Ages: arts and entertainment. [Web:] http://www.learner.org/exhibits/middleages/artsentr.html [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

ANSWERS. 2006a. Eurocentric. [Web:] http://www.answers.com/topic/eurocentric [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

ANSWERS. 2006b. South Africa. [Web:] http://www.answers.com/topic/south-africa#top [Datum van gebruik: 12 Mrt. 2007].

ART EDUCATION. 2006. African chairs, stools and thrones. [Web:] http://arts.osu.edu/ArtEducation/kplayground/thrones.htm [Datum van gebruik: 17 Sept. 2006].

ASMAL, K., ASMAL, L. & ROBERTS, R.S. 1997. Reconciliation through truth: a reckoning of apartheid's criminal governance. Cape Town : David Philip Publishers. 231 p.

ATKINSON, D. 1990. The message of Genesis 1-11: the dawn of creation. Leicester : Inter-Varsity Press. 190 p. (*In* Motyer, J.A. & Stott, J.W.R., *eds.* The Bible speaks today.)

BARKER-REINEKE, M. 2000. Making connections through the arts with commerce and technology. *Musicus*, 28(2):139-141.

BAROLSKY, V. 1999. The TRC and self-defence units – victims or perpetrators, criminals or political actors – a problem of interpretation. [Web:] http://www.trcresearch.org.za/abstracts/abarolsk.htm [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

BARRETT, C.K. 1994. A commentary on the first epistle to the Corinthians. London : A & C Black. 410 p. (Black's New Testament series. Second edition.)

BAUM, G. 1994. Two question marks: inculturation and multiculturalism. (*In* Greinacher, N. & Mette, N. *eds.* Christianity and cultures. London : SCM Press. p.101-106.)

BBC. 2002. Poetry therapy. [Web:] http://www.bbc.co.uk/dna/h2g2/alabaster/A665246 [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

BEAN, J. 2003. "The sins or the fathers" (affirmative action in South Africa). [Web:] http://www.inmotionmagazine.com/opin/jbean.html [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

BEASLY-MURRAY. G.R. 1999. John. Nashville : Thomas Nelson Publishers. 441p. (Word Biblical commentary. Vol. 36.)

BECKER, C. 1999. Memory/monstrosity/representation. [Web:] http://www.trcresearch.org.za/papers99/becker.pdf [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

BECKING, B. & KORPEL, M.C.A. 1999. The crisis of Israelite religion: transformation of religious tradition in exilic and post-exilic times. Leiden : Brill. 311p.

BEELD. 2003. Madiba. *Beeld*:12, Jul. 18.

BEELD. 2004. Afrikaans. *Beeld*:8, Jun. 2.

BEELD. 2006a. Voetewas. *Beeld*:10, Sept. 16.

BEELD. 2006b. Polisie-syfers oor misdaad. *Beeld*:18, Sept. 29.

BEELD. 2006c. Afrikane. *Beeld*:16, Okt. 9.

BEELD. 2006d. Skop hulle uit. *Beeld*:18, Okt. 18.

BEELD. 2006e. 2010. *Beeld*:16, Okt. 20.

BEELD. 2006f. Mpofu. *Beeld*:12, Okt. 23.

BEELD. 2006g. Gryse wysheid. *Beeld*:18, Okt. 27.

BEELD. 2007. Misdaad. *Beeld*:14, Feb. 7.

BEGBIE, J. 2002. Music, word and theology today: learning from John Calvin. (*In* Holness, L. & Wüstenberg, R.K., eds. Theology in dialogue: the impact of the Arts, Humanities, and Science on contemporary religious thought. Grand Rapids : Eerdmans. p. 3-27.)

BEKKER, S. 2001. Identity and ethnicity. (*In*: Bekker, S., Dodds, M. & Khosa, M.M., *eds*. Shifting African identities: Identity? Theory, politics, history. Pretoria : HSRC. p. 1-6.)

BELL, R.H. 2002. Understanding African philosophy. A cross-cultural approach to classical and contemporary issues. New York : Routledge. 189 p.

BELL, T. 2006. Gear was a reversal of RDP; Asgisa is more of the same. [Web:] http://www.busrep.co.za/general/print_article.php [Datum van gebruik: 30 Okt. 2006].

BERGER, B. 1993. Multi-kulturele musiekopvoeding. *South African music teacher* (123):12-13. Dec.

BESTER, R. 1999. At the edges of apartheid memory. [Web:] http://www.trcresearch.org.za/papers99/bester.pdf [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

BETTERMANN, H., VON BONIN, D., FRUHWIRTH, M., CYSARZ, D. & MOSER, M. 2002. Effects of speech therapy with poetry on heart rate rhythmicity and cardiorespiratory coordination. [Web:] http://www.ncbi.nlm.nih.gov/entrez/query.fcgi [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006]

BIAKOLO, E. 2003. Categories of cross-cultural cognition and the African condition. (*In*: Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 9-19.)

BIKO, N. 2000. Amnesty and denial. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 193-198.)

BINGLE, J.P. 2000. Die verhouding tussen openbaring, dogmavorming en doksa-uiting in die liturgiese lied. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - Th.M.) 178p.

BISSCHOFF, A. 1992. Poésie pure. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 387-388.)

BIYELA, E.M. 2001. Remarks made on the occassion of the National Professional Teachers Organisation of South Africa (NAPTOSA) conference on racism, gender equity and HIV/AIDS held on 3 and 4 October 2001 at Misty Hills Hotel, Muldersdrift. [Web:] http://www.naptosa.org.za/documents/information/info_09.html [Datum van gebruik: 13 Jun. 2006].

BLACK TIE ENSEMBLE. 2006. Black Tie Ensemble: general information. [Web:] http://www.blackties.co.za/information.htm [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

BLACKABY, H. & BLACKABY, M. 2004. Verstaan die gawes van die Gees. Vertaal deur Cliff Smuts. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 161 p.

BLACKING, J. 1995. Music, culture and experience. Chicago: University of Chicago Press. 269 p.

BOEKKOOI, P. 2003. Tien uit tien vir Tien. *Beeld.Plus*:2, Apr. 16.

BOEREE, C.G. 2000. The Middle Ages. [Web:] http://www.ship.edu/~cgboeree/middleages.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

BORCHERT, G.L. 1996. John 1-11. s.l. : Broadman & Holman Publishers. 399 p. (*In* Clendenen, E.R. *ed.* The new American commentary. Vol. 25A.)

BOSCH, D.J. 1991. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. New York : Orbis Books. 587 p.

BOSHOFF, H. 1998. Christenwees/kerkwees in 'n tyd soos dié... (Lesing gelewer op 24 Maart 1998 aan studente in Teologie aan die PU vir CHO as deel van die kursus Homiletiek.) Potchefstroom. 3 p. Ongepubliseer.

BOSHOFF, W., SCHEFFLER, E. & SPANGENBERG, I. 2000. Ancient Israelite literature in context. Pretoria : Protea Book House. 239 p.

BOTHA, J.E. 1991. Jesus and the Samaritan woman: a speech act reading of John 4:1-42. Leiden : E.J. Brill. 220 p.

BOTHA, L. 2006. Boeremusiek verwelkom Tshepo 'met oop arms.' *Beeld*:1, Okt. 23.

BOTHA, N. 2006. Laat lidmate met vreugde verenig: hou dié punte in gedagte in strewe na kerkeenheid. *Beeld*:14, Jul. 24.

BOTHA, R. 2006a. Zimbabwe 'n wurm in SA appel. *Sakebeeld*:18, Aug. 9.

BOTHA, R. 2006b. Misdaad vertrap ekonomiese bloeisels. *Beeld*:30, Okt. 11.

BOTHA, W. 1999. Redaksioneel: I am an African. [Web:] http://general.uj.ac.za/aambeeld/november1999/AamN99-05.htm [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

BOYNICK, M. 1996. Musical terms: rhythm. [Web:] http://w3.rz-berlin.mpg.de/cmp/g_rhythym.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

BRAHM, E. 2004. Truth commissions. [Web:] http://www.beyondintractability.org/essay/truth_commissions/ [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

BRAND, G. 2003. Afrikaans kan nie politieke onderrok wegsteek nie! *Beeld*:9, Sept. 27.

BRAND, N. 2006. Afrikane optimisties, maar vra meer werk. [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2006/06/06/B1/28/wefoptims_1759.html [Datum van gebruik: 8 Jul. 2006].

BREYTENBACH, C. 1986. Reconciliation: shifts in Christian soteriology. (*In* Vorster, W.S. *ed.* Reconciliation and reconstruction. Proceedings of the 10th symposium of the Institute for Theological Research held at the University of South Africa (UNISA) on 3 and 4 September 1986. Pretoria : UNISA. p. 1-25.)

BREYTENBACH, W. 1999. The history and destiny of national minorities in the African renaissance: the case for better boundaries. (*In*: Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 91-100.)

BRISLIN, R. 2000. Understanding culture's influence on behaviour. Orlando : Harcourt College Publishers. 468 p.

BRODIE, T.L. 1993. The gospel according to John. Oxford : Oxford University Press. 625 p.

BROOKLYN COLLEGE. 1999. The roots of Western culture: shaping of the modern world. [Web:] http://academic.brooklyn.cuny.edu/history/virtual/core4-1.htm [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

BROWN, C. 1975. The new international dictionary of New Testament theology. 3 Volumes. Exeter : The Paternoster Press.

BRUCE, F. F. 1977. Commentary on the book of Acts. Grand Rapids : Eerdmans. 555 p.

BRÜMMER, V. 1994. Kairos, reconciliation and the doctrine of atonement. *Journal of theology for Southern Africa*, (87):42-60, Jun.

BRÜMMER, W. 2004. Van Christenpunk na Boerepunk. *Beeld*:3, Apr. 5.

BUCKLE, T. 1995. Land relations and social dynamics: reflections on contemporary land issues in South Africa, with particular reference tot the Eastern Cape. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 65-84.)

BURGER, C. 2003a. Christendom se getalle skiet op: 'n wonderwerk is besig om te gebeur in Afrika. *Beeld*:10, Jun. 9.

BURGER, C. 2003b. Mbeki steek sy hand uit om hulp – die kerk moet dit net vat. *Beeld*:11, Aug. 15.

BURGER, C. 2004. NGK is terug waar hy hoort – in SARK. *Beeld*:10, Jul. 19.

BURGER, C. 2006. Die land is gereed vir 'n alliansie teen misdaad en geweld. *Beeld*:13, Aug. 22.

BURGER, I. 2003. Afrika-godsdiens nader aan die Bybel. *Beeld*:12, Aug. 25.

BURGER, I. 2006. Kerk moet Suid-Afrika se 'Boetmanne' help. *Beeld*:16, Okt. 9.

BURGER, K. 2003. Klanke wat genesing bring. *Beeld Plus*:3, Sept. 6.

BURGER, K. 2004. Talent wat mense nie meer benut nie. *Beeld*:14, Apr. 5.

BURGER, W. 1998. Afrika-Renaissance: 'n nuwe menswaardigheid? [Web:] http://general.rau.ac.za/aambeeld/november1998/n%20nuwe%20menswaardigheid.html [Datum van gebruik: 8 Okt. 2006].

BURGER, W. 2000. Die storie van identiteit. [Web:] http://general.rau.ac.za/aambeeld/november2000/storie.htm [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

BURGER, W. 2004. Die gedig en die neurowetenskap. *Beeld.Plus*:4, Sept. 11.

BUSKAID. 2006. Buskaid: helping young Black musicians in South African townships. [Web:] http://www.buskaid.org.za/modules.php [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

BUYS, F. 2006. SA kan doen met 'n miljoen of twee. *Rapport*:22, Okt. 15.

BYARS, R.P. 2002. The future of protestant worship: beyond the worship wars. London : Westminster John Knox Press. 138 p.

BYBEL. 1993. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVIJN, J. 1900. Uitlegging op de profetie van Jesaja. Vertaal en bewerk deur L.W. van Deventer & E.C. Gravemeijer. Utrecht : A. H. Ten Bokkel Huinink. 796 p.

CALVIN, J. 1953. The gospel according tot Isaiah : seven sermons on Isaiah 53 concerning the passion and death of Christ. Translated by Leroy Nixon. Grand Rapids : Eerdmans. 133 p.

CALVYN, J. 1967. Institusie of onderwysing in die Christelike godsdiens. Uit die Latyn vertaal deur A. Duvenhage. Potchefstroom : Pro Rege Pers. 550 p.

CAREY, G. 2001. The Apocalypse and its ambigous ethos. (*In* Moyise, S., *ed.* Studies in die book of Revelation. Edinburgh : T&T Clark. p. 163-180.)

CASSIDY, M. 1989. The passing summer: a South African pilgrimage in the politics of love. London : Hodder & Stoughton. 534 p.

CHANGANI, F. 1998. Postmodernism: rearranging the furniture of the universe. [Web:] http://www.geocities.com/Athens/Agora/9095/postmodernism.html [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

CHAZAN, N., MORTIMER, R., RAVENHILL, J. & ROTHCHILD, D. 1992. Politics and society in contemporary Africa. Boulder, CO : Lynne Rienner Publishers. 482 p.

CHERRY, J. 2000. Historical truth: something to fight for. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 134-143.)

CHILD TRAUMA ACADEMY. 1999. Post-traumatic stress disorders in children and adoloscents. [Web:] http://www.childtrauma.org/ctamaterials/PTSD_opin6.asp [Datum van gebruik: 7 Otk. 2006].

CHRISTOPHER, A.J. 1995. Post-Apartheid South Africa and the nation state. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 3-15.)

CILLIERS, F. 1988. Personality characteristics of the effective therapist. *South African journal for music therapy*, 6(4):6-9.

CITY PRESS. 2006. From Eurocentrism and Afrocentrism to multiculturalism. [Web:] http://www.news24.com/City_Press/Features/0,,186-1696_1928383,00.html [Datum van gebruik: 3 Aug. 2006].

COETZEE, P.H. & ROUX, A.P.J. 2003. Preface to first edition. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press in Southern Africa. p. xi-xiii.)

COLLET, G. 1994. From theological vandalism to theological romanticism? (*In* Greinacher, N. & Mette, N., *eds.* Christianity and culture. London : SCM Press. p. 25-38.)

CONN, H.M. 1981. Conversion and culture - a theological perspective with reference to Korea. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 147-172.)

CORBITT, J.N. 1998. The sound of the harvest: music's mission in church and culture. Grand Rapids : Baker Books. 352 p.

COSTAS, O.E. 1981. Conversion as a complex experience. - a personal case study. (*In* Stott, J.R.W. & Coote. R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 173-191.)

COURT, J.M. 1994. Revelation. Sheffield : JSOT Press. 133 p.

CRAFFERT, P. 2002. Wis uit vs praat dit uit: Hervormingsdebat gaan oor watter samelewing ons wil hê. *Beeld*:13, Sept. 18.

CRICHTON, J.D. 1992. A theology of worship (*In*: Jones, C, Wainwright, G. Yarnold, E.S.J. & Bradshaw, P., *eds.* The study of liturgy. London : SPCK. p. 3-30.)

CYRUS, C.J. 1999. "Music." Introduction to Medieval music. [Web:] http://www.vanderbilt.edu/~cyrus/ORB/orbmusic.htm [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

d'ASSONVILLE, V.E. 1990. Kerkgeskiedenis in 30 lesse. Potchefstroom : Marnix. 117 p.

DAVIS, R.A. 2005. Music education and cultural identity. [Web:] http://www.blackwell-synergy.com/doi/full/10.1111/j.1469-5812.2005.00097.x [Datum van gebruik: 26 Jul. 2006].

DE BONO, E. 1997. Away with the gang of three. [Web:] http://www.edwdebono.com/debono/guard.htm [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

DE GRUCHY, J.W. 1997. Church unity and democratic transformation: perspectives on ecclesiology and ethics in South Africa. *The ecumenical review*, 49:356-377, Jul.

DE GRUCHY, J.W. 2002. Reconciliation: restoring justice. London : SCM Press. 255 p.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees in die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – ThD.)

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 1999. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom : Fakulteit Teologie PU vir CHO. 145 p.

DE KLERK, F.W. 2006. Toespraak aan die 'Nederlands Zuid-Afrika Vereniging.' [Web:] http://www.zuidafrikahuis.nl/download.php [Datum van gebruik: 5 Jan. 2007].

DE KLERK, J.J. 1982. Liturgiese grondlyne. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers. 154p.

DE KLERK, T.C. 1990. Die rol van eredienssang in die opbou van die gemeente. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)

DE LANGE, D. 2006a. Basta met pille – gee hulle knoffel! Minister van gesondheid uit voeling met werklikheid. *Beeld*:18, Aug. 30.

DE LANGE, D. 2006b. Net 43% van wittes glo Suid-Afrika se toekoms is rooskleurig. *Beeld*:4, Sept. 25.

DE LANGE, D. 2006c. 'Ons is ook Afrikane,' sê wit Tukkies. *Beeld*:6, Okt. 6.

DE LANGE, L. 2006a. Libanon pleit om SA hulp: Pahad kap VN se hantering van krisis. *Beeld*:6, Aug. 9.

DE LANGE, L. 2006b. SA help met Iran-spanning: Probeer só kern-drukpot ontlont. *Beeld*:7, Aug. 22.

DE LANGE, L. 2006c. 529 Polisiebeamptes geskors. *Beeld*:4, Sept. 28.

DE LANGE, J. 2000. The historical context, legal origins and philosophical foundation of the South African Truth and Reconciliation Commission. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 14-31.)

DE LANGE, J. 2006. 'n Land van melk en heuning – as jy wit is. *Beeld*:27, Okt. 2.

DEN BOEFT, J., BRANDSMA, F., HOENSELAARS, T., KLOEK, J., LEVIE, S., VAN DER THÜSEN, J. & WIERSEMA, S. 1994. Denken over dichten: dertig eeuwen poëticale reflectie. Amsterdam : Amsterdam University Press. 214 p.

DEPARTMENT OF PUBLIC SERVICE AND ADMINISTRATION. 1998. White Paper on Affifmative Action in the Public Service. [Web:] http://www.polity.org.za/html/govdocs/white_papers/affirmative.html [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

DE VAUX, R. 1960. Hoe het oude Israel leefde: de instellinge van het Oude Testament. Roermond : J.J. Romen & Zonen Uitgevers. 411 p.

DE VISSER, A.J. 2000. Kyrios and Morena: the Lordship of Christ and African township Christianity. Pretoria : s.n. 253 p.

DE WAARD, H. 1992. The unity of the church. *In die Skriflig* 26(4): 563-567. Des.

DIE VRYE AFRIKAAN. 2005. Opstand in die NG Kerk. *Die Vrye Afrikaan:*1, Aug. 19.

DRAKENSBERG TOURISM. 2006. Drakensberg Boys Choir School. [Web:] http://www.drakensberg-tourism.com/drakensberg-boys-choir.html [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

DUBOURDIEU, E. 1996. Accentuate the positive? Affirmative action for Sourh African women. [Web:] http://www2.univ-reunion.fr/~ageof/text/74c21e88-133.html [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

DUNN, J.D.G. 1988. Romans. (Word Biblical commentary vol. 38). Waco : Word Books. 976 p.

DU PLESSIS, C. 2005. Nuwe onthullings oor 'Derde Mag' gedoen. [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006/05/01/DB/2/polcdsteyn.html [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

DU PLESSIS, C. 2006a. Apartheidslagoffers 'kry te min geld.' [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006/04/21/SK/2/POLcdvergoeding.html [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

DU PLESSIS, C. 2006b. 'Tony bly held van die struggle en dit het nie verander nie.' *Beeld*:2, Aug. 26.

DU PLESSIS, T. 2006. Skielik haal die land weer asem: Mbeki ontwaak uit politieke winterslaap. *Rapport*:22, Okt. 15.

DU RAND, J.A. 1999a. 2 Korintiërs. (*In* Vosloo, W. & J. van Rensburg, F., *reds.* Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1526-1546.)

DU RAND, J.A. 1999b. Openbaring. (*In* Vosloo, W. & J. van Rensburg, F., *reds.* Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1768-1807.)

DURING, S. 2000. Editor's introduction. (*In* During, S., *ed.* The cultural studies reader. London : Routledge. p. 142.)

DU TOIT, C.W. 1998. African rationality: analysis, critique and prospects. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Faith, science and African culture: Proceedings of the fifth seminar of the South African Science and Religious Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at UNISA on 29 & 30 May 1997. Pretoria. p. 10-32).

DU TOIT, F. 2003. Versoening vandag. [Web:] http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Versoening%20vandag.pdf [Datum van gebruik: 15 Otk. 2006].

DU TOIT, F. 2006. WaarVandaan ons Kom, kan help met waarheen ons gaan. *Beeld*:13, Apr. 19.

DU TOIT, P. 2002. Plaasmoordenaars is soldate as mense só oor saak dink. *Beeld*:13, Okt. 2.

DU TOIT, Z.B. 2000. En nou, ná Boetman? Die oplaaiende krisis van die Afrikaanse minderheidspolitiek. [Web:] http://www.geocities.com/groep63/Zbdt2.htm [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

EATON, J.H. 1976. Kingship and the Psalms. Studies in Biblical theology. London : SCM Press. 227 p.

EDUCATION REPORTER. 2005. Model resolution promotes Western civilization. [Web:] http://www.eagleforum.org/educate/2005/sept05/western-civ.html [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

EDWARDS, F. 1998. African spirituality and the integrity of science. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Faith, science and African culture: Proceedings of the fifth seminar of the South African Science and Religious Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at UNISA on 29 & 30 May 1997. Pretoria. p. 85-96)

EJIZU, C.I. 2006. "Conversion" in African traditional religions. [Web:] http://www.afrikaworld.net/afrel/conversion.htm [Datum van gebruik: 17 Sept. 2006].

ENCARTA. 2006. Music, Western. [Web:] http://uk.encarta.msn.com/text_761551748___0/Music_Western.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

ERIKSSON, B. 2000. The Truth and Reconciliation Commission, a liturgy of reconciliation in South Africa. [Web:] http://www.missioncouncil.se/faltstudier/uppsatser/2000/%C3%96MS00F001.pdf [Datum van gebruik: 18 Okt. 2006].

ESTERHUYSE, W.P. 1989. Broers buite hoorafstand? Skeiding van die kerklike weë. Kaapstad : Tafelberg. 63 p.

ESTERHUYSE, W. 2000. Truth as a trigger for transformation: from apartheid injustice to transformational justice. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 144-154.)

EXPERIENCING WORSHIP. 2001a. Singing = praying? [Web:] http://experiencingworship.com/articles/general/2001-10-Transcultural-Aspects-of-print.html [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

EXPERIENCING WORSHIP. 2001b. Music for worship. [Web:] http://experiencingworship.com/articles/general/2001-10-Transcultural-Aspects-of-print.html [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

EXPERIENCING WORSHIP. 2001c. Transcultural aspects of worship. [Web:] http://experiencingworship.com/articles/general/2001-10-Transcultural-Aspects-of-print.html [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

EXPLORING AFRICA. 2002. Introduction to module thirteen: African music. [Web:] http://exploringafrica.matrix.msu.edu/teachers/curriculum/m13/ [Datum van gebruik: 7 Mei 2007].

EYBERS, J. 2006. Vlok was Chikane se voete. *Rapport*:1, Aug. 27.

FERNANDEZ, J. 2004. Emergence and convergence in some African sacred places. (*In* Low, S.M. & Lawrence-Zúñiga, D., *eds.* The anthropology of space and place. Oxford : Blackwell Publishing. p. 187-203.)

FERREIRA, B. 2003. Arabiere soek handel, nie kultuurvermenging. *Beeld*:10, Okt. 3.

FIEDLER, K. 1996. Christianity and African culture: conservative German protestant missionaries in Tanzania, 1900-1904. Leiden : E.J. Brill. 239 p.

FISCHER, G. 1996. Das Schilfmeerlied Exodus 15 in seinem Kontext. *Biblica*, 77(1):32-47.

FITZPATRICK, M. 2003. Kinder-skurke: aanvaarding in misdaadwêreld vergoed vir 'koue' en materialistiese ouerhuise. *Beeld*:13, Okt. 8.

FITZPATRICK, M. 2007. Die X in eksistensieel. *Beeld*:15, Feb. 28.

FLOOR, L. 1995. Efeziërs: één in Christus. Kampen : Kok. 232 p. (*In* Van Bruggen, J. *red.* Commentaar op het Nieuwe Testament. Derde Serie.)

FLORIS, J. 2004. 'Dit gaan oor liefde, omgee.' Samehorigheid in Soweto bekoor wit vrou wat daar tuis voel. *Beeld*:15, Mrt. 19.

FOURIE, G. 2000. A personal encounter with perpetrators. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 230-238.)

FRETHEIM, T.E. 1991. Exodus. Louisville : John Knox Press. 321 p. (*In* Mays, J.L., Miller, P.D. & Achtemeier, P.J., *eds.* Interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching.)

FW DE KLERK STIGTING. 2005. Black economic empowerment in South Africa. [Web:] http://www.fwdeklerk.org.za/download_docs/05_03_BEE5_Malaysia_USA_PDF.pdf [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

GAEDE, S.D. 1993. When tolerance is no virtue: political correctness, multiculturalism and the future of truth and justice. Downers Grove : InterVarsity Press. 118 p.

GARLAND, D.E. 1999. Corinthians. Nashville : Broadman & Holman. 587 p. (The new American commentary. Vol. 29).

GENOCIDE WATCH. 2002. Over 1000 Boer farmers in South Africa have been murdered since 1991. [Web:] http://www.genocidewatch.org/BoersSlain01.htm [Datum van gebruik: 21 Okt. 2006].

GERWEL, J. 2000. National reconciliation: holy grail or secular pact? (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 277-286.)

GESENIUS, H.W.F. 1979. Gesenius' Hebrew and Chaldee lexicon to the Old Testament Scriptures. Translated by Samuel Prideaux Tregelles. Grand Rapids : Baker Book House. 919 p.

GILL, D.W.J. 1994. Acts and the urban élites. (*In* Gill, D.W.J. & Gempf, C. *eds.* The book of Acts in its first century setting. Grand Rapids : Eerdmans. p. 105-118.)

GISPEN, W.H. 1974. Genesis. Kampen : Kok. 391 p. (*In* Gispen, W.H. & Ridderbos, N.H., *reds.* Commentaar op het Oude Testament.)

GITTINS, A.J. 1989. Gifts and strangers: meeting the challenge of inculturation. New York : Paulist Press. 144 p.

GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). 1997a. Handelinge van die ses-en-veertigste Nasionale Sinode. Pretoria : V&R Drukkery.

GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). 1997b. Ons kerke se lewe weerspieël in ons liturgie. Potchefstroom : Deputate CJBF. 32 p.

GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). 2003. Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode OVS en Natal oor opleiding van predikante (artt. 8, 110, 137). [Web:] http://www.gksa.org.za/sinode2003/tsp/opleiding%20vdm.htm [Datum van gebruik: 5 Januarie 2006].

GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). 2006a. Handelinge van die nege en veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 4 Januarie 2006 en volgende dae en derde addendum van die Emeritaatsversorgingstrust. Potchefstroom : GKSA. 953 p.

GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). 2006b. Rapport van die Kuratore Teologiese Skool Potchefstroom (artt 170, 171, 207, 208, 215, 218, 236, 237, 242, 273). [Web:] http://www.gksa.org.za/Sinode2006/23.1%20Rapport%20Teologiese%20Skool%20p787-806.pdf [Datum van gebruik: 5 Januarie 2007].

GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). 2007a. Heidelbergse Kategismus. [Web:] http://www.gksa.org.za [Datum van gebruik: 7 Mei 2007].

GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika). 2007b. Nederlandse Geloofsbelydenis. [Web:] http://www.gksa.org.za [Datum van gebruik: 7 Mei 2007].

GOBODO-MADIKIZELA, P. 2003. A human being died that night: a South African woman confronts the legacy of apartheid. Boston : Mariner Books. 193 p.

GOHEEN, M. 2000. Building for the future: worldview foundations of sand and rock. [Web:] http://www.georgefox.edu/academics/undergrad/departments/soc-swk/ree/goheen_bft.doc [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

GOOSEN, G. 2003. Bringing churches together: a popular introduction to ecumenism. Geneva : WCC Publications. 173 p.

GORDHAN, P. 1999. Co-operative government: a new political culture for a new nation. (*In* Maharaj, G., *ed.* Between unity and diversity: essays on nation-building in post-apartheid South Africa. Cape Town : David Philip Publishers. p. 199-208.)

GRABBE, L. L. 1994. Judaism from Cyrus to Hadrian. London : SCM Press. 722 p.

GRÄBE, I. 1992. Klank. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 204-207.)

GRANT, E. 2001. God and reason in the Middle Ages. [Web:] http://assets.cambridge.org/052180/2792/sample/0521802792ws.pdf [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

GREINACHER, N. & METTE, N. 1994. Christianity and culture. London : SCM Press. 140 p.

GREYLING, F. 2006a. Lughawebesluit verniel nasiebou. *Beeld*:12. Sept. 8.

GREYLING, F. 2006b. Rassisme slaan toe na alle kante toe: vervang 'swart' met 'wit' en nuwe diskriminasie blyk. *Beeld*:16, Sept. 15.

GREYLING, F. 2006c. Doodstraf-oproep is baie gevaarlik: 'n Referendum daaroor kan die Grondwet ontrafel. *Beeld*:12, Okt. 6.

GREYLING, F. 2006d. Mense inheems aan Suid-Afrika: nie swart of wit in ons land is oorspronklike inwoners. *Beeld*:18, Okt. 27.

GRIT, B. 2004. Worship renewal: what we have learned from congregations. [Web:] http://www.calvin.edu/worship/grants/learned.php [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

GROOME, T. 1994. Inculturation: how to proceed in a pastoral context. (*In* Greinacher, M. & Mette, N., *eds.* Christianity and culture. London : SCM Press. p. 120-133.)

GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan de kerk te Korinthe. Kampen : Kok. 446 p. (*In* Greijdanus, S. & Grosheide, F.W., *reds.* Commentaar op het Nieuwe Testament).

GROVÉ, I. 2005. Gewigtigheid en waardigheid: hoe gereformeerd is die NG Kerk se musiek? *Die vrye Afrikaan*:11-17, Aug. 19.

GUEST, R. 2004. The world's most extreme affirmative action program. [Web:] http://www.opinionjournal.com/extra/ [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

GYEKYE, K. 2003. Person and community in African thought. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 297-312.)

HAMBER, B. 1999. Past imperfect: strategies for dealing with past political violence in Northern Ireland, South Africa and countries in transition. [Web:] http://www.trcresearch.org.za/papers99/hamber.pdf [Datum van gebruik: 7 Okt 2006].

HAMMOND-TOOKE, D. 1998. Establishing dialogue: thoughts on 'cosmology', 'religion' and 'science.' (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Faith, science and African culture: Proceedings of the fifth seminar of the South African Science and Religious Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at UNISA on 29 & 30 May 1997. Pretoria. p. 1-9.)

HANNING, B.R. 1998. Concise history of Western music. [Web:] http://www.iclassics.com/timelineIndex [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

HANSEN, G.W. 1994. Galatians. Leicester : Intervarsity Press. 212 p. (*In* Osborne, G.R. *ed.* The IVP New Testament commentary series).

HARDWICK, A.J. & CHAU, P.-L. 2006. Western musical pitch conventions ab initio. [Web:] http://www.pasteur.fr/recherche/unites/Binfs/people/Chau/musicpaper.pdf [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

HARRIS, B. 2004. Hero file: Walter Sisulu. [Web:] http://www.moreorless.au.com/heroes/sisulu.html [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

HAY, M. 1998. Ukubuyisana: reconciliation in South Africa. Pietermaritzburg : Cluster Publications. 176 p.

HAYNER, P. 2000. Same species, different animal: how South Africa compares tot truth commissions world wide. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 32-41.)

HENDRIKSEN, W. 1974. The gospel of Matthew. Edinburgh : Banner of Truth Trust. 1015 p.

HENGEL, M. 1974. Judaism and Hellenism: studies in their encounter in Palestine during the Early Hellenistic Period. London : SCM Press. 314 p.

HENGEVELD, R. 2004. Webdossier 'Nederland tegen apartheid' – jaren '80 (4). [Web:] http://www.niza.nl/detail_page.phtml [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

HEYSTEK, K. 2000. Hoe staan dit met die GKSA? [Web:] http://www.gkwapadrant.co.za/hoe_staan_dit_met_die_gksa.htm [Datum van gebruik: 5 Januarie 2007].

HILLS, F. 2003. Kwaito's looking sharp! [Web:] http://www.southafrica.info/what_happening/arts_entertainment/kwaitodoc.htm [Datum van gebruik: 4 Mei 2004].

HLATSHWAYO, S. 2006. Body parts in his bag: cops bust man in muti horror! *Daily Sun*:1, Aug. 15.

HOFMEYR, J.W. & PILLAY, G.J. 1994. A history of Christianity in South Africa. Vol. 1. Bloemfontein : HAUM Tertiary. 320 p.

HOOKER, R. 1996. Greek philosophy: Aristotle. [Web:] http://www.wsu.edu/~dee/GREECE/ARTIST.htm [Datum van gebruik: 27 September 2006].

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL OF SOUTH AFRICA. 1996. Most people in SA in favour of amnesty. [Web:] http://www.hsrc.ac.za/media/1996/10/19961023_1.html [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

HUNTLEY, L.W. 1999. Hard-won democratic values provide a basis for optimism. (*In* Maharaj, G., *ed.* Between unity and diversity: essays on nation-building in post-apartheid South Africa. Cape Town : David Philip Publishers. p. 361-366.)

HUYSER-HONIG, J. 2004. African-American church music: beyond the myths. [Web:] http://www.calvin.edu/worship/stories/abbington.php [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

IAFRICA.COM. 2001. Chris Louw: Boetman en die swanesang van die verligtes. [Web:] http://iafrica.com/afrikaans/vermaak/boeke/250281.htm [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

IAFRICA.COM. 2006. 'ANC politics hinders sport' – DA. [Web:] http://iafrica.com/news/sa/704461.htm [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

IMPEY, A. 2001. Resurrecting the flesh? Reflections on women in kwaito. *Agenda*, 49:44-50, Jul.

INDEPENDENT ONLINE. 2007. The life and times of P.W. Botha. [Web:] http://www.iol.co.za/index.php [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

IRSIGLER, H. 1998. Quest for justice as reconciliation of the poor and the righteous in Psalms 37, 49 and 93. *Skrif en kerk*, 19(3):584-604.

ISSERLIN, B.S.J. 2001. The Israelites. Minneapolis : Fortress Press. 304 p.

JACKSON, N. 2003a. CD prys God met 'n doef-doef-ritme. *Beeld*:8, Mei. 20.

JACKSON, N. 2003b. Besin oor verlede, kyk na toekoms: Herstel van samelewing ook vir wittes genesend. *Beeld*:10, Jun. 11.

JACKSON, N. 2003c. Maak plek vir Afrika-ervarings in Christen-godsdiens – biskop. *Beeld*:11, Jul. 9.

JACKSON, N. 2003d. Kerkstrome vloei saam vir groot stryd teen die sewe Goliatte. *Beeld*:13, Jul. 18.

JACKSON, N. 2003e. Rassisme oorwin: grassny vir swartes bring bevryding vir Afrikaanse pastoor. *Beeld*:11, Jul. 22.

JACKSON, N. 2003f. Cloete staande toegejuig oor sy werk vir psalmboek. *Beeld*:5, Okt. 27.

JACKSON, N. 2003g. Waar daar honger en nood is, sien God (en dié kerk) nie velkleur raak. *Beeld*:9, Des. 2.

JACKSON, N. 2004a. Afrikaanse kerk in kuberruim. *Beeld*:3, Feb. 14.

JACKSON, N. 2004b. 'Saam aanbid kan versoening aanhelp.' *Beeld*:6, Mrt. 5.

JACKSON, N. 2004c. Gereformeerde kerke besig om vinnig veld te verloor in SA. *Beeld*:9, Mrt. 15.

JACKSON, N. 2004d. Leon-styl verskil van lekgotla-styl. *Beeld*:14, Apr. 28.

JACKSON, N. 2004e. 'n Multikulturele gemeente moet die NG Kerk relevant hou. *Beeld*:6, Jun. 2.

JACKSON, N. 2006a. NG gemeente se swart dominee wil rasse-versoening aanhelp. *Beeld*:7, Aug. 19.

JACKSON, N. 2006b. Voetedoening: 'Dit gaan goed met dié wie se sonde vergewe word.' *Beeld*:13, Sept. 8.

JACKSON, N. 2006c. Eenheid het kerk op verskillende maniere verryk, sê AGS-president. *Beeld*:11, Sept. 12.

JACKSON, N. 2006d. Voetewas verander Chikane se lewe: 'Jy kan daarna nooit weer dieselfde wees nie,' sê hy. *Beeld*:5, Sept. 14.

JACKSON, N. 2006e. Kerklike revolusie ook in Sa te sien, sê kenner van VSA. *Beeld*:6, Okt. 18.

JACKSON, N. 2006f. 'Eenheid in NG Kerk gaan baie harde werk kos' *Beeld*:12, Nov. 1.

JACKSON, N. 2007a. Nuwe wyn, ou sakke. *Beeld*:13, Jan. 24.

JACKSON, N. 2007b. 'Ai toggie,' sê kerkleier Cassie oor Christelike 'Leeuloop' *Beeld*:3, Jan. 25.

JACKSON, N. 2007c. 'De La Rey' omskryf vir die hemelse Generaal. *Beeld*:5, Jan. 26.

JACKSON, N. 2007d. 'Soek na dieper eenheid' :politieke, sosiale middelgrond van welwillendheid verkrummel. *Beeld*:13, Feb. 20.

JACOBS, D.R. 1981. Conversion and culture - an anthropological perspective with reference to East Africa. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T. *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p.131-145.)

JACQUES, G. 2000. Beyond impunity: an ecumenical approach to truth, justice and reconciliation. Geneve : WCC Publishers. 61 p.

JANSE VAN VUUREN, A. 2004. Mandoza bly oor Afrikaanse 'fans.' *Beeld*:5, Des. 20.

JANSEN, J. 2004. Mag God verhoed dat jonges negativisme erf. [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2004/07/28/B1/15/01.html [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

JEFFREYS, H. 2003. 'n Ideale geskenk vir Mandela op 85: Lewensreddende beleid vir plaag teen mensdom. *Beeld*:12, Jul. 18

JEFFREYS, H. 2004. Afrika se sukses sál baie kos...En SA het verpligting om te help. *Beeld*:10, Jul. 23.

JEFFREYS, H. 2006a. Waardes: Politici mors daarmee. Gewone mense moet inkoop, ander is veldtogte futiel. *Beeld*:12, Jul. 25.

JEFFREYS, H. 2006b. Om apartheid se skade te herstel. *Beeld*:10, Okt. 10.

JENKINS, A. 2005. Traditional African music. [Web:] http://studentweb.tulane.edu/~ajenkin/traditional.doc [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

JENKINS, J. 2005. Knights in Columbus. Four comments. [Web:] http://fatherjoe.wordpress.com/2005/10/ [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

JOHANNES, J. 2006. Al hoe meer leerlinge verkies Afrikaans as tweede taal. *Beeld*:2, Okt. 23.

JOHNSON, A.F. 2004. 1 Corinthians. Leicester : InterVarsity Press. 343 p. (*In* Osborne, G.R., *ed.* The IVP New Testament commentary series.)

JOHNSON, R. & JOHNSON, T. 2001. Discovering Genesis. Leicester : Crossway Books. 187 p. (*In* Coffey, I. & Gankroger, S., *eds.* Crossway Bible guide.)

JOLLY, R. 1999. South Africa's Truth and Reconciliation Commission, modernity and their discontents. [Web:] http://www.apa.udel.edu/apa/archive/newsletters/v98n2/international/jolly.asp [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

JORDAAN, D. 2006. Uit die doofpot gehaal: broodnodig om dié stories oor nasionale diensplig te hoor. *Beeld*:13, Okt. 23.

JORDAAN, G. 2002. Raak betrokke om die regte redes. *Algemene Kerkbode*:7, Okt. 14.

JORDAAN, W. 1998. Menswetenskaplike kennis en versoening. [Web:] http://general.uj.ac.za/aambeeld/june1998/menswetenskaplike_kennis.html [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

JORDAAN, W. 2006a. Smeltkroes van kultuurerfenisse nie paradoks. *Beeld*:13, Mrt. 8.

JORDAAN, W. 2006b. SA geknel deur nuwe soort onvryheid. *Beeld*:16, Okt. 4.

JORDAAN, W. 2006c. Herinneringe van onderdrukking. *Beeld*:18, Okt. 18.

JORDAAN, W.J. 1994. Toward a psychotheology of reconciliation. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Sociopolitical changes and the challenge to Christianity in South Africa. Pretoria : UNISA. p. 69-94.)

JOUBERT, J. 2006a. Gelol met name nie versoenend: ANC-rade wil wys wie's baas, maar daar's ander opsies. *Beeld*:8, Aug. 9.

JOUBERT, J. 2006b. Nuwe mites verdring dalk die ware verhaal. *Beeld*:13, Sept. 30.

JOUBERT, J. & LA GRANGE, B. 2006. Kontras tussen arm en ryk 'het besliste invloed op misdaad.' *Beeld*:19, Sept. 29.

JOUBERT, S. 2006. Vroom kerkleiers nie langer geduld: dis tyd om lewens te verander en van voor af te begin glo. *Beeld*:10, Sept. 11.

KA MAHAMBA, A. 2004. Gas amper gegaffel toe oom rooi sien oor swart bul op troue. *Beeld*:1, Mrt. 3.

KEE, H.C. 1990. Good news to the ends of the earth: the theology of Acts. London : SCM Press. 122 p.

KEMERLING, G. 2001. The origins of Western thought. [Web:] http://www.philosophypages.com/hy/2b.htm [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

KERYGMA. 2005. Sowing tears, reaping joy. The Bible and Brahms's Requiem by Carol Bechtel. [Web:] www.kerygma.com/courses/elective/sowingtears.htm [Datum van gebruik: 15 Aug. 2006].

KETEYI, X.S.J. 1998. Inculturation as a strategy for liberation. Pietermaritzburg : Cluster Publications. 70 p.

KHATAMI, S.M. 2006. Islam, dialogue and civil society. [Web:] http://www.al-islam.org/civilsociety/4.htm [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

KIDNER, D. 1987. The message of Jeremia. Leicester : Inter-Varsity Press. 176 p. (*In* Motyer, J.A. & Stott, J.R.W. The Bible speaks today).

KING'S FUND. 2003. Poetry for health: improving health in London case study. [Web:] http://www.kingsfund.org.uk/millennium_poetryforhealth.pdf [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

KLETSKERK. 2006. Al minder lidmate in GKSA kan sorg vir geldkrisis. [Web:] http://develop.christians.co.za/kletskerk/viewtopic.php [Datum van gebruik: 5 Jan. 2007].

KLOPPERS, E.C. 1998. Liturgiese musiek as kommunikatiewe handeling in 'n post-moderne era. Pretoria : UNISA (Proefskrif – Th.D.)

KLOPPERS, M.H.O. 1986. Die rol en funksie van die vreemdeling (ger) in Deuteronomium. *Fax Theologica,* 6(2): 1-44.

KNEVEL, A.G. 1991. Inleiding. (*In* Wetenschappelijk Studiecentrum van de RPF. Reformatorische cultuurvisie. Nunspeet : Marnix van St. Aldegonde Stichting. p. 8-10.)

KNIGHT, J. 1999. Revelation. Sheffield : Sheffield Academic Press. 182 p.

KNIGHT, R. 2001. South Africa: economic policy and development. [Web:] http://richardknight.homestead.com/files/sisaeconomy.htm [Datum van gebruik: 31 Okt. 2006].

KOEHLER, L. & BAUMGARTNER, W. 1985. Lexicon in veteris testamenti libros. Leiden : E.J. Brill. 1138 p.

KOEKEMOER, L. 1998. Affirmative action: a force of empowerment of threat? [Web:] http://general.rau.ac.za/aambeeld/june1998/affirmative_action.html [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

KONDLO, K.M. 2003. The exile of the Pan Africanist Congress of Azania (South Africa) : (1960-1990). [Web:] http://etd.rau.ac.za/theses/available/etd-08182004-115716/restricted/FinalchapterOne.pdf [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

KOVACS, J. & ROWLAND, C. 2004. Revelation: the apocalypse of Jesus Christ. Oxford : Blackwell Publishing. 315 p. (*In* Sawyer, J., Rowland, C. & Kovacs, J. *reds.* Blackwell Bible commentaries.)

KRETZSCHMAR, L. 1996. A holistic spirituality: a prerequisite for the reconstruction of South Africa. *Journal of theology for Southern Africa*, (95):63-75, Jul.

KRIKKE, S. 1976. Veranderd levensbesef en liturgie: een verkenning van godsdienstwijsgerige en liturgische aspecten der randkerkelijkheid. Assen Van Gorcum. 191 p.

KROEZE, J.H. 1974. Adam en Eva. Johannesburg : Boekhandel de Jong. 132 p.

KROG, A. 2006. Vlok wys aanvoeling vir kollektiwiteit wat vir baie 'n les is. *Beeld*:19, Aug. 30.

KRÜGER, P.P. 2000. Die beskrywing van gedagtesamehang: 'n eksegetiese hulpmiddel, geïllustreer aan die hand van Genesis 2. (Proefskrif Th.D. PU vir CHO). 607 p.

KUBATANA. 2003. A glossary of African music styles. [Web:] http://www.kubatana.net/html/archive/artcul/030521music.asp [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

KUDADJIE, J. & OSEI, J. 1998. Understanding African cosmology: its content and contribution to world-view, community and the development of science. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Faith, science and African culture: Proceedings of the fifth seminar of the South African Science and Religious Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at UNISA on 29 & 30 May 1997. Pretoria. p. 33-64.)

KUMAR, S.A. 1981. Culture and the Old Testament. (*In* Stott, J.W.R. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 33-48.)

LA GRANGE, B. 2005. Bly weg van die kwaad: Suid-Afrikaners veral vatbaar weens baie misdaad. [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2005/04/23/B5/08/01.html [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

LAMBRECHT, B. 2002. Gestolde oomblikke van volmaakte beswyming. *Beeld Plus*:8, Okt. 9.

LAMPRECHT, D. 2004. Amerikaners nou nes wit Suid-Afrikaners in apartheid, sê Tutu. *Beeld*:4, Mrt. 22.

LASSITER, J.E. 1999. African culture and personality: bad social science, effective social activism or a call to reinvent ethnology? [Web:] http://web.africa.ufl.edu/asq/v3/v3i3a1.htm [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

LATHROP, G.W. 1999. Holy people: a liturgical ecclesiology. Minneapolis : Fortress Press. 246 p.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. 2001. Practical research. Planning and design. New Jersey : Prentice Hall. 318 p.

LEMON, A. 1995. Introduction. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. i-xii.)

LEMON, A. 1995. Repons to crisis: redistribution and privatization in South African schools. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 123-142.)

LETŠOSA, R. 2005. A relevant liturgy for the reformed churches in Synod Midlands. Potchefstroom : NWU. (Proefskrif – Ph.D.) 442 p.

LEUVENNINK, J. 1999. Dié koor gee jou hoop. [Web:] http://www.afrikaans.com/av6124.html [Datum van gebruik: 5 Jul. 2006].

LEUVENNINK, J. 2003. O aarde, dit gaan toe glad nie so sleg soos wat doemprofete sê. *Sakebeeld*:10, Apr. 3.

LEVINE, L.I.A. 1988. The age of Hellenism. (*In* Shanks, H., *ed.* Ancient Israel: a short history from Abraham to the Roman destruction of the temple. Englewood Cliffs : Prentice-Hall. p. 177-204.)

LINCOLN, A.J. 1990. Ephesians. Dallas : Word Books. 494 p. (Word Biblical commentary. Vol. 42.)

LINDBERG, K.A. 1998. Music therapy: frequently asked questions. [Web:] http://hometown.aol.com/kathysl/questions.html [Datum van gebruik: 24 Jul. 2006].

LOBAIDO, A.C. 2002 'Kill the Boer, kill the Farmer' death chant at ANC funeral leads to more murder of whites. [Web:] http://jmm.aaa.net.au/articles/447.htm [Datum van gebruik: 21 Okt. 2006].

LODGE, T. 1999. South African politics since 1994. Cape Town : David Philip Publishers. 136 p.

LOEFLER, I. 2002. Is longevity a sustainable goal? [Web:] http://bmj.bmjjournals.com/cgi/content/full/325/7365/665 [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

LOEWEN, J.A. 1981. The gospel: its content and communication - an anthropological perspective. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 115-130.)

LOGAN, L. 1998. South Africa tries affirmative action: racial quota plan to become law. [Web:] http://www.cnn.cm/WORLD/africa/9810/08/safrica.affirmative.action/ [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

LOMBAARD, S. 2002. Boere-sjiek: van styf tot stylvol – Afrikaners pronk op wêreldverhoog. *Beeld*:11, Okt. 9.

LOMBAARD, S. 2006. Liefde is blind: bekendes in gemengde verhoudings stel voorbeeld. *Beeld*:6, Jan. 7.

LONGO, P.J. 2006. Poetry as therapy. [Web:] http://www.spcsb.org/advoc/poetrytx.html [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

LOTTER, G.A. 2000. Versoening en moontlike versoeningsimbole in die hedendaagse Suid-Afrika. *Koers*, 65(1): 223-235. Jun.

LOUW, A. 2004. 'n Nuwe model vir interkulturele bedieninge? [Web:] http://www.getuienisforum.org.za/saak.htm [Datum van gebruik: 5 Jul. 2006].

LOUW, B. 2003. Verlamde kerk verdeel om te kan veg om sy plek in nuwe wêreld. *Beeld*:11, Apr. 1.

LOUW, D.J. 1987. Versoening en geweld: 'n pleidooi om vrede in Suider-Afrika. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers. 56 p.

LOUW, D.J. 1997. Normativity and social change as a challenge to practical theology. *Journal of theology for Southern Africa,* (97):16-29, Mar.

LOUW, D.J. 1998. Ubuntu: an African assessment of the religious other. [Web:] http://www.bu.edu/wcp/Papers/Afri/AfriLouw.htm [Datum van gebruik: 13 Sept. 2006].

LOUW, J. 2006. Berading? Gee my eerder bier. *Beeld*:13, Okt. 24.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2 Volumes. Cape Town : Bible Society of South Africa. 843 p.

LOUW, L. 2002. As reis selfmoord word... 'Informele manier' kry skuld vir seeramp. *Beeld*:9, Okt. 2.

LOUW, L. 2006a. Japan hoop SA kan missiel-krisis bylê. *Beeld*:2, Jul. 7.

LOUW, L. 2006b. Brink, SA gesant slaags. *Beeld*:1, Sept. 27.

LOUW, L. 2006c. SA groepe 'is boelies in Afrika.' *Beeld*:20, Okt. 11.

LOUW, M. 2006. Die geloof dat gruwels geluk bring: rykdom-drang vuur moetiemoorde aan. *Beeld*:11, Aug. 19.

LOWIES, P. 2004. Tot 50% van werkmag kan sterf weens vigs. *Sake-Beeld*:9, Mrt. 15

LUCAS, D. & GREEN, C. 1995. The message of 2 Peter and Jude. Leicester : Inter-Varsity Press. 270 p. (*In* Stott, J.R.W. & Motyer, J.A., *eds.* The Bible speaks today.)

LUMBALA, F.K. 1994. The process of developing the church in Zaire. (*In* Greinacher, N. & Mette, N., *eds.* Christianity and culture. London : SCM Press. p. 56-64.)

LUPTON, M. & MURPHY, S. 1995. Housing and urban reconstructing in South Africa. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 143-167.)

LUTHERAN WORLD FEDERATION. Nairobi statement on worship and culture: contemporary challenges and opportunities. [Web:] http://www.worship.ca/docs/lwf_ns.html [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

LYOTARD, J. 2000. Defining the postmodern. (*In* During, S., *ed.* The cultural studies reader. London : Routledge. p. 143-145.)

MAARMAN, J. 2006. Luister na die stem van Tutu: ANC se siel is besig om te verflenter. *Rapport*:18, Aug. 27

MACARTHUR, J.F. 1988. The gospel according to Jesus: what does Jesus mean when He says "Follow Me" ? Grand Rapids : Zondervan. 302 p.

MAGUBANE, B.M. 1998. Opening the hornet's nest: reconciliation and social justice- a perspective on post-apartheid South Africa. (*In* Human Sciences Research Council. Sam Nolutshungu Memorial Series: Reconciliation and social justice. Presented as part of the HSRC lecture series on 13 August 1998. Pretoria : HSRC Publishers. 58 p.)

MAHARAJ, G. 1999. Nation-building at century's end. (*In* Maharaj, G., *ed.* Between unity and diversity: essays on nation-building in post-apartheid South Africa. Cape Town : David Philip Publishers. p. 3-7.)

MAINS, A. 2005. Drumming in intergenerational worship. [Web:] http://www.calvin.edu/worwship/lit_arts/music/intergen_drumming.php [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

MAJOLA, B. 2003. Amandla! – singing down apartheid. [Web:] http://www.southafrica.info/what_happening/arts_entertainment/amandla.htm [Datum van gebruik: 13 Jun. 2006].

MAKGOBA, M.W. 1998. Patterns of African thought: a critical analysis. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Faith, science and African culture: Proceedings of the fifth seminar of the South African Science and Religious Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at UNISA on 29 & 30 May 1997. Pretoria. p. 99-106.)

MAKHULU, W.P.K. 1999. The future task and place of the African Independent Churches in a new South Africa. (*In* Du Toit, C.W. & Ngada, N.H., *eds.* Hearing the AIC voice. Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at UNISA on 2 & 3 September 1998. Pretoria. p. 29-46.)

MALAN, C. 2005. Kerk en kuns – ongemaklike vennote? *Rapport Perspektief*:1, Aug. 21.

MALAN, C. 2006. Wie praat namens die slagoffers? *Beeld.By*:4, Okt. 21.

MAMDANI, M. 1999. There can be no African renaissance without an African-focused intelligentsia. (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 125-134.)

MANDAZA, I. 1999. Reconciliation and social justice in Southern Africa: the Zimbabwean experience. (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 77-90.)

MANDELA, N. 1996. Toespraak deur president Mandela tydens 'n besoek aan die Ruiterwag-saamtrek vir jong Afrikaanse leiers. [Web:] http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mandela/1996/sp0113.html [Datum van gebruik: 5 Jul. 2006].

MARLIN-CURIEL, S. 1999. Truth and consequences: article in response to the Truth and Reconciliation Commission. [Web:] http://www.trcresearch.org.za/papers99/marlincuriel.pdf [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

MARSHALL, I.H. 1981. Culture and the New Testament. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p.17-31.)

MARTIN, R.P. 1982. The worship of God: some theological, pastoral and practical reflections. Grand Rapids : Eerdmans. 237 p.

MARTIN, R.P. 1986. 2 Corinthians. Waco : Word Books. 527 p. (Word Biblical commentary.)

MASSIE, R.K. 1993. Local churches in the new South Africa. *Journal of theology for Southern Africa*, (85):19-28, Dec.

MASTRA, I.W. 1981. Contextualization of the church in Bali - a case study from Indonesia. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 259-272.)

MATHEWS, K.A. 1996. Genesis 1-11:26. Sine loco : Broadman & Holman Publishers. 528 p. (In Clendenen, E.R., ed. The New American Commentary. Vol 1A.)

MATSUMOTO, D. & JUANG, L. 2004. Culture and psychology. Belmont, CA : Thomson & Wadsworth. 550 p.

MATTES, R. 1999. Do diverse social identities inhibit nationhood and democracy? Initial considerations. (*In* Palmberg, M., *ed.* National identity and democracy in South Africa. Cape Town : HSRC & Mayibuye Centre of the University of the Western Cape. p. 328-341.)

MATTOCKS, M. 1992. The moral foundation of Western culture. [Web:] http://www.libertyhaven.com/personalfreedomissues/freespeechofcivilliberties/moralwestern.html [Datum van gebruik: 17 Sept. 2006].

MAVIA, D.P. 2001. Postwhat! Towards an Afro-centric postmodernism. [Web:] http://www.next-wave.org/nov01/postwhat.pdf [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

MAYNARD-REID, P.U. 2000. Diverse worship: African-American, Caribbean and Hispanic perspectives. Downer's Grove : Intervarsity Press. 259 p.

MAYO CLINIC. 2006. Mental health: post-traumatic stress disorder (PTSD). [Web:] http://www.mayoclinic.com/health/post-traumatic-stress-disorder/DS00246/DSECTION=2 [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

MAZIAK, W. 2005. Science in the Arab world: vision of glories beyond. [Web:] http://www.sciencemag.org/cgi/content/full/308/5727/1416 [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

MAZRUI, A.A. & MAZRUI, M.M. 1998. The power of Babel: language and governance in the African experience. Kaapstad : David Philip Publisers. 228 p.

MBEKI, T. 1999. I am an African. (*In* Maharaj, G., *ed.* Between unity and diversity: essays on nation-building in post-apartheid South Africa. Cape Town : David Philip Publishers. p. 11-15.)

MBEKI, T. 2004a. Address by the president of Sourh Africa, Thabo Mbeki, on the occassion of his inauguration and the 10th anniversary of freedom. [Web:] http://www.southafrica-newtork.net/consulate/inauguration.htm [Datum van gebruik: 18 Okt. 2006].

MBEKI, T. 2004b. 'By mylpaal vir Afrika verby.' Moeiliker wêreldorde nou 'n mikpunt. *Beeld*:15, Apr. 28.

McKNIGHT, S. 1995. Galatians. Grand Rapids : Zondervan. 320 p. (*In* Muck, T., *ed.* The NIV Application commentary series.)

McRAE-McMAHON, D. 2001. In this hour: liturgies for passing. London : Society for promoting Christian knowledge. 109 p.

MEDICOMM. 2006. Dance therapy. [Web:] http://www.medicomm.net/Consumer%20Site/am/dance.html [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

MEIRING, P. 2006. 75 Jaar in die naam van die Here. *Beeld By*:10, Okt. 7.

MERRIAM, S.B. 1998. Qualitative research and case study applications in education. San Francisco : Jossey-Bass Publishers. 275 p.

MEYERS, R. 1993. Liturgy and society: cultural influences on contemporary liturgical revision. (*In* Bradshaw, P. & Spinks, B., *eds.* Liturgy in dialogue. Collegeville : The Liturgical Press. p. 155-176.)

MGXASHE, M. 2000. Reconciliation: a call to action. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 210-218.)

MIJNHART, C.F. 1978. Afrikaanse Bybelkonkordansie. Verbeter en uitgebrei deur F.A. Mijnhart. Pretoria : J.L. van Schaik Beperk. 1074 p.

MILLER, A. 1989. Music making: survival and celebration. [Web:] http://www.mcc.org/respub/occasional/26survival.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

MILNE, B. 1993. The message of John. Leicester : Inter-Varsity Press. 352 p. (*In* Motyer, J.A. & Stott, J.R.W. *eds.* The Bible speaks today.)

MOELLER, P.A. 1998. Exploring worship anew. St. Louis : Chalice Press. 181 p.

MOLISIWA, S. 1999. The social impact of the AICs with reference to illiteracy, poverty and exploitation of their people. (*In* Du Toit, C.W. & Ngada, N.H., *eds.* Hearing the AIC voice. Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at UNISA on 2 & 3 September 1998. Pretoria. p. 47-52.)

MOOS, A. 2004. SA-groep bou kragstasies in DRK: lewer omgewingsvriendelike krag aan 2 dorpe. *Sakebeeld*: 6, Mei. 17.

MOOSA, E. 2000. Truth and reconciliation as performance: spectres of Eucharistic redemption. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 113-122.)

MORENO, P.C. 1996. Handbook on religious liberty around the world: South Africa. [Web:] http://religiousfreedom.lib.virginia.edu/rihand/S_Africa.html [Datum van gebruik: 18 Okt. 2006].

MORRIS, L. 1971. The gospel according to John. Grand Rapids : Eerdmans. 936 p. (*In* Bruce, F.F., *ed.* The new international commentary on the New Testament).

MORRIS, L. 1989. 1 Corinthians. Grand Rapids : Eerdmans. 244 p. (*In* Morris, L., *ed.* Tyndale New Testament Series.)

MOSTERT, N.J. 1970. Die eerste mense as kultuurwesens: 'n eksegeties-argeologiese studie van Genesis 1-5. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling – M.Th.) 279 p.

MOSTERT, W.P., OOSTHUIZEN, J.S. & HOFMEYR, B.E. 1994. Demografie: die studie van menslike bevolkings. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 217 p.

MOUNCE, R.H. 1995. Romans. Nashville : Broadman Press. 301 p. (New American commentary.)

MOUTON, C. 2006. Owerheid 'moet jeug hoop gee.' [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2006/0704/B1/13/cmjeug.html [Datum van gebruik: 8 Jul. 2006].

MSIMANG, S. 2001. Affirmative action in the new South Africa: the politics of representation, law and equity. [Web:] http://www.isiswomen.org/pub/wia/wiawcar/affirmative.htm [Datum van gebruik: 17 Okt. 2006].

MTSHALI, T. 2005. SA Rugby plans 'radical' changes. [Web:] http://www.iol.co.za/general/news/newsprint.php [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

MUDDIMAN, J. 2001. A commentary on the epistle to the Ephesians. London : Continuum. 338 p. (Black's New Testament commentaries.)

MULDER, N. 2006. 'SA sal nooit soos Zim grond afneem' : Grondwet sal hervorming, restitusie lei, sê minister. *Beeld*:9, Okt. 6.

MÜLLER, J. 1988. Die erediens as fees. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 108 p.

MÜLLER-FAHRENHOLZ, G. 1997. The art of forgiveness: theological reflections on healing and reconciliation. Geneva : World Council of Churches. 106 p.

MURITHI, T. 2003. Toward a culturally inclusive notion of human rights (based on the African worldview known as ubuntu). [Web:] http://www.hri.ca/tribune/viewArticle.asp [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

MURPHY-O'CONNOR, J. 1991. The theology of the second letter to the Corinthians. (*In* Dunn, J.D.G., *ed.* New Testament Theology.). Cambridge : Cambridge University Press. 166 p.

MUNSON, M. & ICONIS, R. 1995. Plugged-in premmies. *Prevention 47*, 7. p. 42. Jul.

MYERS, B. 2003. God bless Africa. [Web:] http://www.anglican.ca/partnerships/PIM/TSIP/letter-2003-09-03.htm [Datum van gebruik: 9 Okt. 2006].

NADEAU, J. 1994 Evangelization and youth culture seen from French Canada. (*In* Greinacher, N. & Mette, N., *eds.* Christianity and cultures. London : SCM Press. p. 88-98.)

NAGLE, G. 1995. Trends in health and health care in South Africa. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 99-121.)

NASSEEM, S.B. 2003. African heritage and contemporary life. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 161-174.)

NATIONAL CENTRE FOR POSTTRAUMATIC STRESS DISORDER (PTSD). 2006. What is posttraumatic stress disorder? [Web:] http://www.ncptsd.va.gov/facts/general/fs_what_is_ptsd.html [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

NATIONAL INSTITUTE OF MENTAL HEALTH (NIMH). 2006. Reliving Trauma: post-traumatic stress disorder. [Web:] http://www.nimh.nih.gov/publicat/reliving.cfm [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

NAVROZOV, L. 2004. The dying of Western culture. [Web:] http://homepage.mac.com/machiavel/iblog/B1072909446/C1880974608/E1805645042/index.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

NDUNGANE, N. 2000. An opportunity for peace. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W. *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 258-264.)

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (NG KERK). 2007. NG Kerkfamilie plegtig verbind tot eenheid. [Web:] http://ngkerk.org.za/nuus_artikel_asp [Datum van gebruik: 5 Jan. 2007].

NEILL, S.C. 1981. History and culture: a historical introduction. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianirty and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 1-13.)

NEIMARK, J. 2004. Sound healing: can you drum your way to a better health? Tune up your immunity with a tuning fork? Science takes a surprising look at the restorative powers of chant, rhythm and music. [Web:] http://www.findarticles.com/p/articles/mi_m0NAH/is_3_34/ai_113645553/print [Datum van gebruik: 24 Jul. 2006].

NEKE, G. 1999. (Re)forming the past: South African art bound to apartheid. [Web:] http://www.trcresearch.org.za/papers99/neke.pdf [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

NEL, D. 2006. Kerkeenheid. [Web:] http:www.ngkerkwynberg.co.za/K3%20eenheid.htm [Datum van gebruik: 5 Jan. 2007].

NELL, N. 2007. 'Bokkie' kry luide ontvangs by konsert. *Beeld*: 3, Feb. 5.

NEWBIGIN, L. 1986. Foolishness to the Greeks: the gospel and Western culture. London : SPCK Holy Trinity Church. 156 p.

NEWSOME, J.D. 1992. Greeks, Romans, Jews: currents of culture and belief in the New Testament world. Philadelphia : Trinity Press International. 475 p.

NGCOKOVANE, C. 1989. Demons of apartheid: a moral and ethical analysis of the N.G.K., N.P. and Broederbond's justification of apartheid. Johannesburg : Skotaville Publishers. 249 p.

NICHOLLS, B.J. 1981. Towards a theology of gospel and culture. (*In* Stott, J.W.R. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 49-62.)

NIEWOUDT, S. 2003. Willem de Liefde: die waarde van ou kennis. *Beeld Plus*:10, Jul. 24.

NIEUWOUDT, S. 2004. Verwondering troos, inspireer. *Beeld*:12, Feb. 21.

NOLAN, A. 1999. Response to *Transformation of Theology* talk by Archbishop NH Ngada. (*In* Du Toit, C.W. & Ngada, N.H., *eds.* Hearing the AIC voice. Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at UNISA on 2 & 3 September 1998. Pretoria. p. 8-11.)

NONGOGO, N.S. 1999. AIC's reaction to past discrimination and their reconciliatory role in the new South Africa. (*In* Du Toit, C.W. & Ngada, N.H., *eds.* Hearing the AIC voice. Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at UNISA on 2 & 3 September 1998. Pretoria. p. 53-58.)

NTSEBEZA, D. 2000. The struggle for human rights: from the UN Declaration on Human Rights to the present. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 2-13.)

NTULI, P.P. 1999. The missing link between culture and education: are we still chasing gods that are not our own? (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 184-199.)

NYAMITI, C. 1999. Ancestor veneration in Africa. [Web:] http://www.afrikaworld.net/afrel/nyamiti.htm [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

ODENDAAL, T. 2006. Buskaid speel concerto's môre in Wits-kerkie. *Beeld Plus*:17, Aug. 25.

OKOLO, C.B. 2003. Self as a problem in African philosophy. (*In* Coetzee, P. H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 209-215.)

OLADIPO, O. 2003. Metaphysics, religion and Yoruba traditional thought. (*In* Coetzee, P. H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 200-208.)

OLIPHANT, A.W. 1993. Culture and empowerment. Johannesburg : COSAW. 244p.

OLIVIER, L. 1985. A comparative psychological study between the dingaka tša malopo (malopo doctors), mediums, and ordinary members of the Kgaga of Maake. Pretoria : Human Sciences Research Council. 32 p.

OOSTHUIZEN, G.C. 1999. My pilgrimage through the AIC crucible – a dynamic post-Western Christianity. (*In* Du Toit, C.W. & Ngada, N.H., *eds.* Hearing the AIC voice. Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at UNISA on 2 & 3 September 1998. Pretoria. p. 59-69.)

OOSTHUIZEN, J. 2002. AGS moet aanpas by veranderinge in Suid-Afrika, sê Besigheidsvergadering. *Algemene Kerkbode*:16, Okt. 14.

OPLAND, J. 1983. Xhosa oral poetry: aspects of a black South African tradition. Cambridge : Cambridge University Press. 303 p.

ORR, W. 2000a. From Biko to Basson. Cape Town : Contra. 363 p.

ORR, W. 2000b. Reparation delayed is healing retarded. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 239-249.)

ORUKA, H.O. 2003. Ideology and culture: the African experience. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 58-63.)

OSBORNE, G.R. 2004. Revelation. Grand Rapids : Baker Academic. 869 p. (*In* Silva, M., *ed.* Baker exegetical commentary on the New Testament.)

OTTERMAN, R.E. 1993. Kerkmusiek in verwarring. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 34(1): 74-80. Mrt.

PADILLA, C.R. 1981. Hermeneutics and culture - a theological perspective. (*In* Stott, J.W.R. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton p. 63-78.)

PARLIAMENTARY MONITORING GROUP. 2004. Media briefing: Social cluster 2: Education, Labour, Arts & Culture and Sport & Recreation. [Web:] http://www.pmg.org.za/briefings/briefings.php [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

PEACEFUL MIND. 2003. Music therapy. [Web:] http://www.peacefulmind.com/music_therapy.htm [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

PEAK PERFORMANCES. 2006. Special features: Black Tie Ensemble. [Web:] http://www.peakperformances.co.za/Peak_Special_Features/special_features_blacktieafrican.htm [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

PEDERSON, S. 1999. Anti-Judaism in John's gospel: John 8. (*In* Nissen, J. & Pederson, S., *eds.* New Readings in John. Literary and theological perspectives. Essays from the Scandinavian conference on the fourth gospel. Århns. 1997. *Journal for the study of the New Testament.* Supplement Series 182. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 172-193.)

PELSER, W. 2006. Tenders vir verbeterings eers in 2007. *Beeld*:2, Okt. 4.

PERANI, J. & WOLFF, N.H. 1999. Cloth, dress and art patronage in Africa. New York : Berg. 217 p.

PETTEGREE, A. 1999. Reformation and Counter-Reformation. (*In* Hastings, A., *ed.* A world history of Christianity. Grand Rapids : Eerdmans. p. 238-472.)

PFATTEICHER, P.H. 1997. Liturgical spirituality. Valley Forge : Trinity Press International. 292 p.

PHAHLAMOHLAKA, L.J. & KROEZE, J.H. 2004. Information technology and the human person in an African context. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* The integrity of the human person in an African context: perspectives from science and religion. Proceedings of the eleventh seminar of the South African Science and Religious

Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at the University of South Africa on 28 and 29 August 2003. Pretoria. p. 177-204.)

PHILLIPS, L.E. 1993. Liturgy and ethics. (*In* Bradshaw, P. & Spinks, B., *eds.* Liturgy in dialogue. Collegeville : The Liturgical Press. p. 28-49.)

PIENAAR, A. 2002. As perfeksionisme baba weghou. *Beeld*:17, Des. 13.

PIENAAR, A. 2006. SA tel onder ongelukkigste nasies: Studie wys Dene gelukkigste; Afrika mismoedig. *Beeld*:1, Jul. 29.

PIENAAR, J. 2002. Kindjagters: die mense vir wie 'n diere-offer nie genoeg is nie. *Beeld*:9, Apr. 16.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria : RGN. (RGN Studies in Praktiese Teologie. Vol. 1) 203 p.

PIETERSE, J.N. 1992. White on black: images of Africa and Blacks in Western popular culture. London : Yale University Press. 259 p.

PITYANA, N.B. 1994. The evolution of democracy in Africa. *Journal of theology for Southern Africa*, (86):4-13, Mar.

PITYANA, N.B. 1999. The renewal of African moral values. (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 137-148.)

POBEE, J. 1998. West Africa.. Geneva : WCC Publications. 52 p.

POETRY MAGIC. 2006. Amateur poetry as therapy. [Web:] http://www.poetrymagic.co.uk/therapy.html [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

POETRY THERAPY. 2004. A brief overview of poetry therapy. [Web:] http://www.poetrytherapy.org/articles/pt.htm [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

POPLE, L. 2003. Die plek van versoening. *Beeld Plus*:3, Aug. 6.

PRAH, K.K. 1999. African renaissance or warlordism? (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 37-61.)

PRAH, K.K. 2001. Culture, the missing link in development planning in Africa. [Web:] http://www.casas.co.za/papers_culture.htm [Datum van gebruik: 8 Okt. 2006].

PREETENSHUS, I. 2006. Someone knows just what postmodern actually means. [Web:] http://www.weleyanargus.com/printable.article [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

PRETORIUS, L. 2006a. 'Boesman' in boekvoorlesing tas g'n regte aan: Klagte oor '50/50' slaag ook nie. *Beeld*:12, Jul. 27

PRETORIUS, L. 2006b. Plaasbaas ontken dispuut: Grondeisekommissaris bedien tog onteien-kennisgewing. *Beeld*:6, Okt. 11.

PRETORIUS, L. 2006c. 'Ons kan nie ons siele aan neoliberalisme verkoop.' *Beeld*:2, Okt. 20.

RADEMEYER, A. 2006a. Selfskending neem toe onder tieners: 10% tot 15% beseer hulleself weens spanning. *Beeld*:11, Aug. 11.

RADEMEYER, A. 2006b. Afrikaanssprekende jeug positief oor die toekoms – studie. [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2006/06/03/B1/16/tarjonges.html [Datum van gebruik: 8 Jul. 2006].

RADEMEYER, A. 2006c. Naamsveranderings 'deel van ANC-stryd.' *Beeld*:9, Sept. 18.

RAJAK, T. 2001. The Jewish dialogue with Greece and Rome: studies in cultural and social interaction. Leiden : Brill. 579 p.

RAMOSE, M.B. 2003a. The struggle for reason in Africa. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 1-8.)

RAMOSE, M.B. 2003b. The philosophy of *ubuntu* and *ubuntu* as philosophy. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 230-238.)

RAMOSE, M.B. 2003c. The ethics of *ubuntu.* (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 324-330.)

RAMOSE, M.B. 2003d. Justice and restitution in African political thought. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 461-462.)

RAMOSE, M.B. 2003e. Globalization and ubuntu. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J. *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 626-644.)

RAUBENHEIMER, C. 2006. D-dag vir jongste syfers oor misdaad. *Beeld*:17, Sept. 27.

RAUBENHEIMER, C., MAGNUS, L. & DE LANGE, L. 2006. Nqakula sê Suid-Afrika word veiliger. *Beeld*:1, Sept. 28.

REBIRTH. 2000. South African Bill of Rights. [Web:] http://www.rebirth.co.za/bill_of_rights_S.A.1.htm [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

RIDDERBOS, H. 1987. Het evangelie naar Johannes. Deel 1. Kampen : Kok. 439p.

RIENECKER, F. 1980. A linguistic key to the Greek New Testament. Uit die Duits vertaal en geredigeer deur Cleon L. Rogers jr. Grand Rapids : Zondervan. 864 p.

ROESTOFF, A. 2006. Leerlinge, ouers versper pad in Soweto. *Beeld*:5, Okt. 9.

ROGERSON, C.M. 1995. The employment challenge in a democratic South Africa. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 169-194.)

ROGERSON, J. 1991. Genesis 1-11. Sheffield : Sheffield Academic Press. 87 p. (Old Testament guides.)

ROGERSON, J.W. 2001. Genesis 1-11. (*In* Rogerson, J.W., Moberly, R.W.L. & Johnstone, W., *eds.* Genesis and Exodus). Sheffield : Sheffield Academic Press. 289 p.

ROOS, E. 2006a. Liefde oor kleurgrens nie meer taboe: Suid-Afrikaners se verdraagsaamheid 'verbasend hoog.' *Beeld*:2, Sept. 12.

ROOS, E. 2006b. Staan pa: 'selfbejammering kan net kom as ons verantwoordelikheid aanvaar.' *Beeld*:19, Okt. 27.

ROSSOUW, J. 2004. Versoeningsdag. [Web:] http://vryeafrikaan.co.za/lees.php [Datum van gebruik: 10 Jul. 2006].

ROSSOUW, J. 2006a. Geweld ná 1994: Oorsaak ondergronds, sê Moeletsi. *Beeld*:11, Mei. 13.

ROSSOUW, J. 2006b. Tieners beste rou materiaal vir grenslose kapitalisme. *Beeld*:15, Jul. 29.

ROUVOET, A. 1993. Agenda voor de Christelijke politiek. (*In* Wetenschappelijk Studiecentrum van de RPF. Reformatorische cultuurvisie. Nunspeet : Marnix van St. Aldegonde Stichting. p. 79-120.)

ROXBURGH, A.J. 1993. Reaching a new generation: strategies for tomorrow's church. Downers Grove : InterVarsity Press. 140 p.

RUBIN, B.D. & STEWART, L.P. 1998. Communication and human behaviour. Boston : Allyn and Bacon. 310 p.

RUIZ, J. 2001. Praise and politics in Revelation 19:1-10. (*In* Moyise, S., *red.* Studies in the book of Revelation. Edinburgh : T&T Clark. p. 69-84.)

SAAYMAN, W. 1995. Re-evangelising the new South Africa. *Journal of theology for Southern Africa*, (92):3-10, Sep.

SACC (South African Council of Churches). 2001. Come celebrate! Chapter four: Christ for ourselves. [Web:] http://www.sacc.org.za/about/celebrate4.html [Datum van gebruik: 11 Mrt. 2007].

SA HISTORY. 2002. Kwaito. [Web:] http://sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/pages/music/kwaito.htm [Datum van gebruik: 4 Mei 2004].

SA HISTORY. 2006. History of MK. [Web:] http://www.sahistory.org.za/pages/organisations/MK/formation.htm [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

SALIERS, D.E. 1994. Worship as theology: foretaste of glory divine. Nashville : Abingdon Press. 255 p.

SAMOVAR, L.A. & PORTER, R.E. 2001. Communication between cultures. Belmont : Wadsworth/Thomson Learning. 334 p.

SAPA. 1998. Unsettling Whites objective of MK bombing campaign: TEC told. [Web:] http://www.doj.gov.za/trc/media/1998/9805/s980513b.htm [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

SARNA, N.M. 1988. Israel in Egypt: the Egyptian sojourn and the exodus. (*In* Shanks, H., *ed.* Ancient Israel: a short history from Abraham to the Roman destruction of the temple. Englewood Cliffs : Prentice-Hall. p. 31-52.)

SCHALEKAMP, M.E. 2005. Missiones ecclesiae: 'n missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting. Potchefstroom : NWU. (Proefskrif – Ph.D.) 553 p.

SCHEER, G. 2005. Singing the Psalms in modern worship: a review of Psalm CDs. [Web:] http://www.calvin.edu/worship/lit_arts/psalms_hymns/psalm_cds.php [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

SCHEER, G. 2006. Worship composition: looking back, looking forward. [Web:] http://www.perspectivesjournal.org/2006/06/essay-looking.html [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

SCHMIDT, B. 1996. Creating order: culture as politics in 19th and 20th century South Africa. Neimegen : Katholieke Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.) 350 p.

SCHMIDT, R. 1996. This ain't no party, this ain't no disco: a Columbus Day rant. [Web:] http://www.bluecorncomics.com/columbus/htm [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

SCHOLTZ, A. 2006. Sielkundige impak van misdaad in SA te hoog. *Beeld*:11, Okt. 10.

SCHOLTZ, L. 2006. Regstelaksie: dit moet, maar hoe? *Beeld*:12, Okt. 17.

SCHROER, S. 1994. Transformations of faith. Documents of incultural learning in the Bible. (*In* Greinacher, N. & Mette, N., *eds.* Christianity and culture. London : SCM Press. p. 3-14.)

SCHURINK, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 239-250.)

SCHÜSSLER, M. 2006. Arm was nog nooit so ryk nie! SA kla miskien met die witbrood onder die arm. *Sakebeeld*:28, Aug. 23.

SCHUURMAN, E. 1993a. Problemen en crisis van de opgezweepte Westerse technologische cultuur. *Koers*, 58(3): 353-368.

SCHUURMAN, E. 1993b. Problemen en crisis van de opgezweepte Westerse technologische cultuur. (*In* Wetenschappelijk Studiecentrum van de RPF: Reformatorische cultuurvisie. Nunspeet : Marnix van St. Aldegonde Stichting. p. 11-35.)

SCOLLON, R. & SCOLLON, S.W. 1995. Intercultural communication. A discourse approach. Cambridge : Blackwell Publishers. 271 p.

SENN, F.C. 2000. New creation: a liturgical worldview. Minneapolis : Fortress Press. 195 p.

SEREQUEBERHAN, T. 2003. The critique of Eurocentrism and the practice of African philosophy. (*In* Coetzee, P. H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 64-78.)

SERVANT, J. 2002. Kwaito, dagga, 'edutainment,' and the generation gap in South Africa. [Web:] http://www.worldpress.org/Africa/609.cfm [Datum van gebruik: 4 Mei 2004].

SETILOANE, G.M. 1998. Towards a biocentric theology and ethic – via Africa. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Faith, science and African culture: Proceedings of the fifth seminar of the South African Science and Religious Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at UNISA on 29 & 30 May 1997. Pretoria. p. 73-84).

SHARAWY, H. 1999. Arab culture and African culture: ambigious relations. [Web:] http://www.ipoaa.com/arab_culture_african_culture.htm [Datum van gebruik: 6 Sept. 2006].

SHEPHERD, J. 1991. Music as social text. Cambridge : Polity Press. 245 p.

SLABBERT, A. 2006. Lewensverwagting in Suid-Afrika nou gemiddeld 50,7 jaar. *Beeld*:22, Aug. 3.

SLOBIN, M. & TITON, J.T. 1992. The music-culture as a world of music. (*In* Titon, J.T., *ed.* Worlds of music: an introduction to the music of the world's peoples. New York : Schirmer Books. p. 1-15.)

SLOVO, G. 2003. Mandela did his part. But songs saved South Africa. [Web:] http://www.amandla.com/ppress/index.php?pid=39 [Datum van gebruik: 13 Junie 2006].

SMIT, E.J. 1989. Prediking oor poëtiese stof van die Ou Testament. *In die Skriflig*, 23(89):35-52.

SMIT, E.J. 1999a. Esra. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F. J., *reds.* Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 514-528.)

SMIT, E.J. 1999b. Die transformerende krag van die gereformeerde kerklied in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M). 140 p.

SMIT, J.H. 1999. Ubuntu in a Christian perspective. (*In* Institute for Reformational Studies (IRS). Ubuntu for Africa: a Christian interpretation. Potchefstroom : IRS. Study nr. 374. p. 1-29.)

SMITH, C. 2006. Wanneer die demone wen: Mans se depressie kry nie uiting. *Beeld*:13, Okt. 6.

SMITH, D.M. 1995. Redistribution and social justice after apartheid. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 45-64.)

SMITH, F. 2002. Te lief vir jouself? *Beeld.Plus:* 8, Aug. 16.

SNYMAN, S.D. 1994. Biblical perspectives on reconciliation and peace. *Acta theologica*, 14(2):93-101. Des.

SOGOLO, G.S. 2003. The concept of cause in African thought. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 192-199.)

SOUTH AFRICAN GOVERNMENT. 1996. Growth, employment and redistribution. [Web:] http://www.polity.org.za/html/govdocs/policy/growth.html [Datum van gebruik: 30 Okt. 2006].

SOUTH AFRICAN GOVERNMENT. 2005a. National coat of arms. [Web:] http://www.info.gov.za/aboutgovt/symbols/coa/index.htm [Datum van gebruik: 25 Okt. 2006].

SOUTH AFRICAN GOVERNMENT. 2005b. Sport and recreation. [Web:] http://www.info.gov.za/aboutsa/sport.htm [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

SOUTH AFRICA INFO. 2006. Sport in South Africa. [Web:] http://www.southafrica.info/pls/procs/iac.page [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 2001. Good news for political stability, but South Africans are still insecure. [Web:] http://www.sairr.org.za/wsc/pstory.htx [Datum van gebruik: 8 Okt. 2006].

SOUTH AFRICAN HUMAN RIGHTS COMMISSION. 2006. Hate crimes and hate speech in South Africa. [Web:] http://www.sahrc.org.za/hate_crimes_paper.pdf [Datum van gebruik: 8 Okt. 2006].

SPINKS, B. 1993. Liturgy and culture: is modern Western liturgical revision a case of not seeing the wood for the trees? (*In* Bradshaw, P. & Spinks, B., *eds.* Liturgy in dialogue. Essays in memory of Ronald Jasper. Minnesota : The Liturgical Press. p. 28-49.)

STACEY, S. 1999. A 'new South Africa': the South African Truth and Reconciliation Commission's vexed nation-building project. [Web:] http://www.trcresearch.org.za/papers99/stacey.pdf [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

STEWART, P. 1996. The adaptive potential of middle-class whites to state transformation and social change in South Africa. *Africanus*, 26(1):21-51.

STEYN, J. 2000. MML: frequency module. [Web:] http://www.musicmarkup.info/modules/frequency/index.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

STEYN, J. 2005. Negrologie is die wortel van kwaad: Wit Afrikaan moet erkenning kry vir werketiek. *Beeld*:12, Des. 6

STORR, A. 1992. Music and the mind. New York : Random House. 212 p.

STOTT, J.R.W. 1981. Foreword. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. vii-x.)

STOTT, J. 1994. Romans: God's good news for the world. Downers Grove : Intervarsity Press. 432 p.

STRAUSS, M. 1996. Material wealth – a chimera leading South Africa astray? *Woord en daad,* 36(358):24-25.

STREMLAU, J. 1999. African renaissance and international relations. (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 101-124.)

STREUDERST, L. 2006. Wie bedank omdat ek wit is? [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2006/05/31/B1/12/tudankie.html [Datum van gebruik: 8 Jul. 2006].

STRYDOM, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore" : liturgie en lied. Bloemfontein : UOVS Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek.) 414 p.

STRYDOM, W.M.L. & KELLERMAN, J.S. 1992. Die funksie van liturgiese sang in gereformeerde erediensvernuwing. *NG Teologiese Tydskrif*, 33(2) : 204-215.

STUDY OVERSEAS. 2006. What is dance therapy? [Web:] http://www.studyoverseas.com/performingarts/ed/dance.html [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

SUSIN, L.C. 2003. Introduction: reconciliation in a world of conflicts. (*In* Susin, L.C. & Aquino, M.P., *reds.* Reconciliation in a world of conflicts. Concilium 2003/5. London : SCM Press. p. 7-13.)

TABER, C.R. 1981. Hermeneutics and culture - an anthropological perspective. (*In* Stott, J.R.W. & Coote, R.T., *eds.* Down to earth: studies in Christianity and culture. London : Hodder and Stoughton. p. 79-94.)

TALENT FINDERS. 2006. Danny K. [Web:] http://www.talentfinders.co.za/listingview.php [Datum van gebruik: 27 Okt. 2006].

TANNER CHURCH. 2006. Singing. [Web:] http://tannerchurchofchrist.com/Tcc/The%20Love%20of%20Christ/lesson9.html [Datum van gebruik: 31 Jul. 2006].

TAYLOR, R. & FOSTER, D. 1999. Advancing non-racialism in post-apartheid South Africa. (*In* Palmberg, M., *ed.* National identity and democracy in South Africa. Cape Town : HSRC & Mayibuye Centre of the University of the Western Cape. p. 328-341.)

TEFFO, L. 1999. Moral renewal and African experience(s). (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 149-169.)

TEFFO, L.J. & ROUX, A.P.J. 2003. Metaphysical thinking in Africa. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 161-174.)

TEMMINGH, R. 1993. Kerkmusiek in die krisis. *Vir die musiekleier*, 20. Des. p. 17-19.

TEMPELHOFF, E. 2002. Rivier? Nee, 'n rioolsloot: afval, besoedeling se eindbestemming: die Vaal. *Beeld*:12, Des. 12.

TEMPELHOFF, E. 2006. 'Met eerbied: dis onsin.' Regter in Ngoepe-saak ontsteld oor Nqakula se optimisme. *Beeld*:1, Sept. 29.

THE BIG VIEW. 2006. The philosophy of Thales. [Web:] http://www.thebigview.com/greeks/thales.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

THERON, S.W. 1987. " 'Ina 'osein en." A multifaceted approach to an important thrust in the prayer of Jesus in John 17. *Neotestamentica*, 21:77-94.

THISELTON, A.C. 2000. The first epistle to the Corinthians. A commentary on the Greek text. Grand Rapids : Eerdmans. 1446 p.

THOMPSON, D. 2006. Afrika-stede vuil, gevaarlik en korrup. *Beeld*:21, Sept. 28.

THOMPSON, J.A. 1980. The book of Jeremia. Grand Rapids : Eerdmans. 819 p. (*In* Harrison, R.K., *ed.* The new international commentary on the Old Testament.)

THOMPSON, J.H. 2006. An unpopular war: voices of South African national servicemen. Cape Town : Zebra Press. 238 p.

TITON, J.T. ed. 1992. Worlds of music: an introduction to the music of the world's peoples. New York : Schirmer Books. 469 p .

TITUS, D. 2006. Vlok help ons uit ons verengde oomblik: SA het tyd nodig om te besin oor wat hier gebeur het. *Beeld*:14, Sept. 7.

TLHAGALE, B. 1999. Bringing the African culture into the church. [Web:] http://www.arfikaworld.net/afrel/tlhagale.htm [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

TOBIAS, S. 1999. History, memory and the ethics of writing: Antjis Krog's *Country of my skull.* [Web:] http://www.trcresearch.org.za/papers99/tobias.pdf [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

TRIMP, C. 1983. De gemeente en haar liturgie. Kampen : Uitgeverij Van den Berg. 268 p.

TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION. 1996. Hearings, Port Elizabeth, 22 May, 1996. [Web:] http://www.doj.gov.za/trc/hrvtrans/hrvpe1/day2.htm [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION OF SOUTH AFRICA. 1997. Follow up workshop on 21 June 1997 Sebokeng. [Web:] http://www.doj.gov.za/trc/reparations/sebokeng.html [Datum van gebruik: 18 Okt. 2006].

TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION OF SOUTH AFRICA. 2003. Report released on 21 March 2003. [Web:] http://www.info.gov.za/otherdocs/2003/trc/ [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

TSHELANE, S.S. 1999. The quest for unity and structure inside and between AIC groups. (*In* Du Toit, C.W. & Ngada, N.H., *eds.* Hearing the AIC voice. Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at UNISA on 2 & 3 September 1998. Pretoria. p. 29-46.)

TURAKI, Y. 1997. Tribal gods of Africa: ethnicity, racism, tribalism and the Gospel of Christ. Jos, Nigeria : Crossroads Media Services. 168 p.

TURAKI, Y. 1999. Christianity and African gods. Potchefstroom : IRS. 348 p. (*In* Institute for Reformational Studies (IRS). A method in theology. Series F2: no. 75.)

TUTU, D. 1998. The Truth and Reconciliation Commission. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Confession and reconciliation: a challenge to the churches in South Africa. Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at UNISA on 23 and 24 March 1998. Pretoria : Research Institute for Theology and Religion. p. 3-6.)

TUTU, D. 2003. Foreword: Truth and Reconciliation Commission report. [Web:] http://www.info.gov.za/otherdocs/2003/trc/ [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

UNITED NATIONS: OFFICE FOR THE COORDINATION OF HUMANITARIAN AFFAIRS. 2006. South Africa: violence still haunts communities a decade after the TRC. [Web:] http://www.irinnews.org/print.asp [Datum van gebruik: 8 Okt. 2006].

UNIVERSITY OF MICHIGAN HEALTH SYSTEM. 2005. Post-traumatic stress disorder (PTSD). [Web:] http://www.med.umich.edu/1libr/wha/wha_ptsd_bha.htm [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

VAN BRUGGEN, J. 1990. Matteus: het evangelie voor Israel. Kampen : Kok. 510 p. (*In* Greijdanus, S. & Grosheide, F.W., *reds.* Commentaar op het Nieuwe Testament. Derde Serie.)

VAN DEN BERGH, E. 2006. Deelname verkrummel waardes. *Laevelder*:13, Okt. 6.

VAN DER MERWE, J. 1995. "Kitsch" in die kerk? – oorvernuwing en vervlakking in ons kerkmusiek. *Vir die musiekleier*, 22:4-10.

VAN DER MERWE, W. 1989. Die hedendaagse Westerse kultuur. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 30(3): 324-332.

VAN DER VEEN-SCHENKEVELD, M. 1994. The Reformed Ecumenical Council: its identity and ecumenical involvement – The World Council and the Christian World Communions. [Web:] http://www.findarticles.com/p/articles/mi_m2065/is_n4_v46/ai_15918270/pg_2 [Datum van gebruik: 5 Jan. 2007].

VAN DER WALT, B.J. 1986. Christen en kultuur: gister en vandag. Potchefstroom : Pro Rege. 446 p.

VAN DER WALT, B.J. 1996. Responsibility, conversion, confession, forgiveness, restitution and reconciliation: six of God's requirements for a new South Africa. Potchefstroom : PU for CHE. 30 p. (Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS) Studiestuk nr. 337).

VAN DER WALT, B.J. 1997. Afrocentric of Eurocentric? Our task in a multicultural South Africa. Potchefstroom : PU for CHE. 190 p. (Institute for Reformational Studies (IRS) Brochures. Series F2. No.67.)

VAN DER WALT, B.J. 1999. Kultuur, lewensvisie en ontwikkeling. 'n Ontmaskering van die gode van onderontwikkelde Afrika en die oorontwikkelde Weste. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS). 284 p. (IRS Reeks F2. Nr. 76.)

VAN DER WALT, B.J. 2006. When African and Western cultures meet: from confrontation to appreciation. Potchefstroom : ICCA (The Institute for Contemporary Christianity in Africa). 317 p.

VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies. 69 p.

VAN DER WALT, J.J.A. s.a. (circa 1998). Die noodsaaklikheid van musiekopvoeding. Potchefstroom : PU vir CHO. 32 p.

VAN DER WATT, J.G. 1999a. Johannes. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewers Maatskappy. p. 1314-1370.)

VAN DER WATT, J.G. 1999b. Kolossense. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewers Maatskappy. p. 1504-1606.)

VAN DEVENTER, W.V. 1992. Die kerk en die bediening van die Woord aan die mens in 'n Afrika-konteks. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 33(3): 408-416.

VAN DORSTON, A.S. 1990. Cultural hegemony in music: a "struggle" of the privileged. [Web:] http://www.fastnbulbous.com/hegemony.htm [Datum van gebruik: 26 Jul. 2006].

VAN HELDEN, P. 2002. Die huidige aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens. [Web:] http://www.gkcenturion.org.za/gksa_vroue6.html [Datum van gebruik: 5 Januarie 2007].

VAN NIEKERK, A. 2006. Die voetewas. *Beeld*:10, Sept. 9

VAN NIEKERK, A.S. 1993. One destiny: our common future in Africa. Cape Town : Tafelberg. 121 p.

VAN NIEKERK, J. 2003. Leer ken mekaar se God. *Beeld*:13, Mei. 14.

VAN NIEKERK, P. 2003a. Godsdiens se invloed op samelewing soos kop met 2 gesigte. *Beeld*:11, Jul.23.

VAN NIEKERK, P. 2003b. Bemagtiging moet deel van Christen-optrede word. *Beeld*:13, Aug. 20.

VAN NIEKERK, R. 2000. Om te vergewe... 'n Bybelse raamwerk vir vergifnis. Vereeniging : Christelike Uitgewers Maatskappy. 106 p.

VAN RENSBURG, F.J. 1993. Timoteus. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewers Maatskappy. p. 1877-1896.)

VAN ROOY, H.F. 1996. Die sogenaamde Bybelse kultuurmandaat (Gen. 1:28 en 2:15) en ontwikkeling. *Koers*, 61(14): 425-440.

VAN SCHALKWYK, A. 1994. Toyi-toyi. [Web:] http://www.ukzn.ac.za/music/MangoT.html [Datum van gebruik: 13 Jun. 2006].

VAN VLIET, E. 1998. 'n Pleidooi vir poësie. Vertaal en saamgestel deur Heilna du Plooy. Pretoria : Protea Poësie. 48 p.

VAN WYK, A. 2004. Nuwe bier in ou kalbasse: hoofmanne en konings in die Suid-Afrika van 2004. *Beeld*:16, Maart. 11.

VAN WYK, A. 2006. Godsdiens-aktueel: Doppers wel klaar met kerkrassisme. [Web:] http://www.news24.com/Beeld/In-Diepte/0,,3-67_1875595,00.html [Datum van gebruik: 5 Januarie 2007].

VAN WYK, J.H. 1999. Lewe in liefde: moraliteit vir die markplein. Potchefstroom : PU vir CHO. 95 p. (Instituut vir Reformatioriese Studies (IRS) Reeks F12. Nr. 73.)

VAN ZYL, J. 2002. Ontsnapte uit 'wit tronk.' *Beeld*:11, Mei. 4.

VERSTER, P. 1990. Die ontwerp van 'n dogmaties-etiese versoeningsmodel gegrond op "die bediening van die versoening" in 2 Kor. 5:11-12. *Acta theologica*, 10(1):57-77. Junie.

VILAKAZI, H.W. 1998. Land and science: nature, God and ecology in African thought. (*In* Du Toit, C.W., *ed.* Faith, science and African culture: Proceedings of the fifth seminar of the South African Science and Religious Forum (SASRF) of the Research Institute for Theology and Religion held at UNISA on 29 & 30 May 1997. Pretoria. p. 107-115.)

VILAKAZI, H.W. 1999. The problem of African universities. (*In* Makgoba, M.W., *ed.* African renaissance: the new struggle. Cape Town : Tafelberg. p. 200-209.)

VILJOEN, B. 2006. Burgemeester se luukse rygoed pla: Mpumalanga tree op oor peperduur ampsmotors. *Beeld*:11, Aug. 8.

VILJOEN, F.P. 1990. Die betekenis van "psalmois, humnois" en "odais pneumatikais" in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

VILLA-VICENCIO, C. 2000a. Restorative justice: dealing with the past differently. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 68-76.)

VILLA-VICENCIO, C. 2000b. Getting on with life: a move towards reconciliation. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 199-209.)

VILLA-VICENCIO, C. & VERWOERD, W. 2000. Introduction. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. i-xxi.)

VOGEL, C.H. & DRUMMOND, J.H. 1995. Shades of "green" and "brown." Environmental issues in South Africa. (*In* Lemon, A., *ed.* The geography of change in South Africa. Chichester : John Wiley & Sons. p. 85-98.)

VON BONIN, D., FRUHWIRTH, M., HEUSER, P. & MOSER, M. 2001. Effects of speech therapy with poetry on heart rate variability and well-being. [Web:] http://www.ncbi.nlm.nih.gov/entrez/query.fcgi [Datum van gebruik: 21 Aug. 2006].

VORSTER, H. 2006. Waarvoor moet ek dankie sê? [Web:] http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2006/05/29/B1/14/TUvorster.html [Datum van gebruik: 8 Jul. 2006].

VORSTER, J.M. 1977. Die kerk en die kleurvraagstuk vandag: die hantering van die kleurvraagstuk deur die Wêreldraad van Kerke en die Gereformeerde Kerke in Nederland teen die agtergrond van die kontemporêre kultuur. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – D.Phil.) 470 p.

VORSTER, J.M. 1997. 'n Oorsig van die versoeningsleer by Paulus en die implikasies daarvan vir versoening in Suid-Afrika vandag. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (38):1/2. p. 4-15. Maart , Junie.

VORSTER, J.M. 2003. South African presentation (GKSA). (Proposal delivered at the International Conference of Reformed Churches (ICRC): African Region, held at

Lubumbashi on 22-26 September 2003). [Web:] http://www.icrconline.com/documents/Africa_Conference_2003-proceedings.doc [Datum van gebruik: 5 Jan. 2007].

VORSTER, J.M. 2004. Truth, reconciliation and human rights. (Voordrag gelewer as deel van 'n byeenkoms van die Gereformeerde Teologiese Vereniging gehou te Potchefstroom op 3 – 4 Augustus 2004. Potchefstroom. 32 p. (Ongepubliseer.)

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning. Pretoria : RGN. 356 p.

VOSLOO, W. 1993. Genesis. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1-92.)

VOSLOO, W. 1999. Genesis. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F. J., *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 3-71.)

VRIJLANDT, M.A. 1987. Liturgiek. Delft : Meinema. 367 p.

WALAZA, N. 2000. Insufficient healing and reparation. (*In* Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, W., *eds.* Looking back. Reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa. Cape Town : UCT Press. p. 250-255.)

WALKER, D.S. 1994. "Evangelicals and apartheid" revisited. *Journal of theology for Southern Africa,* (89):42-49, Dec.

WALL, R.W. 1993. Colossians & Philemon. Leicester : Intervarsity Press. 225 p. (*In* Osborne, R., *ed.* The IVP New Testament commentary series).

WASSERMAN, H. 2006. Rupert trek los oor misdaad: Mbeki verras en gee hom gelyk. *Rapport*:1, Aug. 27.

WEISS, S. & WESLEY, K. 2001. Postmodernism and its critics. [Web:] http://www.as.au.edu/ant/Faculty/murphy/436/pomo.htm [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

WELLS, G. 2006. A history of SACLA. [Web:] http://www.sacla.org.za/history.html [Datum van gebruik: 11 Mrt. 2007].

WELLS, H. 1997. Theology for reconciliation. Biblical perspectives on forgiveness and grace. (*In* Baum, G & Wells, H., *eds.* The reconciliation of peoples: challenge to the churches. Geneve : WCC Publications. p. 1-15.)

WENHAM, G.J. 1987. Genesis 1-15. Waco : Word Books Publisher. 352 p. (*In* Hubbard, D.A. & Barker, G.W., *eds.* Word Biblical commentary. Vol. 1.)

WENTSEL, B. 1987. God en mens verzoend. Kampen : Kok. 768 p.

WESTERMANN, C. 1986. Genesis 1. Een praktische bijbelverklaring. Vertaal deur L.F. Stolk. Kampen : Kok. 220 p.

WHITE, J.F. 1989. Protestant worship. Louisville : Westminster/John Knox Press. 251 p.

WHITE, J.F. 1990. Introduction to Christian worship. Nashville : Abingdon Press. 317 p.

WIKIPEDIA. 2006a. African dance. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/African_dance [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

WIKIPEDIA. 2006b. Culture of Africa. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Culture_of_Africa [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

WIKIPEDIA. 2006c. Music. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Music [Datum van gebruik: 23 Aug. 2006].

WIKIPEDIA. 2006d. Greek philosophy. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Greek_philosophy [Datum van gebruik: 27 September 2006].

WIKIPEDIA. 2006e. Post-traumatic stress disorder. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Post-traumatic_stress_disorder [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

WIKIPEDIA. 2006f. Soweto String Quartet. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Soweto_String_Quartet [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

WIKIPEDIA. 2006g. Johnny Clegg (musician). [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Johnny_Clegg [Datum van gebruik: 27 Okt. 2006].

WIKIPEDIA. 2006h. Sibongile Khumalo. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/Sibongile_Khumalo [Datum van gebruik: 27 Okt. 2006].

WIKIPEDIA. 2006i. PJ Powers. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/PJ_Powers [Datum van gebruik: 27 Okt. 2006].

WIKIPEDIA. 2006j. Plaasmoorde. [Web:] http://af.wikipedia.org/wiki/Plaasmoorde [Datum van gebruik: 21 Okt. 2006].

WIKIPEDIA. 2006k. South African Bureau of State Security. [Web:] http://en.wikipedia.org/wiki/South_African_Bureau_of_State_Security [Datum van gebruik: 21 Feb. 2007].

WIKIVERSITY. 2005. School of philosophy: the history of philosophy: the ancient Greeks. [Web:] http://en.wikibooks.org/wiki/Wikiversity:School_of_Philosophy:The_History_of_Philosophy:The_Ancient-Greeks [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].

WILCOCK, M. 1987. The message of Chronicles. Leicester : Inter-Varsity Press. 288 p. (*In* Motyer, J.A. & Stott, J.R.W., *eds.* The Bible speaks today.)

WILLIMON, W.H. 1983. The service of God: how worship and ethics are related. Nashville : Abingdon Press. 239 p.

WIREDU, K. 2003. The moral foundations of an African culture. (*In* Coetzee, P.H. & Roux, A.P.J., *eds.* The African philosophy reader. Cape Town : Oxford University Press of Southern Africa. p. 287-296.)

WOLF, L. 2006. Simboliese ellende en kollektiewe identiteitskrisis – 'n kulturele fiasko of normale transformasie? [Web:] http://vryeafrikaan.co.za/lees.php [Datum van gebruik: 23 Okt. 2006].

WOLF, M.L. 2001. Truth and Reconciliation Commission: quality of mercy. [Web:] http://www.racematters.org/truthreconciliationcomm.htm [Datum van gebruik: 8 Okt. 2006].

WORLD ALLIANCE OF REFORMED CHURCHES. 1982. Resolution on racism and South Africa. [Web:] http://www.warc.ch/where/21gc/safrica/01.html [Datum van gebruik: 18 Okt. 2006].

XENOS. 2006. Postmodernism and you. [Web:] http://www.xenos.org/ministries/crossroads/pmandyou.htm [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

YOO, S.T. 2006. African masks. [Web:] http://arts.osu.edu/ArtEducation/kplayground/masks.htm [Datum van gebruik: 25 Aug. 2006].

ZAAIMAN, G. 2007. Afrikaans in onderwys kan denke-grondslag lê. *Beeld:*14, Feb. 28.

ZAKAI, A. 2003. John Calvin. [Web:] http://www.hum.huji.ac.il/american/en/AvihuZakai/Calvin2.pdf [Datum van gebruik: 29 Jan. 2007].

ZEGEYE, A., LIEBENBERG, I. & HOUSTON, G. 2000. Resisting ethinicity from above: social identities and democracy in South Africa. [Web:] http://www.hsrcpress.ac.za [Datum van gebruik: 7 Okt. 2006].

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handelungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie heute. München : Kaiser. p. 164-177.)

ZERHUSEN, 2006. The problem of tongues in 1 Corinthians 14. [Web:] http://www.alliancenet.org/partner/Article_Display_Page [Datum van gebruik: 31 Julie 2006].

ZULU, P. 1994. Forms of violence in South Africa and the responsibilities for its control. [Web:] http://www.iss.co.za/Pubs/ASR/ADR15/Zulu.html [Datum van gebruik: 8 Okt. 2006].

ZYCHOWICZ, J.L. 1996. Western music – a short history. [Web:] http://w3.rz-berlin.mpg.de/cmp/musical_history.html [Datum van gebruik: 27 Sept. 2006].